

6149 672 00

UV - UFS
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEK - LIBRARY

UV BIBLIOTEK EN INLIGTINGSDIENS
UFS LIBRARY AND INFORMATION SERVICES
BLOEMFONTEIN

Please note: Fines are levied on late returns. Keep your receipt as proof of returning your books. Renew books on time.	Let asb op: Boetes word gehef op laat terugbesorgings. Hou kwitansie as bewys vir boeke terugbesorg. Hernu boeke betyds.
Return on or before:	Besorg terug voor of op:
NIE UITLEENBAAR VOOR 2006-01-17	

B 9

University Free State



34300002752750

Universiteit Vrystaat

**DIE JORDAAN-FAMILIE:
'N HISTORIESE ONTLEDING VAN HULLE
GENEALOGIE EN DIE VESTIGING VAN 'N
TOERISMEROETE**

deur

MARTHINUS JOHANNES STEYN JORDAAN

Universiteit van die
Vrystaat
BLOEMFONTEIN
24 NOV 2005
UV SAACJ BELYFTEEK

**DIE JORDAAN-FAMILIE:
'N HISTORIESE ONTLEDING VAN HULLE
GENEALOGIE EN DIE VESTIGING VAN 'N
TOERISMEROEETE**

deur

**MARTHINUS JOHANNES STEYN JORDAAN
(M Dip Tech)**

voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

**in die Departement Geskiedenis
Fakulteit Geesteswetenskappe**

aan die

Universiteit van die Vrystaat

BLOEMFONTEIN

**Promotor: Prof. dr. S.L. Barnard
Medepromotor: Prof. dr. O.J.O Ferreira**

**Bloemfontein
April 2005**

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
VOORWOORD	VIII
HOOFSTUK I Die Jordaan-familie: Was hulle Waldensers of Hugenote?	1
1.1 Die naam <i>Jordaan</i> in die Bybel	4
1.2 Die betekenis van die naam <i>Jordaan</i>	6
1.3 Die rol wat die Jordaan-streek in die Arabiese geskiedenis gespeel het	9
1.4 Die Waldensiese beweging 1170 – 1655 in Italië en Suid-Frankryk	18
1.5 Die verskillende edikte wat die geloofsregte van die Hugenote bepaal het	38
1.6 Godsdiensoorloë sedert 1562 tussen Staat, Rooms - Katolieke Kerk en Protestante	50

HOOFSTUK II Die VOC; 'n bevrydingsaanbod vir die Jourdan-familie na die Kaap de Goede Hoop en die Jourdan-broers se vestiging in die Drakensteinvallei (Oliphants Hoek)	61
2.1 Die politieke en sosiale omstandighede en toekomsvisie van die Hugenote tussen 1680 en 1688 in Frankryk	63
2.2 Die VOC en sy affiniteit vir die Hugenote	74
2.3 Onderhandelinge met die VOC	83
2.4 Die Jourdan-familie se vlug vanaf Cabrière en die skeepsvaart na die Kaap de Goede Hoop	88
2.5 Die reis na 'n nuwe heenkome	100
2.6 Aankoms en die reëlings tydens die eerste twee maande aan die Kaap	103
2.7 Probleme met handeldryf en die lewering van plaasprodukte aan die Goewerneur van die Kaap	107
2.8 Bydraes van die Jourdan-broers en hulle mede-Hugenote in Suid-Afrika	117

HOOFSTUK III Die verspreiding en eerste ervarings van die Jordaan-familie in Suid-Afrika sedert 1741	142
3.1 Enkele gegewens aangaande die eerste vier geslagte in Suid-Afrika	143
3.2. Die verspreiding van die Jordaanfamilie sedert 1741	158
3.3 Die Jordaans in leiersrolle	192
3.4 Militêre opofferinge deur lede van die Jordaan- familie op internasionale slagvelde	203
3.5 Die Jordaan-familie en hulle heraldiese erfenis	205
3.6 Die verbintenis met die Hugenate Stigting van Suid-Afrika in Franschoek, die bakermat van die Jordaan-familie	211

HOOFSTUK IV Die debat oor en die ontwikkeling van	222
kultuur, erfenis en kulturele erfenistoerisme	
binne en buite die land se grense, 1985 -	
2004	
4.1 Die debat oor en ontwikkelingspatrone van kulturele,	
erfenis- en kulturele erfenistoerisme	232
4.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings met betrekking tot	
die verloop van die diskoers oor <i>kultuur- en</i>	270
<i>erfenistoerisme</i> sedert 1985 in die algemeen en met	
spesifieke verwysing na die Jordaan -familie.	
HOOFSTUK V Die Jordaan-familie se multi-kulturele erfenis:	279
hulle bydrae tot en invloed op genealogiese, kultuur - en	
erfenistoerisme en die daarstelling van spesifikasies vir 'n	
kulturele erfenisroete.	
5.1 Suid-Afrikaanse wetgewing wat ook op die kulturele	282
erfenis van die Jordaan-familie betrekking het	
5.2 Suid- Afrikaanse Erfenis Hulpbronagentskap se	
pligte op nasionale vlak	290
5.3 SAEHA se pligte op provinsiale vlak	293

5.4	Plaaslike owerhede as agente van SAEHA	294
5.5	Die Wêreld Toerisme Organisasie se kriteria vir 'n kulturele erfenisroete	298
5.6	Uitdagings vir en eienskappe van 'n kulturele erfenisroete vir die Jordaan-familie in Suid-Afrika	305
5.7	Die beplanning van 'n kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie, wat insluit aspekte van volhoubaarheid, drakrag, die onderskeid tussen <i>toeris</i> en <i>pelgrim</i> en die vestiging van interpretasiesentra op strategiese plekke langs die roete	311
5.8	Interpretasie sentra	338
5.9	Voorgestelde kulturele erfenisroete(s) van die Jordaan-familie in Suid-Afrika	342
5.10	Potensiële kulturele nalatenskappe, erfenisterreine en artefakte van lede van die Jordaan-familie	343

5.11 Herbegravnisse as oorweging vir die konsolidering van losstaande of onbekende Jordaan-grafte	359
HOOFSUK VI Kritiese drempel vir die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie	366
BYLAE	380
BRONNE	397
OPSOMMING EN KERNWOORDE	483
SUMMARY AND KEY WORDS	487
RESUME ET MOTS-CLES	491
ZUSAMMENFASSUNG UND STICHWÖRTER	495
RESUMEN Y PALABRAS CLAVES	499
RIASSUNTO la PAROLE CHIAVE	503

VOORWOORD

Daar bestaan verskeie publikasies oor die Hugenote. Talle van die publikasies handel oor die geloofstryd wat die Hugenote in Frankryk gehad het en ander werp weer lig op die Hugenote aan die Kaap. Die werklikheid is egter dat daar weinig, indien enige, verwysing is na die Hugenote in familieverband. Hierdie realiteit het hierdie navorsing geweldig bemoeilik en sal ook soortgelyke studies in die toekoms bemoeilik.

Die enigste publikasies wat wel na die Hugenote in individuele verband verwys, is dié oor die passasierslyste van die VOC-skepe asook dit wat handel oor watter Hugenote plase in die Drakensteinvallei ontvang het.

Dit is deels die uitdaging van hierdie navorsing, naamlik om die koms van die individuele Hugenote na die Kaap uit te beeld. In hierdie geval is dit die uitbeelding van die Jordaan-familie.

Suid-Afrikaanse historiese literatuur word in familieverband verteenwoordig deur onder meer biografieë, outobiografieë, 'n verskeidenheid romans, verhandelings en proefskrifte oor individue, talryke genealogiese registers en hoofstukke of gedeeltes daarvan oor 'n spesifieke individu of groep individue wat betrokke was by byvoorbeeld 'n slagveld, politieke partye, ensovoorts. Hierdie navorsing is die eerste studie oor 'n familie as universum in Suid-Afrika. Hieruit vloei voort nuwe en persoonlike standpunte, wat 'n nuwe proses tot gevolg het in terme van die kulturele erfenis nalatenskap van 'n familie.

'n Verskeidenheid vrae moet beantwoord word, veral hoekom daar byna nooit na die Jordaan-familie verwys word wanneer daar na die Hugenote verwys word nie?

In die lig hiervan sal die studieveld begin met die stryd van die familie in Europa om die Protestantse geloof met die Waldensiese beweging as vertrekpunt. Die betekenis en oorsprong van die naam Jordaan sal ook vasgestel word. 'n Voorgestelde genealogiese toerismoete sal

bespreek word wat die goue draad tussen die geskiedenis van die Jordaan-familie, genealogie en toerisme sal aandui.

Dit is noodsaaklik omdat daar byna geen spesifieke bron is wat as basis vir die studie kan dien. Uit 'n historiese oogpunt sal gepoog word om 'n verband te kry tussen die verskillende fasette wat nou gemoeid is met die geskiedenis, kerkgeskiedenis, Waldensers, die Jordaan-familie, genealogie, Hugenote en kulturele erfenistoerisme. Daar word nuwe en onbekende terreine verken. 'n Uitgebreide kennis van genealogie en geskiedenis, sowel as toerisme, was nodig om die studie suksesvol uit te voer. Die navorsing lê klem op die verband tussen die geskiedkundige gebeure en kulturele en erfenistoerisme. Geen soortgelyke studie is nog hieroor onderneem nie, daarom is die studieveld oorspronklik en kon daar slegs op enkele sekondêre bronne staatgemaak word. Dit beteken dat, afgesien van die beperkte bronne oor genealogiese toerisme, daar 'n beleid vir genealogiese toerisme geformuleer sal moet word van die. Nuwe inisiatiewe is nodig om hierdie aspekte aan te spreek.

Die navorser fokus eweneens op die analise, interpretasie en rekonstruksie van die invloede wat van die verskillende tydperke uitgegaan het. Die studie word tematies en chronologies aangebied, soos deur Geskiedenis as wetenskap vereis.

Hierdie studie bevat 'n besondere uitdaging wat die navorsingsmetode betref. Dokumente in argiewe, meesterskantore, aktekantore, bronesentrums van die Hugenote Vereniging van Suid-Afrika en die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, Genealogiese Vereniging van Suid-Afrika, asook *Heimat* Museums in Duitsland, Waldensiese bronesentrum in *Torre Pelicce*, *Musée de Desert* en die Protestantse Biblioteek in Parys is bestudeer om 'n getroue weergawe van die geskiedkundige gebeure te gee.

In korrespondensie en gesprekke met lede van die Jordaan-familie tydens die saamstel van die Jordaan-genealogiese register het die navorser onder die indruk gekom dat daar lede van die familie is wat nog nooit van die Hugenote gehoor het nie. Ander se kennis is beperk tot die bewustheid van hulle Franse agtergrond.

Die bergplekke van die tersaaklike bronne is wyd verspreid. Om die verloop van die geskiedenis van die Jordaan-familie te ontrafel en weer chronologies saam te voeg, was dit nodig om inligting te bekom sedert die derde dag van die skepping en spesifiek in die omgewing van die Jordaanrivier wat begrens word deur verskeie lande, onder meer Israel. Daarna moes *Heimat* museums in Duitsland besoek word om die verloop van die Waldensiese beweging te verstaan sowel as die biblioteek en museum van die Waldensiese Kerk in *Torre Pelicce*, die *Angrognia*-valleie in dieselfde omgewing, asook gedeeltes in Switserland waar daar konsentrasies van Waldensers was. Hierna was dit nodig om die *Luberon*-vallei in die suid-ooste van Frankryk te besoek wie se geskiedenis nou aansluit by die van *Torre Pelicce*.

Om die Hugenate-beweging se geskiedenis en stryd te begryp, was dit nodig om die *Cevern*-gebied in die weste van Frankryk te besoek, asook die interpretasiesentrum wat ook dien as 'n museum aldaar. In kombinasie hiermee was die besoek aan die Protestantse Biblioteek in Parys van onskatbare waarde.

In Suid-Afrika is van die provinsiale argiewe en meesterskantore besoek om die meer as 3 600 sterfteskennisse van alle geregistreerde sterftes van lede van die Jordaan-familie te bekom. Meer as 3 400 vraelyste is gepos in 'n poging om genealogiese inligting van lede van die Jordaan-familie te bekom. 'n Geregistreerde e-pos en internet-tuisblad wat 'n aanlynvraelys insluit, is gebruik om op moderne wyse kontak te maak met lede van die Jordaan-familie regoor die wêreld. Die oorgrote meerderheid van die bronne wat gebruik is in die vorm van boeke, verhandelings en proefskrifte is aangevra by ander akademiese instellings in Suid-Afrika. Daar is by verskeie geleenthede in die Sasol-biblioteek van die Universiteit van die Vrystaat gevind dat bronne in artikel- of boekvorm as vermis aangegee was.

'n Bronnelys is saamgestel uit 973 bronne. Dit sluit in ongepubliseerde argivale bronne, 'n persoonlike versameling van inligting, videomateriaal van buitelandse bronne wat onverkrygbaar is in Suid-Afrika, transkripsies van onderhoude, 'n verskeidenheid korrespondensie, buitengewone staatskoerante, wette, dag-en weekblaaie, pamflette en nuusbriewe, tydskrifte, gepubliseerde artikels, boeke, historiese werke, referate, verhandelings en proefskrifte, genealogiese registers, en internet tuisbladsye.

Europa is gedurende 1995 besoek op 'n genealogiese toer en die meeste van die tersaaklike navorsingsinstansies was aangedoen. As aanloop tot dié doktorsale studie is reeds sedert 1987 aan 'n genealogiese studie van die Jordaan-familie gewerk. Hoewel hierdie genealogiese register nie volledig by die proefskrif geïntegreer kan word nie, sal sekere van die gegewens wel gebruik word. Afgesien van die derduisende kilometers wat sedert 1987 in Suid-Afrika afgelê is om die register te voltooi, het die navorser ook tydens 1995, 9 500 kilometer afgelê op 'n genealogiese toer in Switserland, Oostenryk, Italië, Frankryk, Spanje, Duitsland, Nederland en België.

Tydens 'n geadverteerde byeenkoms van verskillende Hugenote-families in Franschoek gedurende April 1988 was die navorser en sy vrou die enigste besoekers tydens die Jordaan-familiesaamtrek soos geadverteer. Die organiseerder van die Jordaan-familiesaamtrek het self nie opgedaag nie. Die navorser het die organiseerder geskakel wat in Stellenbosch woonagtig was. Sy rede vir sy afwesigheid was dat hy die dag ander afspraak gehad het. Hierdie insident, asook die afwesigheid van die Jordaan-familie se teenwoordigheid tydens die genoemde optog het die navorser inspireer om 'n genealogiese stamregister van die Jordaan-familie saam te stel

Die genealogiese register het 'n natuurlike groei getoon wat in Julie 2004 bykans die volledige Jordaan-genealogiese register in Suid-Afrika, Namibië en Zimbabwe verteenwoordig. Die Jordaan-genealogiese register verteenwoordig 32 933 individule name, 12 407 families, 5 162 plekname, 53 750 verskillende gebeurtenisse soos troues en geboortes. Nie minder nie as 450 bronne is gebruik om die inligting te bekom, bykans 600 e-posadresse, tussen 150 en 200 posadresse, terwyl ongeveer 150 faksnommers ook versamel is van persone wat inligting verskaf het. Hierdie statistiek sluit die bykans 3 500 vraelyste wat uitgestuur was uit. Die manuskrip beslaan 1 591 bladsye voor die finale afronding van die publikasie.

Met hierdie navorsing is besef dat die opstel van 'n genealogiese register vir baie mense die alfa en omega van hulle familiegeskiedenis is, terwyl dit inderdaad nie regtig 'n bydrae op historiese gebied maak nie. Genealogie as hulpwetenskap tot die geskiedenis behoort deur die genealoë wat soveel tyd spandeer aan die opstel van genealogiese registers, opnuut beoordeel te word aan die hand van hulle bydrae op historiese vlak.

Probleme wat opgeduik het tydens die navorsingstydperk van hierdie studie was dat van die bronne wat moontlik 'n bietjie meer lig op die twee Jourdan-broers se voorgeslagte in Frankryk en Duitsland kon werp, glad nie bekom kon word nie. Alle moontlike bronne-soektogte is ingespan om die inligting op te spoor, maar telkens sonder sukses. Die soektogte dui daarop dat die bronne moontlik in privaat besit in Europa is. 'n Wetenskaplike soektog het ook aangedui dat die bronne moontlik glad nie meer bestaan nie omdat van die bronne terugdateer na die sestiende en sewentiende eeu en waarskynlik in opdrag van 'n Jourdan-familielid in gesinsverband opgestel is. 'n Ander tendens tydens korrespondensie met die Waldensiese Museum in *Torre Pelicce* is dat geen korrespondensie in Engels beantwoord is nie. Daar was enkele bronne wat aangevra was deur die interlenings-afdeling van die Sasol-biblioteek wat net in die buiteland beskikbaar was en as gevolg van die kostefaktor nie bestel is nie. Die bronmetaal het gewissel tussen Engels, Frans en Italiaans. Tydens die navorser se besoek aan Europa is die kommunikasietempo bepaal deur die standaard van Engels wat gepraat en verstaan kon word deur die onderskeie persone wat besoek is en met wie onderhoude gevoer is. 'n Tydrowende aspek tydens besoeke aan veral die meesterskantore is, dat daar 'n beperking is ten opsigte van die hoeveelheid lêers wat daagliks aangevra kon word. Die uiteenlopende standaard van diens by die verskillende meesterskantore maak dit moeilik om te glo dat 'n navorser met dieselfde staatsdepartement te make het. Dieselfde situasie is ter sprake by die Sasol-biblioteek wanneer tydskrifartikels aangevra word wat in die argiewe gestoor word. As besoekende doktrale student is hierdie reël by die Universiteite van Kaapstad en Stellenbosch positief aangepas.

Die verspreiding van die *Jourdan*-familie, en later bekend as die *Jordaan*-familie, vanaf Franschhoek het in verskeie windrigtings plaasgevind. Volgens die inligting wat bekom is tydens die opstel van die Jordaan-genealogiese register, het lede van die Jordaan-familie hulle benewens in Suid-Afrika, ook in ses ander Afrikalande gevestig, te wete Namibië (die voormalige Suidwes-Afrika), Zambië (die voormalike Noord Rhodesië), Zimbabwe (die voormalige Rhodesië), Kenia, Botswana (die voormalige Betsjoeanaland) en Swaziland. Kanada is die enigste land buite Afrika wat ook aangedui is as 'n plek van geboorte vir 'n lid van die Jordaan-familie. Die register dui onder meer aan waar lede van die Jordaan-familie gebore is en gesterf het. In die verslag oor plekname wat 408 bladsye beslaan, word 926 plekname aangedui waar lede van die Jordaan-

familie gebore, gewoon en gesterf het. Hierdie verspreiding verteenwoordig groepe van minder as tien tot die grootste groep van 766 familieledede in een distrik of dorp. Hierdie navorsing is toegespits op 197 van die dorpe. Hierdie dorpe word uitgesonder omdat daar meer as tien lede van die Jordaan-familie in die dorpe aangeteken is. Die ses Afrikalande sal gesamentlik bespreek word.

Hierdie verslag dui ook verskeie sterftes aan in konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Daar is een geval van 'n Jordaan wat in Vlaandere, (België,) gesterf het tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918). 'n Tweede Jordaan is tydens die Slag van Delvillebos in Noord-Frankryk oorlede. Sommige Jordaans se plek van sterfte word aangedui as 'n hospitaal vir persone met geestelike versteurings aan die Kaap. Een Jordaan-baba is op Robbeneiland gebore.

Die studie poog om 'n aanduiding te gee van hoe die onderskeie groepe van die Jordaan-familie vanaf Franschhoek na die res van Suid-Afrika versprei het. Hierdie aanduiding sal berus op natuurlike trekrigtings, asook vroegste datums van verskyning in elke distrik.

Tydens die ontleding van die trekrigtings, sowel as die eerste datum van verskyning van 'n lid van die Jordaan-familie in die onderskeie distrikte, was daar tien trekrigtings en tien tydgleuwe sedert die verspreiding begin het. Ná die Boland in 1688 het die Oos-Kaap in 1741, Wes-Kaap in 1749, Noord-Kaap in 1820, Natal in 1845, Vrystaat en Noordwes in 1849, Gauteng in 1853, Mpumalanga in 1856 en die Afrikalande sedert 1896 gevolg. Die verspreiding van die meeste Jordaan-familieledede regoor Suid-Afrika was teen 1955 voltooi. 'n Aspek wat na vore kom tydens die verspreiding van lede van die Jordaan-familie, en spesifiek die drie bloedlyne soos dit aangedui word, is 'n duidelike aanduiding van die oneweredige verspreiding van die drie bloedlyne.

Hierdie studie dui die interdisiplinêre aard van die navorsing aan deur die historiese wetenskap en toerisme nader aan mekaar te bring in die vorm van 'n vennootskap met die daarstelling van voorstelle vir 'n kulturele erfenisroete. Die daarstel van die toeganklikheid van 'n roete is 'n

platform vir die historiese wetenskap om op dinamiese wyse kontak te maak met die publiek wat dikwels afsydig teenoor die historiese wetenskap staan.

Die verskillende voorstelle beteken dat daar waarskynlik verskillende opinies oor die onderwerp sal wees. Daar sal moontlik ook verskillende interpretasies oor die onderwerp wees wat die diskoers sal stimuleer vir 'n groter debat. Uiteenlopende opinies beteken nie noodwendig dat daar 'n regte of verkeerde mening sal wees nie.

Ten slotte: daar word verskeie voorstelle gemaak vir verdere navorsingsprojekte in hierdie studieterrrein.

.....

Die skrywer wil graag met groot deernis en erkentlikheid sy innige dank betuig aan die volgende persone:

- Professor Leo Barnard, my promotor, vir die talle leidinggewende gesprekke en besielende aanmoediging op kantoor, aan huis, telefoniese gesprekke tydens sy siek- en vakansieverlof asook sy vrou mev Renaldine Barnard, vir haar gasvryheid tydens my besoeke aan huis tydens prof Barnard se siekteverlof.
- Professor Cobus Ferreira, my medepromotor, vir sy onskatbare insette en geduld met die onderskeie hoofstukke wat per koerier aan hom gestuur was.
- Doktor Nick Esterhuizen wat my aan prof Leo Barnard voorgestel het en behulpsaam was met die eerste stadium van taalkorrigering.
- Professor Pieter Coetzer en mev Alta Coetzer vir die taal- en tegniese versorging.
- Mej Jean Prophet vir haar talle soektogte by die Sasol-biblioteek.

- Mev Estie Pretorius by interlenings van die Sasol-biblioteek vir die aanvrae van die meeste bronne in die bronnelys.
- Mev Christa Mitchell, sekretaresse by die departement van Geskiedenis, wat altyd vriendelik en behulpsaam was.
- Professor Derick Lithauer en Alida Lithauer wat behulpsaam was met die tegniese afronding.
- Ilse, Jan en Marthinus. Spesiale dank aan Jan wat gedurende Desember en Januarie die ontvangs van my sakeonderneming behartig het sodat ek ongesteurd kon skryf.
- Professor Gustav Malan en doktor Osvaldo Coisson tydens ons besoek aan *Torre Pelicce* in Italië.
- Mnr en Mev Claude en Denise Arouse van *Cabrière* in die *Luberon*-vallei in *Provence* (Frankryk) vir hulle gasvryheid tydens ons verblyf by hulle.
- Professor en mev Renee Bosc van Nimes, (Frankryk) vir hulle gasvryheid tydens ons besoek aan hulle en die *Cevern*-gebied.
- Dokter en mev Sanbuc van Frankryk vir die onderhoud en inligting tydens ons besoek aan hom.
- Vriende en familie vir hulle bemoediging.

Marthinus Johannes Steyn Jordaan

Bloemfontein

April 2005

He who cannot render an account to himself of at least three thousand years of time, will always grope in the darkness of inexperience, and merely live from day to day

Goethe, vertaling van Panebraker.

Aan die wat ons vooruit gegaan het en die wat ons gaan volg!

Hoofstuk 1

Die Jordaan-familie: Was hulle Waldensers of Hugenote ?

1.1 Die naam *Jordaan* in die Bybel

1.2 Die betekenis van die naam *Jordaan*

**1.3 Die rol wat die Jordaan-streek in die Arabiese geskiedenis
gespeel het**

**1.4 Die Waldensiese beweging 1170 – 1655 in Italië en Suid –
Frankryk**

**1.5 Die verskillende edikte wat die geloofsregte van die
Hugenote bepaal het**

**1.6 Godsdiensoorloë sedert 1562 tussen die staat, die Rooms-
Katolieke Kerk en die Protestante**

Hoofstuk 1

Die Jordaan-familie:

Was hulle Waldensers of Hugenote ?

Die doel van hierdie hoofstuk is om die meer as drieduisend jaar te beskryf waarin daar hoofmomente was wat die oorsprong van die naam *Jordaan* sou bepaal. Die tydperk strek van die Bybelse geskiedenis in Genesis tot met die begin van die gebruik om families ook familienaam te gee. Dit is 'n familienaam wat ten tye van familienaamgewing in die eerste millennium na die geboorte van Christus 'n beslissende rol sou speel om sommige mense se gevoel te weerspieël oor hul godsdienstige oortuiging waarvoor hulle so baie sou opoffer. Dit is ook 'n familienaam wat met verloop van tyd, soos die Europese, Amerikaanse en Australiese bevolking gevestig geraak het, gebruik sou word vir 'n standpunt om die gemeenskappe van daardie tyd se geloofsoortuiging te beaam. Hierdie standpunt word tans weerspieël in die plek- en riviernaam wat die naam Jordaan in die verskillende lande dra. Die naam *Jordaan* sou nooit enige verwarring meebring oor die duidelike betekenis wat die naam uitstraal nie, naamlik die van die Protestante teenoor die Katolieke.

Kyk Bylaag 1

Die naam *Jordaan* met al sy verskillende spelvorm het nog altyd een spesifieke geografiese area aangedui wat oor die eeue heen nooit 'n strydpunt sou word nie. Ten

spyte van al die verskillende gelowe wat hulle oorsprong in die Arabiese landstreek het, gebruik almal dieselfde benaming vir die Jordaanrivier. Dit sluit die huidige drie grootste godsdienegroeperings in die wêreld in. Daar kan ook na die Jordaanrivier soos bespreek in hierdie hoofstuk, verwys word as die grens tussen die Oosterse en Westerse wêreld.

Tydens die Waldensiese en Hugenote-tydperke was daar verskeie Jourdan-individue en -families wat prominent was in hulle stryd teen die Rooms-Katolieke oorheersing. Daar word nie in die literatuur na Jourdans verwys as veglustige persone nie; veglustig in dié mate dat sekere Jourdans die Rooms-Katolieke geloof aangeneem of behou het net om nie met die vyand, die Protestante, te baklei nie. Teen die einde van die hoofstuk is wel 'n sterk aanduiding dat nie alle Jourdans uit die dorp Cabrierre gevlug het nie. Die vraag of alle Jordaans noodgedwonge Protestants was, word ook bespreek.

Die hoofstuk dui ook aan hoe mense mekaar gebruik het om hulle eie doelwitte te bereik en, wanneer daar onderlinge godsdienverskille was, geen genade betoon het nie. Geen lewe is gespaar nie en die marteling en vernedering van die vrouens was volgens die Katolieke soldate se oordeel nie 'n te duur prys om te betaal nie. In geen van die bronne word verwys na 'n tydperk waar die Katolieke heersers om verskoning moes vra vir hulle onmenslike wandade teenoor die Hugenote nie. Die teendeel het na eeue se gevegte gebeur, deur eers die protestantse beweging wetlik te verbied en twee eeue later weer die Protestante geloofsvryheid te gee. Dit is interessant dat die Waldensers en die Hugenote nooit teen die staat gekant was nie. Die staat en die Rooms-Katolieke Kerk was die twee instellings wat jag gemaak het op die Waldensers, toe op die Hugenote en uiteindelik op die Protestante in die algemeen.

Die wetlike verbanning van die Protestantse geloof in Frankryk sou 'n volkekundige impak op verskeie wêrelddele hê. Daar is op vyf van die ses kontinente van die wêreld blywende getuienis van die gevolge van die verbanning van die Protestantse geloof in Frankryk.

1.1 Die naam *Jordaan* in die Bybel

In die Bybel word onder meer na die volgende verwys: *Toe slaan Lot sy oë op en sien dat die hele Jordaanstreek oral volop water het*¹ ... en onderwyl God die stede van die *Jordaanstreek verwoes*...²

Hierdie uiteenlopende eerste twee verwysings na die Jordaan-streek ná die sondvloed met die nageslag van Noag asook die bekende Bybelse figuur Abram (later bekend as Abraham) en sy broerskind Lot, sou vir eeue die geskiedenis van die Jordaan-streek uitbeeld.³ Die eerste negentien hoofstukke van die Bybel beskryf breedvoerig die verskillende geslagte met hulle name vanaf Adam en Eva, die eerste mense op aarde, tot met die eerste verwysing na die Jordaan-streek in die Bybel.⁴

Noag het in opdrag van God die ark gebou. Noag, sy vrou, sy drie seuns met hul vrouens en die voëls en diere van die aarde soos deur God voorgeskryf, het die ark binne gegaan en was al lewende wesens wat die stortreën van veertig dae en veertig nagte op aarde oorleef het. Die sondvloed was God se straf aan die wêreld omdat Hy ontevrede was met al die geweld en die verdorwe mense op aarde. Sem was een van Noag se drie seuns.⁵ Abram was die negende geslag wat uit Sem se bloedlyn gebore was. God het Abram se naam verander na Abraham nadat Hy aan Abram, wat kinderloos was, belowe het dat hy die vader van baie nasies sou word.⁶

Die tydsverloop in Bybeljare vanaf Adam tot met die geboorte van Abram is eenduisend negehoonderd vyf en vyftig jaar.⁷ Abram was 75 jaar oud toe hy in opdrag van die Here

¹ Die Bybel, Ou en Nuwe Testament, Genesis 13 vers 10.

² Ibid., vers 29.

³ Ibid., 5-12.

⁴ Ibid., 13 vers 10.

⁵ Ibid., 6 en 7.

⁶ Ibid., Genesis 17 verse 4-5.

⁷ Ibid., Genesis 5-12.

na die Jordaan-streek vertrek het.⁸ Dit bring mee dat tweeduisend en dertig jaar verloop het sedert Adam tot en met die eerste verwysing van die naam *Jordaan* in die Bybel.⁹ Anders as verskeie ander name wat oor die eeue heen verander het, word van die vroegste tye na die Jordaanrivier in sy huidige skryfvorm verwys. Die verskillende tale en dialekte in die wêreld het wel verskillende skryf- en spelvorme. 'n Aspek wat ook later in die hoofstuk duidelik na vore sal kom, is die ondersteuning wat familieledede aan mekaar sou verleen tydens die geloofsoorloë. Hier word reeds verwys na die hoë morele waarde van 'n Abram wat sy broerskind onder sy sorg geneem het tydens die Here se opdrag om weg te trek.

Die Jordaanrivier vervul so 'n noodsaaklike historiese rol in die deel van die geskiedenis dat dit nodig is om sy geografiese ligging kortliks aan te dui. Die Jordaanrivier is die belangrikste rivier in Palestina. Dit word gevoed deur drie bronriviere wat hul oorsprong in die suidelike Anti-Libanon het. Langs een van die sytakke was die nedersetting Dan geleë. Die hoogte bo seespieël van die sytakke wissel van 380 meter tot 1055 meter. Die Jordaanrivier vloei suidwaarts na 'n meer wat bekend is as 'n moerasgebied. Hierdie moerasgebied is een meter bo seevlak. Ongeveer vyf kilometer stroom af bereik die rivier 'n diepte van 620 meter onder seevlak. Hierna vloei die Jordaanrivier weer in 'n meer en daarna bereik die rivier 'n wye vlakte bekend as die Jordaan-vlakte. Die Jordaan-vlakte is ook bekend as *die skeur*. Hierdie vlakte wissel tussen 1,5 en 5,5 kilometer breed met 'n lengte van 29 kilometer. In hierdie vlakte lê die Jordaan-bedding wat byna 30 meter breed en drie meter diep is. Hierdie bedding is 'n lae stuk land onder seevlak. Die rivier loop hierna deur 'n landboustreek en verder suid deur 'n woestynggebied tot in die Dooie See. Die oewers van die Jordaanrivier word gekenmerk deur tropiese plantegroei.¹⁰ Die Bybel verwys na die *pronkbosse van die Jordaan* waar daar ook leeus voorgekom het.¹¹

⁸ *Ibid.*, Genesis 12.

⁹ Hierdie tydperk verteenwoordig negentien geslagte sedert Adam en Eva tot met die geboorte van Abram. Die geslagte se intervalle wissel van nege en twintig jaar tot vyfhonderd jaar.

¹⁰ Grosheide, F.W. *Bybelse Ensiklopedie*.p.263.

¹¹ *Ibid.*; *Die Bybel*, Jeremia 12 vers 5.

1.2 Die betekenis van die naam *Jordaan*

Die Hebreuse betekenis van die woord *Jordaan* is afwaarts, na onder of stroom af.¹² By die noordelike oorsprong van die Jordaanrivier is daar 'n nedersetting Dan. Abram het uit die suide getrek tot by Bet-el naby die area waar die Jordaanrivier in die Dooie See loop. Daar sou redeneer kon word dat die naam van die nedersetting Dan die agtervoegsel is van die woord *Jordaan*, veral na aanleiding van die variasie van die skryfvorm wat dikwels in Engels as *Jordan* gebruik word. Die Jordaanrivier wat in die Dooie See loop, vloei stroom af vanaf Dan wat hoër op na die Libanon en Hermonbergreeks geleë is.¹³

In semitiese verband verskil die etimoloë in twee aspekte oor die betekenis van die naam *Jordaan*. Die kerkvaderlike interpretasie is eerstens om te sê dat die rivier van Dan met die lettergreep *rdn* brul beteken, terwyl en die lettergreep *yrd* afwaarts beteken. Hierbenewens is daar die Indo-Europese vertolking wat aan die Iranse etimologie voorkeur gee deur te let op die *yardan*, wat dui op 'n meerjarige rivier wat altyd vloei.¹⁴

Die antieke nedersetting Dan waarna verwys word, was vroër bekend as Lais. In Hebreeus sou die twee woorde *Jarad* en *Dan* gekombineer kon word om Jarad Dan te vorm wat sou beteken hy daal af van Dan. Later het dit in Hebreeus *Jarden* geword.¹⁵

Kyk bylaag 2

Vandag bestaan daar verskeie skryfvoorme van *Jordaan* (Afrikaans), naamlik *Jordan*, *Joord* en *Jorden* (Nederlands en Vlaams). In die wêreld is daar verskeie skryfvoorme van die woord *Jordaan*. Voorbeelde hiervan is *Jordan* (Britse Eilande), *Jourda*, *Jourde*, *Jourdaneau*, *Joudain*, *Joudan*, *Jordanet*, *Jordaney*, *Jourdin* *Jourdan* en *Jourdain* (Frankryk), *Giordan* (Italië) en *Jordan* (Duitsland). Die Oosterse tale het ook hul eie

¹² Kuntz, J.K. *The People of Ancient Israel*, p31.

¹³ Glueck, N. *The River Jordan*, p.73 Dan word geag as in die omgewing van die oorsprong van die Jordaanrivier te wees.

¹⁴ Botterwick, G.J. *Theological Dictionary of the Old Testament*, p.323.

¹⁵ *MJS Jordaan Privaat Versameling* Onderhoud met prof Daan Pienaar, emeritus professor in kerkgeskiedenis, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, 09-04-2001. Die Engelse woord *garden* is dus waarskynlik 'n leenwoord uit Frans, afgelei van *Jarden*. Korrespondensie oor die oorsprong van die naam *Jordaan*.

skryfvoorme.¹⁶ In Amerika is die woord Jordan ook omvorm tot Jordanson, Jordans en Jordison.¹⁷

Statisties kom die naam Jordaan, Jordaanrivier, Jordaan-streek, en Jordaan-vallei 219 keer in die Ou en Nuwe Testament voor.¹⁸

Die volgende aanhaling uit die Bybel toon aan hoe die Here deur middel van Josua die Jordaanrivier gebruik het en hoe die naam *Jordaan* as simbool vir die wêreld se nageslagte bewaar sou bly:

... en Josua het vir hulle gesê: Trek uit voor die ark van die Here julle God tot binne-in die Jordaan, en tel vir julle 'n klip op, elke man een op sy skouer, volgens die getal van die stamme van die kinders van Israel, sodat dit 'n teken onder julle kan wees. As julle kinders later vra en sê: Wat beteken hierdie klippe vir julle? moet julle vir hulle sê: Omdat die water van die Jordaan afgekeer is voor die verbondsark van die Here by sy deurtog deur die Jordaan - die water van die Jordaan is afgekeer; daarom is hierdie klippe as 'n aandenking vir die kinders van Israel vir altyd.¹⁹

Josua was die vierde geslag na Abraham aan wie God 'n belofte gemaak het dat hy die vader van baie nasies sou word. Josua het Moses na sy dood opgevolg.²⁰ Die Here het Josua beveel om deur die *Jordaan* te trek. Hy sou net soos met Moses by hom wees en

¹⁶ Debrabandere, F. Van voornaam tot achternaam, pp.127-128.

¹⁷ Pine, L.G. The Story of Surnames, p.69.

¹⁸ Potgieter, JH.(Red) Afrikaanse Bybel Konkordansie, p. 652,pp. 687-689.

¹⁹ Die Bybel. Josua 4 verse 5-7.

²⁰ Ibid., Josua 1 vers 2.

sou hom nie begewe of verlaat nie.²¹ Moses was uiteraard die skrywer van die eerste vyf boeke van die Ou Testament in die Bybel.²²

Daar kan tereg gevra word wat die belangrikheid van die rivier na al die eeue in die kontemporêre geskiedenis is? Die Jordaanrivier en sy naam vervul 'n belangrike rol; hetsy uit 'n Christen- of Moslem-oogpunt. Vigne skryf dat uit 'n Christen-oogpunt, die doop van gelowiges die geskiedenis sedert die ontstaan van die nomadiese leefstyl na Abram se vertrek van sy plek van geboorte simboliseer. Die doop het veral na die geboorte van Jesus betekenis gekry.²³ Die rivier het ook ander betekenis vir gelowiges, naamlik meegevoel, passie, asook die natuurlike, die fisiese en seksuele gewaarwording van menswees.²⁴ Die rivier word ook beskou as sinoniem met lig, as 'n bron van geestelike vuur en dat die rivier ook moeder van die nageslagte van Christus is.²⁵

Vir die Moslems het die doop 'n heel ander betekenis. Indien 'n Moslem van geloof sou verander, het dit 'n bepaalde betekenis vir hulle. Sou die persoon wat van geloof verander ook hom/haar laat doop, is die bedreiging vir die Moslem-geloof meer ingrypend van aard. Dit beklemtoon dus die uiteenlopende simboliese gevoel oor die Jordaanrivier.

Terwyl daar verwys word na die ligging en eienskappe van die Jordaanrivier, en die Jordaanvallei, is dit nodig om kortliks die geografiese gebiede van *Cis- en Transjordan* in oënskou te neem. Daar is reeds verwys na die getal jare sedert Adam se geboorte. Vanuit 'n argeologiese benadering word die tydperk voor die geboorte van Christus verdeel in verskeie tydperke, onder meer die *Ou Steentydperk* wat terugdateer tot 450 000 jaar voor die geboorte van Christus.²⁶ Argeoloë verwys ook na die *Na gletsertydperk*,

²¹ *Ibid.*, vers 5.

²² *Ibid.*, Deuteronomium 1.

²³ Vigne, D. *Christ au Jourdain*, p.276.

²⁴ *Ibid.*, p.300.

²⁵ *Ibid.*, p.305.

²⁶ Hadidi, A. *Studies in the history and Archaeology of Jordan*, p.15. Hierdie tydperk word gegee sodat daar n beter idée geskep kan word van tyd gemeet voor die geboorte van

wat ongeveer 10 000 jaar voor die geboorte van Christus was. Gedurende hierdie tydvak was daar 'n gebied bekend as die *Swart woestyn* van die Jordaan.²⁷ Argeologiese bewyse wat dui op die Vroeë Brons- en Ystertydperk-beskawings is al aangeteken.²⁸ Dit is tans moontlik om bepaalde tydvakke beter te begryp, byvoorbeeld Adam en Eva se skepping, Abram wat die Jordaanrivier 2050 jaar daarna bereik, die verskeie steen- en bronstydperke, die geboorte van Christus en die huidige wêreld 2005 jaar na die geboorte van Christus.

Weens die feit dat Abram en Lot vanuit die westekant van die Jordaanrivier na die rivier getrek, word daar in publikasies verwys na die *Cisjorda*an (aan die westekant van die Jordaan) en die *Transjorda*an (aan die oostekant van die rivier). Hoewel die politieke grense van die verskillende lande mettertyd verander het, het dit nie 'n impak op die verwysing na *Cis- en Transjorda*an gehad nie.²⁹

Die *Transjorda*an is vandag bekend as Jordanië. Interessant is dat Woodrow Wilson (1856-1921), 28 ste president van die VSA (1913-1921), in 1919 aanbeveel het dat Sirië, Libanon, Palestina en die Transjordaan een staat vorm.³⁰

1.3 Die rol wat die Jordaan-streek in die Arabiese geskiedenis gespeel het.

Ten einde die kruistogte se ontstaan en motivering te begryp, is dit nodig dat die gebeure wat eenduisend jaar voor die ontstaan van die kruistogte plaasvind het, ontleed word. Daarna word die rol wat die Jordaanrivier met betrekking tot die kruistogte gespeel het, belig.

Christus as bloot sedert Adam en Eva se bestaan.

²⁷ *Ibid.*, p.97.

²⁸ Glueck, N. *The other side of the Jordan*, p.28.

²⁹ *Ibid.*, p.2. Die belangrikheid van die rivier in die droë wêrelddeel is ook nou gekoppel aan die beskikbaarheid van water aan mens en dier.

³⁰ Glubb, J. B. *A Short History of the Arab Peoples*, p.277, Microsoft Encarta 2002.

Daar is reeds aangedui dat daar negentien geslagte verloop het sedert Adam en Eva tot met die geboorte van Abram.³¹ Sasson gee 'n breedvoerige beskrywing van die benadering van Bybelse genealoë tot die verskillende geslagte. 'n Verdere 42 geslagte verloop vanaf Abram se geboorte tot met die geboorte van Christus.³² Vandaar 'n totaal van 61 geslagte vanaf Adam en Eva (die eerste mense op aarde) tot die geboorte van Christus. In wêreldgeskiedenis sou die geboorte van Christus die skeidslyn word vir die aandui van gebeure, byvoorbeeld vC vir gebeure voor die geboorte van Christus en nC vir gebeure wat aangedui word na die geboorte van Christus.

Die eerste persone wat gedoop is, is deur Johannes die Doper in die Jordaanrivier gedoop. Dieselfde Johannes het ook later vir Jesus in die Jordaanrivier gedoop.³³ Jesus het later by Betanië naby die monding van die Jordaanrivier in die Dooie See na die Hemel opgevaar.³⁴

Christus, ook bekend as Jesus, is gebore uit die maagd Maria en word in die Bybel as die Saligmaker van die wêreld beskou.³⁵ Johannes die Doper is gebore uit Sagaria en Elisabet. Hy het die weg voorberei ter bekering, vir die doop en om aan afvalliges die woord van God te verkondig.³⁶ Christus en Johannes was ongeveer dieselfde ouderdom.³⁷

Met verloop van tyd, na Hemelvaart, het die begeerte onder Christene al hoe groter geword om verskeie plekke te besoek, onder meer waar Jesus gebore is tot waar sy laaste voetspore was tydens die Hemelvaart. Die eerste eeu na Hemelvaart was pelgrims en pelgrimstogte 'n vreemde gebeurtenis. Teen die derde eeu nC was die geboorteplek van

³¹ Sasson, J. M. A genealogical convention in Biblical chronography, pp.177-181. Abram se naam het later na Abraham verander.

³² Die Bybel. Matthéüs 1 vers 17.

³³ Ibid., Matthéüs 3 vers 13; Grosheide, F.W. Bybelse Ensiklopedie, p.263.

³⁴ Ibid., Lukas 24 verse 50-51.

³⁵ Ibid., Lukas 2 vers 21.

³⁶ Ibid., Lukas 1 vers 13-17.

³⁷ Ibid., vers 41-43.

Jesus al welbekend onder Christene. 'n Besoek aan die Heilige Land met toere waar Christus gebore was tot waar Hemelvaart plaasgevind het, was teen die derde eeu reeds deel van die Christen-tradisie. Die doel van besoeke aan die Heilige Land, wat bekend geword het as pelgrimstogte, was met die oog op aanbidding en om geestelike vernuwing te ervaar.

Daar is bitter min inligting oor die eerste pelgrims, maar daar is wel 'n aanduiding dat in 333nC daar 'n merkbare toename van pelgrims na Christus se geboorteland was.³⁸ Die eerste pelgrimstog vanaf Europa na Jerusalem het in 1096 begin.³⁹

Die trauma, lewensverlies, deursettingsvermoë, asook die welvaart wat nodig was om 'n pelgrimstog vanuit die suide van Frankryk na die Jordaanstreek aan te pak, het hoë eise gestel. Die meerderheid pelgrimstogte het oor land plaasgevind. Die bergagtige omgewing, met 'n donkie as vervoermiddel, het die afstand wat daaglik afgelê is tot ongeveer 55 kilometer beperk. Van die oorlewingspogings wat soms deur die pelgrims beleef is, indien hulle gedurende 'n geveg nie hulle Christenskap wou prysgee nie, was om te oorleef deur te probeer vog uit die grond suig vir drinkwater, hulle perde en donkies se are te sny om van die bloed te drink en selfs om hulle eie of mekaar se urine te drink.⁴⁰ Daar was ook verskeie kruistogte oor die Mediterreense See aangepak wat eweneens probleme opgelewer het. Tydens die seereise was die pelgrims deur seerowers en 'n onstuimige see gekonfronteer. Van die kruistogte is ook gebruik om sekere gevangenes in Frankryk te vonnis, onder meer dat 'n spesifieke krimineel 'n pelgrimstog moes meemaak. Die ongerief en koste wat die veroordeelde moes verduur en dra en die gevoel van die suksesvolle voltooiing van die tog sou dien as 'n geestelike suiwering vir die veroordeelde.⁴¹

³⁸ Runciman, S. *A History of the Crusades*. Vol I, pp.38-39.

³⁹ Bridge, A. *The Crusades*, p.12.

⁴⁰ Runciman, pp.120-154. Die kruistogte wat vanaf Frankryk onderneem was, was ook dikwels na vewys as die Franse kruistogte.

⁴¹ *Ibid.*, pp.40-50.

Wat as 'n voorloper vir Pierre Valdès se besluit 27 jaar later beskou kan word, besluit Raymond IV, Hertog van Toulouse, wat al in geloofsgevegte teen die Spaanse Moslems betrokke was, in 1096 nC om sy ekonomiese aktiwiteite vaarwel toe te roep en in die hande van sy seun te plaas. Hy was seker die rykste persoon van Provence en van die invloedrykste persone op grond van sy huwelik wat hom verbind het met die Spaanse koningshuis. Op ongeveer 60-jarige ouderdom het hy besluit om te trek en die res van sy lewe in die Heilige Land te gaan woon.⁴²

Pierre Valdès het uit protes teen van die Rooms-Katolieke Kerk se gebruike sy eie geloofsbeweging in 1170 in sy tuisdorp Lyon in die sentraal suidelike gedeelte van Frankryk begin.⁴³ Valdès was getroud en het twee dogters gehad. Hy was ook 'n bekende en miljoenêr sakeman. Die eerste rede wat aanleiding kon gee tot sy skielike geestelike verdieping was toe hy op 'n Sondag ná Nagmaal na 'n bekeerde vriend se musiek geluister het en so beïndruk was dat hy ook bekeer wou raak. Die tweede vermoede is dat Valdès so ontsteld was oor 'n vriend se dood dat hy homself afgevra het wat sou gebeur indien hy sou sterf en of hy dan wel die Ewige lewe sou ervaar.⁴⁴

Die *Vaudois* (Waldensiese) beweging, waarvan Valdès die stigter was, het 'n ongekende geloofstryd met die Rooms-Katolieke Kerk gehad. In Frankryk en Europa is so iets nog nie ervaar. Talle Waldensers sou vir hul geloof sterf, terwyl die ondersteuners van die Rooms-Katolieke Kerk eweneens bereid was om enduit vir hul geloof te veg.

Onwetend het Valdès 'n beweging begin wat tien eeue later steeds sou bestaan.

Kyk bylaag 3

⁴² Runciman, , pp. 159-163; Bridge, p.64.

⁴³ Tourn, G. 1980. *You are my Witnesses*, p.11; Stephens, P. *The Waldensian Story*, p.9. Die Provensaalse spelling was Valdès of Vaudès. Die Latynse spelling was Valdesius of Valdensis. In Italiaans word die spelling Vaudois gebruik. In Afrikaans en Nederlands word daar verwys na die Waldensers of dikwels Waldo.

⁴⁴ *Ibid.*, pp.12-13.

Raymond IV het verskeie volgelingen gehad wat saam met hom na die Heilige Land getrek het. Twee jaar na sy vertrek uit Provence gedurende die somer van 1098 het hy sy hele geselskap geneem om psalms en gedigte te lees en hulleself in die heilige stroom van die Jordaanrivier te bad. Daarna is skoon klere aan getrek.⁴⁵

Raymond IV sou ook gedurende sy verblyf in die Heilige Land verskeie kere rondtrek en selfs vir sy lewe vlug. Dit was geensins die geval dat hy op grond van sy geloof en ouderdom met sy volgelingen in vrede in die Heilige land sou bly nie. Hy het vir homself 'n gedugte mag opgebou wat sy volgelingen se belange sou beskerm. Gedurende 1104 het Raymond IV vir hom 'n woning gebou en dit die *Mount Pilgrim* (Berg Pelgrim) genoem. Hiervandaan het hy sy bevele gegee. Sy woning was deurgaans onder bewaking. Die woning is later dieselfde jaar aangeval en hy is beseer nadat 'n stuk van die dak op hom geval het. Raymond IV is dieselfde jaar deur een van sy geselskaplede, William Jordan, opgevolg.⁴⁶ William het hom ook by *Mount Pilgrim* (Berg Pelgrim) gevestig. Hierdie is die eerste verwysing na 'n Jordaan gedurende die kruistog. Laasgenoemde het 'n seun Alfonso Jordan gehad.⁴⁷

Gedurende die tydperk 1130 – 1179 nC was die Jordaanrivier die toneel van hewige gevegte tussen groepe van Frankryk en plaaslike anti-Christengroepe. Beide oewers van die Jordaanrivier was as aanvalsterreine gebruik. Die rivier self is ook gebruik om as versperring te dien tussen die verskillende faksies wat mekaar probeer uitoorlê het. Die gevegte het nie net op een bepaalde plek plaasgevind nie, maar daar was deurentyd noord- en suidwaartse beweging teen die rivier op.⁴⁸

Gedurende die somer van 1182 is daar vir die eerste keer na 'n gebied *Oultrejourdain* verwys. Die gebied was oos van die See van *Galiléa* geleë. Die Jordaanrivier vloei vanuit die berge in die noorde in die See van *Galiléa*. Die rivier vloei weer aan die

⁴⁵ *Ibid.*, p.293.

⁴⁶ Daar sal by die skryfvorm gehou word soos in die bronne aangeteken.

⁴⁷ Runciman, pp.56-65.

⁴⁸ *Ibid.*, pp.337- 429.

suidekant van hierdie see uit op die Dooie See. Die gebied bekend as *Oultrejourdain* was aan die suidoostelike gedeelte van die See van *Galiléa* geleë. Hier was 'n nedersetting van Christene geleë.⁴⁹

In 'n genealogiese stamboom van die Hertog van Tripoli en die prinses van Galiléa (Noord-Israel) is na Alfonso Jordan verwys as die Hertog van *Toulouse*, vernoem na 'n stad in die suidweste van Frankryk. Die Hertog van *Tripoli* was ook bekend as Raymond I, die oupagrootjie van Raymond IV.⁵⁰ Daar is verder ook klem gelê op die stamboom van die Koning van *Oultrejourdain*. Hierdie benaming verwys na die gebied *Oultrejourdain* waar hulle mense gebly het.⁵¹

Dit is van kardinale belang dat kennis geneem word van bogenoemde groep se geloofsoortuiging, omdat die verskillende konings (politieke leiers) van Frankryk se geloofsoortuiging in die latere geskiedenis van Frankryk 'n deurslaggewende rol in die Franse geskiedenis sou speel. Dit sou weliswaar bepalende invloede in Frankryk, Brittanje, elders in Europa, Amerika en, helaas, ook in Suid-Afrika hê.

Oor die Franse koning Lodewyk VII (1120-1180) is weinig geskryf. Wat wel bekend is is dat hy die troon in 1137 bestyg het en die tweede kruistog van 1147-1149 meegemaak het.⁵²

Lodewyk IX (1214-1270), koning van Frankryk van 1236-1270, het op dertigjarige leeftyd so ernstig siek aan malaria geword dat hy 'n belofte aan die Here gemaak dat, indien hy sy lewe sou spaar, hy 'n pelgrimstog na die Heilige Land sou onderneem. Sy vrou was Margaret van Provence. Sy het 'n opgewekte geaardheid gehad, maar wanneer sy saam met haar man was, het sy stil en teruggetrokke geraak. Provence was

⁴⁹ *Ibid.*, pp.432-438.; Bridge, p.101; Glubb, p.269 Die Dooie See was ook bekend as die See van Arabah.; Anno, 1970. *Atlas of Israel*, In hierdie Atlas word die skryfvorm Jourdain gebruik. Let op die spelvorm van die *Jourdain*. Hierdie vorm is een van die oorspronlike Franse spelvorme.

⁵⁰ Runciman, Aanhangel 3.

⁵¹ Die Engelse term Lord word ook gebruik. Die stamboom van die koning van Oultrejourdain strek oor drie geslagte.

⁵² Littell, F. *The Macmillan Atlas history of Christianity*, p.38.

aangrensend aan die koning se gebied. Lodewyk IX se lewe is gespaar en na vier jaar se voorbereiding het die koning, koningin en hulle geselskap gedurende Augustus 1248 na die Heilige Land vertrek. Die kruistogte waaraan hy sou deel hê, was bekend as die sewende en agste kruistogte. Die koningshuis het groot weerstand ondervind vanweë sy pelgrimstog. Hierbenewens moes hy hewige gevegte teen die Moslems afweer op pad na sy bestemming. Lodewyk IX was 'n gedetermineerde man en het hom geensins laat intimideer deur die teenstand en die fisiese aanvalle op hom en sy geselskap nie. Van die koninklike ondersteuners op see het meer as 80 skepe verloor en tydens 'n ander geleentheid 'n verdere 32 skepe op een slag. Hierna is hulle deur hongersnood, siektes en maagkoors getref. Lodewyk IX is gedurende 1250 deur die Moslems gevange geneem. Ten spyte daarvan dat hy nie bereid was om sy Christenskap af te sweer nie, was sy teenstanders diep beïndruk deur sy lewenswyse. Gedurende 1254 het Lodewyk IX na 'n vier jaar pelgrimsreis na sy vaderland teruggekeer. Hy word as een van die grootste pelgrimsvaders beskou, 'n Godvresende man wat 'n katastrofiese pelgrimsreis ervaar het. Dit was die koning se begeerte om weer na die Heilige Land te gaan, maar dit sou hom nie beskore wees nie. Sy laaste woorde op sy sterfbed was O Jerusalem, O Jerusalem!⁵³

Na die afsterwe van Lodewyk IX was daar 'n redelike toeloop van Franse burgers met 'n argitektoniese en kunsagtergrond wat van die standbeelde en geboue in die Heilige Land versier het. Hulle was meestal van Provence. Een van die argitekte was bekend as Jordan, 'n naam wat later aan mense gegee is net nadat hulle in die Jordaanrivier gedoop is.⁵⁴

Teen die einde van 13 de eeu het van die opvolgers van die pelgrimsreisigers 'n nuwe fase betree. Dit was ook die einde van die kruistogte. Na 1290 is die mening gehuldig dat, in plaas van bloot te preek en die Woord van God te verkondig, hulle eerder boeke en pamflette moes skryf. Dit het die gevoel van Christenskap in 'n ander dimensie geplaas.⁵⁵

⁵³ Runciman, pp.255-292.

⁵⁴ *Ibid.*, pp.255-377; Bridge, p.255; Littell, p.39.

⁵⁵ *Ibid.*, p.430.

Daar kan tereg gevra word wat die doel van die kruistogte was. Uiteraard het dit die aandag op die Jordaan-streek geplaas. Die hoofrede van die kruistogte was om die Oosterse Christendom uit die hande van die Moslems te hou. Die teendeel het egter plaasgevind, deurdat die totale Oosterse Christendom onder Moslemse beheer geplaas is. Meer nog: talle lewens is in die omgewing van die Jordaan-streek opgeoffer ter wille van die geloof in Christus.

Daar word ook verwys na die hertog Alfonso Jordan, wanneer verwys word na Toulouse in sy titel. Dit bevestig die vermoede dat Alfonso, of ten minste sy vader William, van die omgewing van Toulouse afkomstig was.⁵⁶

Dit is ook ten tye van die eerste kruistog (1096-1099) na die Heilige Land dat daar in Frankryk begin is met die ontwikkeling van familiename. Die fokus is dus nou reeds geplaas op die gevegte tydens die kruistogte en die gevolglike lojaliteit teenoor Christus vir die Franse Christenpelgrims. Op die tydstip het die mense nie van familiename gebruik gemaak nie. Die gebruik van die familienaam *Jordaan* het veral na die eerste kruistog populêr geword. Om Jordaan te heet moes die betrokke persoon wel gedoop wees met water wat vanuit die Jordaanrivier afkomstig was. Die naam *Jordaan* is verskillend aangewend in die verskillende streke van Frankryk. In Languedoc is die spelvorm *Jourdain* gebruik. In Sentraal-Frankryk was die spelvorm *Jourdan* en in die suide bloot net *Jorda*.⁵⁷ Dit is gedurende hierdie tydperk dat die familienaam die eerste keer gebruik is en wat met vertroue gesê kan word dat die Jordaan-familie sy genealogiese bestel gevind het.

Die eerste nedersetting wat die familienaam Jordaan aangeneem het, was Thesan, twaalf kilometers noordwes van Beziërs in die suidweste van Frankryk in die Langueduc-streek. Beziërs is op sy beurt byna halfpad tussen Toulouse in die weste en Cabrière in die ooste van Frankryk waar die Jordaan-familie hulle eeue later sou vestig. In 121 nC het die stad 'n Romeinse stad geword waar olywe, wyn en koring verbou is. Sedert die agste eeu het die

⁵⁶ Kruistogte het plaasgevind van 1096 – 1291.

⁵⁷ Jordanus Jordan, Petite Histoire de La Famille Jordan, p.11.

gefortifiseerde stad na 'n stad met voorstede verander. Die dramatiese gebeure in Beziërs op 22 Julie 1209 sou 'n blywende indruk op die inwoners laat. Groot getalle vrouens, kinders en oumense is gedood in die stryd tussen die kruisvaarders en die Kataars. Die Kataars wou die mense na goddelike egtheid verander. Hulle was ook teen betrokkenheid by 'n kerk en het die heiligheid van Christus verwerp.⁵⁸

Die streek en ligging van Thesan is van belang omdat daar naby Thesan 'n kasteelagtige gebou met die naam *la Jourdane* staan. Dit is hier waar daar gedurende 970 nC die eerste keer melding gemaak word is die familie Thesan. Die patriarg van die Thesan-familie, Pons I, het vier kinders gehad. Hulle name was Pons II, Pierre Bertrand, Villeneuve en Pierre. Laasgenoemde het die familienaam Jordaan aangeneem. Pierre is later in 1116 getroud met Marie de Ferrand en hulle het hulle eersteling Jordan de Thesan genoem.⁵⁹ Volgens Jordanus is die vier oorspronklike broers ten tye van die verspreiding van die Jordaans deur 24 kleinneefs en -niggies verteenwoordig. Die naam *Pierre* kom sedert die eerste geslag *Thesan Jordaan* voor en die naam *Jean* en *Louis* sedert die tweede geslag. Die naam *Abraham* verskyn ook onder die tweede geslag. Dit was Abram wat die Jordaanrivier die eerste keer gesien het. Daar kan tereg gevra word of dit toeval of bloot vernoeming is.

Gedurende die tydperk 1207 – 1247 het drie geslagte, insluitend Jordan de Thesan, noodgedwonge begin rondtrek vir hul veiligheid, terwyl die kruistogte en gepaardgaande teenstand nog in volle swang was. Die oorspronklike vier broers en hulle nageslagte het hulleself mettertyd in drie verskillende geografiese gebiede gevestig. Die een groep is na die Waldensiese kanton in Switserland, die ander na Briancon in die Piedmont-vallei (op

⁵⁸ Autoatlas, Zentraleuropa, pp.132-140 Beziërs is tweehonderd en agt kilometer oos van Toulouse en eenhonderd en sestig kilometer wes van Cabrière ; <http://www.beziers> 20-09-1999; MJS Jordaan Privaat Versameling: Attila the Hun, Hierdie is 'n film wat in 4nC afspeel. Indien die leser die film as 'n redelike getroue weergawe van die tydperk erken, sal daar gesien kan word in hoe 'n primitiewe metode die gevegte plaasgevind het.

⁵⁹ Jordanus Jordan pp.15-26. Die outeur van die bron plaas dit op rekord dat van sy inligting nie noodwendig honderd persent korrek weergegee is nie, as gevolg van die argiewe wat tydens die Middeleeue verwoes was; Die patriarg van die familie het destyds net verwys na sy familie as "die familie van Theasan" Die terme "House of Thesan" is ook gebruik..

die grens tussen Frankryk en Italië) en die derde groep het hulle by die aangrensende gebied van Beziërs, te wete Vias, bevind.⁶⁰

In hierdie studie word grootliks gekonsentreer op die groep wat hulleself in die Piedmont-vallei gevestig het, aangesien hulle die enigste groep was wat die van *Jordan* aangeneem het.⁶¹

1.4 Die Waldensiese beweging 1170 – 1655 in Italië en Suid-Frankryk.

Ten einde hierdie geskiedenis en die motivering ten opsigte van die Waldensiese beweging te begryp, moet die volgende aanhaling as vertrekpunt beskou word. Die inligting kom uit die kerkargiewe van Carcassonne in Frankryk:⁶²

De Armen van Lyon vonden hun oorsprong rond het jaar 1170, gesticht door een zekere burger uit Lyon met de naam Valdesius of Valdensis, aan wie zijn volgelingen hun naam 'Waldenzen' ontleeden. De persoon in kwestie was een rijk man, maar al zijn weelde prijsgevend besloot hij in navolging van de Apostelen een leven van armoede en evangelische volkomenheid te leiden. Hij liet de Evangelien en enkele andere bijbelboeken vertalen in de volkstaal, alsmede een paar geschriften van de Heiligen Augustinus, Hiëronymus, Ambrosius en Gregorius, die hij 'spreuken' noemde. Hij las deze zeer aandachtig zonder echter veel van de strekking te begrijpen. Zelfingenomen als hij was en weinig ontwikkeld eigende hij zich tenslotte de apostolische voorrechten toe. Gedreven door verwaandheid

⁶⁰ *Ibid.*, pp.27-36; *Autoatlas, Zentraleuropa*, p.143; Sien gedeelte oor Waldensiese beweging. Diegene wat by Vias agtergebly het, is ook na verwys as Jordan de Thesan, Vias en Jordan de Vias.; Pays d'Aigues. 1981. *Ministere de la Culture et de la Communication*, p.28.

⁶¹ Jordanus Jordan, p.15-26.

⁶² Tourn, G. *De Waldenzen*, p.9.

waagde hij het Evangelie op straten en pleinen te prediken waardoor hij veel volgelingen maakte, mannen zowel als vrouwen. Hij bracht zijn arrogante houding op hen over en stuurde hen op pad om op hun beurt te prediken. Deze mensen, onontwikkeld en analfabeet, gingen rond door de dorpen, betraden huizen en zelfs kerken, vele dwalingen verspreidend. Zij werden ontboden bij de aartsbisschop van Lyon die hen waarschuwde, maar zij weigerden hem te gehoorzamen. Zij verhulden hun dwaasheid door te zeggen dat zij God meer moesten gehoorzamen dan mensen, daar God de Apostelen bevolen had het Evangelie te prediken aan alle creaturen. En zo minachtten zij tenslotte de prelaten en de geestelijkheid, hen ervan beschuldigend dat ze rijk waren en een welgesteld leven leidden. Daarom kenden zij zichzelf toe wat aan de Apostelen voorbehouden was met de pretentie hun na- en opvolgers te zijn krachtens hun onjuiste armoedegelofte en een geveinsde heiligheid. Vanwege deze ongehoorzaamheid en deze arrogante toeëigening van een taak die hen niet toebehoort, die van de prediking, werden zij geëxcommuniceerd en verdeven uit hun land.⁶³

In hierdie hoofstuk word die klem geplaas op die kruistogte. Daar is gereeld verwys na die stryd tussen die pelgrims en die Moslems. Vir die eerste keer gedurende dieselfde tydperk waartydens die kruistogte plaasgevind het en Valdesius sy geloofsbesluit geneem het, is daar pertinent na die Rooms-Katolieke Kerk verwys.⁶⁴ Dit dui daarop dat Valdesius 'n Katoliek was, omdat hy ook om die volgende redes van die Katolieke Kerk weggebreek het:

⁶³ Tourn, G. De Waldenzen, p.9; Tourn, G. You are my Witnesses, pp. 11-12.; Freeman – Grenville, G. S. P. Chronology of World History, p.267. Die bron gee die jaartal van die ontstaan van die Waldensiese beweging aan as ongeveer 1173; Tourn, G. pp.3-4 ; Tourn, G., p.11; Tourn, p.9; Stephens, P. The Waldensian Story, p.1. Bronne drie tot ses gee almal die ontstaan aan as die vroeë 1170's; Steffe, A.M. De Hugenoten, p.58.

⁶⁴ Stephens, p.1.

- Gedurende die elfde eeu was daar 'n gevoel onder die Katolieke gemeenskap dat die kerk moes hervorm
- Die dieper geestelike groei was gedurende die tyd in die kloosters gesetel. wou die armoede van die apostels uitbeeld soos gedurende die stigtersjare van die kerk
- Hierdie sterk gevoel om soos die Apostels te lewe, het die mening laat posvat dat die kerk 'n meer eenvoudige leefwyse en aanbidding moes hê
- Hierdie standpunt is ten sterkste deur die afvalliges van die Katolieke Kerk ondersteun
- Die soeke na hervorming in die kerk het die meeste Katolieke ampsdraers gedurende die 12 de eeu se gedagtes oorheers totdat die Waldensiese beweging die laaste dekades van die eeu hulle eie vertolking van die vertaalde nuwe testament begin voorhou het.⁶⁵

Lyon, waar Valdesius gewoon en al sy wêreldse skatte bymekaar gemaak het, was ook die aansluitingspunt van verskillende pelgrimsroetes na die Heilige Land. Lyon was ook die kruispunt van verskeie handelsroetes. Nêrens is ook verwys na Valdesius, hierna ook genoem Valdo of Waldo, se betrokkenheid by enige kruistogte nie. Die rede vir die naamswysiging is dat verskillende taalgroepe betrokke geraak het en die naam mettertyd aangepas is by die bepaalde taalgroep of dialek.

Dit is heeltemal verstaanbaar op grond van die feit dat laasgenoemde van die Rooms-Katolieke Kerk se eerste afvalliges was. Die kruistogte en die gepaardgaande gebeure het sekerlik vir Waldo aan die dink gesit en uiteindelik tot sy verskille met die Rooms-Katolieke Kerk aanleiding gegee.

Die vraag kan tereg gevra word wat die Waldensiese beweging se verbintenis met die Jordaan-familienaam was. Tydens die bespreking van die Thesan Jordan-familie is reeds aangedui hoe die familie begin trek het na, onder meer, die *Piedmont*-valleie. Dieper in

⁶⁵ *Ibid.*, p.1.

die valleie in was, die *Angrognia*-vallei geleë. Dit sou die bakermat van die Waldensiese beweging word, wat ten nouste met die Jordaan-familienaam verbind is.

Die geskiedenis van die Waldensiese beweging, vanaf 1170 tot 1480, kan in sewe verskillende subhoofde ingedeel word. Tourn dui die sewe verskillende tydvakke soos volg aan: Valdesius en die arm mense, die krisisjare, Italië en die stadstaat, van Vlaandere tot in die Oostzee, die Alpe as bastion, die Waldensers en die Hussiete, en laastens, die Hervorming. Die Hussiete het gedurende 1414 met die Waldensiese beweging saamgesmelt. Hus, hul stigterslid, was 'n advokaat en later priester en dosent aan die Universiteit van Praag. Hy was aanvanklik huiwerig vir die Waldensers maar het later besef dat hulle geloofsbeginsels baie ooreen gestem het. Hus het in 1415 op die brandstapel gesterf.⁶⁶

Hier volg 'n beknopte lys van bekende Waldensiese vanne wat vandag nog in Suid-Afrika gevind word.

- * Cordier
- * Durand
- * Faure
- * Hugo
- * Lombard
- * Malan
- * Meyer
- * Olivier
- * Roux

Daar moet kennis geneem word van die feit dat tot die negentiende eeu spelling nie so gestruktureerd was as wat tans die geval is nie. Die pastore, prokureurs en persone wat rekords moes opteken, het bloot die name en vanne neergeskryf soos hulle dit gehoor het. Baie mense was ook nie bekend met die Waldensiese dialek nie. Die letters I en J is

⁶⁶ Tourn, 1988, pp.237-238; Tourn, pp.65-66.; Stephens, pp. 96-97&111-112.

dikwels omgeruil. Die letters met 'n sagte klank soos G en J is gebruik om enige van die woorde *Jourdan* of *Giordan* te skryf. Interessant is dat een van die Waldensiese vanne Dan was. Dit is een van die plekname waar die Jordaanrivier sy oorsprong het. Die vraag is of die geskiedenis 'n rol gespeel het met die aanneem van die familienaam.⁶⁷ Die volgende dien as voorbeelde van verskillende spelvorme van Jordaan:

Giordan

Giordano

Jourdan

Jordan

Jourdain

Reymondet-Jourdan.

Die volgelinge van Waldo was geensins impulsiewe en bloot ontevrede mense nie. Die Waldensers het spesifieke eienskappe gehad. Van meet af aan is hulle verwerp deur hulle medeburgers, veral vanuit 'n Katolieke perspektief. Hulle het mettertyd oor die hele Europa versprei en met 'n houding van anti-aggressie volgens die voorskrifte in die Nuwe Testament probeer lewe.⁶⁸ Hulle het op tweërlei wyse probeer lewe. Eerstens het hulle huisbesoek gedoen en dikwels in die nag gebid en gevas. Tweedens het hulle 'n handgeskrewe sakgrootte Bybel of Nuwe Testament saamgeneem en dan 'n afskrif daarvan by die meeste huise agtergelaat. Soedoende het die mense 'n Bybel gehad om hulle geloof te verstrek.⁶⁹ Hulle was by uitstek bekend vir hulle uitlewing van hulle geloof.⁷⁰ Waldo self was nie 'n uitstaande leier of 'n selfaangestelde onderwyser en model nie, maar het geglo dat mense hom uit eie oortuiging moes volg. Hy sou nietemin 'n verwysingsbron en barometer vir vele geslagte Christene word. Hy was ook bekend as 'n Middeleeuse man wat soos Christus die Apostels in sy eie dorp ontmoet het.⁷¹

⁶⁷ *Ibid.*, p.1.

⁶⁸ Stephens, P. *The Waldensian Story*, p.xvii. In dieselfde bron op p.xviii verwys die skrywer na verskeie ander standaardwerke oor die Waldensiese beweging en spreek sy kommer uit oor die waardering daarvoor in Engelssprekende lande.

⁶⁹ Stephens, p.66.

⁷⁰ Tourn, G. *You are my Witnesses*, p.5.

⁷¹ *Ibid.*, pp.12-13; Tourn, pp.23-24. Waldo sterf ongeveer 1210.

Tussen 1480 en 1580 was hierdie groep by uitstek kleinboere, bywoners en mense van die platteland. Hulle het ook die werkloses en arbeiders verteenwoordig. Alle aanduidings is dat die Waldensers gedurende die tydperk goed gewapen was. Hulle het 'n hoë morele, sosiale en gedissiplineerde gedrag gehandhaaf. Die groep se beeld na buite was dié van mense wat hulle eie heiligheid hoog geag het, en nie deur ander geïntimideer of afgeknou is nie.⁷²

Die Waldensers was ook bekend vir hulle besondere maniere en optrede. Hulle was nie aanstellerig nie, het konserwatiewe klere gedra, het hande-arbeid verrig en het leuens en bedrog vermy. Daar was 'n klein groepie persone wat die Waldensers met heksery, duiwelsaanbidding en seksuele promiskuiteit wou koppel.⁷³ Hulle het ook geglo dat daar geen redding vir jou siel buite die Rooms- Katolieke Kerk was nie.⁷⁴ Die puriste het selfs aanbeveel dat getroude Waldensers hulle op Vrydae van seksuele aktiwiteit met hulle lewensmaat moes weerhou. Hulle het hulle ook sterk uitgespreek vir die onthouding van seks gedurende hulle eggenoot se maandstonde en wanneer sy verwagting was.⁷⁵

Nie lank na die ontstaan van die Waldensiese beweging nie, het die nuus daarvoor vinnig deur die westelike en oostelike deel van Frankryk versprei. Teen 1201 het 'n groep bekend as die Humiliati by die Waldensiese beweging aangesluit. Hulle was 'n groep wolboere van Noord-Italië wat 'n eenvoudige en eerlike lewenswyse gevoer het. Belangrike aspekte vir die groep was onder meer dat hulle ten gunste van liefdadigheidswerk onder die armes en siekes was. Hierbenewens het hulle bymekaar-gekome sodat 'n lid vir hulle uit die Bybel kon lees en preek. Diegene wat gepreek het, moes die preek ook uitleef as voorbeeld in sy alledaagse lewe. Hulle het die Lam van

⁷² Cameron, E. The Reformation of the Heretics. The Waldenses of the Alps, 1480-1580, pp.4,17,23,70 & 261.

⁷³ Stephens, . pp.73.-75.

⁷⁴ Ibid., p.89.

⁷⁵ Cameron, p.107.

God nie net aangeneem as hulle kenteken nie, maar ook as hul logo vir die bemerking van hul hoë kwaliteit wol.⁷⁶

Net na die eeuwending in 1205 het Waldo weggebreek van wat bekend geword het as die *Lombards* wat 'n meer liberale houding teenoor die Katolieke Kerk gehandhaaf het.⁷⁷

Na 'n bestaan van vyftig jaar het die Waldensiese beweging 'n meer geordende struktuur begin aanneem. Een van die eerste skeidslyne wat getrek is, was die onderskeid tussen diegene wat totaal betrokke was by die beweging en die ander groep wat bloot die idees van die beweging ondersteun het. Na eersgenoemde is verwys as broers en susters terwyl die laasgenoemdes bloot as vriende bekend was.⁷⁸

Teen 1414 het 'n groep bekend as *Hussite* by die Waldensers aangesluit. Hulle het 'n sterk militante vleuel gehad, bekend as Taborite. Die *Hussite* was 'n meer professionele groep mense wat universiteitsopleiding gehad het.⁷⁹

Teen 1190 het die Rooms-Katolieke Kerk se geduld om die volgelinge van Waldo tot ander insigte te bring, begin opraak. In dié stadium het die Rooms-Katolieke Kerk nege besware teen die volgelinge van Waldo gehad, onder meer dat hulle nie ten gunste van 'n suiweringsproses was nie, terwyl hulle die krag van gebed geminag het. Ook is geglo dat hulle nie die gestorwenes respekteer het nie en kerkgeboue geminag het. Die Rooms-Katolieke Kerk was eweneens ontevrede omdat hierdie mense nie die eed wou aflê nie en geweier het om aan oorlog deel te neem, terwyl hulle teen lyfstraf gekant was. Die Waldensers se verwerping van die Nagmaal deur sommige priesters was ook nie vir die kerk aanvaarbaar nie. Hulle beswaar teen die doop van babas, hulle idee dat jy al jou aardse rykdom moes prysgee voordat jy die Ewige Lewe kon beërwe en hulle opvatting

⁷⁶ Stephens, pp.25-26.

⁷⁷ Tourn, pp.23-24.

⁷⁸ *Ibid.*, p.34.

⁷⁹ Stephens, pp.98 & 102.

dat enige gelowige die Nagmaal kon bedien, was ook strydig met die Rooms-Katolieke Kerk se beginsels.⁸⁰

Die Waldensers was ook onderling verdeeld. Na Valdesius se dood was daar twee groeperinge, naamlik die Franse en Italiaanse volgelingen. Hierdie twee groepe was dit ook nie eens of hulle gestorwe leier Valdesius wel in die "paradys" was nie. Daar was ook nie 'n prominente leier onder hulle nie. Daar was ook nie eensgesindheid nie of mense van al hulle aardse rykdom moes ontslae raak voordat hulle die Ewige Lewe kon geniet nie.⁸¹

Die kruistogte waarna verwys is in die Waldensiese toeligting, was kruistogte wat deur die Franse koning en die Rooms-Katolieke Kerk geloods is om die Waldensiese beweging deur middel van massamoorde, bloedbaddens en slagtings te stuit. Hierdie kruistogte teen die Waldensers in Frankryk het in die tydperk 1242-1488 plaasgevind.

Die eerste kruistog in 1242 na die dood van Waldo, was bekend as die *Albigensian*-kruistog wat in die suidweste van Frankryk plaasgevind het. Teen hierdie tyd was die Waldensiese beweging bykans in die hele suide van Frankryk aktief. Hulle aktiwiteite het van die oostelike dele van Spanje tot in die noordelike dele van Italië gestrek.⁸²

Gedurende 1215 het die Rooms-Katolieke Kerk verskeie besluite as amptelike beleid aangeneem. Die Waldensers se inisiatief is totaal verwerp en hulle en soortgelyke groepe wat hulle met die Waldensers vereenselwig, moes vernietig word. Kruistogte teen bogenoemde was aanvaar as 'n metode van die Katolieke om die Waldensers te verslaan.⁸³

⁸⁰ *Ibid.*, pp. 38-39.

⁸¹ *Ibid.*, p.40.

⁸² *Ibid.*, pp. 40&51.

⁸³ Tourn, p.26.

Die Rooms-Katolieke Kerk se groot probleem met Waldo was nie soseer omdat hy baie aandag aan die armes gegee het nie, maar wel omdat hy sonder die Kerk se toestemming die Bybel in openbare plekke vertolk het.⁸⁴ In die feodale stelsel waarin die Waldensers hulle bevind het, is hulle ook skerp gekritiseer vir hulle besliste houding om nie 'n eed af te lê nie. Hulle was van mening dat, indien hulle 'n eed sou aflê, dit sou impliseer dat hulle soms leuens vertel.⁸⁵

'n Aspek wat Waldo uitsonderlik gemaak het, was dat hy die konsep van Christen-armoede buite kloosterverband uitgeleef het. Hoewel die Waldensers krities was teenoor die priesters, het hulle hul nie teenoor die Katolieke dogma uitgespreek nie. Hulle het inderdaad groot respek afgedwing met hulle edel motief om die oorspronklike skrif te gebruik. Waldo wou graag binne kerkverband bly en die sakramente gebruik, totdat die Katolieke Kerk hulle verwerp het. Hierbenewens was die kerk ook ongemaklik met die feit dat onopgeleide burgers die voorregte van 'n priester gebruik, en gepreek het.⁸⁶ Die drie aspekte waaroor die Waldensers en die Katolieke mekaar nie kon vind nie, was oor die hiernamaals, oor aanbidding en oor die offerhande aan die dooies. Die groep was van mening dat die Bybel die enigste gesag oor geestelike sake was.⁸⁷

Die eerste massamoord op die Waldensers is in 1208 aangeteken toe 'n leër van die Franse koning en die Katolieke Kerk 'n gesamentlike aanval op die Waldensers en die Katare geloods het. Die Katare was 'n groep mense wat hulle eie eenheid gevorm het en op 'n spesifieke wyse aan hulle geestelike reiniging geglo het. Vanuit owerheidsweë is daar na die bloedbad as 'n beplande kruistog verwys. Hierdie gebeurtenis was presies 35 jaar na Valdesius se geloofsbesluit geneem het wat die Waldensiese beweging tot gevolg sou hê.⁸⁸ Dit is ook gedurende hierdie eeu wat die owerhede van Milaan 'n reeks hofinterdikte teen die Waldensers uitgereik het. Dié tydperk is gekenmerk deur vrees,

⁸⁴ *Ibid.*, p.5.

⁸⁵ Stephens, p.76.

⁸⁶ *Ibid.*, pp.9,13.

⁸⁷ *Ibid.*, p.83.

⁸⁸ *Ibid.*, p.36.

angs en 'n sielkundige stryd. Die Waldensers was aan buitengewone hoë belastings onderworpe. Die eerste persoon wat op 'n brandstapel verbrand is weens haar Waldensiese oortuiging was 'n vrou in die Pinerolo-gebied in 1312. Alle beskikbare tronke was tot oorloeps toe deur Waldensers beset.⁸⁹

Soos vroeër gemeld, het die Hussite hulle by die Waldensers aangesluit. 'n Motivering vir die groep om by die Waldensers aan te sluit, was dat Waldensers vir die eerste keer besluit het om hulle te verset teen die aanslae van die Katolieke.⁹⁰

Hierdie besluit is gevolg deur die toetrede van die Italiaanse soldate op inisiatief van die Italiaanse koning Carlo I van Savoy. Hulle het die Waldensers in 1483 in die *Angrognia*-vallei aangeval. 'n Gemotiveerde groep Waldensers het 'n kerkgebou hoog in die heuwelagtige vallei beskerm. Die soldate van Savoy is met rollende klippe en rotse bestook en wel in so 'n mate dat hulle moes terugval. Baie van die soldate het tydens hulle vlug in die rivier in die vallei verdrink. Carlo I het hierna die regte en geloof van die Waldensers in die vallei erken en onderneem om nie weer 'n aanval teen hulle te loods nie. Hierdie gebeurtenis was geskiedkundig in die Waldensiese geskiedenis en het hulle die besef gegee dat weerstand tog die moeite werd was.⁹¹

Gedurende 1507 is ene Jordanon Cordi, voormalige prokureur-generaal van die koning deur die Franse koning Lodewyk XI onder arrestasie geplaas. Daar is bepaal dat hy en van sy makkers die situasie teen die Waldensers tot hulle eie voordeel uitgebuit het. Lodewyk XI (1423-1483) was die kleinseun van Lodewyk IX wie op sy siekbed 'n belofte aan die Here gemaak het dat, indien hy genees word, hy 'n pelgrimstog na Sy geboorteplek sou onderneem. Jordanon Cordi was in diens van die Franse koning as senator in Milaan. Cordi was 'n voorstander van 'n kruistog en het van die Waldensers se plase vir homself gekonfiskeer. Selfs Katolieke van die omgewing was gekant teen Cordi se optrede. In

⁸⁹Tourn, pp.30, 46-48.

⁹⁰*Ibid.*, p.57.

⁹¹Stephens, pp.104-105.

dieselfde jaar is 160 Waldensers by Embrum in die Piedmont-vallei vermoor deur gehang, verbrand, in hulle eie huise geslag of van die kranse af gegooi te word.⁹²

'n Ooggetuie in die dorpie Fressinieres in die Piedmont-vallei, Peyre Jordan, het die volgende vertel van 'n leier van 'n kruistog, koning Varax, en van sy vertrouelinge:

Varax het die inwoners van Fressinieres wat na die hoogste dele van die valleie gevlug het om weg te kom van die Italiaanse soldate oorreed om terug te gaan na hulle nedersettings in die valleie. Die inwoners is met moeite oorreed en het wel na hulle huise teruggekeer. Varax en sy vertrouelinge het toe die mans en die vrouens aan hulle hare gesleep en binne in 'n skuur toegesluit. Brandende fakkels is binne in die skuur gegooi. Daar is toe op die mans en vrouens wat binne in die skuur toegesluit was, geskreeu dat indien hulle nie almal erken dat hulle Waldensers is nie, hulle almal aan die brand gestek sou word.⁹³

Die veroordeling van die Waldensers wat nie hulle geloof wou afsweer nie, of waar vasgestel is dat hulle Katolieke voorgestel het aan die Waldense geloof, is op verskeie tye ter dood veroordeel. Indien 'n aartsbiskop die skuldigbevinding gedoen het, het hy seker gemaak dat daar kwansuis hofstukke gehou is, indien daar 'n navraag van die veroordeelde se vrou of familielid sou wees. Die hofstukke het gedien as bewys dat die veroordeelde bewus was van sy oortreding. Die veroordeelde se dood kon dan binne minute volg. In een geval is iemand na slegs 19 dae veroordeel. Soms het dit tot sewe maande geduur.⁹⁴

⁹² Cameron, p.41.

⁹³ Ibid.

⁹⁴ Ibid., pp.32-39.

Die straf het nie by die dood geëindig nie. Wat 'n verdere vergryp was, was dat die vermoorde se kinders, en dikwels ook sy of haar kleinkinders, se bates eenvoudig gekonfiskeer is om vir die mede-aanhitsers as vergoeding vir die moord uit te deel.⁹⁵

Die kruistogte teen die Waldensers het gedurende 1487-1488 ongekende afmetings begin afneem. Dit was 'n doelbewuste poging om die Waldensers finaal te laat ontbind. Kruisvaarders het op die tydstip van alle vlakke begin met hul onderskeie kruistogte teen die Waldensers. Die strawwe wat kruisvaarders op die Waldensers opgelê het, het gewissel. Dit was duidelik dat die kruisvaarders nie besorg was oor die Waldensers se ouderdomme en siele nie. Hulle was op winsbejag (geld) uit. In ander gevalle is die Waldensers se grond gekonfiskeer en verkoop. Informele en buitengewone wyses van teregstelling het ook plaasgevind. Waldensers wat van hulle plase gevlug het, se grond is deur die aartsbiskop se personeel beset en gestroop van alle bates. Sommige Waldensers het hulle plase en besittings teen astronomiese pryse teruggekoop by die kruisvaarders. Die kruisvaarders wat hulle spoedig uit die voete wou maak, het later verkies om die Waldensers te hang. Ander metodes wat ook gebruik was om mense te dood, was om die gelowiges te verdrink of van kranse af te gooi. In een geval is daar aan 'n man om geld gevra in ruil vir sy broer se vrylating. In 1501 is van die Katolieke lede ondervra oor die motiewe van die kruisvaarders. Die ondervraagdes was van mening dat die vergelding teen die Waldensers misluk het omdat die kruisvaarders geld wou bekom en nie soseer die teenstand teen die Katolieke Kerk wou onderdruk nie. Indien die Waldensers arm mense sou wees, sou die Katolieke Kerk waarskynlik nie so uit hulle pad gegaan het om op hulle jag te maak nie.⁹⁶

Teen Januarie 1655 het Carlo I van Savoy besluit om meer as 4 000 soldate bymekaar te bring om die Waldensers van *Torre Pellice* en omgewing in die *Angrognia*-valleie finaal te verslaan. Gedurende hierdie tydperk was die aanslag op die Waldensers die hewigste ooit. Baie van hierdie soldate se enigste aanmoediging was die vooruitsig om te plunder. Aan die Waldensers is 'n ultimatum gestel om die teenwoordigheid van die soldate te

⁹⁵ Stephens, p.46.

⁹⁶ Cameron, pp.43-48; Tourn, p.61; Stephens, p.107.

aanvaar en te respekteer, of om alle regte op onderhandelinge te verbeur. Na besprekings en gebed het die Waldensers hierdie ultimatum aanvaar. Die koningshuis van Savoy het dit as 'n maklike oorwinning oor die Waldensers beskou en het geglo dat hulle nou vir altyd verdryf sou wees. Teen die tyd dat die soldate die vallei begin binnevaar het, het hulle gou agtergekom dat die meeste van die Waldensers hoër op in die berge gevlug het. Die Waldensers moes vanaf die hoogtes van die berge afkyk hoe hulle wonings afgebrand word deur die soldate. Hulle het ook besef dat hulle binnekort niks meer sou hê om te verdedig nie. Spoedig het dit begin sneeu en die mans moes ook toesien hoe van hulle vrouens en kinders in die sneeustorms verkleum.

Drie maande later rapporteer Pianezza, die militêre leier wat die aanslag gelei het, aan die koningshuis die volgende:

Die vyand het gister moedeloos begin raak, hulle gewere begin weg-
gooi en om vergifnis gevra. Dit was ongelooflik
om te sien hoe neerslagtig en verdwaas hulle was. Die meeste van die
vyand het oor die berg gevlug. In die proses het baie in die sneeu
verdwaal, en hulle kinders begin
agterlaat waarvan verskeie dood is. Talle van die vlugteling is
dood van die koue en ander is in sneeustortings dood.⁹⁷

'n Priester, Torre, wie se plig dit was om te kontak met die Waldensers wat weer die Katolieke geloof wou aanneem, het aan 'n kollega geskryf dat die soldate die sukkelaars verskriklik geterroriseer het. Vir baie was die maklikste manier hieraan om te ontsnap deur selfmoord te pleeg. Baie ander het in hulle honderdtalle na advies geluister, hulle sondes bely en om vergifnis gevra. Hierdie groep het hierna weer die Rooms-Katolieke geloof aangeneem.⁹⁸

Na die verdrag van Pinerolo in 1655 is 'n fort inderhaas gedurende die somer van 1655 gebou met 'n uitkykpos oor die Waldensers van Torre Pellice. Die ongedissiplineerde

⁹⁷ Stephens, p.175

⁹⁸ Ibid, pp.173-175.

soldate het magslustig van die boere se vrugte, wyn, klere en vee gesteel. Hulle het wingerde en oeste aan die brand gesteek. Die soldate het enige persoon wat hom teen hulle optrede verset het gemolesteer, vroue verkrag en selfs moord gepleeg. Nadat die Waldensers 'n landdros vermoor het, het die toestand onhoudbaar geword.

Die koningshuis van Savoy het op die tydstip 'n brief aan die koning van Frankryk, Lodewyk XIV, gerig. Hierin is versoek dat die Franse koning die verdrag van Pinerolo moes waarborg, en in ruil vir grondgebied, moes hulle die Waldensers oorneem as voog en hulle dieselfde regte as die Hugenote aanbied. Hierdie versoek is summier deur Lodewyk XIV geweier.⁹⁹

Die geografiese gebiede waar die Waldensiese beweging ondersteun is, was hoofsaaklik in die *Piedmont*-, *Angrognia*- en die *Luberon*-vallei.¹⁰⁰ Daar was wel ook ander streke waar die Waldensiërs ondersteun is, naamlik *Provence* en *Languedoc* in die suide van Frankryk, asook gedeeltes in die suide van Italië.¹⁰¹

Ten spyte van hulle nomadiese leefstyl as gevolg van die Katolieke se haat en venyn teenoor hulle godsdiensoortuigings, was daar ook oppurtuniste en verraaiers onder die Waldensers. Een voorbeeld hiervan was die aanklag van een van hulle eie pastore, Lentolo. Hy was van mening dat die Waldensers hulle eie lyding versoorsaak het. Lentolo was van mening dat dit God se manier was om die Waldensers te straf, omdat hulle nie na Hom geluister het nie. Lentolo het gevra of die Waldensers, gedink het dat die Here nie die skuldiges raaksien nie en het vervolg:

Julle dreig, vertel leuens, is oor baie sake ongelukkig...ten spyte daarvan dat julle julle so gedra, maak julle nog daarop aanspraak dat julle Godvresende mense is. Wat nog erger is, is dat van julle Waldensers bevriend geraak het met van die

⁹⁹ *Ibid.*, p.193.

¹⁰⁰ Tourn, p.45. Die huidige politieke grense tussen Frankryk, Italië en Switserland is nie dieselfde as wat dit was tydens die aanslae op die persone wat die Waldensiese geloof ondersteun het nie.

¹⁰¹ *Ibid.*, p.52; Stephens, pp.107-108.

sedelose ondersteuners van die Rooms-Katolieke Kerk.
 Meer nog: van julle wat met hulle bevriend geraak het,
 het nog meer sedeloos geraak as die swakstes van die
 swakste Rooms-Katolieke ondersteuners.
 Julle het julle vreeslik vererg as 'n predikant julle in die
 openbaar nader om oor 'n saak te gesels. Julle laat die kriminele
 onder julle ongestraf bly, en bied vir hulle skuiling in
 julle valleie aan. Dit is ook bekend dat julle moordenaars wat van ander
 gebiede afkomstig is, skuiling aanbied.¹⁰²

By 'n ander geleentheid waar 'n Katoliek hulp moes gaan soek vir sy geïnfecteerde been,
 is hy deur sy helpers gewaarsku dat die persone wat hom gaan help, Waldensers is en dat
 hy nooit na die ontmoeting moet verwys nie. Hy moes ook nie die priesters van die
 Waldensiese teenwoordigheid inlig nie. Sou die sieke dit waag, is hy meegedeel dat

Indien hy dit wel sou doen, sou sy tong uitgesny sou
 word en hy daarna soos 'n bok geslag sou word. Daar is
 ook aan die Rooms-Katolieke sieke vertel dat hy nie die
 Waldensiese sekte aan die priesters kon bekend maak nie.
 Indien dit bekend sou word dat hy dit gedoen het, sou
 sy tong uit sy keel geruk word en sy liggaam in
 repies gesny word soos bokvleis.¹⁰³

Een van die eerste opgetekende menseslagtings in die *Luberon*-gebied is gedurende 1348,
 toe 'n pes die gebied getref het, ook bekend as die *Swart Dood*. Baie van die gebied se
 mense het hieraan beswyk. Daarna, tussen 1390 – 1400, was daar van die eerste aanslae
 op Waldensiese lewens deur die Rooms-Katolieke Kerk. Al die dorpe is ontruim en die
 gebied is weer as wildernisgebied agtergelaat.¹⁰⁴

¹⁰² Cameron, p.3.

¹⁰³ *Ibid.*, p.83.

¹⁰⁴ Malan, D.G. & Malan, H. & Malan, J.D. 1998. *Die Malans van Suid- Afrika*, p.7.

Tussen 1509 en 1517 het van die Waldensers vir hulle lewens gevlug as gevolg van hulle onversetlike geloof. Hulle het dieper die *Piedmont*-vallei binne getrek, terwyl ander na die heuwelagtige *Luberon*-gebied gegaan het. Hierna het hulle spoedig en ywerig 'n wildernisgebied in 'n welvarende landbougemeenskap verander. Hier kon hulle hulle geloof in die geheim beoefen, terwyl sommige goeie en invloedryke mense geword het.¹⁰⁵

Gedurende 'n sitting van die Waldensiese beweging in 1526 is daar twee persone afgevaardig om Martin Luther (1483-1546) te gaan ontmoet. Die rede hiervoor was hoofsaaklik omdat die Waldensers van Luther se uitsprake gehoor het, waarin hy onder meer verkondig het dat die Hussiete wat met die Waldensers saamgesmelt het, en Luther eintlik almal dieselfde beginsels gehad het. Luther was die persoon wat die gedagte van kerkhervorming geïnisieer het sonder om die eenheid van die kerk aan te tas. Na gesprekke met die Waldensiese afvaardiging, het Luther erken dat hy met baie van hulle sieninge saamstem. Tot in dié stadium was Luther onbewus van die Waldensiese beweging. As gevolg van die sukses wat Luther se kerkhervorming in Duitsland gehad het, het die meeste van die Duitse Waldensers by die Lutherse Kerk aangesluit. Hulle was hoofsaaklik in die suidweste van Duitsland woonagtig.¹⁰⁶

Afgesien van die *Piedmont*-valleie, vandag beter bekend as *Torre Pellice*, sou die *Luberon*-gebied ook 'n ware vesting van die Waldensiese beweging word. Daar sou later 10 000 families van die beweging bly. In 1528 is op *Merindol*, nie vêr van *Cabrière* nie, besluit as die administratiewe setel van die Waldensers in die *Luberon*-vallei. Een van die redes hieroor was dat *Merindol* meer heuwelagtig was as *Cabrière*.

Cabrière was van meet af aan bekend as een van die grootste Waldensiese nedersettings, asook as 'n welvarende gemeenskap¹⁰⁷ Gedurende 1545 is *Cabrière* in sy totaliteit

¹⁰⁵ Stephens, pp.108-109.

¹⁰⁶ Tourn, pp.65-66.;Stephens, pp.111-112.

¹⁰⁷ Baird, H.M. History of the Rise of the Huguenots of France. p.231&243 Vol I.

afgebrand en meeste van die bevolking van 1 000 inwoners vermoor. Die mans het tevergeefs probeer om hulle vrouens en kinders te beskerm, maar hulle het met 'n groep Katolieke te doen gehad wat geen genade betoon het teenoor mense van 'n ander geloof nie. Die mans het in 'n poging om hulle lewens te red, in die kasteel se kelder gaan skuil, terwyl die vrouens en kinders in die kerk gaan skuil het. Selfs nadat die Waldensers hulleself oorgegee het, is daar steeds van die mans gevang, na 'n koppie oorkant die rivier geneem en doodgeslaan. Die vrouens en kinders is in die hande van die soldate gelaat, wat hulle verkleineer en mishandel het.¹⁰⁸ In 'n vertaalde bron uit Frans beskryf Kruger die gebeurtenis soos volg:

Twee en twintig stede en dorpe is verbrand en uitgemeor met 'n wreedheid wat ongeëwenaard is in die geskiedenis van die mees barbaarse volke. Die ongelukkige inwoners, in die nag oorval en van rots tot rots gejaag by die lig van hulle brandende wonings, het geen kans gehad om te ontsnap nie, en die lug het weergalm van die krete van die ongelukkige grysaards, vroue en kinders, want die woedende soldate, deur hulle offisiere aangevuur, het nog ouderdom, nog sekse gespaar en hulle aan die vreeslikste wandade skuldig gemaak. Op Cabrière is sewe honderd mans koelbloedig vermoor; die vroue is in 'n groot skuur gejaag, wat daarop aan brand gesteek is, sodat almal in die vlamme omgekom het; al die wonings is verniel; selfs die plantasies en die pragtige wingerde is verwoes en een van die vrugbaarste streke in Suid-Frankryk tot 'n woesteny herskep, waar geen lewendige mens

¹⁰⁸ *Ibid.*, pp.246 – 253; MJS Jordaan Privaat Versameling; Videobande van 'n genealogiese toer na Europa in 1995. Die skrywer was in Mei 1995 in Cabrière waartydens daar 'n monument onthul was wat die dorp se vyfhonderdjarige bestaan gevier het: 1545-1995. Die monument dui aan dat Cabrière oorspronklik in 1495 gestig is. Die gemeenskap van Cabrière het egter 1545 as 'n tweede begin gesien. Op die akte van Cabrière kom die familienaam Jordaan voor as stigterslede. Die skrywer het ook foto's in sy besit van onder meer 'n huis van die Jordaanfamilie waarop die datum 1625 uitkerf is; Boucher, M. French Speakers at the Cape., pp.183-186.

of dier te vinde was nie.¹⁰⁹

Teen hierdie gebeure as agtergrond, kan tereg gevra word hoe dit moontlik is dat, ten spyte van die herhaalde aanvalle op die inwoners van *Cabrière*, en in dié *Piedmont*-valleie voor 1495, daar wel lede van die Jordaan-familie was wat die gebeure oorleef het om later na Suid-Afrika te kom.

Ten spyte van Calvin se brief van protes aan die Franse koning in 1530 dat alle burgers 'n reg tot godsdiens het, het die koning se geduld net tien jaar gehou. Johannes Calvin (1509-1564), 'n Franse burger, het op 25 jarige ouderdom in 1534 alle bande met die Rooms-Katolieke Kerk verbreek en na Switserland verhuis. Sy redes was dat 'n mens sonder die Woord van God nutteloos was, dat sonder die Woord rykdom op aarde eintlik armoede beteken het en iemand net deur die invloed van die Woord kinders van die Here kon word. Johannes Calvin was later bekend as die persoon wat die grootste invloed op kerkhervorming in Europa gehad het.¹¹⁰

Gedurende 1540 het 'n dramatiese gebeurtenis in die *Luberon* afgespeel. Negentien Waldensers is aangekla van opstoking teen die Katolieke en is op 'n brandstapel verbrand. Die Franse koning was hierna vir vyf jaar meer beheersd, maar in 1545 het hy opdrag gegee dat die dorp *Merindol* verwoes moes word en dat die Waldensers in die *Luberon*-vallei verwyder moes word. Elke spoor van 'n Waldensiese teenwoordigheid is verwoes en hulle huise is afgebrand, insluitend *Cabrière*. Groepe van hulle het na Switserland gevlug en die res moes die dood in die gesig staar of 'n lewensvonnis as slaaf op 'n Franse skip uitdien.

Hierdie gebeurtenis het vir die Franse as 'n voorsmaak gedien oor wat tydens die geloofsoorloë vir hulle sou wag.¹¹¹

¹⁰⁹ Kruger, T.J. *Die Hugenote*, pp.8-9.

¹¹⁰ Stephens, pp.124-125.

¹¹¹ Tourn, pp.86-87; Stephens, pp.136-137; Cameron, p.154.

Die Waldensers van die Luberon-vallei het hulleself as ywerige en beginselvaste mense onderskeie. Hulle kon onder meer aan die volgende uitgeken word:

Sedelikheid en tradisievastheid

- die handhawing van gevestigde gewoontes, tradisies en beginsels in mense wie se woord hulle eer was en wat afsprake stiptelik nagekom het
- hulle vriendelikheid en onselfsugtigheid teenoor reisigers
- hulle het hulle nie aan wellus en onkuisheid skuldig gemaak nie.

Arbeidsaamheid en vredeliewendheid:

- hardwerkendheid het hulle oor 'n tydperk van 200 jaar die *Luberon-* vallei in 'n vrugbare, produktiewe vallei laat omskep
- 'n liefde vir vrede en stilte
- onderhouders van goeie buurmanskap, wat skuld en hofgedinge vermy het.

Kerklike en godsdienstige gebruike:

- hulle het hulle daarvan weerhou om die eed af te lê en die Here se naam ydelik te gebruik
- hulle het selde 'n kerk binnegegaan, maar indien wel, is hulle in aanbidding aangetref
- hulle het nie kerse gebruik nie en het die Katolieke gewoontes vermy
- die priesters het getuig dat die Waldensers nooit groot hoeveelhede voorrade gekoop het vir die lewendes of die dooies nie
- hulle het nie aan kruistogte deelgeneem nie
- ten tye van donderstorms het hulle gekniel en gebid
- hulle het nie gemeentelike bydraes gemaak nie en ook nie help kerke herbou nie, maar al hulle bydraes tot die armes en siekes beperk.¹¹²

¹¹²Baird, Vol I, p.240.

Chanforan was in die *Angrognia*-valleie bokant Torre Pellice geleë, waar Waldensers hulle na die kruistogte teen hulle bevind het. Dit sou ook in 1555 die plek word waar die verskillende denkrigtings binne die beweging tot eenstemmigheid oor godsdiensthervorming in sy totaliteit gekom het. Dit is hier waar opdrag gegee is dat die Bybel vir die eerste keer vertaal sou word uit Hebreeus in Provensaals, en later in Frans en Duits. Die intellektuele invloed van Luther op die denke van die Waldensers, asook die kennis van hulle verlede en 'n onbekende toekoms, het die groep laat beseef dat, indien hulle nie deel word van die Hervorming sou word nie, hulle beweging waarskynlik in die niet sou verdwyn.¹¹³ Dit blyk dat tydens die besluite by Chanforan die Waldensers 'n nuwe hervormingspad sou volg terwyl die groep in die Waldensiese beweging wat nog Katolieke beginsels nagestrewet het, dit nou afgesweer het. Die vraag ontstaan of die aanhoudende gevegte en al die treurige gebeure 'n rol gespeel het in die wil om te hervorm. Dit was waarskynlik waar. Die Waldensers kon, eene na Valdesius, nog steeds besluit om eerder die Roomse geloof aan te neem.

'n Besluit wat tydens die verrigtinge by Chanforan in latere godsdiensthervormingsgeskiedenis 'n keerpunt sou word, was die besluit om die Bybel te laat vertaal.

Die verwoede aanslag op die Waldensers in Suid-Italië gedurende 1561 het die Waldensers in die Piedmont-valleie weereens tot die berge beperk. Dit was 'n beslissende gebeurtenis wat die Waldensers as kerkgenootskap onafhanklik gemaak het teenoor die Hugenote in Frankryk.

Piedmont was vir 23 jaar onder Franse beheer. Hierdie tydperk het standvastigheid in die valleie gebring en het meegebring dat die besluite van Chanforan uitgevoer kon word. Gedurende die tydperk het die mense van die Angrognia-valleie baie nou betrokke geraak by die teologiese opleiding wat in Genève deur Calvyn verkondig is. Calvyn het sy Akademie in 1559 in Genève geopen. Die Akademie het spoedig die opleidingsinstansie

¹¹³ Stephens, pp.111-126; Tourn, pp.69 – 71.

geword waar pastore vir Hugenote en Waldensiese bediening voortaan opgelei sou word.¹¹⁴

Hierdie twee gebeure onderstreep die feit dat die Waldensers en die Hugenote twee afsonderlike bewegings was. Dit is ook 'n aanduiding dat die twee bewegings parallel ontwikkel het en dat die een nie die ander verswelg het nie. Dit het ook 'n einde gebring aan die idee dat die Hugenotebeweging deur die Waldensiese beweging voorafgegaan is.

1.5 Die verskillende edikte wat die geloofsregte van die Hugenote bepaal het

Dit word aanvaar dat die koms van die Hugenote na Suid-Afrika met die herroeping van die Edik van Nantes in 1685 deur die koning van Frankryk gepaard gegaan het. Wat inderwaarheid gebeur het tot met die herroeping van die Edik van Nantes, was dat daar verskeie ander edikte was waardeur gepoog is om godsdiensbeoefening in Frankryk te reguleer.

* Die eerste edik, later bekend as die Edik van Compiègne, het 'n impak gehad op die inwoners van die Piedmont-vallei. Hierdie Edik van 22 Maart 1557 het opdrag gegee dat die Waldensiese gemeentes moes ontbind. Gedagtig aan wat in 1545 in die Luberon-vallei met die Waldensers gebeur het, het hulle 'n beroep op die Waldensiese kantons in Switserland gedoen om hulp.¹¹⁵

* Die volgende edik, wat weer op die Waldensers van toepassing was en dieselfde gevolge sou hê as in dié Luberon, was die Edik van Nice in die vroeë 1560's.¹¹⁶ Hierdie

¹¹⁴ *Ibid.*, pp.130-133.

¹¹⁵ Cameron, p.160. Die verskillende edikte sou oor 'n tydperk van eenhonderd agt en twintig jaar plaasvind. Dit is ten spyte van die eeue se vervolging teen die Waldensers.

¹¹⁶ *Ibid.*, p.200.

Edik het die Waldensers van Savoy aangesê om verskoning te vra vir die aard van hulle geloof.¹¹⁷

* In 1598 het die Franse koning die Edik van Nantes ingestel waarvolgens die Hugenote 'n groot mate van outonomie in Frankryk ontvang het.¹¹⁸

Daar is drie tydperke voor die herroeping van die Edik van Nantes waarvan kennis geneem moet word, ten einde die gebeure na die herroeping hiervan in breër perspektief te sien. Gedurende 1652 het die Franse koning, Lodewyk XIV, besluit om, waar hy kon, van owerheidsweë die spreekwoordelike skroef teen hul godsdiensoefening aan te draai.¹¹⁹ Die tweede tydperk was tussen 1630 en 1660 wat van die vreedsaamste en gelukkigste jare vir die burgers van Frankryk was.¹²⁰ Die derde termyn was vanaf 1660-1679. Hierdie tydperk word allerweë as die welvarendste en vooruitstrewendste era van die Franse koning bestempel.¹²¹

Die Edik van Nantes is oorspronklik in Mei 1598 deur koning Hendrik IV onderteken, wat onder omstandighede heel aanvaarbare wetgewing was. Die Edik is egter in Februarie 1599 deur die parlement van Parys sodanig gewysig, dat dit baie minder aantreklik gemaak was vir die Hugenote.¹²²

Die Edik het uit vier afdelings bestaan, naamlik die openbare gedeelte van 93 artikels, die deklarasie van die registrasie van die 56 geheime artikels en twee koningshuismagtigings vir gebreke wat ander wetgewing kon hê. Die 38ste artikel het oor skoolopvoeding gehandel. Hier moes die Hugenote toegewings vra vir hulle kinders se skoolopvoeding. Die owerheid was nie ten gunste van toegewings nie, en waar daar wel toegewings

¹¹⁷ *Ibid.*, p.213.

¹¹⁸ Tourn, p.127.

¹¹⁹ Grant, p.146; 1652 was ook die jaar wat Jan van Riebeeck aan die Kaap geland het.

¹²⁰ *Ibid.*, p.127.

¹²¹ *Ibid.*, p.147.

¹²² *Ibid.*, p.42; Nathan, pp.10 & 11; Steffe, p.217.

gemaak is, is die onus op die plaaslike gemeenskap geplaas om die gewenste opvoeding volgens die Hugenote goed of af te keur.¹²³

* Die Edik van Fontainebleau is in Oktober 1685 uitgevaardig, wat die einde van die geduld deur die koningshuis van Frankryk met die Waldensies beweging ingelui het.¹²⁴

* Die finale edik wat geen toekoms vir die Hugenote in hulle eie land sou laat nie, was die herroeping van die Edik van Nantes in 1685. Hierdie Edik het Protestantisme in Frankryk finaal verbode verklaar.¹²⁵

Die aanhef tot die herroeping van die Edik van Nantes op 23 Oktober 1685 het in geen onduidelike taal die rede vir die herroeping gestel nie:

It ascribed the origin of the Edict of Nantes to the desire of Henry the Great, of glorious memory, grandfather of the present monarch, to prevent the peace which he had procured for his subjects from being disturbed by reason of the Pretended Reformed Religion, as it was disturbed in the reigns of the Kings Henry's predecessors.¹²⁶

In Januarie 1686 het die Franse koning se neef met 'n soortgelyke edik teen die Waldensers van Savoy gevolg.¹²⁷

Dit is van kardinale belang om vervolgens die aandag te vestig op die verloop van die godsdienshervorming in Frankryk, Duitsland en Switserland. Die hervorming het mettertyd na groot dele van Europa oorgespoel. In hierdie gedeelte word die aandag ook gevestig op die historiese gebeure wat die Waldensiese beweging en die Hugenote-beweging onderskei het. Die herroeping van die Edik van Nantes was nie 'n impulsiewe

¹²³ Boucher, p.10.

¹²⁴ Stephens, p.201.

¹²⁵ Ibid.,p.199.

¹²⁶ Baird, p.26 Vol II.

¹²⁷ Tourn, p.128.

besluit van die Franse koning vanweë die feit dat hy nie sy sin kon kry nie. Dit was inderwaarheid 'n kulminering van die eeu-oue felle aanslae deur die Franse regering wat die Katolieke geloof ondersteun het en geen lewensruimte vir 'n ander geloof wou gee nie. Die suide van Frankryk en die Savoy-streek het die geloofsonderdrukking inderwaarheid sedert die kruistogte in 1170 ervaar. Dit het gelei tot meer as vyf eeue se totale aanslag op 'n groep andersdenkendes van die Katolieke Kerk. Daarom het hulle teen die einde as Hervormers of Protestante bekend geword. Die protesteerders was nooit teen die regering van die dag gekant nie. Hulle was inderdaad hardwerkende mense wat net in vrede op hulle manier wou aanbid. Dit was die konings van Frankryk wat outoritêr opgetree het.

Met die inisiatief wat Luther geneem het, het sommige volgelinge as die Lutherane bekend geword. Later, met die koms van Calvyn, is die term *Calvinisme* gebruik. In hierdie tyd was die Waldensiese beweging betrokke by die hervormingsgedagtes van sowel Luther as Calvyn. Hierdie betrokkenheid sou die Waldensers een van die groot rolspelers in die godsdienshervorming van Europa maak. Hulle het hulle ondersteuning gegee, maar is nooit as beweging in 'n ander groep geassimileer nie.

Die Waldensers se morele waardes was byvoorbeeld so bo verdenking dat geen Protestant daarmee fout kon vind nie.¹²⁸

Hierdie oorgangsfase waar die klem vir eeue op die Waldensers gefokus was en later op die Hugenote oorgegaan het, is uiteraard 'n belangrike fase vir die Jordaan-familie. Anders as baie van die Hugenote-families se verteenwoordigers wat gedurende 1688 per skip na Suid-Afrika gekom het, was die Jordaan-familie midde-in 'n geloofstryd. Eers was die Waldensers in die Piedmont-gebied later stigterslede van die dorp *Cabrière* en *La Bastide des Jourdans*, en uiteindelik bekend as Hugenote vlugteling. Met die herroeping van die Edik van Nantes was daar vir beide die Waldenser en Hugenoot geen plek in Frankryk nie.

¹²⁸ Cameron, pp.74 &130. Om enige verdere ooreenkomste tussen die Waldensers en Hugenote te tref, sal nie onoordeelkundig wees nie, as gevolg van die min bronne wat van die Middeleeue nagelaat is, of bloot omdat baie van die rekords bloot deur die onderdane van die Franse Koning verbrand is.

In navolging van die Katolieke vervolgers se optrede teen die Waldensers het die soldate van die Franse koning die Hugenote gemartel. Hulle het onbehoorlik begin leef deur drank te misbruik, Hugenote te slaan, hulle vrouens te vloek en die mans te verkleineer. Soms het hulle uit verveling die Hugenote se voete in skoene met vuurwarm olie gedruk of hulle onderstebo opgehang. Hulle het dikwels vergeet om hulle weer af te haal, vandaar dat baie so gesterf het. 'n Ander ongevoelige martelingsmetode wat die soldate gebruik het, was om 'n Hugenoot onder 'n stadig druppende kraan te plaas, met sy kop presies onder die kraan. Hierdie sielkundige metode het later tot hulle dood gelei.¹²⁹

Daar kan tereg gevra word of die Jordaans wat na Suid-Afrika gevlug het in die ware sin van die woord Hugenote was, en of hulle nie eerder as Waldensers beskou moet word wat op grond van die herroepping van die Edik van Nantes as Hugenote beskou is nie?

In die soeke na 'n antwoord na die geskiedenis van die oorsprong en ontstaan van die Hugenote, sal die *Luberon-vallei* en *Cabrière* breedvoerig ontleed word. Dis veral die tydperk voor die herroepping van die Edik van Nantes wat in die kollig geplaas word.

Vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief is daar net drie navorsers, Franken, Boucher en Coertzen wat uitvoerige publikasies oor die koms van die Franse Hugenote na Suid-Afrika die lig laat sien het.¹³⁰ Aldrie gebruik die herroeping van die Edik van Nantes as hulle basiese vertrekpunt. Coertzen verwys wel na Calvyn in sy navorsing, wat op 'n kerk-historiese agtergrond gebaseer is. Franken en Boucher ontleed albei die historiese

¹²⁹ Smiles, p.20; *Ibid.*, p.405 Hier word 'n staaltjie vertel wat die priesters van die omgewing in 'n baie slegte lig gesien het en die vrou laat vervolg het. Die landdros het die staaltjie as misleidend afgemaak. Die staaltjie lui soos volg: *there were two children, one a girl of fourteen, the other a boy of twelve years old – they came down from the lofty pastorage where they had been herding cattle, and told the following story. They had seen the Virgin Mary descend from heaven with a crucifix suspended from the chain, but without any visible support. The figure sat down upon a large stone, and wept piteously as shortly to fill a large pool with her tears. When the story was noised abroad, people came from all quarters, and went up the mountain to see where the Virgin had sat. The stone was soon broken off in chips and carried away as relics, but the fountain filled with the tears is still there, tasting very much like ordinary spring water.*

¹³⁰ Franken, J.L.M. Die Hugenote aan die Kaap; Boucher, M French Speakers at the Cape; Coertzen, P. Die Franse Hugenote in Suid Afrika: 'n kerk – historiese studie.

gebeurtenis vanuit 'n geskiedkundige invalshoek, wat net die ongeveer 200 Hugenote wat na Suid-Afrika gekom het, se perspektief belig.

Soos vroeër gemeld, was die Jordaan-familie midde-in die geloofstryd in Frankryk. Daar moet onthou word dat die Piedmont- en die Savoy-gebied ten tye van die Waldensiese stryd in die hedendaagse Italië geleë was. Die Jordaan-familie se geskiedenis as geheel, sedert die die naam *Jordaan* as familienaam aangeneem is, was byna net 'n geloofstryd ter oorlewing. Die geloofstryd van die Jordaan-familie sal ook duideliker belig word tydens die bespreking van die Hugenote-stryd.

Vroeër is verwys na die feit dat die Waldensiese beweging eeue voor die Hugenote-beweging van stapel gestuur is. Anders as wat talle publikasies en artikels oor die onderwerp uitlig, was die Hugenote-beweging meer as bloot 'n gegewe.

Ten einde die ontstaan van die Hugenote te begryp, is dit nodig om die politieke, sosiale en godsdienstige omstandighede in 1465 in Frankryk te belig:

Godsdienstig:

- die hoë lui in die kerk was baie ryk, terwyl die laer range baie afhanklik van die kerk se lone was
- priesters en nonne was orals opsigtelik in die dorpe.

Sosiaal en ekonomies:

- Frankryk was nie 'n industriële of kommersiële land nie
- die bevolking het hoofsaaklik uit klein eiendomsbesitters, vakmanne, staatsamptenare en landbouers bestaan
- die gemeenskap was aristokraties en is deur die kerk en adelstand beheer.

Polities:

- Frankryk het byna geen maritieme mag gehad nie
- die dorpe was nie meer onder plaaslik bestuur nie

- die koning het 'n onbestrede posisie beklee en derhalwe het hy 'n absolute posisie van mag gehad
- die adellikes en magnate het die meeste grond asook die gefortifiseerde kastele besit. Hulle het ook meestal 'n goewerneurspos van 'n provinsie of burgermeesterspos beklee, wat beteken het dat adellikes en magnate mense met baie invloed was.¹³¹

Vandaar dat die bevolking begin ongeduldig raak het met die politieke en godsdienstige situasie in Frankryk. Hulle het in opstand begin kom teen die politieke mag wat grootliks in een persoon gesetel was, asook teen die absolute dominerende rol wat die Katolieke Kerk in die gemeenskappe gespeel het.

Hierdie situasie het daartoe gelei dat die teenstanders teen die onderdrukking van geloof as die *godsdienstige Hugenote* en die opponente van politieke en ekonomiese onderdrukking as die *politieke Hugenote* bekend gestaan het. Eersgenoemde was Calviniste wat moeg was vir geloofsonderdrukking. Die twee groepe Hugenote was dit eens dat die koning se onbestrede posisie uitgedaag moes word.¹³²

Tot so laat as 1560 was die godsdienstige Hugenote in die minderheid teenoor die politieke Hugenote. Dit was praktieser dat albei groepe die godsdienstige impak gebruik het vir teenkanting teen die oorheersing. Die gesamentlike poging het bygedra tot die aanspraak om die Calviniste wat as gevangenes aangehou was, vrygelaat te kry. Die politieke vasberadenheid van die Hugenote was net so 'n sterk dryfveer as hulle godsdienstige motivering. Hierdie determinasie sou aanleiding gee tot die godsdiensoorloë in Frankryk. In verskeie streke, insluitende *Provence*, is die positiewe gevoel teenoor die Hugenote van owerheidsweë in die openbaar uitgedra.¹³³

¹³¹ Salmon, J.H.M. *The French Wars of Religion*, p.2.

¹³² *Ibid.*, pp.1 & 33.

¹³³ *Ibid.*, pp.4-5.

Grant is van mening dat daar te veel klem gelê is op die politieke Hugenote, aangesien die beweging sy momentum behou het deur die gelowiges wat Calvinisme onder die Hugenote ondersteun het. Daar was, onder andere, verskeie priesters en nonne onder die Hugenote. 'n Uitstaande kenmerk van die Hugenote was die groot groep adellikes wat hulle ondersteun het.¹³⁴

Vanuit 'n amateur genealogiese denkrigting is daar 'n sterk gevoel dat die Suid-Afrikaanse Hugenote van adellike afkoms is. Heese gee in 'n hoofstuk getiteld *Wat en Waarvandaan* 'n uiteensetting van die oorsprong vir dié gedagterigting. Hy skryf dat na afloop van die Middeleeue in Europa herkoms baie belangrik was vir die destydse ridderordes. Die reg om 'n bepaalde embleem op die wapenschild te kon dra, moes genealogies bewys word, aldus Heese. Heese skryf verder:

Toe Europa en veral Duitsland, in 'n magdom van koninkryke, hertogdomme, keurvorsdomme, prinsdomme, ensovoorts, opgedeel is, was die genealogie vir die regeerders en aspirant-regeerders van wesenlike belang, want die reg op suksessie het daarvan afgehang.

Gevolglik het die Europese genealogie in die tyd hom besig gehou met die stamregisters van die adellike en regerende klasse ... die gewone burger het, wat die genealogie betref, glad nie bestaan nie ... eers toe die demokratiese beginsels in Europa begin posvat het, het die gewone burger wat die genealogie betref, tot sy reg gekom. Dis opvallend dat juis in lande soos Nederland, Switserland, en die Skandinawiese lande waar nie hoë aristokrasie bestaan het nie, die genealogie vroeg reeds die gewone burger in ag geneem het. Eers later het in Engeland, Duitsland, en Frankryk genealogiese navorsing in verband met die burgerlike bevolking tot sy reg gekom het.¹³⁵

¹³⁴ Grant, A.J. *The Huguenots*, pp.24-25.

¹³⁵ Heese, J.A., Nienaber, G.S., Pama, C. *Families, familie name en familiewapens*, pp.121-122.

Reaman, wat die godsdienstige Hugenote se dryfveer na sielerus herlei, stel dit soos volg:

*he wanted personal salvation which he could not
obtain through humanism, though that sharpened
his desire for it; nor could it be found in the Roman
Catholic Church because of the evils which beset it.
Driven then to the Bible, he found peace of mind through
direct contact with God.*¹³⁶

Steffe se aanhaling in Nederlands verduidelik ook die benaming *Hugenoot* met die verskillende ondertone in die geleedere:

Onder die benaming Hugenoten verstaat men drie klassen personen: de machthebbers, de burgers, en de lieden uit het volk. De machtigen zijn tot de sekte toegetreten omdat ze hun vijanden willen vernietigen; de burgers uit verlangen naar de zoete vrijheid en in de hoop rijkdommen te vergaren, vooral het vermogen van de Kerk, en de lieden uit het volk ten slotte op grond van verkeerde ideeën. Men kan het ook zo zeggen: bij de eerste categorie was het eerzucht, bij de tweede hebzucht, en bij de derde onwetendheid ... Toen kwamen de protestantse geestelijken, die ervoor zorgden dat (het volk) in zijn geloof gesterkt werd, en om nieuwe aanhangers te werven. Ik zei "handig": beter had ik de superlatief kunnen gebruiken; want ze oefenden hun ambt met gewoonweg ongelooflijke handigheid en ijver uit. Als onze priesters ook maar half zoveel moeite deden zou in de christenheid nu niet zo 'n chaos heersen.¹³⁷

Sutherland dui aan dat die Protestantse beweging veel meer behels het as godsdienstprobleme. Gedurende 1521 het die koningshuis nog tyd ingeruim vir diegene

¹³⁶ Reaman, G. Elmore. The trail of the Huguenots in Europe the United States, South Africa and Canada, p.69.

¹³⁷ Steffe, A.M. De Hugenoten, p.178.

wat beswaar gehad het teen die godsdiensoonderdrukking. Hierdie godsdienbesware het saamgeval met die Franse koning se dringende aandag aan sy buitelandse beleid. Die aandag en prioriteit wat die buitelandse kwessies geniet het en die irritasie wat die godsdienbeklemming van dele van die bevolking vir die koning geword het, het veroorsaak dat Hendrik II in 1525 se parlement 'n besluit geneem het wat bepaal het dat alle godsdienbeswaardes vervolg sou word. Die korrelasie tussen die afkeer van die Protestante en die felle aanslag teen sy buitelandse beleidskwessies sou 'n aanduiding word van hoe moeilik dit vir die Protestante sou word om te oorleef.¹³⁸

Daar bestaan verskillende teorieë oor die ontstaan van die term *Hugenoot*.¹³⁹ Baird, Reaman en Coertzen is dit eens oor die volgende:

- dat die Hugenote se vyande verwys het na 'n baie klein muntstuk genaamd *Huguenot*, met die implikasie dat die godsdienbeswaardes minder werd was as die klein muntstuk, die *huguenot*.
- dat die term afkomstig is van Eidgenossen wat die groep godsdienbevyders in Genève se politieke party was.
- dat hulle vernoem is na 'n kabouter, Roy Huguet of Huguon, wat kwansuis gespook het waar die Protestante in die nag vergader het.
- dat dit bes moontlik 'n verwysing na die hek du roy Huguon in dieselfde dorp was waar sodanige vergaderplekke was.

Baird noem in sy beskrywing van bogenoemde dat die moontlikheid nie uitgesluit kan word dat die afleidings totaal verkeerd kon wees nie. Hy noem die moontlikheid dat die naam *Hugenoot* van heeltemal 'n ander oord kon kom waarvan die oorsprong mettertyd verdwyn het.¹⁴⁰

'n Legende oor die simboliek van die Hugenotekruis lui soos volg:

¹³⁸ Sutherland, N.M. *The Huguenot Struggle for Recognition*, pp. 13 & 15.

¹³⁹ Baird, pp.397-39; Reaman, pp.49-50; Coertzen, pp.xii – xiii.

¹⁴⁰ Baird, p.397.

Om elkander als Christenen te herkennen en toch het Roomsche kruis, voor hen een teeken van tyrannie geworden, niet te huldigen, zouden de Fransche Protestante het kruis van Malta hebben bevestigd, als symbool van den Heiligen Geest, en na de herroeping van het Edict van Nantes, een traan, als uiting van droefheid en smart over de gruwelike vervolgingen, waaronder de Kerk der Woestijn gebukt ging.¹⁴¹

Kyk bylaag 4

Ten spyte van die neerhalende wyse waarop die Hugenote deur die staat en die Katolieke Kerk verwerp is, was daar tog sekere persoonlikheidseienskappe waarvan kennis gedra moet word. Hierdie eienskappe dra 'n boodskap uit van 'n groep andersdenkendes wat nie tou opgegooi het vir klein of groot uitdagings in die uitleef van hulle godsdientige beginsels nie. Die Hugenote sou hulle lewens opoffer vir hul geloof. Wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat die stryd oor 500 jaar gestrek het en dat die eienskappe geslag op geslag oorgedra en vasgelê is. In die lig van die eienskappe wat vandag nog onder die Hugenote-afstammeling te bespeur is, behoort heelwat meer sielkundige aandag hieraan gegee te word, eerder as om bloot die kern van 'n pasient se probleem te ondersoek. Deur die genetiese eienskappe (werklikheid) te ignoreer, is waarskynlik 'n belangrike aspek van die historiese verlede van die Waldensiese beweging nagelaat.¹⁴²

Eienskappe soos die volgende is van belang:

- Die Hugenote het 'n werk gekies wat lojaliteit en liefde vir die Here vereis het
- hulle was bewus dat hulle deur armoede, uitputting en waarskynlik die dood in die gesig gestaar word

¹⁴¹ Het Hugenootsche Kruis. Vierde Reeks, p.12.

¹⁴² lees ook klagtes teen Waldensers hierbo.

- hulle gedissiplineerde, onselfsugtige en godvresende leefstyl het hulle deur hierdie aanslae gedra¹⁴³
- ten spyte van die minagting van owerheidswêe was hulle lojale ondersteuners van die koning.¹⁴⁴

'n Etnies-historiese aspek wat nie uit die oog verloor moet word nie, is die bevolkingsamestelling van die Franse sedert die sesde eeu, 'n faktor wat gedurende die Middeleeue 'n rol gespeel het. Die Gote het destyds Frankryk binnegestroom, veral in die noordelike gedeelte van die land. Die bevolking was hoofsaaklik etnies-teutonies. Daar kan dus afgelei word dat die Franse bevolking allermins homogeen van aard was.

Die suide van Frankryk was in 'n veel meer gesofistikeerde en gekunstelde stadium van ontwikkeling as wat die geval in die noorde was. Die suide het 'n ander taal, naamlik Provensaals, gehad. Met die uiteenlopende verskille, 'n Rooms-Katolieke Kerk wat aangedring het op kerklidmaatskap van alle burgers (strafbaar met die dood) en 'n kerkheerskappy wat toenemend gesteld was op mag, was die situasie gelont vir konfrontasie. Hierdie verskillende groeperings se leierskorps het die godsdiensteiers gebruik om hulle doelwitte te bereik.¹⁴⁵

Die rede waarom die Calvinistiese beweging hoofsaaklik in die suide van Frankryk gevestig was, kan waarskynlik aan die bogenoemde verskille tussen die noorde en die suide toegeskryf word. In die 1500's is daar aan iemand twee vereistes gestel om 'n Protestant te word, naamlik bogemiddelde moed en 'n ontledende intellek. Hierdie eienskap is eerder onder die bevolking in die suide gevind op grond van hulle vlak van ontwikkeling.¹⁴⁶

¹⁴³ Baird, Vol I, p.403.

¹⁴⁴ Smiles, S. The Huguenots in France, p.1.

¹⁴⁵ Reaman, , pp.65-66.

¹⁴⁶ Ibid., p.67.

Die Hugenote is te midde van 'n tradisie van stryd om 'n eerlike vrye godsdiens gebore. Hulle strewe om hulle doelgerigte denke te laat seëvier het hulle 'n opvlieënde geaardheid besorg.¹⁴⁷ Hierdie eienskappe het veroorsaak dat die Hugenote harder gewerk het as hulle medeburgers, minder ontspan het en gevolglik hulle eie rykdom kon opbou.¹⁴⁸

'n Verdere kenmerk van die Hugenote wat direk op die Jordaan-familie van toepassing gemaak kan word, omdat hulle deel van eers die Waldensiese en toe later die Hugenote geword het en midde-in die gebied gebly het, is:

dat die Hugenote nie Germane was nie. Die Germane was bekend as mense wat maklik skrik en in minder aangename omstandighede berus. Die Hugenote was Romane wat lewendig, rusteloos en ongeduldig en derhalwe gou ontevrede en mismoedig geword het.¹⁴⁹

1.6 Godsdiensoorloë sedert 1562 tussen die Staat, die Rooms-Katolieke Kerk en Protestante

'n Verdere historiese gebeurtenis wat Frankryk nie ongeskonde gelaat het nie, was die godsdiensoorloë wat in 1562 daar begin het. Die oorloë sou tot die uiteindelige instel van die Edik van Nantes lei. Dit is belangrik om die oorloë in die konteks van die Jordaan-familie te ontleed.

Mours, 'n navorser wat sy lewe gewy het aan die Calvinistiese nalatenskap en verskeie artikels gepubliseer het, beskryf die godsdiensoorloë soos volg:

We come now to the saddest period in our Protestant history,

¹⁴⁷ Grant, p.18.

¹⁴⁸ *Ibid.*, p.128.

¹⁴⁹ Franken, p.10; Salmon p.11; Palm, F. C. Calvinism and the religious Wars, p.46.

that of the Wars of Religion. And for our part, we regret that the Huguenots of that time allowed themselves to be involved in taking up arms.¹⁵⁰

Die godsdiensoorloë het in 1562 in Provence drie maande vroër as in die res van Frankryk begin. Die tweede godsdiensoorlog was in 1567 en die derde in 1568. Verskeie outeurs het ook na die godsdiensoorlog verwys as die *Dertigjaar-oorlog* of die sogenaamde Franse burgeroorloë¹⁵¹ Gedurende die vierde godsdiensoorlog in 1572 teen die Hugenote, waartydens hulle as rebelle teen God en die koning (Charles IX) beskou is, het die Hugenote 'n beroep op alle Protestante gedoen om saam die aanslag af te weer.¹⁵² Na die instel van die Edik van Nantes te midde van die gevoel van owerheidsweë dat die Hugenote verslaan was, was daar geen ander geloof as die Rooms-Katolieke Kerk nie. Atiësme is bloot geduld omdat dit nie as 'n godsdiens beskou is nie.¹⁵³

In 'n publikasie oor die Hugenote en Calvyn verwys Grant na die Hugenote as Calviniste. Hy sê verder: *The Huguenots was the nickname given to those in France who adopted his doctrine and scheme of life. It is necessary therefore to understand his work in Geneva before we turn to trace the fortunes of the Huguenots in France.*¹⁵⁴ Sutherland is dit eens dat die Hugenote Calviniste was en dat die hervormingsbeweging in Frankryk Calvinisties was.¹⁵⁵

In 'n vertaalde publikasie vanuit Frans na Afrikaans maak die oorspronklike skrywer die stelling dat te min Suid-Afrikaners ingelig is oor die Hugenote. Hy verwys na 'n ou gesegde wat lui ... *die bloed van die martelare is die saad van die Kristendom.* (sic)¹⁵⁶

¹⁵⁰ Salmon, p.11.

¹⁵¹ *Ibid.*, pp.8&38; Palm, p.47.; Grant, p.35; Sutherland, p.21.


¹⁵² Palm, p.50.

¹⁵³ Smiles, p.7.

¹⁵⁴ Grant, p.17.

¹⁵⁵ Sutherland, p.10.

¹⁵⁶ Kruger, p.3.



1179 780 26

In 'n oorsig oor Calvinisme maak Palm in sy werk *Calvinism and the religious wars* die opmerking dat Calvyn geen oorspronklike idees genereer het nie en dat hy eerder die vorige bewegings ten opsigte van godsdienshervorming wou verfyn. Dit moet 'n aanduiding wees van die Waldensiese invloed op Calvyn se gedagtes. Hierin word die vier belangrikste uitgangspunte van Calvyn uitgelig soos hy die Bybel geïnterpreteer het:

- dat God die oppergesag is
- dat die kerk 'n instelling vir Christene is, wat onafhanklik van die Staat staan
- dat die lede van die kerk wat kerksake betref, net aan die Bybel en God verantwoordelik is
- dat die gemeentelede aan geen populistiese uitsprake onderdanig is nie.¹⁵⁷

Die Edik van Januarie 1562 wat twee jaar voor Calvyn se dood afgekondig is, het die Hugenote drie vergunnings gegee:

- die Hugenote kon buite die stede en dorpe vergader
- hulle moes afgevaardigdes van die koningshuis by hulle dienste toelaat
- daar mag niks in teenstelling met die Bybel gepreek word nie.¹⁵⁸

Die Hugenote se geloofstryd het met lyding en pyn gepaard gegaan. Later sou ook die Hugenote en Protestante in Frankryk ly om hulle geloofstryd te oorleef.

Wat die Edik van Nantes uitsonderlik maak, is dat dit aanvanklik ingestel is om die Hugenote en Protestantse geloof lewensruimte te gee, om 87 jaar later dié vryheid te herroep. Daar moet nie uit die oog verloor word nie dat vele ander edikte wat die belange van die Hugenote in 'n mindere of meerdere mate beskerm het, die Edik van Nantes voorafgegaan het. Na eeue van stryd het hierdie historiese gebeurtenis in Frankryk veroorsaak dat 'n ongekende groep Hugenote en Protestante op soek na 'n standvastige

¹⁵⁷ Palm, p.11.

¹⁵⁸ Grant, p.33.

toekoms hulle vaderland verlaat het. Met die verloop van jare het talle geslagte die stryd beleef. Die geslagte wat natuurlikerwys die herroeping van die Edik van Nantes beleef het, moes tot die gevolgtrekking gekom het dat, indien hulle nie weer die Rooms-Katolieke geloof wou aanneem nie, hulle eerder na gemeenskappe moes trek waar hulle lewe ten minste gespaar sou bly.

Wat die keerpunt in Frankryk se geskiedenis vir die Jourdan-familie relevant gemaak het, is die feit dat die familielede in die Luberon, en meer spesifiek in Cabriere, woonagtig was, gebiede waar die moorde en vervolging op die Waldensers vir eeue ervaar is. Daar kan gevra word of, indien die Edik van Nantes nie herroep is nie, enige Jourdan hoegenaamd met die VOC sou kontak gemaak het?

Ten einde die impak van die herroepping van die Edik van Nantes te begryp, asook die beweegrede vir Hugenate om hulle vaderland te verlaat, is dit van kardinale belang dat die Edik van Nantes ontleed word. Talle bronne verwys uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt bloot na die herroeping van die Edik van Nantes met spesifieke verwysing na die godsdiensonderdrukking as die rede vir die koms van die Hugenate en die geskiedenis wat daaruit volg. Hierdie navorsing konsentreer spesifiek ook op die eienskappe wat die Jourdan-broers en hulle moeder moes hê om te besluit om alle bande met hulle vaderland te verbreek. Die herroeping van die Edik van Nantes is uit 'n historiese oogpunt nie 'n twyfelagtige gebeurtenis nie. Wat die navorser graag wil bepaal, is of die politieke, sosiale en maatskaplike omstandighede wat aangeraak is met die herroeping van die Edik van Nantes, vir die Hugenate in Frankryk veel brëer gestrek het as bloot net 'n godsdienaangeleentheid. Hierdie aangeleentheid het nooit in Suid-Afrika aandag geniet nie. 'n Verdere rede waarom die aspek ontleed moet word, is om later te verstaan waarom die Jourdan-broers wat na Suid-Afrika gekom het, veel meer saamgebring het as bloot hulle fisiese teenwoordigheid. Die konfrontasies met die Kaapse owerhede sou op eeue se ervaring in Frankryk berus, aspekte waaraan die Kaapse owerheid weinig aandag

gegee het, of vir wie dit ook nie belangrik was vanuit 'n Kaapse en VOC-oogpunt nie.¹⁵⁹

Die Hugenote as groep in Frankryk was 'n klein minderheid. Wat wel vir hulle tot voordeel gestrek het, was dat hulle in sekere dele in Frankryk gekonsentreerd was. Die voordeel was dat met die konsentrasie van mense in gemeenskappe hulle meer kon vermag as enkeles in ander gemeenskappe. Een so 'n streek was die Languedoc-streek wat die Luberon-vallei ingesluit het. Hierdie situasie het tot gevolg gehad dat hulle in verskeie dorpe, veral in laasgenoemde streek, oorweldigende meerderhede gevorm het. Baird dui aan dat in die gemeenskappe waar die Hugenote nie die meerderheid gevorm het nie, hulle op grond van hulle intelligensie en groter geleerdheid invloed op die mense uitgeoefen het, 'n situasie wat hulle in 'n gunstiger posisie geplaas het.¹⁶⁰

In dié stadium van die geskiedenis was die Hugenote volgens die Rooms-Katolieke Kerk in drie groepe verdeel, naamlik:

- Die kwaadwillige of moedswillige groep vir wie hulle posisie in die groep en hulle aansien die belangrikste was
- Die geesdriftige of ywerige groep, wat ten gunste van die oorspronklike Edik was soos dit in Mei 1598 deur die koning onderteken is. Hulle was ook agterdogtig oor enige ooreenkoms.
- Die derde groep word as die oordeelkundige groep getipeer, en was ten gunste daarvan dat die Edik in alle opsigte onderhou moes word, terwyl hulle teen enige burgeroorlog of enige vorm van geweld was.¹⁶¹

¹⁵⁹ Botha, C.G. Die Kaapse Hugenote, pp.28-29&46-47.

¹⁶⁰ Baird, H.M. The Huguenots and the revocation of the Edick of Nantes. Vol I, pp.5 & 6.

¹⁶¹ Ibid., pp.53&54.

Die Katolieke was egter van mening dat dit beter sou wees om die Hugenate in drie groepe te verdeel, naamlik:

- die hoë adellikes wat hulle mede-Protestante bloot vir hulle eie gewin wou misbruik
- die Protestante wat eerlik in hulle bedoelinge was, en wat daarvan bewus was dat mense met teenoorgestelde godsdiensopinies wetgewing wou gebruik tot die Protestante se nadeel
- Die skugtere lede wat besluiteloos was en ontsenu is deur die hofuitsprake.¹⁶²

Lodewyk XIV het Lodewyk XIII (1601-1643) opgevolg na laasgenoemde se skielike dood in 1643. Lodewyk XIV (1638-1715) het onder meer die volgende gesê in sy motivering tydens die herroeping van die Edik:

Ons het alles binne ons vermoë met wetgewing gedoen om die pretensieuse kerkhervorming te ondersteun. Die wetgewing het egter nou oorbodig geword en daarom herroep ons die Edik. On het geen ander keuse gehad nie en dit was 'n wyse besluit. Ons was ook verplig om die aksie te neem om die herrinerings van dekades se probleme, verwarring en skandes wat die valse godsdiensof die burgers van die land mee gebring het, uit te wis. Ons moes menige Edikte instel, die een om die ander te vesterk, wat uiteindelik tot die Edik van Nantes gelei het. Die herroeping van die Edik is ook om al die verskillende artikels wat as inhoud vir die Edik dien, vir altyd te vergeet.¹⁶³

¹⁶² *Ibid.*, p54.

¹⁶³ *Ibid.*, p.27.

Die twaalf artikels wat die meeste prominensie geniet het in die herroeping van die Edik en wat die atmosfeer en geesdrif van die koning verteenwoordig, is die volgende:

- Die eerste artikel van die Edik (wet) was gemik op die terugtrekking van alle wette wat tot voordeel van die Hugenoote was en aan hulle enige voordele sou gee
- Die tweede artikel het alle vergaderings en kerkdienste ten opsigte van die protestantse geloof belet
- Die derde het alle lede van die adelstand verbied om hulle huise of plase vir eredienste te gebruik

Die volgende drie artikels was spesifiek gemik teen die predikers:

- Die predikers wat geweier het om die Katolieke geloof aan te neem, moes die land binne 15 dae verlaat en gedurende die tydperk geen dienste of preke hou nie
- Die predikers wat wel die Katolieke geloof aangeneem het, sou alle voordele geniet wat lede van die leer ontvang het en hulle jaarlikse salaris sou met een derde verhoog word teenoor dit wat hulle as Protestantse predikers ontvang het
- 'n Pensioen gelyk aan die helfte van hulle nuwe salaris sou aan hulle weduwees uitbetaal sou word indien hulle sou sterf
- Die sewende artikel het alle privaat skole vir die onderrig van Protestantse kinders verbied. Hierby was bygevoeg enige ander medium wat tot voordeel van die Protestantse geloof kon wees
- Die agste artikel het bepaal dat alle kinders van Protestantse ouers wat hierna gebore sou word, deur 'n Katolieke priester gedoop moes word en die Katolieke geloof moes aanneem
- Alle Protestantse vlugtlinge wat binne vier maande na Frankryk sou terugkeer kon hulle eiendom terugkry wat hul agtergelaat het. Indien hulle nie terugkeer nie, sou die staat die eiendom konfiskeer
- Die koning het nadruklik in dié artikel enige Protestant verbied om die land te verlaat en enige bates saam te neem. Indien iemand betrap sou word wat probeer vlug, sou hy aan die galg sterf, terwyl vrouens wat gevang sou word, hulle liggame aan die staat sou verbeur

- Die elfde artikel het aan die koning die mag gegee om 'n Protestant wat die Katolieke geloof aanvaar en daarna weer die Protestantse geloof beoefen, met die dood te straf
- Die merkwaardige twaalfde artikel lui soos volg:

Bo en behalwe die bogenoemde artikels, is die volgende ook van toepassing op lede van die pretensieuse geloof: terwyl hulle wag om deur God aangeneem te word soos ander lede wat nou Rooms-Katolieke lede is, word hulle toegelaat om in ons dorpe, stede en streke van ons land wat onder ons jurisdiksie val rond te beweeg en te woon. Hulle mag hul beroep beoefen en eiendom besit. Niemand mag hul geloof of verlede teen hulle hou nie. Dit is natuurlik op voorwaarde dat hulle nie byeenkomste hou of ander gebedsbyeenkomste onder mekaar hou wat die vorige geloof ondersteun nie. Indien hulle wel hierop betrap word, sal al die bogenoemde reëls op oortredings van toepassing word.¹⁶⁴

Na die herroeping van die Edik van Nantes het 'n ongekende getal Protestante hul vaderland, Frankryk, verlaat. Dit het plaasgevind ten spyte van die vreesaanjaende artikels wat die Protestante verhinder het om Frankryk te verlaat. Die Protestante wat na aan die oostelike grens van Frankryk gewoon het, het vinnig en veilig oor die grens na buurlande getrek, waar hulle as Protestante verwelkom is. Hierdie gebeurtenis in die Franse geskiedenis het die land van sy beste intellektuele kragte gestroop.¹⁶⁵ Kinders ouer as vyf jaar van wie die ouers oortree het, is deur die owerhede gekonfiskeer en van

¹⁶⁴ Ibid., pp.27-30; Coertzen, p75, Hierdie proefskrif is ter verkryging van die graad DTh. ingedien Die proefskrif verwys na elf in plaas van twaalf artikels. Die proefskrif verwys ook nie na bogenoemde as bron nie, terwyl die proefskrif die kerk-historiese terrein bespreek.

¹⁶⁵ Ibid., pp.32&33.

hulle Protestantse ouers weggeneem. Hierdie aksie het dikwels tot die kinders en van die ouers se dood gelei.¹⁶⁶

Die Hugenote van die Luberon-vallei en Cabrierre het langs die oosgrens van Frankryk deur Switserland na Duitsland en later Nederland gevlug.¹⁶⁷

Na die herroeping van die Edik van Nantes in 1685 en die koms van die Jourdan-broers en hul mede-Hugenote na Suid-Afrika in 1688, het die godsdienstonrus in Frankryk steeds voortgegaan. Daar was veral drie gebeurtenisse in Frankryk wat 'n direkte verband met die koms van die Hugenote (ook die Jourdan-broers en hulle weduweemoeder) na Suid-Afrika gehad het:

Die eerste hou verband met die Hugenotevrou, Marie du Rand, wat saam met ander Hugenotevroue (susters en moeders), in 'n tronk, *The Tour de Constance*, in die Provence-streek aangehou is. Die Hugenote-vrouens is hier aangehou totdat hulle hul geloof afgesweer het. Marie du Rand het geweier om haar geloof af te sweer. Sy is in die tronk aangehou van 1730 tot 1768. Sy is as 'n dogter van 15 jaar in die tronk gestop en is op die ouderdom van 53 deur die koning begenadig. Sy is weens haar broer se godsdienstige rol (hy was 'n Hugenoteprediker) as dogter gevange geneem. Haar broer is twee jaar na haar inhegtnaam, op die ouderdom van 17 gevang en tereggestel. Nieteenstande haar broer se teregstelling, is sy al die jare steeds as gevangene aangehou. 'n Ander Hugenote-vrou is 'n jaar na haar troue gevange geneem. Sy het egter die Katolieke geloof aangeneem.¹⁶⁸

¹⁶⁶ Smiles, p.13.

¹⁶⁷ Baird, p.84.

¹⁶⁸ *Ibid.*, p.450. Vol II; MJS Jordaan Persoonlike versameling, die skrywer het 'n foto van die tronk soos wat die tronk vandag nog lyk.

'n Tweede faktor was die amptelike beëindiging van die geskiedenis van die Hugenotestryd in Frankryk in 1802. Protestantisme is as godsdiens vir die Franse bevolking erken, ten spyte van die feit dat die Protestante 'n minderheidsgroep was.¹⁶⁹

Die derde en laaste van die drie gebeure in Frankryk na 1688, was 'n sosiale funksie wat die Franse president, generaal Charles de Gaulle (1890-1970), in 1959 aan die ambassadeurs van verskillende lande aangebied het. By die geleentheid het hy die Suid-Afrikaanse ambassadeur aan die Russiese ambassadeur voorgestel. Generaal De Gaulle het klem daarop gelê dat die Suid-Afrikaanse ambassadeur, S F du Toit, van Hugenoteafkoms was en dat, indien hy wou, hy sy Franse burgerskap kon terugkry. Op 'n vraag van die Russiese ambassadeur oor die Frans-Suid-Afrikaanse verbintenis, het generaal De Gaulle na 'n *la grande catastrophe* verwys en verduidelik:

When the Huguenots fled from France Napoleon in his reign was so much under the impression of that catastrophe that he decreed that if any descendant of the Huguenots returned to France he could claim French citizenship as a right, and the decree has never been repealed¹⁷⁰

In die *Code Civil Francais* (French Civil Code) van 5 Maart 1803 (artikel 6.3) staan onder meer:

... dat elke individu wat in die buiteland van 'n vader of moeder met Franse nasionaliteit gebore is en nie hul nasionaliteit aanneem nie volgens artikel I en of van sodanige ouers wat hul Franse burgerskap verloor het, ongeag van sy ouderdom of waar hy of sy haar in die wêreld mag bevind

¹⁶⁹ Baird, p.ix. Vol I.

¹⁷⁰ Du Toit, S.F. *Home and Abroad*, p.144, Encarta 2002 Charles André Joseph Marie De Gaulle (president 1959-1969).

op voorwaarde dat die persoon in Frankryk woonagtig is.

Dieselfde reël geld vir afstammeling van families wat as gevolg van die herroeping van die Edik van Nantes hul elders sou bevind.¹⁷¹

Volgens die hersiene kode van 1995 is die artikel herroep.¹⁷² Napoleon wou in sy vroeë jare as heerser al die families wat oor die wêreld versprei was as gevolg van die Edik van Nantes, weer na Frankryk terugbring.¹⁷³

Na die herroeping van die Edik van Nantes het dit vir baie Franse burgers ondraaglik geword in hulle eie vaderland. Die emigrasie van die Hugentoe was inderdaad 'n geval van die een se dood is die ander se brood. Dit was sekerlik die geval met die Hugenote wat Frankryk verlaat het en in die buurlande welkom was. Die Jourdan-broers en hulle moeder het na Switserland gevlug en vandaar kontak gemaak met die VOC in Rotterdam (Nederland).¹⁷⁴

In die volgende hoofstuk val die kollig op die Jourdan-broers en hulle moeder se geskiedenis na die herroeping van die Edik van Nantes in 1685 tot en met hulle vestiging aan die Kaap de Goede Hoop.

¹⁷¹ Cachard, H. The French Civil Code, pp.i &16. Eenhonderd en agttien jaar na die herroeping van die Edik van Nantes. Die French Civil Code is in opdrag van Napoleon opgestel. Die doel van die kode was om die gefragmenteerde regeringstelsel in Frankryk te orden. Die kode sou ook die voorloper word van die drievlak regering stelsel soos in meeste lande vandag gevind word; Grant, p.238.

<http://www.napoleonseries.com/reference/political/code/book1/title01.cfm>, p.1

¹⁷² Crab, J.H. The French Civil Code, p.4; Prof Johan Henning, dekaan van die fakulteit Regte aan die Universiteit van die Vrystaat. 12-09-2002. Telefoniese gesprek oor die regsgeldigheid van die "French Civil Code".

¹⁷³ Reaman, p.108.

¹⁷⁴ Grant, pp.176-177.

Hoofstuk 2

Die VOC; 'n bevrydingsaanbod vir die Jourdan-familie na die Kaap de Goede Hoop en die Jourdan-broers se vestiging in die Drakensteinvallei (Oliphants Hoek)

2.1 Die politieke en sosiale omstandighede en toekomsvisie van die Hugenote tussen 1680 en 1688 in Frankryk

2.2 Die VOC en sy affiniteit vir die Hugenote

2.3 Onderhandelinge met die VOC

2.4 Die Jourdan-familie se vlug vanaf Cabrière en die skeepsvaart na die Kaap de Goede Hoop

2.5 Die reis na 'n nuwe heenkome

2.6 Die aankoms en rëelings tydens die eerste twee maande aan die Kaap

2.7 Probleme met handeldryf en die lewering van plaasprodukte aan die Goewerneur van die Kaap

2.8 Bydraes van die Jourdan -broers en hulle mede-Hugenote in Suid-Afrika

Hoofstuk 2

Die VOC; 'n bevrydingsaanbod vir die Jourdan-familie na die Kaap de Goede Hoop en die Jourdan-broers se vestiging in die Drakenstein-vallei (Oliphants Hoek)

2.1 Die politieke en sosiale omstandighede en toekomsvisie van die Hugenote in Frankryk tussen 1680 en 1688

Ten einde perspektief op die politieke en godsdienstige debatte van hierdie tydvak te kry, moet die gebeure van 'n eeu vroeër in perspektief geplaas word. Dit was die tydvak waarin Hendrik IV die koning van Frankryk was. Hendrik IV (1553-1610) se ampstermyn as koning is gekenmerk deur 'n voortdurende geloofstryd tussen die Hugenote en die Rooms-Katolieke om hom te bekeer.¹ Wolfe beklemtoon die feit dat die historici geruime tyd reeds daarop gewys het dat die Katolieke 'n militante groep was, wat 'n hoogtepunt beleef het tydens die St. Bartholomeüs-nag-massamoorde gedurende Augustus en September 1572. Die nag van 22 Augustus 1572 staan bekend as die St. Bartholomeüs-nag. Hierdie gebeurtenis was 'n poging deur die Rooms-Katolieke Kerk om die Protestante tot Katolisisme te bekeer en 'n wig tussen die koning en die Hugenote in te dryf. As propaganda vir die Katolieke geloof het die parlement aansporingsmaatreëls vir die Protestante beskikbaar gestel om hulle geloof te versaak. Van die maatreëls was onder meer finansiële voordele, gepubliseerde reklame vir die Hugenote wat vrywillig hulle geloof sou verruil, met die klem op logiese denke teenoor die gevoel en grasia van 'n Protestant.²

¹Wolfe, M. The Conversion of Henri IV, p.2.

²Ibid., pp.14,15 & 25.

Hendrik IV se manipulasie deur beide Katoliek en Protestant tydens sy heerskappy as koning het moontlik sy oorsprong in sy jeugjare gehad toe hy ná die St. Bartholomeüs-nag-massamoorde die Katolieke geloof aangeneem het. Hierdie besluit het hy vier jaar later herroep 'n besluit waaraan hy gedurende sy ampstermyn as koning gedurende 1580-1590 gereeld herinner sou word. Die Hugenote het Hendrik IV as koning ondersteun, enersyds omdat hulle van mening was dat die amp die verspreiding van die evangelie sou bevorder en andersyds dat die natuurlike reg bo die oorgeërfde reg van die koningshuis sou seëvier. Sy vernaamste kritiek het gekom vanuit drie groepe, die Hugenote, die lojale Katolieke en 'n splintergroep ontevrede Katolieke, die Liga.³

Hendrik IV is na sy pa Hendrik III (1551-1589) se dood in 1589 as die nuwe koning van Frankryk ingesweer. Hendrik III se ampstermyn het van 1574-1589 gestrek. Sy seun het voor 'n groep Katolieke soldate bevestig dat hy die Rooms-Katolieke Kerk in Frankryk aanvaar en dat vakatures wat in die koningshuis ontstaan wat deur Hugenote beklee was, deur Katolieke vervang sou word. Hierdie toespraak van Hendrik IV in Augustus 1589 het bekend geword as die Deklarasie van St Clodoald (Cloud). Die Katolieke ondersteuners was nie gemaklik met die nuwe koning se uitsprake nie, aangesien hulle vereis het dat hy die Katolieke geloof moes onderskryf en nie net die Katolieke gemeentelede aanvaar nie. Hierdie uitsprake het op hulle beurt die Protestantse ondersteuners ontstel, omdat hy later in die openbaar erken het dat hy eerder God gekies het as om sonder hom te leef. Die Deklarasie van St. Cloud het veroorsaak dat die Hugenote ontevrede was met al die aandag wat die Katolieke van die koning ontvang het. Hendrik IV het die Hugenote verseker dat dit bloot 'n pligsgevoel was dat hy aandag aan die Katolieke gegee het. Die versekering was nie genoeg vir die Hugenote om hulle te oortuig dat die Koning die geskikte persoon was om die hervormingsbeweging te lei nie.⁴

In sy boek oor die Hugenote skryf Zoff dat die koning nie sy eie besluite kon neem nie. Die Katolieke het die koning se lewe en besluite sover moontlik probeer reël. Sy ou vriende en kennisse is verbied om by die koning te kuier. Ten tye van 'n besoek deur 'n

³ *Ibid.*, pp. 24,32 &45.

⁴ *Ibid.*, pp. 56,57&89.

afvaardiging Hugenote het hy hulle gevra om geduldig te wees met hulle versoeke. Dit was moeilik vir die Hugenote om geduldig te bly en hulle het met swaarmoedigheid en met die koning se goedkeuring besluit om sake in hulle eie hande te neem. Vir hulle doeleindes het die Hugenote Frankryk in tien streke verdeel. Elke streek het 'n verteenwoordiger gehad, wat saam met die ander streke se verteenwoordigers die *Assemblée* gevorm het. Besluite wat in die *Assemblée* (vergaderings) geneem is, is deur 'n kleiner afvaardiging na die koning geneem. Hulle het weer met hulle politieke vergaderings begin, die koning se advies gevolg en begin rebelleer teen die Katolieke se mag. Die idee hiermee was dat dit die koning hulp sou bied om die parlement te oortuig dat hulle nie weer 'n burgeroorlog kon toelaat nie. Katolieke dogma het die Hugenote nie as Franse burgers beskou nie, en hulle inderdaad as kriminele tipeer. Selfs die Franse dame met wie hy wou trou, Gabrielle d'Estrées, is so geïntimideer deur die Katolieke dat sy ook 'n gevoel van haat vir die Hugenote ontwikkel het. Die beloftes en geen wesenlike resultate deur Hendrik IV nie, het veroorsaak dat die Hugenote Frankryk verlaat het. Die Hugenote het die koning ingelig dat hulle oor die onsekerheid ten opsigte van hulle godsdienstrege deur die jare stelselmatig hulle vaderland verlaat het. Dit was sedert sy oupa, Hendrik II (1519-1559) se ampstermyn van 1547-1559 die geval.⁵

Gedurende 1593 het Hendrik IV finaal die Katolieke geloof aangeneem. Die gebeurtenis het veroorsaak dat die Hugenote weer meer gereeld kerkdienste begin hou het. Die Hugenote was so ontsteld oor die koning se optrede dat hulle geweer het om militêr betrokke te raak tydens die aanval op die Spaanse troepe. Dit het tot gevolg gehad dat die koning slegs op die Katolieke se steun moes staatmaak. Hierdie gebeure het soveel ongelukkigheid en onmin onder die Hugenote tot gevolg gehad, dat die koning iets moes doen om die burgers van Frankryk se gemoedere te laat bedaar. Hy was genoodsaak om die Edik van Nantes in April 1598 uit te roep. Die Edik was 'n direkte gevolg van die verslegtende verhouding tussen die koning en die Hugenote. Die onmiddellike voordeel vir die Hugenote was om hulle vrese oor die gevolge van die koning se Katolieke geloof te besweer. Die koning moes die Katolieke oortuig dat dit beter sou wees om die

⁵ Zoff, O. *The Huguenots*, pp.224-227.

Hugenote spesifieke waarborge te gee, eerder as om hulle gedurig te opponeer.⁶ Willert skryf dat daar in daardie stadium ongeveer 800 Protestantse gemeentes was, wat 1 250 000 siele verteenwoordig het.⁷

Die vryheid wat Calvinisme na die herroeping van die Edik van Nantes geniet het, het veroorsaak dat kapitalisme 'n groeifase betree het teenoor die bestaande feodale stelsel.⁸

Hendrik IV is opgevolg deur sy seun, Lodewyk XIII (1601-1643), wat regeer het van 1610-1643. Hy was dus nege jaar oud toe sy pa dood is en hy hom opgevolg het. Lodewyk XIII is totaal oorheers deur sy ma wat magshonger geraak het na haar man se dood. Dit het veroorsaak dat die jong koning min liefde as kind van sy ma ontvang het en dat hy nie behoorlik geleer het om te lees en skryf nie. Sy het besluit dat hy nooit 'n man sou word nie en het hom in afsondering laat leef. Hy het valke geleer jag en het 'n bietjie musiek gemaak. Wanneer hy gepraat het, het hy gehakkel waarvoor hy dan gestraf is. Dit het veroorsaak dat hy meer gehakkel het en uiteindelik te skaam was om te praat. Lodewyk XIII het 'n kroniese longkwaal gehad waarvoor hy intensiewe behandeling gekry het. Bloedoortappings, 'n koue bad en sinnelose diëte was deel van sy herstel terapie. Hy het sieklik voorgekom en gebukkend geloop met sy kop wat baie beweeg het wanneer hy gesels het. Nodeloos om te sê het hy geen sin vir humor gehad nie. Selfs toe hy 'n suksesvolle monarg was, het dit altyd vir die mense om hom 'n verleentheid geskep. Later, as getroude man, was dit vir hom baie moeilik om liefde te toon. Lodewyk XIII het die Katolieke geloof aangehang en het later met die invloed van sy geestelike adviseurs 'n lynregte beleid teen die Hugenote ingeneem, in navolging van sy pa se beleid.⁹

Tydens een van die felste aanslae in die suidweste van Frankryk, waar die koning teen die Hugenote 'n oorlog gevoer het (die slag van Montaubun in 1621), kon die Hugenote nie

⁶ Wolfe, pp.182-183.

⁷ Willert, P.F.. Henry of Navarre and the Huguenots in France, p.344; Zoff, p.231.

⁸ Zoff, p.236.

⁹ Ibid., pp284-287; Kruger, T.J. Die Hugenote, p.53.

verslaan word nie, selfs nadat 20 000 kanonskote op hulle afgevuur is. Lodewyk XIII het in trane uitgebars toe hy geadviseer is om op te hou, nadat hyself soveel ontberinge in die veld moes verduur en van sy beste manskappe verloor het. Die volgende aand het een van sy soldate wat 'n Protestant was, Psalm 68 op sy fluit gespeel in die teenwoordigheid van ander Protestante. Die Hugenote het die woorde van die Psalm as oorwinningslied ter harte geneem.¹⁰

Kyk bylaag 5

Poole beskou Lodewyk XIV (1638-1715), seun van Lodewyk XIII, as die staatsman wat vir homself en die Franse regering die grootste verleentheid veroorsaak het vanweë sy herroeping van die Edik van Nantes. Lodewyk XIV was koning van Frankryk vanaf 1643-1715.¹¹ Dit is belangrik om vas te stel wat die redes is waarom die herroeping van die Edik van Nantes beskou word as een van die grootste tragedies in Frankryk. Hierdie gebeurtenis kan nie in isolasie nagevors word nie, omdat daar byvoorbeeld na die tydperk 1598-1715 verwys word as die goue tydperk van Europa.¹² Tydens die ontstuielige godsdienstydperk het Frankryk en Europa 'n voorspoedige ekonomiese tydperk beleef wat sterk beïnvloed is deur die gevolge van die herroeping van die Edik. Dit weerspieël die tydperk sedert die instelling van die Edik tot ongeveer drie dekades na die herroeping daarvan.

Die Edik van Nantes het die gemoedere onder die Hugenote laat bedaar, maar terselfdertyd het die Katolieke en van die staatsonderdane nie die situasie goedsmoeds aanvaar nie. Kardinaal De Richelieu wat empatie gehad het met die Hugenote, het in 1629 gesê dat die Edik in die praktyk veroorsaak het dat die Hugenote 'n Protestantse republiek binne in die Katolieke ryk bedryf. Armand Jean du Plessis Richelieu (1585-1642) het aanvanklik 'n militêre loopbaan gevolg. Hy wou egter sy familie-tradisie voortsit om 'n biskop te word en het van loopbaan verander. Hy is op 22 jaar as biskop

¹⁰ *Ibid.*, p.291.

¹¹ Willert, p.3.

¹² Ashley, p.1.

ingehuldig. Nadat hy in 1614 'n lid van die State Generaal geword het, is hy tot kardinaal in 1622 en in 1624 tot Lodewyk XIII se hoofminister bevorder. Dit het hom bykans in die posisie geplaas dat hy na 1630 die *de facto* heerser van Frankryk geword het. Richelieu was ook later die stigter van die Franse Akademie.¹³

Richelieu het 'n invloedryke rol in die Hugenote se geskiedenis gespeel. Hy het die Hugenote as 'n daadwerklike bedreiging vir die koning beskou. Richelieu het tot die daad oorgegaan tydens sy militêre oorwinning in 1628 oor die Hugenote in hulle sterkste vesting, La Rochelle, in die weste van Frankryk. Hierdie oorwinning oor die Hugenote het hulle militêr en polities tot oorgawe gedwing, maar dit het hulle terselfdertyd godsdienstvryheid gewaarborg.¹⁴

Hierdie situasie het veroorsaak dat die Hugenote 'n teokrasie of godsregering gehad het. Hulle is met hulle Calvinistiese benadering getipeer as mense wat weens hulle opvoeding ernstig van aard was, asook mense met die openbare beeld van onafhanklike individue. Hulle was mense wat bewus was van die feit dat hulle geloof 'n minderheidsgeloof was. Die Hugenote was sosiaal afgesonder, en as gevolg van hulle godsdienstige opvoeding wou hulle hulle graag laat geld in gesprekke en selfs later op skool. Die eerste Hugenoteskool is in 1604 in die suide van Frankryk gestig.¹⁵

Gedurende 1665 het Lodewyk XIV reeds laat blyk dat hy die Hugenote wou inperk deur die herroeping van die Edik van Nantes. Gevolglik was daar in 1666 reeds die eerste tekens van Hugenote wat hulle land begin verlaat het. Die koning van Frankryk het sy versekering aan die Vors van Brandenburg gegee dat die Hugenote geen rede tot twyfel oor hulle regte moes hê nie. Die staat van Brandenburg, wat self 'n geskiedenis van eenduisend jaar beleef het, het gedurende Frederick-Wilhelm I (1620-1688) se ampstermyn 'n herlewing beleef toe die vors (ook genoem die prins) die staat help opbou het na die dertigjarige oorlog. Frederick-Wilhelm was 'n Calvinis en het duisende

¹³ Microsoft Encarta.2002.

¹⁴ *Ibid.*

¹⁵ Poole, R. G. A history of the Huguenots of the Dispersion at the recall of the Edict of Nantes, pp.3-5.

Hugenote in sy staat verwelkom, nadat hulle deur Lodewyk XIV belet is om hulle geloof uit te leef. Die staat van Brandenburg is in die nuwe Europese bestel in die Republiek van Duitsland ingelyf.¹⁶ Calvinisme is in 1648 amptelik deur die Vors van Brandenburg erken.¹⁷

Ten spyte van die koning se versekering aan die Vors van Brandenburg, het die Hugenote die volgende begin ervaar: Hulle openbare aanbidding is stelselmatig stopgesit en van die meer as 100 kerke in die suide van Frankryk het minder as 20 oorgebly. Die sing van psalms langs die pad is verbied en later ook die sing daarvan in privaat huise. Geen begrafnisse kon gedurende die dag gehou word nie; magistrate wat Hugenote was, kon nie meer besluite neem nie; Hugenote is verplig om 'n Katolieke kind te onderhou; en gedurende die tydperk 1660 tot 1688 is slegs studente van Katolieke ouers aan Franse universiteite toegelaat.¹⁸

Afgesien van Lodewyk XIV se versekering aan die Duitse owerheid en die teenstrydighede is sy land, het hy ook die volgende aan sy seun in 1670 genoem:

Ik heb gedacht, mijn zoon, dat het beste overleg om van lieverlede van die Hugenotten in mijn rijk af te kommen, was, geen strenge maatregelen tegen hen in het werk te stellen, en te handhaven al wat mijne voorzaten hun toegestaan hebben; maar ook geen nieuwe gunsten te bewijzen, maar hen zoo kort te houden als maar immer met regt en welvoegelijkheid bestaanbaar is. Maar, wat gunstbewijzen betreft, daar ik over te zeggen heb, ik heb mij voorgenomen, en tot nog toe heb ik er mij vrij stipt aan gehouden, dat zij van mij niets verkrijgen zullen; en dat meer uit goedheid dan uit strengheid, om hen te noodzaken, nu en dan eens, uit eigen bewegen en zonder dwang, te bedenken, of er eenige gezondereden bestaan heeft, waarom zij zich vrijwillig van

¹⁶ Ashley, p.100.

¹⁷ <http://www.rootsweb.com/~deubrg>.

¹⁸ Poole, pp.12-13; Labrousse, E.Bayle, p.4.

die voordeelen beroofd hebben, die zij met mijne andere onderdanen deelen konden. Voorts heb ik mij voorgenomen, allen, die gezeggelijk zijn, des noods door belloningen aan mij te verbinden, en zoo veel mogelijk, de bisschoppen aan te moedigen, om van het onderwijs hun werk te maken, en die ergernissen te vermijden, die hen somtijds van ons verwijderen.¹⁹

In die handel, nywerheidsaktiwiteite en landbou van Frankryk was die Hugenote teen 1669 veel prominenter as die Katolieke. Die weefbedryf was een van Frankryk se voorste bedrywe en is byna deur die Protestante gemonopoliseer. In daardie stadium was daar reeds 44 200 wolwevers in Frankryk. Die klerebedryf was in die suidooste en noorde gevestig en kamstowwe in die suide van Frankryk het reeds 'n omset van twee tot drie miljoen liere gehad. In die omgewing van Lyon was daar die linne- en sybedryf, terwyl glas- en papierproduksie in die noorde voorgekom het. Die modebedryf was naby die *Isle of France* geleë. Leerlooierij, die maak van staal, yster en tin was gevestig, asook skeepvaart en wapensmedery, terwyl wynbou, die verbouing van koring en groente en die ontginning van sout belangrike ekonomiese aktiwiteite was.

Die Hugenote was toegewyde arbeiders wat met ywer gewerk het en trots was op hul arbeid.²⁰ Poole beklemtoon ook die aspek dat, benewens hulle bogenoemde rol in die handel, die Hugenote ook baie effektiewe lede van die leër en die vloot was; nuttige mense wat Frankryk verlaat het na die herroeping van die Edik van Nantes.²¹

Sedert 1681 het Lodewyk XIV al hoe meer die omvang van sy mag besef en hom begin toespits op die aftakeling van die Hugenote. Sy opvoeding as kind asook die advies van sy adviseurs het ook 'n rol gespeel in sy strategie. Ten spyte daarvan dat die koning streng volgens Katolieke tradisies deur sy ma opgevoed is, het hy geen oortuigde gevoel of emosie teenoor die Pous of die kerk gehad nie. Hy het hom eerder deur sy instink laat

¹⁹ Changuion, A.N.E. Geschiedenis der Fransche Protestantsche Vlugtelingen, p.21.

²⁰ Ibid., pp.8-9; Changuion, A.N.E. Geschiedenis der Fransche protestantsche Vlugtelingen, pp.15-16.

²¹ Ibid., p.10.

lei as enige aspek van staatsmanskap, en was baie meer toegewy aan die dogma van sy mag as aan die invloed van die Pous en die kerk. Hy wou die absolute en enigste heerser wees, het sy mag as 'n gegewe aanvaar en het met 'n sterk wil enige teenstand geweier of geïgnoreer. Tot in daardie stadium het geeneen van die koning se ministers of ander onderdane hom teëgestaan nie. Uit vrees vir die Hugenote wat dalk hulp van sy buurlande kon vra, het die koning stelselmatig die Hugenote in die vloot verminder.²²

Ashley voeg drie aspekte by wat Lodewyk XIV se gedrag ten opsigte van die Hugenote beïnvloed het: die koning het in sy middeljare bewus geraak van sy eie sondes, hy het tot in daardie stadium 'n aktiewe sekslewe geniet en het 'n vrees vir die dood en 'n moontlike straf vir sy sondes ontwikkel.²³

Tot dusver is aandag gegee aan die aspekte wat Hugenote en Protestante beïnvloed het, veral dié van die Katolieke teenoor die Protestante wat geweier het om die Katolieke geloof aan te neem. Die debat is ook vanuit die Franse koning se perspektief bespreek. Terwyl die koning en sy onderdane besig was met hulle politieke agenda, is daar ook 'n debat gevoer deur verskeie skrywers wat artikels gepubliseer het oor hulle siening van die godsdiens en die politieke scenario van die tyd. Dit was inderdaad 'n debat tussen die historici en polemici.

Van die bekendste politieke denkers in Frankryk gedurende die tydperk voor en net na die herroeping van die Edik van Nantes was Pierre Jurieu (1637-1713) en Pierre Bayle (1647-1706). 'n Ander bekende denker was Theodore Beza wat 'n eeu vroeër geleef het.²⁴ Dodge wy sy studie as geheel aan die denke en invloed van Jurieu, wat 'n professor in Hebreeus en Teologie aan die Protestantse Akademie in Sedan was.

Jurieu was van mening dat na die Verdrag van *Pirenieë* in 1659, toe Frankryk Spanje oorwin het, die koning begin beplan het om die Hugenote te laat ontbind. Lodewyk XIV

²² *Ibid.*, pp.14-18.

²³ Ashley, p.171.

²⁴ Dodge, pp.i & 10; Perry, E.I. *From Theology to History*, p.13.

was so behep met buitelandse sake en oorloë dat hy toenemend aandag begin gee het aan die hervorming van die staat en godsdiens in sy eie land. Jurieu verwys na die invloed wat die Katolieke geestelikes deurgaans op die koning uitgeoefen het. Hy verwerp die aanklag teen die Hugenote dat hulle die aanstigters van die rebellie was om die staat te hervorm, soos hulle die Kerk hervorm het. Jurieu vra tereg waarom die Hugenote 'n populistiese staat na 'n monargie toe sou wou verander. Hy verdeel die verskillende edikte volgens hulle aard soos volg: verdrae, edikte, koninklike vergunnings, voordele en skenkings.²⁵

Dodge dui nadruklik aan dat daar gedurende 1669-1685 'n groot debat geheers het oor die historiese relevansie tussen Katoliek en Protestant. Die Katolieke het Calvinisme die blaam gegee vir die godsdiensoorloë. Jurieu is van mening dat, indien die Katolieke verbied sou word om hulle Nagmaal in die openbaar te gebruik, hulle nie blameer sou kon word indien hulle soos die Hugenote opgetree het nie.²⁶

In 'n debat tussen die twee politieke denkers, Jurieu en Bayle, oor Frankryk se buurlande wat empatie met die Hugenote gehad het en nie kon verstaan waarom Lodewyk XIV so daarop ingestel was om die Hugenote te laat ontbind nie, het Jurieu die binnelandse situasie soos volg opgesom:

Die buurlande van Frankryk het, ongeag van die feit of hulle Protestants of Katoliek was, die Hugenote ondersteun. Die burgers van die land is ontnugter deur die aanhoudende godsdiensoorloë. Hulle het verkies dat die grond aan hulle oorspronklike eienaars terug-gegee word en dat die verskillende edikte wat Calvinisme beskerm weer gehandhaaf moes word. Daar is ook 'n beroep op Switserse kantons (provinsies) gedoen, ongeag of hulle Katoliek of Protestants was, om hulle neutraliteit prys te gee en teen die Franse koning te draai. Jurieu sê voorts dat al die aspekte ten minste in ag geneem moet word voordat die Hugenote beskuldig kan word van onpatriotisme of selfs 'n gevoel van opportuniste. Hulle geloof was vir hulle belangriker as hulle gevoel vir hulle land. Hierdie siening van die Hugenote het deur die godsdiensoorloë konsekwent gebly.

²⁵ *Ibid.*, pp. 14,15,18 &20.

²⁶ *Ibid.*, pp. 22&32.

Hierdie konsekwentheid is nie ten opsigte van hulle politiek te bespeur nie Die adellikes het ook nie meer dieselfde voordele geniet, as dit waaraan hulle gewoon was nie.

Afgesien van die Protestantse en Hugenate-beweging was die meeste van die Franse burgers ongelukkig oor die wyse waarop Lodewyk XIV die Pous behandel het. Die verskillende streekparlemente in Frankryk was op die tydstip onder die koning se invloed en 'n algemene agteruitgang van elke dorp en stad was opsigtelik. Die bevolking is swaar belas en hierbenewens was Frankryk 'n gehate buurman omdat hy Europa wou beheer. Die koning het weens sy gedrag die Katolieke en die Protestantse leiers en selfs die Pous en Protestantse leiers, nader aan mekaar gebring.²⁷

In 'n verdere debat dui Jurieu aan dat die koning die plek van die staat ingeneem het. Die teendeel behoort te geld, naamlik dat die welvaart van die staat en die burgers die soewereine wet moes wees. Die burgers het juis die koning daarop ingestel om na sy mense om te sien, terwyl Lodewyk XIV van opinie was dat hy die meester van alle vorme van lewe en bestaan was. Die oorspronklike reëling met die konings was dat die eerste en selfs tydens die derde geslag van die koninghuis die koning aangestel was deur die burgers. Dit het tot gevolg gehad dat die koningspos ontruim kon word wanneer die burgers ontevrede was met die koning. Jurieu kom tot die gevolgtrekking dat die troonopvolging wat oor die dekades plaasgevind het, onwettig was en dat dié Saliese Wet, soos dit bekend was, een van die grootste mites in die geskiedenis is.²⁸

Om die bespreking ten opsigte van die herroeping van die Edik van Nantes en meer spesifiek Lodewyk XIV se termyn af te sluit, word Madame De Sevigné se brief aan haar dogter as uitbeelding van die tydsgees voorgehou:

Gij hebt zeker het edict gezien, waardoor de Koning dat van Nantes herroept. Niets kan fraaijer wezen dan de inhoud van dat stuk; en nooit heeft een Koning iets zoo gedenkwaardigs gedaan, of zal zulks in het vervolg doen." Bossuet sê hierna:

²⁷ *Ibid.*, pp.143-145.

²⁸ *Ibid.*, pp.150-151.

*Gij hebt het geloof bevestigd, gij hebt de ketteren uitgeroed.
Ziedaar de waardige taak van uwe regering, en haar onderscheidend
kenmerk. U is men het verschuldigd, dat de ketterij te niet gedaan is.
Dit wonder, nogtans, is door Gods hulp tot stand gebragt. Koning
der hemelen! Bewaar den Koning der aarde: dit is de wensch der kerk,
de wensch harer opzieners.*²⁹

2.2 Die VOC en sy affiniteit vir die Hugenote

Schutte glo dat verskeie persone ramings gemaak het van die getal Protestante in Frankryk gedurende 1660. Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar tussen 865 000 en 2 miljoen Protestante in Frankryk was uit 'n totale bevolking van 19 miljoen mense. Die meeste van die Protestante het in die landelike gebiede gewoon.³⁰

Na die herroeping van die Edik van Nantes, toe die Hugenote besef het dat hulle vir die ergste moes voorberei, het die stroom van vlugtelingen uit Frankryk skielik dramaties vergroot. Protestante het gewet dat indien hulle as vlugtelingen gevang sou word hulle summier doodgemaak sou word. Ten spyte van al die gevare het hulle die vlugtog in die geloof aangepak. Mans, vrouens en kinders het dikwels op onbegaanbare bospaadjies voortgestrompel. Siekes wat nie kon loop nie, is saamgesleep tot waar hulle dikwels gesterf en dood agtergelaat is. Die vlugtelingen het een van vier roetes na veiligheid gekies. Hulle moes oor die Juraberge na Switserland, oor die Vosgesgebergte na Duitsland, deur die Argonnewoud na Nederland of weggesteek tussen 'n vrag op 'n klein vragboot na Engeland. Ongeveer 30 000 Hugenote het na Duitsland gevlug, 60 000 na Engeland en die meeste, naamlik 100 000, na Nederland.³¹

Die Hugenote het hoofsaaklik om twee redes na Nederland gevlug. Die Hugenote se geloof is in Nederland aanvaar en die land was nie in daardie stadium deur die Katolieke

²⁹ Changuion, A.N.E. *Geschiedenis der Fransche protestantsche*, p.37.

³⁰ Schutte, G.J. . *De herroeping van het Edict van Nantes (1685) in de Franse en Nederlandse geschiedschrijving*, pp.10-13; Zoff,p.320; Changuion, p.36.

³¹ Zoff, pp.323-327.

Kerk gedomineer nie. Daarbenewens was die *Vereenigde Oost-Indische Companje* (ook bekend as die VOC), wat sy ontstaan in 1602 in Amsterdam gehad het, ekonomies aktief in verskeie wêrelddele, veral in die Ooste. Die VOC het ook soldate in diens gehad. Die VOC het dus werksgeleenthede vir soldate of amptenare by verskeie van sy handelsposte gehad. Daar was ook 'n toenemende behoefte aan addisionele bemanningslede op die skepe van die VOC.

Die aanloop tot die stigting van die VOC in 1602 is waarskynlik deur gebeure in die streek sedert die begin van die tagtigjarige oorlog tussen Spanje en Nederland in Junie 1568 verhaas. Daar was 'n sterk gevoel van teenkanting teen die Spaanse oorheersing en na verskeie gevegte en aanvalle op Spaanse skepe het sewe van die noordelike streke hulle onafhanklik verklaar. Sodoende het die Verenigde Provinsies van die Republiek van die Nederlande in 1581 tot stand gekom. Ten spyte van die oorlog tussen Spanje en Nederland het die handel tussen die twee streke toegeneem. Teen die begin van die 17de eeu is daar ongeveer 2 000 nuwe skepe in die onderskeie skeepswerwe in Nederland gebou. Stelselmatig het hierdie nuwe skepe groter en sterker geword, vandaar dat die Nederlanders na groter en meer winsgewende markte begin soek het. 'n Retoervaart om die Kaap na die Verre Ooste het meer as 'n jaar geduur. Omdat so 'n vaart groot kapitaal vereis het, het verskeie van die suksesvolle handelaars in Nederland kragte saamgesnoer om 'n skeepsvaart na die Ooste te finansier. Daar is ten minste vier maatskappye gestig, wat weer tot geweldige onderlinge kompetisie gelei het. Verskeie van die nuutgestigte maatskappye het egter bankrot gespeel. Van die oorblywende maatskappye het toe gesamentlik besluit om hulle hulpbronne saam te voeg in een groot maatskappy, 'n besluit wat tot die stigting van die *Generale Vereenighde Nederlantse G'Oktrooijeerde Oost Indische Compagnie* gelei het. Hierdie naam is later na VOC verkort.³²

Die VOC se raad van 17 direkteure was bekend as die Here XVII. Die 17 direkteure is proporsioneel gekies volgens hulle maatskappy se aandeel in die VOC. Die verskillende maatskappye is verteenwoordig volgens die belangrikste invoer en industriële sentra,

³² Sleight, D. 1980. *Jan Compagnie, the world of the Dutch East India Company*, pp.1-5.

naamlik Amsterdam, Rotterdam, Zeeland, Delft, Hoorn en Enkhuysen. Elke sentrum het sy eie raad van direkteure gehad en kon hulle eie besluite neem ten opsigte van welke vlag op die skip gehys word. Ongeag waar die skepe dan aangedoen het, was hulle onderworpe aan die VOC se gesag.

Die VOC het hulle stigtingsakte om handel te dryf op 20 Maart 1602 van die State-Generaal ontvang. Die State-Generaal was die oppergesag in Nederland, wat uit afgevaardigdes van die koningshuis, die kerk en gewone burgers bestaan het. Die stigtingsakte van die VOC het die opdragte van die State-Generaal duidelik uiteengesit. Die VOC het 'n voorlopige alleenreg gehad om vir 21 jaar oos van die Kaap de Goede Hoop en wes van die Straat van Magelaan handel te dryf . Dit het beteken dat die VOC alleenreg op alle handel in die Indiese en Stille Oseane gehad het. Dit het ook die reg ontvang om enige land te annekseer en die VOC se vlag te hys. Die maatskappy kon voorts forte bou, gemeenskappe vestig, 'n leër en vloot vestig waar nodig, oorlog verklaar, vrede maak en ooreenkomste met ander regerings aangaan. Afgesien hiervan kon die VOC namens die State-Generaal optree in die Ooste terwyl hulle in tye van oorlog Nederland met alles tot hulle beskikking moes verdedig. Die werknemers van die VOC moes hulle lojaliteit aan die maatskappy en die State-Generaal betoon. Dit was ook van toepassing op immigrante wat hulleself wou vestig in kolonies van die VOC. Hierdie is dieselfde ooreenkoms wat die Hugenote met die VOC aangegaan het. In ruil vir die magte wat die VOC ontvang het om gebiede te annekseer en dan te regeer, moes hulle hulle winste met die State-Generaal deel. Die State-Generaal het dan weer van die winste in die VOC herbelê. In die bykans twee eeue van die bestaan van die *Companje* het hy sy ekonomiese hoogtepunt in 1669 bereik. In daardie stadium het die Vereenigde Oost-Indische Companje 40 oorlogskepe, 150 handelskepe en 10 000 soldate gehad. Die *Companje* het sedert sy ontstaan in 1602 tot 1724 elke jaar dividende uitbetaal aan sy aandeelhouders. Die dividende het wel jaarliks gewissel, maar was nooit minder as 12 % nie, met 'n hoogtepunt van 63 % in 1696.³³ Die gemeenskaplike belang tussen die

³³ Microsoft Encarta 2002.

VOC en die State-Generaal sou later 'n bydraende faktor wees wat tot die likwidasië van die maatskappy in 1799 gelei het.³⁴

In hierdie stadium en gedagtig daaraan dat Hugenote Frankryk reeds sedert Hendrik II (1519-1559) se heerskappy verlaat het, het die Hugenote wat Frankryk gedurende en na 1685 verlaat het, reeds terugvoer ontvang van hulle geloofsgenote se emigrasie-ervaringe elders.

In die geskiedenis van die Hugenote wat per skip na Suid-Afrika gevaar het, word daar verwys na die *Vereenigde Oost-Indische Kompanje*, of ook dikwels net na die VOC. In die sewentiende eeu en vroeg agtiende eeu was daar in der waarheid verskeie Oos-Indiese Kompanjies wat gemoeid was met handeldryf tussen Europa en Indië. Die eerste Oos-Indiese Kompanjies was die Britse (1600), Vereenigde of Nederlandse (1602), Franse (1664) en in 1729 die Deense Oos-Indiese Kompanjies. Die VOC se groeifase het waarskynlik begin afneem nadat die Franse Oos-Indiese Kompanjies in 1664 gestig is.

Teen 1604 het verskeie Engelse bote reeds by die Kaap vir vars water en vleis aangedoen. Teen dié tyd het die Engelse al die diplomatieke reëls aangeleer om met die Khoikhoen te onderhandel. Gedurende 1608 het John Jourdain die Kaap as lid van 'n Engelse geselskap besoek en onder meer die volgende van die Khoikhoen gesê:

Hulle het ons al hoeveel keer gesien! As hulle kon sal hulle die vee wat ons geruil het by ons steel en weer bring om aan ons te verkoop. Wat hulle nie weet nie, is dat ons geduldig sal wees en geen vuil taal teenoor hulle sal gebruik nie. Ons sal geduldig vir hulle wag en uiteindelik sal hulle soveel vee en water vir ons bring dat dit te veel sal wees om alles saam te neem.

John Jourdain skryf dat, indien daar gereeld groente en vrugte geplant sou word aan die Kaap en die land bewoon sou word deur opgevoede mense in kastele om hulleself teen

³⁴ Ibid., pp7-8; http://100.1911encyclopedia.org/d/du/dutch_east_india_company.htm

die heidense mense te beskerm, daar binne 'n paar jaar oorgenoeg vars groente en vleis vir al die skeepsverkeer sou wees.³⁵

Die Britse regering het uiteindelik teen die vestiging van 'n kolonie aan die Kaap de Goede Hoop besluit. Later sou dit die Nederlanders wees wat die strategiese en ekonomiese waarde van die Kaap de Goede Hoop aan die suidpunt van Afrika sou besef. *Die Vereenigde Oost-Indische Compagnie* van Nederland het gevolglik opdrag aan Jan van Riebeeck gegee om 'n verversingspunt vir sy skeepsverkeer na Batavia daar te vestig. Van Riebeeck, sy vrou en 'n geselskap van 82 manne en agt vroue het op 6 April 1652 in Tafelbaai geland. Hier het hulle die *Fort de Goede Hoop* vir hulle eie veiligheid en beskerming gebou. Hulle het dadelik met die plant van groente en die aanlê van vrugteboorde begin.³⁶

Die *Compagnie* se taak was van meet af aan om handel te dryf en die ware geloof te versprei. Op Woensdag 3 Oktober 1685 het die Here 17 'n besluit geneem wat onder meer gehandel het oor Franse vlugtelingen:

... *Coloniers mede sal mogon nemen fransche vluchtelingen van de gerformeerde religie, voornaementlijk te becomen sijnde eenige Wyngardiniers en die haer op het maecken van asyn, en het disteleren van Brandewyn verstaen, ...*

Daar was baie min vlugtlinge wat in 1685 bereid was om na die Kaap te gaan, maar³⁷ teen die einde van 1687 en die begin van 1688 was daar verskeie Hugenote wat wel bereid was om na die Kaap te reis. Daar was ses skepe wat in 'n bestek van ses maande na mekaar na die Kaap vertrek het. Een van die ses was *Berg China*, waarop die *Jourdan-broers* en hulle weduweemoeder was.³⁸ *Berg China* het op 20 Maart 1688

³⁵ Burman, J. *The unofficial history of the Cape*, p.20.

³⁶ <http://www.southafrica-travel.net/history/ehcalal.htm> Van Riebeeck's Landing at the Cape

³⁷ Coertzen, P. *Die koms van die Franse Vlugtelinge na Suid-Afrika*, pp.46-49.

³⁸ *Ibid.*, p.59.

vanaf Rotterdam vertrek as vaartuig van die kamer van Rotterdam. Die skip het op 4 Augustus 1688 in Tafelbaai geanker.³⁹

In 'n artikel oor die Protestante vlugteling wat vanaf die Luberon-vallei in Frankfurt (Duitsland) aangekom het, skryf Chomat die volgende:

*Op 31 Oktober 1687 arriveer vyftig Protestantse vlugteling vanaf die Luberon-vallei in Frankfurt-am-Main. Om hier te kom, moes hulle stroom-op in die Durance-vallei beweeg het, om die Italiaanse Alpe en Switserland te bereik. Daarvandaan sou hulle per boot op die Rynrivier gevaar het tot in die omgewing van Frankfurt-am-Main. Soos baie ander vlugteling in nood sou die groep hulp en ondersteuning ontvang het van die Franse predikant in Frankfurt-am-Main. Hierdie hulp en ondersteuning sou dit vir hulle moontlik maak om hul bestemming die Verenigde Provinsies te bereik.*⁴⁰

Vervolgens word die kollig geplaas op 'n insident in die geskiedenis van die VOC waaraan weinig prominensie gegee word, maar wat 'n dramatiese impak op die geskiedenis van Suid-Afrika sou hê. Ongeveer 1 000 Piedmontese en Waldensiese vlugteling het hulleself in Neurenberg (Duitsland) gevestig. Hulle het 'n versoek tot die VOC gerig om as groep na een van die *Kompanje* se kolonies wou gaan. Hulle wou graag naby mekaar woon.

Die Here 17 het goedgunstiglik besluit om die Waldensiese groep aan die Kaap de Goede Hoop te vestig. Hulle sou 'n vry passaat kry, van geld voorsien word, op krediet van

³⁹ *Ibid.*, p.61. Negentien ander mense is dood en met die aankoms aan die Kaap was daar vyftig siek mense. Die Berg China vertrek weer uit die Kaap op 24 Augustus 1688. Die leser moet in gedagte hou dat dit in Maart in die noordelike halfmond hul lente begin word; Botha, C.G.. Die Kaapse Hugenote, p.8.

⁴⁰ Chomat, V. B. Pre-voyage records of the Huguenot refugees on the Berg China, p.33.

boumateriaal voorsien word, van die nodige lewensmiddele voorsien word en op dieselfde voet as die Hollandse emigrante behandel word.

Die Waldensers was van mening dat, indien die oues van dae, gestremdes en siekes sou agterbly, hulle nog steeds 'n groep van 700 mense sou wees wat die seereis sou aanpak. Gevolglik is ooreenkomste gesluit ten opsigte van die bote waarmee die Waldensers na die Kaap sou reis. Nadat alle reëlins getref is en die Waldensers reeds aan boord moes stap, het hulle die Here 17 ingelig dat hulle eerder in die Duitssprekende gedeelte van Europa gaan bly, omrede hulle nie vir die lang reis en see kans gesien het nie.⁴¹

In aansluiting by die besluit van die Here 17 om Franse vlugteling na die Kaap te stuur, is dit nodig om enkele bykomende faktore uit te lig. Die woord *vlugteling* is ietwat misleidend in die lig van die voorwaardes en eed wat die Hugenote moes aflê alvorens hulle aanvaar is as reisigers na die Kaap. Die Hugenote, en spesifiek die Jourdan-broers, het uit hulle vaderland na 'n buurland gevlug waar hulle as Protestante veilig gevoel en aanvaar is. Dit was immers die onderskeie Hugenotegroepe se eie besluit waar hulle 'n "nuwe" lewe sou voortsit. Die meeste het hulle in verskeie dele van die Duitsprekende gedeeltes van Europa gevestig. Die VOC-aanbod, met sy voorwaardes en die eed wat die gekeurde Hugenote moes aflê, was enkele van die opsies wat hulle kon oorweeg. Daar kan aanvaar word dat nie alle Hugenote gemaklik was met die voorwaardes en die moontlike aflê van die eed by die VOC nie. Die gedagte dat hulle hulle vaderland en hulle vriende en familie wat saam gevlug het moes verlaat, was dalk net te hoë emosionele eis.⁴²

Daar was wel 'n groep Hugenote wat in Frankryk agtergebly het, bloot omdat hulle nie genoeg geld gehad het om die vlugtog aan te pak na 'n buurstaat en moontlik daarna na 'n ander kontinent nie. Daar was ook die groep wat op grond van hulle ondernemings, soos boerdery en nywerhede, nie kon bekostig om te trek nie.⁴³

⁴¹ Botha, pp.10&11.

⁴² Smiles, p.ix.

⁴³ Ibid.

Die Nuwe wêreld as opsie vir die Hugenote

Noord-Amerika (die latere Verenigde State van Amerika) was nie meer 'n onbekende bestemming nie. Sommige Hugenote het geglo dat hulle vaardighede daar gebruik kon word. Die Hugenote was daarvan bewus dat hulle nêrens in die Nuwe Wêreld as meerderheidsgroep ontvang sou word nie en het geglo dat die Engelse Hugenote uit Engeland se getalle groter was as dié wat direk uit Frankryk na Amerika gegaan het. Hulle was ook daarvan bewus dat 'n groep Hugenote later onder haglike omstandighede in Amerika aangekom het en by mense wat hulle kon help aan huis geplaas is. Hulle het later gratis grond ontvang. Die Hugenote was ook bewus van 'n groep Hugenote wat aanvanklik goed gedoen het in New Oxford, Massachusetts, maar wat later moes vlug vir die Nipmuck-Indiane en ander Kanadese stamme. 'n Ander groep Hugenote in Noord- en Suid-Carolina het dié gebied Kanaan genoem. Suid-Carolina het die Hugenote baie aan hulle eie vaderland herinner.

Vir die Hugenote was daar ook aanloklikhede, byvoorbeeld die feit dat hulle medegelowiges oorkant die Atlantiese Oseaan gretig op hulle gewag het. Hierbenewens het die Hugenote uit Engeland die Hugenote uit Frankryk verwelkom en hulle nie as vreemdelinge gebrandmerk nie. Na 1666 het Maryland en Virginia alle Franse Hugenote volle burgerskap gegee, wat daartoe bygedra het dat ongeveer 11 000 Hugenote binne vier jaar na hierdie streke gevlug het.

Daar is ook noue bande met die kommersiële kolonies gesmee deur die handelaars wat van die weste van Frankryk goedere na Massachusetts en Nuwe Amsterdam vervoer het. Hulle was bewus daarvan dat daar geld in Amerika en Engeland ingesamel is om vir die Hugenote-se bootreis na Amerika te betaal, veral indien hulle dit nie self sou kon bekostig nie. Die eerste groot komponent Franse Hugenote is in 1662 na Boston verskeep.

Sekere realiteite het die Hugenote egter in die gesig gestaar. Hulle was byvoorbeeld bewus van die ongelukkige Franse Protestante wat La Nouvelle France in 1604 gestig

het, net om 30 jaar later verbied te word en suidwaarts verdryf is tot by Engelse of Nederlandse gebiede. Vir die Hugenote van Engeland wat na Amerika gevlug het, was die ervaringe van hoe hulle van die *Stuarts* moes vlug steeds vars in hulle geheue. Kennis is geneem van die groepe wat met die eerste skepe na Nuwe Amsterdam en elders vertrek het, asook dat die Franse Hugenote as setlaars na ander setlaars sou gaan, of as ontdekkers na ander ontdekkers in Amerika sou verhuis. Hulle het ook geweet dat die Engelse aanvanklik geen ondertrouery tussen die Franse en die Engelse Hugenote wou toelaat nie. Die Engelse wou ook hulle Protestantse geloof op die Franse Hugenote afdwing.⁴⁴ Ten spyte van bogenoemde omstandighede, het die Hugenote sedert 1681 die vryheid van die regering van Amsterdam geniet.⁴⁵

Kennis is reeds geneem van die Engelse Hugenote in Amerika wat verkies het dat die Franse Hugenote by hulle Engelse Kerk moes inskakel, wat uiteraard nie vir die Franse Hugenote aanvaarbaar was nie. Van die Hugenote wat verkies het om na Engeland te vlug, het van die Engelse onseker laat voel. Vandaar dat kwaadwillige opmerkings oor hulle geskryf is en in pamfletvorm in die suide van Engeland versprei is:

As the French are, of all People, the most enterprising, the most industrious; and frugal, so we have the more Reason to be jealous of their Designs, and to provide against their Admission into any places of Power, Profit or Trust. For considering their Frugality, Oeconomy, and Industry, they will in time engross all the profitable Branches of Trade as they have already that of the Silk Manufacture, for I believe it can be demonstrated, that nine parts in ten of that Traffick is in their hands, with a great share of that in Wines. Nor are they less considerable with regard to their Numbers ...and considering their Sobriety and Diet and the Fruitfulness of their Women, the City, in time,

⁴⁴ *Ibid.*, pp.328-333.

<http://web11.epnet.com/citation.asp?tb=1& ug=dbs+o%2ci+1n+en%2dus+e5345A4,p.3>.

⁴⁵ Coertzen, P. *Die koms van die Franse Vlugtelinge na Suid-Afrika*, p.42.

*will probably be called a French Colony.*⁴⁶

Daar was verskeie individue in Frankryk wat die geloofsonrus misbruik het om vir hulleself 'n beter ekonomiese toekoms te bepaal. Hierdie mense was nie oortuigde Protestante nie, maar het nietemin die geleentheid benut onder die vaandel van die Hugenote en of Protestante om vir hulleself 'n beter toekoms in 'n ander land te gaan skeep. Gwynn voeg oor die Hugenote by dat al die Hugenote nie so onskuldig en dom was nie, omdat van hulle hul geloof prysgegee het en in Frankryk aangebly het. Daar was ook 'n element onder die Hugenote wat besef het dat daar vir hulle beter geleenthede in die Protestantse lande was, en dat hulle nie geweier sou word nie, en boonop ook nog beskerm sou word. Hierdie besigheidsin wat baie Hugenote se geloof beïnvloed het, is 'n eienskap wat hulle met hulle sou saamneem.⁴⁷

2.3 Onderhandelinge met die VOC

Dit is belangrik dat terwyl die onderhandelinge en reëlings tussen die Jourdan-familie en die VOC in Frankryk aan die gang was (in die suide waar die Luberon-vallei en Cabrières-d'Aigues, oftewel die tuisdorp van die Jourdan-families), die aanslag teen die Hugenote op sy felste was. In die noordelike en oostelike gedeelte van Frankryk van waar daar ook Hugenote-groepe na Suid-Afrika gekom het, was die lewensbedreiging nie so ernstig as wat die geval in die suide was nie. Die grootste menseverlies is in die suide en weste ondervind. Tydens die reëlings is dit dus onwaarskynlik dat die Jourdan-familie dit sou oorweeg om bloot net na 'n ander gedeelte van Frankryk te trek. Die Edik van Nantes het ook nie onderskeid getref oor waar 'n Hugenoot homself in Frankryk bevind het nie.

Die ligging van Cabrières-d'Aigues kan vergelyk word met die inmeekaarsit van verskillende groottes dose. Die provinsie in die suidooste van Frankryk is bekend as die *Provence*-streek. 'n Kleiner substreek in die *Provence*-provinsie is die *Vaucluse*-streek.

⁴⁶ Murdoch, T. *The Huguenots 1685-1985*, p.30.

⁴⁷ Gwynn, R. *England's First Refugees*, p.21.

Die *Vaucluse*-substreek word weer geografies verdeel deur die Luberon-bergreeks. Die bergreeks is in die *Parc Naturel Régional du Luberon* geleë. Die bergreeks verdeel die Luberon-vallei in die noord-Luberon-gebied en die suid-Luberon-gebied. Cabrières-d'Aigues word in die suid-Luberon-gebied aangetref. Die Luberon-bergreeks is een van baie min Provensaalse bergreekse waarvan die natuurlike omgewing deur die eeue redelik ongeskonde gebly het. In die ooste grens die Luberon-vallei aan die noordwestelike grens van Italië. Daar is 'n wandelpad wat die Luberon-vallei en die Angrogna-vallei verbind en wat 'n stapper na Torre-Pelice neem, die bakermat van die Waldensiese beweging.

Cabrières d' Aigues beteken 'drinkplek van die bok'. La Motte-d'Aigues, vanwaar die stammoeder van die Jourdan- familie in Suid-Afrika kom, is drie kilometer oos van Cabrières d' Aigues. La Bastide des Jourdans, met oorblyfsels uit die 12de eeu, is ongeveer tien kilometer oos van Cabrières d' Aigues. Die kasteel wat twee Jourdanbroers destyds gebou het, bestaan vandag nog en word steeds bewoon.⁴⁸

Nêrens word daar verwys na Martha Jourdan, die moeder van Jean en Pierre, se man nie. In die stigtingsakte van Cabrierre kom die naam Jourdan voor as stigterslid van die dorp, eers in 1495 en later in 1545.⁴⁹ Geen dokumentasie kon opgespoor word wat die Jourdan-familie in Frankryk of onderweg na Rotterdam agtergelaat het nie. Wat wel beskryf is, is dat 'n Jeanne Jo(u)rddanne sy lewe verloor het gedurende 1562 in Cabrières d' Aigues tydens die aanvalle op die dorp.⁵⁰ Die volgende kan moontlik 'n antwoord verskaf op die vraag wie Martha Jourdan se eggenoot was:

Daar word na 'n Paul Jourdan verwys wat 'n landbouwerker in Cabrières d' Aigues was. 'n Louis Jourdan is op die ouderdom van 82 in 1699 in Cabrières d' Aigues oorlede. Jean het twee van sy vier seuns, nadat hy aan die Kaap getrou het, Paul en Louis gedoop. Tydens die herroeping van die Edik van Nantes is daar na 'n Pierre Jourdan

⁴⁸ Le Luberon Provence-France.

⁴⁹ Annoniem, *Acte d'habitation du lieude Cabrières-d'Aigues d'Aigues*.

⁵⁰ Boucher, M. p.183.

verwys wat 'n veldwagter in *Cabrières d' Aigues* was. Daar is ook dikwels aan die Kaap verwys na Pierre Jourdan wat 'n wamaker was en as "Swart Piet" onder die Khoikhoin bekend was. Die verwysing na *Swart Piet* as bynaam dui daarop dat Pierre Jourdan swart hare gehad het en sy vel ook donker van kleur moes gewees het. Dit is 'n tipiese voorbeeld van die mense van Romaanse afkoms.⁵¹

In Europa is die oudste seun vernoem na die oupa aan vaderskant en die oudste dogter na die ouma aan moederskant se naam. Aangesien Martha se oudste seun wel Jean geheet het, kan daar met 'n mate van sekerheid aanvaar word dat Martha se man se naam wel Jean was. Die moontlikheid dat Martha se man die Rooms-Katolieke se geloof aangeneem het, kan nie uitgesluit word nie, hoewel dit weens die Waldensiese en Hugenate geskiedenis van *Cabrières d' Aigues* onwaarskynlik was.

Ongeveer vier kilometer vanaf *Cabrières d' Aigues* in 'n oostelike rigting is daar 'n dorp met die naam La Bastide-des-Jourdans.⁵² Daar word nie in enige bronne verwys na 'n Hugenaar Jourdan wat van hierdie dorp afkomstig was nie. Die naam beteken die *Kasteel van die Jourdans*. Vandaar die vraag of alle Jourdan-familielede wel Hugenate was en of daar nie ook Katolieke onder die Jourdans was nie? Dit is bekend dat die Jourdans van *Cabrières d' Aigues* knaend in die moeilikheid was weens hulle godsdiensdige beskouinge.⁵³ Hierdie is ook 'n aanduiding dat nie al die lede van die Jourdan-familie in *Cabrières d' Aigues* uit die dorp en Frankryk gevlug het na die herroeping van die Edik van Nantes nie.⁵⁴ Dit is insiggewend dat daar geen bronne bestaan oor spesifiek die stryd onder familieledede tydens die godsdiensoorloë in Frankryk nie.

⁵¹ *Ibid.*, p.188.

⁵² *MJS Jordaan Privaat Versameling*; Videobande van 'n genealogiese toer na Europa in 1995; Foto's geneem tydens die genealogiese toer na Europa in 1995. Die navorser het die dorp besoek. Tydens die navorser se besoek aan *Cabrières d' Aigues* en La Bastide des Jourdans is daar deur die Arouze-familie, wat afstammelinge is van die oorspronklike Hugenate Jourdan-familie, telkemale gemeld dat Jourdans van die dorp Katolieke was. Dit is soms deur van hul Waldensiese vriende in 'n gesprek beaam; Boucher, p.186.

⁵³ Boucher, p.188.

⁵⁴ *MJS Jordaan Privaat Versameling*; Videobande van 'n genealogiese toer na Europa in 1995; Foto's geneem tydens die genealogiese toer na Europa in 1995. Die navorser het foto's en videomateriaal bekom van geboue en huise waarop die naam Jourdans gegraveer is op klip met die datum 1625. Die navorser en sy vrou was tydens Mei 1995 by 'n Arouze-familie tuis in *Cabrières d' Aigues*. Mev Denise

Volgens die ooreenkoms tussen die Hugenote en die VOC sou hulle 'n vrye passaat ontvang en alleen bagasie vir eie gebruik en klinkende munt volgens eie oordeel kon saamneem. Hulle kon soveel as wat hulle wil aan die Kaap vir lewensonderhoud in die vorm van landbou verbou en handel en nywerheid beoefen. As landbouers sou hulle soveel grond kry as wat hulle kon bewerk en hulle sou soveel vee en gereedskap ontvang as wat hulle sou benodig. Hulle moes, in ruil vir die waarde van dit wat hulle ontvang het, koring of ander produkte aan die Kompanjie aan die Kaap voorsien. Getroudes of ongetroudes moes vir ten minste vyf jaar aan die Kaap bly. Diegene wat na vyf jaar na Europa wou terugkeer, moes hulle eie passaat betaal en hulle sou geldelike steun vir 'n uitrusting ontvang ongeag of hulle getroud of ongetroud was.⁵⁵

Indien die Hugenote met die voorwaardes tevrede was, is van hulle verlang om die volgende eed af te lê:

Ek beloof en sweer om onderworpe en getrou te wees aan
 Hul Hooghede die State-generaal van die Verenigde Provinsies,
 ons Soewereine Meesters en Here: aan sy Hoogheid die Prins
 van Oranje, as Goewerneur, Kaptein en Admiraal – generaal
 en aan die Direkteure van die Algemene Geoktrooieerde
 Oos-Indiese Kompanje in gemelde; asook aan die Goewerneur –generaal
 van Indië; sowel as aan die Goewerneurs, Kommandeurs
 en ander oor my geplaas gedurende die seereis en daarna aan land;
 dat ek my getrou en stip sal hou aan alle wette en verordeninge reeds
 gemaak of wat nog gemaak sal word deur die Here Direkteure,
 die Goewerneur-generaal en Raadslede, of die Kommandeur van

Arouze se nooiensvan was Jourdan. Haar bejaarde moeder Jourdan het nog geleef. Hulle het die outeur na vyf huise en ander eiendom geneem wat eeue in die hande van die Jourdan-familie was. Die wynkelder waar die Arouze-familie wyn verbou met 'n Vaudois-etiket is ook al eeue lank Jourdan-eiendom. Die outeur is ook na die grafkelder van die Jourdan-familie in die begraafplaas van Cabrières d' Aigues geneem. Dit is nie meer vandag die gebruik om oorledenes in grafkelders te plaas nie, as gevolg van die hoë onderhoudskoste daaraan verbonde.

⁵⁵ Botha, p.3.

my verblyfplaas en om my in elke opsig te gedra as 'n
goeie en getroue onderdaan.

So helpe my God!

Gedaan en bepaal op die vergadering van die Sewentien op 20 Oktober
1687.⁵⁶

Met die aard van logistiek waaroor die Hugenote beskik het, in gedagte, het hulle waarskynlik die volgende aspekte as voordelig beskou ten opsigte van hulle finale besluit om na Suider-Afrika te kom:

Hulle sou nie alleen op 'n skip en verantwoordelik wees vir die navigasie op see nie. Die verantwoordelikheid vir die aankoms by hulle bestemming het by die bemanning van die skip berus. Hulle moes hul opsies oor waar en hoe hulle moontlik sou sterf, in ag geneem het. Die moontlikheid dat hulle ter see sou sterf en daar te ruste gelê sou word, of dat hulle later in 'n vreemde land sou sterf en begrawe word, was moontlik ook 'n werklikheid waarmee hulle vrede moes maak. Die kommunikasie wat daar was tussen die Kaap en die VOC in Nederland moes nietemin by hulle 'n geborge gevoel ontwikkel het. Die opsie om na vyf jaar terug te keer, was 'n goeie aanbod maar waarskynlik nie 'n deurslaggewende gedagte vir die Jourdan-familie nie. Hierdie opsie het nie na die Amerikas bestaan nie. Die koms na die Kaap met die vooruitsigte van 'n groeiende verversingstasie was moontlik 'n groot uitdaging veral uit 'n landbouer se oogpunt. Die gedagte dat die Kaap produkte voorsien het aan die VOC- se skepe, het dalk 'n naelstringgevoel geskep vir die Jourdan-familie ten opsigte hulle herkoms. Simon van der Stel se redes vir hul koms moes ook as aanmoediging vir die Jourdan-broers gedien het en hulle 'n gevoel van geborgenheid gegee het.

⁵⁶ Ibid., pp.4-5.

2.4 Die Jourdan-familie se vlug vanaf Cabrière en die skeepsvaart na die Kaap de Goede Hoop

Die algemene weergawe van die koms van die Franse Hugenote en spesifiek die Jourdanbroers na Suid-Afrika is nie so simplisties en eenvoudig as wat dikwels aangeneem word nie. Die hele homologeringsproses tussen die Hugenote en die VOC het meer as twee jaar geneem. Nêrens in die literatuur word daar verwys na die feit dat die Hugenote met die VOC onderhandel het oor 'n geleentheid om per boot na die Kaap te vaar nie. Die hele aangeleentheid het op inisiatief van die VOC geskied.

Vier datums wat tot dusver in die hoofstuk aangeraak is, wat 'n rol gespeel het in die aflê van die eed is die volgende:

- 3 Maart 1685: Die VOC neem 'n besluit om 'n aanbod aan die Hugenote te maak om hulle aan die Kaap de Goede Hoop te vestig
- 23 Oktober 1685: Koning Lodewyk XIV herroep die Edik van Nantes in Frankryk
- 20 Oktober 1687: Die Jourdanbroers en hulle moeder lê die eed af ten opsigte van dissipline aan die Kaap de Goede Hoop
- 20 Maart 1688: Die Jourdanbroers en hulle moeder vertrek met die VOC-boot *Berg China* na Suid-Afrika. Die bootreis eindig op 4 Augustus 1688 aan die Kaap.⁵⁷

Hieruit kan afgelei word dat dit twee jaar en twee weke geneem het sedert die VOC se besluit en die aanvaarding van die eed. 'n Verdere vyf maande het verloop tot die seereis begin het. Daar het 29 maande verloop sedert die VOC se besluit om Hugenote na die Kaap te neem totdat die skip vertrek het.

⁵⁷ Botha, pp.4-5; Coertzen, Die koms van die Franse Vlugtelinge na Suid-Afrika, pp.46-49; <http://www.olivetreenealogy.com/ships/sahug15.shtml>, pp.3-4; <http://www.inghist.nl/Onderzoek/Projecten/das,pp.1-2>.

Die Jourdan-broers en hulle moeder was nie oningelig en geloofseenvoudig nie. Die volgende scenario verstrek hierdie opvatting. Hulle het presies geweet wat die situasie in die Amerikas was en het die omstandighede met die skeepsvaarte oor die Atlantiese Oseaan geken. Hulle was reeds 29 maande in 'n onderhandelingsfase met die VOC. Die Jourdan-familie het 'n nuwe tydvak betree deur kennis te maak met die maritieme aktiwiteite van die VOC, wat reeds sedert 1602 in bedryf was. Die VOC en Nederland was die leiers in die wêreld op die gebied van maritieme handel met die Ooste. Ongeveer 1 500 skepe is vir die VOC tydens hul bestaan gebou, waarvan 336 skepe deur die *Kamer van Zeeland* gebou is. *Berg China*, waarmee die Jourdan-familie sou vaar, is deur die Kamer van Zeeland gebou. Meer as 100 van die skepe wat deur die Kamer van Zeeland gebou is sou nooit hulle bestemmings bereik nie. Die lot van die skepswrakke is weer 'n navorsingsveld op sy eie.⁵⁸

Behalwe dat die Kamer van Zeeland skepe gebou het vir die VOC, was hy ook betrokke met handeldryf en die vestiging van 'n nedersetting in die Wes- Indiese Eilande, suidoos van Noord-Amerika. Hulle eerste nedersetting waarna daar in 1621 verwys word, is Essequibo in die Wes-Indiese Provinsie, Toboga.⁵⁹ Gedurende Februarie 1658 het die Kamer van Zeeland 'n groep koloniste na Guyana gestuur. Na hul veilige aankoms in Augustus 1658 aan die Pomeroronrivier het hulle die nuwe nedersetting *Nova Zeelandia* genoem.⁶⁰

Daar bestaan verskeie bronne met naamlyste van die verskillende skepe en ook watter Hugenate op spesifieke skepe was.⁶¹ In sy boek *Die Kaapse Hugenate* het Botha 'n opgaaf van die handtekeninge en *facsimilés* van handtekeninge van sommige Franse uitgelig.⁶² Een van die twee Jourdan-broers, Pierre, se handtekening kom op die *facsimilés* voor.

⁵⁸ <http://www.aair17.ukgateway.net/vocwrecks.htm>, p.1.

⁵⁹ <http://www.guyana.org/features/guyanastory> The Dutch West India Company.

⁶⁰ *Ibid.*, Treaty of Munster.

⁶¹ Botha, pp.88-89; Coertzen, 1988. p.162; <http://www.olivetreegenealogy.com/ships/sahug15.shtml>, pp.3-4; <http://www.olivetreegenealogy.com/ships/sahug15.shtml>, p.2.

⁶² Botha, C.G. pp. 68-69.

In vergaderingstukke van die Politieke Raad word daar verskeie kere melding gemaak van 'n fregat, *De Jordaan* wat die Kaapse hawe aangedoen het op pad na Ceylon. Die kaptein van *De Jordaan* was ene Joost Nooser. Die fregat was afkomstig van die Kamer van Zeeland waar die *Berg China* gebou is wat die Jourdan-Hugenote na die Kaap gebring het. Die fregat het gedurende 1709 koring wat in die Kaap gelaai moes word na Batavia vervoer. By 'n ander geleentheid het die *De Jordaan* onder meer 21,8 ton lood vir die Kamer van Zeeland na Batavia vervoer.⁶³

Daar word ook verwys na 'n matroos, Gerrit Jourdan, van Amsterdam wat die Kaap op pad na die Ooste aangedoen het. Daar word nie spesifiek aangedui watter jaar Gerrit Jourdan as matroos verby die Kaap gevaar het nie, en daar is geen aanduiding dat daar enige verwantskap was tussen hom en die twee Jourdan-broers wat wel na die Kaap gekom het nie.⁶⁴

Teen 1680 het die VOC reeds aan 60 000 mense werk verskaf.⁶⁵ Die personeel van die VOC op die skepe was verdeel in twee groepe, naamlik matrose en soldate. Bruijn beskryf die samestelling van die VOC se werkerskorps breedvoerig. Die personeel se lande van herkoms was onder meer Duitsland, Switserland, Pole, Engeland, Skotland, Ierland en Denemarke. Hy meld verder dat die getal Nederlanders in Batavia teen die einde van die 17de eeu in diens van die VOC skaars tien was.⁶⁶

Soos afgelei kan word deur die getal skepe en mense in diens van die VOC, het hulle ook 'n uitgebreide organisasie gehad ten opsigte van verskeie dissiplines op die skepe.

⁶³ Böeseken, *Resolusies van die Politieke Raad Deel IV. 1707- 1715*, pp188-190 & 240.

⁶⁴ Böeseken, *Resolusies van die Politieke Raad . Deel V. 1716*, p.7.

⁶⁵ Bruijn, J.R. *Op de schepen der Oost-Indische Compagnie*, p.15.

⁶⁶ *Ibid.*, pp.26&62.

Aspekte soos organisasie en arbeidsvoorwaardes, gesondheid, vermaak, geestelike sorg, voeding, tug en regspraak was goed georganiseer.⁶⁷

Die siektes op die skepe het soms krisisafmetings aangeneem. Bruijn verduidelik een spesifieke siektetoestand:

*De scheurbuik of het blauwschuit, thans so goed als alleen bij name bekend, maar oudtijds van alle scheepsziekten de veelvuldigst voorkomende, schijnt als het ware een kort begrip te zijn geweest van alle mogelijke kwalen. Verlamming van de ledematen, ontsteking van het tandvlees, tanden zo los in de mond staande dat men ze met de tong kon uitduwen en er geen spijzen mee kauwen kon, waren de meest gewone verschijnselen.... Gezwollen tandvleesch, dikke beenen en blauwe vlekken zijn er de echte kenmerken van. Wanneer het kwaad verergert wordt het tandvleesch op het minste aanraken niet alleen bloedig en de adem door het bloed, dat tusschen de tanden zit, stinkende maar de mond zelf met zweren of wild vleech bezet, de beenen barsten open en er komen stinkende zweren op. Velen, wanneer het kwaad verergert, klagen niet alleen van pijn in armen en beenen maar van benauwdheid en steken op de borst met moeilijken hoest. Sommigen geraken aan bloedige afgangen of doodelijke waterzucht Sommigen, op het oog niet heel erg schijnende en nog tamelijken eetlust hebbende, vallen bij de minste beweging of wanneer zij in de lucht komen in flauwten, ja zelfs dood neder.*⁶⁸

Wat die voeding en rantsoene betref, het die Hugenote bepaalde voordele gehad. Ten spyte van die hoë gesondheidsrisiko op die skepe, moes die rantsoene gereeld bepaal

⁶⁷ *Ibid.*, pp.43-47.

⁶⁸ *Ibid.*, pp.81-82.

word vir die matrose en soldate van die VOC wat na Batavia gereis het en dikwels ook die retoerreis na Holland onderneem het.

Die weeklikse rantsoen vir 'n persoon aan boord van 'n skip was:

- 1,4 kg – 2,3 kg brood
- 3 of ,7 kg vleis plus die gelyke maat spek
- ,2kg, ,3kg of ,5 kg stokvis
- ,2 kg botter om saam met die brood te gebruik
- 1 of 2 mutsjes (drinkglase) olyfolie om met die brood te gebruik indien die botter op is
- 1 of 2 mutsjes asyn wat vir sous gebruik kon word.
- Een flapkan water daaglik of, indien die water skaars geraak het, 3-8 mutsjes water per dag
- Half tot twee mutsjes Spaanse wyn elke derde dag of driemaal per week een mutsje elk
- 1-4 mutsjes Franse wyn
- een flapkan of ses mutsjes bier
- een-sesde, een-kwart of halwe mutsje brandewyn
- een van die maatreëls wat getref is om die gebruik van vars water te beperk was om die sout-, vark- en ander vleis in seewater te kook.⁶⁹

Bruijn verduidelik breedvoerig die omstandighede waaronder die kos aan die skepe voorsien is en hoe van die verskaffers die voedsel voorberei het. Een so 'n voorbeeld was dat die skepskos oor die algemeen hard gebak was, en dat die vleis soms reeds vier tot ses jaar in die pekel gelê het. Die kos het dan in die versengende hitte in die skepsruim vinnig bederf.⁷⁰ Van die matrose het mettertyd die kuns aangeleer om vars brood op die skip te bak. Kaas is as versnapering saam met die brood bedien. Die skepe wat tussen

⁶⁹ *Ibid.*, pp.113-114; Botha, C.G. p.6.

⁷⁰ *Ibid.*, p.117.

Desember en Maart na die Kaap gevaar het, het twee maal per week een pekelharing per persoon uitgedeel.⁷¹

Indien 'n skeepspassasier siek sou word ter see, is daar addisionele aandag aan so 'n sieke gegee. Daar is ook 'n roetine gevolg wanneer iemand siek geword het. Die sieke moes aan sy kamermaat of ander vertroueling op die skip bekend maak dat hy of sy siek is. Indien dit nodig sou wees, moes die sieke ook die vertroueling inlig oor ander sake, indien hy of sy te sterwe sou kom. In die geval van 'n besmetlike siekte moes die matrose 'n plek inrig waar die sieke in afsonderling kon lê. As gevolg van die beperkte ruimte op die boot het die skeepsdokter die siekes aan weerskante van die boot laat lê, waar die boot op sy breedste was. Spesiale banke is vir hulle gemaak. Hier het dikwels tussen 20 en 25 siekes gelê wat mekaar se hande vasgehou het. Die siekte-omstandighede het gewissel van hoë koors, erge pyn en lyding, 'n baie verswakte liggaam met tekens van ontsteking, of mense wat reeds gesterf het.⁷²

Indien een van die passasiers in die nag te sterwe gekom het, is die persoon die oggend na die oggendgebed ter see gelaat, en indien 'n sieke gedurende die dag sterf, dan is hy/sy na die aandgodsdienst ter see gelaat. Die seebegrafnis het 'n spesifieke roetine gehad:

- die lyk is in sy hangmat, slaapdeken of kombers toegedraai en met naald en garing toegenaa
- daar was ook die gewoonte om die lyk 'n steek deur die neus te gee met naald en garing, om seker te maak die sieke is dood
- om die oorskot so vinnig as moontlik na die bodem van die see te laat sink, is stene, kanonkoeëls of sand aan die voete vasgemaak
- Almal op die skip het op die dek gaan staan met hoede af
- Die lyk is dan driemaal om die skip gedra
- Vier matrose het daarna die lyk wat op 'n plank gelê het en 'n lint aan die kant gehad het, vasgehou

⁷¹ *Ibid.*, p.121.

⁷² *Ibid.*,p. 95.

- Dan is tot drie getel, gevolg deur 'n kanonskoot en met die voete eerste is die lyk saggies in die see laat afgly
- Daarna is die vlag ook halfmas gestryk.⁷³

Aan 'n passasierslid, soldaat of matroos wat hom skuldig gemaak het aan wangedrag op die skip, is weinig genade betoon. Kielhaal, die strafproses waaraan 'n skuldige hom blootgestel het, was:

- Daar is 'n tou vasgemaak wat van die hoogste punt van die boot loop, onder om die boot se kiel tot weer bo-aan die boot
- Die beskuldigde moes dan langs die tou gaan staan, ontklee tot hy net in sy onderbroek en hemp was
- Hy is dan in 'n harnas geplaas wat spesiaal vir die doeleindes ontwerp is
- Die harnas is dan aan die tou vasgemaak wat om die boot gespan was
- Daar is daarna 'n oliedeurdrenkte spons om die persoon se bo-arm vasgemaak
- Sy ore is met wol gestop en hy is aangeraai om, wanneer hy onder die water is, hard op die spons te byt, wat sou verhoed dat hy te veel seewater inkry
- Daar is hierna soveel as moontlik swaar stene of voorwerpe aan sy voete vasgemaak
- Dan is die beskuldigde tot aan die bopunt van die boot gehys en gelos sodat hy in die see val
- Sodra die bemanning van opinie was dat hy diep genoeg gesink het, is hy onder om die boot na bo getrek. Die proses is dan drie keer herhaal
- Soms het daar bloed uit die persoon se ore en neus gekom en het hy ook flou geword
- Bloot die gevaar van die straf was erg genoeg, afgesien van die feit dat so 'n persoon nog die straf moes ervaar
- Die beskuldigde het die gevaar geloop dat hy sy kop teen die kiel van die boot sodanig kon stamp dat dit sy dood sou veroorsaak.⁷⁴

⁷³ Ibid., pp. 97-98; korrespondensie met Andre van Rensburg.

⁷⁴ Ibid., p.105.

Vervolgens word die fokus geplaas op die skip waarmee die Jourdan-familie Europa verlaat het om na die suidpunt van Afrika te kom. Indien die opgaafrolle van die VOC se skeepvaart tussen Nederland en Batavia nagevors word, blyk dit dat daar geen melding van 'n *Berg China* gemaak word nie. Wat wel in die opgaafrolle voorkom, is die naam *China*. Die vertekdatum en passasierslys stem ooreen met dié waarna algemeen verwys word dié *Berg China*.⁷⁵ Die kaptein van die skip met die Hugenote op, was Samuel Janse van Grol.⁷⁶

Die ooglopende rede vir die foutiewe vertolking van die skeepnaam, spruit waarskynlik uit die statistiek van die nege opgetekende skeepvaarte van die skip *China* tussen Nederland en Batavia. Die skeepsinligting word in sewe kategorië verdeel. Die naam van die skip word telkens aangedui as *China*. Hierdie bronne meld dat die skeepskaptein in 1683 ene Pieter van den Berg was. In dié geval kan die aanname gemaak word dat hy tydens sy eerste vaart as skeepskaptein gedurende 1683 so 'n legende geword het, dat die skip onder die matrose en soldate as *Berg se China* bekend geword het. Die tweede aanname is dat tydens die oorskryf en oordra van die skeepsinligting verwarring ontstaan het oor die skeepstatistiek en dat die *Berg*-gedeelte van die van, Van den Berg, by die skip se naam gevoeg is, wat dus die oorsprong van die naam *Berg China* kon wees.⁷⁷

Kyk bylaag 6

Die seereis van ses maande van die *Berg China* het in die Noordelike Halfrond se lente begin. Vandaar dat hulle aanvanklik 'n vroeë somer op die see beleef het en daarna, met die oorsteek van die ewenaar, hulle weer algaande in winteromstandighede bevind het.

⁷⁵ <http://www.inghist.nl/Onderzoek/Projecten/das,pp.1-2>.

⁷⁶ <http://www.olivetreegenealogy.com/ships/sahug15.shtml>, p.3.

⁷⁷ <http://www.inghist.nl/Onderzoek/Projecten/das,pp.1-2>.

China, soos die ander skepe van die tyd, was klein met beperkte slaap- en woonruimte. Die *China* en die *Oosterlandt* was twee van ses skepe wat ewe groot was. Sommige van die skepe was slegs 31,6 meter lank. Die *China* was bekend as 'n *spiegelschip*. Sy gewig was 1 124 ton. Die passasiers is blootgestel aan stormagtige see, stranding en brandgevaar, asook die potensiële gevaar van seerowers wat nie net jou besittings wou roof nie, maar die passasiers gevange kon neem en die boot kon konfiskeer.⁷⁸

Die ontleding van die opgaafrol van die *China* bring sekere nuwe inligting na vore, waarna verkeerdelik of geensins voorheen verwys is in bronne oor die mense aan boord van die skip nie. Hier word spesifiek na Botha, Coertzen en Boucher se werke verwys.⁷⁹ Aldrie die bronne verwys net na die Hugenate-komponent van die skip. Die bronne dui ook aan dat die skip *China* vanaf Rotterdam vertrek het, terwyl die opgaafrol aandui dat die hawe van vertrek Goeree was.⁸⁰ Goeree is aan die suidweste van Nederland geleë.⁸¹

Kyk bylaag 7

In Akveld se boek, oor die maritieme geskiedenis van Nederland (volume II), gee hy 'n baie goeie uitleg van hoe Nederland met al sy verskillende eilande in die 17 de eeu gelyk het. By 'n noukerige ontleding van die kaart is dit duidelik waarom sommige historici beweer dat *China* vanaf Rotterdam vertrek het, teenoor die opgaafrol van die skip *China* wat die plek van vertrek as Goeree aandui. Akveld haal Temple aan wat oor die Zuidersteden skryf:

*... the entrance of the Tessel and passage
over the Zudder-Sea is more dangerous than a Voyage from there*

⁷⁸ Botha, p.6; [http://www.inghist.nl/Onderzoek/Projecten/das.p.1](http://www.inghist.nl/Onderzoek/Projecten/das.p.1;);
http://www.members.tripod.com/~berg_china.html

⁷⁹ Botha, p.8; Coertzen, P. 1988, p.80; Boucher, M. *French Speakers at the Cape*, pp.188-189.

⁸⁰ <http://www.inghist.nl/Onderzoek/Projecten/das.p.1>.

⁸¹ <http://www.zuid-hollandse-eilanden.nl/home.html> Zuid-Hollandse-Eilanden Voorne-Putten/Goeree-Overflakke.

*to Spain, lying all in blind and narrow channels.*⁸²

Die naaste monding in die see vanaf Rotterdam was die van die Maas, wat mettertyd toegeslik of “verzand” het. Dit het veroorsaak dat die skepe van die Kamer van Zeeland wat van Rotterdam afkomstig was, soos Tessel aandui, die gevaarlike blinde en nou kanale moes volg, wat na die alternatiewe seemonding gelei het, naamlik die Goereese Gat wat langs die eiland Goeree geleë was.⁸³

Voordat daar breedvoerig na die Hugenote-komponent van die skeepspassasiers gekyk word, is dit nodig om die volledige komponent van die skip se bemanning en passasiers te ontleed. Die persone aan boord van die *China* het bestaan uit drie komponente, naamlik die matrose, die soldate en die Hugenote. Anders as die indruk wat met oorlewering gelaat word, het die skip nie spesiaal na die Kaap gereis om net die Hugenote te bring nie. Die skip was inderdaad op pad na Batavia. Daar was ‘n totaal van 305 persone aan boord. Daar is 19 matrose op see dood. Dit verteenwoordig 6,2% van die passasiers. Geen soldaat is as dood aangegee nie.⁸⁴

Chomat gee ook ‘n kort verslag van elke Hugenoot wat met die skip *Berg China* na Suid-Afrika gevaar het. Hy doen verslag oor elke lid, in die presiese volgorde wat die groep hulleself aan die Franse predikant in *Frankfurt-am-Main* aangemeld het. Die artikel dui ook aan dat nie al 50 vlugteling wat as groep saamgevlug het, wel saam na Suid-Afrika gevaar het nie. In die groep van die *Berg China*, was Jeanne Marque (60), weduwee van Pierre Jourdan, haar drie kinders en drie kleinkinders.⁸⁵

Die drie kinders was Marie, die oudste wat toe reeds op 40 weduwee was. Haar man was Jean Roux. Sy het drie dogters gehad, Jehanne (15), Marie (10) en Margarit (7). Sy het op 8 September 1687 haar grond in La Motte-d’Aigues d’Aigues vir 27 liere verkoop.

⁸² Akveld, L.M. *Maritieme geschiedenis der Nederlanden*, p.83.

⁸³ *Ibid.*, p.83.

⁸⁴ <http://www.inghist.nl/Onderzoek/Projecten/das,p.1>.

⁸⁵ *Ibid.*, pp.34-35.

Vermoedelik is Marie en haar dogters op see dood. Jehan, ook Jean genoem (28), was die tweede kind en Pierre (24), die jongste.⁸⁶

Deel van die groep was Isabeau Long, haar suster Catherine en hulle ouers Pierre Long en Jeanne Goirand. Jean Jourdan en Isabeau Long moes in alle waarskynlikheid tussen Januarie 1688 en Maart 1688 getrou het. Die rede hiervoor is dat sy nie op die oorspronklike skeepslys van Desember 1687 was wat per skip na Suid-Afrika sou kom nie. Ook in die groep was Jacques Malan wat later met Jean Jourdan se weduwee, Isabeau Long, in 1699 in Suid-Afrika sou trou.⁸⁷

Daar was 34 Franse vlugtelinge aan boord met die vertrek, maar meeste van die Hugenate is op see dood.⁸⁸ Botha het breedvoerig navorsing gedoen oor die passasierslyste van die onderskeie bote waarop Hugenate was. Hierdie bron word as die gesaghebbende ten opsigte van die Hugenate-passasierslyste sedert hulle vertrek tot en met hulle landing aan die Kaap beskou.⁸⁹

Die passasierslys van *Berg China*, soos op 23 Desember 1687 in 'n uittreksel van die Kamer van Rotterdam, meld dat daar 34 Franse vlugtelinge (Hugenate) aan boord was. Die 34 persone het uit twaalf groepe bestaan. Die twaalf groepe het agt families en vier individue verteenwoordig. Van die agt families is drie families verteenwoordig deur een groep broers en twee groepe neefs. Die neefs se ouderdomme het gewissel tussen 15 en 23. Die broers was onderskeidelik 16 en twaalf. Onder die 34 was daar net vier getroude pare. Die groep van 34 kan verdeel word in die vyf groepe;

Mans: 10 (die gemiddelde ouderdom 26,5 jaar)

Vrouens: 5 (die gemiddelde ouderdom 24 jaar)

Weduwees: 3 (die jongste 40 en die oudste 64)

Seuns onder 20 jaar : 8 (die gemiddelde ouderdom 12 jaar)

⁸⁶ *Ibid.*, pp.34-35.

⁸⁷ *Ibid.*, pp.35-36.

⁸⁸ Botha., p.8.

⁸⁹ Colin Graham Botha was hoofargivaris van die Unie van Suid-Afrika .

Dogters onder 20 jaar: 6 (die gemiddelde ouderdom 13,5 jaar)

Babas onder tien maande:2 (een van 5 en een van 10 maande)⁹⁰

Wanneer die passasierslyste en die lys van personalia vergelyk word, nadat die *Berg China* met die Hugenote aan die Kaap geland het, kom 'n mens tot die volgende gevolgtrekking:

Persone dood tydens die seereis: 6

Persone waarskynlik dood tydens die seereis: 14

Oorlewendes van die seereis: 10

Persone wat na Frankryk teruggekeer het: 1

Persone oor wie geen inligting bestaan nie: 3

Totaal:34⁹¹

Dit beteken dat van die twaalf groepe wat die seereis aanvanklik begin het, slegs vier dit oorleef het. Van die vier families het twee en van die vier individue ook twee die seetog oorleef.

Van die tien persone wat die seereis oorleef het, was drie Jourdans. Hulle was die twee broers Jean en Pierre van Cabrières d' Aigues, wie se weduweemoeder, Martha, ter see dood is en Pierre, die neef van twee broers, Paul en Andre Jourdan.⁹² In die *Olive Tree Genealogy*, waarin verwys word na al die skepe wat met Hugenote na Suider-Afrika vertrek het, word bloot na die *China* verwys as die skip wat 'n treurige vaart beleef het met al die sterftes aan boord.⁹³ Theal verwys foutiewelik na 'n ramspoedige seereis van sewe maande. Hy beweer ook dat daar volgens die opgaafrolle meer mans as vrouens na Suid-Afrika gekom, wat nie in lyn was met goewerneur Simon van der Stel se versoek nie.⁹⁴

⁹⁰ *Ibid.*, pp.161-162.

⁹¹ *Ibid.*, pp.69-121.

⁹² *Ibid.*, pp.88-89.

⁹³ <http://www.olivetreenealogy.com/ships/sahug15.shtml>, p.3.

⁹⁴ Theal, G.M.*Chronicles of Cape Commanders*,pp. 282-283.

Daar is 'n teenstrydigheid tussen Botha se statistiek en dié wat in die opgaafrol van die *China* aangedui word. Botha se gegewens is hierbo reeds aangedui terwyl die opgaafrol se gegewens elders in die hoofstuk aangedui is. Daar is drie noemenswaardige verskille: Botha glo dat daar 34 vlugteling op die boot was, terwyl die opgaafrol 38 passasiers aandui. Die tweede verskil is dat die opgaafrol 19 matrose aandui as mense wat op die see gestref het, terwyl Botha beweer dat 20 vlugteling dood is. Die derde verskil is dat Botha glo dat een vlugteling met die aankoms by die Kaap versoek het dat hy wil terugkeer. Die opgaafrol dui aan dat 'n addisionele passasier saam na Batavia vertrek het. Dit is bekend dat die *China* eers Batavia aangedoen het, voordat hy sy retoerit na Nederland onderneem het. Die vlugteling vanaf die Kaap is waarskynlik as 'n nuwe passasier aangedui.⁹⁵

2.5 Die reis na 'n nuwe heenkome

Daar kan aanvaar word dat die *China* op 20 Maart 1688 vanaf Goeree die seetog na die Kaap de Goede Hoop begin het met die klompie Hugenote aan boord. Hulle was deel van die groep passasiers wat die matrose en soldate ingesluit het. Die omstandighede en dissipline ter see is reeds bespreek. Die *China* se bemanning het vier maande en 15 dae later op 4 Augustus 1688 in Tafelbaai aan wal gestap.⁹⁶ Die *China* het 20 dae in Tafelbaai vertoef en toe op 24 Augustus 1688 na Batavia vertrek. Hierdie skip het daarna sy terugtog na Nederland begin. Die skip het gedurende 1690 en 1691 weer by Tafelbaai aangedoen op pad na Batavia. Wat die onderhoud van die *China* betref, word daar in 'n vergadering aan die Kaap aangedui dat die skip wel met sy retoertog van Batavia, Mauritius moes aandoen en van ander skepe teer, pik, seildoek, tou en garing ontvang het vir algemene herstelwerk.⁹⁷ Nêrens in die bronne oor die wrakke van die VOC, kon

⁹⁵ Botha., p.8.

⁹⁶ <http://www.inghist.nl/Onderzoek/Projecten/das,p.1>.

⁹⁷ Böeseken, A.J.Resolusies van die Politieke Raad Deel III. 1681-1707, p.219.

die naam van die *China* opgespoor word nie. Daarom kan aanvaar word dat die China al sy seereise suksesvol voltooi het.⁹⁸

‘n Aspek wat nêrens uitgelig word nie, maar wat duidelik na vore kom met die verloop van die Jourdan-broers en hul mede-Hugenote se vestiging, is hulle aanpassing. Die Hugenate was desperaat om vir hulle lewens en geloof uit Frankryk te vlug. Hulle is met ope arms in Nederland as godsdienst-vlugtelinge ontvang. Die VOC het vanuit ‘n sake-oogpunt hierin ‘n geleentheid gesien waarmee hulle hul produksie aan De Kaap kon verbeter, vandaar hulle aantreklike aanbod aan die Hugenate om aan die Kaap te hervestig. Ten spyte van hulle geloofsonsekerheid in Frankryk, was hulle infrastruktuur verder ontwikkel as wat hulle in die Drakensteinvallei sou beleef. Tweedens was die Hugenate aan die Kaap geensins voorbereid vir ekonomiese oorlewing nie. Van der Stel sou by meer as een geleentheid die Hugenate se stryd om geloofsvryheid vir hulle uitwys in sy gesprekke met hulle predikant, Pierre Simond, wanneer hulle hom genader het oor aspekte wat hulle ekonomiese voortbestaan sou vergemaklik.⁹⁹

Simon van der Stel (1639-1712) was die goewerneur aan die Kaap (1679-1699) tydens die koms van die Hugenate na Suid-Afrika. Hy het plaaslike regering gedurende sy ampstermyn gevestig. Hy het ook landbou en bosbou aangemoedig. Van der Stel het ‘n wetenskaplike benadering tot die wynbedryf gehad. Hy het aan nedersettings buite die Kaap beslag gegee, maar het hoë boetes ingestel vir mense wat verder as sy neergelegde grense getrek het. Van der Stel het met sy boerdery aan die Kaap voortgegaan tot sy dood in 1712.¹⁰⁰

Na sy aftrede as goewerneur in 1699 is Van der Stel deur sy seun Willem Adriaan (1664-1733) opgevolg. Laasgenoemde het hierdie amp bekleed totdat hy deur die VOC in 1706 na Nederland teruggeroep is. Daar kan met reg gesê word dat Willem meer in sy persoonlike ekonomiese aktiwiteite as die van die *Kompanje* belang gestel het. Dit blyk

⁹⁸ <http://www.aair17.ukgateway.net/vocwrecks.htm>, pp.1-13.

⁹⁹ Hugenate wat na die Kaap gekom het. 1996 Reeks 6,p.32.

¹⁰⁰ Microsoft Encarta 2002.

uit die klagtes wat die boere teen hom ingebring het, sy onderhandelingsmetodes en die uiteindelijke besluit om hom na sewe jaar as goewerneur terug te stuur na sy vaderland.¹⁰¹

Van die klagtes en besware teen Willem Adriaan van der Stel was onder meer: dat die Hugenote en Nederlanders elkeen 55 hektaar grond ontvang het, terwyl die Goewerneur die plaas Vergelegen gekry het wat 364 hektaar beslaan het. Saam het hy, sy broer en sewe of agt hooggeplaaste amptenare meer as 10 900 hektaar bewerk. Die boere moes aan die Goewerneur produkte lewer, waarvan hy die prys bepaal het. Hy het slawe en knegte van die Kompanje gebruik om op sy plaas te werk. Die Vryburgers wat grond ontvang het, moes eers geskenke aan Van der Stel gee, anders kon hy hulle grond terugneem. Daar is van die boere in Franschoek verwag om dekriet na Vergelegen aan te ry. Hierdie opdrag het tot groot ontevredenheid onder sommige boere gelei.¹⁰²

Die ontevredenheid onder die boere teen die Goewerneur het in Desember 1705 'n hoogtepunt bereik. In Februarie 1706 stel Willem Adriaan van der Stel 'n getuigskrif op, waarop hy al die boere versoek om dit te teken indien hulle tevrede was met sy administrasie. Jacques Malan was een van die boere wat geweier het om die getuigskrif te teken, hoofsaaklik omdat sy plaas La Motte-d'Aigues, nog nie op sy naam was nie. Dertig Franse het die getuigskrif onder- teken, terwyl 42 nie saamgestem het met die inhoud en geweier het om te teken. Jacques Malan het teen die getuigskrif geteken, terwyl Pierre Jourdan ten gunste van die getuigskrif geteken het. Na die ondertekening het die boere wat ten gunste van die Goewerneur geteken het, bevestig dat hulle gevrees het dat hulle hulle grond kon verloor.¹⁰³

Die vraag kan tereg gevra word in watter mate die verskillende standpunte oor die getuigskrif vir Pierre Jourdan en Jacques Malan, wat met Pierre se broer se weduwee getroud was en sodoende La Motte-d'Aigues bekom het, se verhouding beïnvloed het.

¹⁰¹ Malherbe, J Die aandeel van die Hugenote in die stryd teen W.A. van der Stel, p.36.

¹⁰² Ibid., pp.36-37.

¹⁰³ Ibid., pp.38-39&41-42.

Die rede vir die vraag is tweërlei. Aan die eenkant is die vraag, indien die twee swaers voor die ondertekening van die getuigskrif 'n normale buurmanskap en nuwe familieband gehad het, wat was die uitwerking op hulle verhouding weens uiteenlopende standpunte oor Van der Stel se administrasie? Die tweede gedeelte van die vraag is of hierdie insident, waar Jacques Malan erken het dat hy uit vrees vir die behoud van sy plaas wat nog nie op sy naam geregistreer was nie, ten gunste Van van der Stel se administrasie gestem het, 'n vroeë voorbeeld is waar landsburgers deur die regering gemanipuleer is tot voordeel van die heerser?

2.6 Aankoms en die reëlings tydens die eerste twee maande aan die Kaap

Die skip *China* het teen 'n houtkaai in Tafelbaai vasgemeer. Anders as die huidige ligging van Kaapstad en die Kasteel, was die Kasteel in 1688 langs die see geleë. Met stormweer het die seewater tot by die Kasteel se ingang gekom. Kaapstad was oorspronklik bekend as *De Kaap*.

Nadat die Hugenote die *China* verlaat het en aan wal gestap was die werknemers van Simon van der Stel gereed om hulle te ontvang en hulle na die Drakensteinvallei langs die Bergrivier te vervoer.¹⁰⁴

Die meeste van die Franse vlugteling het byna geen besittings gehad met hulle aankoms aan die Kaap nie. Die Jourdan-broers en hulle medepassasiers is by huise van burgers aan die Kaap uitgeplaas, wie ook tydens ander skepe se tydperk van anker aan die Kaap passasiers teen betaling aan huis geneem het. Die Kompanje het hulle vir etlike maande van beskuit, gedroogde ertjies en soutvleis voorsien. Elke boer het ongeveer een kilogram ammunisiepoer en 'n halwe kilogram lood ontvang, waarmee hy wild kon skiet om sy familie te voed. Die Kaapse burgerraadslede en die Heemrade van

¹⁰⁴ Louw, J.M. 1978. *The Huguenot Story*. p17.

Stellenbosch het elkeen ses waens verskaf om die Franse met hulle bagasie te help, 'n totaal van twaalf waens. Elke boer het 'n graaf en sekel ontvang met 'n minimum gereedskap om 'n huis te bou. Hulle het die grond as vrye eiendom ontvang, wat beteken dat hulle dit kon verkoop of aan 'n erfgenaam nalaat. Sestien boere moes 'n span osse met een ploeg deel. Die osse en ploeg is destyds net aan die Hugenote geleen.¹⁰⁵

Die tog na die Drakensteinvallei

Die Jourdan-broers en hul medepassasiers het op Donderdag 14 Oktober 1688 saam met die Goewerneur en ander beamptes na die Drakensteinvallei vertrek.¹⁰⁶

Die geselskap het die eerste aand by De Kuilen, tans Kuilsrivier, oornag. Verskeie vlugtelingte het disenterie (ook buikloop genoem) opgedoen, waaraan sommiges oorlede is. Sterftes was so 'n algemene verskynsel dat daar nie eers daarvan rekord gehou is nie. Die geselskap het die volgende middag die klein nedersetting van Stellenbosch binneger, waar hulle die volgende vier aande oornag het. Stellenbosch is die tweede oudste dorp in Suid-Afrika, wat in 1679 deur Simon van der Stel gevestig is. Hier is die eerste preek deur die Hugenote se predikant, Pierre Simond, die Sondagoggend gelewer. Twee dae later het die Goewerneur 100 osse en 20 verse onder die nuwe boere verdeel, vee wat hulle oor 'n lang tydperk kon terugbetaal. Die vyfde dag na hulle aankoms op Stellenbosch, het hulle hulle tog na die Drakensteinvallei voortgesit en in die veld oornag. Die destydse Drakensteinvallei het die hele gedeelte van die Paarl tot Oliphants Hoek behels en sou later as Franschhoek bekend staan. Hulle het die volgende oggend in die vallei tussen die Bergrivier en die Rivier Zondereind gearriveer. Twee dae daarna het die geselskap nog steeds hulle pad deur die ongerepte natuur gevind, met hulle spanne osse en die waens wat vallei-op beur. Die Goewerneur was baie in sy skik om die Nederlanders wat hy die vorige jaar daar gevestig het se mooi oeste te sien. Hy het hierop die Hugenote, sommiges met families en ander ongetroud, begin aflaaï tussen die Nederlandse boere. Die Hugenote se enkele besittings is afgelaai tussen die lang gras en

¹⁰⁵ *Ibid.*, p. 18.

¹⁰⁶ *Ibid.*, p. 19.

elke ongetroude of familie is op sy toegekende, onbewerkte en bebosde grond gelaat om sy nuwe toekoms te begin. Die volgende dag het Van der Stel 20 trekosse, 20 verse, 100 skaapooie en 100 slagskape onder die Hugenote verdeel.¹⁰⁷

Grondtoekenning en die gee van plaasname

Jean en Pierre Jourdan het elkeen 'n plaas van 54,6 hektaar ontvang. Die Drakensteinvallei het bekend geword as *Oliphants Hoek*.¹⁰⁸ Jean het sy plaas La Motte-d'Aigues genoem en Pierre sy plaas Cabrierre.

Die Jourdan-broers en die ander Hugenote was dankbaar vir die grond, nadat hulle deur 'n doodskaduwee in hul eie vaderland moes gaan. Die Drakensteinvallei het destyds nog volop leeus en luiperds gehad. Twee bure het 'n "firelock" ontvang wat hulle moes deel om hulself teen hierdie diere te beskerm. Die Khoikhoin het ook nog rondgeswerf op soek na wonings om te plunder. Die Hugenote het krale van doringtakke gebou om hul vee teen die ongediertes te beskerm. Daar is ook loopgrawe om die krale gegrawe om die wilde diere af te skrik. Die Hugenote was dankbaar vir hul vryheid, maar hulle was nog altyd huiwerig omdat die kolonie se grense na aan mekaar was, dreigende gevaar van inboorlinge en ongedierte en lyke wat pas begrawe is die prooi van rondsluipende gediertes was.¹⁰⁹

Paarlberg is in 1657 ontdek deur 'n lid van Jan van Riebeeck se personeel, Abraham Gabbema. Onder die berg loop die Bergrivier in 'n westelike rigting. In 1687 is die eerste plase aan Nederlanders toegeken en die volgende jaar, 1688, is verskeie Hugenote daar grond aangebied. Paarl self het geen spesifieke begin gehad nie. *De Kaapsche Wagenpad* het aanvanklik langs die Bergrivier geloop en algaande het ontwikkeling aan weerskante

¹⁰⁷ *Ibid.*, p.20.

¹⁰⁸ Botha, p.143.

¹⁰⁹ Louw, p.23.

van die pad plaasgevind.¹¹⁰ Die Bergrivier het sy oorsprong in die berge by Franschhoek waar die Jourdan-broers hul grond sou kry.

'n Paar belangrike aspekte het uit die vestigingsprobleme na vore gekom. Volgens alle aanduidings het die Goewerneur waarskynlik baie dieselfde roete gevolg as wat die nasionale pad (N1) vanaf Kuilsrivier na die Paarl, vanaf Stellenbosch om die berg naby die Paarl om en toe die Drakensteinvallei op beweeg, tot waar Franschhoek vandag is. Dit beteken dus dat Pierre Jourdan tweede laaste en Jean Jourdan laaste afgelaai is. Die rede waarom Jean laaste afgelaai is, was waarskynlik omdat daar nie plase verder suid toegeken is nie. Jean en Pierre het ook seker gemaak dat hulle bure was. Met al die siektes wat aangedui is, eers aan boord van die skip en toe vanaf die Kaap op pad na die Drakensteinvallei, is dit duidelik dat Jean en Pierre goeie gesondheid geniet het, en dat hulle wel die seereis en later die watog oorleef het. Dit is duidelik dat die predikant, Pierre Simond, alle reëlings tussen die Hugenote en die Goewerneur hanteer het. Dit is waarskynlik deels daaraan toe te skryf dat daar so min inligting oor elke Hugenoot was. Louw meld ook dat, as gevolg van die Hugenote se oorlewingstryd, geeneen behalwe die predikant enige rekords gehou het nie.¹¹¹ Daar kan aanvaar word dat omdat die Jourdan-broers twee van min Hugenote was wat uiteindelik in die Drakensteinvallei gevestig is, die omstandighede soos hierbo uitgestip is, op elke Hugenoot en spesifiek die twee Jourdan-broers van toepassing was. Uit die grondbriewe is dit ook duidelik dat Jean en Pierre nie rondgetrek het toe daar aan die versoek voldoen is nie.

Die distriksbelasting wat die nuwe grondeienaars moes betaal, was bekend as Leeu-en-Tierbelasting. Hierdie benaming van die belasting is ook 'n aanduiding van hoe ongerep die Oliphantshoekvallei inderdaad was.¹¹²

¹¹⁰ Bulpin, T. V. . Paarl, Tulbagh, and the valley of the Huguenots, p.15; De Bosdari, C. 1971. Cape Dutch Houses and Farms, pp.82.

¹¹¹ Louw, J.M. The Huguenot Story, p.23.

¹¹² De Bosdari, p.77.

Huisbou

Ten einde 'n huis te bou, het elke persoon twee bytels, twee handbyle, twee vyle, een skaaf, een saag, een handboor, een troffel en 2,3 kilogram spykers ontvang.¹¹³ Met weinig geld en materiaal tot hulle beskikking kon hul net eenvoudige huisies bou. Hulle is van planke voorsien om 'n tydelike afdak op elke plaas te bou. Daar was aanvanklik nie tyd om 'n huis te bou nie, aangesien hulle hulself moes beskerm teen die sterk winde, die weer en wilde diere. Daar was ook nie tyd om stene te maak nie, wat tot gevolg gehad het dat mure van klei en takke gebou is. Die vensters is met sak toegemaak en die dak van gras gemaak. Hierdie tendens het vir tot drie geslagte voortgeduur. Die grootte van die huise het gewissel van twee tot drie vertrekke.¹¹⁴

Die Hugenote wat gewoon was aan hande-arbeid het vir hul huise van modder en gras gebou en 'n groentetuin begin. Daar was egter onder hulle diegene wat nie gewoon was aan hande-arbeid nie, en wat met groot moeite iets probeer doen het. Met hulp en motivering van hul mede-Hugenote het hulle egter hul boerderye begin. Weens hulle gesukkel, het die VOC aangebied om hulle te help met die verkryging van slawe.¹¹⁵ Du Pre beaam dat nie alle Hugenote boere was nie.¹¹⁶

2.7 Probleme met handeldryf en die lewering van plaasprodukte aan die Goewerneur van die Kaap

Pas nadat die Hugenote op hul primitiewe wyse gevestig is, het predikant Pierre Simond elke Hugenoot besoek. Afgesien van twee boere het hy al die boere in 'n depressiewe toestand gevind. Simond het 'n versoek aan die Goewerneur gerig dat hy vir hulle ander grond beskikbaar moes stel. Die versoek is toegestaan, maar dit was nie 'n maklike taak

¹¹³ *Ibid.*, pp. 77-78.

¹¹⁴ Louw, p. 80.

¹¹⁵ Theal, G.M. p. 285.

¹¹⁶ Du Pre, R.H. *The French Refugees (Huguenots) in South Africa*, p. 23.

nie, omdat die vrugbare grond in die Drakensteinvallei wyd verspreid gelê het. Die toestemming vir hulle trek is ook toegestaan mits hulle nie te ver van hul huidige plase sou trek nie.

Nadat van die boere volgens hul versoek getrek het, het hulle steeds probleme ondervind. Simond het weer 'n brief aan die Goewerneur gerig en onder meer die volgende probleme geskets: Ten spyte van die rondtrek van die boere het hulle nog steeds nie oor die middele beskik om 'n beter lewe te lei nie. Hout was skaars en dit wat daar was, was ver van hulle af geleë. Nadat hulle die hout gekap het, moes hulle dit op hul rûe dra omdat hulle geen waens vir vervoer gehad het nie of teen groot koste 'n wa moes huur.

Verskeie boere kon nog nie 'n huis bou nie. Hulle was dankbaar vir die graan wat die VOC verskaf het, maar hulle het geen vervoer gehad het van die Kaap na die Vallei nie. Die tog na die Kaap het twee dae geduur en dikwels moes hulle lank aan die Kaap wag om slegs 'n gedeelte van die graan wat aan hulle toegeken is te kry. Wanneer hulle uiteindelik die graan ontvang het, het hulle nie 'n wa gehad nie, en moes hulle vir 'n wa-eienaar werk om vir die vervoer te kon betaal. Hulle ander opsie was om van die graan te verkoop om vir die huur van die wa te betaal. Die graanmeulenaar was op Stellenbosch. Ook hy moes betaal word vir die maal van die graan. Die vervoerkoste tussen die Kaap en Stellenbosch was dikwels meer as die waarde van die mielies wat vervoer moes word. Dan was daar boonop vervoerkoste van die meul in Stellenbosch na hul plaas in die Drakensteinvallei. Hulle is ses maande gegun om die meulenaar te betaal. Helaas, wanneer die tyd verval het om te betaal, moes hulle die gemaalde graan verkoop ten einde die meulenaar te betaal. As gevolg van al die onderbrekings het die boere in die Vallei die plantseisoen gemis. Hulle het ook geen ploë en trekosse gehad nie. Die wat wel osse gehad het se osse was te maer om ingespan te word.¹¹⁷

Nie lank na hul aankoms nie, is 'n subskripsielys onder die ouer inwoners van die Kolonie en die dienaars van die Kompanje versprei. Die lys is goed ondersteun in die

¹¹⁷ Louw, p.26.

vorm van geld, vee en graan. Hierdeur het die getal skape wat aan die Hugenote gegee is tot 950 gestyg.¹¹⁸

In 'n brief van Simon van der Stel aan die Bataafse Regering is hulle ingelig oor hoe die Hugenote sukkel met die ongerepte natuur, skuld by die Kompanje vir implemente en die feit dat hulle eers oor drie of vier jaar produkte sou kon lewer. Hulle was so 'n swaar las vir die Kompanje, vandaar dat die Bataafse Regering 'n wisselbrief van 6 000 ryksdaalders, gelykstaande aan 1 250 pond na die Kaap gestuur het. Die geld is in April 1690 onder die Franse gemeenskap verdeel. Jean en sy vrou Isabaeu le Long, sowel as Jean se broer Pierre, het elk 230 ryksdaalers ontvang. Die dag hierna het Van der Stel 'n geskenk van osse aan die Hugenote gestuur. Die Franse het die Goewerneur bedank vir sy gesindheid en bedagsaamheid.¹¹⁹

Verhouding tussen Nederlandse boere en Hugenote

Die vermenging en ook die verspreidheid van die Hugenote het groot ontevredenheid veroorsaak. Meeste van hulle het aan albei kante van hulle Nederlandse boere as bure gehad. Die Franse was nie gelukkig oor die feit dat hulle by die Nederlandse boere en hulle gewoontes moes inskakel nie. Van der Stel verwys in 'n brief aan die VOC na hul wispelturige geaardheid en dat die nageslagte nog na die vleispotte van Egipte verlang het. Die Franse was ook vasbeslote om nie met koloniste van ander nasionaliteite te trou nie.¹²⁰

Die Hugenote was meestal landbouers en grondbesitters met verskeie goeie hoedanighede. Hulle was invloedryke burgers, hoewel die verhouding tussen die Franse en die Nederlanders nie altyd goed was nie. In Europa was Frankryk 'n aartsvyand van Nederland en dit het veroorsaak dat die Kompanje aan die Kaap altyd bedag was op 'n aanval van Franse soldate vanaf die skepe. Selfs in 1705 het 'n lid van die Kompanje aan

¹¹⁸ *Ibid.*, p.27.

¹¹⁹ *Ibid.*, p.27.

¹²⁰ Botha, pp.35-36.

die Franse in die Drakensteinvallei gesê dat hy seker was dat, indien die Franse skepe die Kaap sou aanval, hulle die Franse soldate sou help teen die Kompanje. Sedert 1709 moes alle korrespondensie met die Kompanje aan die Kaap net in Nederlands gevoer word.¹²¹

Eie gemeente en kerksake

Pierre Simond (1651-1713) was die eerste Franssprekende predikant wat saam met die Hugenote per boot na Suid-Afrika gereis het. Hy en sy vrou het in Augustus 1688 in Tafelbaai op die skip *Zuid-Beveland* gearriveer.¹²²

Simond het aan die Goewerneur gevra om die Hugenote as gemeentede naby mekaar te plaas. Sy doel hier was om te preek en om 'n eie skool te help vestig. Indien dit onmoontlik was, kon daar geen buurmanskap, sinvolle lewe of genoegsame geleentheid wees om mekaar te onderskraag nie.¹²³

Van der Stel het na 'n versoek van die Hugenote in November 1688 'n jaar later botweg geweier dat die Franse hul eie gemeente kry. Hy was van mening dat 'n eie predikant voldoende was en dat, indien hy aan die versoek sou voldoen, hulle later hul eie kerk, magistraat en prins sou wou aanwys. Van der Stel het hulle ook aangespreek oor hul sogenaamde astrantheid en hulle aangesê om hul komplotte te staak.¹²⁴

Ten spyte van hulle gemis aan 'n kerk en pastorie is gedurende 1691 'n eerste kerkraad van die Franse gemeente in die Drakenstein saamgestel. Aanvanklik is kerkdienste gehou in 'n verlate huisie en daarna in 'n kamer van 'n boer se plaashuis. Nadat die Franse leraar, Pierre Simond, 'n stuk grond gekry het, is 'n primitiewe kerkgeboutjie opgerig. Later is 'n nuwe kerk gebou en voordat die klaar was, is bevind dat daar nie

¹²¹ Böeseken, A.J. 1962. Resolusies van die Politieke Raad Deel IV. 1707- 1715,p.121.

¹²² Hugenote wat na die Kaap gekom het. 1996 Reeks 6, p.32.

¹²³ De Wet, G.C. (Red) 1975. Resolusies van die Politieke Raad,p.230.

¹²⁴ Ibid.,p.230.

genoeg sitplekke was nie, vandaar dat die vroue hul eie stoele kerk toe moes bring.¹²⁵
 Nadat die VOC 'n Hugenote-kerk toegelaat het, het die VOC sekere voorwaardes gestel: dat die name van die diakens en ouderlinge wat gekies sou word, voorgelê moes word aan 'n raad wat besluite sou neem oor beleidsake, 'n politieke kommissaris moes sitting kry in die kerkraad en belangrike sake op die kerkraadsagenda moes onder die aandag van Kaapse kerkraad gebring word. Die Drakensteinse kerkraad sou beheer kry oor die fondse wat hulself sou genereer en enige oorsese fondse vir hulle kerk sou gesamentlik deur die Kaapse kerkraad en hulleself beheer word.¹²⁶

Van die jonger Hugenote was so ontsteld oor die feit dat die Nederlandse Kerk aan hulle opgedring is, dat hulle hulleself beloof het om met geen Nederlandse meisie of vrou te trou nie. Een van die eerste kerklike tugmaatreëls aan 'n Hugenoot, Jacque de Savoye, was dat hy, volgens ds. Simond se inligting, nog in Frankryk bankrot verklaar is en hy dus die gebruik van Nagmaal verbied kon word. Savoye het hom nie hieraan gesteur nie, en sy dogter is self ook later met 'n Nederlander, Snyman, getroud.¹²⁷

Pierre Simond (1651-1713) was nie net die eerste Franssprekende predikant wat saam met die Hugenote na Suid-Afrika gekom het nie, maar het gewoonlik ook as spreekbuis vir die Hugenote by die Goewerneur opgetree. Die Goewerneur het Simond as sy spreekbuis gebruik wanneer hy 'n saak met die Hugenote wou bespreek. Hierdie wyse van kommunikasie is vermoedelik die rede waarom daar so min inligting oor die Hugenote as individue aan die Kaap is. Die hou van 'n dagboek gedurende die eerste jare van hulle vestiging, toe die Jourdan-broers soos hul mede-Hugenote in ongunstige omstandighede gewoon het, het waarskynlik ook 'n negatiewe gevolg op enige korrespondensie gehad.¹²⁸

¹²⁵ Botha, pp.13-46.

¹²⁶ Theal, G.M. p.291.

¹²⁷ *Ibid.*, pp.282-283.

¹²⁸ *Ibid.*,

Simond het in 1701 aan die Goewerneur 'n versoek gerig om na Nederland terug te gaan. Hierdie versoek is eers in Junie 1702 toegestaan, nadat daar 'n plaasvervanger vir Simond gevind is. Simond, sy vrou en vyf kinders is daarna terug na Nederland. Hy moes vir sy eie seereis betaal.¹²⁹ Die hoofrede waarom Simond na Nederland wou terugkeer, was omdat hy die Psalms wat hy in 1699 geskryf en gekomponeer het terwyl hy in die Drakensteinvallei was, wou publiseer. Sy Psalms was bekend as *Les Veilles Afriquaines, ou les Psaumes de David, Mis en Vers Francois*. Simond het sy Psalms in 1704 gepubliseer. Hy het 'n tweede publikasie in 1707 ook self gefinansier. Pierre Simond is egter in 1708 gelikwideer. Hy het op die ouderdom van 58 twee maal aansoek gedoen vir pensioen en was in albei gevalle onsuksesvol. Hy het daarna in die militêre dorp, Duinekerken, gepreek tot en met sy dood.¹³⁰

Die Hugenote se versoeke om 'n eie kerk, 'n eie skool, asook hul aanpassingsprobleme met te klein plase wat nie vir alle boerderydoeleindes geskik was nie, het hulle gekortwiek. Boonop kon sommige Hugenote aanvanklik nie die boerdery sonder hulp onder die knie kry nie. Die volgende moet in die lig van bogenoemde eweneens in gedagte gehou word: die Franse Hugenote was afkomstig van die beskaafste land in Europa. Ten spyte van die geloofsoorloë in Frankryk, was daar al vir 50 jaar nywerhede en 'n bloeitydperk vir kultuur. Die Franse samelewing het ook baie waarde aan opvoeding en geestelike groei geheg.¹³¹

Tydens die nagaan van die gemeente Drakenstein se geldsake in die Resolusies is dit opvallend dat hoe die Drakenstein-gemeente sy gemeentede (in ponde) ondersteun het.

¹²⁹ Vigne, R. Pierre Simond's Les Veilles Afriquaines: SA's first published work of literature, p.9.

¹³⁰ Ibid., pp.9-10.

¹³¹ Leipoldt, C.L. Die Hugenote, p.198.

	<u>1739</u> ¹³²	<u>1741</u> ¹³³	<u>1742</u> ¹³⁴
aalmoese	3656	4633	4280
arm mense	5068	6691	7980

Uit bogenoemde kan die gevolgtrekking gemaak word dat, hoewel dit nie vir elke Hugenoot en sy afstammeling maklik was om 'n nuwe begin en bestaan te maak nie, hulle tog binne die bestek van 50 jaar daarin geslaag het om volgens hul eie prioriteite 'n gemeente te vestig, 'n nuwe kerkgebou op te rig en vir die hulpbehoewendes te sorg. Om dieselfde rede as wat die Hugenote hulle vaderland moes vaarwel toeroep, het hulle hulle godsdienstige beginsels in hulle nuwe omgewing voortgesit.

Onderwys en taal aangeleenthede

Gedurende 1701 het die VOC sy houding teenoor die Hugenote verander en hulle die gebruik van hulle eie taal in hulle kerk verbied. Die predikant is verbied om in Frans te preek en in die skole sou net Nederlands gebruik word. Teen 1703 kon die meeste Hugenote nog nie Nederlands praat of skryf nie.¹³⁵ Die Franse het nie meer as een-sesde van die burgers aan die Kaap uitgemaak nie. In 1730 is 'n skool aan die Kaap gestig, waar hulle wel toegelaat is om die jeug in Frans te onderrig.¹³⁶

Paul Roux (gebore omstreeks 1665) is in 1688 aangestel as die eerste *voorleser* en onderwyser van die VOC aan die Kaap. Hy was 'n Hugenoot wat met die skip *China* na Suid-Afrika gekom het. Hy is na die dood van sy eerste vrou in 1717 'n tweede keer getroud. Hy het sedert 1717 sy eie plaas, *Nantes*, in die Paarl besit. Hy is dieselfde jaar ten tye van die bou van die tweede kerk in die Paarl gevra om toesig te hou oor die vervoer van die skulpe en die breek van die klippe. Met sy dood in Februarie 1723 was daar nog tussen 25 en 26 Franse Hugenote wat na Suid-Afrika gekom het en wat lede

¹³² De Wet, 1984, pp.7-8.

¹³³ *Ibid.*, p.152.

¹³⁴ *Ibid.*, p.241.

¹³⁵ Leibbrandt, H.C.V. Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters Received, 1695-1708, p.151.

¹³⁶ Botha, pp.13-46; Noble, J. De geschiedenis der Hugenoten in Zuid-Afrika, p.12; Louw, J.M. The Huguenot Story, pp.17-43,80.

was van die Drakenstein-gemeente, wat nie Nederlands kon verstaan nie en dus net Frans kon praat.¹³⁷

Jourdan-broers en die Khoikhoin

In sy boek, waarin hy breedvoerig verslag doen oor die Hugenote aan die Kaap, verwys Botha ook na die kriminele element onder hulle. Hy maak geen melding van enige Jourdan wat verban is of dissiplinêr getug is oor wangedrag nie.¹³⁸ In 'n artikel oor die Khoisan en die Hugenote, bring Bredekamp 'n perspektief vanuit die Khoisan-geledere na vore wat meer gerig is teen die VOC as spesifiek teen die Hugenote. Teen 1696 is veeruil met die inheemse stamme nog deur die VOC verbied. In hofstukke wat bewaar gebly het, word aangedui dat Jean Jourdan en Pieter le Grange twee Franssprekende drosters van ammunisie voorsien het vir 'n onwettige ruiltog, met die verstandhouding dat hulle ook van beeste voorsien sou word. By 'n ander geleentheid het Pierre Jourdan van Cabrierre in 'n vennootskap met 'n kneg van hom anderkant die berge gaan vee ruil. Gedurende 1699 is die Hugenote toestemming verleen om ruilhandel met die inboorlinge te bedryf en is hulle toegelaat om die Kompanje van vars vleis te voorsien¹³⁹

Van meet aan af was daar fundamentele verskille wat uitgeloop het op konfrontasies tussen die VOC se uitgangspunt oor grondbenutting en die Khoikhoin se leefwyse. Die Khoikhoin was 'n inheemse, bevolkingsgroep wat, in stamverband as nomadiese boere in baie dele van die Wes-Kaap voorgekom het. Amptenare van die VOC het hierdie mense in die Kaap aangetref toe die verversingstasie in 1652 aangelê is. Die Khoikhoin het 'n eenvoudige grondbenuttingsplan gehad, naamlik 'n beleid van vrye toegang tot alle grond. Dit het beteken dat hulle agter goeie weiding en water vir hulle vee getrek het. Daarteenoor het die VOC 'n beleid van eiendomsreg, of wat ook bekend was as vrypaggrond, gehad. Dit het daarop neergekom dat die VOC vir die Nederlandse en

¹³⁷ Botha, C.G. *The French Refugees at the Cape*, p24; http://www.geocities.com/sa_stamouers/roux.htm
Stamvader Paul Roux.

¹³⁸ Botha, pp.67-68.

¹³⁹ Bredekamp, H.C. *Khoisan versus Hugenote 1688-1713*, pp.26-27.

Hugenote-boere elkeen 'n stuk grond geïdentifiseer het wat aan elke individu toegeken is en waarop hy 'n bestaan moes voer.¹⁴⁰

Die Khoikhoin het die nuwe intrekkers as indringers en kompeteerdere ten opsigte van hulle vee en weiding beskou. Vir die Nederlanders was die inheemse stam minderwaardige arbeiders. Die Khoikhoin wou hulle grond terugneem wat, volgens hulle, deur die nuwe intrekkers van hulle afgeneem is. Dit het tot twee aanvalle teen die nuwe boere gelei. Die eerste aanval was vyf jaar na Jan van Riebeeck se koms (in 1657) en die tweede aanval was in 1673. Die aanvallers het groot verliese gely.¹⁴¹

In 'n artikel van die Hugenote-Gedenkmuseum word gemeld dat Simon van der Stel vee van die Khoikhoin geruil het om aan die Hugenote te gee. Sodoende kon die Hugenote help met die voorsiening van vleis aan die VOC. Lede van die inheemse stam was nie altyd gelukkig met die ruiltransaksies nie.¹⁴²

Kontak tussen die Khoikhoin en die Hugenote het nie altyd op konfrontasie uitgeloop nie. Kort na die koms van die eerste Franse predikant saam met die Hugenote, Pierre Simond, het hy 'n beleid ten opsigte van die Khoikhoin geformuleer. Hy het geglo dat die lede van die nomadiese stam intelligent was en gekersten kon word sonder om hulle te verwesters. Hy was ook van mening dat 'n familiegroep in plaas van individue genader moes word oor die woord van God. Hy wou ook hê dat sendelinge met klere, in plaas van bloot 'n vel as bedekking, die inboorlinge in die winter moes besoek om aan hulle te verduidelik hoe om die grond te bewerk. Simond het 'n ernstige pleidooi tot die VOC gerig om die Khoikhoin met liefde en eerbied te behandel, wat hulle gehoorsaam sou maak en wat eventueel tot voordeel van die Kompanje sou wees.¹⁴³

¹⁴⁰ <http://www.museum.co.za/khoikhoi.htm>, p.1.

¹⁴¹ *Ibid.*

¹⁴² <http://www.museum.co.za/huguenots1.htm>, p1.

¹⁴³ *Ibid.*, p.2.

Teen die einde van die 17 de eeu het bykans die hele Wes-Kaap aan Nederlanders behoort. Lede van die Khoikhoi wat nog oor was op die Kaapse Vlakte, moes noodgedwonge noordwaarts trek. Die lede van die groep wat in die Wes-Kaap agtergebly het, het mettertyd arbeiders en veral veewagters geword.¹⁴⁴ Soos grondeienaarskap toegeneem het, het veediefstal, aanrandings, inbrake en selfs moorde toegeneem, veral na die koms van die Hugenate. Hierdeur het die Khoikhoi hulle ontevredenheid met die teenwoordigheid van die grondeienaars en slawe teenoor die VOC getoon.¹⁴⁵

Die uitbreiding van die plase het die vraag na arbeid verhoog. Die Kompanje het van sy soldate en matrose aan die boere beskikbaar gestel. Die boere moes aan die Kompanje huur betaal vir die soldate en matrose. Terselfdertyd is slawe ingevoer om die arbeidsprobleem te help verlig. Lede van die Khoikhoi is deur boere wat nie slawe gehad het nie as seisoens-arbeiders gebruik. Die Khoikhoi se gebrek aan ervaring in landbou was 'n groot probleem vir die boere, aangesien die stamlede net bekend was met veeteelt.¹⁴⁶

Die pokke-epidemie wat in 1713 uitbreek het, was die ergste epidemie tot in daardie stadium wat die inwoners van die Kaap, Stellenbosch en die Drakensteinvallei beleef het. Talle slawe, lede van die Khoikhoi, Nederlanders en Hugenate het hieraan gesterf. Ver al die Khoikhoi is uitgedun. Dié wat nie dood is nie, het oor die berge gevlug om weg te kom van die pokke-epidemie in die Drakensteinvallei. Die vlug vanuit die Vallei oor die berge het tot gevegte met ander Khoikhoi-stamme gelei. Die Drakensteinvallei is besonder swaar getref deur die epidemie wat oor vier maande gestrek het. Twee verdere uitbrake van pokke-epidemies het in 1755 en 1767 gevolg. Die sterftes as gevolg van die epidemies het die Khoikhoi byna uitgewis.¹⁴⁷

Tot dusver is daar kortliks gewys op die omstandighede waarmee die Jourdan-broers en hulle mede-Hugenate te kampe gehad het tydens en direk na hul koms. Om 'n beter

¹⁴⁴ <http://www.museum.co.za/khoikhoi.htm>, p.1.

¹⁴⁵ *Ibid.*

¹⁴⁶ *Ibid.*

¹⁴⁷ *Ibid.*, pp.1-2.

begrip te kry ten opsigte van die invloed wat die Jourdan-broers en hulle mede-Hugenote op die genetiese en algemene ontwikkeling van Suid-Afrika gehad het, moet die kollig geplaas word op die invloede van die langdurige oorlewingstryd in Frankryk, eienskappe en vaardighede wat inherent vasgelê is in die Hugenate en hulle nageslagte.

2.8 Bydraes van die Jourdan-broers en hulle mede-Hugenote in Suid-Afrika

Die Hugenate het 'n reuse bydrae gelewer tot die karaktervorming, die intellektuele en die fisiese ontwikkeling van die Afrikanervolk, maar het ook op ekonomiese gebied, veral ten opsigte van die sagtevrugtebedryf en wamakery, 'n besondere bydrae gelewer. Hulle bydrae op die nasionale kulturele, opvoedkundige en godsdienstige terrein is welbekend.¹⁴⁸

Theal se publikasie sluit uittreksels van manuskripte in die Kaapse Argief tot 1691 in. Hy verskaf 'n lys van name van persone wat gedien het in verskillende rade, byvoorbeeld die Kaapse Raad, Burgerraad, Weeskindersraad, Huweliksraad, en die Hof vir Kleinsake-kommissarisse. Die lys word verdeel tussen die Kaap, Stellenbosch en Drakenstein. In die lys van Drakenstein se "most notable inhabitants" kom Jean Jourdan, sy vrou, een kind en Pierre Jourdan se name voor.¹⁴⁹

In die Suid-Afrikaanse konteks kan die Hugenate se invloed of bydrae in vier fasette verdeel word, te wete: persoonlikheidseienskappe, algemene bydrae, landbou, ras-en volk-samestelling. Nêrens in die bronne word daar spesifiek na die Jourdans of enige ander Hugenate-familie verwys ten opsigte van bogenoemde vier kategorieë nie. Daar

¹⁴⁸ Lategan, D. Die Kaapse Hugenate en hul Geskiedenis, pp.131-138; Cilie, M. Die Franse Hugenate, p.13; Bosman, pp.59-64.

¹⁴⁹ Theal, p.304.

word telkens net na die Hugenote as groep verwys. Daar is wel De Villiers-individue wat gevlei voel om na hulself as die musici te verwys, of die Malans wat soms neig om na die voormalige Nasionale Party Eerste-premier van Suid-Afrika, dr D.F. Malan, te verwys as hulle bydrae tot Suid-Afrika. Dit kom ook somtyds voor dat, wanneer daar na die Hugenote verwys word in populêre artikels, net van die bekendste vanne genoem word, bloot omdat sulke vanne meer bekend is oor bogenoemde redes. In albei gevalle is dit 'n wanvoorstelling van die ware toedrag van sake. Hierdie onderwerp sal weer later in meer diepte bespreek word, wanneer daar na onder meer die vernoeming van plekname verwys word.

Indien die reeds genoemde vier fasette ontleed word, sal 'n meer korrekte beeld verkry kan word ten opsigte van die Jourdan-broers se nalatenskap as geheel; nalatenskappe wat vandag, na 317 jaar en 11 geslagte, waarskynlik steeds relevant is.¹⁵⁰ Hierdie verhouding bring mee dat daar gemiddeld 'n nuwe geslag elke 28 jaar gebore word.

Die Hugenote het 'n hoë mate van intelligensie, vlyt en beskawing geopenbaar. Hulle was gesteld op hulle demokratiese bestuursvorme soos maatskaplike en politieke vryheid. Hulle voorkeur vir praat en redenaarsliefde is 'n onbetwisbare Franse eienskap en gaan gepaard met die verstandelike nugtere aard van die Franse.¹⁵¹

Die Hugenote het hulle eie gesinslewe gelei en betreklik lank hulle eie kerk en skool gehad. Vanweë die primitiewe omstandighede aan die Kaap, was die karakter van die pioniersgemeenskap hoofsaak en die kultuurvorme weinig en beperk. Die Hugenote was nie minder individualisties as die Nederlanders nie. Hulle was bekend vir hulle buitengewone hoflike maniere en hulle aangename sosiale omgangsvorme. Die Hugenote se liefde vir spot, korswel, vindingrykheid en hulle gevatheid van gees is ongetwyfeld te bespeur in hulle nageslagte. Die vinnige humeure, blymoedigheid van gees en lewensvreugde is ten dele afkomstig van die Latynse gene. Weens die Hugenote se vernuftigheid en vindingrykheid het die Nederlanders dikwels na hulle as die "Franse

¹⁵⁰ MJS Jordaan Privaat Versameling, Jordaan genealogiese register.

¹⁵¹ Van Graan, R 1988. Die geestesgoed van die Hugenote. Lantern, p.110.

slag” verwys. Hulle het ook ‘n unieke vermoë nagelaat om ‘n plan te maak wanneer nuwe uitdagings hulle in die gesig gestaar het.¹⁵²

Volgens Kruger kan die volgende persoonlikheidseienskappe wat die Hugenote saam met hulle gebring en aan hul nageslagte in Suid-Afrika oorgedra het, uitgelig word: ‘n eienaardige sin vir humor, ‘n merkwaardige liefde vir musiek, taatheid, volharding en deursettingsvermoë, styfhoofdigheid, koppigheid of eiesinnigheid, deugszaamheid, afhanklikheidsin, praat- en redenaarsliefde, hoflikheid wat oorgedra is van hul beskaafde burgerlike voorvaders, fyn natuurlike maniere, asook die merkwaardige fierheid onder die dames, en laastens die vrouens se vurige en onverganklike liefde, nie net vir hulle mans en kinders nie, maar ook vir hul volk en land.¹⁵³

Bosman lê daarop klem dat die invloed van die Hugenote veel groter was op die vorming van die volkskarakter as op die kultuur. Die Hugenote, in teenstelling met die Nederlanders, Duitsers en ander groepe van die nuwe ras, het lank hulle identiteit gehandhaaf en as groep blywende indrukke gelaat.¹⁵⁴

Met hulle koms was die kolonie slegs 36 jaar oud en die getalsverhouding was 150 Hugenote teenoor ‘n totale bevolking van 900 mense. Ten spyte hiervan het die Hugenote ‘n invloed op die fisiese eienskappe van ‘n volk in wording gehad. Die klein, donker en lewendige tipe persoon is eie aan die Hugenote. Die dikwels donkerder vel en blas gelaatstrekke is ook ‘n nalatenskap van die Midde- en Suid-Franse. Die Romeinse neus van sommige mense getuig ook van hulle Provensaalse afkoms.¹⁵⁵ Wat die fisiese

¹⁵² Ibid.,p.110.

¹⁵³ Kruger, T.J. pp.2-3; Pettmann, C. 1851. The Huguenots and the French Language.Africanderisms: a glossary of South African colloquial words and phrases and of place and other names,p.11; Van Graan, R. Die geestesgoed van die Hugenote,p.110

¹⁵⁴ Van Graan,p.110.

¹⁵⁵ Bosman, L.D. 1940 Die invloed van die Hugenote op die Afrikaanse Volkskarakter en Kultuur.,p.11.

eienskappe betref, is daar onder die Hugenote die gitswartharige en swartogige vrouens, 'n voorkoms wat toegeskryf kan word aan hul Romeinse voorouers uit Provence.¹⁵⁶

Die Hugenote se bydrae op taalgebied is beperk tot 'n verskeidenheid vrugtename en Hugenote-vanne wat vandag nog dieselfde gespel word as tydens die koms van die Hugenote in 1688. Die verhollandsing van sekere vanne soos Jourdan na Jordaan kom ook algemeen voor. Eienskappe soos die dubbele negatief tydens gesprekke, nasalering en die bryklank is almal nalatenskappe van die Hugenote.¹⁵⁷

Wat landbou en nywerheid betref, het die Hugenote begin met die kook van moskonfyt, die stook van brandewyn en die maak van asyn. Die appelkoosnywerheid is regstreeks te danke aan die Hugenote. Die kweek van waatlemoene en spanspekke is 'n tipiese bedryf in die suide van Frankryk. Ander nalatenskappe van die Hugenote op die landbouterrein is die invloed op die maak van rosyntjies, konfytmaak, die gebruik van 'n kreffie wyn en die "dopstelsel". Wyn aan die arbeider is van die oudste gebruike in Frankryk. Wamakery, meubelmaak en leerlooierij is van die ander Hugenoot-nalatenskappe.¹⁵⁸

Die sagtevrugtebedryf is waarskynlik die prominente terrein waarby die Hugenote betrokke was, bloot omdat hulle aanvanklik vir hulleself huisvesting moes oprig en daarby ten minste selfversorgend moes word in 'n gebied waar die Jourdan-broers van die eerste mense op die plase was.

Die veeboere kan in drie groepe verdeel word, naamlik die beesboer, die jagter en die trekboer. Hierdie drie groepe boere het gereeld weerstand van die Goewerneur uit die Kaap gekry, omdat hy nie wou hê die boere moes verder wegtrek en handel dryf met die inboorlinge nie. Die boere het hulle nie veel aan die Goewerneur se dreigemente gesteur nie omdat, indien hulle gevang sou word, al hulle vee gekonfiskeer sou word. Die Goewerneur het grond aan die veeboere vir weidingsregte vir hulle vee toegestaan, mits

¹⁵⁶ Kruger, T.J. pp.2-3.

¹⁵⁷ *Ibid.*, pp.8-12.

¹⁵⁸ *Ibid.*, pp.8-9.

hulle nie verder as agt dae se trek van hulle woonplaas sou wees nie. Willem Adriaan van der Stel het gaan ondersoek instel na die boere se aktiwiteite en besef dat baie van hulle plase ontvang het wat te klein was om 'n ekonomiese bestaan te voer. Sodoende het die Goewerneur ongeveer 18 tot 20 ure se perderit verder in 'n onbewoonde vallei, wat hy die *Land van Waveren* genoem het, nuwe plase toegeken. Die gebied het later bekend geword as Tulbagh. Die gebied was te ver van die Kaap as afsetgebied en die boere was dus op hulleself aangewese vir hulle voortbestaan, wat hoofsaaklik beesboerdery was.¹⁵⁹

Fensham brei verder uit oor die ander tipes boerdery. Hy verwys na die wyn- en graanbou, skaapboerdery en die olyf- en sybedryf.¹⁶⁰ Die Hugenote, waaronder die Jourdan-broers, wat uit die suide, suidweste en oostelike gedeelte van Frankryk afkomstig was, was bedrewe in wingerd- en wynbou. Vier jaar na hul koms was daar reeds 127 wingerdstokke in die Drakenstein geplant. Simon van der Stel het al begin met die wynbou toe die Jourdan-broers aan wal gestap het aan die Kaap, maar hulle en die ander Hugenote wat betrokke was by die wynbou, het gesorg vir 'n baie beter gehalte wyn. Twee wynvariëteite wat vandag steeds bekend is in die Franschoekvallei en wat sedert die Jourdan-broers se vestiging in die Drakensteinvallei gekweek is, is *Sémillon* en *Chenin Blanc*.¹⁶¹

Simon van der Stel het die olyf- en sybedryf probeer aanmoedig, omdat die Hugenote veral dié in die suide en suidooste van Frankryk baie suksesvol daarmee was. Die olyfbome en sywurms kon egter nie aanpas aan die Kaap nie, terwyl die moerbeibome baie goed gegroei het.¹⁶² Graanbou was van kardinale belang, omdat brood die stapelvoedsel was. Die Hugenote wat met skape geboer het, het aanvanklik met vetstertskape wat van die Khoikhoin verkry is, geboer, totdat Willem Adriaan van der Stel die boere aangemoedig het om met wolskape te boer.¹⁶³

¹⁵⁹ Muller, C.F.J. *Five Hundred years. A history of South Africa*, pp.58-61.

¹⁶⁰ Fensham, C. 1988. *Die koms en vestiging van die Franse Vlughteling*, pp.96-98.

¹⁶¹ *Ibid.*, pp.96-97.

¹⁶² *Ibid.*, pp.97-98.

¹⁶³ *Ibid.*, p.97.

Die kerkgeskiedenis van die Hugenote loop hand aan hand met hulle geskiedenis. 'n Onderafdeling van die kerkgeskiedenis wat nie altyd sterk belig word nie, is die kerkmusiek. Cillié beeld die bydrae van die Franse Hugenote breedvoerig uit in 'n artikel in die *Lantern*. 'n Aspek van die kerkmusiek wat spesiale toeligting verg omdat dit oor 'n tydperk van meer as 440 jaar strek, is die Hugenote se berymde psalms wat in Frankryk gebruik is, asook later aan die Kaap. Tot vandag toe ken die Afrikaanse Kerke 'n belangrike plek toe aan die berymde psalms. Die Hugenote se godsdiens was sterk aan hulle persoonlike vryheid gekoppel. Byna al die psalmwysies is van Hugenote-oorsprong, en nie van Suid-Afrikaanse afkoms nie, maar spruit voort uit Nederland. So kan Psalms 42 en 146 waarskynlik regstreeks na Hugenote-invloed teruggevoer word.¹⁶⁴

Baie van hulle het nog hul Hugenote-melodieë wat uit die Geneefse Psalmboek van 1562 voortspruit. Belangrik is dat ons steeds herinner word aan die waarde van die sing van Psalms na die voorbeeld van ons Hugenote-voorgeslagte. Totius, wat die eerste Afrikaanse Psalm- en Gesangboek geskryf het en in 1944 die openingsrede by die ingebruikneming gelewer het, het onder meer geskrywe:

*Wie psalms sing, gryp na die hoogste, want die grootmaking
van God in Jesus Christus onse Heer deur die Heilige Gees.
Psalmsang is die hemelvaart van die siel; die uitsteek van
die hand na die verborge skat van die gelowiges; dit is
godsdienslewe in die hoogste spanning; dit is die brug na die
oneindigheid; dit is 'n durfdaad van die geloof, die arm wat
uitgestrek gehou word bo die stormwaters van die lewe;
dit is die versinking in die watervalle van angs, maar ook
die gejubel op hoogtes en in vertes van verlossing.*¹⁶⁵

Die uitbreiding van die gemeentes wat afgestig het sedert die eerste kerkgebou in Simondium opgerig is, het dit makliker gemaak vir gemeentede wat wyd verspreid gewoon het. Simondium, ongeveer halfpad tussen Oliphants Hoek en die Paarl, is

¹⁶⁴ Bosman, F.C.L. 1968. Die Franse Stamverwantskap en Kulturele Bydrae tot die Afrikaanse Volk, pp.59-64.

¹⁶⁵ Cillié. C.G. Die bydrae van die Franse Hugenote tot ons kerkmusiek, p.43; Annoniem, Het Boek der Psalm, nevens de Gezangen, p.227.

vernoem na Pierre Simond, die eerste Franse predikant van die Hugenote. Die eerste kerk was hier tot 1717. 'n Groter kerk is in 1720 in die Paarl gebou, wat gebruik is tot 1805 toe 'n tweede nuwe kerk, naamlik die strooidakkerk in gebruik geneem is. Die Wellington-gemeente het in 1840 afgestig, gevolg deur die Franschoek-gemeente in 1845.¹⁶⁶

'n Ander geestelike aspek was die begrafnisgebruike wat die Hugenote saam met hulle na die Kaap gebring het. Gebruike (rituele) by die sterfbed, begrafnisreëlins, die begrafnis, die routyd en kostes was gebruike wat met groot erns en sorg uitgevoer is.¹⁶⁷ Daar kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat hierdie begrafnisreëlins direk vanaf Frankryk via Nederland saam met die Hugenote gekom het.

Die feit dat die omgewing en later die dorp bekend geword het as Franschoek (Fransche Hoek) is ook 'n aanduiding van die Hugenote se invloed en karakter op hulle omgewing.

De Klerk skryf in 'n artikel wat handel oor die agteruitgang van die Hugenote in Frankryk kort voor die herroeping van die Edik van Nantes, dat baie van hulle handelaars, advokate en geneeshere was en dat net meer as die helfte van die Hugenote lede van die eenvoudige halfgeletterde boere- en arbeidersbevolking was. Hy verwys daarna dat die Hugenote se invloed in Suid-Afrika die grootste was van al hulle nuwe tuistes buite Frankryk.¹⁶⁸

'n Nuwe Suid-Afrikaanse ras

Om hierdie gedeelte van die bespreking oor die bydrae van die Jourdan-broers en hulle mede-Hugenote af te sluit, moet die ras- en volksamestelling wat die Hugenote nagelaat het ook belig word. Daar is tot dusver slegs gekonsentreer op die invloede van die

¹⁶⁶ Malherbe, J.E. The history of Franschoek. Reeks 1,p.12.

¹⁶⁷ Malan, A. 1998. Hugenote grafte, begrafnis-gebruike en sterfdatums,p.11.

¹⁶⁸ De Klerk, P. 1988. Die opkoms en agteruitgang van die Hugenote in Frankryk,p.13; Boucher, M. Huguenot refugees: some links between the Cape, France, and England in the early eighteenth century,p.56.

Hugenote. Later sal daarop gewys word dat die Hugenote as Franse, *per se*, uitgesterf het en opgeneem is in 'n nuwe ras. Hierdie nuwe ras sou bestaan uit 'n vermenging met ander rasse, en kan beskou word as 'n nalatenskap of, ten minste, 'n gedeeltelike Hugenote nalatenskap.

'n Gebeurtenis wat met drie intervalle plaasgevind het en in 'n mindere of meerdere mate 'n invloed op die groei van die nuwe ras gehad het, was die drie pokke-epidemies binne 54 jaar, naamlik in 1713, 1755 en 1767.¹⁶⁹

Die nuwe ras waarna Colenbrander in Bosman se artikel as die Afrikaner verwys het, het sy oorsprong van uit die Nederlanders, die Duitsers, die Franse en ander nasionaliteite.¹⁷⁰ Giliomee beskryf breedvoerig hoe en waar die term *Afrikaner* in 1707 sy ontstaan gekry het.¹⁷¹ Heese verskil met Colenbrander oor die wiskundige faktor wat gebruik word om die invloed van taalgroottes op die nuwe ras te bepaal. Hy is ook bekommerd dat daar nog nie groter duidelikheid oor die persentasie onbekende bloed in die nuwe ras in navorsing na vore gekom het nie.¹⁷²

Ploeger haal die Franse skrywer, Robert Lacour-Gayet, aan wat onder meer die volgende geskryf het:

The influence of the Huguenots was profound and is still evident today. It is not just a question of the techniques which they taught the colony...It is quite true that their religion was of a kind superior to that of the other immigrants. They had been shaped by their ordeal, and they had more than a touch of that intense, even fanatical faith which the English Puritans had brought to Americas sixty-eight years earlier.

¹⁶⁹ Hugenote Geskiedenis in Wereldkonteks, pp.15-18.

¹⁷⁰ Bosman, L.D. *Die invloed van die Hugenote op die Afrikaanse volkskarakter en kultuur*, p.2.

¹⁷¹ Giliomee, H. *Voëlvlug van 'n Afrikanergeskiedenis van 350 jaar*, p.9.

¹⁷² Heese, J.A. 1971. *Die herkoms van die Afrikaner 1657-1867*, pp.16-17&21.

*They thus contributed in large measure to the development of that spiritual toughness which was to ensure the survival of the Boers. They can also be seen as the ancestors of Afrikaner nationalism. They had cut themselves off from all links with their native land and to an even greater degree than the Dutch, they came to regard South Africa as their only country*¹⁷³

Ploeger haal ook vir H.V. Mouton aan wat geskryf het:

*Among all the religious and political refugees who at one time or another left their own land, the Huguenots alone appear to have been welcomed everywhere and to have given their skill and their loyalty unquestioningly to the countries of their adoption.*¹⁷⁴

Die volgorde van die samestelling van die Afrikaner was soos volg: Eerstens was daar die ondertrouery tussen die Nederlanders en die Franse Hugenote. Daarna het die kleiner persentasie van ander nasionaliteite bygekom, gevolg deur die Duitsers.¹⁷⁵ Die persentasie samestelling van Franse bloed in die nuwe ras is 'n geringe, maar beduidende, variasie soos deur die verskillende skrywers aangedui.

Van Jaarsveld :	12,3 % ¹⁷⁶
Cillié:	13% ¹⁷⁷
Heese:	14,6% ¹⁷⁸

¹⁷³ Ploeger, J. Die verspreiding van die Franse Hugenote, p.14.

¹⁷⁴ Ibid., p.20.

¹⁷⁵ Van Jaarsveld, F.A. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika, p.41.

¹⁷⁶ Ibid., p.41.

¹⁷⁷ Cillie, M. Die Franse Hugenote, p.11.

¹⁷⁸ Heese, pp. 16&21.

Bosman:	17% ¹⁷⁹
Colenbrander	17%
Theal	17% ¹⁸⁰
Van Graan:	20+% ¹⁸¹

Bosman tref 'n duidelike onderskeid tussen die Hugenote en die res van die nuwe ras, en wys daarop dat die 17% Franse bloed konstant gebly het sedert 1688-1806. Hy gee twee redes waarom die samestelling waarskynlik konstant gebly het, naamlik dat meeste Hugenote-mans met vroue van Hugenote-afkoms getrou het. Tweedens was die Franse vrouens volgens oorlewering, meer vrugbaar as die Nederlanders en Duitsers.¹⁸² Heese verskil van Bosman hieroor.¹⁸³

'n Gemiddelde van die variasie dui op 'n 15,99% Franse bloed in die nuwe Suid-Afrikaanse ras. Gedagtig aan die feit dat die Jourdan-stamvader, Jean Jourdan en sy vrou albei Hugenote was, en dat latere geslagte albei weer met 'n man of vrou van Hugenote afkoms getrou het, skep dit die moontlikheid van 'n interessante navorsingsprojek. Gedagtig aan die persoonlikheids-eienskappe wat die Hugenote nagelaat het, is dit ook 'n aanduiding dat sekere Hugenote-bloedlyne van die eienskappe meer prominent saamdra as ander Hugenote-families. Tydens so 'n navorsingsprojek sou daar profiele geteken kon word van die verskeie Jordaan-bloedlyne om aan te dui wie in die moderne tydperk en elf geslagte later, nog aan die eienskappe voldoen en in watter mate.

Jeanne Marthe, Jean en Pierre Jourdan

In 'n artikel van Fensham oor die koms en vestiging van die Franse Hugenote, beweer hy dat die laaste Hugenoot in Suid-Afrika in 1767 dood is.¹⁸⁴ Jordaan dui egter aan dat die

¹⁷⁹ Bosman, p.2.

¹⁸⁰ Heese, p.1.

¹⁸¹ Van Graan, Huguenot Ancestry, p.28.

¹⁸² Bosman, pp.1-2.

¹⁸³ Heese, p.16.

¹⁸⁴ Fensham, C. p.98.

laaste Jourdan, Louis, 'n seun van die stamvader, Jean Jourdan, in 1782 oorlede is. Louis het vyf kinders gehad en net sy een dogter, Petronella Maria, word as Jourdan aangedui.¹⁸⁵ Die laaste geboorte waar die spelling *Jourdan* is, was in 1731. Daarna is die gebruiklike hedendaagse spelvorm *Jordaan* tot in 1806 gebruik waarna die spelvorm *Jourdan* weer begin voorkom het.¹⁸⁶

Jeanne Marthe (1628-1688), die moeder van die twee seuns, Jean en Pierre, is tydens die seevaart na die Kaap oorlede. Sy word as weduwee aangegee met geen verwysing na haar man nie. Sy is in die ouderdom van 60 jaar dood op see.¹⁸⁷ Chomat beweer dat Jeanne Marthe se oudste kind 'n dogter Marie was. Marie is in 1647 in die Luberon-vallei gebore en getroud met Jean Roux. Sy het haar grond in September 1687 in *La Motte d'Aigues* vir 27 lire verkoop. Marie en haar drie dogters Jehane, Marie en Margarit is waarskynlik ook op see dood op pad na Suid-Afrika.¹⁸⁸

Jean en sy vrou Isabeau le Long

Jean (1660-1698) was die oudste van die twee broers. Hy is getroud met Isabeau le Long (Elizabeth) in die Drakenstein, waar hulle op sy plaas La Motte-d'Aigues gewoon het. Die plaas is vernoem na Jean se buurdorp in die Luberon-vallei in Frankryk, vanwaar sy vrou gekom het. Jean was die enigste van die Hugenote wat toegelaat het dat sy vrou hulle plaasnaam kies.¹⁸⁹ Hulle het vyf kinders gehad en hy is voor sy jongste kind se doop op 38 jarige ouderdom oorlede.¹⁹⁰ Die vyf kinders was Pieter(1691), Jan (1693), Paul (1695), Louis (1697) en Johanna (1698).¹⁹¹ Dit beteken dat Jean se kinders se ouderdomme gewissel het tussen sewe jaar en 'n paar maande ten tye van sy dood. Jean

¹⁸⁵ MJS Jordaan Privaat Versameling, Jordaan genealogiese register. Louis se rekenaarnommer is 8654 en sy dogter Petronella Maria se nommer is 14 835.

¹⁸⁶ Ibid.

¹⁸⁷ Ibid

¹⁸⁸ Chomat,p.35.

¹⁸⁹ Ons Drakensteinse Erfgrond: Franschoek. Deel 8,p.2.

¹⁹⁰ Botha, p.88.

¹⁹¹ MJS Jordaan Privaat Versameling, Jordaan genealogiese register.

het met sy afsterwe 8 000 wingerdstokke, twaalf koringmiedens, 130 skape, een os, een koei en 34 bokke besit.¹⁹² Jean is binne tien jaar na hulle vestiging in Oliphants Hoek oorlede. Dokumentasie dui daarop dat hy nie sy naam kon teken nie, maar dat hy wel kon lees.¹⁹³

Daar is twee moontlikhede oor waar Jean begrawe is. Tot 1695 het die Drakenstein-gemeente geen algemene begraafplaas gehad nie. Vermoedelik is die Hugenate wat voor 1695 oorlede is, op hulle plase begrawe.¹⁹⁴

In 1694 het die Kompanje grond aan die Drakensteinse gemeente gegee wat as begraafplaas gebruik kon word. Die grond was naby *Babylonstoren*. Aanvanklik was die begraafplaas nie omhein nie en is na 'n versoek aan die Kompanje begin om 'n sloot om die begraafplaas te grawe. Die rede was dat die beeste, perde en skape nie in die dag op die grafte kon trap nie en dat die wilde diere nie in die nag die lyke kon opgrawe nie. Die sloot is in 1712 begin grawe en is eers Oktober 1714 voltooi.¹⁹⁵

Met die situasie van die eerste onbeskermdes begraafplaas wat tot groot verleentheid vir naasbestaendes aanleiding gegee het, kan daar met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat Jean naby sy huis begrawe is. 'n Tweede rede vir die moontlike begrafnis van Jean op sy eie plaas, kan ook wees dat sy nagelate kinders nog baie jonk was, waarvan die jongste nog nie gedoop is nie. Die graf sou dien as 'n herinnering aan hulle pa. Die tweede troue van Isabeau met Jacques Malan het tot gevolg gehad dat die opvoeding van Jean se kinders deur hul stiefpa gedoen is. Hy was op dieselfde geletterdheidsvlak as Jean se broer, Pierre. Hy het van 'n getuie gebruik gemaak langs sy merk. Pierre kon al sy naam teken in 1708, teenoor Jacques wat in 1709 nog net 'n merk gemaak het.¹⁹⁶

¹⁹² Ibid.

¹⁹³ Malherbe, J. Geletterdheid van die Hugenate, pp.38-39.

¹⁹⁴ Swart- Malherbe, J. E. Begraafplase van die Hugenate, p.34.

¹⁹⁵ Ibid.

¹⁹⁶ Malherbe, p.38.

Kyk bylaag 8

Jacques Malan, was soos Jean Jourdan, ook 'n boer. Hy het later lid geword van die Kollege van Landdros en Heemrade van Stellenbosch. Malan het ook gedien as diaken en later as ouderling in Stellenbosch se kerkraad. Hy het as diaken toesig gehou oor die aanry van bouklip en hout vir die bou van die nuwe kerk, nadat die eerste kerk afgebrand het. In 1722 het Jacques 'n stewige stinkhoutbalk vir die nuwe kerk se klok geskenk.¹⁹⁷ Isabeau het in 1699 met Jacques Malan getrou. Uit dié huwelik is sewe kinders gebore.¹⁹⁸ Die plaas *La Motte* is in 1713 op sy naam geregistreer. Deur sy huwelik met Isabeau het hy in besit gekom van twee plase, *La Motte*, hulle woonplaas, en *De Faisantekraal* by Vissershok.¹⁹⁹ Jacques was by verskeie grondtransaksies betrokke tydens sy huwelik met Isabeau. Dit is merkwaardig dat geen verdere grondtransaksies na haar afsterwe in 1736 gedoen is nie.²⁰⁰

Jacques se eerste grondtransaksie was in Junie 1702 toe hy die plase *Languedoc* by die Paarl en *La Rhone* in Groot Drakenstein gekoop het. Albei die plase het hy in Mei 1708 aan sy stiefseun, Pierre oorgedra. Pierre het ook *La Motte* in April 1719 van Jacques gekoop. In Junie 1709 het Jacques drie plase in die Paarl en in Julie 'n verdere een gekoop. Die plase se name was *Sint Martijn* (1709-1719), *Ezels Kloof*, *Paarl Diamant* (1709-1712) en *Rheboks Kloof*. Nadat Willem Adriaan van der Stel teruggeroep is na Nederland is sy plaas *Vergelegen* in vier dele gesny. In Mei 1711 het Jacques die gedeelte bekend as *Morgenster* gekoop. Hy en sy gesin het daarna van *La Motte* na *Morgenster* verhuis. In 1712 het Jacques die plaas *Waterpoel* in Agter-Paarl aangeskaf en dit weer in 1719 verkoop. Gedurende 1724 het hy *Cloetenburg* gekoop. In Mei 1725 het Jacques sy plaas *Morgenster* oorgedra aan sy oudste seun, Daniel, maar hy en Isabeau het op *Morgenster* aangebly tot met hulle dood. In 1726 het hy 'n erf, nommer 112, in die

¹⁹⁷ Botha, p.94; Malan, D.G. & Malan, H. & Malan, J.D. *Die Malans van Suid- Afrika*, p.52.

¹⁹⁸ *Ibid.*

¹⁹⁹ Malan, pp.51-52.

²⁰⁰ *Ibid.*

Tafelvallei gekoop. Gedurende Junie 1729 het hy die plaas, *De Doorne Kraal*, aan sy jongste seun, Daniel oorgedra. Dit is nie bekend wanneer hy die plaas gekoop het nie. Januarie 1732 het Jacques 'n verdere twee plase, *De Kromme Rivier* en *Dwars in de Weg* gekoop. Hy het weer die plase in Julie 1732 verkoop. Jacques se laaste bekende grondtransaksies was in 1733. Dié jaar het hy die twee erwe in Tafelvallei, asook die plaas *Duymeling* verkoop. Teen dié tyd het sy boerdery bestaan uit 32 slawe, 50 perde, 140 beeste en 900 skape.²⁰¹

Dit wil voorkom of Jacques Malan en sy vrou Isabeau Jourdan 'n gelukkige huwelik in meer as een opsig gehad het. Nadat sy en Jean Jourdan (haar eerste man), vyf kinders gehad het, het sy 'n verdere sewe kinders gedurende haar tweede huwelik met Jacques Malan gehad.²⁰²

Isabeau is in 1736 oorlede.²⁰³ Die Malan-familiebond het op 2 Oktober 1993 'n bronsplaat ter ere van Isabeau as hul stammoeder in die moedergemeente NG Kerk Stellenbosch laat aanbring.²⁰⁴ Daar is aanvanklik grafkelders onder die kerk se vloer toegelaat. Isabeau lê begrawe onder die kerkvloer van die Moedergemeente se kerk in graf nommer agt. Jacques is na sy dood in 1742 ook in graf nommer agt begrawe. Die openinge in die vloer is intussen toegemessel. Die plaket kan besigtig word in die portaal van die kerk. Die kerk is ook bepaalde ure oop vir besigtiging vir die publiek en toeriste. Die Malan-familiebond dui haar nooiensvan aan, dog maak geen melding daarvan dat sy 'n weduwee Jourdan was nie. Isabeau, wat die stammoeder van die Jourdan-familie in Suid-Afrika is, was dus ook die stammoeder van die Malan-familie in Suid-Afrika. Jean en Isabeau se enigste dogter, Johanna, is met Daniel Krynauw getroud, wat tot gevolg gehad het dat Isabeau ook die stammoeder van 'n derde familie in Suid-Afrika geword het, die Krynauw-familie.²⁰⁵

²⁰¹ Ibid.

²⁰² Ibid.

²⁰³ Botha, p.94.

²⁰⁴ Malan, p.52.

²⁰⁵ MJS Jordaan Privaat Versameling, Jordaan genealogiese register.

In 'n studie om vas te stel of daar nedersettingspatrone op die argeologiese landskap van *La Motte* sigbaar is, het Diener verskeie bevindings gemaak. Sy verwys na die talle kleiner stukke titelaktes waaruit *La Motte* bestaan, maar vestig haar aandag op drie titelaktes met die name *Lens*, *Oude Kelder* en *Bo-La Motte*. Die geboue wat aangrensend op *Lens* en *Oude Kelder* te vinde is, is ook die oorspronklike plaaswerf van *La Motte*. Diener wys in haar studie daarop dat die Kaaps-Hollandse boustyle met hulle verskillende gewels gedurende die 1730's in die Franschoek-vallei begin posvat het.²⁰⁶ Van hier het die boustylmodes na die ander distrikte uitgebrei. Die vroegste datum wat op 'n gewel op *Bo-La Motte* gevind is, is 1744. Hierdie woning het ook 'n kelder gehad. Verskeie van die oorspronklike wonings en ander geboue is gesloop voordat enige dokumentering daarvan kon plaasvind.²⁰⁷

'n Gebou wat Diener nie kan verklaar nie, is die aanduiding van 'n T-vorm gebou op een van die ou planne van *La Motte*. Sy vermoed dat die T-vorm gebou ook 'n ou kraal kon wees, aangesien krale ook in 'n stadium as geboue op die kaart aangedui is. Enige verdere navorsing is vandag onmoontlik, aangesien 'n huis op die terrein gebou is.²⁰⁸

Op haar vraag waar Jean Jourdan met sy familie asook Isabeau Jourdan met haar tweede man en twaalf kinders tot 1719 gebly het, waarna hulle na Vergelegen verhuis het, kom sy tot die volgende gevolgtrekking: Dit is moontlik dat na Jean se afsterwe, Jacques en Isabeau moontlik vroeg in die agttiende eeu die kleiboustadium laat vaar het. Hulle was dalk die eerste bouers van die T-vorm woning. Diener vermoed dat die huis groot genoeg en funksioneel sou wees vir 'n familie van twaalf. Hulle buitegeboue en kelder sou dalk 'n rowwe afwerking gehad, wat moontlik as gevolg van die weer vergaan het.²⁰⁹

²⁰⁶ Diener, T. 1993. *The Colonial Archaeology of the Franschoek Valley*, pp.12-16; Bosman, p.65; Fransen, H. (Ed) 1980. *The Old Buildings of the Cape*, pp.7-15; Bosdari, p78.

²⁰⁷ Diener, pp12-16.

²⁰⁸ *Ibid.*, p.17.

²⁰⁹ *Ibid.*, p.18.

Pierre Jourdan, Isabeau se oudste seun uit haar huwelik met haar eerste man Jean, het *Bo-La Motte* in 1719 van sy stiefpa bekom. Moontlik het Pierre die klein T-vorm gebou toe begin bou. Indien die gebou reeds gebou was, sou hy daarin bly leef het en verbeteringe aangebring het. Dit is onwaarskynlik dat die huis toe al 'n gewel sou gehad het. Diener is oortuig dat die klein T-vormige huis ná die huidige T-vorm huis se opgradering plaasgevind het, nadat Pierre Jourdan die plaas in 1736 aan Pierre le Roux verkoop het. Laasgenoemde sou die Kaaps-Hollandse gewel aangebring het, waarskynlik in die 1760's. Die planne het dan mooi ingepas by die bestaande planne wat tot 1820 terugdateer.²¹⁰

Jan Jourdan

Gedagtig daaraan dat Jean se vyf kinders in 'n mate as weeskinders, of uit Jacques Malan se oogpunt, as stiefkinders opgevoed is, het die kinders, soos sy broer Pierre se dogters, verder as Oliphants Hoek 'n heenkome gesoek. Die oudste seun Jan het onderkant die Witzenberg weidingsregte gekry in die Land van Waveren, vandag bekend as Wellington en ook vroeër genoem Wagenmakersvallei.

Gedurende 1688 was die gebied bekend as *Limiet Vallei*. Simon van der Stel se idee was dat die ontwikkeling van die plase nie verder as die Vallei moes strek nie. Vandaar die naam *Limiet Vallei*. Die naam *Wagenmakers-vallei* het sy oorsprong daaraan te danke dat daar aanvanklik en ook later verskeie mense was dat hulle in die vallei gevestig het wie se werk dit was om waens vir die boere te maak. Bulpin meld dat die vermoede bestaan dat een van die grondeienaars ook 'n wamaker was. Die dorp self is in 1840 gestig. Die destydse Engelse goewerneur het dit as 'n skande bestempel dat daar nog nie 'n dorp na die Hertog van Wellington vernoem is nie, vandaar dat Wellington sy naam gekry.²¹¹

²¹⁰ *Ibid.*

²¹¹ Bulpin, p.26; Nienaber, P.J. 1972. *Suid-Afrikaanse Pleknaamwoordeboek*. Deel I, pp.394-395.

Paul Jourdan

Paul het gaan boer in die Swartland en het die volgende besittings gehad:

<u>1730</u>	<u>1737</u>
34 bokke	300 bokke
12 Slawe	12 slawe
	20 perde
	360 skape
	25 muddens gesaai ²¹²
	60 miete ²¹³

Jean en Isabeau se enigste dogter het haar met haar man, Daniel Krynauw, in die Drakensteinvallei gevestig, nadat hy van Grabouw getrek het.²¹⁴

Louis Jourdan

Jean se jongste seun, Louis, het op 35 jarige ouderdom in Julie 1732 voor die landdros verskyn. Hy is gewaarsku dat, indien hy weer dieselfde oortreding sou begaan, hy gedeporteer sou word. Die landdros se uitspraak was soos volg;

Dewyl ook uijt seekere twee verklaringen door den lieutenant der Drakensteijnsse compagnie dragonders, Johannes Groenewalt, en den corporaal van deselve, Lourens Pietersz Erasmus, ter requisitie van den capiteijn, Andries Grove, verleend, is koomen te blijken welke onordentelijkheeden en disobedientien door den burger Louis Jourdaan bij

²¹² Van Schalkwyk, D.J. 1996. Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel X, p.572, 'n mud is 'n Kaapse inhoudsmaat vir droëstof, veral graan en soms vir vloeistof, wat gelyk is aan drie boesels, of ongeveer 90kg of 109 liter.

²¹³ Bulpin, p.26 ; Van Schalkwyk, p.572.

²¹⁴ Ibid.

het laatste drillen sijn gepleegt, is laastelijk nog goedgevonden dat den landdrost, Pieter Lourens, neevens burger krijgsraade van Stellenbosch en Drakensteijn sal werden aangeschreeven dat sij gemelten Jourdaan hierover scherpeijk in haarlieder vergadering suillen hebben te reprimendeeren en met eenen aan te seggen dat bij aldien door hem of anderen in het vervolg weederom diergelijke buitenspoorigheeden werden begaan en dat sig iemand teegens de reedelijke beveelen sijner officieren komt aan te kanten, wij wel souden kunnen besluijten de soodanige sonder verdere verschooning als onnutte subjecten uijt dit Gouvernement te dimoveren en na het vaderland op te senden, ten eijnde suix aan hem Jourdaen en alle andere tot een rigtsnoer en waarschouwing voor het toekomende sal kunnen dienen.²¹⁵

Dit is opvallend dat, ten spyte daarvan dat Louis, die tweede geslag aan die Kaap de Goede Hoop was, die Landdros hom gewaarsku het met deportasie na Frankryk. Die spelling van die van *Jourdan* word ook op twee plekke in die uitspraak verander na *Jourdaan* en *Jourdaen*.

Gedurende Julie 1733 het Louis die plaas *Schoonpoort* wat dertien hektaar groot was, ontvang.²¹⁶ Paul, 'n ouer broer, het terselfdertyd 'n gedeelte van *Bosjesmans Fontein* elf komma sewe hektaar groot ontvang. Die grond het aan sy skoonpa, Etienne Nel, wat die res van die plaas in 1714 ontvang het, gegrens. Die plaas was naby die Paarl aan die kant van die Groot Paardeberg.²¹⁷

²¹⁵ De Wet, G.C. Resolusies van die Politieke Raad. Deel VIII 1729-1734, p.230.

²¹⁶ Ibid., p.299.

²¹⁷ Ibid., pp.298-299;Botha, p.149.

Louis het die volgende besittings gehad:

<u>1730</u>	<u>1738</u>
5 Slawe	2 slawe
8 perde	2 perde
240 bokke	20 bokke
800 skape	50 skape
8 000 wingerdstokke	1 000 wingerdstokke
7 wynvate	2 leggerwyn ²¹⁸

Pierre Jourdan en sy twee huwelike

Pierre (1663-1723), die jongste van die twee broers, het sy plaas na sy geboortedorp in die suide van Frankryk, *Cabrières-d'Aigues* vernoem. Hy het sy grondbrief op 22 Desember 1694 gekry.²¹⁹ Hy is getroud met Anne Fouché. Pierre is later in Desember 1704 verkies tot diaken en het die amp tot Desember 1709 beklee waarna hy 'n rustende diaken geword het.²²⁰

Daar is nie duidelike aanduidings van die skoolopleiding wat Jean en Pierre gehad het nie. In haar artikel oor die geletterdheid van die Hugenate gee Malherbe tog 'n aanduiding van wat die situasie moontlik kon wees. Malherbe beweer dat Pierre nie sy eie naam kon teken, toe *Cabrières* in 1688 aan hom toegeken is nie. Pierre het gebruik gemaak van 'n getuie by die merk wat hy aanvanklik gemaak het. Teen 1708 het Pierre tog sy eie handtekening gemaak. Malherbe wys ook uit dat die getuie Pierre se van as *Jordan* aangedui het, terwyl Pierre self na hom as *Jourdan* verwys het.²²¹ Dit is dus duidelik dat Pierre sy naam leer teken het na 1688. Malherbe wys daarop dat verskeie Hugenate-individue eers na 1688 die teken van hulle naam aangeleer het. Sy dui ook aan

²¹⁸ MJS Jordaan Privaat Versameling, Jordaan genealogiese register.

²¹⁹ Botha, p143.

²²⁰ Boeseken, Vol III p.411; Boeseken, Vol.IV.p.121.

²²¹ Malherbe, J. p.38.

dat daar wel ander Hugenote in die Drakensteinvallei was wat kon lees en skryf, of ten minste kon lees. Dit laat die vraag ontstaan of die Hugenote wat uit die Luberon-vallei kom, en spesifiek die families van *Cabrières* en *La Motte*, nooit leer skryf het nie.²²²

Teen die agtergrond van die geloofstryd waaraan die Jourdan-broers deelgeneem het in hulle vaderland en die desperate besluit wat hulle geneem het om hulle vaderland te verlaat, is dit haas ondenkbaar dat hulle nie kon lees en of skryf nie. Die aanname kan gemaak word dat Jean, Pierre en die lede van hulle groep wat saam op die *China* gereis het, waarskynlik kon lees. Hulle strek geloof, en die feit dat hulle nie eers vir die skyn, lede van die Rooms-Katolieke Kerk in Frankryk wou word nie, dui daarop dat hulle die Bybel kon lees. Dit laat die vraag ontstaan waarom sommige lede wel kon lees en skryf terwyl ander bloot kon lees? Was daar nie skole in die Luberon-gebied nie, of was dit dalk voldoende as mense net die Bybel kon lees? Meer nog: indien daar iemand was wat nie kon lees nie, is daar altyd vir hom/haar geles, of het hulle geloof net tot op die vlak van bespreking en gebed gestrek? Ook, is dit dalk hoekom hulle so ernstig was oor hulle kinders se opvoeding?

Malherbe meld dat, ten spyte van sommige Hugenote se ongeletterdheid, hulle wel huismeesters was.²²³ 'n Huismeester se rol was om by 'n spesifieke familie in te woon en die kinders en kleinkinders te leer lees en skryf. Met die situasie in gedagte ontstaan die vraag watter rol 'n ongeletterde persoon kon speel as 'n onderwyser? Is die opvoedingsaak so ernstig benader, dat die volwassenes die begrippe kon verduidelik en oordra aan die kinders, sonder dat die huismeesters dit self kon doen?

In Desember 1706 het daar 'n besending boeke per skip vir die Franse gemeente in Drakenstein vanaf Nederland aangeland.²²⁴

²²² *Ibid.*, pp.38-39.

²²³ *Ibid.*

²²⁴ Leibbrandt, H.C.V. *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters Received, 1695-1708*, p.141.

Die eerste kriminele oortreding teenoor Pierre is op 14 Mei 1707 begaan. Twee slawe wat uit die diens van die Kompanje gedros het, het twee skape van hom gesteel en waarskynlik geslag.²²⁵

Pierre se vrou, Anna, het aan ses kinders geboorte geskenk voordat sy in 1713 gesterf het.²²⁶ Die ses kinders was Anne (1698), Johanna (1699), Pierre (1700), Joseph (1701), Susanna (1703) en Marie (1705).²²⁷ Anna se boedel-inventaris dui aan dat sy en Pierre oor die volgende bates beskik het:

Plaas <i>Cabrierre</i>	2500 gulden
48 halwe leggers wyn waarvan	2016 gulden
sommige vol was	
4 slawe	1200 gulden
600 skape	900 gulden
30 beeste	600 gulden
Huismeubel asook twee ou waens	300 gulden
3 perde	30 gulden
<hr/>	
Totaal	7546 gulden ²²⁸
<hr/>	

Pierre is na die afsterwe van sy vrou met Maria Verdau getroud. Hy het op 60 jarige ouderdom in 1723 gesterf.²²⁹ Hy het 100 gulden aan die diakonie van Drakenstein bemaak.²³⁰ Met Pierre se afsterwe het hy die volgende besittings gehad:

Plaas *Cabrierre*

25 leggers wyn

16 slawe²³¹

²²⁵ Leibbrandt, p.141.

²²⁶ MJS Jordaan Privaat Versameling, Jordaan genealogiese register.

²²⁷ Ibid.

²²⁸ Ibid.

²²⁹ Botha., p.89.

²³⁰ MJS Jordaan Privaat Versameling, Jordaan genealogiese register

²³¹ Du Pre, R.H. The French Refugees(Huguenots) in South Africa,p.25 Hy meld dat net ryk boere slawe kon bekostig.

800 skape
 150 bokke
 12 varke
 9 perde
 20 000 wingerstokke²³²

Daar is twee moontlikhede oor presies waar Pierre se eerste vrou, Anna, begrawe is. Pierre moes ook besluit of die grafplundering deur die diere en ongediertes vir hom in 1713 goed genoeg was vir selfrespek en of hy haar ook op sy plaas naby die huis sou begrawe. Die grawe van die sloot om die begraafplaas moes in 1713 halfpad voltooi gewees het, nadat die grawe van die sloot in 1712 begin het en twee jaar later in 1714 voltooi is.²³³

Met Pierre se afsterwe in 1723 het sy tweede vrou, Maria, nie veel keuses gehad nie, behalwe om die voorwaardes wat deur die Drakensteinse gemeente gestel is, na te kom. Die tweede begraafplaas van die gemeente is in 1720 in die Paarl in gebruik geneem, waar die tweede kerkgebou opgerig is. Die kerkraad het by die Politieke Raad aansoek gedoen dat almal wat te sterwe kom vanaf Franschhoek, weerskante van die Bergrivier tot by Roodezandtskloof, (vandag bekend as Tulbagh), in die nuwe begraafplaas by die kerk of in die kerk begrawe word. Daar is ook tariewe gehef om in 'n graf begrawe te kon word.²³⁴

Die tariewe het gewissel van die getal persone per graf in die begraafplaas tot die grafte van kinders op hulle ouers se plase. Die koste was nie van toepassing op oorledenes wat deur vloedwater verhinder is om by die kerk begrawe te word nie. Indien 'n oorledene uit vrye wil nie by die kerk begrawe is nie, moes dieselfde fooi nog steeds aan die gemeente betaal word.

²³² Ibid.

²³³ Swart-Malherbe, p.34.

²³⁴ Ibid.

Enkelgraf in kerk	25 riksdalers
Dubbelgraf in kerk	100 riksdalers
Graf vir kind onder 10 jaar	5 riksdalers
Enkelgraf in kerkhof	6 riksdalers
Gebruik van lykskleed	2 riksdalers
Koster se kostes:	
Oopmaak van graf in kerk	2 riksdalers
Oopmaak van graf in kerkhof	1 riksdalers ²³⁵

Daar is reeds aangedui dat Pierre 100 gulden aan die Drakenstein-gemeente bemaak het. Aangesien Pierre betreklik oud geword het (60 jaar) en teen die agtergrond van sy geskiedenis, is dit moontlik dat hy binne-in die kerk begrawe is.

Diener, wat 'n studie onderneem het of daar duidelike nedersettingspatrone op die argeologiese landskap van *Bo-La Motte* was, het dieselfde studie ten opsigte van *Cabrières* gedoen. Ook hier het sy waardevolle bevindinge gemaak. *Cabrières* bestaan ook vandag uit meer as een titelakte, maar is nie naastenby so verdeel soos *Bo-La Motte* nie. Die oorspronklike opstal is 'n gedeelte wat vandag bekend staan as *Klein Cabrière*. Volgens Diener is dit hier op *Klein Cabrière* waar nog van die oorspronklike geboue te vinde is. Daar was 'n reghoekige woning wat vandag omskep is in 'n Kaaps-Hollandse woning, 'n wyntenk, die ou skoolgebou en die klein slawekwartiere, wat later omskep is in 'n kothuis.²³⁶

Diener skryf dat suid van *Klein Cabrière*, wat ook deel was van die oorspronklike *Cabrière* en tans dorpsrwe is, 'n huis met 'n H-vorm is. Sy glo dat die huis voor die 1820's opgerig is. Langs die huis is 'n ou stoor wat volgens Diener deel van die oorspronklike geboue was, omdat dit baie naby die oorspronklike huis was, wat intussen gesloop is. Daar is verskeie strukture op die oorspronklike werf waarvoor geen rekenskap gegee kan word nie, soos byvoorbeeld geboue soos die H-vorm

²³⁵ *Ibid.*, pp.34-35.

²³⁶ Diener, p.19; Fransen, pp.224-225.

dubbelverdiepinghuis, die meul, dorsvloer, die dam en die beeskraal.²³⁷ Sy betreur die wyse waarop die H-vormige huis wat op *Klein Cabrière* staan, gerestoureer is. Die Kaaps-Hollandse woning lyk vir haar ouer as wat hy werklik is. Sy glo dat die huis ongeveer uit die 1850's dateer. Die oorspronklike woning was 'n sinkdakwoning wat uit die laat 1700's dateer. Die plaasdam waarna hierbo verwys word en 'n volkshuisie soos Diener dit beskryf, was na aan mekaar geleë. Laasgenoemde staan vandag nog op die hoek van Cabrière- en Klipstrate. Die volkshuisie wat tot die 1700's terugdateer is, gerestoureer.²³⁸ Die plaas *Cabrière* het ook verskeie eerstes vir sy gemeenskap en Franschoek opgelewer, byvoorbeeld die eerste tennisbaan, die eerste kafee, die eerste skool, die eerste meule en die laaste van die oorspronklike wyntenke kan vandag nog daar besigtig word.²³⁹

Wat die trekbeweging vanuit *Cabrière* in *Oliphants Hoek* in die Drakensteinvallei betref, het Pierre se kinders, veral sy dogters, verder uit beweeg om hulle te vestig waar hulle mans geboer het. Anna en haar man, Louis Fourie, het hulle in Wellington as boere gevestig. Haar man is ook hier in 1750 oorlede. Susanna wat met haar neef, Jan, getroud was, het haar in Tulbagh gevestig, waar sy in 1752 oorlede is. Die jongste dogter, Marie, is in die Hexrivier-vallei getroud met David Pretorius.²⁴⁰ Pierre se seun met dieselfde naam, het in *Oliphants Hoek* geboer, moontlik saam met sy vader.

Deur die verskillende resolusies van die Kaapse Politieke Raad tot 1743 te bestudeer, is dit duidelik dat die Kaapse Raad drie nedersettings gehad het waarvoor hulle aan die VOC moes rekenskap gee. Dit is ook dieselfde drie nedersettings wat alle voorraad aan die verbygaande skepe moes voorsien. Die drie nedersettings was *Die Kaap de Goede Hoop*, *Stellenbosch* en die *Drakenstein-vallei* waarvan *Oliphants Hoek* die grootste nedersetting was.²⁴¹

²³⁷ *Ibid.*, p.20.

²³⁸ *Ibid.*, pp. 20-21&24.

²³⁹ *Ibid.*, pp.20-24.

²⁴⁰ *MJS Jordaan Privaat Versameling*, Jordaan genealogiese register.

²⁴¹ Böeseken,1962; De Wet,1964-1968.

Hierdie hoofstuk het die politieke, sosiale en toekomsvisie van die Hugenote gedurende die tydperk 1680-1688 belig. Stelselmatig het die Hugenote en die Jourdan-broers se teenwoordigheid aan die Kaap 'n blywende invloed gehad op die vestiging van 'n volk aan die suidpunt van Afrika. Louis, 'n seun van die Jourdan-stamvader Jean in Suid-Afrika, is gedurende 1782 oorlede. Hy was die laaste Jourdan-afstammeling wat Frans magtig was. In die volgende hoofstuk word die kollig geplaas op die verspreiding van die Jourdan-familie in Suid-Afrika na 1782.

Hoofstuk 3

Die verspreiding en eerste ervarings van die Jordaan -familie in Suid-Afrika sedert 1741

3.1 Enkele gegewens van die eerste vier geslagte in Suid -Afrika

3.2 Die verspreiding van die Jordaan-familie sedert 1741

3.3 Die Jordaans in leiersrolle

3.4 Militêre opofferinge deur lede van die Jordaan -familie op internasionale slagvelde

3.5 Die Jordaan-familie en hulle heraldiese erfenis

3.6 Die verbintenis met die Hugenote Stigting van Suid-Afrika in Franschoek, die bakermat van die Jordaan -familie

Hoofstuk 3

Die verspreiding en eerste ervarings van die Jordaan-familie in Suid-Afrika sedert 1741

Hierdie hoofstuk maak 'n studie van enkele gewens aangaande die eerste vier geslagte asook die verspreiding van die Jordaan-familie sedert 1741 Suid-Afrika. Jordans in leiersrolle en militêre opofferinge deur lede van die Jordaan-familie op internasionale slagvelde word uitgewys. Ten slotte word die verbintenis met die Hugenote Stigting van Suid-Afrika in Franschoek en die Jordaan-familie uitgelig asook die Jordaan-familie se heraldiese erfenis.

3.1 Enkele gegewens aangaande die eerste vier geslagte in Suid-Afrika

Uit die huwelik van Jean Jourdan (1660 – 1690) en Isabeau le Long (1668 – 1736). is vyf kinders gebore, vier seuns en 'n dogter wat die jongste was. Die kinders se name was Pieter (1691-1736), Jan (*1693), Paul (*1695), Louis (1697-1782) en Johanna (*1699).¹

Pieter is ongetroud oorlede, terwyl Johanna met Daniel Krynauw getrou is en sodoende die stammoeder van die Krynauw-familie in Suid-Afrika geword het.² Dit beteken dat al die Jordaan-nasate in Suid-Afrika uit die oorblywende drie broers Jan, Paul en Louis, afkomstig is.³

Van Pieter is weinig bekend. Hy het wel in Januarie 1711 Tafel Vallij, 'n leë en onbeboende erf, ontvang.⁴ Hy is ook in Desember 1715 as diaken in die distrik Drakenstein verkies.⁵

¹ MJS Jordaan Persoonlike Versameling, genealogiese register wat voorberei word vir publikasie Nasate in die register op 15-07-2004 was 32 877.

² Ibid.

³ Ibid.

Jan het weidingsregte op vier verskillende plase gekry. Die plase was Seekoeijacht, Boontjiesrivier in die (Land van Waveren), Grooteballing (naby Rodesand) en Grootte Vallei.⁶ Weidingsregte het beteken dat 'n persoon slegs die reg gehad het om vee op 'n sekere stuk grond aan te hou. Hulle is ten strengste verbied om die grond enigsins te bewerk of geboue op te rig. Weiregte is jaarliks gratis uitgereik.⁷ Jan se skaapboerdery was glad nie 'n sukses nie. In 1737 het van sy medeburgers van hom gesê dat hy nie daartoe in staat is om geld te maak nie.⁸ Jan se van is as *Jourdan* aangeteken.⁹

Paul het verskeie besittings gehad. Van sy besittings was 34 bokke, 12 slawe, 20 perde, 300 kleinvee, 400 skape, 25 miete gesaai, 60 miete. Hy is ook later tot ouderling verkies.¹⁰

Louis het soos sy ouer broer, Paul, ook verskeie besittings vergaar. Van Louis se besittings was 200 skape, 5 slawe, 20 perde, 240 kleinvee, 800 skape, 8000 wingerdstokke, 7 wynvate en 2 leggers wyn. Louis se wingerdstokke het van 8 000 in 1730 tot 1 000 in 1738 verminder.¹¹

Na Jean se dood is sy weduwee Isabeau met 'n mede-Hugenoot, Jacques Malan (1694-1736) getroud. Uit die huwelik is sewe kinders gebore, waarvan die oudste dogter met Hermanus Kriel getroud is. Hierdie ouerpaar het die stamvader en -moeder van die Kriel-familie in Suid-Afrika geword.¹²

Pierre Jourdan (1663-1723) en Anna Fouché (1681-1713) het ses kinders gehad waarvan vier dogters en twee seuns was. Die twee seuns was Pierre (1700-1725), wat kinderloos

⁴ De Wet, G.C.(Red) 1964. Resolusies van die Politieke Raad.1716-1719. pp.327- 328.

⁵ Leibbrandt, H.C.V. 1906 Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Requesten 1715-1806. p.600.

⁶ Ibid.

⁷ Bewaarders van ons Erfenis, p.2.

⁸ Leibbrandt, p.605.

⁹ Ibid.

¹⁰ De Wet, p.604; Opgawe rol 1730-1738, Kaapse Argief.

¹¹ Opgawe rol 1730-1738, Kaapse Argief.

¹² Malan, D.G. 1998. Die Malans van Suid- Afrika, pp.52-53.

dood is, en Joseph (1701-1738). Joseph het drie kinders gehad, twee seuns en 'n dogter. Die twee seuns was nooit getroud nie of is jonk dood.¹³

Pierre se besittings gedurende 1738 is aangegee as 16 slawe, 9 perde, 20 000 wingerdstokke, 800 skape, 5 donkies, 3 varkies, 150 kleinvee en 25 leggers wyn. Pierre se wingerdstokke het van 25 000 na 20 000 afgeneem vanaf 1733 tot 1738.¹⁴

Pierre en Anna se nageslag het, afgesien daarvan dat die Jourdan-bloedlyn vanuit 'n patriagale oogpunt in die familie vroeg doodgeloop het, 'n ander dimensie in die Jordaan-genealogie teweeggebring. Anne (*1698) is met Louis Fourie (*1698), Johanna (*1699) met Adriaan de Nicker (*onbekend) en Marie (*1705) met David Pretorius (*onbekend) getroud. Dit beteken dat die drie Jourdan-susters stam-moeders was van die drie aangetroude families. Die vierde suster Susanna (1703-1752) het met haar neef, Jan, (*1693) getrou. Jan was Jean se tweede kind en Susanna Pierre se vyfde kind.¹⁵

In 'n studie oor 'n siekte met spesiale verwysing na die genealogiese aspekte daarvan, het Heyl bevind dat lipoïed-proteïnose 'n seldsame siekte is wat in Suid-Afrika meer algemeen voorkom as elders. Die siekte bestaan uit twee kardinale simptome, naamlik heesheid, wat dikwels sedert geboorte bestaan, en velveranderinge, wat gewoonlik vroeg in die kinderjare begin.¹⁶ Hierdie studie toon dat die genetiese defek vir lipoïed-proteïnose waarskynlik deur die eerste Cloetes na Suid-Afrika gebring is en as resessiewe faktor oorgeërf word. Variërende penetrasie van die siekte bestaan indien aanvaar word dat een van die ouers in sommige gevalle 'n resessiewe homosigoot is.¹⁷ Toetse wat op verskillende familieledede tydens die studie gedoen is, het getoon dat nageslagte van Johanna Jourdan wat later met Daniel Krynaauw getroud is, die siekte as oorerflike eienskap in hulle

¹³ MJS Jordaan, persoonlike versameling, genealogiese register wat voorberei word vir publikasie Nasate in die register op 15-07-2004 was 32 877.

¹⁴ Opgawe rol 1730-1738.

¹⁵ MJS Jordaan, persoonlike versameling, genealogiese register wat voorberei word vir publikasie

¹⁶ Heyl, T. 1968. Lipoïedproteïnose: 'n Plaaslike studie van die siekte met spesiale verwysing na die genealogiese aspekte daarvan, p.6.

¹⁷ Ibid., pp.46-47.

bloed dra. Dieselfde is ook bevind in familieledede van die nageslagte van Jan Jordaan, wat met sy niggie Anna getrou was.¹⁸

Die oudste dogter, Anna, is op 14-jarige ouderdom deur 'n buurman se slaaf, Anthonij, langs die Bergrivier verkrag terwyl sy op pad was om vir haar pa kos te neem. Die slaaf is deur die buurman, Pierre Joubert, gestuur om 'n byl by Pierre Jourdan te leen en het by sy slawe gehoor dat Anna op pad was met kos. Anna het daarin geslaag om die volgende oggend van die slaaf te ontsnap deur voor te gee dat sy dors was. Na 'n uitgebreide soektog is die slaaf op Cabrière, die Jourdans se woonplaas, gevang. Tydens die hofsak het die hof die verkragting van 'n minderjarige dogter as onvergeeflik beskou en is Anthonij ter dood veroordeel. As doodsvonniss is die slaaf teen 'n ossewawiel doodgeslaan en is sy kop daarna afgekap en op 'n paal geplaas op die plek waar die verkragting plaasgevind het. Die kop moes as afskrikmiddel dien vir voornemende misdadigers. Anna se moeder is kort na die voorval oorlede. Anna is vier jaar later op 18-jarige ouderdom met 'n 37-jarige wewenaar Hugenoet, Louis Fourie, getroud. Hulle tweede jongste dogter, Susanna, sou ook later swanger word sonder dat sy getroud was. Dit is onbekend of sy ook verkrag is en of sy 'n buite-egtelike verhouding gehad het.¹⁹

Joseph, seun van Pierre en Anna Jourdan, het sy pa se plaas, Cabrière, geërf wat gewaardeer was vir 300 gulden. Die erfdeel het ook die huisinhoud ingesluit. Die huisinhoud het twee silwer lepels en 'n silwervurk ingesluit, wat Joseph weer op sy beurt aan sy twee kinders, Pierre en Maria, geskenk het ter nagedagtenis aan hulle oupa. Die vermoede bestaan dat die silwerware uit Frankryk afkomstig was.²⁰

Daar kan dus afgelei word dat tussen die kinders van die twee Jourdan-broers, Jean en Pierre, die stamvader van drie Jourdan-bloedlyne die, stammoeders van vyf ander families en een stammoeder se man ook 'n stamvader van 'n Jourdan-bloedlyn was.

¹⁸ Ibid., bylae K2 & K6.

¹⁹ Opgawe rol 1730-1738, MJS Jordaan, persoonlike versameling. Jordaan genealogiese register

²⁰ Opgawe rol 1730-1738.

Skematies kan dit soos volg verduidelik word:

Afstammeling van Martha Jourdan in Suid-Afrika:
Jean en Pierre Jourdan

Afstammeline van Jean Jourdan en Isabeau le Long:

3 x Jourdan-seuns

Afstammeling uit tweede huwelik van Isabeau Jourdan:

Malan

Kriel

Afstammeling van Pierre Jourdan en Anna Fouche:

Fourie

De Nicker

Pretorius

Jordaan

Daar kan dus aanvaar word dat Martha Jourdan, wat ter see dood is op pad na Suid-Afrika, met haar twee seuns, die direkte stammoeder is van elf families in Suid-Afrika, terwyl haar skoondogter stam-moeder van vyf families in Suid-Afrika is.

Martha het wel 'n dogter, Marie, gehad wat in Frankryk met 'n Roux getroud was, maar nie na Suid-Afrika gekom het nie. Marie en Jean Roux het drie dogters gehad.²¹

Die totaal van 32 877 name in die Jordaan-genealogiese register kan in spesifieke groepe ingedeel word. Die getal Jourdan-individue is 44 waarvan 25 mans en 19 vrouens is. Die vroegste aantekening van 'n *Jourdan* is in 1660 en die mees onlangse is in 1995. Die getal

²¹ MJS Jordaan, persoonlike versameling. Jordaan genealogiese register.

gebore Jordaan-individue in die register is 16 711 waarvan 8 917 mans en 7 764 vrouens is. Die eerste *Jordaan* is in 1725 aangeteken en die mees resente in 2004.

Die gemiddelde ouderdom by sterfte in die register is 60,22 jaar wat 'n gemiddeld is van 58,89 jaar vir mans en 62,16 jaar vir vrouens. Die man wat die oudste geword het was 109 jaar oud, terwyl die oudste vrou 113,66 jaar oud geword het. Die man wat die meeste keer getroud was, was vier keer getroud, terwyl die vrou wat die meeste keer getroud was, vyf keer getroud was. Die meeste kinders uit dieselfde huwelik gebore was agttien. Die jongste dogter tydens haar huwelik was 12 jaar oud en die jongste moeder by geboorte van haar eerste kind was dertien jaar oud. Die oudste vrou by geboorte van haar kind was 63 jaar oud.²²

Daar is 'n totaal van 68 aangenome kinders in die register, waarvan 38 die naam Jordaan aangeneem het. Die 32 877 individue verteenwoordig 3 809 verskillende vanne waarvan 1 275 vanne net een keer in die register verskyn. Die van *Jordaan* verskyn 16 708 keer.

Daar kan met behulp van onderstaande tabel bepaal word hoeveel Hugenate-bloed daar tans nog deur die Jordaanse are vloei. Hierdie berekening is bloot gedoen op grond van die getal vanne wat in die genealogiese register verteenwoordig word.

$$B = \frac{T_J + H}{T} \times 100$$

Waar in bostaande vergelyking

B = Hugenate-bloed in die Jordaan-familie se are

T_J = Totale Jordaan-individue

H = Individue met Hugenate-vanne

T = Totale individue in Jordaan-genealogies-register

As voorbeeld:

$$B = \frac{16711 + 2238}{32877} \times 100$$

²² *Ibid.*

= 57,636 % Hugenote-bloed in die Jordaan-familie se are.

Daar moet egter in ag geneem word dat 1 299 vanne net een maal voorkom teenoor die van Botha wat 351 keer verskyn.

Die getal vanne wat nie van Hugenote-afkoms is nie en tussen 1 en 10 keer verskyn is:

Getal vanne;

1 - 1 299

2 - 320

3 - 227

4 - 124

5 - 61

6 - 55

7 - 49

8 - 27

9 - 25

10 - 19

Indien bogenoemde vanne nie in berekening gebring word as 'n invloed op die persentasie Hugenote-bloed in die Jordaan-are nie kan die volgende berekening gemaak word:

$$B = \frac{T_j + H}{T - T_{10}} \times 100$$

Waar in bostaande vergelyking

B = Hugenote-bloed in die Jordaan-familie se are

T_j = Totale Jordaan-individue

H = Individue met Hugenote-vanne

T = Totale individue in Jordaan-genealogies-register

T₁₀ = Totale individue in Jordaan-genealogies-register wat meer as tien keer voorkom

As voorbeeld:

$$B = \frac{16711 + 2238}{32877 - 2206} \times 100$$

$$= 61,781 \% \text{ Hugenote-bloed in die Jordaan-familie se are.}$$

'n Faktor wat in gedagte gehou moet word met hierdie berekeninge, is dat verskeie van die vanne nie 'n direkte invloed op die persentasie Hugenote-bloed in die Jordaan se are gehad het nie. Die rede hiervoor is verskeie van die vanne ter sprake 'n skoonma, skoonpa of broer of suster was, wat nie direk bygedra het tot die bloedvermenging van die betrokke Jordaan-individu se kinders nie. Die stadium van bloedvermenging sedert die Jordaan-familie in Suid-Afrika aangekom het, is ook nie in ag geneem nie.

Die vanne wat nie van Hugenote-afkoms en meer as 50 keer verskyn is;

50 Ferreira
 50 Cloete
 53 Bezuidenhout
 53 De Kock
 53 Maritz
 55 Labuschagne
 56 Van der Walt
 56 Vorster
 57 Conradie
 57 Schutte
 58 Olivier
 58 Visser
 59 Swanepoel
 61 Bester
 61 Grobler
 61 Meyer
 61 Van der Westhuizen
 64 De Wet
 65 Van Rooyen
 66 De Jager
 66 Louw
 67 Burger
 69 Potgieter
 71 Engelbrecht
 74 Barnard
 74 Janse van Rensburg
 75 Strydom

78 Smith
 82 Oosthuizen
 82 Van den Berg
 83 Prinsloo
 88 Van Niekerk
 91 Van Heerden
 95 Van Jaarsveld
 97 Coetzer
 98 De Beer
 99 Van Wyk
 100 Steyn
 108 Kruger
 115 Swart
 118 Coetzee
 124 Erasmus
 133 Van Zyl
 145 Smit
 147 Pretorius
 180 Kriel
 184 Venter
 204 Van der Merwe
 351 Botha

Indien dieselfde berekening gedoen word ten opsigte van die invloed wat die vanne, wat nie van Hugenate-afkoms is nie en meer as 50 keer voorkom in die Jordaan-genealogiese register, is die gevolgtrekking die volgende:

$$B = \frac{T_{50}}{T_j + H} X100$$

Waar in bostaande vergelyking

B = Hugenate-bloed in die Jordaan-familie se are

T_j = Totale Jordaan-individue

H = Individue met Hugenate-vanne

T₅₀ = Totale individue in Jordaan-genealogies-register wat meer as vyftig keer voorkom

As voorbeeld:

$$B = \frac{4452}{16711 + 2238} X100$$

= 23,495 % Hugenote-bloed in die Jordaan-familie se are.

Die totale vanne wat tussen 49 en 11 keer in die Jordaan-genealogiese register verskyn is 3 027. Indien die getal in ag geneem word saam met die vanne wat tussen 50 en 351 keer verskyn, kan die volgende berekening gemaak word:

$$B = \frac{T_{11} + T_{351}}{T + H} \times 100$$

Waar in bostaande vergelyking

B = Hugenote-bloed in die Jordaan-familie se are

H = Individue met Hugenote-vanne

T = Totale individue in Jordaan-genealogies-register

T₁₁ = Totale individue in Jordaan-genealogies-register wat tussen 11 en 49 keer voorkom

T₃₅₁ = Totale individue in Jordaan-genealogies-register wat tussen 50 en 351 keer voorkom

As voorbeeld:

$$B = \frac{3027 + 4452}{18949} \times 100$$

= 39,469 % Hugenote-bloed in die Jordaan-familie se are.

Opsommend kan die berekenings van die persentasie Hugenote-bloed in die Jordans se are in die genealogiese register die volgende permutasies voorstel:

- Jordaan-bloed plus Hugenote-afstammeling as verhouding van die totale vanne:
57,636%
- Jordaan-bloed plus Hugenote-afstammeling minus weglating van vanne wat tussen 1-10 maal in die register verskyn: 61,781%

- Jordaan-bloed plus Hugenate-afstammeling minus die vanne wat meer as 50 keer verskyn: 23,495%
- Jordaan-bloed plus Hugenate-afstammeling minus die vanne wat tussen 11 en 351 keer verskyn: 39,469%

Hugenate-vanne wat in die Jordaan-genealogiese register verskyn op grond van huwelike aangegaan met 'n Jordaan is:

Hugenate- van	totaal	manlik	vroulik	eerste verskyning	laaste verskyning
Du Plessis	213	119	94	1755	2001
Du Toit	189	105	84	1695	2002
Nel	185	90	95	1707	2001
Fourie	166	92	74	1696	2001
Le Roux	118	66	52	1702	2000
Marais	92	46	46	1682	1997
Joubert	90	53	37	1781	1998
Du Preez	88	50	38	1743	2002
De Villiers	83	41	42	1808	1991
Viljoen	82	42	40	1832	1995
Rossouw	80	43	37	1859	2004
Roux	78	46	32	1816	1991
Theron	67	42	25	1820	1997
Jacobs	64	38	26	1703	2002
Pienaar	61	27	34	1748	1999
Lombard	57	31	26	1839	1998
Malan	53	30	23	1694	2000
Hugo	52	23	29	1741	1997
Jourdan	44	25	19	1660	1995
De Klerk	44	23	21	1858	1999
Naudé	33	16	17	1890	1998
Cilliers	32	18	14	1885	1999
Cronje	31	19	19	1887	1971
Lombaard	29	15	14	1833	1991
Fouché	29	14	15	1857	1947
Le Grange	24	11	13	1868	1991
Maree	23	16	7	1716	1990
Du Randt	22	12	10	1891	1991
Malherbe	19	9	10	1859	2002
Bruwer	17	11	6	1834	1834

Retief	12	4	8	1870	1870
Minnaar	9	5	4	1724	1927
Maré	9	8	1	1937	2000
Fouché	7	5	2	1681	1713
Du Rand	6	1	5	1836	1976
Gilomeé	5	5	0	1932	1967
Naudé	4	3	1		
Senekal	3	0	3	1917	1995
Cronjè	3	1	2	1860	1902
Naudé	2	1	1		
Le Riche	2	1	1	1709	1709
Faure	2	0	2	1955	1955
Durrant	2	2	0		
De Clerk	2	2	0		
De Clerq	2	1	1		
Celliers	2	1	1		
Rousseau	1	1	0	1963	1963 ²³

Die getal individue in die Jordaan-genealogiese register bestaan uit twee groepe in die register, te wete die gekoppelde persone en die ongekoppelde persone. Met die gekoppelde persone word bedoel dat hulself aaneenlopende geslagte is, geslagte wat teruggeneem kan word tot met die koms van die Jordaan-stamvader na Suid-Afrika in 1688 as Hugenoot vanaf Frankryk via die Nederlande. Met die ongekoppelde persone word bedoel dat daar êrens in hulle bloedlyn ten minste 'n geslag kort wat die spesifieke persoon direk kan koppel met die Jordaan-stamvader. Die geslag wat volgens die genealogiese register nie voltooi kan word nie, beteken dikwels dat daar 'n onbekende oupa of oupagrootjie is. Dit het tot gevolg dat so 'n persoon se stamboom volgens die register kan wissel van een tot in sommige gevalle ses geslagte.

Die 32 877 individuele name in die Jordaan-genealogiese register bevat 1 488 stambome. Die grootste hiervan is die van *dié* stamvader van die Jordaans in Suid-Afrika, Jean Jourdan met 20 503 individue in sy stamboom. Dit beteken dat al die individue in Jean se stamboom hulle, ongeag ouderdom en geslag, sal kan koppel aan die stamvader en -moeder wat in 1688 na Suid-Afrika gekom het. Die res van die individue in die Jordaan-

²³ Ibid.

genealogiese register verteenwoordig 12 374 persone in 1 487 stambome wat wissel van 1 tot 409 individue per stamboom.²⁴

Sedert die stamvader van die Jordaan-familie in Suid-Afrika, is die jongste geslag in Suid-Afrika die elfde geslag na die koms van die Hugenote na Suid-Afrika. Die mans het 'n gemiddelde ouderdom van 26,55 jaar en die vrouens 23,08 jaar oud tydens hul eerste huwelik met 'n gemiddeld van 1,54 kinders per huwelik.²⁵

Derde geslag

Daar is vroeër kortliks verwys na die drie Jordaan-bloedlyne. Dit moet benadruk word dat vanaf die derde geslag Jordaans ná 1688 in Suid-Afrika al die Jordaan-nasate in Suid-Afrika uit een van drie bloedlyne afkomstig is. Die drie bloedlyne het hulle oorsprong in die stamvader Jean se drie seuns, Jan, Paul en Louis.²⁶

Hoofstuk twee eindig met die dood van die stamvader Jean Jourdan se vierde en jongste seun, Louis, wat die laaste Franssprekende Jourdan aan die Kaap was.²⁷

Van die oudste bekende tasbare besittings afkomstig uit die derde geslag Jordaans in Suid-Afrika, is die besittings van twee van die drie seuns.

Jean en Isabaeu Jourdan se derde seun, Paul, het 'n seun Stephanus (*31-08-1731), gehad. Van hierdie seun se besittings is onder meer 'n Statebybel wat vandag die eiendom van Jannie Louw is. Hierdie Bybel is in 1931 in 'n solder van 'n huis in

²⁴ Ibid.

²⁵ Ibid.

²⁶ Ibid.

²⁷ Van der Merwe. B. 1992. Baie Hugenote het dalk nie Frans geken nie, p.19.

Wellington gevind. Louw meld dat die eienaar van die Bybel gedurende die Eerste Wêreldoorlog oorlede is.²⁸

Jean en Isabaeu Jourdan se vierde seun, Louis, het ook 'n seun, Stephanus Petrus (1749-1836) gehad. Hy het gedurende 1784 'n stuk grond bekom waarop hy *De Woning* gebou het. Stephanus het 'n invloedryke lewe in die Paarl gevoer tot en met sy dood in Maart 1836.²⁹

Stephanus het in 1777 net meer as 1,8 hektaar grond net langs (oostekant) van De Oude Woning bekend as De Straat, in die Paarl ontvang. Die doel daarvan was om sy kleremakersambag voort te sit. Vandag dien Hoofstraat in die Paarl as baken tussen die twee eiendomme. Stephanus het ses jaar later in 1784 vir nog 'n stukkie grond (174 vk roede) langs sy eerste grond gevra. Die grond was wes van sy eerste grondgebied geleë. Hier wou hy 'n slaghuis bedryf en 'n kraal en huisie oprig. Op die grond het *De Woning* in dieselfde jaar sy beslag gekry.

In 1797 het Stephanus ongeveer 'n halwe hektaar direk langs en aan die suidwestekant van De Woning ontvang. Drie weke daarna het hy die hele eiendom vir 8 000 gulden verkoop. In vergeleke met ander transaksies van die aard wat vir 2 000 gulden verkoop is, het Stephanus 'n goeie transaksie beklink. Hierna het hy weer grond gevra langs De Woning wat tot teen die Bergrivier gestrek het. Die grootte was 13,5 hektaar. Hier het hy gebly tot sy dood. Sy oudste seun, Johan Louis, het De Straat in 1815 geërf en dit in 1834 verkoop. De Oude Woning is vandag 'n verklaarde Nasionale Gedenkwaardigheid. As boumeester is hy hoog geag deur die kerkraad van Drakenstein en is hy is teen twee riksdalers per dag aangestel om toesig te hou oor die bou van die nuwe kerk.³⁰

²⁸ Mnr Jannie Louw. 11-12-2001. Korrespondensie oor Jordaan statebybel wat dateer van 1741. Lyttelton, 27-09-2001. Beeld. Statebybel se baas na 70 jaar gesoek. Erfstuk van Jordaan – familie dateer van 1741.

²⁹ Simons, P.D. 1987. 'n Gids tot Kaaps Hollandse Huise, p.166, Fransen, H. 1965. *The Old Houses of the Cape*, p.112.

³⁰ *MJS Jordaan Privaat Versameling*, Genealogiese register Stephanus se rekenaarnommer is 13368; *Ons Drakensteinse Erfgrond: Franschoek*. Deel 4, pp. 51-52.

Stephanus se kort lewensverhaal is die eerste getuienis van 'n Jordaan-afstammeling wat nie net 'n landbouer was nie. Sy toesighoudende hoedanigheid tydens die bou van die kerk in die Paarl is ook die eerste getuienis van 'n Jordaan wat ten minste 'n tweede inkomste gehad het.

Vyf geslagte na Stephanus het een van sy pa se nageslagte weer die eienaar van *De Oude Woning* geword. Ernst Gabriel Jordaan (1919-1976) 'n geneesheer wat in die Paarl gepraktiseer het, het die huis gekoop toe hy van Tzaneen teruggekeer het na die omgewing waar hy gebore is. Hy het later die *Oude Woning* verkoop, waarna die Paarlse Heemrade hulle in die gebou gevestig het. Ernst se kleinseun, Philip Pierre du Toit (*1954), wat self 'n wynmaker in die distrik Rawsonville was het sy dogter, Cabrière, vernoem na die dorp in Frankryk vanwaar Jean Jourdan gekom het om die stamvader van al die Jordaans in Suid-Afrika te word.³¹

Vierde geslag

Die huwelike tussen Hugenote en Nederlanders het vrylik begin tydens die tweede geslag van die Jordaans aan die Kaap na 1688. Die drie Jordaan-broers, wat die stamvaders is van die verskillende Jordaan-bloedlyne na die tweede geslag, het gesamentlik 24 kinders gehad. Van die 24 Jordaan-kinders in die derde geslag het net twee met Hugenote-nasate getrou. Twee van die drie broers, Jan en Louis, het elk 'n seun gehad wat die suiwer Hugenoot-bloedlyn laat voortleef het. Die een was Louis, seun van Jan (*1743), wat getroud was met Hester Pienaar (*1748) Die ander was Louis se seun, Jacobus (* 1752), wat op sy beurt getroud is met Rachel Hugo (*1741)

³¹ Ibid., Ernst Gabrel se rekenaar nommer is 8996 en sy kleindogter Cabriere se nommer is 28332.

Die twee families het elkeen vyf kinders gehad. Louis en Hester se dogter, Hester, Catharina (1774-1839), is die laaste suiwer Hugenoot sover bekend wat 111 jaar na die koms van die Jordaan-broers aan die Kaap oorlede is.³²

3.2 Die verspreiding van die Jordaanfamilie sedert 1741

Die verspreiding van die *Jourdan*-familie en later bekend as die *Jordaan*-familie vanaf Franschoek het in verskeie windrigtings plaasgevind. Volgens die inligting wat bekom is tydens die opstel van die Jordaan-genealogiese register, het lede van die Jordaan-familie hulle benewens in Suid-Afrika, ook in ses ander Afrikalande gevestig, te wete Namibië (die voormalige Suidwes-Afrika), Zambië (die voormalige Noord-Rhodesië), Zimbabwe (die voormalige Rhodesië), Kenia, Botswana (die voormalige Bestjoeanaland) en Swaziland. Kanada is die enigste land buite Afrika wat ook aangedui is as 'n plek van geboorte vir 'n lid van die Jordaan-familie.³³ Die register dui onder meer aan waar lede van die Jordaan-familie gebore is en gesterf het. In die verslag oor plekname, wat 408 bladsye beslaan, word 926 plekname aangedui waar lede van die Jordaan-familie gebore, gewoon en gesterf het.³⁴ Hierdie verspreiding verteenwoordig groepe van minder as tien tot die grootste groep van 766 familieledes in een distrik of dorp. Hierdie navorsing is toegespits op 197 van die dorpe. Hierdie dorpe word uitgesonder omdat daar meer as tien lede van die Jordaan-familie in die dorpe aangeteken is. Die ses Afrikalande sal gesamentlik bespreek word.

Hierdie verslag dui ook verskeie sterftes aan in konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Daar is een geval van 'n Jordaan wat in Vlaandere, België, gesterf het tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918). 'n Tweede Jordaan is tydens die Slag van Delvillebos in Noord-Frankryk oorlede. Sommige Jordaans se plek van sterfte

³² MJS Jordaan, persoonlike versameling, genealogiese register wat voorberei word vir publikasie Nasate in die register op 15-07-2004 was 32 877.

³³ Genealogiese register wat voorberei word vir publikasie.

³⁴ MJS Jordaan Privaat Versameling, genealogiese register wat voorberei word vir publikasie.

word aangedui as 'n hospitaal vir persone met geestelike versteurings aan die Kaap. Een Jordaan-baba is op Robbeneiland gebore.³⁵

Die volgende gedeelte sal poog om 'n aanduiding te gee van hoe die onderskeie groepe van die Jordaan-familie vanaf Franschhoek na die res van Suid-Afrika versprei het. Hierdie berekening sal berus op natuurlike trekrigtings, asook die vroegste datum van verskyning in elke distrik. Dit moet hier beklemtoon word dat net plekname waar daar meer as tien lede van die Jordaan-familie aangedui word in die Jordaan-genealogiese register bespreek sal word.

Tydens die ontleding van die trekrigtings, sowel as die eerste datum van die verskyning van 'n lid van die Jordaan-familie in die onderskeie distrikte, kan tien trekrigtings onderskei word en tien tydgleuwe sedert die verspreiding begin het. Na die Boland in 1688 het die Oos-Kaap in 1741, Wes-Kaap in 1749, Noord-Kaap in 1820, Natal in 1845, Oranje-Vrystaat (tans Vrystaat) en Wes-Transvaal (tans Noordwes) in 1849, Noord-Transvaal (tans Gauteng en Limpopo) in 1853, Oos-Transvaal (tans Mpumalanga) in 1856 en die Afrikalande sedert 1896 gevolg.³⁶

1741 – 1800: Die verspreiding na die binneland begin

Gedurende hierdie tydperk het die Jordaan-familielede in drie van die tien trekrigtings begin beweeg. Die rigtings was die Boland, die Wes-Kaap en die Oos-Kaap.

Die sewe distrikte in die Boland waar daar die eerste keer Jordaans aangeteken is, was die Hexrivier-gebied waar daar 207 Jordaan-familielede aangeteken is. Tulbagh wat grens aan die Hexrivier volg in 1747, waar daar 59 familieledede aangeteken is, Wellington in 1750 met 40 lede, Robertson in 1794 met 78 lede, Malmesbury 'n jaar later met 215 lede en die Paarl in 1799 met 202 lede.

³⁵ Ibid.

³⁶ Ibid.

Johannes (*1725), seun van Jan, is as diaken voorgestel in die Land van Waveren Gemeente.³⁷ Sy neef Paul (*1733), seun van Paul, is ook hier tot diaken verkies.³⁸

Johannes Petrus (*1777), kleinseun van Louis Jordaan, is met Martha Sophia Marais in Tulbagh getroud en het later eienaars van *Klipfontein*, *Perdekloof* en *Pienaarskloof* in die Agter-Bokkeveld in die distrik Tulbagh geword.³⁹

In die Wes-Kaap was dit Stellenbosch wat in 1749 die eerste Jordaan-familielede sou huisves, 'n groep wat later tot 70 familieledede sou aangroei. Een van die eerste Jordaans wat hier gebore is en wie later met Rachel Hugo van Tulbagh sou trou, was Jacobus Jordaan. Jacobus was 20 jaar oud toe hy met die 31-jarige weduwee Hugo getrou het. Jacobus was 'n seun van Louis Jordaan.⁴⁰ Jacobus se broer, Frans, is in 1778 as korporaal in Stellenbosch aangestel.⁴¹ Gedurende Januarie 1782 is daar 'n klag van ongehoorsaamheid teen Jacobus by die Politieke Raad gelê.⁴²

Die Oos-Kaap was die derde trekgring in dié tydperk waarheen lede van die Jordaan-familie sou verhuis. Swellendam, met 'n totaal van 166 lede in 1779, was die eerste distrik waar hulle hulle gevestig het en hierna is hulle na die distrik Albanie, (later bekend as Grahamstad), met 15 familieledede, terwyl daar in 1798 reeds 458 Jordaan-familielede in Cradock gewoon het..

³⁷ Jeffreys, K.M. 1926. Kaapse Archiefstukken. 1778, p.122.; MJS Jordaan Privaat Versameling. Johannes se rekenaar nommer is 6; Jeffreys, K.M. 1927. Kaapse Archiefstukken. 1779, p.6; Jeffreys, K.M. 1928. Kaapse Archiefstukken. 1780, pp.6&185.

³⁸ Jeffreys, K.M. 1928. Kaapse Archiefstukken. 1780,p95; Jeffreys, K.M. 1930. Kaapse Archiefstukken. 1781,p.286; Jeffreys, K.M. 1931. Kaapse Archiefstukken.Deel I. 1782,pp.293&378.

³⁹ Ibid., Johannes Petrus se rekenaar nommer is 13415; Bewaarders van ons Erfenis. Deel 4,p.13.; De Wet G.C. (Red) 1971. Resolusies van die Politieke Raad. DeelVII,p.169.

⁴⁰ Ibid., Jacobus se rekenaar nommer is 13369.

⁴¹ Jeffreys, K.M. 1926. Kaapse Archiefstukken. 1778,p.415; MJS Jordaan Privaat Versameling. Frans se rekenaar nommer is 13074.

⁴² Jeffreys, K.M. 1931. Kaapse Archiefstukken.Deel I. 1782, pp.1,19,35,36; Jeffreys,K.M. 1935. Kaapse Archiefstukken. Deel II. 1782,p.247.

Een van die stamvaders Louis Jourdan, se kleinseuns, Johannes Lodewikus (*1780), het op drie plase in die distrik Swellendam geboer. Die plase se name was *Elandsfontein*, *Leeurivier* en *Middel Voetpad*.⁴³

1800-1820: Die eerste verspreiding na die Noordkaap

Hierdie tydperk sou 'n bepalende tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis word met die oornam van die Kaap deur die Britse regering van die Bataafse regering in 1806. Hierdie oornam deur die Britse regering is gevolg deur die koms van die Britse Setlaars in Algoabaai in 1820.

Hierdie is ook die tydperk waarin Napoleon Bonaparte (1804-1820) heerser van Frankryk was. Hy was iemand wat baie simpatie en empatie met die Franse Hugenote getoon het, mense wat om godsdienstige redes uit hul vaderland moes vlug.⁴⁴

Die drie rigtings waarin daar in hierdie tydperk beweeg is, veral toegespits op die Boland. In Worcester is die eerste Jordaan-familielid in 1804 aangeteken. Die groep Jordaans sou spoedig hier tot 314 groei. Die distrik Montagu volg in 1808 met die derde grootste konsentrasie van Jordaans in Suid-Afrika, naamlik 542.

Die tweede rigting waarheen sou uitbrei was na die Oos-Kaap. Somerset-Oos volg in 1800 met Jordaan-familielede wat tot die sesde grootste konsentrasie van Jordaans in Suid-Afrika sou groei met 360 lede. Hierna volg Graaff-Reinet in 1801 met 65 lede, Mosselbaai in 1809 met 70 lede, George in 1811 met 80 lede, Tarkastad in 1814 met 160 lede, Uitenhage in 1818 met 40 lede en Caledon in 1819 met 79.

In hierdie tydperk het Jordaan-familielede vanaf Swellendam en Hexrivier, na Cradock en Tarkastad getrek. Johannes Petrus (1776-1863) is in die distrik Hexrivier gebore en is

⁴³ Bewaarders van ons Erfenis. Deel 5; MJS Jordaan Privaat Versameling. Johannes Lodewikus se rekenaarnommer is 10493.

⁴⁴ Hugenote Geskiedenis in Wereldkonteks. 1997. Reeks 2, pp.20-21.

ook daar getroud. Al veertien sy kinders is in die distrik Cradock en die meeste op die plaas *Bulhoek* gebore.⁴⁵

Christoffel Johannes Petrus Jordaan (1809-1883) se pa is in Swellendam gebore. Hyself is in die distrik Somerset-Oos gebore en sy dood is in Natal geregistreer.⁴⁶ Die aanduiding is dat daar binne twee geslagte van pa na seun vanaf Swellendam na Natal getrek is.

Johannes Hendrik Jordaan (*1823) is in Cradock gebore, terwyl sy pa, Johannes Petrus (1776-1863), in die Hexrivier gebore en getroud is. Johannes Hendrik was die enigste Jordaan-familielid wat 'n plaas ontvang het van die Britse regering in 1851 in die Baileton-omgewing naby Queenstown.⁴⁷ Vandag, 153 jaar later, boer die sesde geslag van Johannes Hendrik nog steeds in die omgewing. Hier, in die gebied bekend as die Bailey-gebied, is 'n rivier vernoem na die Jordaan-familie. Dit is moontlik dat die rivier vernoem is na of die eerste Jordaan, Johannes Hendrik, die familie as geheel, of dalk na Daniël Joachim Jordaan, deur wie se plaas die rivier loop. Van Johannes Hendrik se nageslagte het direkteurs van maatskappye geword, 'n lid van die Volksraad (1977-1980), voorsitters van Afdelingsrade en benewens dié wat boere en onderwysers geword het, was daar ook uitstaande musiektalent onder die nageslagte.⁴⁸

Die tweede geslag van Johannes Hendrik in die gebied se vyfde kind was 'n seun, gedoop Marthinus Johannes (1851-1919). Marthinus se eerste seun is toe, soos die gebruik was, na die kind se oupa vernoem, naamlik Jan Hendrik (1877-1958). Hier kom wel 'n klein verskil voor, want die oupa Johannes se naam het tydens die doop van die kleinkind na Jan verander. Jan Hendrik se eerste seun kry toe, soos die gebruik met die oudste was, die naam van sy oupa aan vaderskant, Marthinus Johannes Steyn (1901-1970). Hier kom weer 'n wysiging voor. Vir die eerste keer is die naam Steyn as derde

⁴⁵ MJS Jordaan, persoonlike versameling, genealogiese register wat voorberei word vir publikasie, Johannes Petrus se rekenaarnommer is 2946.

⁴⁶ Ibid., Christoffel Johannes Petrus se rekenaarnommer is 5588.

⁴⁷ Ibid., Johannes Hendrik se rekenaarnommer is 2969.

⁴⁸ Ibid., Daniël Joachim se rekenaarnommer is 5039.

naam bygevoeg. Die rede vir die byvoeging van die derde naam, spruit voort uit die indruk wat president Marthinus Theunis Steyn (1896-1902) van die Republiek van die Oranje-Vrystaat op Jan Hendrik, die vader van Marthinus Johannes Steyn, gemaak het.⁴⁹

Wat betref die invloed van die Britse regering op die Jordaan-familieede, het nie een die van die Jordaan-familie verder weg beweeg as dié gedeelte van die Oos-Kaap nie. Ten spyte daarvan is president Steyn deur 'n familielid in die Oos-Kaap vernoem. Weer kan die vraag gestel word, dat indien Jan Hendrik Jordaan so 'n groot ondersteuner van die Vrystaatse President was en teen Engelse oorheersing was, waarom Jordaan nie nader aan die president getrek het om hom te ondersteun nie? Dit is wel aangeteken dat Jan Hendrik Jordaan in 1958 'n ondersteuner van die Verenigde Party was. Die Verenigde Party en die Nasionale Party was ten tye van sy dood die twee grootste politieke partye gedurende die 1950's in Suid-Afrika.

Al drie hierdie familieede is afkomstig van dieselfde stamvader, Jan. Hier was die gevoel dus dat van die Jordaan-familieede binne drie geslagte - van oupa na kleinseun - van die Boland na die oostelike deel van die oosgrens getrek het. In Johannes Hendrik, wat die verste oos beweeg het, se geval het dit 75 jaar geneem sedert sy oupa se geboorte totdat hy sy grond van die Britse regering ontvang het.

Die derde rigting waarin lede van die Jordaan-familie begin trek het, was die Noord-Kaap. Die eerste distrik in die Noord-Kaap waar Jordaan aangeteken is, was Sutherland en wel in 1820 met 207 familieede.⁵⁰ Een van die eerste Jordaan wat in Sutherland gebore is, was die vierde geslag van stamvader, Paul Jordaan. Jacobus Jordaan (1820-1903) se pa, Adriaan (1796-1866), het van Tulbagh na Sutherland getrek. Jacobus is ook op Sutherland begrawe.⁵¹ Hy en sy vrou, Christina Esterhuyse, het twaalf kinders gehad. Hulle oudste seun, Adriaan (1842-1898), het 'n plaas, *Klawerfontein*, gekoop en

⁴⁹ MJS Jordaan Privaat Versameling; persoonlike oorlewering; Van Der Merwe, N.J. 1921. Marthinus Theunis Steyn. Deel I, pp.3- 95, Marthinus Johannes Steyn se rekenaar nommer is 5241.

⁵⁰ Ibid.

⁵¹ Ibid., Jacobus se rekenaar nommer is 7523.

daar geboer. Adriaan is op sy plaas begrawe waar daar mettertyd nog tien ander Jordaan-familieede begrawe is. Die jongste graf in die familie-kerkhof is *dié* van Adriaan Jordaan (1910-1962) wat op die plaas *Jordaanskraal* oorlede is en in die familie-kerkhof te ruste gelê is.⁵² In die publikasie van Keuler is daar 'n foto van Adriaan en sy vrou met twee van hulle dogters.⁵³

1821 – 1850: Die eerste verspreiding na Natal (tans Kwazulu-Natal), Vrystaat en Wes-Transvaal (tans Noordwes)

Hierdie tydperk is gekenmerk deur die eerste poging om die koms van die Hugenate te herdenk, asook die begin van die Groot Trek van koloniste na Natal, die Oranje-Vrystaat en Transvaal.⁵⁴ Die volgende aanhaling gee 'n aanduiding van die sosiale omstandighede tydens die verspreiding van die pioniers in Suid-Afrika, 132 jaar na die koms van die Jourdan-broers na die Kaap de Goede Hoop:

*Die dryfveer van die Groot Trek was vanself reeds
'n verlange na vryheid- 'n vryheid te vinde buite
die grense van Britse gebied. Verskeie proklamasies
het die Oranjerivier bepaal as die noordelike grens
van Britse gesag. Sodra die Trekker dus die skaduwee
van die doringbome oorkant die Oranjerivier bereik,
is hy vry. So het almal gemeen. Later moes hulle
hoor dat hulle as gebore Briste onderdane net so min
van die Britse soewereiniteit kan wegvlug as van hulle
eie skaduwee. Dit was om die mense wanhopig te
maak. In Natal het die emigrante in 1842 hulle reeds
teen hierdie stelling, met die wapen in die hand,*

⁵² Keuler, Jacobus Jordaan. 2001. Die Jordaans van Klawerfontein, Sutherland, p.16.

⁵³ Ibid., p.3.

⁵⁴ Hugenate Geskiedenis in Wêreldkonteks. 1997. Reeks 2, p.22.

*verdedig-maar tevergeefs.
 Met 'n gemoed vol verbittering teen Engeland,
 het sommige van hulle uit Natal teruggetrek
 en in die Vrystaat kom woon,
 waar 'n aantal van hulle geloofsgenote reeds
 'n klein republiekie gestig het, met
 Winburg as setel van die Regering.⁵⁵*

Die vraag kan gestel word waarom sommige Jordaan-familieledede in die Kaapkolonie aangebly het en sommige aanhou trek het? Die feit dat sommige familieledede nie verder as sekere dele in die Kaapkolonie rondgetrek het nie, kan ook nie dien as 'n aanname dat hulle saam gestem het met die politiek van die dag nie. Of die invloed van die Europese geskiedenis ten opsigte van die Jordaan-familie van geslag tot geslag oorgedra is, bly 'n ope vraag. Dit is duidelik dat plase dikwels vir oorerwing opgedeel is in net soveel plase as wat daar kinders of ten minste seuns was. Hoe 'n groot rol die lewensvatbaarheid van sulke onderverdeelde plase gespeel het, is nie duidelik nie.

Gedurende 1821-1850 het lede van die Jordaan-familie in vier rigtings verder getrek en in drie ander rigtings die eerste keer beweeg. Die Boland was die eerste aan die beurt, en wel gedurende 1831 met die eerste verskyning van Jordaan-familieledede in die distrik Goudini waar later 'n groep van 27 familieledede bymekaar sou wees. Hierdie was die eerste beweging weg nadat Montagu in 1808 die eerste Jordaan-familie ontmoet het. In 'n tydsbestek van 29 jaar, tussen 1821 en 1850, was die Goudini-trek die enigste Jordaan-trek in die Boland.⁵⁶

Gedurende 1850 was die van *Jordaan* een van die algemene vanne in die distrik Worcester. Stephanus Jordaan (1792-1841) se weduwee, Johanna Vlok (1789-1869), en hulle vier seuns was in die wyke Groot Visrivier, Kareegarivier en Klein Swartberg op

⁵⁵ Van der Merwe, N.J. 1921. Marthinus Theunis Steyn. Deel I, pp.3-4.

⁵⁶ MJS Jordaan Privaat Versameling. Jordaan genealogiese register.

leningsplase gevestig.⁵⁷ Leningsplase is 1732 ingevoer waarvolgens plase vir 15 jaar verhuur is. Rekognisiegeld is steeds betaal, maar die plaas kon nou vir die onverstreke deel van die 15 jaar-huurtydperk deur die huurder bemaak of onderverhuur word.⁵⁸ Stephanus se oudste seun, Adriaan (*1840), het op die plaas *Oorlogskloof* geboer. Hierdie plaas was in die wyk Groot Visrivier.⁵⁹ Hierdie Jordaan-familie stam van die stamvader, Paul, af.

Alwyn Petrus Jordaan (*1807) het op die plaas *Hartebeesfontein* in die wyk Klein Swartberg geboer. Twee broers, Pieter Daniel Jordaan (1807-1859) en Ernst Gabriel Jordaan (1809-1879), het onderskeidelik op die plase *Grooteiland* en *Grootvlakte* in die Goudini-wyk geboer. Die twee plase was aangrensend aan mekaar.⁶⁰ Die twee broers en Alwyn stam van die stamvader, Louis, af.

Die tweede gebied waarheen daar verder beweeg is, was die Klein- en Groot-Karoo. Die distrikte Hoeko en Ladysmith is in 1838 betrek met die Jordaan-familielede wat tot 90 aan gegroei het. Gedurende November 1842 is Willem Johannes Jordaan in die distrik Oudtshoorn gebore. Hy het as jong man 'n meulenaar geword wie se meul in 2002 nog bestaan het. Die meul waarop die plaas staan, was in 2002 as *Minnewater* bekend. Die naam Willem Johannes het ook deur vernoeming bly voortbestaan tot die derde geslag, wat die huidige geslag is. Die huidige plaaseienaar is Louis Jordaan.⁶¹ Fraserburg volg in 1843 wat 'n groep van 51 Jordaan-familielede sou huisves waarop Matjiesfontein in 1846 volg met 20 Jordaan-familielede.

⁵⁷ Bewaarders van ons Erfenis. Deel 5,p.4; MJS Jordaan Privaat Versameling, Stephanus se rekenaarnommer is 7220 en sy vrou Johanna Vlok se nommer 7221.

⁵⁸ Bewaarders van ons Erfenis. Deel 1,p.3.

⁵⁹ Bewaarders van ons Erfenis. Deel 5,p.20; MJS Jordaan Privaat Versameling, Adriaan se rekenaarnommer is 7224.

⁶⁰ Ibid.,p.24 Alwyn Petrus se rekenaarnommer is 10251, gevolg deur Pieter Daniel 13534, en Ernst Gabriel 13621.

⁶¹ MJS Jordaan Privaat Versameling, die meulenaar Willem Johannes se seun se rekenaarnommer is 12722.

Die derde gebied, waarin daar net drie distrikte betrek sou word deur lede van die Jordaan-familie, was die Oos-Kaap rigting. Die gebied bekend as Wodehouse het in 1844 aan die beurt gekom met 'n groep van 15 Jordaan-familielede. Queenstown op die oosgrens het in 1848 gevolg met 'n groep van 175 Jordaan-familielede. In dieselfde jaar het Jordaan-familielede hulle in die distrik Riversdal gevestig met 'n groep wat tot 40 sou groei.

In die distrik Caledon het Jacobus Daniel (1814-1879), afstammeling van die stamvader Louis, die plaas *Langkuil* in die wyk Goudini ontvang. Geografies was die plaas op die Franschhoek-bergreeks geleë. Die enigste toegang tot die gebied, wat ook bekend geword het as die *Overberg* vanaf Franschhoek, was deur 'n moeilik begaanbare bergpas.⁶²

Gedurende hierdie tydperk het Pieter Johannes (1779-1834) van Swellendam na die distrik Tarkastad getrek. Hy het op die plaas *Leeufontein* geboer, en was drie keer getroud. Alle aanduidings is dat al sy kinders óf in die Somerset-Oos óf in die distrik Tarkastad te gebore is. Volgens die inventaris wat in die distrik Swellendam opgestel is het hy verskeie plase gehad. Pieter het oor verskeie wynstokke beskik en dit is onwaarskynlik dat hy met wingerd sou boer in die distrik Tarkastad. Sy besittings was: 2 500 wynstokke, 120 bokke, 1 935 teelskape, 120 beeste, 26 osse, 15 teelperde, 4 saalperde, 3 waens, 3 Hottentotmans bo 16, 3 mans onder 16, 6 vroue bo 20, 4 vroue onder 20 en verskeie slawe.⁶³

Pieter Johannes het ses kinders by sy eerste vrou, Maria Catharina Snyman (*1782), gehad. Hulle oudste seun, Pieter Georg (1803-1838), het in die distrik Tarkastad geboer en drie plase besit naamlik, *Palingkloof*, *Wolfkraal* en sy woonplaas, *Rietfontein*. Hy was getroud met Isabella Cornelia Potgieter(*1803) en hulle het sewe kinders tussen 1825 en 1836 gehad. Twee van sy swaers, Jan du Plessis en Jacobus Potgieter, was Voortrekkerleiers. In Februarie 1837 het Pieter Georg en sy gesin saam met die Voortrekkerleier Piet Retief na Natal vertrek. Pieter Georg het op 16 Desember 1838

⁶² Bewaarders van ons Erfenis. Deel 7, pp.1&19; MJS Jordaan Privaat Versameling, Jacobus Daniel se rekenaar nommer is 13847.

⁶³ Kaapse Argief, Opgawe rol.; MJS Jordaan Privaat Versameling, Pieter Johannes se rekenaar nommer is 5578.

saam met Piet Retief teen die Zoeloes in Natal gestref.⁶⁴ Sy weduwee, Isabella, is twee jaar later weer in Pietermaritzburg getroud met Johannes Muller, tien jaar jonger as sy.⁶⁵

Die vierde streek waar daar Jordaan-familielede hulle sou vestig in 1832 was die distrik Wynberg in die Wes-Kaap. Hierdie groep van Jordaan-familielede het tot 336 aangegroei, wat die sesde grootste konsentrasie van Jordaan-familielede in Suid-Afrika geword het.

Die vyfde rigting waarin lede van die Jordaan-familie vir die eerste keer getrek het, was Natal. Die twee distrikte waarin familielede hulle gevestig het, was Weenen in 1845 met 14 Jordaan-familielede en Utrecht in 1849 met 149 lede.⁶⁶ Teenstrydig met die inligting van die genealogiese register is daar reeds in 1843 in die notule van die Natalse Volksraad na ene Daniel Jordaan in Weenen verwys.⁶⁷

Van die drie nuwe streke waarheen Jordaan-familielede die eerste keer getrek het tussen 1821 en 1850, is die inligting oor trek van die Jordaans na Weenen nie baie duidelik nie. Natuurlikerwys moes van die familielede uit een van die distrikte in die Oos-Kaap die onbekende trekrigting na Natal aangepak het, sonder dat hulle 'n ander groep gehad het om te volg. In Utrecht in Natal en in Wepener in die Oranje-Vrystaat is daar dieselfde jaar, 1849, Jordaan-familielede gevestig. Die afleiding kan gemaak word dat sommige Jordaan-familielede tot in die Vrystaat getrek het, en 'n ander groep verbygetrek het tot hulle in Natal geland het.

Die sesde trekrigting, wat ook 'n eerste ervaring vir Jordaan-familie lede was, was na die Vrystaat. Die eerste en enigste dorp gedurende 1821 en 1850 in die Oranje-Vrystaat waarheen die Jordaans getrek het, was Wepener met 'n groep wat tot 25 gegroei het. Die groep Jordaans moes uit die gebiede Tarkastad, Cradock, Wodehouse en Dordrecht

⁶⁴ Visagie, Jan. 2000. Voortrekkerstamouers 1835-p.184, Privaat Versameling, Pieter Georg se rekenaar nommer is 5586; Bird, J. 1965. The Annals of Natal. 1495-1845, p.402.

⁶⁵ MJS Jordaan Privaat Versameling, Jordaan genealogiese register.

⁶⁶ Ibid.

⁶⁷ Breytenbach, J.H. Notule van die Natalse Volksraad. 1838-1845, p.174.

getrek het, wat die natuurlike naaste gebiede was aan Wepener, oorkant die Oranje-rivier in die Oranje-Vrystaat.

Die sewende streek wat ook die eerste groep Jordaan-familieede sou huisves, was die Wes-Transvaalse dorp, Potchefstroom. Die Jordaan-familieede het hier vir die eerste keer in 1849 aangekom en tot 'n groep van 205 vermeerder.⁶⁸ Potchefstroom se groep Jordans kon natuurlikerwys van die Graaff-Reinet-gebied getrek het of selfs van Swellendam. In die notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek word daar na drie Jordans verwys. Behalwe die voorletters is daar geen verdere inligting oor die drie mans nie.⁶⁹

1851 – 1870: Die eerste verspreiding na Oos-Transvaal (tans Mpumalanga) en Noord-Transvaal (tans gedeeltelik Gauteng en Limpopo)

Gedurende hierdie periode het lede van die Jordaan-familie in vyf bestaande trekgrigtings verder en vir die eerste keer na twee nuwe streke getrek.

Die streek waarheen die verste beweeg is tussen 1851 tot 1870 was die Oranje-Vrystaat. Die eerste Jordaan-familieed is gedurende 1851 in Kroonstad geregistreer. Kroonstad se 418 lede van die Jordaan-familie het die vyfde grootste konsentrasie in Suid-Afrika geword. Die distrikte wat hierna volg, was Winburg in 1853 met 66 Jordaan-familieede, Heilbron, ook in 1853, met 258 Jordaan-familieede, Boshof dertien jaar later in 1866 met 25 familieede en Theunissen, die laaste, in 1868 met 60 Jordaan-familieede.⁷⁰ Kroonstad en Theunissen is geografies naby aan mekaar en tog het dit 17 jaar vir van die

⁶⁸ Ibid.

⁶⁹ Breytenbach, J.H. & Pretorius, H.S. Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek. Deel I 1844-1850, pp., 274, 299 & 361.

⁷⁰ MJS Jordaan Privaat Versameling. Jordaan genealogiese register.

Jordaan-familielede geneem om van Kroonstad na Theunissen te trek en hulle daar te vestig.

In Augustus 1855 het Johannes Hendrik Jordaan (1825-1901) saam met 23 mede-grondeienaars wie se plase aan die Caledonrivier gegrens het, in die distrik Smithfield 'n ernstige beroep op die Volksraad van die Oranje-Vrystaat gedoen. Hulle het die Volksraad ingelig oor hulle swaarmoedigheid en verdrukking wat hulle op die grensplase aan die Caledon beleef het. Jordaan en sy mede-grondeienaars het kortliks die Volksraad ingelig dat die swartes sonder toestemming die boere se plase in besit geneem het en dat ernstige gevalle van diefstal voorgekom het. Hulle het gesê dat as die Volksraad hulle nie sou help nie, hulle verplig sou wees om teen hulle wil die plase te verlaat.⁷¹ Die Vrystaatse Republiek was toe nog in sy kinderskoene en net meer as 'n jaar oud. Drie jaar later, in Maart 1858, het die Vrystaat openlik oorlog verklaar teen die Basoetoes. Die roofbendes het so astringerend begin raak dat boere sewe uur te perd in 'n westelike rigting getrek het om hulleself te beveilig.⁷²

In Januarie 1859 het Johannes Hendrik Jordaan 'n versoek om vergoeding tot die Volksraad gerig. Die rede hiervoor was dat hy sy plaas, *Blaasbalkfontein*, moes verlaat. Hy het die plaas as geskenk van sy vader, Johannes Jacobus (1792-1877), ontvang. Johannes Hendrik het vergoeding geëis vir die grootte van die plaas van 3 000 morg, asook die twee krale ter waarde van 30 pond en die een hartbeeshuis. Daar is geen melding gemaak ten opsigte van vergoeding vir die verlies aan vee nie.⁷³

Johannes Hendrik se pa, by wie hy die plaas as geskenk ontvang het, is in November 1877 in sy plaashuis in die distrik Kroonstad oorlede. Johannes was een van 14 kinders. Hyself is in September 1901 in die konsentrasiekamp by Springfontein oorlede. Sy jonger broer, Pieter Willem (1828-1912), is gedurende Junie 1912 by Heilbron oorlede.

⁷¹ Breytenbach, J.H. 1952. Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat. Deel I 1854-1855, p.351; MJS Jordaan Privaat Versameling, Johannes Hendrik se rekenaars nommer is 576.

⁷² Van der Merwe, N.J. 1921. Marthinus Theunis Steyn. Deel I, p.1.

⁷³ Van der Schyff, P.F.(Red) 1965. Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat. Deel IV 1859,p.137.

'n Ander broer is in Potchefstroom oorlede en die res van die familie almal op hul plase in die distrik Kroonstad.⁷⁴

Hierdie familie is 'n voorbeeld van 'n familie wie se pa vanaf die distrik Cradock na die distrik Smithfield getrek het. Hier het die vader sy plaas aan sy seun geskenk, wat uiteindelik onder die druk van die swartes gevlug het. Die vader en meeste van sy kinders het na Kroonstad getrek. Asof die rondtrekkery op soek na 'n beter bestaan nie 'n groot genoeg uitdaging was nie, het twee van die seuns die Anglo-Boereoorlog beleef en is as gevangenes na konsentrasiekampe gestuur waar hulle oorlede is.

Johannes Hendrik se broer, David Benjamin (1804-1881), het van Smithfield na die plaas *Klipplaatdrift*, wat grens aan die Valschrivier in die distrik Kroonstad, getrek. Dit is hierdie plaas, *Klipplaatdrift*, wat later van David Benjamin gekoop is en waarop die dorp Kroonstad aangelê is. David en sy vrou, Anna (1810-1881), se grafte is albei op die plaas. In die moderne tydvak kan die grafte naby die Bloemhoekdam gevind word. David en sy vrou Anna het ses kinders gehad, drie seuns en drie dogters. Een van die seuns, Diederik, moes 'n gedeelte van die plaas erf. Diederik (*1832) was egter nie tevrede met sy pa se verdeling volgens die grensdrae nie en het toe geweier om die gedeelte van die plaas in besit te neem. Net daar het David besluit dat hy dan die gedeelte aan sy kleindogter Anna (1859-1936) sou bemaak.⁷⁵ Afgesien van twee woongebiede in Kroonstad, bekend as *Jordania I* en *Jordania II*, is daar ook 'n spoorwegstasie noord van Kroonstad wat na die Jordaan-familie vernoem is bekend as die *Jordaan-stasie*.⁷⁶ David se pa, Gerrit Jacobus, en sy ander broer, Pieter Willem (*1790), het nadat hulle van Smithfield saam Kroonstad verhuis het, na Utrecht in Natal getrek.⁷⁷

David Benjamin, op wie se plaas Kroonstad later aangelê is, het 163 jaar nadat sy stamvader, Jean Jourdan, aan die Kaap geland het, in Kroonstad aangekom. David was

⁷⁴ MJS *Jordaan Privaat Versameling*, Jordaan genealogiese register.

⁷⁵ *Ibid.*, David Benjamin se rekenaarnommer is 412. ; Serfontein, D. 1990. *Keurskrif vir Kroonstad*, pp.629-630.

⁷⁶ MJS *Jordaan Privaat Versameling* persoonlike besoek aan satsie; *Reader's Digest Atlas of Southern Africa*, 1984, p.148.

⁷⁷ Serfontein, *Keurskrif vir Kroonstad*, pp.629-630.

dus die vierde geslag na die koms van die Jourdan-familie wat homself in die distrik Kroonstad gevestig het. David is 'n afstammeling van Jean se seun, Jan, wat een van die drie stamvaders van die Jordaan-familie in Suid-Afrika is.⁷⁸

Gedurende hierdie tydperk 1851-1870 het die Jordaan-familielede in drie verskillende rigtings in die Oos-Kaap rondbeweeg. Die een rigting was 'n uitbreiding van die groep wat kuslangs in 'n oostelike rigting beweeg het. Die eerste Jordans het in 1861 in Uniondale aangekom en gegroei tot 'n groep van 43 lede. Die tweede trekgring was na die omgewing van Albert in 1853 met 19 lede, Hofmeyr in 1862 met 90 lede en Burgersdorp in 1865 met 54 lede. Die derde rigting in die Oos-Kaap was die meer oostelike rigting na Dordrecht in 1863 met 160 lede.

Die Boland-streek se groep het na 24 jaar se vestiging in die Goudini-gebied weer getrek na Rawsonville in 1855 met 'n groep wat gegroei het tot 52. Rawsonville se stigter was Johannes Petrus Jordaan (1830-1896). 'n Straat in Rawsonville is na hom vernoem. Van sy kleinseuns wat vandag nog daar woon en boer, staan bekend as *Jan-straat* en *Daantjie-straat*. Johannes Petrus moes drie vrouens aan die dood afstaan en was met sy vierde vrou getroud drie jaar voor sy dood. Daarna het Riebeeck-Kasteel in 1856 met 'n groep van 24 Jordans ontstaan en De Doorns in 1861 met 'n groot groep van 216 Jordaan-familielede.⁷⁹

In Maart 1851 is Martha Johanna Susanna Jordaan (sterf 1912) met Jan Kriel (1829-1912) getroud. Hulle het die transportakte in September 1862 vir die plaas *Pines* in die distrik Worcester ontvang. Twaalf kinders is uit die huwelik gebore waarvan elkeen 'n twaalfde van die plaas geërf het. Op een van die oorspronklike huise se gewels is die jaartal 1944 uitgemessel. Die ander elf opstalle se murasies is nog identifiseerbaar.⁸⁰

In die Noord-Kaap het die Jordaan-familielede na twee distrikte getrek. Na 19 jaar in Matjiesfontein het 'n groep in 1865 na Carnarvon getrek waar die groep aangegroei het

⁷⁸ MJS Jordaan Privaat Versameling. Jordaan genealogiese register.

⁷⁹ Ibid., Johannes Petrus se rekenaarnommer is 13538.

⁸⁰ Ibid., Martha Johanna se rekenaarnommer is 27530 en haar man Jan se nommer 27473.

tot 34, en twee jaar later in 1867 het 'n groep wat sou groei tot 65 hulle in distrik Beaufort-Wes gevestig.⁸¹

In Natal het net een Jordaan-familiegemeenskap in die tydperk 1851-1870 tot stand gekom. Met 'n groep wat tot 42 gegroei het, het Dundee in 1860 die eerste Jordaan-familielede geregistreer.

Die eerste groep in die Noord-Transvaal-streek was die groep Jordaan-familielede wat hulle sedert 1853 in Pretoria gevestig het en later tot die grootste konsentrasie van Jordaans, naamlik 766 gegroei het.

Die tweede streek wat vir die eerste keer Jordaan-familielede sou huisves, was Oos-Transvaal. Die vier distrikte was Standerton in 1856 met 'n groep van 90, gevolg deur Lydenburg in 1863 met 21 familielede en Wakkerstroom met 'n groep van 66 in 1865. Die laaste van die vier distrikte vir die tydperk was Ermelo in 1868 met 'n groep wat tot 64 gegroei het.

Die Wes-Transvaal en die Wes-Kaap was die enigste twee streke gedurende die tydperk waarin daar reeds Jordaans was wat nie nuwe gemeenskappe elders gevorm het nie.⁸²

Teen die einde van 1870 was lede van die Jordaan-familie in al nege streke van Suid-Afrika gevestig.

1870 – 1890: 'n Verdere verspreiding in provinsies waar Jordaan-familielede reeds teenwoordig was

⁸¹ Ibid.

⁸² Ibid.

Gedurende hierdie tydperk was daar in sewe van die nege streke waar daar reeds Jordaan-familieede was, 'n verdere verspreiding van die familieede. Twee van die streke was prominent wat betref die verspreiding van die Jordaan-familieede.

Die prominentste streek was die Oranje-Vrystaat. Twee distrikte wat gesamentlik in 1871 die eerste Jordaan-familieede geregistreer het, was Senekal met 'n groep van 40 en Hoopstad met 'n groep van 14. Bothaville het in 1878 gevolg met 'n groep van 39. Drie distrikte het gesamentlik in 1882 gevolg, naamlik Bethulie in die Suid-Vrystaat met 32 lede, Ventersburg met 20 en Parys in die Noord-Vrystaat met 15 lede. Frankfort was die volgende aan die beurt in 1884 met 'n groepie van 10 en Bethlehem in 1890 met 'n groep van 44 Jordaan-familieede.

Die volgende streek wat die tweede prominentste verspreiding van Jordaan-familieede beleef het, was die Oos-Kaap rigting. Bredasdorp aan die kus het die eerste Jordaan in sy distrik in 1878 geregistreer. Hierdie groep sou later tot 73 aangroei. Van die eerste Jordaan wat dieselfde jaar in Bredasdorp gebore is, was Johannes Urbanus Swart Jordaan (1878-1963). Hierdie bloedlyn van die Jordaan-familie, wat afstam van Louis Jourdan, het vier geslagte na hulle voorsaat, wat in Franschoek gebore is, in Bredasdorp aangekom. Van die vorige vier geslagte het twee geslagte in die distrik Caledon geboer en een geslag in Tulbagh. Afstammeling van hierdie bloedlyn is vandag nog teenwoordig in Bredasdorp. Van die nageslagte het nie verder as die aangrensende distrik van Swellendam getrek nie.⁸³

Johannes Urbanus Swart Jordaan is later met Johanna Christina Swart (1885-1956) in Bredasdorp getroud. Uit die huwelik is veertien kinders gebore. Hierdie egpaar het die voorreg gehad om die 50ste herdenking van hulle troudag in Augustus 1955 te vier.⁸⁴ 'n Nasaat uit hierdie huwelik, Hannie de Jager, het 'n publikasie saamgestel nadat die familie in 1989 'n Jordaan-saamtrek in Calitzdorp gehou het.⁸⁵ Tydens die saamtrek is

⁸³ Ibid., Johannes Urbanus Swart se rekenaarnommer is 13878 ; De Jager, H. 1994. Die nageslag van John en Hannie Jordaan.

⁸⁴ Ibid.

⁸⁵ Ibid., Hannie se rekenaarnommer is 13983; De Jager, H. 1994. Die nageslag van John en Hannie Jordaan.

daar 'n foto geneem van die niggies en neefs waarvan 33 van die 53 op die foto verskyn.⁸⁶ Getallegewys dui die opsteller ook aan dat die nageslag van Johannes Urbanus Swart en sy vrou Johanna, 53 kleinkinders opgelewer het, waaruit weer 119 agterkleinkinders gebore is.⁸⁷

Die volgende distrik was Molteno ook in 1878 met 'n groep van 66 familieledede, gevolg deur Middelburg in 1880 met 'n groep van 20 familieledede. Die eerste Jordaans in Molteno het vier jaar na die amptelike dorpsstigting daar aangekom. Een van die prominente Jordaans wat Molteno sou oplewer, was Jan J Jordaan wat later stigter en skoolhoof van die eerste Afrikaanse hoërskool, die Hoërskool Jan van Riebeeck, in Kaapstad was.⁸⁸ Indwe het in 1881 met 226 familieledede gevolg, Steynsburg in 1882 met 30 familieledede, Barkly-Oos in 1885 met 30 lede en nog meer oos, Elliot, in 1888 met 44 familieledede.

Die Jordaan-familie het 168 jaar nadat hulle aan die Kaap geland het hulle eerste verskyning in die Oos-Transvaal gemaak. Daarna het hulle met gereelde tussenposes in die Oos-Transvaal versprei. Middelburg in 1873 met 99 familie- lede is gevolg deur Heidelberg in 1884 met 144 lede en Amsterdam in dieselfde jaar met 'n groepie van 13 lede. Balfour met 20 en Belfast met 10 familieledede het in 1886 gevolg. Hierna versprei lede van die Jordaan-familie in 1887 met 56 lede na Witbank, gevolg deur Benoni in 1889 met 60 lede.

Een van die eerste Jordaan-familieledede wat met sy vrou in Benoni aangekom het, was Jacobus Louis Jordaan (1828-1901) en sy vrou, Cornelia de Klerk. Twee van hulle dogters en een seun is tussen 1889 en 1896 in Benoni getroud.⁸⁹

Die Natal-streek het net die verspreiding na een distrik gedurende hierdie tydperk beleef. Hierdie verspreiding het 26 jaar na die vorige verspreiding in Natal gevolg, met New-

⁸⁶ De Jager, H. 1994. Die nageslag van John en Hannie Jordaan, p.9.

⁸⁷ *Ibid.*, p.14.

⁸⁸ Meintjies, J. 1974. *Die geskiedenis van Molteno 1874-1974*, p.118.

⁸⁹ *Ibid.*, Jacobus Louis se rekenaarnommer is 11645 en sy vrou Cornelia se nommer is 11646.

castle in die noorde in 1886 waar 'n groepie van 14 Jordaans-familielede hulle gevestig het.

Die Klein- en Groot-Karoo het die verspreiding na drie distrikte ervaar. Die eerste Jordaans-familielede in Oudtshoorn is in 1877 geregistreer met 'n groep wat tot 168 sou aangroei. Die volgende verspreiding was na Calvinia in 1883 met 'n groep van 69 en laastens in dié tydperk Vryburg in 1889 met 'n groep wat tot 110 aangegroei het.

Die Boland het ook net die verspreiding na een distrik beleef en wel 22 jaar na die vorige vestiging. Die distrik waarna lede van die Jordaans-familie getrek het, was Barrydale in 1883 met 'n groep van 39 familielede.

Een van die Jordaans was Johannes Hendrik (*1813) wat van die distrik Worcester getrek het. Die gebied waar hy hom gevestig het, was vroeër bekend as *Achter Kogmans Kloof*. Hy is met Dorothea Regina van Deventer (1821-1869) getroud in 1835. Saam het hulle 11 kinders gehad en sy is op 48 jarige ouderdom op die plaas *Derdeheuvel* in die distrik Robertson oorlede. Haar man het haar beroep as landbouer aangedui. Dit het in die testament aan die lig gekom dat sy verskillende eiendomme op haar naam geregistreer gehad het. Die insolvensieboedel het tien jaar gesloer en later is Johannes Hendrik ook oorlede. Sy sterfdatum is nooit in die registers aangeteken nie, omdat dit aan die lig gekom het dat hy 'n insolvente burger was.⁹⁰ In die tydperk is Phillipus Jacobus Jourdan (1870-1962) as een van vier kinders in distrik Worcester gebore. Hy het later die privaat sekretaris van Cecil John Rhodes geword wat Premier van die Kaapkolonie tydens die Britse bewind was.⁹¹

Die Wes-Kaap het na 56 jaar sy volgende verspreiding van Jordaans-familielede beleef. Dit was in 1888 met 'n groep van 18 lede na die distrik Belhar.

⁹⁰ Ibid., Johannes Hendrik se rekenaarnommer is 12043 en sy vrou Dorothea Regina se nommer 12044.

⁹¹ Ibid., Phillipus Jacobus Jourdan se rekenaarnommer is 13452.

In Potchefstroom in die Wes-Transvaal is die 69-jarige wewenaar, Johannes Jacobus Jordaan (1811-1887), met die 20-jarige Catharina du Preez (*1860) 49 jaar jonger as hy, getroud. Saam het hulle twee seuns en 'n dogter gehad voordat hy in 1887 na 'n huwelik van sewe jaar oorlede is.⁹²

In hierdie tydperk was daar 'n verdere verspreiding van lede van die Jordaan-familie na ses van die nege streke in Suid-Afrika. Die verspreiding van die familielede het ook 'n nuwe dimensie in Suid-Afrika aangeneem met die oorsteek van landsgrense.

In die noorde van Natal waar die meeste Jordaan-familielede hulle gevestig het, het 'n nuwe groep gedurende 1895 in die distrik Ladysmith gaan bly. Die groep het tot 38 vermeerder.

'n Jaar later, in 1896, het 'n groep lede van die Jordaan-familie hulle vir die eerste keer in Bloemfontein gevestig, en vermeerder tot 281.

In die Noord-Kaap is een verspreidingspunt tot die Jordaan-familie toegevoeg. In 1897 verskyn die eerste Jordaans in Kenhardt wat tot 60 lede sou aangroei.

Een van die twee streke wat gedurende hierdie periode 'n dinamiese groei getoon het, was die Wes-Transvaal. Binne vier jaar het lede van die Jordaan-familie hulle hier in vier verskillende distrikte gevestig. Drie en veertig jaar na die eerste Jordaan sy verskyning in die Wes-Transvaal rigting gemaak het, het die tweede groep van 15 hulle opwagting in Schweizer-Reneke gemaak. Twee jaar later het Klerksdorp aan die beurt gekom met 'n groep van 110. 'n Jaar later, in 1895, het 'n groep wat tot 70 sou aangroei hulle in Krugersdorp gevestig. Die groep wat in dié tydperk die grootste konsentrasie geword het, was die groep wat hulle in 1896 in Lichtenburg gevestig het en tot 150 lede aangegroei het.⁹³

⁹² Ibid., Johannes Jacobus se rekenaarnommer is 6016 en sy vrou Catharina se nommer is 30557.

⁹³ Ibid.

Die volgende streek wat getallegewys in die periode die meeste dinamika aan die dag gelê het, was die Noord-Transvaal-streek. Vier dorpe het vir die eerste keer lede van die Jordaan-familie geregistreer. Eerste was Vereeniging in 1891 met 'n groep van 206 lede en Potgietersrus in 1896 met 40 lede. Die volgende jaar het twee dorpe aan die beurt gekom, naamlik Johannesburg in 1897 met 682 lede en Pietersburg met 132 familieledes.⁹⁴

Oos-Transvaal het twee verspreidingspunte bygekry, naamlik Tzaneen in 1896 met 20 lede, en Germiston in 1898 wat tot 204 Jordaan-familieledes sou vermeerder.

1890 – 1899: Die eerste Jordaanse steek die Suid-Afrikaanse grens oor na 'n buurland

Die verspreiding van die Jordaanse het 'n nuwe dimensie beleef gedurende hierdie tydperk met die oorstek van die Suid-Afrikaanse landsgrens na die voormalige Suid-Rhodesië, later bekend as Zimbabwe. Hierdie gebeurtenis het gedurende 1896 plaasgevind met die groep Jordaanse wat in die nuwe land tot 84 sou groei. Die vestiging van die eerste Jordaan-familieledes buite Suid-Afrika het presies 208 jaar na die stamvader, Jean Jourdan, aan die Kaap geland het, plaasgevind.

Casper Hendrik Jordaan (1870-1944) was van die eerste Jordaanse wat in 1913 per trein vanaf Ottosdal in die Wes-Transvaal na Buluwayo getrek het. Hy en sy vrou, Christina Susanna de Bruyn (1875-1929), het met twaalf van hul kinders getrek Hulle dertiende kind uit 'n totaal van vyftien, 'n dogter Gezina Johanna (1913-1980), is in Buluwayo gebore, op 'n tydstip toe hulle trek nog nie voltooi was nie. Casper is in 1944 in Salisbury oorlede. Casper het tot die sesde geslag van afstammeling van Louis Jourdan, een van die drie Jordaan-broers wat die stamvaders is van alle Jordaanse in Suid-Afrika, behoort.⁹⁵

⁹⁴ Ibid.

⁹⁵ Ibid., Casper Hendrik se rekenaarnommer is 9701 en sy vrou Christina se nommer 9941.

1899 – 1903: Die invloed van die Anglo-Boereoorlog

Hierdie tydperk in Suid-Afrika is in 'n groot mate gekenmerk deur die driejarige oorlog tussen Brittanje en die twee Boererepublieke van Transvaal en die Oranje-Vrystaat, beter bekend as die Anglo-Boereoorlog (1899-1902).

Gedurende hierdie tydperk is daar in ses distrikte in Suid-Afrika vir die eerste keer lede van die Jordaan-familie geregistreer. Twee van die drie distrikte was na aan mekaar geleë, al was dit in twee verskillende streke. Kimberley in die Noord-Kaap het die eerste Jordaan gedurende 1900 geregistreer met 'n groep wat uiteindelik tot 85 aangegroei het.

Die distrik Volksrust in Oos-Transvaal het in 1901 sy eerste lede van die Jordaan-familie registreer. Hierdie groep het later tot 'n groep van 60 lede toegeneem.

Drie jaar later, in 1903, het 'n groep wat tot 152 gegroei het hulle in Wolmaransstad in die Wes-Transvaal gevestig.

Die derde groep is 1901 in Bethal in die destydse Oos-Transvaal gevestig wat later tot 21 aangegroei het.

In die Oranje-Vrystaat was daar twee dorpe waar daar vir die eerste keer lede van die Jordaan-familie aangemeld is, naamlik Brandfort in 1901 met 'n groep van 21 en Zastron met 'n groep van 59 in 1902.⁹⁶

Die verspreiding van lede van die Jordaan-familie oor die grootste gedeelte van Suid-Afrika het vermoedelik tot sekere familieledes se betrokkenheid by die Anglo-Boereoorlog gelei. Hulle betrokkenheid was waarskynlik 'n vrywillige besluit om teen of saam met die Engelse oorlog te voer. Verskeie getuïenisse van Jordaanse wat teen die Engelse gekant was, is opgespoor in die rekords van lede van die Jordaan-familie in die konsentrasiekampe. Die konsentrasiekampe is deur die Engelse opgerig om hoofsaaklik vroue en kinders aan te hou. Die mans wat gevangene geneem was, is gewoonlik na krygsgevangenekampe gestuur.

⁹⁶ Ibid.

Lede van die Jordaan-familie is in vier streke in Suid-Afrika aangehou. Die streke was Oos-Transvaal, Oos-Kaap, Noord-Kaap en die Oranje-Vrystaat. Carel Frederik Petrus Johannes Jordaan is in 1902 in die Oos-Transvaalse konsentrasiekamp in Standerton in die ouderdom van 66 jaar oorlede. Hy was 'n boer en vader van 12 kinders.

In die Aliwal-Noord-konsentrasiekamp in die Oos-Kaap is in 1901 drie lede van die Jordaan-familie aangehou. Die twee seuns en een vrou is al drie in die konsentrasiekamp oorlede. Die twee seuns wat broers was, was albei van Rouxville. Hulle was Gert Schalk (1899-1901), die twee-en-'n halfjarige wat as gevolg van masels en longontsteking dood is, en Pieter Willem (1901-1901), die agt maande oue babaseun wat as gevolg van longontsteking dood is.⁹⁷

Gedurende Mei 1901 is Johannes Albertus (1901-1985) op die plaas *Bulhoek* in die distrik Steynsburg van die Oos-Kaap gebore. Hy was die sewende geslag na Louis Jourdan, een van die stamvaders van die familie in Suid-Afrika. Sy geboorte het in dieselfde huis plaasgevind waar Stephanus Johannes Paulus Kruger (1825-1904), latere President van die Suid-Afrikaanse Republiek (1883-1902), gebore is. Met Johannes se geboorte was Kruger in die Anglo-Boereoorlog betrokke teen die Engelse magte. Johannes het na Zastron verhuis en in 1929 saam met sy jonger broer, Abel (1904-1973), hulle besigheid, *Jordaan Broers Algemene Handelaars*, begin, wat hy suksesvol bedryf en in 1969 met sy aftrede gesluit het.

Die konsentrasiekamp in die Noord-Kaap was in Mafeking. Hier was in 1902 vier lede van die Jordaan-familie teenwoordig. Een man is in die kamp dood, terwyl twee Jordaan-seuns in die kamp gebore is en 'n lid van die Jordaan-familie in die kamp in die huwelik getree het.

⁹⁷ *Ibid.*, Gert se rekenaarnommer is 9481 en Pieter se nommer is 9494.

Die ander lede van die Jordaan-familie wat in die Engelse konsentrasiekampe gevange gehou is, was in sewe verskillende kampe in die Oranje-Vrystaat.⁹⁸

Gedurende 1901 is daar een man, twee dogters en vier seuns in die Springfontein-konsentrasie-kamp dood. Die man was die 26-jarige Johannes Hendrik Jordaan van Heilbron. Die 14-jarige Aletta Johanna was die enigste dogter van Ladybrand. Haar ouers was Gert Schalk Willem Jordaan en Martha Louisa. Die jongste van die vier was die babaseun, Johannes Hendrik, wat een jaar en nege maande oud was.⁹⁹

In die Vredefort-konsentrasiekamp was daar vier lede van die Jordaan-familie; twee dogters van 2 en 6 jaar oud, asook twee vrouens van 19 en 21 jaar.¹⁰⁰

Dieselfde jaar is twee mans en 'n vrou in die Kroonstad-konsentrasiekamp oorlede, terwyl 'n babaseun in dieselfde tydperk gebore is. Een van die oorledenes wat as 'n man aangedui word, was 'n ongedoopte babaseun, Johannes Petrus, wat in November 1901 aan longontsteking dood is. Hierdie babaseun is dieselfde baba wat in die konsentrasiekamp gebore is.¹⁰¹ Die vrou wat as dood aangeteken is, was Marthinus Wessel Jordaan van Heilbron se vrou, Susanna Wilhelmina Meintjies (1874-1901). Sy was die ma van vier kinders toe sy op 26-jarige ouderdom gesterf het.¹⁰²

⁹⁸ Ibid., Louw, R. M. & Raath, A. W. G. 1992. Die Konsentrasiekamp te Vredefortweg gedurende die Anglo – Boereoorlog. 1899 – 1902, p.200.

⁹⁹ Louw, R. M. & Raath, A. W. G. 1991. Die Konsentrasiekamp te Springfontein gedurende die Anglo – Boereoorlog. 1899 – 1902, pp.195-199; MJS Jordaan Privaat Versameling Aletta Johanna Jordaan se rekenaarnommer is 9478.

¹⁰⁰ Louw, R. M. & Raath, A. W. G. 1992. Die Konsentrasiekamp te Vredefortweg gedurende die Anglo – Boereoorlog. 1899 – 1902, pp.200-205.

¹⁰¹ MJS Jordaan Privaat Versameling, die baba seun Johannes Petrus se rekenaarnommer is 2255

¹⁰² Ibid., Susanna Wilhelmina se rekenaarnommer is 2245.

In die konsentrasiekamp te Brandfort is ook in 1901 'n man en vrou met die van Jordaan oorlede, terwyl 'n tweede man en vrou in 1902 in die kamp dood is. Die egpaar wat op 7 Januarie 1902 dood is, was 'n afkomstig van Somerset-Oos. Hulle was Anna Maria Elizabeth Jordaan (1854-1902) en haar man, Hendrich Adriaan Bouwer, van Somerset-Oos. Haar ouers was van die eerste Jordaans wat na Benoni getrek het. Twee van haar jonger susters en een broer is in Benoni getroud.¹⁰³ In die Bethulie-konsentrasiekamp het nog 'n man van die Jordaan-familie in 1902 gesterf.

Dieselfde jaar het 'n vrou, Sophia Cecillia Hendrina (1872-1902), op 30-jarige ouderdom aan ingewandskoors gesterf, terwyl 'n eenjarige seun van maagkoors in die Winburg-konsentrasie-kamp oorlede is.¹⁰⁴

Die konsentrasiekamp in Heilbron was die kamp die meeste lede van die Jordaan-familie aangehou is. 'n Totaal van 29 familieledes is gedurende 1901 en 1902 in die kamp aangehou. Een babaseun is hier gebore en vier vrouens oorlede.¹⁰⁵ Die babaseun wat hier in die kamp gebore is, was Nicolaas Johannes Grobler Jordaan.¹⁰⁶ Twee van die vrouens was susters van die distrik Heilbron. Hulle was Maria Elizabeth (1878-1901) en haar jonger suster, Susanna Elizabeth Jacoba (1882-1901), wat binne drie maande van mekaar in die Heilbron-konsentrasiekamp gesterf het.¹⁰⁷

Gedurende die Anglo-Boereoorlog is sewe Jordaan-mans in Natal aangekla vir hoogverraad teen die Engelse regering. Ses van die mans was van Dundee afkomstig en die sewende een van Estcourt. Hulle vonnisse het gewissel tussen drie maande en dertig maande tronkstraf. Van hulle is 'n addisionele boete opgelê wat gewissel het tussen 30

¹⁰³ MJS Jordaan Privaat Versameling, Anna Maria Elizabeth se rekenaarnommer is 11864 en haar man Heindrich se nommer 11873.

¹⁰⁴ MJS Jordaan Privaat Versameling, Sophia se rekenaarnommer is 6057 en die seun se nommer is 9495.

¹⁰⁵ Ibid.

¹⁰⁶ Die baba Nicolaas se rekenaarnommer is 2602.

¹⁰⁷ Ibid., Maria se rekenaarnommer is 2630 en Susanna se nommer 2631.

pond en 300 pond. Indien die boete nie betaal is nie, was daar 'n addisionele tronkstraf wat gewissel het tussen drie en twaalf maande.¹⁰⁸

In die Transvaal is daar een konsentrasiekamp waar 'n Jordaan betrokke was. Die konsentrasiekamp was by Brits waar Esias Engelbertus Jordaan (*1889) siek geword het.¹⁰⁹

Vier mans van die Jordaan-familie is as boerekrygsgevangenes na drie verskillende eilande verban. Pieter Johannes Jordaan (1865-1902) is na Ceylon gestuur waar hy op 36-jarige ouderdom in Desember 1902 dood is aan tifoïedekoors. Hy was van die distrik Dordrecht in die Oos-Kaap afkomstig en is in November 1900 in die distrik Bothaville in die Vrystaat gevangene geneem.¹¹⁰ Van die tweede Jordaan is weinig bekend, behalwe dat sy naam Willem Johannes Jordaan was en dat hy op 29-jarige ouderdom op St. Helena-eiland oorlede is.¹¹¹ Die derde, Johannes Jacobus Jordaan (1866-1937), is op 34-jarige ouderdom by Paardeberg saam met generaal Piet Cronje, 4 069 Transvalers en Vrystaters wat 150 gewondes en 50 vrouens ingesluit het, gevange geneem toe hulle aan die Engelse magte oorgegee het. Die oorgawe was in Februarie 1900. Johannes is daarna as krygsgevangene na St Helena gestuur. Hy was van Heilbron in die Oranje-Vrystaat en is gedurende 1937 in Vereeniging oorlede. Die vierde, Jan Jordaan (1858-1948), van die distrik Pretoria, is nadat hy deur 'n mede Suid-Afrikaner verraai is, gevangene geneem en na die Bermuda-eilande gedeporteer. Sy vrou en kinders is ook gevang en na die konsentrasiekamp Merebank in Natal gestuur. Hulle een dogtertjie, Martjie, is hier oorlede. Die gesin is na die oorlog herenig en het weer op hulle plaas naby Pretoria gaan boer.¹¹²

¹⁰⁸ Johan Wasserman. 20-06-2003. Korrespondensie oor Jordaans gevonniss as Natalse rebelle vir hoogverraad tydens die Anglo-Boereoorlog; Special Court, Act 14/1900. Dundee. Nicholaas Prinsloo Jordaan.

¹⁰⁹ MJS Jordaan Privaat Versameling, Esias se rekenaarnommer is 144.

¹¹⁰ Van Schoor, M.C.E. 1983. Die Bannelinge. A.B.O. Boerekrygsgevangenes 1899-1902, p. 6 ; MJS Jordaan Privaat Versameling, Pieter Johannes se rekenaarnommer is 2986.

¹¹¹ Van Schoor, p. 13.

¹¹² MJS Jordaan Privaat Versameling, Jan se rekenaarnommer is 17511 en sy vrou se nommer is 17510.

Een van die offisiere wat homself moes oorgee saam met die res van generaal Cronje se magte, was kommandant Johannes Petrus Jordaan van Winburg. Hy is in Oktober 1899 deur se mede-burgers aangewys as kommandant. Hy het van Winburg met 570 manne na Kimberley vertrek in opdrag van president Paul Kruger. 'n Maand later het kommandant Jordaan saam met generaal JBM Hertzog Griekwaland-Wes binnegeval om die boere se gesag daar te vestig. Hy het in Maart 1900 masels opgedoen, waarvoor hy na 'n hospitaal geneem is. Daarna is nie weer na hom verwys nie. Dis ook nie duidelik of hy genees is, later verban is, of dalk in die hospitaal oorlede is nie.¹¹³

Daar word ook na twee ander Jordaans verwys wat die rang van kommandant gehad het. Hulle was Louis Hosea Jordaan van Pretoria en Johannes Petrus Jacobus Jordaan, ook bekend as Kootjie, van die distrik Hoopstad. Twee ander Jordaans het die rang van luitenant gehad. JF Jordaan, ook bekend as Jollie Jordaan, was bekend vir sy humor en goeie klavierspel. Die ander Jordaan was MJ Jordaan wat een van generaal Ben Viljoen se verkenneroffisiere was.¹¹⁴

Talle ander Jordaan-mans se bestemmings as krygsgevangenes is nie bekend nie. Nie net is hulle bestemmings onbekend nie, maar is hulle ook almal dood as krygsgevangenes. Die 101 Jordaan-mans was afkomstig uit ses van die nege streke waar hulle versprei het in Suid-Afrika. Die mans was 2 van die Oos-Kaap, 6 van Natal, 38 van die Oranje-Vystaat, 13 uit die Wes-Transvaal, 25 uit die Noord-Transvaal-gebied en 17 uit die Oos-Transvaal-gebied. Die ouderdomme van die mans het gewissel tussen 13 en 71. Agtien van die seuns was jonger as twintig jaar. Die gemiddelde ouderdom van die Jordaan-mans en- seuns wat dood is, was 32 jaar.¹¹⁵ Van die 101 seuns en mans wat as

¹¹³ Leer 1679/1. Aantekeninge uit die Boere- Engelse oorlog 1899-1902 deur kommandant J.Kok, Kransdrift, Winburg. OVS. Deel 1. (Maart 1899-18/02/1900); Wessels, E. 2002. Veldslae: Anglo – Boereoorlog 1899 – 1902, p.24 ; Malan, J. 1990. Die Boere-Offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, p.95; Van Den Heever, C.M. 1946. Generaal J.B.M. Hertzog, p.67.

¹¹⁴ Malan, J. 1990. Die Boere-Offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, pp.95&205.

¹¹⁵ 22-01-2003. Rekenaardrukstuk oor sterftes van Jordaans in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902.

krygsgevangenes dood is, is 1 in 1899 dood, 92 gedurende 1900, 2 in 1901 en 6 gedurende die laaste jaar van die oorlog, in 1902.

Die Anglo-Boereoorlog is beëindig met die ondertekening van die Vrede van Vereeniging op Saterdag 31 Mei 1902. Die 60 afgevaardigdes wat hulle geloofsbriewe oorhandig het, het bestaan uit verteenwoordigers van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat. Tydens die ondertekening van die vredesverdrag het JF Jordaan geteken namens die Vryheid-kommando, die Vryheid-korps en die Eerste Verkennerkorps wat ingedeel was as afgevaardigdes van die Zuid-Afrikaansche Republiek¹¹⁶

1904 – 1910: Lae tempo van verspreiding

Hierdie tydperk onmiddellik na die Anglo-Boereoorlog is gekenmerk deur minimale verspreiding van lede van die Jordaan-familie. Die verspreiding wat wel plaasgevind het, was bykans net na distrikte aangrensend tot distrikte met bestaande konsentrasies. Daar is wel in ses van die nege streke 'n lae profiel verspreiding aangeteken.

Wanneer die beperkte verspreiding van Jordaan-familielede tussen 1903 en 1910 vergelyk word met die verspreiding na 1910, kan die vraag tereg gevra word wat die rol van Uniewording in Suid-Afrika in 1910 op die verspreiding van lede van die Jordaan-familie was.

In die Oos-Kaap, waar lede van die Jordaan-familie in een konsentrasiekamp was, het die eerste verspreiding in 1904 na Oos-Londen plaasgevind met 'n groep wat tot 150 aangegroei het. Aliwal-Noord, waar lede van die Jordaan-familie in die

¹¹⁶ Kestell, J.D. & Van Velden, D.E. 1982. Die Vredesonderhandelinge, pp.53,112&172.

konsentrasiekamp van die Britse magte aangehou is, het die eerste lede van die Jordaan-familie in 1906 registreer. Hierdie groep het later tot 54 vermeerder. Dieselfde jaar het lede van die familie in die Noord-Kaap vir die eerste keer na Garies getrek. Die groep het later tot 44 aangegroei. In die Boland het 'n groep Jordaans in 1909 na Riebeeck-Wes getrek. Hierdie groep het tot 22 vermeerder. Die enigste verspreiding van Jordaan-familielede in die Oos-Transvaal het in 1908 plaasgevind toe daar 'n groep na Barberton getrek het wat tot 27 vermeerder het. Twee Wes-Transvaalse distrikte het die eerste Jordaan-familielede in die tydperk beleef, naamlik Christiana in 1909 met 'n groep van 26 en 'n jaar later, in 1910, Rustenburg met 'n groep wat tot 60 sou aangegroei. Die laaste van die ses streke waarheen lede van die Jordaan-familie getrek het, was na die distrik van Vryheid in Natal in 1910 met 'n groep wat tot 43 toegeneem het.

1910 – 1955: Die bereiking van die verste punte in Suid-Afrika en 'n verdere verspreiding na Afrika-lande

Gedurende hierdie tydperk het lede van die Jordaan-familie verder in sewe van die nege streke waarin hulle reeds was, versprei. 'n Nuwe tydvak is ook betree vanweë die verspreiding van die Jordaan-familielede na vier Afrika-lande.

Die enigste verspreiding van Jordaan-familielede gedurende hierdie tydperk in die Oos-Kaap was na Port Elizabeth in 1913. Hierdie groep sou tot 322 vermeerder wat die sewende grootste konsentrasie van Jordaans in Suid-Afrika was. Joseph Johannes Jordaan (1913-1981) was die vierde geslag van sy bloedlyn wat in die omgewing van Cradock en Hofmeyr in die Oos-Kaap gewoon het. Joseph was 'n sewende nageslag van Jan Jourdan, een van die drie stamvaders van die Jordaans in Suid-Afrika. Die relevansie van Joseph in die omgewing is dat sy woonhuis in Hofmeyr later die museum op die dorp

geword het. Hy was een van min Jordaan-familieede wie se woonhuis 'n museum
geword het.¹¹⁷

In dieselfde bloedlyn, maar net vyf geslagte ná stamvader Jan, is twee broers, Rudolph Philipus in 1920 en Casper Johannes Coetzer Jordaan in 1922, in die distrik Cradock gebore. Rudolph, of Dolf soos hy bekend was, het vir Noord-Transvaal rugby gespeel en is in 1949 gekies vir die Springbok-rugbyspan. Sy jonger broer, Casper, het die Oostelike Provinsie en Transvaal as rugbyspeler verteenwoordig.¹¹⁸

Paul Abraham Jordaan (*1932) is op skrikkeljaarsdag (29 Februarie) 1932 op die plaas *Bulhoek* in die distrik Somerset-Oos gebore. Hy is die vyfde geslag van sy Jordaan-bloedlyn wie se stamvader Louis Jourdan was, wat op die plaas *Klipkraal* in die distrik Somerset-Oos boer. Paul was vir verskeie jare President van die Suid-Afrikaanse Merinotelersvereniging.¹¹⁹ In dieselfde bloedlyn van stamvader Louis Jourdan was daar 'n derde geslag Jordaan in die distrik Somerset-Oos wat op die plaas *Witmoskloof* geboer het. Een van die derde geslag dogters was Martha Elizabeth Mentz Jordaan (*1893). Sy moes 'n groot rol in die gemeenskap van Somerset-Oos gespeel het, want 'n straat sowel as 'n ouetehuis in die dorp is na haar vernoem.¹²⁰

Neeltjie Jordaan, gebore Grobbelaar (1882-1968), wat saam met haar man, Hermanus Stephanus Jordaan (1882-1932), in die distrik Sterkstroom in die Oos-Kaap geboer het, is in Elliot oorlede. Neeltjie se van word op haar sterfkennis as *Jordan* aangegee.¹²¹

In die Wes-Kaap het die verspreiding na vier gebiede plaasgevind. In 1917 het Belville aan die beurt gekom met 'n groep van 70 en twee jaar later, in 1919 Somerset-Wes met

¹¹⁷ MJS Jordaan Privaat Versameling, Joseph Johannes se rekenaarnommer is 4673.

¹¹⁸ Ibid., Rudolph se rekenaarnommer was 4988 en sy broer Casper se nommer was 4989.

¹¹⁹ Ibid., Paul se rekenaarnommer is 11177.

¹²⁰ Ibid., Martha Maria Mentz Jordaan se rekenaarnommer is 11261.

¹²¹ Ibid., Neeltjie se rekenaarnommer is 5289.

'n groep van 55. Parow het in 1924 gevolg met 'n groep van 86 en die laaste verspreiding was na die Strand in 1930 met 'n groep van 50.

Hendrina Helena Jordaan (*1938) het met Wilhelmus Latsky in die Hexrivier-vallei getrou. Sy was 'n nasaat van die stamvader Louis Jourdan. Hendrina en haar man het hulle plaas *Klerefontein* aan die regering verkoop wat 'n landbouproefplaas daar gevestig het.¹²² Hendrina se jongste broer, Daniel Malan Jordaan (*1946), is in 1968 met Elza Sutherland getroud. Sy het later in die bestuur van die Wes-Kaapse Landbou-unie gedien. Sy het die na-trossie (klein druiwetrossie)-fees in die Hexriviervallei begin wat later tot blokkompetisie gegroei het waar wingerdboere 'n blok wingerd vir beoordeling voorberei het. In 2003 was Elza Uitvoerende Voorsitter van die Hexrivier-Boerevereniging. Hierdie familie van Hendrina en haar broer, Daniel, was van hul jeug bekend as die Spinnekoppe. Die rede hiervoor was dat, nadat hulle oupa deur 'n spinnekop gebyt is, hy oornag grys geword het. Sedertdien het die familie die bynaam *spinnekop* gedra.¹²³ Afgesien van die Jordans van Rawsonville, wat druiwe produseer vir die korporasie in Rawsonville (wat dan wyn maak), is daar ook nog 'n broer-paar wat wyn produseer. Die broers Ernst Gabriel (*1935) en Jacobus (*1940) boer in die distrik Tulbagh en produseer hulle wyne onder die etiket *Theuniskraal*.¹²⁴ Die twee broers is ook afstammeling van die stamvader, Louis Jourdan.

In die Noord-Kaap het die verspreiding van lede van die Jordaan-familie na twee distrikte plaasgevind, die eerste in 1919 na Williston met 'n groep van 30 en die tweede verspreiding na die distrik van Hay in 1931 met 'n groep van 20. Gedurende die tydperk 1900 en 1913 het Johannes Lodewikus Jurgens Jordaan (1871-1913) die plaas *Louisvale* in die distrik Beaufort-Wes bekom. Hy het vanaf die distrik Montagu getrek. Gedurende die jaar 2004 was die plaas nog steeds in die besit van Johannes se nasate.¹²⁵

¹²² *Ibid.*, Hendrina Helena Jordaan se rekenaarnommer is 12106.

¹²³ *Ibid.*, Daniel se rekenaarnommer is 12108 en sy vrou se nommer is 30675.

¹²⁴ *Ibid.*, Ernst se rekenaarnommer is 13733 en sy broer Jacobus se nommer is 13734.

¹²⁵ *Ibid.*, Johannes Lodewikus Jurgens se rekenaarnommer is 8922.

Die Oos-Transvaal rigting het ook in dié tydperk sy aandeel aan die verspreiding van lede van die Jordaan-familie gehad. Vier distrikte in die gebied het vir die eerste keer lede van die Jordaan-familie: Nelspruit gedurende 1917 met 'n groep van 17 en dieselfde jaar Brakpan met 'n groep van 108. Die volgende twee dorpe was Springs in 1921 met 110 familieledes en Alberton in 1930 met 'n groep van 46.

Pieter Willem Jordaan (1903-1970), afstammeling van Louis Jourdan, het die meeste van sy lewensjare in die Benoni-omgewing deurgebring. Hy het as mynwerker gewerk, was twee maal getroud en het vyf kinders grootgemaak. 'n Straat is na hom vernoem in Putfontein, naby Benoni.¹²⁶

Die twee grootste stede in Natal het tussen 1911 en 1955 die eerste lede van die Jordaan-familie ontvang. Durban was die eerste aan die beurt in 1930 met 'n groep van 115. Pietermaritzburg was die tweede stad in Natal wat lede van die familie in die tydperk ryker geword het. Gedurende 1955 kom die eerste Jordaans hier aan en groei tot 'n groep van 90.

Die Oranje-Vrystaat het een distrik gehad waar lede van die Jordaan-familie vir die eerste keer geregistreer is in hierdie periode naamlik, Welkom in 1955 met 'n groep wat tot 'n honderdtal gegroei het.

Johannes Jacobus Jordaan (1904-1984) was vir verskeie jare stadsraadslid van die dorp Bethlehem in die Vrystaat. Afgesien hiervan kon hy mooi sing en was hy baie gewild onder sy wykslede. Gedurende 1962 is 'n nuwe woonbuurt, *Panorama*, in Bethlehem uitgelê. Johannes was onder die inwoners van Bethlehem bekend as Koos en is 'n straat in die nuwe woonbuurt na hom vernoem.¹²⁷

¹²⁶ Ibid., Pieter Willem se rekenaarnommer is 10839.

¹²⁷ Ibid., Johannes Lodewikus se rekenaarnommer is 5849.

In Wes-Transvaal sien Ventersdorp in 1912 die eerste lede van die Jordaan-familie met 'n groep van 20.

In die Noord-Transvaal rigting het drie dorpe vir die eerste keer lede van die Jordaanfamilie aanskou. Vanderbijlpark was eerste in 1932 met 'n groep van 50, gevolg deur Kemptonpark in 1938 met 'n groep van 75, en derdens Roodepoort met 'n groep van 80 in 1950.

Die laaste verspreiding gedurende hierdie tydperk van 1911–1955 was na die ander Afrika-lande, hoofsaaklik noord van Suid-Afrika. Botswana (vroeër bekend as Betsjoeanaland) was in 1911 eerste aan die beurt met 'n groep van twee. Daarna het die voormalige Suidwes-Afrika (tans Namibië) in 1912 met 'n onbekende getal Jordaans gevolg. Volgens die genealogiese register moes hierdie groep Jordaans moontlik groter as 100 gewees het. Een van die eerste Jordaans wat na Suidwes-Afrika getrek het, was Louis Willem Jacobus (1883-1957) wat van Calvinia in die Noord-Kaap getrek het. Louis was die sesde geslag na sy stamvader, Louis, wat as die eerste geslag aan die Kaap gebore.¹²⁸

Een van die Jordaan-familielede wat in 1914 vir 'n kortstondige tydperk na die voormalige Rhodesië gegaan het, was Schalk Dietloff Jacobus Jordaan (dood 1914). Hy was van Pretoria, maar het siek geword en aan swartwaterkoors gesterf. Swartwaterkoors is veroorsaak deur malaria wat omsit in infeksie en die urine swart kleur.¹²⁹ Casper Hendrik Jordaan (1900-1958) en sy vrou, Maria van der Merwe (1904-1979), is in 1923 in Rhodesië (tans Zimbabwe) getroud. Uit die huwelik is tien kinders gebore. Een van hulle seuns, Dawid Josiah, is met Maria de Klerk getroud. Uit die huwelik is drie

¹²⁸ MJS Jordaan Privaat Versameling, Louis Willem Jacobus se rekenaarnommer is 13119; Weinberg, C. 1975. Fragments of a dessert land, pp.100-101.

¹²⁹ Ibid.

kinders gebore waarvan een die naam Gerhard gedra het. Gerhard is later deur sy vrou vermoor. Hierdie bloedlyn van die Jordaan-familie stam uit een van die stamvaders, Louis Jourdan.¹³⁰

Swaziland was volgende aan die beurt in 1919 met 'n groep van agt.

Kenia was die mees noordelike Afrika-land waarheen lede van die Jordaan-familie getrek het. Hier het die eerste Jordaans in 1945 aangekom en gegroei tot 'n groep van ses. George Johannes Jordaan (*1908) van Wakkerstroom was een van die Jordaans wat na Kenia getrek het. Sy ma het tydens sy geboorte gesterf en daarom is hy onder die sorg van 'n oom en tante geplaas. Albei George Johannes se seuns is na 1949 in Kenia gebore. Kenia het destyds wetgewing gehad dat almal wat ná 1949 in Kenia gebore sou word, as Briste onderdane, geregistreer moes word. Hulle het later na Suid-Afrika teruggekeer.¹³¹

Na 1955 het 'n onbekende getal lede van die Jordaan-familie hulle vir die eerste keer in 1962 in die Wes-Transvaalse dorp Carletonville gevestig.¹³²

Kyk bylaag 9

3.3 Die Jordaans in leiersrolle

Internasionaal

Hierdie hoofstuk konsentreer op die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die Jordaan-familie. Dit is nodig om na die verwysing van die naam Jordaan in sy breë perspektief te kyk. Die belangrikheid hiervan is dat kennis geneem moet word van die feit dat die

¹³⁰ Ibid., Gerhard se rekenaarnommer is 31387.

¹³¹ MJS Jordaan Privaat Versameling, George Johannes se rekenaarnommer is 1908.

¹³² MJS Jordaan Privaat Versameling, Jordaan genealogiese register.

naam *Jordaan* nie net tydens die Bybelse geskiedenis en kruistogte sy inslag gekry het nie, soos elders bespreek word, maar dat dit ook 'n naam is wat saam met die ontwikkeling van die mensdom in wêreldkonteks inslag sou vind.

Die gebruik van die naam Jordaan oor die wêreld heen, toon dat die spesifieke spelling van die naam varieer volgens die land en die spesifieke vermenging van tale en dialekte in elke gemeenskap. Daar moet 'n onderskeid in die gebruik van die naam *Jordaan* as pleknaam getref word. Die naamgewing verwys of na 'n spesifieke bloedlyn van die Jordaan-familie of 'n individu.¹³³ 'n Verdere onderskeid met die gebruik van die naam Jordaan kan ook getref word in die mate dat die Jordaan-pleknaam spesifiek na die Bybelse geskiedenis terugverwys.¹³⁴

Daar is nie minder nie as 39 plekke in die wêreld wat verwys na die naam Jordaan, hetsy 'n rivier, meer, berg, vallei, eiland, kasteel of dorp. Die name kom voor in Noord- en Suid-Amerika, Kanada, Frankryk, Italië, Duitsland, Pole, Israel, Jordanië, Suid-Afrika en Australië.¹³⁵

Suid-Afrika

In Suid-Afrika is daar 36 plekname wat na die familienaam Jordaan verwys, twee in Namibië en een in Lesotho. Hierdie name is versprei oor drie van die vier voormalige provinsies in Suid-Afrika, te wete Kaapprovinsie (tans Wes-Kaap, Oos-Kaap en

¹³³ Cesar Rodriguez-Jourdan. 28-04-2003. Hulp met Jourdan plekname in Frankryk; Schoeman, K. 2002. Die laaste Afrikaanse boek, p.412; Nico en Tiny Lindhout. 11-05-2003. Verskeie fotos, kaarte en inligtingstukke oor die Jordaan buurt in Amsterdam; http://www.cybercd.de/ccd_e.cgi?id=36accd29&cmd=sf&pattern=Jordaan 25-01-1999. Parels uit De Jordaan; Februarie 2003. Rooi Rose. O. Amsterdam, wat ben je mooi!, pp.118-122.

¹³⁴ The New International Atlas. 1983, p.118&128; Raper, P.E. 1987. Dictionary of Southern African Place Names, p.240.

¹³⁵ The New International Atlas. 1983, pp.118,128,186,190,200,210,224.260; The World. 1981, pp.11,12,13,45,61,84,98,100,106,107,109,116; Fotos geneem tydens genealogiese toer na Europa in 1995; Video bande van genealogiese toer na Europa in 1995.; Cesar Rodriguez-Jourdan. 28-04-2003. Hulp met Jourdan plekname in Frankryk; <http://www.jordaanfestival.nl/> 03-08-2002 Jordaanfestival; <http://www.shelter.nl/jordanroute.html> 12-08-2002. How to get to us: Jordaan area; Marco Jourdan. 07-09-2004. Torre Pellice. Italië. Besoek aan Bloemfontein en gesprek oor Jourdan plekname in die Angrognia vallei.

Noordkaap) Oranje-Vrystaat (tans Vrystaat) en Transvaal (tans Gauteng, Mpumalanga, Noordwes en Limpopo). Die verwysings dui hoofsaaklik riviere, plase, strate, woonbuurtes, wyn, 'n skoolkoshuis en 'n spoorwegsylyn aan.¹³⁶

Geen Jordaan-plekname word in Botha se boek van 1926 vermeld nie.¹³⁷ 'n Publikasie wat deur die Unie van Suid-Afrika in 1951 uitgereik is, dui twee Jordaan-name as plekname aan.¹³⁸

Die gebruik van die naam Jordaan as pleknaam, is 'n aanduiding dat die persone wat verer is met die benaming, 'n bepalende rol in hulle onderskeie gemeenskappe gespeel het. Hierdie gemeenskapsrol het vermoedelik nie tot op nasionale vlak deurgesyfer nie.

Hierdie gedeelte van die Jordaan-familie se geskiedenis skep ook die geleentheid om die toekoms van plekname in oënskou te neem, teen die agtergrond van die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika.¹³⁹ Sover bekend het die oudste verwysing na 'n Jordaanpleknaam in Maart 1854 voorgekom. Dit is toe die rivier wat vandag nog bekend is as die Jordaanrivier in die omgewing van Bailey in die distrik Queenstown in die voormalige Kaapprovinsie (tans die Oos-Kaap) sy naam gekry het. Die Jordaanrivier is vernoem na die eerste Jordaan wat in die omgewing grond ontvang het van die Britse regering in 1854. Nasate van hierdie Jordaan boer vandag nog in daardie omgewing.¹⁴⁰

Volgens berekening is 11 van die 36 Jordaan-plekname in Suid-Afrika in die Vrystaat. Dit verteenwoordig dus byna 'n derde van die Jordaan-plekname (naamlik 29,73 persent)

¹³⁶ MJS Jordaan Privaatversameling, Jordaan genealogiese gegister; Amptelike Plekname in die Unie en Suidwes-Afrika 1951, p.160, Postcodes 2004. Alphabetical List.

¹³⁷ Botha, C.G. 1926. Place Names in the Cape Province, p.178.

¹³⁸ Amptelike Plekname in die Unie en Suidwes-Afrika 1951, p.160, Nienaber, P.J. 1963. Suid-Afrikaanse Pleknaamwoordeboek, pp.25&169.

¹³⁹ 08-04-2003. Volksblad. Penarie kniehalter pleknaamkomitees, p.9.

¹⁴⁰ MJS Jordaan Privaatversameling; Genealogiese register wat voorberei word vir publikasie.

in Suid-Afrika. Die huidige Vrystaat-grense is ook dieselfde as die van die voormalige provinsie, Oranje-Vrystaat. Negentien name, wat 51,35 persent verteenwoordig, word in die voormalige Kaapprovinsie (tans Wes-, Oos- en Noord-Kaap) gevind en sewe, wat 18,92 persent verteenwoordig, in die vroeëre Transvaal (tans Noordwes, Gauteng, Mpumalanga en Limpopo)

'n Aanduiding van Jordaan-plekname en ander verwysings na die naam Jordaan is soos volg:

Provinsie	Dorp/Stad	Fisiese aanduiding
<i>Wes-Kaap</i>		
Pierre Jourdan	Cabrière, Franschhoek	wyn
Jourdanstraat	Franschhoek	straat
Huis Jordaan	Kaapstad	meisieskoshuis van Hoërskool Jan van Riebeeck
Jordaanstraat	Maleierbuurt, Bo-Kaap	straat
Jordaan Slot 4	Paternoster	straat
Jordaanstraat	Rawsonville	straat
Jordaanstraat	Idasvallei, Stellenbosch.	Straat
Jordaan	Riversdal	rivier
<i>Oos-Kaap</i>		
Jordaanstraat	Cradock	straat
Elizabeth Jordaanrylaan	Cradock	rylaan

Elizabeth Jordaan-tehuis	Cradock	ouetehuis
Jordaanskraal	Cradock	plaas
Jordaansrus	Molteno	plaas
Jordaanstraat	Algoapark, Port Elizabeth	straat
Jordaanrivier	Bailey, Queenstown	rivier
Jordaanskraal	Sterkstroom	plaas

Noord-Kaap

Jordaansrust	Vryburg	plaas
Jordaanskraal	Sutherland	plaas ¹⁴¹

Vrystaat

¹⁴¹ MJS Jordaan Privaatversameling. Jordaan genealogiese register.

Jordania I	Kroonstad	woonbuurt ¹⁴²
Jordania II	Kroonstad	woonbuurt
Jordaan	Kroonstad	spoorwegstasie ¹⁴³
Jordaanlaan	Bainsvlei, Bloemfontein	laan
Jordaanstraat	Batho, Bloemfontein	straat
Jordaan	Bethlehem	rivier
Koos Jordaan	Panorama, Bethlehem	straat ¹⁴⁴
Jordania	Bethlehem	woonbuurt ¹⁴⁵
Jordaan	Clarens	rivier ¹⁴⁶

Gauteng

Jordaan	Vereeniging	poskantoor ¹⁴⁷
Jordaan	Vereeniging	woonbuurt
Jordaan	Johannesburg	park
Jordaanpark	Vanderbijlpark	woonbuurt
Jordaanstraat	Benoni	straat

Mpumalanga

Jordaanpark	Heidelberg	woonbuurt ¹⁴⁸
-------------	------------	--------------------------

¹⁴² Ibid.

¹⁴³ Amptelike Plekname in die Unie en Suidwes-Afrika 1951

¹⁴⁴ MJS Jordaan Privaatversameling., Jordaan genealogiese register.

¹⁴⁵ Postcodes 2004.

¹⁴⁶ Raper, Dictionary of Southern African Place Names, p.240.

¹⁴⁷ Ibid.

¹⁴⁸ Postcodes 2004.

Jordaanstraat	Heidelberg	straat
Jordaan	Heidelberg	dam

Limpopo

Jordaanstraat	Phalaborwa	woonhuis
---------------	------------	----------

Namibië

Jordaanstraat	Tsumeb	straat.
Jordaanstraat	Windhoek	straat

Lesotho

Jordaan	berge	stroom ¹⁴⁹
---------	-------	-----------------------

Kyk Bylaag 10

Volgens 'n artikel in *Die Volksblad* van April 2003 oor die nuwe Pleknaamkomitee van die Vrystaat, is daar sowat 5 000 plekname wat in die Vrystaat hersien moet word.¹⁵⁰

Die regering het 'n pleknaamkomitee in elk van die nege provinsies aangewys. Die nege provinsies is nege nuwe provinsies wat na 1994 ingestel is wat die vier voormalige provinsies vervang het.

Die vraag ontstaan wat die benadering van die pleknaamkomitees gaan wees. Gaan die geskiedenis van die Jordaan-familie sedert 1688 in Suid-Afrika in ag geneem word? Sal die komitee aandag gee aan twee uitsprake wat in 2003 gemaak is? Die eerste een was dié

¹⁴⁹ MJS Jordaan Privaatversameling, Jordaan genealogiese register.

¹⁵⁰ 08-04-2003. Volksblad. Penarie kniehalter pleknaamkomitees.

van prof. Leo Barnard, president van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, wat gepleit het vir die bevordering van geskiedenis op alle vlakke.¹⁵¹ Die tweede uitspraak was die van dié nuutverkose president van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, in Desember 2003, Brian van Rooyen, wat gemaan het dat ons 'n geskiedenis van kulturele diversiteit van meer as 300 jaar het en wat nie weggewens kan word nie.¹⁵² Hierdie twee uitsprake van persone met uiteenlopende agtergronde is ondersteun deur Martiens van Bart in Augustus 2003 wat gepleit het vir die instelling van 'n ombudsman vir bewaring.¹⁵³ Anton Jansen, Pretoria se voorsitter van die destydse Stigting Simon van der Stel, het in 'n lesing voor die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns gewaarsku dat in Suid-Afrika, met sy multikulturele samelewing, daar miljoene mense was wat nog nooit van die begrip erfenisbewaring gehoor het nie.¹⁵⁴ Hierdie onderwerp sal breedvoerig in 'n volgende hoofstuk bespreek word.

Die ink was letterlik nie droog met die skryf van bogenoemde nie toe Sondag 23 Mei 2004 aangebreek het. Hierdie dag sou later in die annale van die Hugenote-geskiedenis aangeteken word as die dag wat bogenoemde verstoë deur die die ANC-regering en sy agentskappe in Suid-Afrika geïgnoreer is. Op hierdie dag het die Nasionale Padagentskap bekend gemaak dat hulle beoog het om die naam van die Hugenote-tonnel te verander na dié van die ontslape ANC-minister van vervoer, mnr Dullah Omar.¹⁵⁵ Dit het ongekende reaksie verwek. Geeneen was gekant teen die vernoeming van die ontslape minister nie, maar wel teen die beoogde verandering van die Hugenote-tonnel se naam. Reaksie het gestrek vanaf koerante se redaksionele kolomme, tot hulle briewekolomme, e-posbriewe, asook programme op televisie en radio waar hierdie voorgestelde naamsverandering bespreek is. Die inhoud van die reaksie het die rede vir die koms vir die Hugenote na Suid-Afrika opgehaal, hulle bydrae in Suid-Afrika en die bydrae wat meeste Hugenote-afstammeling tot die opbou van 'n nuwe Suid-Afrika gelewer het en

¹⁵¹ 09-07-2003. Volksblad. Bevorder geskiedenis op alle vlakke, sê SAHV-president.

¹⁵² 06-12-2003. Die Burger. Brian van Rooyen neem oor as Sarvu se grootbaas.

¹⁵³ 16 Augustus 2003. Kultuur Kroniek. Die Burger. Ombudsman vir Bewaring.

¹⁵⁴ 26 April 2003. Kultuur Kroniek. Die Burger. Bewaar alle kultuur in SA.

¹⁵⁵ 23-05-2004. Rapport. Naamsverandering van Strukture, 24-05-2004. Volksblad. Hugenote-tonnel kry dalk ander naam.

steeds lewer. Die geskiedenis van die Hugenote is uitgewys as 'n les vir nasiebou in die 21ste eeu in Suid-Afrika.¹⁵⁶ Hierdie reaksie het veroorsaak dat daar twee maande later 'n persberig deur die Provinsiale Geografiese Namekomitee van die Wes-Kaap uitgereik is waarin daar aangedui is dat daar nie met die beoogde naamsverandering van die Hugenote-tunnel voortgegaan kon word nie.¹⁵⁷

Voorbeelde van Barnard, Van Rooyen en Van Bart is vroeër genoem, met die klem op hulle beroepe op die owerheid en gemeenskap om verdraagsaamheid ten opsigte van mekaar se kultuurverskille.¹⁵⁸ Hierna het die kennisgewing van die Nasionale Padagentskap 'n golf van energie losgelaat. Die persberig van die Provinsiale Geografiese Namekomitee van die Wes-Kaap beaam Jackson se stelling in die *Volksblad* waarin hy onder meer sê:

*'n mens hoef net oppervlakkig na die debatte oor plekname te luister om twee goed baie duidelik te beseef: die een is dat baie Suid-Afrikaners se begrip van hul eie geskiedenis maar baie bolangs is, en die tweede is dat Suid-Afrikaners nog uit verskillende geskiedenis dink en praat.*¹⁵⁹

Onwillekeurig duik die vraag op waarom daar nooit na die Jordaan-familie verwys word ten tye van gesprekke en verwysings ten opsigte van die Hugenote in Suid-Afrika nie?

¹⁵⁶ 24-05-2004. *Die Burger*. Hugenote-tunnel, 29-05-2004. *Die Burger*. Hugenote-tunnel herdenk juis vryheid in Suid-Afrika, 29-05-2004. *Die Burger*. Prof Christo Viljoen, voorsitter van die Hugenote-Vereniging, 30-05-2004. *Rapport*. 'Dit is die diefstal van kultuur' Onmin oor nuwe naam vir tunnel, July 2004. *The Franschhoek Tatler*. Renaming the Huguenot tunnel, 06-06-2004. *Rapport*. Moenie aan tunnel se naam toring, Colin Pretorius. 21-06-2004. Naamsverandering van die Hugenote tunnel, Prof Christo Viljoen, 06 Junie 2004. Radio onderhoud op Radio Sonder Grense oor voorgestelde naamsverandering van Hugenote Tunnel.

¹⁵⁷ 03-07-2004. *Volksblad*. Naam van Hugenote-tunnel bly so.

¹⁵⁸ 09-07-2003. *Volksblad*. Bevorder geskiedenis op alle vlakke, sê SAHV-president., 06-12-2003. *Die Burger*. Brian van Rooyen neem oor as Sarvu se grootbaas, 16 Augustus 2003. *Kultuur Kroniek*. *Die Burger*. Ombudsman vir Bewaring.

¹⁵⁹ 04-12-2003. *Volksblad*. Waarde van Geskiedenis.

Dieselfde neiging kom voor in Venter se boek oor 400 leiers in Suid-Afrika en Uys se publikasie oor militêre leiers in Suid-Afrika sedert 1452. In albei die boeke is daar geen verwysing na 'n Jordaan nie.¹⁶⁰ Dit is weliswaar nie bekend wat Venter se maatstaf was met sy keuse van 400 leiers in Suid-Afrika nie.

Ook in Lombard se breedvoerige artikel kom die van Jordaan nêrens voor nie.¹⁶¹ In sy artikel verwys RTJ Lombard na presteerders onder die Hugenote-nasate. Hy skryf dat presteerders met Hugenote-vanne besonder hoog is. Lombard gee 'n breedvoerige uitleg van mense met Hugenote-vanne wat presteer het en selfs ander vanne wat nie Hugenote-vanne is nie. Hy dui ook aan dat daar persone is wat nie noodwendig 'n Hugenote van dra nie, maar dikwels meer Hugenote bloed het as iemand met 'n Hugenote-van.¹⁶²

Dieselfde tendens kom voor in die Amerikaanse kultuurhistorikus, J.E. Wills (jr), se boek oor die wêreldgeskiedenis vanaf 1688. In sy hoofstuk oor die Cape of Good Hope verwys hy na die Hugenote. Hy noem verskeie Hugenote-vanne, maar geen verwysing na Jourdan of Jordaan nie. Hy verwys wel later na Jordaan as hy praat van die Nedrlanse invloed en hoe die vanne verander het.¹⁶³

PW Promero, 'n professor in geskiedenis aan die Towson Universiteit in Baltimore, verwys in haar artikel oor die sosiale geskiedenis na die Hugenote aan die Kaap. Sy verwys na twee aspekte van die Hugenote, naamlik hul troupatrone en ander tersaaklike inligting. Sy verwys na tien families, sonder om die Jourdan-familie as voorbeeld te gebruik.¹⁶⁴ In 'n artikel van Keyter wat gedurende 1988 tydens die Hugenote-fees verskyn het, word verskeie Hugenote-vanne genoem, maar daar is geen verwysing na die Jordaan-familie nie.¹⁶⁵

¹⁶⁰ Venter, E. A. 1980. 400 Leiers in Suid-Afrika oor vier Eeue, p.509; Uys, I. South African Military: Who's Who 1452 - 1992, p.305;

¹⁶¹ Lombard, pp.73-74.

¹⁶² Lombard, R.T.J. Die bydrae van die Franse Hugenote tot Suid-Afrika se bevolkingsamestelling, pp.73-74.

¹⁶³ Wills, J.E. 2001. 1688 A Global History.

¹⁶⁴ Romero, P.W. Some Aspects of Family and Social History among the French Huguenot Refugees at the Cape, pp.31-44.

¹⁶⁵ Keyter, E. Hugenote word Gehuldig, p.8.

In dieselfde artikel verskyn 'n foto van Hugenote-families tydens 'n banieroptog in Franschoek wat deel was van die Hugenote-feesprogram in April 1988. Ook die foto tydens die feesvieringe kan getuig dat daar geen verteenwoordiging van die familie was nie.¹⁶⁶

Gedurende 'n toespraak van die Franse Minister van Buitelandse Sake, Alain Juppé, in 1994 het hy na verskeie Hugenote-families wat na Suid-Afrika gevlug het, verwys en Hugenote-grafte wat hy in Franschoek se begraafplaas teëgekom het.¹⁶⁷ Hy het ook verwys na vanne soos Du Toit en Joubert, terwyl hy melding gemaak het van die grafte van mense met Hugenote-vanne in die Franschoek-begraafplaas. Ook hier is geen grafsteen van 'n Jordaan nie.

Hierdie diskrepansie in die ongeskrewe rangorde van sommige Afrikaner-families en spesifiek Hugenote-families kan ook moontlik gesoek word in die tydvak waarin die 250ste herdenkingsjaar van die koms van die Hugenote plaasgevind het.¹⁶⁸ Die voorsitter van die Hugenote Kwartmillennium Gedenkfees in die Kaap was senator F.S. Malan, terwyl die "Hugenote Gedenkfeeslied" deur ML de Villiers geskryf en gekomponeer is.¹⁶⁹ Die latere premier van Suid-Afrika, dr DF Malan, was 'n spreker by die gedenkfees op Franschoek.¹⁷⁰ Die eerste erkende genealoog in Suid-Afrika was Christoffel Coetzee de Villiers (1850-1887). Sy lewensverhaal is kortliks in die program bespreek Hy het die boek, *Oude Kaapsche Familien*, saamgestel.¹⁷¹ Die sekretaris van die Hugenote-feestelikhede in Bloemfontein was J.H.Malan.¹⁷²

¹⁶⁶ MJS Jordaan persoonlike versameling, genealogiese register wat voorberei word vir publikasie..

¹⁶⁷ Juppé, A. Franse Minister besoek Franschoek, pp.24-26.

¹⁶⁸ Hugenote Kwartmillennium Gedenkfees. 1688 – 1938.; Hugenote – Feestelikhede.

¹⁶⁹ Ibid., p.5.

¹⁷⁰ Ibid., 19.

¹⁷¹ Ibid., p.29; De Villiers, C.C. 1893. Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familiën.

¹⁷² Hugenote – Feestelikhede. 15-16 September 1939, p.3.

Daar kan tereg gevra word waarom daar nie meer aandag aan die Jordaan-familie as uitstaande familie gegee word nie. Daar was ten minste drie Jordaans wat op drie verskillende terreine vroeg in die 20ste eeu groot rol in hulle onderskeie gemeenskappe in Suid-Afrika gespeel het.

Die oudste van die drie was Philip Jourdan (1870-1960) wat die privaat sekretaris en skrywer van 'n boek oor die lewe van Cecil John Rhodes (1853-1902) was. Rhodes was 'n voormalige Britse premier van die Unie van Suid-Afrika.¹⁷³ Hierdie Jourdan het steeds die oorspronklike Franse spelling van die van behou.¹⁷⁴

Kyk bylaag 11

Die tweede Jordaan na wie baie min verwys is as vermaarde Hugenoot-afstammeling, is die stigter van die eerste Afrikaanse skool in Kaapstad, die Hoërskool Jan van Riebeeck. Hy was Jan Jordaan (1891-1936). Oor hom is 'n MA-verhandeling geskryf.¹⁷⁵

Die laaste van drie Jordaans waarna niemand in Hugenote-verband verwys nie, is die skrywer G Jordaan oor wie se lewe baie min bekend is. Jordaan se boek beskryf die laaste ure van Suid-Afrikaners oor wie die doodvonnis uitgespreek en voltrek is in die Kaapkolonie gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902).¹⁷⁶

Hierdie drie name word ter illustrasie as vertrekpunt gebruik. Die afwesigheid van verwysings na die Jordaan-familie word ook moontlik gedeeltelik deur Lombard in sy artikel beantwoord. In sy studie oor Hugenote-familiegeskiedenis en biografiese werke is daar 'n lys van 66 familiewerke waarin geen lid van die Jordaan-familie gelys is

¹⁷³ Albertyn, C.F.(Red) 1955. Die Afrikaanse Kinderensiklopedie, p.3488.

¹⁷⁴ Jourdan, P. 1910. Cecil Rhodes, his private life by his private secretary.

¹⁷⁵ De Villiers, J.W. 1986. J.J. Jordaan van die Hoërskool Jan van Riebeeck, 1891-1936.

¹⁷⁶ Jordaan, G. 1904. Hoe Zij Stierven; A.V. Oosthuizen. 17-05-2004 Telefoongesprek oor agtergrond inligting insake die skrywer G.Jordaan; Dr Helena Liebenberg. 24-05-2004. Korrespondensie oor die skrywer G.Jordaan.

nie.¹⁷⁷ Die ondersteuning wat Coertzen verleen aan die argument word egter betwyfel. Volgens Coertzen se berekening is die Jordaan-familie nie een van die 15 grootste Hugenote-families nie, en het hulle in 1988 'n ledetal van minder as 5 000 nasate gehad.¹⁷⁸ Hierdie berekeninge strook geensins met die navorser se getalle in sy genealogiese register nie.¹⁷⁹ Hier moet wel toegevoeg word dat Coertzen se berekening 16 jaar gelede gedoen is, terwyl die genealogiese register se totaal in Julie 2004 op soveel as 32 877 te staan gekom het. Die verskil tussen 1988 en 2004 is egter te groot om te aanvaar dat die berekening in 1988 wel korrek kon wees. Die verskil tussen 5 000 en 32 877 kan nie bloot aan natuurlike aanwas toegeskryf word nie.

3.4 Militêre opofferinge deur lede van die Jordaan-familie op internasionale slagvelde

Hierdie gedeelte dien nie as heldeverering vir enige lid van die Jordaan-familie nie. Dit is wel 'n opsomming van inligting oor sommige Jordaans wat betrokke was by veldslae buite die Suid-Afrikaanse landsgrense. Die beperkte hoeveelheid inligting laat die vraag ontstaan of dit al inligting is wat beskikbaar is en hoeveel verdere inligting bestaan ten einde 'n volledige artikel oor die Jordaans se deelname in ander veldslae te beskryf.

Waarmee hierdie gedeelte wel help, is om 'n vollediger beeld te skep van die opofferinge en ontberinge wat lede van die familie gehad het, terwyl hulle eintlik besig was om vir hulle 'n ekonomiese bestaan in Suid-Afrika te vestig. Dit is onwaarskynlik dat lede van die familie wat Suid-Afrika in Noord-Italië saam met die Geallieerde magte teen Duitsland verteenwoordig het, daarvan bewus was van hoe naby hulle van Torre Pellice in die Angrognia-bergreeks was. Dit is presies in dieselfde omgewing waar hulle Europese voorvaders ook 'n lewenstryd gehad het teen diegene wat nie hulle

¹⁷⁷ Le Roux, R.T.J. 1990. Bulletin 28. Lys van Hugenote-familie-geskiedenis en biografiese werke, pp.52-54.

¹⁷⁸ Coertzen, P. 1988. Die Hugenote medebouers van Suid-Afrika, p32.

¹⁷⁹ MJS Jordaan, persoonlike versameling, genealogiese register wat voorberei word vir publikasie Nasate in die register op 15-07-2004 was 32 877.

Protestantse geloof wou aanvaar of erken nie, 'n stryd was 600 jaar gelede aan die gang was.

Willem Gabriel Jordaan (1891-1918) het in Oktober 1918 tydens die slag van Vlaanderen in België gesterf. Hy was van die Wodehouse-omgewing en een van 12 kinders. Hy was ongetroud.¹⁸⁰

Drie lede van die Jordaan-familie is tydens aktiewe diens in Italië dood. Victor Clive Jordaan (1921-1944) is in Julie 1944 oorlede. Sy ouers is in King Williams Town in die Oos-Kaap getroud. Johannes Elias Jordaan (1918-1944) het soos sy familielid in Julie 1944 tydens aktiewe diens gesterf. Johannes was van die distrik Calvinia in die Noord-Kaap. Jacobus Petrus Jordaan (1921-1945) was 'n getroude man van Senekal in die Oranje-Vrystaat toe hy in April 1945 in die noorde van Italië op die slagveld gesneuwel het.¹⁸¹

'n Jordaan-familielid wat gelukkiger was en nie sy lewe opgeoffer het nie, maar wel 'n mede-soldaat se lewe onder moeilike omstandighede gered het, was Gert Johannes Daniel Jordaan. Tydens 'n skermutseling in Oktober 1944 naby die dorp Carviano het hy die gewonde soldaat beskerm. Terwyl hy die gewonde beskerm het, het hy aan sy mede-soldate opdrag gegee dat hulle die vyand moes aanval wat die hinderlaag gestel het. Jordaan het een van die vyand dood geskiet, 'n tweede gewond en 'n derde gevangene geneem. Hierna het Jordaan met die gewonde soldaat en die gevangene na hulle basis teruggekeer.¹⁸²

In Egipte het Andries Matthys Jordaan (1917-1942) in Oktober 1942 tydens die slag van El Alamein gesterf. Hy was een van vyf kinders afkomstig van Ladismith in die

¹⁸⁰ *Ibid.*, Willem se rekenaarnommer is 10932.

¹⁸¹ *Ibid.*, Victor se rekenaarnommer is 15359, Johannes se nommer 17624 en Jaobus se nommer 17037.

¹⁸² Griffiths, R. 1970. *First City: a Saga of Services*, pp.234-235.

Kaapprovinsie waar albei sy ouers begrawe is. Sy ma was toe al reeds 15 jaar oorlede, wat beteken dat hy tien jaar oud was toe sy moeder oorlede is.¹⁸³

3.5 Die Jordaan-familie en hulle heraldiese erfenis

Tot op hede is baie min geskryf oor heraldiese erfenis. As in ag geneem word dat hierdie navorsing handel oor die Jordaan-familie, is dit nodig dat daar kennis geneem word van die standpunte oor heraldiese erfenis. Hierdie standpunte sal wel beslag vind in die debat oor die wapen en sy gebruike vir die Jordaan-familie.

'n Artikel wat onlangs verskyn het, vestig die leser se aandag daarop dat daar baie min, indien enige finaliteit oor die gebruik en vertoon van die Jordaan-familiewapen is. Die skrywer stel dit soos volg:

*It is a popular misconception that there is a coat of arms for each surname and that everyone bearing that surname is entitled to use those arms. Nothing could be further from the truth. To lay claim to an existing authentic coat of arms, one must be able to prove direct linear descent from an ancestor known to have lawfully borne those arms. A mere similarity in surname is totally irrelevant and even kinship, as opposed to descent, does not give any one any claim to a specific coat of arms.*¹⁸⁴

Laing gaan voort om te verwys na Colin Graham Botha (1883-1973), wat die eerste van nege erkende heraldici in Suid-Afrika was. Botha het meer as vyftig jaar gelede daarop gewys dat daar by die publiek 'n persepsie bestaan dat mense met dieselfde van kan aandring op dieselfde familiewapen. Daar kan niks meer verwarrend en verder van die

¹⁸³ MJS Jordaan Privaat Versameling. Andries se rekenaarnommer is 12696.

¹⁸⁴ Laing, R.A. 2004. Our South African (Afrikaner) Heraldic Heritage-a Mythical Creation?,pp.110-1114.

waarheid wees as juis dié persepsie nie. Botha meen dat dit daaraan toegeskryf kan word dat mense die veronderstelling maak dat, wanneer hulle hoor van 'n familiewapen en dan nog dieselfde van dra, hulle summier aanvaar dat hulle ook dieselfde wapen mag gebruik. Min mense, indien enige, doen ooit die moeite om te bepaal of hulle van dieselfde familie afstam as die gebruiker van die wapen. Die aantrekkingskrag van die familiewapen is so intimiderend dat die ontdek van die wapen 'n absolute verdowingsmiddel is.¹⁸⁵

Laing skryf die verwarring onder Suid-Afrikaners daaraan toe dat dit ontstaan het gedurende die veertiger- en vyftigerjare toe daar 'n opbloeï in belangstelling in die heraldiek was, hoofsaaklik vanweë Theunissen se reeks artikels in *Die Brandwag* gedurende 1945-1947. Wat verder tot die verwarring bygedra het, is die feit dat Leserskring in 1983 Pama se boek, Die Groot Afrikaanse Familienaamboek, onder hulle lede versprei het. Baie kopieë van die boek het ook in die land se biblioteke beland. 'n Totaal van 45 000 boeke is op die wyse verkoop.

Die skrywer is van mening dat genealogie 'n toevoegsel tot heraldiek is. Hy kom tot die gevolgtrekking dat *geskiedenis* nie met *erfenis* verwar moet word nie. *Geskiedenis* wil oortuig deur die waarheid en verwerp dus valsheid. *Erfenis* oordryf en ignoreer, skep en vergeet goedsmoeds en floreer op onkunde en foute. Hy gaan verder deur te sê dat tyd en naweë weliswaar geskiedenis verander. Historici se hersiening moet egter konformeer met aanvaarde voorkeure en bewyse. Erfenis word meer buigsaam aangepas. Ten slotte maak hy die stelling dat historici met professionele risiko die hele korpus van kennis oor die verlede ignoreer, wat erfenis argeloos kan oortree.¹⁸⁶

Heese en andere wys daarop dat 'n nuut ontwerpte wapen geensins van minder waarde is as 'n familiewapen wat al eeue in gebruik is nie. Die voorwaarde is egter dat die nuwe

¹⁸⁵ Ibid.

¹⁸⁶ Laing, Our South African (Afrikaner) Heraldic Heritage-a Mythical Creation?, pp.115-134; Pama, C. 1983. Die Groot Afrikaanse Familienaamboek, p.33.

wapen goed ontwerp is.¹⁸⁷ Pama voeg hierby dat 'n wapen egter erflik is. Nageslagte gebruik meestal dieselfde wapen as hulle voorgeslagte.¹⁸⁸

Heese en sy mede-outeurs dui drie keuses aan wat 'n familie kan gebruik om tot 'n besluit te kom oor die keuse van 'n familiewapen. Die eerste keuse is 'n suiwer dogmaties keuse. Dit dui op die nie-bestaande of twyfelagtige genealogiese verband tussen die betrokke families en verklaar plegtig dat die wapens oneg is of dat die egtheid onbewysbaar is. Iemand wat egter hierdie standpunt inneem, sal moet aantoon dat so 'n strak teoretiese opvatting met die werklike wapengebruik van die laaste eeue in Europa ooreenstem. Die tweede keuse is om 'n *nuwe* wapen te aanvaar soos hy is. Hierdie keuse is nie bevredigend nie en 'n mens sou dit graag wou verander, alhoewel daar in meeste gevalle geen ander keuse is nie. Indien iemand die oorsprong van sy wapen ken en daarby bly, dan is dit ook sy wapen. Die derde keuse mag in verskeie gevalle die beste wees. Die huidige geslag kan doen wat hulle voorouers gedoen het, naamlik om 'n nuwe wapen te laat ontwerp waarin iets van die eie familie of selfs van die eerste wapenvoerder tot uitdrukking gebring kan word.¹⁸⁹

Kyk bylae 12 en 13

Die oorsprong van familiewapens dateer terug na die Middeleeue. Die woord *wapen* het later in gebruik gekom. Die woord wat in die Middeleeue gebruik is, was *deviese* of *kenteken*. Destyds kon geeneen uit 'n duisend persone lees en skryf en hulle was dus genoodsaak om seëls te laat maak waarop die kenteken verskyn het. Die skild met die devies daarop, is ook op die slagveld gebruik. In daardie tye het mans gewoonlik in ysterhelms geveg, wat die gesig heeltemal bedek het. Alleen die devies op die skild kon in die hitte van die stryd aantoon of 'n mens met 'n vriend of vyand te doen het. Die skild

¹⁸⁷ Heese, J.A. & Nienaber, G.S. & Pama, C. 1975. Families, Familiename en Familiewapens, p.79.

¹⁸⁸ Pama, p.29.

¹⁸⁹ Heese *et al.*, pp.37-38.

met die devies is ook gebruik as 'n uithangbord voor die huis. Huise was sonder nommers en die besoeker kon alleen sy bestemming bereik deur op die skilde te let.¹⁹⁰

Wat die Jordaan-familie se familiewapen betref, is dit in 1910 beskryf as 'n keper tussen drie Franse lelies. In 1940 is die huidige wapen voorgestel deur die heraldikus, NH Theunissen(1897-1985), wat 'n driedeling is: in goud: 'n swart adelaar, in blou: 'n palmboom en 'n landskap wat die oewer van die Jordaan-rivier voorstel. Hierdie is egter nie 'n Suid-Afrikaanse wapen nie, omdat dit 'n wapen is wat deur 'n Jourdan-familie in Frankryk gebruik word, met die uitsondering dat hulle 'n groen palmboom gebruik. Theunissen het op eie insiatief, op grond van die Jordaan-familie se Hugenotegeskiedenis, die wapen ontwerp.¹⁹¹ Tydens 'n rekenaarsogtog op die tuisblad van die Buro vir Heraldiek kon geen bewyse gevind word van 'n wapen of vlag wat geregistreer is onder die naam van 'n aansoeker om registrasie vir die van *Jordaan*, *Jourdan* en *Jordan* nie.¹⁹²

Die 1910-weergawe van die Jordaan-familiewapen is nie duidelik nie, maar indien dit wel dieselfde weergawe is soos bespreek, het die navorser so 'n wapen in sy besit. Die 1940-weergawe is in twee verskillende uitlegte in Suid-Afrika gebruik. Die wapen in vertikale lyne, soos bo beskryf is beskikbaar in Pama se boek. Die tweede uitleg, wat in omgang is en naasteby dieselfde is, soos bo beskryf, het die verskil dat die lyne horisontaal loop en die voorstelling van die Jordaan-rivier verskillend voorkom.¹⁹³

Om tot die verwarring by te dra, het daar 'n boek oor die *Jordaans* verskyn wat vir talle ander families (vanne) gedupliseer is. Die betrokke van is in die boek vir

¹⁹⁰ 30-06-1944. Brandwag. Ons familiegeskiedenis.

¹⁹¹ Pama, p.175; Robert Laing. 02-12-2004. E-pos en telefoniese korrespondensie insake oorspronklike Jordaan Heraldiek; Laing,p.117; gesprek met Marcel van Rossum. 07-12-2004. Heraldikus, Buro vir Heraldiek.

¹⁹² <http://www.national.archives.gov.za> 07-12-2004. Buro vir Heraldiek.

¹⁹³ MJS Jordaan Privaatversameling. twee verskillende Jordaan wapens in besit.

bemarkingsdoeleindes verander na byvoorbeeld *Jordaans*. Die meeste van die inhoud stem ooreen, en is dié van vir bemarkingsdoeleindes na Theron verander. Hierdie boek is geloods as 'n bemarkingsaksie vanuit die Verenigde State van Amerika en dui 'n ander vorm van die Jordaan-familiewapen aan. Indien die onderskrifte hierby gelees word, is dit duidelik dat die wapen die Verenigde State van Amerika in gebruik is onder verskeie *Jourdan/Jordan*-families.¹⁹⁴

Met die voorafgaande feite oor die Jordaan-familie se heraldiese erfenis in gedagte, bring dit mee dat daar 'n geweldige paradigmaskuif gedoen moet word onder lede van die familie. Die gemaksonne waarin baie van die familielede hulleself bevind, soos talle ander families, met betrekking tot hulle aanvaarding van Pama se heraldiek, is uitgedien. Hierdie nuwe perspektiewe wat aan die lig gekom het, laat die spreekwoordelike kat in duiwehok los.

Wat die Jordaan-familie as geheel betref, het hulle nie 'n geregistreerde familiewapen in Suid-Afrika nie. Die beklemtoning dat nie elke lid van die familie dieselfde familiewapen hoef te gebruik nie, bring die familie voor nuwe uitdagings.

Hierdie situasie bring lede van die Jordaan-familie voor sekere keuses te staan. Indien lede van die familie hulle eie wapen wil registreer, is daar drie duidelike onderskeide wat in die wapen(s) ingebou kan word. Die eerste tema wat op die wapen uitgebeeld behoort te word, is die feit dat al die Jordaans in Suid-Afrika 'n gemeenskaplike plek van oorsprong het. Die tweede is die feit dat al die Jordaans in Suid-Afrika uit een van drie seuns, Jan, Paul en Louis, van die stamouers Jean en Isabaeu, afkomstig is, met ander woorde 'n spesifieke bloedlyn. Die derde tema wat dan in die familiewapen ingebou kan word, is 'n besliste aanduiding vanuit watter verspreidingsrigting die huidige en toekomstige geslagte kom. Indien hierdie drie temas in die geregistreerde Jordaan-familiewapen voorkom, voldoen dit ook aan een van die heraldiese vereistes, naamlik eenvoud.¹⁹⁵

¹⁹⁴ Barrow, B. 1996. *The world book of Jordaans*, p.3.2.

¹⁹⁵ Gesprek met Marcel van Rossum. 07-12-2004. Heraldikus, Buro vir Heraldiek.

Daar is tien verspreidingsroetes bespreek. Een van die tien is dié van die groepe wat mettertyd na Suid-Afrika se buurlande getrek het. Vir heraldiese doeleindes moet die datums van die verspreiding van lede van die Jordaan-familie in ag geneem word, voordat die verspreiding na die buurlande plaasgevind het. Dit kan dus beteken dat daar ten minste nege verskillende Jordaan-familiewapens in Suid-Afrika geregistreer behoort te word, wat na aanleiding van hoofstuk drie, aan elke bloedlyn sy eie identiteit binne familieverband sal gee.

Bogenoemde is die primêre vertrekpunt vir die ontwerp van 'n persoonlike familie-wapen. Tydens 'n aansoek om die registrasie van 'n persoonlike familiewapen, wat 14-16 maande kan duur teen 'n beraamde koste van R1600.00, vereis die Buro vir Heraldiek 'n bewys van afstamming. Hierdie studie, asook die Jordaan-genealogiese register, kan in hierdie taak vir die meeste lede van die Jordaan-familie van groot hulp wees. Die regstegniese vereistes van die Buro vir Heraldiek is dat met klein wysigings elke kind in 'n gesin se wapen grootliks kan ooreenstem. Daar is nie voorgeskrewe reëls oor uit hoeveel segmente 'n familiewapen moet bestaan nie. Wapens vir familiebonde kan ook ontwerp word.¹⁹⁶

Hierdie situasie kan meebring dat familiesaamtrekke of reünies op 'n wetenskaplike wyse gereël en aangebied kan word. Daar kan dus vyf metodes (permutasies) wees vir die reël van saamtrekke. Die eerste metode sou wees om 'n algemene Jordaan-familiesaamtrek te organiseer, wat deur enige lid van 'n nageslag bygewoon kan word. Die tweede metode sou wees om 'n bloedlynsaamtrek te reël wat vanself spreek wie daarvoor kwalifiseer. Die derde opsie is om 'n saamtrek te reël gebaseer op verspreidingsrigtings wat dikwels ook sal oorvleuel met bloedlynsaamtrekke. Die vierde wyse is die een wat wel van tyd tot tyd plaasvind. Hierdie metode kan as die gesins- of patriargale of matriargale metode of beide bekend wees. Die vyfde keuse van saamtrek sou wees om dit te reël met die

¹⁹⁶Ibid.

vereiste dat almal teenwoordig dieselfde familiewapen het, met ander woorde, een van die voorgestelde nege wapens.

Met die keuse van die registrasie van 'n potensiële nege Jordaan-familiewapens by die Suid-Afrikaanse Buro vir Heraldiek, kan dit 'n ongekende hoeveelheid entoesiasme en energie vrylaat, wat 'n buitengewone verskeidenheid van program-aanbiedinge tot gevolg kan hê.

Een van die eerste aksies wat hieruit kan voortspruit, is dat lede van die Jordaan-familie wat nog volgens die Jordaan-genealogiese register ongekoppel is, erns van die saak maak om hulle "gekoppel" te kry en sodoende kwalifiseer vir 'n spesifieke familiewapen. Hierdie moontlikheid kan 'n totaal nuwe dimensie verleen aan diegene wat tyd en aandag aan genealogie verleen.

3.6 Die verbintenis met die Hugenote Stigting van Suid-Afrika in Franschhoek, die bakermat van die Jordaan-familie

Daar is op verskeie wyse eer betoon aan die Hugenote se bydrae in Suid-Afrika. Voorbeelde soos die *Hugenote Universiteitskollege* wat later bekend geword het as die *Hugenote-Kollege* op Wellington, *Hugenote Hoërmeisieskool*, *Hoërljongenskool* vandag bekend as die *Hugenote Hoërskool*, die *Hugenote Monument* in Franschhoek, die *Hugenote Museum* in Franschhoek, die *Hugenote Gedenkmuur* in Jan van Riebeeckpark aan die bopunt van die Emmarentia-roostuine in Johannesburg. Die Johannesburgse *Hugenote-gedenkmuur* is opgerig ter erkenning van die 132 familiename van die Franse Hugenote, die 45 familiename wat in Suid-Afrika voortgeplant het en die ses Hugenote-afstammeling wat baanbrekerswerk in die totstandkoming van Johannesburg verrig het.¹⁹⁷ In die Paarl is die historiese Ou Pastorie omskep in die *Hugenote-museum*.¹⁹⁸

¹⁹⁷ le Roux, Die Johannesburgse Hugenote-gedenkmuur, p.20.

Die *Hugenote Gedenksaal (1688-1988)* in Kaapstad en die *Hugenote-muurtablette* langs die dorpsbiblioteek in Stellenbosch.¹⁹⁹ In Malmesbury, Franschhoek en Bloemfontein is daar strate wat die naam *Hugenoot* dra.²⁰⁰ Die *Hugenote-tonnel* tussen die Paarl en Worcester dien ook as voorbeeld. Oos van die Paarl is die Drakenstein-bergreeks waarvan een van die *bergkoppe* bekend staan as *Hugenotekop*.²⁰¹

Aangesien hierdie hoofstuk poog om 'n oorsig van die genealogie van die Jordaan-familie in Suid-Afrika te gee, is dit nodig dat daar vir 'n wyle stilgestaan word by die aktiwiteite van die Hugenote Stigting, 'n sambreelorganisasie wat uit die Hugenote Gedenkmuseum, Hugenote Monument en Hugenote Vereniging bestaan.

Die Hugenote Gedenkmuseum, wat 'n inligtings- en navorsingsmuseum is, bestaan uit twee geboue aan weerskante van die straat in Franschhoek.²⁰² Die een gebou naaste aan die Hugenote Monument is bekend as *Saasveld* en die gebou oorkant die straat as die *Anneks*. Saasveld is opgerig aangrensend tot die Hugenote Monument en is die eiendom van die Hugenote Stigting van Suid-Afrika. Agter die gebou is die wynkelders verbind met 'n suilgang waarop die leuse van die Hugenote *Post Tenebras Lux (Na duisternis lig)* aangebring is. Die Anneks wat ná die Hugenote Gedenkmuseum opgerig is, behoort aan die Raad van die Trustees van die Hugenote Gedenkmuseum. Die versameling wat in albei geboue uitgestal/geberg word, behoort aan die Raad van Trustees van die Hugenote Gedenkmuseum. Die meeste stukke is skenkings aan die museum en slegs 'n klein

¹⁹⁸ Du Toit, S.F. 1975. *Hugenote-Herdenking na 250 jaar, die monument en museum en die begin van die Hugenote genealogiese navorsing*, p.11.

¹⁹⁹ Van Niekerk, W.H. 1988. *Kollege is 'n lewende monument vir die Franse Hugenote*; Jean le Roux. 12-5-2004. *Hugenote gedenkmuur in Jan van Riebeeckpark*; Hattingh, D. 1988. *Ons wil gees van die Hugenote tuisbring.*; Le Roux, J. G. 1987. le Roux, J. *Die Johannesburgse Hugenote-Gedenkmuur*, Bulletin 25, p.20; 23-05-2004 *Rapport*. Naamsverandering van Strukture; 24-05-2004. *Volksblad*. Hugenote-tonnel kry dalk ander naam.

²⁰⁰ MJS Jordaan Privaatversameling. persoonlike besoeke aan die strate.

²⁰¹ 29 Mei 2004. *Kultuur Kroniek*. *Die Burger*. Tonnelvisie oor Omar?

²⁰² Bax, D. 1931. Bulletin 3. *Geskiedenis van Saasveld*, p19.

persentasie is op bruikleen aan die Raad van Trustees. Die Hugenote Gedenkmuseum is 'n provinsiaal-ondersteunde museum van die Wes-Kaapse Provinsiale regering.²⁰³

Die Hugenote Monument word bestuur deur 'n beheerraad. Die erf waarop die Monument staan, behoort aan die Hugenote Stigting van Suid-Afrika. Die Monument ontvang jaarliks 'n klein subsidie van die *South African Heritage Resources Agency*.²⁰⁴

Die personeel / trusteelede van die verskillende komponente is:

Raad van die Hugenote Stigting: 10

Hugenote Vereniging: 1

Hugenote Monument: 7

Hugenote Monument Beheerraad: 6

Hugenote Gedenkmuseum (Wes-Kaapse regeringsamptenare): 10

Hugenote Gedenkmuseum (Raad van Trustees amptenare): 4

Drie poste was afgeskaf met die aanvang van die regering se transformasieprogram sedert 1994. Die drie poste was twee museum geesteswetenskaplikes/genealoë, asook dié van 'n tegnikus wat vir die uitstillings verantwoordelik was.²⁰⁵

Die geskiedenis van die museumgebou, bekend as Saasveld, is interessant. Baron Pieter van Rheede van Oudshoorn (1714-1773) het in 1743 grond in die Kaap ontvang. Van Oudtshoorn was in diens van die VOC en het sy ontslag geneem nadat die titel van baron aan hom toegeken is. Hy is as opvolger van die sestiende Kaapse goewerneur, Ryk Tulbagh (1751-1771), aangewys, maar is ten see onderweg na Suid-Afrika dood, voordat

²⁰³ Mev Juna Malherbe. 05-08-2004. Hugenote Museum van Suid-Afrika. Franschhoek.

²⁰⁴ Ibid.

²⁰⁵ Ibid.

hy die amp amptelik kon beklee.²⁰⁶ Na sy dood het die grond verskeie kere van einaar verwissel, totdat dit in 1791 deur baron Pieter van Rheede van Oudtshoorn se seun, Pieter Ferdinand, gekoop is. Hierna het Pieter 'n woonhuis op die grond gebou en die huis Saasveld genoem. Die naam Saasveld is afkomstig van 'n kasteel met dieselfde naam in die ooste van Nederland wat sedert 1250 aan Pieter se adellike familie behoort het. Die Nederlandse *Saas* beteken *sluis*. Die woning Saasveld is deur 'n aangetroude neef van Pieter, Louis Michael Thibault (1750-1815), wat 'n argitek was, ontwerp. Thibault was van Franse afkoms en het 'n regiment van Franssprekende Switsers na Suid-Afrika gebring. Pieter Ferdinand is in 1822 oorlede en sy graftombe is vandag nog op die oorspronklike erf te sien. Na sy dood het Saasveld weer verskeie kere van einaar verwissel totdat die woonhuis in 1913 deur die NG Kerk gekoop is. Die koop was die resultaat van onderhandelinge tussen 'n groepie geesdriftiges en die destydse voorsitter van die Hugenote Vereniging, dr D.P. de Villiers, toe dit bekend geword het dat die deftige herehuis gesloop sou word. Die huis is gesloop en alle bruikbare dele en materiaal is deur die Boerevereniging van Franschhoek met hul vragmotors na Franschhoek aangery, waar dit gestoor is tot die oprigting van die bestaande Saasveld. Hierdie aksie was ook die eerste keer dat daar in Suid-Afrika 'n huis van historiese waarde gesloop is en elders in sy oorspronklike toestand, insluitende die buitegeboue, heropgerig is.²⁰⁷

Die Hugenote Monument is ontwerp deur Coert Steynberg (1906-1982). Die Monument was voltooi in 1945 en was in 1948 amptelik deur die moderator van die N.G. Kerk in die Kaapprovinsie geopen.²⁰⁸

Die simboliek van die Hugenote Monument word deur elf simboliese elemente vertolk. Dit beeld die ontkoming en sielevrede van godsdiensonderdrukking uit, tesame met die gawes en talente wat die Hugenote saam met hulle na die suidpunt van Afrika gebring het. Die gebruik van 'n vrouefiguur is ook 'n toonbeeld van die rol wat die vrouens

²⁰⁶ Picard, H.W.J. 1972. Masters of the Castle. A portrait of the Dutch Commanders and Governors of the Cape of Good Hope, 1652-1795, 1803-1806, p.165.

²⁰⁷ Annoniem Bulletin 1 1929. Simboliese betekenis van die Hugenote monument, pp8-12, Bax, D. 1931. Bulletin 3. Geskiedenis van Saasveld, pp17-19.

²⁰⁸ <http://www.ensignmessage.com/archives/hugher.html> 15-04-2005. The Huguenot Heritage.

tydens die Hugenote se godsdiensoonderdrukking en koms na Suid-Afrika gespeel het. Die elf simboliese elemente van die monument se simboliek kan ook as 'n aanduiding van 'n groep toekomsgerigte mense gesien word.

Malan verduidelik die simboliek soos volg:

Met sy eenvoud en sierlikheid het die gedenkteken

'n tradisioneel Franse voorkoms.

Die vrouefiguur, met die Bybel in haar regterhand

en die gebreekte ketting in haar linkerhand, verpersoonlik die gees van godsdiensvryheid. Die fleur-de-

lis op haar rok veronderstel geestes- en karakteradel.

Sy werp die mantel van onderdrukking af en staan bo die aardbol in vryheid van gees. Sy kyk na 'n toekoms van groot moontlikhede.

Die aardbol waarop sy staan toon die suidpunt van

Afrika, waarheen skepies die Hugenote gebring het.

Die simbole van hul godsdien (die Bybel), kuns en kultuur (die harp), boerdery (die koringgerf en druiwestok) en nywerheid (die spinwiel) word ook daarop uitgebeeld.

Die drie boë versinnebeeld die Drie-eenheid. Daarbo

is die Son van Geregtigheid en heelbo die kruis van die Christelike geloof.

Die waterpoel met sy weerkaatsing en die suilegang

*op die agtergrond, verbeeld gemoedsrus en sielevrede
na stryd en woeling.*

*Die oorspronklike ontwerp het die monument in 'n
"formele" tuin geplaas maar die is egter verander
na terasse met sierstruik ingesluit deur 'n heining
om die effek van 'n park te gee.²⁰⁹*

Afgesien van die Hugenotekruis wat by geleentheid deur veral dames gedra word in die vorm van 'n hangertjie om hul nek, of as simbool op 'n das vir mans, is daar ook die Hugenote Monument wat as afbeelding op kledingstukke gedra kan word.²¹⁰ Behalwe die internasionaal gebruikte Hugenotekruis en die simboliek van die Hugenote Monument in Franschhoek is daar 'n derde embleem wat gebruik word. Die embleem van die Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika word op al die vereniging se korrespondensie en verkoopsartikels gebruik. Die heraldiese beskrywing van die embleem is:

*Op 'n blou agtergrond, 'n voorstelling van die
Hugenotemonument, in die middel geledig
en daarbinne 'n Hugenotekruis, alles van
goud.²¹¹*

Vir enige lid van die Jordaan-familie wat afstam van die twee Hugenote-broers, Jean en Pierre, is 'n besoek aan Franschhoek, die bakermat van die Jordaan-familie, van die allergrootste belang terwyl hulle nog op skool is. Redes vir so 'n besoek behoort te wees met die gedagte dat die Jordaan-familielid hom/haar vergewis van die redes en simboliek,

²⁰⁹ Malan, A. 1998. *Die Hugenote Monument, vyftig jaar*, pp.38-39.

²¹⁰ Theron, S. 1983. Bulletin 21. *Die Hugenotekruis*, pp.34-36.

²¹¹ Krige, O. 1985. *Die Embleem van die Hugenote-Vereniging*, p.60.

soos hier bespreek. Elders is die geskiedenis bespreek van die plase La Motte en Cabrière, wat ook besoek moet word. Meer hieroor in 'n volgende hoofstuk.

In die talle artikels en publikasies oor die Hugenote in Suid-Afrika word daar net in een bron kortliks verwys na die feesvieringe sedert 1824, 150 jaar na die landing van die Hugenote aan die Kaap.²¹² SF du Toit was die inisieerder vir die oprigting van die Hugenote Monument in Franschhoek. Hierin het hy 'n invloedryke rol gespeel tussen 1939 en 1946 en het later 'n erelewendlid geword.²¹³

Uit Du Toit se artikel kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar vier belangrike datums is ten opsigte van die feestelikhede ter ere van die koms van die Hugenote.²¹⁴ 'n Vyfde datum geld ten opsigte van die eerste vraelyste wat onder die Hugenote-afstammeling versprei is. Dit moet hier beklemtoon word dat na die verspreiding en gevolglike insameling van die vraelyste, die inligting bloot gestoor is en nooit gebruik is om die Jordaan-familie genealogies te koppel nie.²¹⁵ 'n Sesde datum wat ook die feestelikhede van die koms van die Hugenote vier, sou later bykom.²¹⁶

Die ses datums ter sprake kan kronologies uitgelê word. Du Toit meld dat die notules en ander dokumente rakende die 150ste viering van die koms van die Hugenote in 1838, sowel as die 200ste jaar-vieringe in 1888 ongesiens verby gegaan het.²¹⁷ 1938 was die 250ste jaar na die koms van die Hugenote. Die feesvieringe ter ere van dié gebeurtenis het in die Kaap sowel as in die Vrystaat gedurende 1939 plaasgevind.²¹⁸ Die vierde datum wat van genealogiese betekenis is vir die afstammeling van die Hugenote is die

²¹²Theron, Bulletin 21. Die Hugenotekruis, pp.34-36 p.1.

²¹³Ibid., p.15.

²¹⁴Ibid., p.1.

²¹⁵Ibid., p.22.

²¹⁶Lombard, p.66.

²¹⁷Ibid., 1.

²¹⁸Hugenote – Feestelikhede. 15-16 September 1939. Bloemfontein; Hugenote Kwartmillennium. Gedenkfees. 1688 – 1938. 15 – 18 September 1939.

uitdeel van vraelyste onder Hugenote-nasate gedurende 1939.²¹⁹ Die inwyding van die Hugenote Monument het gedurende 1948 in Franschhoek plaasgevind.²²⁰ Die sesde datum van belang ten opsigte van die koms van die Hugenote na Suid-Afrika was die uitgebreide feesvieringe gedurende 1988.²²¹

In 'n slotopmerking oor die Hugenote Monument is dit belangrik om te meld dat daar jaarliks die laaste naweek van Oktober, wat saamval met Hervormingsondag, 'n feesprogram gereël word in samewerking met die Hugenote Museum, die Hugenote Monument en die Hugenote Vereniging in Franschhoek. Hervormingsdag word jaarliks sedert 1667 herdenk. Die dag herdenk die bekendmaking van Martin Luther se 95 stelling.²²² Die jaarlikse publikasie *Bulletin* van die drie organisasies word ook tydens die naweek bekend gestel.²²³

Die jaarlikse feesprogram sluit onder meer in 'n algemene jaarvergadering vir die lede van die Hugenote Vereniging, pogings vir 'n optog deur die strate van Franschhoek na die Hugenote Monument deur afstammeling van die 1688-Hugenote, en ter afsluiting van die naweekprogram 'n kerkdiens op Hervormingsondag in die Franschhoekse NG Kerk.²²⁴ Hierdie jaarlikse gebeurtenis in Franschhoek is een van die gemeenskap se hoogtepunte op hul kalender.²²⁵

Van tyd tot tyd word daar familiesaamtrekke aangebied deur spesifieke Jordaan-familiebloedlyne in Suid-Afrika.²²⁶ Daar is egter geen verbintenis (min kontak) en selfs baie min Jordaan-familielede wat lede is van die Hugenote Vereniging van Suid-Afrika. In die

²¹⁹ Du Toit, p.22.

²²⁰ *Ibid.*, p.14.

²²¹ Lombard, p.66; Joyce, P. & Theron, F. 1987. *Die Franse Hugenote*; Bryer, L. & Theron, F. 1988. *Die Hugenote en hul Erfenis*; Coertzen, P. 1988. *Die Hugenote van Suid Afrika 1688-1988*; Krige, O. 1988. *Die Hugenote 1688-1988 Ter viering van 'n onblusbare gees*.

²²² Grosheide, F.W.(Red) 1958. *Christelike Encyclopedie*. p.453.

²²³ Hugenote Vereniging van Suid-Afrika Nuusbrief 2004.

²²⁴ 18 Oktober 2003. *Kultuur Kroniek*. *Die Burger*. Peter Waldo.

²²⁵ Hervormingsfees. N.G. Gemeente Franschhoek. 26-10-2003.

²²⁶ Keuler, Jacobus Jordaan. 2001. *Die Jordaans van Klawerfontein; Jordaanfees, 7-9 Oktober 1994*. Louis Rus. Beaufort Wes.

vraelyste wat ingevul is deur Jordaan-familielede, was daar ook net 'n baie klein persentasie wat aangedui het dat hulle begerig is om lid te word van die Hugenote Vereniging van Suid-Afrika.²²⁷ Hierdie reaksie, tesame met die opkoms tydens die jaarlikse feesprogram in Franschhoek, kan 'n aanduiding wees dat daar onbevredigende kommunikasie of 'n mate van onbekendheid heers tussen die Vereniging en potensiële lede.

Die vraag kan gevra word: behoort so 'n jaarlikse naweekfeesprogram nie in baie groter getalle deur die Jordaan-familielede bygewoon te word nie? Meer nog: kan daar hierin gelees word dat die meeste Jordaan-familielede onbewus is van hul Hugenote-agtergrond, of is dit 'n aanduiding dat die moderne Jordaan-familielid nie meer 'n doelgerigte belang het by sy Europese of Franse verbintenis nie?

Indien daar ag geslaan word op die hoeveelheid Jordaan-familielede wie se oupa- en oumagrootjie aan vaders- of moederskant onbekend is aan hulle, is bogenoemde vrae irrelevant.²²⁸ Dit is irrelevant in die mate dat die individue nog nooit die moeite gedoen het om hulle voorgeslagte op te spoor nie, en sekerlik ook nie op hulle vroeëre geskiedenis ag sal slaan nie. Die ander uiterste bestaan ook, naamlik dat spesifieke familielede geweldig belangstel of hulle 'n Jordaan-familielid gehad het, ongeag van hoeveel geslagte terug dit mag wees.²²⁹

Om hierdie gedeelte oor Franschhoek en enige verdere verbintenis met die Jordaan-familie af te sluit, is dit nodig om ten slotte die feesvieringe van Franschhoek se munisipaliteit en die NG Kerk op Franschhoek te belig. In die beskikbare bronne oor die geskiedenis en ander feesvieringe van Franschhoek vanaf 1688 tot 1995 is daar geen verwysings na die Jordaan-familie nie, behalwe dié oor die vestiging van die twee

²²⁷ Jordaan Vraelyste 1999, 2002, 2003 & 2004.

²²⁸ Ibid.

²²⁹ Ibid.

Jourdan-broers, Jean en Pierre, in 1688.²³⁰ Hierdie bevinding stem ooreen met die afwesigheid van 'n Jordaan-graf in Franschhoek se begraafplaas.

Hierdie gegewens mag ook gedeeltelik 'n antwoord wees op die afwesigheid van verwysings na enige Jordaan-familielede wanneer die onderwerp van Hugenote-afstammeling ter sprake kom.

Daar bestaan wel 'n belangrike verbintenis tussen Franschhoek en die Jordaan-familie. Hierdie verbintenis is simbolies waarskynlik van groter belang as die feit dat daar 'n direkte Jordaan-afstammeling in Franschhoek was. Indien daar wel 'n Jordaan-afstammeling was, en onder die Franschhoekse gemeenskap se oë die gesegde die afstammeling *beteken op die aarde niks nie*, in ag geneem sou word, dit 'n groter verleentheid sou wees. Hierdie verbintenis waarna verwys word, is die vernoeming van wyne wat op die oorspronklike plaas van Pierre Jourdan, *Cabrière*, geproduseer en gebottel word. Die reeks wyne en brandewyn word bemark onder die etiket *Pierre Jourdan*. Dieselfde eienaar bedryf ook 'n spesialis-restaurant met die naam *Haute Cabrière*.²³¹

Die Jordaan-familie het 'n tweede verbintenis met Franschhoek. Hierdie verbintenis is minder opvallend aan die gewone publiek en die Jordaan-familielede. Hierdie verbintenis is die feit dat die Hugenote Monument op 'n gedeelte (aan die oostekant) van die stamvader Jean Jourdan se plaas, *La Motte*, opgerig is.²³²

Daar is wel wyne wat bemark word onder die etiket *La Motte*. Hierdie wyne word op die plaas *La Motte* geproduseer en gebottel. Hierdie plaas het egter eers later die naam *La Motte* gekry. Dit is om hierdie rede dat later na Jean Jourdan se plaas as *Bo La Motte*

²³⁰ A Guide to Franschhoek; Die geskiedenis van Franschhoek; Hugo, M. 1981. Franschhoek Munisipaliteit 100 Jaar 1881-1981; Oberholster, J.A.S. 1945. Eufees- Gedenkboek, Gemeente Franschhoek 1845-1945; Van Lill, G. 1995. N.G. Kerk Franschhoek 1845-1995.

²³¹ A Guide to Franschhoek; MJS Jordaan Privaatversameling, persoonlike besoeke; Cabriere Estate. Home of Pierre Jourdan;
<http://www.mjsjordan.co.za> 03-02-2003.

²³² Botha, C.G. 1939. Die Kaapse Hugenote; Buchanan-Clarke, N. 1988. The History of Bo La Motte.

verwys is. Hierdie *La Motte* is naby die oorspronklike Hugenote-begraafplaas van Franschoek geleë. Die verwysing Bo La Motte is omdat Jean Jourdan se plaas, La Motte, stroom-op geleë is van die plaas wat die wyne onder die etiket La Motte bemark.²³³

‘n Interessante verskynsel is dat albei wyne, Pierre Jourdan en La Motte, hoofsaaklik in die buiteland bemark word.²³⁴

Hierdie hoofstuk het na die verspreiding en eerste ervarings van die Jordaan-familie in Suid-Afrika sedert 1741 gekyk. Die verbintenis tussen die Hugenote Stigting van Suid-Afrika in Franschoek en die Jordaan-familie is eweneens aangedui asook die Jordaan-familie se heraldiese erfenis. Die indruk bestaan dat die naelstring verhouding wat daar tussen die Hugenote Stigting en sy filiale en die Hugenote-afstammeling behoort te wees nie goed genoeg gekoester word nie. Dit wil voorkom of die Hugenote Stigting en die Hugenote afstammeling in verskillende wêreldes leef en nie ‘n gesamentlike toekomsvisie deel nie.

²³³ Botha, *Die Kaapse Hugenote*; Malan, A. 1998. Hugenote grafte, begrafnis-gebruike en sterfdatums.

²³⁴ <http://www.cabrierre.com/home.html> 21-05-2003; Van Zyl, C.J. 2005. The Role of Tourism in the Conservation of Cultural Heritage with particular relevance for South Africa.,pp. 178.

Hoofstuk 4

Die debat oor en die ontwikkeling van kultuur, erfenis en kultureleerfenistoerisme binne en buite die land se grense, 1985-2004

4.1 Die debat oor en ontwikkelingspatrone van kulturele, erfenis - en kulturele erfenistoerisme

4.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings met betrekking tot die verloop van die diskoers oor *kultuur- en erfenistoerisme* sedert 1985 met spesifieke verwysing na die Jordaan -familie

Hoofstuk 4

Die debat oor en die ontwikkeling van kultuur, erfenis en kultureleerfenistoerisme binne en buite die land se grense, 1985-2004

Hierdie hoofstuk bespreek die diskoers oor kultuur, erfenis en kulturele erfenistoerisme. Aanvanklik was die doel van die debat om duidelikheid te kry oor wat kultuur is. Dit is gevolg deur 'n debat om onderskeid te tref tussen kultuur en erfenis. Die begrippe kultuur en erfenis is veral deur wêreldorganisasies soos die Verenigde Volkere Organisasie (VVO), die Wêreldbank en die Suid-Afrikaanse kultuurhistorici uitgestippel. Groot-Brittanje is een van die eerste lande wat 'n bespreking oor erfenistoerisme in 'n artikel gelei het. Hierdie gedeelte van die studie bespreek ook die Jordaan-familie en hulle heraldiese erfenis. 'n Interresante aanname van die gewone publiek kom na vore wat die hele kwessie van aanvaarde familiewapens bevraagteken. Die gedeelte eindig met gevolgtrekkings en aanbevelings met betrekking tot die verloop van die diskoers oor *kultuur- en erfenistoerisme* sedert 1985 in die algemeen en met spesifieke verwysing na die Jordaan-familie.

Die oorlewing tydens die ses maande-skeepvaart en die uiteindelijke aankoms van die twee ouerlose *Jordan*-broers, Jean en Pierre, aan die Kaap de Goede Hoop in Augustus 1688 was betekenisvol. Dit het 'n skakel na Suid-Afrika gebring wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis sou koppel aan gedeeltes van die Bybelse geskiedenis.¹ Die teenwoordigheid van die familienaam *Jordaan* in Suid-Afrika *per se* is in historiese terme 'n aanduiding dat sekere genealogiese gebeure nie in afsondering in Suid-Afrika plaasgevind het nie. Die moderne tendens vir globalisering op verskeie gebiede het moontlik sy oorsprong in 'n

¹ Zoff, O. 1943. *The Huguenots*, pp.323-327; Coertzen, P. *Die koms van die Franse Vlugtelinge na Suid-Afrika*, pp.46-49; Chomat, V. B. *Pre-voyage records of the Huguenot refugees on the Berg China*, p.33; Die Bybel, *Ou en Nuwe Testament*, Genesis 13 vers 10; Grosheide, F.W. *Bybelse Ensiklopedie*.p.263; Glueck, N. *The River Jordan*, p.73 Dan word geag as in die omgewing van die oorsprong van die Jordaanrivier te wees.; Potgieter, JH.(Red) *Afrikaanse Bybel Konkordansie*, p. 652,pp. 687-689.

gebeurtenis soos die aanneem van die naam *Jourdan* eers as familienaam in die suid-weste van Frankryk en die latere verspreiding van familieledede wat die van *Jordaan* dra.

Die VVO het wel gedurende 1972 kulturele toerisme probeer definieer en dit is gevolg deur die internasionale diskoers wat in der waarheid eers in 1985 momentum gekry het. Die lande wat 'n leidende rol gespeel het in die debat was Groot-Brittanje, Kanada en Nieu-Seeland. Die debat is tot ongeveer 2003 oorheers deur akademici in die sosiologiese en antropologiese studieveld. Stads- en streeksbeplanners was in 'n mindere mate ook betrokke by die debat oor kultuur- en erfenistoerisme. Na 1987 het Suid-Afrikaanse historici vir die eerste keer weer in 2002 tot die debat toegetree tydens 'n kongres met die tema *Geskiedenis en Erfenis*.² Vir sommige historici het die debat oor 'n moontlike klemverskuiwing van geskiedenis na erfenis 'n bedreiging ingehou en ander het weer nuwe moontlikhede daarin gesien. Vir 'n groot gedeelte van die internasionale debat was die onderwerp van bespreking die omskrywing van *kultuur* en *erfenis*. Die invloed van toeriste en besoekers op kulturele erfenisterreine is later by die debat betrek. Veel later het lede van die publiek, wat politici en bemarkers insluit, ook die verhoog gebruik om hulle ondersteuners aan te moedig om kultuur- en erfenistoerisme tot hulle finansiële voordeel te gebruik, wat weer hulle markaandeel sal verstewig.

Om betekenis te gee aan die geskiedenis van die Jordaan-familie in Suid-Afrika op nasionale en internasionale vlak, is dit nodig om die verband tussen kultuur- en erfenistoerisme te belig. Dit is ook nodig dat daar na die onderlinge samewerking tussen die verskillende begrippe gekyk word. Begrippe soos, *genealogie*, *familiegeskiedenis*, *kultuur*, *erfenis* en *toerisme*. Historiese begrippe soos *kultuur*- en *erfenistoerisme* verwyder van die bydrae op historiese gebiede soos die aankoms van die Hugenote na die Kaap en hulle bydrae tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Vandag (2005), 317 jaar na die aankoms van die Hugenote, is dit reeds die erflating van die Hugenote wat toerismegroei-punte tot gevolg het. Weliswaar is daar ander fasette wat bygevoeg word tot die toerismegroei-punt, maar die teenwoordigheid van die Hugenote-geskiedenis in

² Erfenisskepping en navorsing: die herstrukturering van Historiese Studies in Suidelike Afrika. Tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap. Randse Afrikaanse Universiteit / Universiteit van Fort Hare. Johannesburg. 24-26 Junie 2002.

byvoorbeeld 'n dorps soos Franschhoek getuig daarvan.³ Die Wes-Kaap as streek dien ook as voorbeeld.

Hierdie studie bemoei hom egter met 'n komponent van die Hugenote-geskiedenis in Suid-Afrika, naamlik die bydrae van die Jordaan-familie op kulturele en erfenis gebied. Hierdie bydrae kan weer op sy beurt onder verdeel word in onderwerpe soos militêr, kultuur, landbou, godsdiens asook die invloed op genetiese gebied.

Die vraag kan ook gevra word hoeveel keer 'n spesifieke insident hom moet herhaal voordat die insident beskou word as van belang op kulturele of erfenisgebied? Voorbeelde is die plase wat verskeie geslagte in 'n familie se besit is, verwaarloosde grafte, meubelstukke of die historiese teenwoordigheid van familieledes in 'n gebied. Die teendeel kom ook ter sprake. Die bekikbaarheid of onbekikbaarheid van byvoorbeeld 'n lepel en vurk wat terugdateer na die koms van die Jordaan-broers in 1688, of die bewaring van 'n historiese gebou wat deur 'n Jordaan opgerig is in die derde geslag na die koms van die Jordaan-stamvader.

Wie of wat bepaal die onderskeid tussen die terme *kultuur*, *erfenis* en selfs *tradisie*? Voeg hierby die inkomstegenererende vertakking van kultuur en erfenis en die begrippe *kultuurtoerisme* en *erfenistoerisme* kry sy ontstaan. Die inkomstegenererende vertakking van kultuur en erfenis het sy ontstaan te danke aan die belangstelling wat daar onder lede van die publiek, nasionaal en internasionaal, ontwikkel het vir die spesifieke gedeelte van die historiese nalatenskap wat met verloop van tyd ontstaan het. Die nalatenskap, hetsy kultureel of erfenis, is in verskeie gevalle eeue oud. Die klemverskuiwing het op evolusionêre wyse ontstaan tot in die kontemporêre tydperk waar mense bereid is om te betaal vir die blootstelling aan die geskiedenis. Die keuse om te betaal vir die blootstelling het ontstaan as gevolg van die keuse wat mense hedendaags het om sy of

³ A Guide to Franschhoek. Franschhoek Vallee Tourism. Cape Town; Bastille festival 2002 Program of Events; Bastille Festival in Franschhoek. July 2003; Franschhoek A Guide 2003; Franschhoek 2003. The jewel of the winelands. Besikbaar op laserskyf; Franschhoek. 2003. Eat, drink & sleep. Besikbaar op laserskyf; Elsa Pof. 27-02-2003. Korrespondeer oor bydrae vir boek The Living Franschhoek; Van Zyl, C.J. 2005. The Role of Tourism in the Conservation of Cultural Heritage with particular relevance for South Africa, pp.180-182.

haar vrye tyd te spandeer. Die beskikbaarstelling aan die blootstelling vir kulturele of erfeniservarings bied ook die keuse aan die toeris om sy persoonlike prioriteite te skik volgens sy behoefte. Die tradisionele keuse van 'n vakansie by die see, familie of in 'n wildreservaat kan hiermee verval. 'n Kombinasie hiervan met 'n kulturele of erfenis-komponent bied 'n groter verskeidenheid aan die toeris.

Die gebruik van die terme *kultuur* en *erfenis* moet egter van naderby bekyk word. Die rede hiervoor is dat beide die terme gebruik word of selfs 'n kombinasie van albei terme, naamlik *kultuurerfenis*.⁴ Gedurende September 2002 is 'n artikel 21-maatskappy gestig met die naam *Die Erfenisstigting*. Die doel van die stigting is om die Afrikaner se kulturele erfenis te bewaar.⁵ Die term *kultuurhistories* word ook dikwels gebruik, asook die woord *historiese erfenis*.⁶ Brosjures wat onderskeie bestemmings in Suid-Afrika bemark, gebruik die terme *cultural heartland*, *heritage destination*, *heritage trail* en *heritage preservation*. Indien die inhoud van die onderskeie bestemmings bestudeer word, is dit nie duidelik wat die onderskeid tussen die bestemmings is nie.⁷ Daar bestaan selfs 'n graderingstelsel vir akkommodasie-instellings in Suid-Afrika met die naam *Heritage Environmental Rating Programme*. Die graderingstelsel beklemtoon die handhawing van omgewingsfaktore in die onmiddellike omgewing van die akkommodasie-instelling.⁸

Om by 'n gevolgtrekking te kom wat die verhouding bepaal van genealogiese belang teenoor kultuur- of erfenisbewaring, behoort daar ondersoek ingestel te word na die verskillende betekenisse van vier verskillende terme.

⁴ 16-08-2003. *Volksblad*. Kultuurerfenisgebiede vind baat by lotery.

⁵ "Die Erfenisstigting" 2004.

⁶ 03 April 2004. *Kultuur Kroniek*. *Die Burger*. Huismuseums 'n ramp; Visitors Guide: Tourism Port Elizabeth 2003, p.8.

⁷ Cultural Heartland. Mpumalanga. 2002; North West – South Africa's Heritage Destination; Transnet Heritage Preservation. 2003; October 2004. Southern African Tourism Update. Tswana Heritage Trail.

⁸ Kutranov, R. 16-05-2002. Introducing the Heritage Environmental Rating Programme; 03-09-2003 Travel New E-info. Heritage Programme shows continued growth. 25 August 2004. Travel New E-info. Fedhasa forms alliance with Heritage.

Die Verklarende Handwoordeboek beskryf *genealogie* as:

die wetenskap wat die afstamming van mense ondersoek, en ook as die verslag van iemand se afkoms of die opsomming van iemand se voorouers en hulle nageslagte in natuurlike volgorde.⁹

Kultuur word beskryf as:

Die ganse geestelike besitting van 'n volk of ander groepe op elke terrein. Die kultuur is die rustelose en vloeiende, die gedurige hervorming en herskepping van die geestelike waardes van die mens. Beskawing: kultuur is wat oorgebly het nadat jy vergeet het wat jy opsetlik geleer het.¹⁰

In die Oxford Dictionary voeg Sykes die volgende by:

culture is the improvement by (mental or physical) training; intellectual development; particular form, stage or type of intellectual development or civilization.¹¹

Met verwysing na *beskawing* beskryf Sykes *beskaafd* as:

nie meer barbaars nie, welopgevoed

en *beskawing* as

geestelike ontwikkeling; verfyning; teenoor barbaarsheid¹²

Sykes ondersteun die beskrywing deur by te voeg;

Civilization is an advanced stage in social development¹³

Oor die term *erfdeel* verduidelik Odendal die volgende;

deel wat 'n mens as erfgenaam volgens wet kry, toekom

⁹ Odendal, F.F. (Red) 1997. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, p.260.

⁸ Ibid., p.592.

¹¹ Sykes, J.B. (Ed) 1983. The Concise Oxford Dictionary, p.231.

¹² Odendal p.78.

¹³ Sykes, p.170.

en oor *erfenis* skryf hy

*nalatenskap; totaal van die regte en pligte van 'n
oorledene, deel van 'n boedel wat 'n erfgenaam kry*¹⁴

Sykes stel dit duideliker

*heritage is inherited circumstances or benefits*¹⁵

'n Term wat tydens hierdie bespreking nie buite rekening gelaat kan word nie, is die rol wat *tradisie* speel ten opsigte van kultuur en erfenis. Oor *tradisie* skryf Odendal:

*die oordra van geslag aan geslag, mondelings of in
.geskryf, van geestelike besittings, kultuurgoedere;
ook wat so oorgedra is; oorlewering. Die navolging
van vaste oorgelewerde gebruike, menings, gevoelens
en beginsels.*¹⁶

Sykes se verduideliking stem ooreen met bogenoemde waar hy verduidelik dat:

*tradition is the opinion or belief or custom
handed down, handing down of these, from
ancestors to posterity esp. orally or by practise.*¹⁷

Hieruit wil dit voorkom dat met die verwysing na die begrippe *kultuur* en *tradisie* daar verwys word na of bedoel word die *geestelike en intellektuele aspek van die verlede*. Met die begrip *erfenis* blyk dit dat die voorstelling verwys na die *tasbare, onroerende of roerende gedeelte van die verlede*. Dit impliseer dat die resultate van genealogie 'n bydrae kan lewer tot beide kultuur en erfenistoerisme, of die bewaring van albei. In die praktyk sou dit beteken dat die vernoeming van die oudste seun na sy oupa aan vaderskant en die vernoeming van die oudste dogter na die ouma aan moederskant die kultuur van naamgewing is. Die genealogie van die besonderse familiebloedlyn wat die

¹⁴ *Ibid.*, p.201.

¹⁵ Sykes, p.467.

¹⁶ Odendal, p.1097.

¹⁷ Sykes, p.1135.

naamgewing aandui, is die meetbare bewys van die kultuur. Die oorerwing van meubels, grond en boeke is die aanduiding van die erfenis van die betrokke bloedlyn in die familie.

Gedurende Junie 2002 het die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap hul tweejaarlikse konferensie in Johannesburg gehou met die tema *Erfenisskepping en Navorsing*. Verskeie referate is gelewer oor die verband tussen geskiedenis en erfenis.¹⁸ Parsons het selfs die stelling gemaak dat die vraag na erfenis deur toeriste aan die toeneem is en dat die uitdaging aan historici is om die geskiedenis van die erfenis korrek en met alternatiewe weer te gee.¹⁹ Tydens dieselfde konferensie het Marshall die gedagte ondersteun dat erfenis die tasbare erfenis is deur haar stelling dat monumente in Suid-Afrika die land se erfenis tentoonstelling.²⁰

Binne die raamwerk van hierdie navorsing kan daar dus, ten opsigte van kultuur en erfenis, areas afgebaken word waar die kultuur en erfenis spesifiek verwys na die Jordaan-familie. In aansluiting met die genealogie kan daar vir historici 'n nuwe terrein ontwikkel wat spesialiseer in genealogiese kultuur en erfenis.

Die uitdaging vir die politici van die 21 ste eeu behoort te wees om die geskiedenis van genealogiese kultuur en erfenis te begryp om sodoende 'n gelukkige nasie te bou. Deur dit sywaarts te rangeer en 'n politieke wil op die burgers van die land af te dwing, sal dit altyd die potensiaal van burgerlike onrus vertroetel. Alternatiewelik, deur klem te lê op die verskeidenheid van kulture en erfenis in een politieke bedeling, kan die verskeidenheid reeds 'n groot aantrekkingskrag wees vir diegene wat die genealogiese kultuur en erfenis bestudeer.

¹⁸ Erfenisskepping en navorsing: die herstrukturering van Historiese Studies in Suidelike Afrika. Tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap. Randse Afrikaanse Universiteit / Universiteit van Fort Hare. Johannesburg. 24-26 Junie 2002.

¹⁹ Parsons, N. 2002. Unravelling history and creating heritage in Botswana.

²⁰ Marschall, S. 2002. Post-apartheid monuments in South Africa: The visual representation of heritage; 18 September 2004. Kultuurkroniek. Die Burger. Lewende erfenismonument.

Die vraag kan dus gevra word wat die rol is van genealogiese kultuur en erfenis. Is dit enigsins van belang vir families? Is dit relevant op familievlak, of is dit net relevant op families wat weer 'n groter groepering verteenwoordig, soos 'n taal, godsdiensgroep of soos in die Jordaan-familie se historiese geval, hulle Waldensiese en Hugenote-afkoms? Die vraag kan ook gestel word: watter invloed genealogie het op die breë terrein van kultuur en erfenis. Dié vrae kan beantwoord word deur genealogie en kulturele erfenis as 'n vennootskap te beskryf. Die kulturele erfenis is dikwels die nalatenskap van mense wie se name in genealogiese registers opgeteken staan. Die bymekaarbring van die kulturele erfenisnalatenskap en die verpersoonliking van diegene wat daarby betrokke of daarvoor verantwoordelik was, vorm 'n dinamiese vennootskap.

Die uitdaging vergestalt hom in die samewerking op die verskillende terreine waar daar inligting ontbreek. 'n Voorbeeld is om ongekoppelde bloedlyne in die genealogiese register te koppel aan mede-bloedlyne sodat die spesifieke bloedlyn homself kan terugdateer tot met die koms van die Jordaan-broers in 1688 aan die Kaap de Goede Hoop. Die ongekoppelde bloedlyn, soos in die genealogiese register, het verskeie benaderingspunte. Die ongekoppelde familielid se benadering kan wees vanuit 'n aangetroude oogpunt, te-kort aan name van 'n voorgeslag(te) of huwelik(e) oor kleur- of kultuurgrense heen. Daar kan ook 'n situasie ontwikkel van vrae wat gevra word deur die biologiese Jordaan-familielede wat deur 'n *Jordaan-“ma”* vir aanneming weggegee is.²¹ Oor die navorsing van gevalle waar daar geen genealogiese rekords bestaan nie, behalwe dié van herinneringe en oorvertelling deur die ouer geslag, het Coertze 'n in-diepte artikel gepubliseer.²² Oelofse behandel ook die onderwerp in meer aktuele omstandighede in Suid-Afrika, veral in die lig van die nuwe Onderwyswet.²³ Uit 'n filosofiese oogpunt oor die genealogiese vraagstelling oor die aspek van identiteit, bespreek Roodt die vraagstuk breedvoerig.²⁴ Die aansluiting tussen toerisme en antropologie word ook

²¹ Die navorser was verskeie kere oor die aspek genader tydens die saamstel van die genealogiese register.

²² Coertze, R. D. 1990. Betekenis van genealogiese navorsing onder swartes in die Republiek van Suid-Afrika, pp.19-28.

²³ Oelofse, M. & du Bruyn, D. 2004. The Need for oral history in a changing South Africa; Du Bruyn, D. 2003. Teaching Oral history: A South African perspective. Biannual Conference of the South African Historical Society. 29 June 2003-1 July 2003. Bloemfontein.

²⁴ Roodt, V. 1996. Nietzsche, genealogy and the politics of communality, pp.29-35.

deeglik deur Nash bespreek.²⁵ Dit is merkwaardig dat van die eerste navorsingsprojekte wat deur die Wêreld Toerisme Organisasie geloods is na sy totstandkoming in 1977, 'n studie was oor die Antropologie van Toerisme. 'n Tweede hersiene uitgawe van die studie is in 1989 gepubliseer.²⁶ Die gevolgtrekking wat uit die studie gemaak is, was dat die uitdaging op navorsingsgebied vir toerisme lê in studies oor kulturele verteenwoordiging, kulturele verskeidenheid, die dinamika van kulture, die mites oor kulture, die karakter van kulturele interaksies, asook die skakel tussen politiek en ekonomie.²⁷ Picard skep 'n ander benadering oor die erfenisaangeleentheid deur te verwys na 'n multi-kulturele erfenis.²⁸ Hierby sluit Picard historiese areas, inklusiewe etnisiteit en geboue met estetiese waarde in. Hierdie benadering kan tereg lei tot die vraag of die Jordaan-familie inderdaad 'n multi-kulturele erfenis tot stand gebring het?²⁹

Die uitdaging wat dus vir die Jordaan-familie uit bogenoemde paragraaf spruit, is dat, teen die agtergrond van die Jordaan-familie se Europese geskiedenis en die gevolglike aangetroude families in Suid-Afrika sedert 1688, en spesifiek die ontstaan van die wye verskeidenheid van nuwe bloedlyne tydens die verspreiding van die Jordaan-familie (soos vroeër verduidelik), hulle nie noodwendig aanspraak kan maak dat hulle 'n familie met 'n homogene kultuur-identiteit is nie. Om meer spesifiek te wees, kan hier verwys word na die veeltaligheid, veelrassigheid en verskeidenheid van geloofsgroepe onder lede van die Jordaan-familie.³⁰ Terselfdertyd skep die situasie die verdere geleentheid om navorsing te doen oor die genetiese ooreenkomste en verskille tussen die verskillende bloedlyne met spesifieke verwysing na die trekkrigtings soos in Hoofstuk 3 uiteengesit.

In Smith se gevolgtrekkings het hy waarskynlik bedoel die onderskeid tussen nasies en nie noodwendig die onderskeid binne een familie nie. Aspekte soos die verskeidenheid van kulture, kulturele mites, die eienskappe van inter-kulturele interaksies en kulturele

²⁵ Nash, D. 1996. *Anthropology of Tourism*, pp.6-8.

²⁶ Smith, V.L. 1989. *Hosts and Guests*, pp.ix-x.

²⁷ *Ibid.*, p.185.

²⁸ Picard, M. & Wood, R. E. 1997. *Tourism, Ethnicity, and the State in Asian and Pacific Societies*. p.99.

²⁹ *Ibid.*

³⁰ *MJS Jordaan Privaatversameling*. Jordaan genealogiese register.

verteenwoordiging word genoem.³¹ Hierdie is eienskappe wat noukeurige aandag behoort te geniet tydens die beplanning van 'n genealogiese roete en die uitleg van 'n interpretasiesentrum.

Met hierdie perspektiewe as agtergrond, wat die huidige tydvak betref, kan daar vervolgens gekyk word na die ontstaan en die evolusie van die gedagtegang van die konsep kultuur-toerisme, en voortvloeiend daaruit die meer onlangse gedagtes oor erfenis- en kulturele erfenistoerisme. Die beperkte diskoers oor genealogie en heraldiek sal ook aangedui word.

4.1 Die debat oor en ontwikkelingspatrone van kulturele, erfenis- en kulturele erfenistoerisme

Die ontwikkeling van reis en toerisme word deur Gee in vyf fases ingedeel, met die Griekse tydperk as aanvangs tydperk.³² Hulle het 'n monetêre stelsel ontwikkel wat verhoed het dat die reisigers 'n verskeidenheid goedere moes saamneem om as ruilhandel te dien. Tweedens, het die Griekse taal vinnig versprei in die Mediterreense gebied, wat veroorsaak het dat die Grieke meer kon rondbeweeg, aangesien hulle deur 'n groter groep mense verstaan kon word. Die eerste reisigersgids is in 170 vC gepubliseer wat daarop gemik was om die Romeinse toeris te prikkel om te reis. Die tweede fase was die Middeleeue, wat in drie periodes plaasgevind het. Tussen die 5de en 14de eeu nC het reis en handel per pad baie afgeneem, soos die paaie al hoe meer onbegaanbaar geraak het. Hierdie tydperk is egter gekenmerk deur die groei van die Christengeloof met die bou van hulle kerke en katedrale wat in 'n mate bygedra het tot reis deur die publiek. Gedurende die tweede helfte van die 13de eeu nC is die goed ontwikkelde padstelsel in China deur Marco Polo ontwikkel. Die derde stadium van die tydperk was teen die 15de eeu nC toe georganiseerde toerpakkete na die Heilige Lande vanaf Venesië bemark is. Hierdie

³¹ Smith, p.185. Lombard, R.T.J. 1977. Handleiding vir Genealogiese Navorsing in Suid-Afrika

³² Gee, C. Y. 1997. International Tourism: A Global Perspective, pp.9-12.

pakkette was omvattend wat onder meer kos, ritte met donkies en omkoopgeld ingesluit het, wat gebruik kon word om ronpslomp by tolhekke en doeanes mee te betaal.³³ Die derde fase was gedurende die Renaissance tussen die 14de en 17de eeu nC. Dit is gedurende dié tydperk wat Richards meer breedvoerig skryf. Hierdie fase is gevolg deur die Industriële Rewolusie vanaf 1750 tot 1850. Dié tydperk is gekenmerk deur 'n groot klemverskuiwing vanaf basiese landbouproduksie na verstedeling en die begin van grootskaalse fabriek. Hierdie omwenteling het bygedra tot 'n intense sosiale en ekonomiese verandering in die publieke lewe. Die laaste van die vyf fases was toe die moderne era aangebreek het, waar mense meer besteebare inkomstes gehad het en 'n groter behoefte ontwikkel het om te reis.³⁴

Een van die Verenigde Volkere Organisasie se komitees, bekend as UNESCO, het in November 1972 twee definisies opgestel met die doel om die kulturele en natuurlike erfenisse in die wêreld te bewaar. Vir hulle doeleindes het hulle 'n onderskeid getref tussen *kulturele erfenis* en *natuurlike erfenis*. *Kulturele erfenis* is geïdentifiseer as monumente, geboue en terreine met historiese, estetiese, etnologiese en antropologiese eienskappe. *Natuurlike erfenis* is geïdentifiseer as natuurlike eienskappe met estetiese en wetenskaplike waarde, geologiese en fisiologiese formasies, asook natuurlike terreine met wetenskaplike waarde en natuurlike skoonheid.³⁵

Gedurende September 1985 het die Wêreld Toerisme Organisasie (WTO) 'n handves en kode vir toerisme opgestel. Die doel van hierdie handves was om riglyne daar te stel vir lidlande wat aan die WTO behoort. In artikels 3, 6 en 11 word daar spesifiek na *kultuur* en *kultuurerfenis* verwys. In artikel 3(e) word gesê dat ter wille van die huidige en toekomstige geslagte, die toerisme-omgewing bewaar moet word, wat die menslike, natuurlike, sosiale en kulturele erfenisse van die mensdom behels. Artikel 6(b) moedig lande en gemeenskappe aan om toeriste toe te laat om hulle artistieke, argeologiese en kulturele skatte te besoek, terwyl die toeris die hoogste agting daarvoor moet betoon.

³³ Ibid.

³⁴ Ibid.

³⁵ Goodland, R. & Webb, M. 1987. The Management of cultural property in World Bank – Assisted Projects: Archaeological, historical, religious, and natural unique sites, p.74.

Artikel 11(a) verwag van die toeris om die grootste mate van respek en agting te toon by bestemmings wat besoek word vir hulle geloof, gedrag en gewoontes. Die gedrag word ook van die toeris verwag ten opsigte van die natuurlike en kulturele erfenis van die gemeenskappe wat besoek word.³⁶

Die WTO stel ook 'n toerismebeleid vir munisipaliteite voor. Op vier plekke word daar verwys na die belangrikheid van die bewaring van die geskiedenis en kulturele erfenis van die gemeenskap. In afdeling B 2 en 5 word daar uitgestippel dat die geskiedenis van die dorp of stad bewustelik onder die aandag van die jeug gebring moet word. Dit moet gedoen word deur hulle te betrek by die bewaring en restourering van plaaslike geskiedkundige terreine, wandelpaaie en geboue. Daar moet ook verseker word dat die bewaring van die argeologiese, argitektoniese en kultuurskatte in die toeristegebiede bewaar word. In afdeling C 1 en 2 word daar nadruklik aangedui dat die munisipale toeristekantoor inligtingsmateriaal moet voorsien aan besoekers om aan hulle die dorp/stad se geskiedenis, kulturele bronne en feeste te verduidelik en toe te lig. Terselfdertyd moet die besoekers ook aangemoedig word om die omgewing se argitektoniese en kultuurskatte te bewaar en te respekteer.³⁷

In die eerste uitgawe van die tydskrif *Kultuurhistorikus* word daar onder meer gesê:

om mens te wees is om trots te wees en die trots van die mens
is diep in sy verlede gewortel.³⁸

In dieselfde uitgawe maak Prins die onderskeid tussen *kultuur*, as dit wat handel oor die landbou en verwante aangeleenthede en die *kultuur* wat met die mens self te make het. Hy gaan verder om die *kultuur* wat met die mens self te make het, te verfyn na die stoflike *kultuur* en beskryf dit as:

*die vergestaltung van 'n groep se arbeids- en ontspannings-
bedrywighede en meer spesifiek dan hulle ambags-,
landbou- en ekonomiese bedrywighede, tesame met die*

³⁶ McIntyre, G. 1993. Sustainable Tourism Development: Guide For Local Planners, pp.155-158.

³⁷ Ibid., pp.160-162.

³⁸ Ebrahim, C. 1986. Bruin Kultuur: 'n Amptelike Standpunt, p.7.

implemente wat hulle daarvoor gebruik, die handwerk wat hulle in die proses geskep het en die gebruike wat hulle gevolg het.

Prins verwys ook na die kontaksituasie wat daar was tussen die verskillende gemeenskappe, hetsy inheemse (etniese) groepe of Europese afstammelinge. Hierdie proses word beskryf as transkulturasie. Die kontak met mekaar moes noodwendig 'n invloed op alle groepe se kulture gehad het.³⁹

Die term *kulturele eiendom* is 'n term wat die VVO in 1987 aangeneem het. Met *kulturele eiendom* bedoel hulle argeologiese, paleontologiese, historiese, godsdienstige en unieke natuurlike omgewing. Dit behels enige oorblyfsels wat vorige geslagte nagelaat het, sowel as unieke natuurlike omgewingseienskappe. Die Wêreld Bank glo dat die verskillende nasies en lande die beste gedien kan word deur hulle te help om hulle kulturele eiendomme te bewaar, en waar moontlik die bewaring in so mate toe te pas dat daar ook ekonomiese voordele vir die onderskeie lande kan wees.⁴⁰

Die Wêreld Bank gaan voort om hulle begrip van *kulturele eiendom* te klassifiseer in twee hoofgroepe, naamlik eerstens tasbare en onaantasbare kulturele eiendom, en dan tweedens, argeologiese, historiese, godsdienstige en natuurlike verskynsels.

Onaantasbare kulturele eiendom groepeer hulle as tale, gewoontes en godsdienste. Die *tasbare* gedeelte verdeel hulle weer in twee groepe, naamlik roerende en onroerende kulturele eiendom. Roerende eiendom is byvoorbeeld fossiele, antiekware en voorwerpe wat bekom word tydens opgrawings. *Onroerende kulturele eiendom* is aspekte soos slagvelde, tuine, stede, dorpe, grotte, watervalle, vulkane en godsdienstige fonteine.⁴¹

Die tweede groep onderskei hulle soos volg: argeologiese aspekte veral voor die tydperk wat daar geskryf was. *Histories* is aspekte soos slagvelde, dorpe en geboue veral na die ontdekking van skrif. *Godsdienstige* erfenis is heilige plekke van stamme, tempels,

³⁹ Prins, E.J. 1986 Die bydrae van die Bruin gemeenskap tot die Afrikaanse stoflike kultuur.pp.60-61.

⁴⁰ Goodland, R. & Webb, M.,p.III.

⁴¹ Ibid., p.4.

begraafplase en waterputte. *Natuurlike verskynsels* word op sy beurt weer in drie groepe verdeel, te wete geografies, paleontologies en ekologies. *Geografies* is aspekte soos grotte, watervalle, gletsers en vulkane. Fossielle word onder paleontologies groepeer en ekologies is unieke of ongerepte natuurgebiede vanuit 'n plante- of diererykooppunt.⁴²

Die Wêreld Bank hou vyf redes voor waarom ekonomiese ontwikkeling kulturele eiendom in die verskillende lande moet help bewaar en bestudeer. Hierdie uitgangspunt is ook van toepassing op die kulturele-erfenisroete van die Jordaan-familie aangesien die roete verkieslik op sy eie ekonomiese bene behoort te staan. Dit is nog belangriker waar daar ontwikkeling van een of ander wyse beplan word. Die ontwikkeling moet gefinansier word en lewensvatbaar wees. Die eerste rede is omdat kulturele eiendom wat vernietig is, nie weer gevind kan word nie. Sodanige kulturele erfenis is uniek en nie hernieubaar nie. Die tweede rede is dat kennis en begrip van 'n mens se verlede 'n bydrae kan lewer tot nasionale identiteit en respek kan kweek vir 'n gemeenskap se kultuur en erfenis. Hierdie kennis kan ook help om kontemporêre probleme op te los. Derdens is die feit dat elke kulturele eiendom of terrein sy eie waarde toevoeg tot die wetenskaplike studie van die aarde, sy lewe en die ganse bevolking. Die vierde rede is dat die ontwikkeling van kulturele eiendom 'n noemenswaardige bydrae kan lewer tot 'n land se toerismebedryf. Opnames wat in Amerika gemaak is, dui aan dat tot 50% van alle toeriste hulle besluite oor hulle toerismebestemmings maak op grond van hulle belang by kultuur- en natuurhistoriese verskynsels. Die vyfde, en moontlik mees relevante rede om kulturele eiendom te bewaar, is dat die bewaring self en die studie van kulturele eiendom 'n bydrae kan maak tot toekomstige ekonomiese ontwikkeling, veral in die opsig van die ontwerp van toekomstige projekte.⁴³

Grobbelaar het in 1987 melding gemaak van die verskillende fasette van geskiedenis toe hy gewys het op die feit dat die *gesistematiseerde verhaal* (sic) nooit volledig vertel word nie, omdat daar verskillende aanbiedinge van geskiedenis is. Voorbeelde hiervan is politieke geskiedenis, kerkgeskiedenis, kunsgeskiedenis, sosiale geskiedenis,

⁴² *Ibid.*

⁴³ *Ibid.*, p.12.

literatuurgeskiedenis, landbougeskiedenis en geestesgeskiedenis. Elke geskiedenis beklemtoon die een of ander aspek van die mens.⁴⁴ Ten einde hierdie verskillende fasette van die geskiedenis vandag uit te bou, gebeur dit dikwels dat finansies 'n beperkende faktor is.

Vandag is daar 'n verskeidenheid museums wat onder meer kuns- en literatuurgeskiedenis uitbeeld. Hierdie museums word goed ondersteun deur die publiek. Sodra hierdie besoekers hulle eie woonplek verlaat en meer as een nag van hulle woonplek wegbly en geld spandeer, word hulle by die bestemming waar hulle die museums besoek as toeriste beskou.

Daar is reeds in 1987 na die genealogie verwys as 'n dissipline wat gedurende die 19de en 20ste eeu geleidelik sy sosiale betrokkenheid ingeboet het, en gevolglik sy status verplaas het na dié van 'n hulpwetenskap van die geskiedenis. Louw verduidelik dat genealogie as hulpwetenskap van die geskiedenis uiteraard 'n belangrike rol speel in die kultuurgeskiedenis. Daar word gereeld na genealogie terugverwys om gebeurtenisse en verskynsels in die geskiedenis te verduidelik.⁴⁵ Hy beklemtoon twee dimensies wat vir die genealoog, historikus en kultuurhistorikus van belang is. Die eerste een is dat elke geslag sy spesifieke kenmerke bykry op grond van die inwerking van oorgelewerde biologiese, juridiese en kulturele komponente van familie- of gesinsverband. Die tweede dimensie is dat wanneer historiese ontwikkelings en prosesse verklaar word, daar ook aandag aan die opeenvolging van geslagte geskenk moet word.⁴⁶

Reeds in 1987 verwys Ferreira na die dekade waar die mens in 'n sterk histories-ingestelde tydperk leef, waarin elke gemeenskap waarskynlik meer as ooit voorheen daarna streef om sy oorsprong en wording na te speur. Hierdie ingesteldheid van die gemeenskap bring 'n groot verantwoordelikheid van historici en kultuurhistorici om die verlede van sodanige gemeenskappe so getrou moontlik te herskep. Ferreira wys ook op

⁴⁴ Grobbelaar, P.W. 1987. Die Volkskundige benadering tot die Kultuurgeskiedenis, p.58.

⁴⁵ Louw, J. P. 1987. Genealogie en familiegeskiedenis, p.58.

⁴⁶ Ibid., p.63.

drie keuses van geskiedskrywing vir kultuurhistorici, naamlik die verhalende, beskrywende en ontledende kultuurgeskiedskrywing.⁴⁷

Gedurende 1989 identifiseer en erken Groot-Brittanje die feit dat erfenistoerisme toenemend 'n rol begin speel in hulle toerismebedryf. Hulle beskryf landskap, argeologiese terreine, historiese geboue en museums as erfenis-items. Hulle besluit ook dat hulle van 'n bewaringstandpunt hulle benadering sal moet aanpas na 'n benadering van groter bestuur-georiënteerdheid wat interpretasie van hulle erfenisskatte vir die besoekers moontlik maak. Tydens hierdie artikelbespreking kry ons ook die eerste verwysing na massatoerisme. Dit is die voorgevoel wat die Britse museumdienste gehad het ten opsigte van die groei in hulle erfenistoerisme. Net soos Ferreira reeds in 1987 aangedui het dat Suid-Afrikaners al hoe meer bewus raak van hul historiese agtergrond het Cossons dieselfde opinie uitgespreek van die Britse bevolking in 1989.⁴⁸ Cossons gaan 'n stap verder en beveel aan dat daar na die finansiële hulpbronne en wetgewing van Groot-Brittanje gekyk word om paraat te wees vir die toekomstige toename in druk op die erfenis-intellinge in Brittanje.⁴⁹

Hy gaan voort deur te sê dat in die 21ste eeu 'n situasie sal ontwikkel waar die Ooste die wêreld se goedere sal produseer, Noord-Amerika die wêreld se kosmandjie sal wees en Europa, wat Groot-Brittanje insluit, een groot ope-lugmuseum sal wees. Dit is 'n aanduiding hoe dinamies die toerismebedryf gaan groei waarvan erfenistoerisme die grootste groei sal ervaar. Met die Britse en wêreldbevolking wie se bestebare inkomste al vinniger gaan toeneem, is Cossons se mening dat die Industriële Rewolusie van die 18de eeu na 'n baie klein rimpeling in die wêreld se ekonomiese geskiedenis gaan lyk, teenoor die groei in die wêreld se toerismebedryf. Gedurende 1989 het hy ook gewaarsku dat die onder-ontwikkelde lande die proses van industrialisasie sal vryspring en dadelik

⁴⁷ Ferreira, O. J. O. 1987. Die Kultuurhistorikus en die Gemeenskap, pp.8-9.

⁴⁸ Ibid.

⁴⁹ Cossons, N. 1989. Heritage Tourism Trends and Tribulations, p.192-194; Ferreira, Die Kultuurhistorikus en die Gemeenskap, pp.8-9.

sal beweeg na 'n situasie waar hulle toerisme-bedryf skielik sal begin groei. Hierdie gebeurtenis sal weer druk plaas op die lande se gemeenskappe en hulle kultuur.⁵⁰

Millar, 'n akademikus van Engeland, beskryf in 1989 sy *erfenis* as die natuurlike, kulturele en beboude omgewing van 'n gebied.⁵¹ In aansluiting met Cossons sê sy dat met die bevolkings se groeiende besteebare inkomste, en vervoermetodes wat dit gaan makliker en vinniger maak om afgeleë gebiede te kan besoek, word die uitdaging aan erfenistoerisme vierkantig voor die deur van die mense betrokke by die bestuur van toekomstige erfenistoerisme-terreine geplaas. Hierdeur waarsku sy die owerhede en die betrokke gemeenskappe dat erfenishulpbronne onvervangbaar is, indien dit swak bestuur word en die toeris se behoeftes nie aangespreek word nie. Dit is dus nie vreemd nie dat sy, soos Cossons, ook verwys na die fenomeen *massatoerisme*.

Millar beklemtoon die feit dat erfenisterreine meerdoelig is en dus 'n wye verskeidenheid besienswaardighede aanbied. Dit bring mee dat daar aandag aan die vier veranderlike faktore gegee moet word tydens die beplanning van die bestuur van 'n erfenisterrein wat toeganklik gemaak word vir toeriste. Die vier veranderlike faktore word verteenwoordig deur die toeriste-aantreklikheid self, gemeenskapsbetrokkenheid, formele en informele opleiding ten opsigte van die erfenis aantreklikheid en die ekonomiese herlewering van die gebied.⁵²

Met die aanbreek van die laaste dekade van die 20ste eeu in Suid-Afrika verskyn 'n verhandeling oor stads-en streeksbeplanning wat erfenistoerisme omskryf as, *toerisme wat verbind kan word met geskiedkundige erfenis, van 'n bepaalde volk of groep mense. Dit kan byvoorbeeld historiese geboue, historiese plekke en kultuurnalatenskappe wees.*⁵³

⁵⁰ Uzzell, D.L. 1989. *Heritage Interpretation*, p.17.

⁵¹ Millar, S. 1989. *Heritage management for Heritage Tourism*, pp.9-13.

⁵² *Ibid.*

⁵³ Van As, M. 1990. *Stedelike Bewaring: 'n Toerismewins*, p.45.

Die afgelope twintig jaar was die diskoers telkens oor wat *kulturele* en *natuurlike erfenis* is. Daar was ook 'n bespreking oor *kulturele eiendom*. Vir die eerste keer vind ons dat daar nadruklik gevra word wat *kulturele toerisme* is. Gedurende 1992 verskyn daar twee boeke wat die vraag vra: wat is *kulturele toerisme*? Hall verduidelik in sy baanbrekersboek met die titel Hallmark Tourist Events sy siening oor *kulturele toerisme*.⁵⁴ Hy beskryf *kulturele toerisme* as 'n *beweging van mense vir primêr kulturele redes soos studietoere, die kunste, kulturele toere, die reis na feeste en ander kulturele gebeure, besoeke aan museums, 'n reis om natuurverskynsels te bestudeer, volkspele(feeste) en pelgrimstogte*. Daar word nie in meer besonderhede verduidelik oor wat presies bedoel word met die begrip *kultuur* nie, behalwe om te noem dat daar ooreenkomste mag bestaan tussen sekere kultuur- en godsdienstige gebeure. Hall wys ook daarop dat godsdienstige en feestelike gebeure sekere kulturele eienskappe het, maar dat kulturele gebeure godsdienstige (heilige) en heidense eienskappe mag openbaar.

Hy verwys ook na twee verwante vorme van kultuurtoerisme. Die eerste een is kunsttoerisme en die tweede is erfenistoerisme. Albei bied komponente van kultuurtoerisme aan. Van erfenistoerisme sê Hall dat dit gebaseer is op die nostalgie van die verlede, tesame met die behoefte dat 'n verskeidenheid kulturele ervarings opgedoen word. Hy beskryf *erfenis* verder as kulturele tradisies, ingeslote artefakte. Hy kom tot die gevolgtrekking dat erfenistoerisme die volgende insluit: kulturele tradisies soos familie-gewoontes, godsdienstige gewoontes, volksdansen, die kunste, etno-historiese fasette, sosiale gewoontes en kulturele feeste.⁵⁵

In 'n opname in Kanada oor watter gedeeltes van die inhoud van 'n feesprogram die inwoners en besoekers die meeste lok na 'n fees, het die kultuur- en historiese gedeelte van die feesprogram albei hoë prioriteit geniet.⁵⁶

⁵⁴ Hall, C.M. 1992. Hallmark Tourist Events, pp.23-24.

⁵⁵ Ibid.

⁵⁶ Ibid., p.19.

'n Verdere indeling van feeste dui aan dat 'n fees uit een van vyf perspektiewe georganiseer en beplan kan word. Die inheemse fees word normaalweg deur mense van 'n spesifieke kultuur gereël en is op hulle eie kultuur gerig. Die oorheersende inheemse fees word ook deur dieselfde mense gereël as die inheemse fees maar hulle pas die program sodanig aan om mense van ander kulture ook as besoekers te lok. Om hierin te slaag, word van die inheemse feesprogramme gekommersialiseer om 'n wyer gehoor te lok. Die gekommersialiseerde fees behou die ondersteuning van sy kultuurgroep, maar pas die feesprogram sodanig aan dat populêre items aangebied word vir ekonomiese redes. Die nie-gemeenskaps mono-kulturfes word deur mense van buite die gemeenskap georganiseer en betrek ook geensins die plaaslike bevolking nie. Laastens, die multi-kulturele fees betrek programme van 'n wye verskeidenheid kulture. Dikwels is die besoekers aan 'n multi-kulturele fees mense van ander kultuurgroepe as waaruit die fees-program bestaan.⁵⁷

In die tweede publikasie wat in 1992 verskyn het, word daar meer breedvoerig gekyk na die onderskeid, indien enige, tussen kultuurtoerisme, erfenistoerisme en kulturele erfenistoerisme. Net soos in Hall se geval, bespreek en betrek McCarthy die verwante vorm van kunstoerisme. Sy voel egter dat kunstoerisme 'n besliste rol in kulturele erfenistoerisme speel.⁵⁸

Kulturele toerisme beskryf sy as die verskynsel van mense wat toer om ander kulture te ervaar en te beleef, of om ten minste die kulturele besienswaardighede te besoek. Met *kultuur* bedoel sy konsepte soos gewoontes, vaardighede, kuns, instrumente en instellings wat bygedrae het tot 'n gemeenskap of land se beskawing. Met *kulturele besienswaardighede* verwys sy na museums, feeste, kunstenaars, musikante, teater en argitektuur. Sy sê dat met *kulturele toerisme* ook verwys word na 'n toeris se begeerte om 'n spesifieke gebied of area te besoek. Met ander woorde, die toeris wil ervaar hoe die mense van die gebied hulle daaglikse lewe leef.

⁵⁷ *Ibid.*, p.26.

⁵⁸ McCarthy, B.B. 1992. *Cultural Tourism*, pp.2-4.

McCarthy maak die stelling dat, ongeag hoe kultuurtoerisme gedefineer of omskryf word, kuns altyd deel daarvan sal wees. Die rede hiervoor is dat historiese en kulturele bewaringskundiges dikwels saamwerk om die verlede te dokumenteer, te bewaar, te interpreteer en te laat herleef. Dit gebeur ook soms dat die verlede of gebeure uit die verlede net deur 'n kunstenaarsvoorstelling beskikbaar is.⁵⁹

Sy erken dat daar nie duidelikheid bestaan oor wat *kulturele toerisme* en *erfenistoerisme* is nie. Tot nou is beweer dat die besoeke aan monumente en terreine kulturele toerisme is. Sommige mense verwys hierna as *erfenistoerisme*. McCarthy is van mening dat albei begrippe 'n mens se gedagtes kan beperk oor die inhoud daarvan. *Erfenistoerisme* behoort in sy breedste uitgelig te word. Met *erfenis* kan dan bedoel word, erfenis self, soos geskiedenis en argitektuur. Met *landskappe* kan plattelandse sowel as stedelike aspekte oorweeg word, insluitende die natuur. Die kunste omsluit van musiek, skilder, beeldhouwerk en die literatuur. Dan is daar ook sport, kookkuns, ontspanningsaktiwiteite, taal, gewoontes van inwoners en instellings.⁶⁰

Kulturele erfenis beskryf sy as die sameloop van daaglikse gebeure, asook ou tradisies ten opsigte van sosiale, rasse-, en godsdiensgewoontes. Hierdie tradisies word gewoonlik oor geslagte van een geslag na die ander oorgedra. Dikwels kan die oorsprong van 'n spesifieke tradisie nie meer bepaal word nie. Kulturele erfenis kan aan ses eienskappe gemeet word: Eerstens behels dit gewoonlik 'n eenmalige, unieke gebeuretenis/iets wat beweer is, wat nie herhaal sal word nie, 'n onmoontlike gebou om te dupliseer, terreine en artefakte. Tweedens het dit nie net te doen met geboue nie, maar in 'n meerdere mate met die mens se gevoel, emosie, sy reuk-ervaring en klanke. Derdens is daar 'n sameloop van gewoontes soos die tipe kos wat geëet word, gebruike van medisyne, die wyse waarop mense mekaar groet, huwelike en begrafnisrituele. Vierdens is daar dinge soos die rol wat die ekonomie in jou lewe speel, hoe jy werk en wat jy doen om geld te verdien, hoe jy dit spandeer, die dra van klere, en ook ervarings soos dans, drank, bestuur, treur, huil, aanbid en oorlogvoer. Vyfdens fokus dit op mense se gedrag teenoor

⁵⁹ Ibid.

⁶⁰ Ibid.

mekaar, hoe hulle wen en verloor, hoe hulle lees, skryf, ontspan, asook dinge soos die tipe kiste, musiekinstrumente ensovoorts. Die laaste eienskap waaraan kulturele erfenis gemeet kan word, is elke gemeenskap of land (nasie) se begrip van tyd, spasie, die wyse waarop hulle stories vertel, hulle argeologie, argitektuur, argiewe en die omgewing waarin hulle leef.⁶¹

In 'n tydvak toe toerisme-opleiding nog totaal ongekoördineerd was in Suid-Afrika, het 'n verhandeling verskyn oor die opleiding vir toerisme-bestuurders in Suid-Afrika. Van die aanbevelings wat gemaak is, was dat aspekte soos toerisme en kultuur, toerisme en antropologie, toerisme en die kunste, toerisme en *cuisine* en toerisme en argitektuur in 'n kurrikulum ingesluit moes word.⁶²

Onwetend was hierdie die oorsprong van gedagtes vir erfenistoerisme in Suid-Afrika. Gedagtig aan Ferreira, *et al.* wat in 1987 die diskoers ingelui het oor kultuurtoerisme in Suid-Afrika en Van As se verhandeling met 'n beperkte verwysing na erfenistoerisme was hierdie die enigste bespreking oor kulturele erfenistoerisme in Suid-Afrika.⁶³

Hall & Zeppel het kuns- en erfenistoerisme in 1992 breedvoerig bespreek soos in Hall se boek wat in dieselfde jaar verskyn het. Hulle beskou kuns- en erfenistoerisme as 'n vertakking van kulturele toerisme en beskryf *kuns- en erfenistoerisme* as die beweging van mense hoofsaaklik vir kulturele doeleindes soos studietoere, opvoerings en die teater, die bywoon van feeste, besoek aan monumente, besigtiging van natuurverskynsels en die meemaak van pelgrimstogte.⁶⁴

Hulle beskryf *erfenistoerisme*, eerstens, as die romantisering van die verlede en die behoefte om ander kulture en landskappe te ervaar en te besoek. Tweedens beskou hulle erfenistoerisme as 'n eksperimentele ervaring deur kennis te maak met die natuur en deel te voel van die verlede. Deelname aan kuns, kultuur en erfenis is vir die toeris 'n wyse om te ontsnap van die alledaagse roetine en 'n verhoging van die individu se sosiale

⁶¹ *Ibid.*

⁶² Jordaan, M.J.S, 1992. Kurrikulering vir die opleiding van Toerismebestuurders. M.Dip. Tech., pp104-105

⁶³ *Ibid*; Ferreira, pp.8-9; Van As, p.45.

⁶⁴ Hall, C.M. & Weiler, B. 1992. *Special Interest Tourism*, pp.47-52.

status. Kortliks sê Hall & Zeppel dat *erfenis* beskryf kan word as kulturele tradisies en artefakte wat van die verlede geërf is. Hulle skryf ook dat erfenistoerisme se grootste hulpbron bestaan uit tasbare oorblyfsels uit die verlede, soos historiese geboue, argeologiese terreine, monumente en kulturele artefakte wat in uitstallings en in museums besigtig kan word. In 'n opname deur die Wêreld Toerisme Organisasie oor watter tipe toerismebestemming die meeste gedurende die somer- en wintermaande in Europa geadverteer word, het al twee opnames kulturele uitstappies tweede geplaas uit tien verwante toerisme-aktiwiteite. Die grootste groeipunt van erfenistoerisme in Brittanje was die bou van museums op terreine waar argeologiese geskiedenis 'n groot rol speel en selfs die interpretasie van die industriële geskiedenis. Dit is 'n aanduiding dat die toeris 'n ervaring ter plaatse wil geniet wat ook van opvoedkundige waarde is. Soortgelyke ervarings ten opsigte van erfenistoerisme word in lande soos die Verenigde State van Amerika, Australië, China, Frankryk en Nederland ervaar. ⁶⁵

Gedurende 1992 was dit duidelik hoe skrywers erfenistoerisme in 'n mate romantiseer, terwyl daar in 1993 die eerste keer 'n duidelike waarskuwing gerig is tot diegene wat erfenistoerisme bemark en ontwikkel, dat hulle daarvan moet kennis neem dat die aanbidding en interpretasie van erfenistoerisme aan 'n toeris 'n wesenlik gevaarlike terrein is waarop beweeg word. Boniface, *et al.* voel so sterk oor die aangeleentheid dat hulle benadruk dat erfenistoerisme 'n baie ingewikkelde en uiters gevaarlike terrein is. ⁶⁶ Van die redes is omdat die huidige geslag 'n wandelende databasis is wat die verlede weergee, en liedjies, resepte, gedagtes en geheue-beelde volgens die kontemporêre leefwyse oordra. 'n Busrit in 'n luukse toerbus met slegs 'n toeristegids as begeleier wat deur 'n onderontwikkelde landskap of gemeenskap ry, bied sy eiesoortige uitdagings en probleme in terme van elke persoon se interpretasie, iets wat moontlik beïnvloed kan word deur die toeristegids se interpretasie van die geskiedenis. Hulle verwys na die voorbeeld van hoe uiteenlopend die reaksie van 'n trekkerdrywer is wat 'n stuk land ploeg en 'n paar beendere of artefakte oopploeg, teenoor die van 'n argeoloog indien hy saam met die trekkerdrywer is wat die ploegwerk doen. Die argeoloog sal waarskynlik

⁶⁵ *Ibid.*

⁶⁶ Boniface, P. & Fowler, P.J. 1993. *Heritage and Tourism in "the global village"*, pp.150-161.

die ploëry dadelik wil stop, teenoor die trekkerdrywer wat waarskynlik bloot sal voortgaan om sy werk te voltooi. Hulle waarsku ook dat 'n toeris dikwels anders reageer en optree terwyl hy of sy 'n toeris is, in vergelyking met die normale optrede van dieselfde persoon by sy huis of werksplek.

Die skrywers beskryf *erfenis* as die kulturele uitdrukking wat elke mens maak wat hy is. Hulle noem dit ook '*n mens se geestelike DNA*'.⁶⁷

Prentice se siening oor massatoerisme is dat dit besig is om te verdeel in verskillende tipes toerismes, waarvan erfenistoerisme slegs een is. Hy is van mening dat die tipologie van erfenisbestemmings in 23 kategorieë gedoen kan word. Prentice se verdeling van erfenis-aantreklikhede is natuur-gebaseerde historiese aantreklikhede soos geologiese terreine en grotte. Wetenskap gebaseerde aantrekkings is byvoorbeeld wetenskap-museums en tegnologiese sentrums.⁶⁸ Primêre produksieterreine is landboukundige terreine wat wingerd-en mynbou insluit. Die vierde groep is werkswinkels en die uitstal van hand-gemaakte goedere, gevolg deur produksielyste soos pottebakery, die maak van bier en museums wat die ekonomiese geskiedenis uitbeeld. Hierbewens is daar museums wat die vervoerwese versinnebeeld en sosio-kulturele bestemmings soos pre-historiese terreine insluit. Dan is daar ook mense van historiese belang, wat skrywers en kunstenaars insluit. Die beeldende kunste en tuine wat spesifieke temas uitbeeld, is ook in Prentice se lys van die kategorisering van erfenis-aantreklikhede. Temaparke, kunsgalerye, en feeste omsluit ook tradisionele sportterreine en statige geboue van historiese belang. Godsdienstige aantreklikhede soos kerke en katedrale, asook militêre aantrekkings-kragte soos slagvelde en militêre museums lok ook toeriste. Die laaste vyf erfenis-aantreklikhede van Prentice se tipologie is monumente wat volksmoorde herdenk, dorpe van historiese belang, klein gehuggies en konsentrasies van plattelandse gemeenskappe waar argitektuur ouer as die twintigste eeu behoue gebly het. Binnelandse

⁶⁷ *Ibid.*

⁶⁸ Cooper, C. P. & Lockwood, A. 1994. *Progress in Tourism Recreation and Hospitality Management*, pp.309 & 314-315.

en mariene-landskappe uit die Middeleeue, en laastens streke wat deur spesifieke geografiese en historiese omgewings identifiseerbaar is, is eweneens van belang⁶⁹

In die boek Critical Issues in Tourism verskyn 'n ontleding oor die aspekte wat kultuurtoeriste die meeste geniet. Hierdie ontleding dui aan dat die meeste toeriste gefassineer is met ander groepe se kultuur. Toeriste verkies om plekke te besoek waar hulle 'n fisiese ervaring kan opdoen, soos om 'n kulturele terrein te besoek waar aandenkings gekoop kan word. In die ontleding oor watter aspekte van kultuur 'n toeris die hoogste aanslaan, is dinge soos onder meer tradisies, 'n gebied se geskiedenis, sy argitektuur en sy tradisionele kos as belangrik beskou. Ander aspekte soos kuns en musiek, lewenswyse, godsdiens, taal en tradisionele drag was tweedens van kardinale belang.⁷⁰

Henderson het 'n vergelykende artikel oor erfenistoerisme in koloniale stede met spesifieke verwysing na beboude erfenis geskryf. Hierin het sy, soos sommige skrywers in 1993, gewaarsku dat toeriste kulture kan uitbuit en hulle erfenis skade kan berokken wanneer die toeloop van toeriste, veral in onderontwikkelde lande, nie doelmatig bestuur word nie.⁷¹

In 'n artikel oor besoekerspatrone aan historiese geboue in Noord- en Suid-Wallis verwys die navorsers na erfenistoerisme as die *nuwe* toerisme.⁷² Die gebruik van die term *nuwe* toerisme kom vyf jaar nadat die term erfenistoerisme reeds die eerste keer deur die owerheid in Groot-Brittanje gebruik is.

In 'n opvolgende artikel oor die eienskappe van toeriste wat die erfenishulpbronne wel benut, gee die skrywers ook hulle eie siening oor wat *erfenis* is. Hulle beskou *erfenis* as die omskakeling van geskiedenis in 'n hedendaagse produk. Erfenistoerisme word as historiese of geskiedkundige toerisme vereenvoudig. Hulle motivering vir die

⁶⁹ Ibid.

⁷⁰ Shaw, G. & Williams, A. M. 1994. Critical issues in Tourism, p.91.

⁷¹ Henderson, J.C. 2001. Conserving Colonial Heritage, pp.7-8.

⁷² Light, D. & Prentice, R. 1994. Market – based product development in heritage tourism, pp.27&34.

belangrikheid van navorsing oor die eienskappe van 'n erfenistoeris, is dat daar 'n lang akademiese debat oor erfenistoerisme gevoer word, terwyl daar geen navorsing gedoen is oor die eienskappe van die betrokke toeris nie.⁷³

'n Derde artikel, en wel deur die Vereniging vir Toegepaste Antropoloë in die Verenigde State van Amerika, handel oor die risiko's en toekennings wat met kulturele bewaring en erfenistoerisme gepaardgaan.⁷⁴ Hierdie navorsing dek al die slaggate waarop gelet moet word wanneer die onderwerp ontleed word. Hy vra homself af wie kwalifiseer om leiding te neem by erfenistoerismeprojekte. Die skrywer, self 'n antropoloog, is van mening dat antropoloë en ander kultuurspesialiste gewis 'n bydrae kan maak tot erfenistoerisme. In dieselfde asem verwys hy ook na kulturele-erfenisbewaringsprogramme. Hy maak dit duidelik dat daar 'n balans en harmonie gevind moet word tussen gasheer en toeris in kulturele erfenisprogramme. Die sukses van sodanige verhoudings word ook bepaal deur wie die gasheer is. Dit is nie raadsaam dat die gasheer 'n persoon of instansie van buite is, wat die gemeenskap nie net onaanvaarbaar vind nie, maar hulle ook met die reël van byvoorbeeld bepaalde soort feeste, totaal ignoreer. Die kritiese aspek is dat dit dikwels baie maklik is vir iemand buite die gemeenskap om inisiatief te neem en 'n erfenisprojek te loods, bloot om finansiële gewin.

Die outeur meld dat sy en andere in die Verenigde State van Amerika en Kanada genoeg voorbeelde gesien en ervaar het dat, waar daar te veel staatsinmenging in erfenisbewaring is en die moontlikhede beperk word vir die publiek om hulle erfenis aan toeriste te interpreteer, die hele aangeleentheid skipbreuk kan ly.⁷⁵ Die staat se rol is bloot om kulturele erfenis- bewaring en -bemarking te erken, finansiëel te help om dit volhoubaar te maak en om die diversiteit van kulturele erfenis uit te bou en te ondersteun.

⁷³ Light, D. & Prentice, R. C. 1994. Who Consumes the Heritage Produce.,p.90.

⁷⁴ Howell, B.J. 1994. Weighing the risks and rewards of involvement in cultural conservation and heritage tourism,pp.150-157.

⁷⁵ Ibid.

Indien gemeenskappe trots op hulle kultuur is, bou dit weer 'n trots ten opsigte van nasiebou en nasionalisme.⁷⁶

Die vraag kan tereg gevra word: watter tradisie word deur erfenistoerisme-beplanners en ander kulturbewaarders bewaar? Is dit wat die beplanners en bewaarders self skep, of is kulturele bewaring bloot 'n illusie? Antropoloë is geneig om burokratiese inmenging en die bemerking van 'n kultuur te beskou as net nog 'n wyse van imperialisme en kolonisasie van kulturele erfenistoerisme omdat dit 'n wêreldwye groeitydperk beleef.

Howell kom tot die gevolgtrekking dat daar slaggate is vir die beoefenaars van kulturele erfenisprogramme, maar dat daar tog motivering is om steeds betrokke te bly by sodanige aangeleenthede. Die rede daarvoor is dat indien die beplanning sou voortgaan sonder etno-historiese navorsing en etnografiese begrip vir die plaaslike gemeenskap, 'n eindelose herhaling van stereotipering van die plaaslike gemeenskap ter wille van nasionale belang sal plaasvind.⁷⁷

Nadat McCarthy duidelike onderskeide getref het tussen kultuur, erfenis en kulturele erfenistoerisme verskyn 'n boek 'n jaar later wat nie tred gehou met die onderwerp nie. Die titel van die boek is dalk 'n afwyking van 1994 se boeke met gespesialiseerde titels.⁷⁸

Oor die onderwerp *kultuur* sê die skrywers dat dit nie van die natuurlike omgewing geskei kan word nie. Hulle meen dat as kultuur spasie, ruimte en mense insluit, dit is waar die ontstaan van kultuur plaasvind. Hulle lys twaalf elemente van kultuur wat vir die toeris aantreklik is. Die twaalf is: handgemaakte voorwerpe, taal, tradisies, gastronomie, kuns en musiek, die geskiedenis van die streek, die tipe werk wat mense

⁷⁶ Ibid.

⁷⁷ Ibid.

⁷⁸ Burns, P. & Holden, A. 1995. Tourism, pp.114-115.

doen en die tegnologie wat daarvoor gebruik word, uitsonderlike argitektuur, godsdiens en die uitleef daarvan, opvoedkundige stelsels, kleredrag en ontspanningsaktiwiteite.⁷⁹

Butler, en sy medeskrywers konsentreer meer op inheemse stamme en rasse en plaas *kulturele toerisme* onder twee groepe, naamlik 'n eng siening en 'n wyer perspektief. Onder die eng siening plaas hulle die besoek aan museums, ou geboue, die bywoon van konserte, kunsuitstallings, feeste, pelgrimstogte en ander kultureel gemotiveerde reise. Binne die kader van die wyer perspektief groepeer hulle eenvoudig die toeris se begeerte om 'n streek of land se kultuur te ervaar.⁸⁰

Hulle omskryf die eienskappe van 'n inheemse ras, soos vervat in die Wêreld Toersime Organisasie se bespreking van inheemse rasse as:

*minderhede en etniese gemeenskappe met verwante probleme ten opsigte van diskriminasie en die weerhouding van basiese menseregte, en met spesiale behoeftes vir opvoeding, gesondheid, ekonomiese ontwikkeling en die omgewing.*⁸¹

Gedagtig hieraan en met die oog op kulturele toerisme is dit die oogmerk van inheemse stamme om hulle kulturele erfenis te bewaar en te beskerm. Daarna poog hulle om gekose elemente van hulle kulturele erfenis, eerstens, aan hulle nageslagte oor te dra, en tweedens, om dit oop te stel vir die benutting vir besoekers. Om hierin te slaag, moet die inheemse stam aan vyf vereistes voldoen. Die eerste is om die gemeenskap en ander dele van die bevolking bewus te maak van die waarde van die kulturele nalatenskap van die inheemse ras. Tweedens, moet die inheemse ras hulle kulturele elemente toeganklik maak vir toeriste sodat dit vir hulle ook aangenaam en ontspannend kan wees. Die inheemse ras se gemeenskap en besoekers moet, derdens, blootgestel word aan opvoedkundige aanbiedinge en interpretasies van hulle kultuur. Die bestuur van die kulturele erfenis

⁷⁹ Ibid.

⁸⁰ Butler, R. & Hinch, T. 1996. Tourism and Indigenous People, p.397-399.

⁸¹ Ibid.

moet sorgvuldig beplan en uitgevoer word om sensitiewe areas aan die gemeenskap en besoekers uit te wys. Laastens, moet daar met deernis aandag gegee word aan nadelige invloede en effekte wat die blootstelling aan besoekers kan meebring vir die inheemse ras of stam.⁸²

Die uitdaging wat daar bestaan vir historici wat met inheemse rasse en stamme werk, is tweeledig. Aan die een kant kan die historikus te doen kry met 'n inheemse ras wat in 'n stadium van akkulturasie te staan kom teenoor 'n ander inheemse gemeenskap wat 'n dinamiese kultuurtydperk beleef. Die gemeenskap wat in 'n akkulturasiefase is, het 'n groter taak om hulle kultuurerfenis te beskerm, te bewaar en uiteindelik te kan interpreteer aan besoekers, wat druk mag plaas op so 'n gemeenskap.⁸³

Die Nederlander, Richards, het in sy bespreking van *kulturele toerisme* die ekonomiese invloed van besoekers en toeriste op die kultuur sterk belig. Die bespreking van die oorsprong van die term *toerisme* is baie raar. Richards verwys daarna dat die oorsprong van die term dateer uit die sewentiende eeu toe 'n groep mense vanaf Brittanje ou stede en plekke besoek het in Wes-Europa vir hoofsaaklik opvoedkundige en ontspanningsdoeleindes. Meeste van die eerste toeriste was aristokrate van Brittanje wat 'n *Grand Tour* onderneem het na Frankryk, Italië, Duitsland, Switserland en Nederland. Die hoogtepunt van so 'n driejaarlange toer, wat gedien het as 'n klassieke opvoeding, was die besoek aan Italiaanse stede, indien die oorsteek van die Alpe suksesvol was. Hierdie toere het sedert 1780 meer toeganklik geraak vir die opkomende middelklas in Brittanje. Hiermee het die begrip van 'n toer as klassieke opvoeding ook mettertyd vervaag.⁸⁴

Richards maak ook die sinvolle onderskeid tussen 'n besoeker en 'n toeris. Sinvol in die sin dat die oorgrote meerderheid mense, indien nie almal, betrokke by die moderne toerismebedryf in Suid-Afrika nie bloot verwys na 'n toeris nie. Hy onderskei tussen 'n besoeker en toeris soos volg: 'n Besoeker aan 'n kulturele bestemming word beskou as

⁸² *Ibid.*

⁸³ *Ibid.*, p.425.

⁸⁴ Richards, G. 1996. *Cultural Tourism in Europe*, p.5.

'n besoeker, indien hy na sy besoek die terrein en die dorp/stad verlaat. 'n Toeris is iemand wat dieselfde bestemming besoek, maar wel die nag in die dorp of stad huisvesting benodig.⁸⁵

Hy sien *kultuur* as 'n benadering vanuit antropologie en sosiologie, wat weer *kultuur* as 'n gedragskode van 'n spesifieke gemeenskap beskou. Sy lys vir die tipe besoekpunte wat 'n toeris verkies ten opsigte van kulturele besoeke, is onder meer argeologiese terreine en museums, argitektuur, kuns en feeste, musiek, drama, taal en literatuurstudies, godsdiens en pelgrimstogte, en laastens, gemeenskappe se leef- en eetgewoontes. Hierdie gedagtes bring Richards daartoe om twee definisies van *toerisme* voor te stel. Die eerste definisie is 'n konseptuele definisie, wat hy beskryf as die beweging van persone na kulturele bestemmings buite hulle daaglikse loopgebied om nuwe inligting te bekom en hulle kulturele behoeftes te bevredig. Sy tweede is 'n tegniese definisie wat hy beskryf as die beweging van mense na spesifieke kulturele bestemmings, soos erfenisterreine, bestemmings met die klem op die kunste, drama en musiek, en wel op plekke buite die mense se gewone daaglikse loopgebied.⁸⁶

Richards is van mening dat *kultuur* en *toerisme* nie toevallig bymekaar uitgekome het nie, maar eerder as gevolg van sosiale en ekonomiese redes nader aan mekaar gegroei het. Indien iemand daarna verwys as 'n nuwe mark, ken hulle nie die geskiedenis van die afgelope drie eeue nie. Kulturele en kunsinstellinge word al hoe meer besorg oor die behoeftes van hulle besoekers. Hulle is van mening dat daar al hoe meer na wyer horisonne gekyk moet word om meer besoekers te trek. Dit sal ook 'n groot invloed op die inkomste van sodanige intellinge hê. Hulle gebruik die voorbeeld van die *West End*-teater in Londen wie se gehore uit 32% buitelandse toeriste bestaan. Dit is 'n aanduiding van hoe groot rol kulturele toerisme in gemeenskappe kan speel.⁸⁷

⁸⁵ *Ibid.*

⁸⁶ *Ibid.*, pp.20-24.

⁸⁷ *Ibid.*, pp.12-13.

Mitchell skryf oor kulturele toerisme op die eiland Malta dat *kultuurtoerisme* hoofsaaklik te doen het met lewende kultuur. Die leefwyses en eetgewoontes van plaaslike gemeentes is belangrik. Kultuur is ook dit wat die verskil verteenwoordig tussen die plaaslike mense en die toeris. In Malta word daar dikwels na die verlede verwys as daar van hulle kultuur gepraat word, sodat die eilandbewoners dikwels ook verwys na historiese toerisme, eerder as kulturele of erfenistoerisme verwys.⁸⁸

Gedurende 1996 het daar vir die eerste keer 'n artikel uit Nieu-Seeland verskyn wat oor erfenistoerisme handel. Die skrywers van die artikel maak die stelling dat die debat oor erfenistoerisme tot dusver hoofsaaklik vanuit 'n akademiese oogpunt bespreek is. Daar is tot op die tydstip nog geen eenstemmigheid oor wat *erfenistoerisme* is nie, en of dit wel 'n afsonderlike fenomeen is en vanuit watter benadering dit bestudeer behoort te word nie.⁸⁹

Hulle gebruik vier beskrywinge van *erfenistoerisme* waar die klem duidelik val op die waarde vir die toeris as verbruiker. Hulle is van mening dat sonder die ondersteuning en belangstelling van die verbruiker (toeris) erfenis en erfenistoerisme van min betekenis is.

Die vier beskrywings waarna hulle verwys is, eerstens, die een van Prentice. Hy is van mening is dat *erfenistoerisme* beskryf kan word as 'n reeks oorvleuelende en swak omskrewe bestemmings wat graag deur toeriste benut wil word vir die ervaring daaraan verbonde, en bemarkers van die erfenisproduk wat daaruit munt wil slaan. Die tweede beskrywing is dié van Yale wat glo dat *erfenistoerisme* 'n modegier is en niks meer is as die belang van 'n toeris is by historiese geboue, sommige kunswerke en mooi landskap-tonele nie. Die derde is dié van Bonniface en Fowler wat van mening is dat erfenis geen intrinsieke waarde het nie en daarom ook nie 'n bestaansreg verdien nie. Hulle twyfel nie dat daar wel beendere en artefakte op verskeie plekke voorkom nie, maar dit bly iets wat net betekenis begin kry as die toeris 'n antropologiese waarde daaraan heg. Hierdie terreine word dan besoek en talle besoekers of toeriste interpreteer

⁸⁸ Harrison, D. (Ed) 1996. Sustainable Tourism in Island and small States, pp 208-209.

⁸⁹ Balcar, M.J.O. & Pearce, D.G. 1996. Heritage tourism on the West Coast of New Zealand, p.203.

die ervaring volgens hulle persoonlike lewenservaring. Die skrywers se laaste voorbeeld is dié van Ashworth wat onomwonde beweer dat erfenis nie sonder die verbruiker, besoeker of toeris kan bestaan nie.⁹⁰

Afgesien van bogenoemde vier kommersiële sienings oor erfenistoerisme is daar ook ander aspekte soos wie en watter erfenis interpreteer word, asook die aanbieding en die metodiek daaraan verbonde. In aansluiting hierby moet ook aandag gegee word aan die feit of die besoekers enigsins georiënteer word voor die besoek, die opvoedingsrol ten opsigte van die ontspanningskomponent van die besoek, die befondsing van die erfenis en die impak wat besoekersgetalle op die terreine het.⁹¹

Gedurende 1996 skryf Ashworth en Tunbridge, wat onderskeidelik Nederlandse en Kanadese akademici is en betrokke is by opleiding in stads- en streeksbeplanning vanuit 'n sosio-ekonomiese agtergrond oor 'n ander aspek. Hulle skryf nie net oor erfenistoerisme nie, maar hoofsaaklik oor 'n nuwe onderwerp, naamlik *dissonante erfenis*. *Dissonante* word deur die HAT beskryf as 'n woord wat verskeie betekenisse het, onder meer *strydig, onenig, onharmonies, vals en wanluidend*. Die woorde *onterfde* of *eensydige erfenis* sou ook bygevoeg kon word, alhoewel die woord moontlik nie die volle verduideliking gee soos wat die HAT die woord *dissonant* beskryf nie.⁹²

Die skrywers wys daarop dat die woord *erfenis* aanvanklik bloot aangedui het wat 'n erfgenaam van byvoorbeeld sy of haar ouers geërf het. Vandag beteken die woord *erfenis* egter veel meer. Daar is vyf addisionele waardes wat aan die woord *erfenis* toegevoeg kan word. Enige voorwerp wat 'n geslag oorleef het, gevind word en dikwels belangrik genoeg geag word om in 'n museum uitgestal te word, word as 'n erfenisbate beskou. Die tweede toevoeging tot die betekenis is dat geboue en terreine wat uit die verlede dateer, nou ook as 'n erfenis tipeer word. Die derde sentreer rondom artefakte en kunswerke. Die skrywers glo dat veral kunswerke, al is dit deur die huidige geslag geskep, as 'n bydrae tot erfenis beskou word. Vierdens verwys hulle na die natuurlike faktor. Enige gedeelte

⁹⁰ Ibid.

⁹¹ Ibid.

⁹² Odendal, p.154.

van *fauna* en *flora* wat redelik ongeskonde is en 'n landskap wat spesiale bekoring inhou, word ook in die huidige debat as erfenis ingesluit. Die vyfde komponent is die toerismefaktor. Hulle dui aan dat toeriste wat in aspekte van die verlede belangstel, in die algemeen verwys na die erfenisbedryf. Bestemmings wat besoek word deur toeriste en besoekers waar betaal moet word vir toegang, veroorsaak dat erfenis gekommersialiseer raak.⁹³

Die nadruklike vraag wat die skrywers oor dissonansie en erfenis vra is: wie of wat is uitgelaat? Daar kan ook gevra word watter gemeenskappe 'n erfenis kan deel? Hulle gebruik die voorbeeld van Jerusalem in Israel en die Jordaanrivier-gebied in die moderne tydvak, 'n area wat godsdienstig-gewys gedeel word deur die wêreld se grootste gelowe, naamlik die Protestante, die Islamiete en die Rooms-Katolieke. Terwyl die gebied of terreine op 'n godsdienstige wyse gedeel word, vind gedissoneerde erfenis wel deur die jaar plaas volgens elke groep se verskillende datums vir spesifieke gebeure. Vandag is Israel 'n Joodse staat waarin daar grotendeels Moslems leef.⁹⁴

Die geestelike afhanklikheid van erfenis wat aansluit by die sosiale, kulturele en politieke invloede, kan nie gedistansieer word van die ekonomiese realiteite van die omgewing nie. Ten opsigte van museums ontstaan die vraag byvoorbeeld wat hulle kriteria is wanneer items versamel word? Word daar in diepte gekyk hoekom items bymekaargemaak word, wat het werklik versamelwaarde, hoe word die versamelde items geklassifiseer en hoe gaan dit wat versamel is, gebruik word? Daar is ook gevind dat 'n groot gedeelte van die besoekers aan museums en argeologiese terreine geen ander belang by die temas het nie. Dikwels is die sosiale en ontspanningsgeleentheid vir mense van meer waarde as die besoek self.⁹⁵

Hierdie navorsers beklemtoon ook die uiteenlopende ervaring van elke persoon ten opsigte van erfenis. Dit is hierdie ervaringe wat elke persoon se toekomstige

⁹³ Ashworth, G. J. & Tunbridge, J.E. 1996. Dissonant Heritage, pp.1-2.

⁹⁴ Ibid., pp.20, 31 & 54.

⁹⁵ Ibid., pp.33-37&45.

lewensankers bepaal. Die persoonlike erfenis berus op drie bene: emosie, simboliese waarde en die terrein ter sprake.⁹⁶ Hulle gebruik Kanada as voorbeeld waar die Kanadese owerhede van meet af aan hulleself probeer onderskei het van die Verenigde State van Amerika. In Kanada is baie pogings aangewend om die Engels- en Franssprekendes as nasie saam te snoer, maar terselfdertyd aan elke groep soveel as moontlik erkenning te gee in die bou van monumente en standbeelde. Dit laat 'n drieledige vraag ontstaan. Bestaan daar kriteria vir die uitbou van 'n nuwe erfenis? Moet 'n multikulturele erfenis noodwendig 'n gelyke balans handhaaf, en beteken dit dat 'n multikulturele gemeenskap 'n gemeenskaplike erfenis hoef te besit waarby ander of kleiner erfensisse dan bygevoeg word? Kanada word weer as voorbeeld gebruik. Het die Kanadese bevolking, wat hoofsaaklik uit Engels- en Franssprekendes verteenwoordig word, 'n gemeenskaplike erfenis?⁹⁷ Hierdie is byna 'n soortgelyke situasie waarin Suid-Afrika hom bevind.

Daar word ook na Suider-Afrika verwys as die voormalige koloniale lande wat hulleself sedert 1960 losgemaak het van hulle koloniale status. Hulle verwys na die swartman se "valse" erfenis omdat daar hoofsaaklik erfensisse nagelaat is wat dateer uit die koloniale tydperk. Die navorsers dui ook aan dat Malawi en Swaziland die enigste twee lande in Suider-Afrika is wat met behulp van Westerse lande erken het dat die tydperk van kolonialisme wel voordele en 'n positiewe bydrae tot die lande gehad het. Die bekamping en afskaffing van slawerny dien as voorbeeld. Die twee lande het selfs besluit om straatname te behou. Ander lande in Suider-Afrika het egter so gou as wat hulle kon, monumente verwyder en plekname verander wat uit die koloniale tydperk dateer. Sommige monumente het hulle rus gevind in museums en ander in stoorruimtes.⁹⁸

Die vraag en diskoers wat inisieer moet word, is of daar enige fasette van onder meer die Jordaan-familie is wat ten koste van ander gemeenskappe plaasgevind het. Die hipotese kan ook gestel word deur te vra hoe Suid-Afrika sou gelyk het sonder eers die Nederlandse en later Engelse regerings. Daar sou waarskynlik dan geen Groot Trek of

⁹⁶ *Ibid.*, p.70.

⁹⁷ *Ibid.*, pp. 180 & 190-191.

⁹⁸ *Ibid.*, pp.225-227.

Anglo-Boereoorlog gewees het nie en moontlik ook 'n veel kleiner Suid-Afrika in vergelyking met vandag se landsgrense. 'n Verdere bespreking wat gevoer kan word, is of die fisiese aanduiding van bepaalde erfenisnalatenskappe noodwendig tot nadeel en uitsluiting van 'n ander groep is?

In 'n protokol wat in 1997 in Duitsland opgestel is deur wêreldleiers in natuurbewaring, het twee van die tien punte in die protokol verwys na gemeenskappe en hulle kultuur. Daar is sterk klem gelê op die erkenning en bewaring van tradisionele kulture en tradisies.⁹⁹

Een van die weinige publikasies oor die rol van genealogie en geskiedenis het in die tydskrif van die Afrikaanse Letterkundige Vereniging verskyn. In dié artikel het Burger oor die geskiedenis in resente genealogiese romans geskryf. Hy wys onder meer op die verhouding tussen geskiedenis en die verlede as een van die probleemareas in die historiografie wat gedurende die tweede helfte van die vorige eeu al meer begin aandag kry het. Hy verwys ook na die doel en taak van 'n genealoog, naamlik

*om die gewone mens te identifiseer, hom uit die massa
uit te lig en hom terselfdertyd in die raamwerk van 'n
familie- en gemeenskapsverband te plaas.*

Sy slotsom is dat genealogie die soeke na identiteit is, om sin te gee aan hierdie lewe en dat geskiedenis bloot die verwoording van die verlede is.¹⁰⁰

Met verwysing na die verskillende kulture van toeriste en hulle belangstelling ten opsigte van kultuur beskryf Ussy en andere kultuurtoerisme as pasgemaakte of markgerigte besoeke aan ander kulture en plekke, waar die toeris die geleentheid kry om bekend gestel te word aan nuwe kulture en om meer te leer oor hulle leefwyse, erfenis en kunste

⁹⁹ German Federal Agency for Nature Conservation (Ed) 1997. *Biodiversity and Tourism*, p.261.

¹⁰⁰ Burger, W. 1997. *Geskiedenis in resente genealogiese romans*, pp.22-29; Lombard, R.T.J. 1977. *Handleiding vir Genealogiese Navorsing in Suid-Afrika*, p.3.

teen hulle historiese agtergrond. Hulle beklemtoon egter die realiteit dat kulture met verloop van tyd beïnvloed word deur die teenwoordigheid van toeriste en besoekers.¹⁰¹

In 1997 is daar vir die eerste keer onderskei tussen kulturele toerisme in ontwikkelde lande teenoor kulturele toerisme in onderontwikkelde lande. Gee verwys na kunsmuseums, orkesuitvoerings en opera-opvoerings in ontwikkelde lande, terwyl kulturele toerisme aantreklikhede in onderontwikkelde lande tradisionele geloofseremonies en handgemaakte goedere sal wees. Gee verkies om *kulturele toerisme* in drie temas te verdeel. Sy drie temas is, eerstens, dat dit 'n waardesisteem is wat gemoeid is met intellektuele, geestelike en estetiese ontwikkeling. Die tweede tema is om kultuur op te som as 'n lewenswyse-item, en die derde is dat kultuur die werk is van intellektueles en kunstenaars.¹⁰²

In 'n boek oor die inheemse stamme en toerisme word die kwessie onder meer bespreek oor hoe inheemse stamme baat by toerisme.¹⁰³ Hier word verwys na die vier H's in toerisme, *habitat, heritage, history and handicraft*. Terselfdertyd word daar na die vier S'e van toerisme verwys, naamlik *sun, sea, sand and sex*. Die vier H's word gebruik om die habitat as 'n geografiese gegewe te verduidelik, die erfenis om die etnografiese tradisies uit te beeld, die geskiedenis om die proses van akkulturasie aan te dui, asook die bemerkbare handewerk. Die vier S'e word gebruik om die strandoord-toerisme aan te dui, 'n lewenstyl geassosieer met tropiese vakansies en onderwater-tonele by tropiese eilande. Erfenis, gesien vanuit die inheemse stamme se oogpunt, word beskryf as die kennis en vaardighede wat nodig is om te oorleef, in samehang met die geloof en tradisies wat aan die lewe sin gee asook om te kan onderskei tussen reg en verkeerd.¹⁰⁴

Tydens 'n konferensie oor die toekoms van erfenistoerisme in Groot-Brittanje, agt jaar nadat daar die eerste keer van owerheidsweë oor erfenistoerisme gepraat is, word daar

¹⁰¹ Rojek, C & Urry, J. 1997. *Touring Cultures*, pp.11&121.

¹⁰² Gee, pp.120 & 243.

¹⁰³ Butler, R. & Hinch, T. 1996. *Tourism and Indigenous People*, p.287.

¹⁰⁴ *Ibid.*, p.288.

'n paar gevolgtrekkings gemaak. Die eerste is in die vorm van 'n waarskuwing, naamlik dat mense moet ophou dink dat daar 'n natuurlike harmonie tussen erfenis en toerisme bestaan. Daar moet ook meer voorsiening gemaak word vir buitelandse besoekers en veral vir jonger kinders. Die erfenispraktiseerders moet meer aandag gee aan verwagte toeristegetalle om sodoende proaktief te kan optree. Die laaste gevolgtrekking was dat daar meer navorsing gedoen moet word oor die motivering, ervarings en tevredenheid wat erfenistoeriste en besoekers verwag.¹⁰⁵

Goulding spreek in 1998 haar kommer uit dat om erfenis te populariseer, daar hoofsaaklik aandag gegee word aan aspekte wat die meeste mense se aandag trek. Dit beteken dat faktore soos geslag, sosiale status en etnisiteit dikwels tydens aanbiedinge aan die toeriste ignoreer word. Sy verwys na 'n aspek waarvan die toerismebedryf moet kennis neem. Die akademiese debat oor kultuur- en erfenistoerisme duur al ten minste tien jaar. Die beroepe wat hierby betrokke was, was onder meer dié van historici, kurators, argeoloë, antropoloë en sosioloë. Entrepreneurs en toeroperateurs moet versigtig wees en nie maak asof hulle 'n nuwe toerismeproduk ontwikkel het nie. Die debat is deels gevoer oor die hele aangeleentheid van toeristebeheer en die toeganklikheid van terreine en museums. Die bewaring en interpretasie van die erfenisbronne en die beskerming van die gemeenskappe was ook nog steeds van kardinale belang.¹⁰⁶

Goulding is twee jaar later ondersteun deur 'n opmerking dat dit nie verbaas dat erfenistoerisme so in aanvraag is deur bemarkers nie, omdat dit een van die mees winsgewende fasette van die toerismebedryf geword het.¹⁰⁷

Die eiland Malta se ervaring ten opsigte van hulle groei in kulturele toerisme het hulle 'n nuwe besef oor kulturele toerisme gegee, wat hulle beskryf as die behoefte om die bekende met die onbekende te ruil. Dit loop uit op mense wat hulle huise tydelik verlaat om nuwe plekke te besoek, ander mense en kulture te ontmoet en monumente te besoek. Die regering van die eiland se ervaring oor kultuurtoerisme is dat dit nie net uit *high*

¹⁰⁵ Goodall, B. 1997. The future for heritage tourism, pp.243-244.

¹⁰⁶ Goulding, C. 1998. The commodification of the past, postmodern pastiche, and the search for authentic experiences at contemporary heritage attractions, pp. 836-838.

¹⁰⁷ Hubbard, P. & Lilley, K. 2000. Selling the Past, p.221.

toerisme bestaan nie, wat die besoek aan monumente insluit nie, maar ook populêre kultuur behels soos die geskiedenis van die inheemse stamme en hulle tale.¹⁰⁸

Tydens 'n seminaar oor kulturele toerisme in Alabama, die Verenigde State van Amerika, het die organiseerder die seminaargangers wat almal betrokke is by die bestuur van toerisme- bestemmings aangemoedig om munt te slaan uit kulturele toerisme. Hulle het *kulturele toerisme* as die modewoord beskou. Hierdie is 'n voorbeeld waar die betrokkenes aangemoedig is om betrokke te raak by kulturele toerisme bloot vir geldelike gewin. Dit bots lynreg met artikels wat maan dat besoekersgetalle bestuur moet word en die gemeenskappe beskerm moet word.¹⁰⁹

Oor aktuele aspekte rakende toerisme-ontwikkeling wys die skrywers daarop dat verskeie stede in Europa 'n ryke erfenis het en dus 'n toerismekomponent kan ontwikkel bloot om hulle erfenis. Hulle wys daarop dat volgens hulle navorsing, kulturele toerisme se besoekers in drie kategorieë verdeel kan word.¹¹⁰ Eerstens is daar die kultuur-gerigte toeris. Sy beplanning van die toer is totaal kultuur-gerig. Die tweede tipe besoeker is die kultuur-geïnspireerde toeris, wat soms ook opportunisties voorkom, soos wanneer/dat hy moontlik op onbeplande terreine kan teekom. Die derde tipe besoeker is die toeris wat aangetrokke voel tot kulturele aspekte en sy toer of vakansie gedeeltelik daarvolgens reël. Die skrywers beklemtoon ook die feit dat kulturele erfenis, veral waar geboue ter sprake is, 'n geleentheid skep vir ontwikkelaars om geboue-erfenis te laat herleef waar dit verwaarloos is. Sodanige ontwikkelings bring weer nasietrots na vore en 'n eie identiteit wat moontlik aan die verdwyn was.¹¹¹ Die drie tipes toeriste is in ooreenstemming met 'n vorige skrywer wat meld dat toeriste wat kulturele bestemmings besoek, nie noodwendig op ander maniere betrokke is by die bewaring van kulturele erfenis nie.

¹⁰⁸ <http://web11.epnet.com/citation.asp?tb=1& ug=dbso%2ci+ln+en%2dus+e5345A4> 10-02-2003, p.16.

¹⁰⁹ *Ibid.*

¹¹⁰ Butler, R. W. & Pearce, D. G. 1999. *Contemporary issues in Tourism Development.*, pp.90.

¹¹¹ *Ibid.*, pp.91&108.

Gedurende 2000 het 'n verhandeling oor kultuurtoerisme en stedelike ontwikkeling verskyn waarin daar klem gelê word op die rol wat kulturele erfenis kan speel in die herlewing van 'n stadskern. Die skrywer verwys na stedelike toerisme wat staat moet maak op kultuur-, erfenis- en selfs inkopietoerisme om toeriste en besoekers te lok. Sy gebruik ook die term *nuwe toerisme*, ses jaar nadat dit in Wallis gebruik is as erfenistoerisme wat die nuwe toerisme vir die toekoms is. Haar rede vir die nuwe toerisme is dat daar 'n verhoogde kompetisiefaktor is wat in die toerismebedryf te bespeur is.¹¹²

Dieselfde jaar verskyn 'n artikel wat die groei van kulturele en erfenistoerisme die afgelope dekade en meer in oënskou neem met die oog op die nuwe millennium. Die skrywer benadruk die hoeveelheid literatuur wat oor die onderwerp verskyn, terwyl daar net so indringend gewerk word aan kulturele en erfenistoerisme-beleide, -planne en -produkte. Hy beskryf *kultuurtoerisme* as die *beweging van mense na kulturele bestemmings weg van hulle alledaagse leefwêreld, met die doel om nuwe inligting en ervarings op te doen wat hulle kulturele behoeftes sal bevredig. Erfenistoerisme* beskryf hy as *kultuurtoerisme wat hoofsaaklik te make het met die geskiedenis (erfenis) van die verlede of, soos hy dit ook stel, die harde kulturele erfenis soos geboue, museums, monumente en landskappe wat in gespesialiseerde sentrums interpreteer word.*¹¹³

In 2001 verskyn 'n handleiding vir die Suid-Afrikaanse toerismebedryf met 30 hoofstukke en 451 bladsye. Die boek bespreek al die fasette van die Suid-Afrikaanse toerismebedryf. Een van die hoofstukke se opskrif is *Kulturele Hulpbronne*, waaronder museums en feeste bespreek word. Sestig Suid-Afrikaanse spesialiste en een Europese spesialis in hulle onderskeie beroepe het as mede-skrywers 'n bydrae gelewer tot die boek. Nie een van die spesialiste het in hulle onderskeie hoofstukke verwys of melding gemaak van die konsepte *kultuur, erfenis en of kulturele-erfenistoerisme* nie.¹¹⁴

¹¹² Mckechnie, J.J. 2000. 'n GIS ondersoek na die kultuurtoerismepotensiaal van Mechelen, Belgie en die rol van kulturele toerisme in stedelike hernuwing, pp. 4-6.

¹¹³ Richards, G. 2000. *Tourism and the World of Culture and Heritage*, p.9.

¹¹⁴ Jordaan, M.J.S. (Ed) 2001. *Tourism in South Africa* .

Steeds in 2001 verskyn 'n artikel wat waarsku oor die ontwikkeling van erfenis-inkopiesentrums in die Verenigde State van Amerika. Dit is sentra wat ontwikkel word in die post-moderne styl waar inkopiegangers die gevoel en nostalgie van die verlede kan beleef, sonder dat daar regtig iets van die verlede is om te ervaar. Hulle verbeelding word ook aangegryp vanweë die feit dat hulle met ou geld artikels koop. Die navorser se waarskuwing is veral daarop gerig dat die ontwikkelingsverbruiker gedrewe is met 'n entrepreneuriese aanslag. Dat sodanige sentra winsgewend mag wees, word nie betwyfel nie, maar daar is kommer oor die landskap en omgewing wat gekies word wat inpas by die erfenisgevoel, en dat dit reeds die landskap kan bederf waarin die herinneringe van die verlede gesetel is ¹¹⁵

In die boek The Tourist Gaze wat na twaalf jaar as 'n tweede en hersiene boek gepubliseer is, maak die skrywer in 2002 'n drieledige onderskeid oor erfenistoerisme.¹¹⁶ Hy is van mening dat erfenisterreine in die drie vertakkinge verdeel kan word: Eerstens, is daar die terreine wat gekoppel kan word aan die romantisering van die verlede en waar groot groepe besoek aflê. Die tweede vertakking wil weet of die terrein van historiese belang is en of dit 'n moderne aanslag het. Die derde groep wil onderskei of die terreine as 'n historiese korrekte tema geïnterpreteer word, al dan nie. Die skrywer gaan voort deur te verwys na die keuse van erfenisbewaring. Vir hom is dit nie 'n geval of die mens sy erfenis bewaar of nie, maar op welke wyse dit bewaar word. Hy haal Strong aan wat oor die onderwerp geskryf het:

We are all aware of problems and troubles, of changes within the structure of society, of the dissolution of old values and standards...The heritage represents some kind of security, a point of reference, a refuge perhaps, something visible and tangible which...seems stable and unchanged. Our environmental heritage is a deeply stabilising and

¹¹⁵ Atkinson, R.G. & Clark, A. & Mitchell, C.J.A. 2001. The creative destruction of Niagra – on – the - Lake, pp.285-286.

¹¹⁶ Urry, J. 2002. The Tourist Gaze, p94.

*unifying element within our society.*¹¹⁷

Die grootste debat in Suid-Afrika oor die onderwerp *erfenis* met sentrale tema is in Junie 2002 gehou, toe die tweajaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap in Johannesburg aangebied is. Nie minder nie as 21 van die 34 referate wat gelewer is, het die term *erfenis* in hulle titel gehad. Soos in die geval van Groot-Brittanje, is die debat deur hoofsaaklik akademiëci gevoer. Die onderwerpe het gestrek van geskiedenis en erfenis as vergelykende dissiplines, die uitvoer en oordra van erfenis, geskiedenis, erfenis en toerisme, wild en omgewingserfenis, monumente as erfenisvoorstelling, erfenis en historiese navorsing en erfenis in die militêre en kultuurversameling.¹¹⁸

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is 5 van die 21 *referate* van toepassing. Die eerste referaat waarna verwys word, het weliswaar 'n klein bydrae tot hierdie diskoers, maar kan in die toekoms 'n betekenisvolle impak op historici en erfenis-praktiseerders hê. Wells gebruik die term *ontwikkelende geskiedenis*. Hiermee bedoel sy dat dit ontwikkelingsgeskiedenis se rol is om die geskiedenis se betekenis en relevansie so te verpak, dat dit makliker verbruikbaar is vir die publiek. Sy gaan voort om te sê dat die publiek aandrang op inligting van die verlede en vra hoe die historici die vrae beantwoord. Die gehalte van die inligting wat aangebied word, gaan bepaal hoe historici op hierdie aandrang van die publiek antwoord. Indien historici nie betrokke wil raak op antwoorde wat die publiek vra nie, word dit in die hande gelaat van amateurs en mense wat inligting aanbied. Die kwaliteit sal nie deurslaggewend wees nie, maar wel die geld wat daaruit verdien kan word. Haar uitdaging aan historici is om betrokke te raak by die ontwikkeling van geskiedenis en sy toerismeprodukte deur die produkte te kolonialiseer, terwyl bestuur moet geskied deur goed opgeleide en professionele historici.¹¹⁹

¹¹⁷ *Ibid.*, p.99.

¹¹⁸ Erfenisskepping en navorsing: die herstrukturering van Historiese Studies in Suidelike Afrika. Tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap. Randse Afrikaanse Universiteit / Universiteit van Fort Hare. Johannesburg, 24-26 Junie 2002.

¹¹⁹ Wells, J. 2002. *Heritage as a development priority. Breaking the boundaries of Academia*, p.1.

Wells gebruik nooit die woord *kultuur* of *erfenistoerisme* in haar bespreking nie. Sonder om die woorde by name te gebruik, is dit tog waarna ander skrywers verwys as hulle praat van monumente, argeologiese terreine en argitektuur. Hierdie uitdaging wat sy stel aan historici kan 'n bepalende faktor in die toekoms word oor hoe die toekoms van historici daar sal uitsien. Hierdie blyk 'n aanduiding te wees dat, sou geskiedenis die historici se keuse wees uit 'n puristiese oogpunt, hulle daaraan moet dink om die erfenis-interpreteerders onder hulle vlerk te neem en hulle in as sodanig te skool.¹²⁰

Sy hanteer ook die versamelingskultuur van museums, biblioteke, en argiewe. Sy sien hulle taak as die dinamiese en verantwoordbare publieke instellings wat bewusmaking, identiteit en die begrip van gemeenskappe en individue vorm, en dit laat manifesteer in verhouding met die natuurlike, historiese en kulturele omgewing. Dit vind plaas deur die versameling, dokumentering, bewaring, navorsing en opvoedkundige programme wat geloods word volgens die gemeenskap(pe) se behoeftes. Die versamelings, die geheue van die mense, gemeenskappe, instellings en individue is in 'n wetenskaplike vorm dit wat die kulturele erfenisse oor geslagte heen verteenwoordig. Dit vorm die skakel vir almal, man of vrou, tussen die verlede en die toekoms. Ritchie ondersteun Hewison se standpunt oor die erfenisbedryf naamlik dat die kontemporêre erfenis-kultuur, die geskiedenis skeeftrek.¹²¹ Hewison is huiwerig om die woord *erfenis* te gebruik omdat dit so 'n wye reeks aspekte insluit van ou geboue tot waenhuisdeure. Hy is van mening dat erfenis nie net oor die verlede en die herskepping daarvan gaan nie, maar dat mense geassosieer wil word met die positiewe van die verlede en die status gepaardgaan met die herskepping van die verlede. Aspekte soos die nostalgie van die verlede en die herinstelling van hoë morele standaarde en normes, wat oënskynlik afwesig is in die moderne tyd, is ook 'n aantrekkingskrag ten opsigte van erfenis vir die publiek. Hy waarsku egter teen 'n lewenslange erfeniskultuur wat eerder vervang moet word met 'n kritiese kultuur.

¹²⁰ *Ibid.*, p.4.

¹²¹ Ritchie, G. 2002 *The Culture of Collecting: The National Library as a Memory Institution.*, p.2.

Ritchie eindig haar referaat deur te wys op Suid-Afrikaners se onlangse ervaring met die opbloeï van die erfenisbedryf in Suid-Afrika. Sy toon voorbeelde aan soos die bou van die Gold Reef City-dobbelkompleks wat 'n 19de eeuse goudmyngemeenskap weerspieël, die Grand West Casino wat 'n Distrik Ses-atmosfeer probeer skep, en die Monte Casino wat 'n Italiaanse kleindorpie-atmosfeer vergestalt. Sy waarsku, soos Hewison, dat die populêre wyse van erfenisskepping sal moet plek maak vir 'n groter poging deur kultuurerfenis-instellinge om die plaaslike en nasionale erfenishulpbronne te bewaar en vir Suid-Afrikaners toeganklik te maak.¹²²

Die teenpool van Ritchie se waarskuwing kom egter voor in die referaat van Viney oor die kommersialisering van die Suid-Afrikaanse erfenis. Hy maak die stelling dat die groei en belangstelling in Suid-Afrika se erfenis die letter en gees weerspieël van die huidige regering se beleid ten opsigte van die land se erfenis. Die regering sien die land se geskiedenis as 'n erfenishulpbron en dat dit as sodanig as 'n ekonomiese groeipunt en toerismeproduk bemark moet word. Vrae wat as gevolg hiervan ontstaan, is: het die kommersialisering van die erfenis nie die geskiedenis verdraai soos die historici geruime tyd gewaarsku het nie, en watter rol word aan die historikus toegeken om die erfenis te identifiseer en te help bestuur? Die kommer ontstaan ook of die geskiedenis van die land sy intrinsieke waarde verloor het en vervang moet word met die geskiedenis as erfenishulpbron.¹²³

In 'n ander referaat behandel Kros onder meer die aspek van erfenis versus geskiedenis. Sy sien die kloof tussen erfenis en geskiedenis as oneindig breed.¹²⁴ Ongelukkig maak sy nie van al die inligting tot haar beskikking gebruik ten einde te besef dat erfenis 'n neweproduk van geskiedenis is nie. Sonder geskiedenis is daar nie 'n storie om in erfenisformaat aan te bied nie. Erfenis kan nie geskiedenis vervang nie. Die uitdaging vir die historici is om te besef dat hulle dissipline in die moderne wêreld 'n produk bygekry het om hulle dissipline te bemark. Moontlik lê die geleentheid vir historici daarin dat

¹²² *Ibid.*, pp.3-5.

¹²³ Viney, R. 2002. "If it Pays It Stays": The law and the commercialisation of the past; the role of history, historians, and heritage, p. 1.

¹²⁴ Kros, C. 2003. Heritage vs history: the end of a noble tradition?, pp.1-3.

hulle wat voel dat hulle genoeg navorsing gedoen het en hulle eensame lewe wil verruil vir 'n meer uitdagende lewe, hulle navorsingsveld moet gebruik om die storielyn aan die publiek aan te bied.

Om die gedeelte van 2002 af te sluit, is daar die laaste van die vyf referate die referaat met die opskrif *Erfenis en toerisme in die 21ste eeu, is hulle ongemaklike bedmaats?*¹²⁵

Grundlingh beskryf *erfenis* in sy referaat as 'n begrip wat nie met geskiedenis verwar moet word nie. Geskiedenis poog om deur middel van die waarheid te oortuig. Erfenis oordryf en vergeet gerieflikheidshalwe sekere aspekte. Tyd en 'n terugblik op die geskiedenis verander soms insigte. Die historikus kan egter nie op sigself die geskiedenis verander nie. Sy werk moet aan historiese norme en standaarde gemeet word. Erfenis is meer plooibaar en lê klem op die gedeelte van die verlede wat gerieflik is vir dié wat dit vertolk. Hy is van mening dat die kritiese vraag moet wees of toerisme sonder erfenis kan voortgaan enersyds, maar andersyds, kan erfenis sonder toerisme voortgaan? Hy waarsku, soos Ritchie, dat daar reeds erfenisprodukte in Suid-Afrika skade berokken is as gevolg van kommersiële eksploitasie.¹²⁶

Hierdie onderskeid tussen geskiedenis en erfenis bring die fokus terug na genealogie. Vanweë die feit dat genealogie dikwels meer konsentreer op genealogiese registers, stambome en grepe uit die geskiedenis, soos van toepassing op 'n spesifieke familie of familielid, is dit duidelik dat genealogie 'n erfenis van die geskiedenis is. Hierdie voorstelling maak die begrip *erf van jou vader of moeder* weer soveel duideliker. Indien jy van iemand erf, erf jy fisiese of materiële items. Jy erf byvoorbeeld 'n motor en nie die pad waarop die motor ry of nog minder die toestand van die pad nie. Die motor is jou erfenis, terwyl die omstandighede van die pad, geskiedenis is.

Op internasionale vlak is die staat Litawie in 2003 se kultuurerfenis in vier groepe verdeel, naamlik historiese monumente, argeologiese monumente, stads- en argeologiese

¹²⁵ Grundlingh, L. 2002. Heritage and Tourism: uneasy bedfellows or a happy marriage at the beginning of the 21st Century in South Africa, pp.1&3.

¹²⁶ Ibid.

monumente, sowel as kunsmonumente. Oorblyfsels van Litaue se kultuur dateer terug tot 10 000vC.¹²⁷

Op nasionale vlak het die bestuurders van Suid-Afrika se enigste Erfenisomgewingsgraderingsprogram in September 2003 aangekondig dat hulle program en lidmaatskap toenemende groei en ondersteuning geniet. Die program bied aan akkommodasie-intellings die geleentheid om hulle operasionele produktiwiteit te verhoog deur middel van die vermindering van die gebruik van natuurlike hulpbronne en afval. Die program bied ook hulp aan om die ondernemings by te staan om 'n volhoubare en verantwoordelike hulpbronbeleid daar te stel. Die klem op erfenis met die program is gebaseer op die beskerming en bewaring van natuurlike hulpbronne in die omgewing waar die akkommodasie-instelling hom bevind.¹²⁸

In die loop van 2003 is 'n persverklaring uitgereik waarin beweer is dat die Wes-Kaap meer as helfte van Suid-Afrika se erfenisterreine huisves.¹²⁹ Vandaar die Wes-Kaapse owerheid se besluit om in November 'n kongres onder leiding van *Toerisme Kaapstad* aan te bied om kultuurtoerisme te bespreek. In 'n persverklaring meld hulle dat hulle die term kultuurtoerisme gebruik, maar nie seker is waarmee hulle besig is nie, omdat hulle te midde van Kaapstad se natuurskoon, ook die erfenis van die streek moet ontleed as aanmoediging vir toerisme. Die doel van die konferensie was om alle rolspelers te betrek om duidelikheid te kry oor die rol van erfenis in die kontemporêre lewe. Die onduidelikheid word geskep, omdat 'n konferensie oor kultuurtoerisme aangebied gaan word terwyl die inhoud van die persverklaring na die erfeniskomponent van Kaapstad verwys.¹³⁰

Hierdie konferensie is opgevolg deur waarskynlik die eerste debat in die Suid-Afrikaanse pers oor erfenistoerisme. Die artikel in die *Die Burger* is geskryf deur George Hofmeyr,

¹²⁷ <http://neris.mii.lt/heritage/cultura.html> 15-02-2003. Cultural Heritage Museums.

¹²⁸ 03-09-2003 Travel New E-info. Heritage Programme shows continued growth.

¹²⁹ 25-09-2003. Travel New E-info. Western Cape home to half SA's heritage sites.

¹³⁰ 26-11-2003. *Travel News Weekly*. Tourism conference to address cultural tourism.

sekretaris van die bewaringsliggaam *Erfenis SA*, iemand wat ook die laaste Direkteur van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede was. Hy verwys in die artikel na die Suid-Afrikaanse kultuur erfenistoerismebedryf wat tans nog in sy kinderskoene staan. Hy dui ook aan dat die begrip *erfenistoerisme* egter in toenemende mate aangewend word om die bedryf in kultuurhistoriese en argitektoniese konteks te beskryf.¹³¹

Hofmeyr wys daarop dat erfenistoerisme 'n nuwe dimensie en waarde toevoeg tot die toerismebedryf. Hy gebruik sy ervaring as geakkrediteerde kultuur erfenistoerismegids in die Wes-Kaap deur daarop te wys dat die buitelandse toeriste wat op wyntoere gaan, ook ingelig wil word oor die argitektoniese, historiese en kulturele konteks van die Bolandse wynplase en hulle mense. Hierbenewens is dit veral vir oorsese toeriste belangrik om te weet waar die wortels van 'n gebied of streek se inwoners lê. Die artikel haal die filosoof, prof. Willie Esterhuysen, aan wat onder meer gesê het dat die geskiedenis van 'n land en sy mense, die vreugdes en pyn van daardie land, sy hoogtes en dieptes, nooit net in woorde en in boeke vertel kan word nie. Dit is 'n verhaal wat veral vertel word deur dit wat ons sigbaar nalaat.

Hofmeyr sê voorts dat daar 'n groeiende belangstelling in kultuurerfenisroetes onder Suid-Afrikaners is vir die die ryke VOC- en Hugonote-erfenis en daaruit voortvloeiend die Afrikaanse nalatenskap. Hy dui aan dat in Engels daarna sodanige roetes verwys word as *roots routes*.

Die artikel word afgesluit deur te verwys na die Britse seevaarder, sir Francis Drake, wie in 1580 in Tafelbaai geland het met die opmerking

*...the most stately thing and the fairest Cape in the
entire circumference of the earth.*

Hofmeyr se ervaring is dat dieselfde optimistiese gees tans heers as presies twee eeue gelede na die Britse teruggawe in 1803, toe daar entoesiasties verklaar is dat die Kaap nou weer letterlik en figuurlik Hollands is.¹³²

¹³¹ 20 September 2003. *Kultuur Kroniek*. Die Burger. Toekoms vir verlede.

¹³² Ibid.

In 2003 het 'n laaste artikel in *Die Burger* verskyn oor die Wes-Kaap se erfenis. Die artikel is geskryf deur die bekende skrywer van boeke oor die Kaapse argitektuur, dr. Hans Fransen. Hy wys daarop dat verskeie van Suid-Afrika se klein dorpie eintlik kerkdorpies is. Vandaar sy kommer oor talle kerke wat gesloop is in dorpe en stede, sonder dat mense besef watter kulturele en argitektoniese skade aangerig is. Fransen gebruik die term *monumentebewaring*. Hy sê die begrip het reeds sy bestaan te danke aan sodanige verliese wat gely is en die feit dat kerke nie ingewy word om weer gesloop te word nie. Fransen beskou kerke as monumente.¹³³

Gedurende 2004 het daar ses persverklarings verskyn waarin na die kulturele komponent van toerisme verwys is. Die verwysings wissel van 'n kulturele museum, 'n koffieroete, Zambië wat kulturele toerisme as verdieners van buitelandse valuta broodnodig het, tot die Oos-Kaap wat sy geskiedenis en kultuur in Engeland wil gaan tentoonstel. In Oktober is daar 'n nasionale kongres gehou waar die afgevaardigdes dit eens was dat Suid-Afrika se kulturele toerisme 'n groot geleentheid vir die mark bied. In die laaste van die groep persverklarings is 'n toerisme-intelligensieverslag bekend gemaak, waarin aangedui is dat Europese en Noord-Amerikaanse toeriste binne die volgende dekade toenemend toerismeprodukte met 'n kulturele inslag gaan besoek.¹³⁴

Op erfenisgebied is vyf persverklarings uitgereik oor die onderwerp *erfenis en toerisme*. In die eerste verklaring is 'n erfenisterrein vir Johannesburg aangekondig wat sinoniem was met die politieke stryd van die ANC, die amptelike regering sedert 1994. Die tweede verklaring behels 'n politieke verklaring deur die LUR van Kuns, Kultuur en Toerisme in Kwazulu-Natal. Die LUR het 'n beroep op die inwoners van die streek gedoen om hulle

¹³³ 05 April 2003. *Kultuur Kroniek*, *Die Burger*. Is ons kerke eindelijk veilig?

¹³⁴ 07 May 2004. *Travel New E-info*. Cultural complex planned for PE; 07 May 2004. *Travel New E-info*. Cape Town Coffee Route festival; 30 September 2004. *Travel New E-info*. Zambia to focus on cultural tourism; 18-10-2004. *Travel New E-info*. EC history showcased in London; 20-10-2004. *Travel New E-info*. Conference identifies cultural tourism as opportunity, 20-10-2004. *Travel New E-info*. New report plots trends in future travel.

lewende erfenis te herdenk, terwyl hulle toerisme bemark. Hy het die stelling gemaak dat erfenis en toerisme dieselfde kant van die munt is. 'n Volgende persverklaring vanuit dieselfde streek doen 'n beroep op nominasies vir die bewaring van erfenis in Kwazulu-Natal in die volgende kategorieë: beboude omgewing, argeologie en geskiedenis en dié van kennis vir die inheemse stelsels. Voorts volg 'n persverklaring wat aankondig dat die Nasionale Kruger Wildtuin 'n kulturele erfenisterrein gaan oprig naby die Phalaborwahek in samewerking met die Makhushane-stam wat oorspronklik op die terrein gewoon het. Die laaste persverklaring was in November waarin berig is dat die Minister van Kuns en Kultuur, Pallo Jordan, aangekondig het dat die staat behulpsaam gaan wees met die oprigting van 'n Khoi-en San-toerismoeroete in die Noord-Kaap, Wes-Kaap en ander dele van die land.¹³⁵

In hierdie tydperk is die diskoers oor kulturele erfenistoersime bespreek. Die evolusie van die onderwerp is aangedui sedert die debat oor kultuur begin het. Hierdie debat oor kultuur is gevolg deur 'n onderskeid te tref tussen kultuur en erfenis. Soos die diskoers oor kulturele erfenis toegeneem het, is hierdie faset van toerisme mettertyd betrek namate die belangstelling van die publiek in die kulturele erfenisnalatenskap toegeneem het.

¹³⁵ 23-11-2004 Travel New E-info. Khoi and San to get tourism route; 21 June 2004. Travel New E-info. Another heritage site for Jhb, 13 October 2004. Travel New E-info. Amafa/Heritage KZN calls for award nominations, 02 September 2004. Travel New E-info. Heritage and tourism important, says KZN minister, 04 November 2004 Travel New E-info. Community helps rebuild heritage site in Kruger, 23-11-2004 Travel New E-info. Khoi and San to get tourism route.

4.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings met betrekking tot die verloop van die diskoers oor *kultuur en erfenistoerisme* sedert 1985 met spesifieke verwysing na die Jordaan-familie

Hierdie hoofstuk sal nie volledig wees indien daar nie retrospeksie geneem word van die tydperk 1985-2004 nie. 'n Toekomsblik sal ook gepas wees aan die hand van lesse uit die afgelope twintig jaar. Die tersaaklike onderwerp is die evolusie van die begrippe *kultuur- en erfenistoerisme*. Dit sal verstandig wees om die debat te ontleed aan die hand van dit wat betrekking het op die Jordaan-familie, die lesse uit die verloop en ontwikkeling van kultuur- en erfenistoerisme, asook tendense wat na vore gekom het. Ook van kardinale belang is die waarskuwings wat in die bestek van 20 jaar-historiese verloop van die onderwerp aan die huidige bewaarders en bestuurders van die geskiedenis, kultuur en erfenis gerig is.

Kultuur- en erfenistoerisme

Die blote werklikheid dat UNESCO reeds in 1972 begin vra het wat *kultuur* en *natuurlike erfenis* is, is 'n aanduiding hoe ernstig hierdie onderwerp op die hoogste vlak op internasionale terrein in oënskou geneem is. Die tydperk waarin die eerste vrae gevra is oor kultuur en natuurlike erfenis, kan in die moderne tydvak getipeer word as die ou orde. Globalisering, versnelde tegnologie, die internet en die nuwe millennium sou veel later ter sprake kom.¹³⁶

Meer as 'n dekade het verloop voordat die gesprek op dreef gekom het. Dit kan 'n aanduiding wees van hoe ingewikkeld en kompleks die onderwerp is, en andersyds kan dit ook 'n aanduiding wees van die versierendheid van UNESCO.

¹³⁶ Goodland, R. & Webb ,p.74.

Die dissipline geskiedenis en die historici behoort nie bedreig te voel oor die afgelope twintig jaar (1985-2005) se diskoers oor kultuur- en erfenistoerisme nie. Aanvanklik is 'n debat bloot gevoer oor wat presies kultuur en erfenis is. Daarna het die klem begin verskuif op die omvang van die gewildheid onder toeriste en besoekers om bestemmings met kulturele en erfenisbelange te prioritiseer tydens hulle vakansiebeplanning. Hierdie belangstelling onder lede van die publiek om onder meer erfenisterreine te besoek, het daartoe gelei dat daar in 1989 begin verwys is na massa-toerisme as gevolg van die groot getalle mense wat kulturele en erfenisplekke begin besoek het.¹³⁷

Met die voorstel van 'n handves vir toerisme en riglyne vir 'n voorgestelde toerisme-beleid vir munisipaliteite in 1985 het dit 'n wesentliche voorsprong aan diegene gebied wat dieselfde versindheid as die wêreldorganisasie gehad het. Hierdie geleentheid het die streeks- en plaaslike owerhede die gulde geleentheid gebied om hulle houding teenoor toerisme-ontwikkeling wetenskaplik te benader. In die meeste gevalle in Suid-Afrika, en beslis in die Vrystaat, was die benadering oor toerisme en van kulturele en erfenistoerisme vanuit 'n bemarkingooipunt. Ontwikkeling was nooit ter sprake in die sin van die woord nie. Ontwikkeling was daarop gemik om 'n nuwe roete soos die *Diamantroete* in die Transgariëp te beplan.¹³⁸ Die sogenaamde nuwe roete het gevolglik bestaande (dikwels onbekende) besoekpunte geïdentifiseer, en dit in 'n roete geplaas volgens die bestaande paaie. Hierdie nuwe roete is hierop in die plaaslike media bekend gestel. Bemarkingsgeld is van die Vrystaatse Provinsiale Owerheid gevra om die roete deur middel van brosjures en verskeie sekondêre bemarkingspogings te bemark.¹³⁹

Die korrekte ontwikkelingskonsep is die konsep van uniekheid, onontwikkelde bestemmings, identifiseerbare potensiële besoekpunte reeds in aanvraag by toeriste en besoekers volgens 'n intelligensie-opname, uiteraard ook 'n volhoubare ontwikkelingsplan.

¹³⁷ Cossons, pp.192-194.

¹³⁸ Transgariëp is 'n toerismestreek in die suidweste van die Vrystaat.

¹³⁹ *Ibid.*

Tydens die eerste fase, nadat marknavorsing gedoen is om aan te dui watter behoeftes die toeriste het, moet die plaaslike universiteit(e), museums en gemeenskappe besoek word om te bepaal watter historiese gebeurtenisse van belang daar was. Daar mag situasies wees wat nie volledig gedokumenteer is nie.

In die praktyk sal dit beteken dat navorsing gedoen moet word in elke distrik van 'n streek (provinsie), ten einde moontlikhede te ondersoek ten opsigte van watter besienswaardighede daar is en hoe dit aangebied gaan word aan die publiek. Navorsing moet primêr fokus op gebeure en aantreklikhede wat nie 'n herhaling is van dit wat reeds elders aangebied word nie.

In die voorgestelde munisipale toerismebeleid word daarop klem gelê dat die onderskeie gemeenskappe self betrokke moet raak by die bewaring van kulturele erfenisse. Daar kom 'n duidelike nuanse na vore wat aandui dat die kulturele en erfenisbewaring nie verpolitiseer moet word nie. Die staat se rol is om die infrastruktuur te onderhou en uit te bou.

Twee jaar voordat 'n ontleding van massatoerisme in 1987 gemaak is, het die Wêreldbank al reeds daarop gewys dat kulturele eiendom ekonomiese voordele inhou. So 'n standpunt kan verwag word van 'n bankinstelling wie se doel dit is om besigheid te doen. Die les wat hieruit oorgedra moet word, is dat enige ekonomiese inisiatief wel moet berus op die volhoubaarheid daarvan en nie bloot op winsbejag nie.

In die loop van 1989 is daar vir die eerste keer verwys na erfenistoerisme. 'n Merkwaardige tendens is dat gedurende dieselfde jaar daar by twee geleenthede verwys is na massatoerisme. Erfenistoerisme is voorgestel as 'n meerdoelige produk, terwyl dieselfde persoon vir die eerste keer waarsku dat erfenishulpbronne wat aan verwaarlosing blootgestel word nie vervang kan word nie.¹⁴⁰ Hieruit kan afgelei word dat met die toename van toeriste- en besoekersgetalle aan toeganklike kulturele en erfenisterreine die druk op die instandhouding en bewaring daarvan, veral ten opsigte

¹⁴⁰ Millar, pp.9-13.

van die oormatige gebruik deur die toeriste, onmiddellik aandag begin verg het. Met hierdie tendens in gedagte moet 'n onderskeid gemaak word tussen die bewaring van die kulturele en erfenishulpbron in sy eie historiese reg en die bewaring van die terreine teen die oormatige gebruik/ misbruik deur toeriste. 'n Voorbeeld van misbruik is die moontlike vandalisme wat deur nie- respekterende toeriste aan terreine gepleeg word.

Gedurende 1992 het vyf aspekte na vore gekom. Een van die aspekte was dat daar in die jaar die eerste keer gepraat is van kunstoerisme. Tydens drie geleenthede is daar na kunstoerisme verwys wat nie losstaande is van kulturele en erfenistoerisme nie. 'n Debat is gevoer oor wat kunstoerisme regtig is. Daar is gevra of dit gaan oor 'n kunstuk wat uit die verlede dateer, en of dit gaan oor 'n moderne kunstuk wat die verlede uitbeeld?¹⁴¹

Die tweede en derde verskynsels wat spesifiek op Suid-Afrika van toepassing is, is dit waarna Ferreira begin verwys het as kultuurtoerisme, asook dat Jordaan in sy verhandeling nuanses getoon het van erfenistoerisme.¹⁴²

Die vierde verskynsel is dat daar by twee geleenthede nadruklik begin praat is van pelgrimstogte as 'n uitvloeisel van kultuur- en erfenistoerisme. Hierdie onderwerp sal meer breedvoerig onder bespreking kom in die volgende hoofstuk waaraan die kulturele en erfenisnalatenskap van die Jordaan-familie in die kollig geplaas word.

Tot op hede is daar gepraat van óf die kulturele of die erfenisaspek. In die jaar 1992 is daar begin praat van 'n kombinasie van terme. Vir die eerste keer is daar verwys na die begrip *kulturele erfenis*.

Tussen 1993 en 1994 is daar by drie geleenthede gewaarsku dat erfenistoerisme in wese 'n gevaarlike terrein is.¹⁴³ Die gevaar lê daarin dat politici die konsep van *erfenis* kan

¹⁴¹ Hall, pp.23-24 ; McCarthy, pp.2-4.

¹⁴² Ferreira, pp.8-9; Jordaan, pp.104-105.

¹⁴³ Boniface, & Fowler, pp.150-161; Henderson, pp.7-8; Howell ,pp.150-157.

misbruik tot hulle eie (verdraaide) voordeel. Voordeel, in die sin dat hulle spesifieke gebeure uit die verlede kan haal en dit interpreteer tot voordeel van kiesersgetalle, en nie noodwendig die objektiewe weergawe van 'n historiese insident nie. Hierdie waarskuwings volg op 'n uitdaging aan historici dat hulle nie onbetrokke moet toekyk hoe die begrip *erfenis* verdraai en misbruik word nie. Historici is immers die professionele vakkundiges wat moet toesien dat hulle studieterrein nie ander se opportunisme en ashoop word nie. 'n Vierde waarskuwing is 1998 gerig waartydens nadruklik daarop gewys is dat *erfenis* nie verpopulaliseer moet word tot voordeel van politici nie.

As praktiese voorbeeld kan verskeie bekende erfenisterreine voorgehou word. Tydens die besoek en die oordra van die geskiedenis van een geslag na 'n ander, is daar onder meer na die Romeine en Grieke verwys. Hulle oorlogvoering en argitektoniese nalatenskap is geïnterpreteer, maar weinig toeligting is gegee oor die politieke stelsel of party wat aan bewind was.

Met die aanbreek van 'n nuwe dekade, 'n nuwe eeu en 'n nuwe millennium is die eerste vier jaar daarvan (2000-2004) deur vier gebeurtenisse gekenmerk. Eerstens het 'n omvattende boek oor die toerismebedryf in Suid-Afrika verskyn waarin daar geen melding gemaak is van kulturele en erfenistoerisme nie. Elemente van Suid-Afrika se kulturele erfenis is wel bespreek, maar die konsep en terme daarvan is nie geïdentifiseer nie.¹⁴⁴ In die jaar 2002 is daar reeds verwys na die verfyning van erfenistoerisme. Tot op hede is 'n debat oor wat *kultuur* en *erfenistoerisme* is gevoer, en tans word die gedagtes oor 'n nuwe era vir erfenistoerisme ingelui.¹⁴⁵ In daardie jaar het die groot debat onder Suid-Afrikaanse historici plaasgevind oor die verhouding tussen *geskiedenis* en *erfenis*.

Gedurende 2003 en 2004 begin van die waarskuwings oor erfenistoerisme, wat reeds tussen 1993 – 1998 begin het, gestalte kry in Suid-Afrika by wyse van 'n verskeidenheid

¹⁴⁴ Jordaan, Tourism in South Africa.

¹⁴⁵ Urry, pp.94&99.

persverklarings deur onder andere politici wat nooit by die debat oor erfenis betrokke was nie.

Die vraag kan tereg gevra word hoeveel van die prosesse, seremonies en toesprake tydens die herbegraving van Saartjie Baartman op Hankey gedurende 2002 in lyn was met die waarskuwings oor erfenis sedert die negentigerjare?¹⁴⁶

In November 2004 is 'n besondere beroep op politici van die Verenigde State van Amerika, Frankryk en Rusland gedoen om wetgewing goed te keur wat die aftakeling van die skeepswrak *Titanic* onmiddellik sou staak. Hierdie beroep is deur die maritieme-avonturier, B Ballard, gedoen wat die skeepswrak in 1984 ontdek het. Dit is gedoen op grond van foto- getuienisse waarin hy aandui hoe die wrak geplunder is en die skade is vergelyk met dié van 'n kunsmuseum wat geplunder is.¹⁴⁷

Jordaan-familie

Gedurende 1987 is daar reeds aangedui dat die genealogie 'n hulpwetenskap vir geskiedenis is, terwyl daar na die genealogie verwys is as 'n toevoeging tot die heraldiek vanuit 'n heraldiese benadering.¹⁴⁸

Hierdie is 'n vroeë aanduiding dat geskiedenis verskillende vertakkinge het. Genealoë verwys graag na 'n familiestamboom waaraan hulle werk. Skematies word 'n winterprofiel van 'n boom gebruik met die boom se stam wat uit die grond groei met die verskillende blaarloze takke van die boom. Dieselfde beeld kan gebruik word om die rol van geskiedenis uit te beeld. Die grond waarin die boom met sy stam groei, is die fondasie van geskiedenis in sy breë vorm. Die verskillende takke van die boom kan geskiedenis se verskeidenheid in sy totaliteit uitbeeld. Hierdie is nie die geleentheid om te debatteer oor watter vertakkinge sogenaamde senioriteit moet geniet nie, maar daar kan

¹⁴⁶ 18-10-2004. Travel New E-info. EC history showcased in London.

¹⁴⁷ 16-11-2004. *Volksblad*. Beskerm Titanic, vra man.

¹⁴⁸ Louw, p.58; Laing, pp.110-134.

tog aangedui word van hoe ver of naby sekere vertakking hulle vanaf die stam bevind. Die onderste takke van die boom sal waarskynlik die oudste terreine van geskiedenis in die wêreld verteenwoordig, soos militêre geskiedenis. 'n Ander stam sal argeologiese geskiedenis verteenwoordig waaruit argitektoniese geskiedenis weer 'n sytak sal vorm.

'n Tweede tak, wat soos die argeologiese tak ook naby die onderpunt van die boom geleë sal wees, sal die tak wees wat die volkekundige en of antropologiese geskiedenis verteenwoordig. Uit die volkekundige stam sal daar ander jonger stamme wees wat die verloop van die verspreiding van die mensdom sal uitbeeld. Uit hierdie tak sal daar takke vorm wat eers die verskillende tydperke in die wêreldgeskiedenis uitbeeld. Een van hierdie takke sal die godsdienstige ontwikkeling in die wêreld uitbeeld. Uit hierdie godsdienstgeskiedenis-tak sal daar 'n tak wees wat die Waldensiese beweging en later die samewerking met die Hugenote-beweging en uiteindelik die vlugtelingtydperk in Frankryk en die gevolglike verspreiding van die Hugenote na verskillende wêrelddele aandui. Die uitbeeld van die genealogie sal nie noodwendig in 'n takvorm verteenwoordig word nie, maar sal waarskynlik deur 'n boomsapaar binne-in die godsdienstak begin vorm het en algaande 'n duidelike sap gevorm het. Hierdie sap sal net waargeneem kan word as daar 'n vertikale snit deur die tak gedoen word en die sap desnoods met 'n kleurstof ingespuut word.

So het die boom tans sy takke waarvan die volkekundige (antropologiese) tak 'n prominente deel vorm in die boom se sterkte en ouderdom. Die vraag kan egter gevra word waar die kulturele en erfenistoerismetakke geleë is? Kultuurtoerisme sal nie soseer in 'n tak gevind word nie, maar wel in die bestudering van die vorm en ontwikkeling van die denkbeeldige boomsap(pe). Die erfenistoerisme sal gevind word in die bestudering van die vorming en groei van die takke van buite. Die kultuur is dus binne in die tak se groei-proses en die erfenis is die tak se sigbare groei-proses van buite.

Hierdie hoofstuk oor kultuur, erfenis en kulturele erfenistoerisme dui aan dat beide kultuur en erfenis uit verskillende komponente bestaan, van die onaantasbare kulturele eiendom tot die roerende kulturele eiendom.

Hierdie gedeelte van die studie het 'n duidelike beeld geskets van die fase sedert die begin van die diskoers oor kultuur en erfenis, asook die verloop van die evolusie oor die onderwerp tot die moderne konsep van kulturele erfenistoerisme. Voortspruitend hieruit kan daar verwys word na die uitdaging wat dié evolusie aan die historikus bied. Die uitdaging is sodanig dat die historikus die geleentheid kan aangryp om sy vakgebied meer toeganklik vir die publiek te maak, en dit kan gebruik word vir bemerkingsdoeleindes, wat indien dit korrek benader word, ondersteuners vir die vakgebied kan wen. Hierdie uitdaging mag 'n mate van ongemak vir die historikus veroorsaak ten opsigte van sy afgesonderdheid en vir sy soms ongestoorde geslote terrein en kennis. Die historikus behoort hierdie geleentheid wat kulturele erfenistoerisme bied te sien in die lig van kliëntediversifikasie en gemeenskapsbetrokkenheid. Aan die een kant is die lesers van geakkrediteerde artikels sy brood-en botter-kliente, terwyl die besoekers, toeriste en ander belangstellendes op die gebied sy ondersteunersbasis vergroot. Dit kan ook vergelyk word met die situasie van die kiesers tydens 'n politieke verkiesing of referendum. Die besoekers, toeriste en ander belangstellendes wat hulleself identifiseer tydens besoeke aan kulturele erfenisterreine is die kiesers wat moet sorg vir 'n groot meerderheidstem vir die historikus. Hierdie geleentheid kan veroorsaak dat die historikus 'n keuse kan uitoefen hoe hy of sy sy of haar historiese nalatenskap ten opsigte van die lewenslange afgehandelde navorsing wil bestuur.

Lig is gewerp op die feit dat die diskoers oor kultuur en erfenis geïnisieer is deur volkekundiges en argeoloë. Hierdie navorsers en historici moet waak oor die inhoud van hulle vakgebiede en nie toelaat dat mense in die toerismebedryf die inhoud kaap en dit hulle eie maak nie. Die betrokkenes in die toerismebedryf behoort nie meer as die bemerkers van die kulturele erfenisnalatenskap te wees nie.

Historici het in die verlede verskillende regeringsbewinde ervaar. Regerings se termynne het gewissel van 'n paar dae tot maksimum termynne, soos bepaal deur die verskillende lande se grondwette. Historici het ook 'n verskeidenheid van oorloë beleef. Die wêreld se geskiedenis en geskiedenisbronne het dus vermeerder, terwyl historici na afloop van

sekere gebeure probeer antwoorde kry het op onbeantwoorde vrae wat met verloop van die geskiedenis na vore gekom het.

Wat historici tot dusver baie min beleef het, was die veranderende omgewing waarbinne hulle hulself bevind ten opsigte van die toenemende belangstelling van lede van die publiek vir die geskiedenis in die breë. Die aanbieding van die geskiedenis vir die publiek het tans van kardinale belang geword vir historici. Hierdie uitdaging aan historici kan mettertyd 'n invloedryke rol op hulle vakgebied speel.

Die volgende hoofstuk handel oor die die Jordaan-familie se multikulturele erfenis, hulle bydrae op genealogiese, kultuur- en erfenistoerisme en die daarstelling van spesifikasies vir 'n kulturele erfenisroete.

Hoofstuk 5

Die Jordaan-familie se multi-kulturele erfenis: hulle bydrae tot en invloed op genealogiese, kultuur- en erfenistoerisme en die daarstelling van spesifikasies vir 'n kulturele erfenisroete

- 5.1 Suid-Afrikaanse wetgewing wat ook op die kulturele erfenis van die Jordaan-familie betrekking het**
- 5.2 Suid- Afrikaanse Erfenis Hulpbronagentskap se pligte op nasionale vlak**
- 5.3 SAEHA se pligte op provinsiale vlak**
- 5.4 Plaaslike owerhede as agente van SAEHA**
- 5.5 Die Wêreld Toerisme Organisasie se kriteria vir 'n kulturele erfenisroete**
- 5.6 Uitdagings vir en eienskappe van 'n kulturele erfenisroete vir die Jordaan-familie in Suid-Afrika**
- 5.7 Die beplanning van 'n kulturele erfenisroete vir die Jordaan-familie**
- 5.8 Interpretasiesentra**

- 5.9 Voorgestelde kulturele erfenisroete(s) vir die Jordaan-familie in Suid-Afrika**

- 5.10 Potensiële kulturele nalatenskappe, erfenisterreine en artefakte van lede van die Jordaan -familie**

- 5.11 Herbegravnisse as moontlikheid vir die konsolidering van losstaande of onbekende Jordaan -grafte**

Hoofstuk 5

Die Jordaan-familie se multi-kulturele erfenis: hulle bydrae tot en invloed op genealogiese, kultuur- en erfenistoerisme en die daarstelling van spesifikasies vir 'n kulturele erfenisroete

Die kulturele erfenis van die Jourdan-familie, wat vandag alombekend is as die Jordaan-familie in Suid-Afrika, sal verpak en gemeet word aan onder meer eienskappe van kulturele erfenisroetes. Die bestaande wetgewing in Suid-Afrika sal ook getoets word as hulpmiddel vir die bewaring en uitbouing van die familie se kulturele erfenis. Hierdie meting van die nalatenskap van die Jourdan-familie in Suid-Afrika sal aan die hand van die inligting in hoofstuk drie gedoen word.

Hierdie hoofstuk kan in die volgende onderafdelings ingedeel word, naamlik die Suid-Afrikaanse wetgewing en kriteria neergelê deur die Wêreld Toerisme Organisasie, die eienskappe van 'n roete, die beplanning daarvan, en ten slotte, die aspek van die drakrag van sekere terreine wat besoek kan word deur toeriste aan die hand van voorgestelde modelle, asook herbegravinge. Hierdie meting van die nalatenskap van die Jourdan-familie in Suid-Afrika sal aan die hand van die inligting in hoofstuk drie gedoen word.

Dit is noodsaaklik dat hierdie gedeelte van die navorsing ingelei word deur aan te toon hoe die bestaande wetgewing lede van die Jordaan-familie toelaat om hulle kulturele erfenis-nalatenskap te bewaar, uit te bou, toeganklik te maak en te kan interpreteer vir hulleself, asook vir enige ander lede van die publiek, sowel nasionaal as internasionaal. Hierdie bevindinge kan dan ook as bloudruk dien vir ander families wat soortgelyke projekte wil aanpak. 'n Studie van die wetgewing behoort ook 'n aanduiding te gee watter hulpmiddele (ondersteuning), in watter vorm ook al, van die staat verwag kan

word. Die staat se rol sal deur die betrokke wetgewing aangedui word, soos op watter vlak dit van toepassing is: nasionale, streeks- en of plaaslike owerheidsvlak.

5.1 Suid-Afrikaanse wetgewing wat ook op die kulturele erfenis van die Jordaan-familie betrekking het

Suid-Afrika het een witskrif en agt wette met betrekking tot families se kulturele erfenis en heraldiek waaronder 'n familie sy kulturele erfenis kan bewaar en uitbou. Tydens die soektog na die onderskeie wette wat verband mag hou met hierdie navorsing en onderwerp, het dit aan die lig gekom dat daar geen wetgewing is met die sleutelwoorde, geskiedenis, Hugenote, Waldensers en die woord *genealogie* nie.

Die witskrif en kort titels van die wette is die volgende:

- * *Wet op Heraldiek 1962.*
- * *Wet op Bevordering van Kultuur 1983.*
- * *Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad) 1989*
- * *Witskrif vir Kuns, Kultuur en Erfenis. 04-06-1996. Pretoria*
- * *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. 1996*
- * *Wysigingswet op die bevordering van Kultuur 1998.*
- * *Wet op Nasionale Erfenisraad 11 van 1999.*
- * *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1999.*

* *Tweede wysigingswet op Toerisme 2000.*¹

Die Witskrif se doelwitte en doelstellings is in die verskillende wette, soos gewysig, na 1994, vervat. Die bepalings van die *Wet op Heraldiek* is kortliks bespreek in hoofstuk 4 en dit is dus nie nodig om dit hier te herhaal nie. *Die Tweede wysigingswet op Toerisme* is ook nie van toepassing op hierdie gedeelte van die navorsing nie.²

Om op nasionale en streeksvlak betekenis te gee aan die kulturele erfenis van die Jordaan-familie, sal dit raadsaam wees om te kyk na die strukture wat deur die huidige wetgewing daargestel is om die familie-nalatenskap te kan bewaar met behulp van die nasionale regering, die streeksregerings en die plaaslike owerhede. Die wette hier ter sprake is:

* *Wet op Bevordering van Kultuur 1983.*

* *Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad) 1989*

* *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996.*

* *Wysigingswet op bevordering van Kultuur 1998.*

* *Wet op Nasionale Erfenisraad 11 van 1999.*

* *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1999*³

¹ White Paper on Arts, Culture and Heritage. 04-06-1996; Heraldry Act 18 of 1962; Wet op Bevordering van Kultuur 35 van 1983; Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad) 1989 1989; Wet op Toerisme 72 van 1993; The Constitution of the Republic of South Africa.1996 ; Wet op Kulturele Instellings 119 van 1998; Wet op Nasionale Erfenisraad 11 van 1999; Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1999.

² Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad) 1989; Wet op Kulturele Instellings 119 van 1998; Wet op Nasionale Erfenisraad 11 van 1999; Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1999; Wysigingswet op Bevordering van Kultuur 1998.

³ Ibid.

Die strukture wat daargestel is deur die drie wette met betrekking tot kultuur, word eerstens gesamentlik bespreek.⁴ Die *Wet op Kulturele Instellings 119 van 1998* val buite die navorsingsgebied van die studieterrin, aangesien dié Wet betrekking het op die onderskeie nasionale museums in Suid-Afrika, waarna die Wet in Artikel 10 verwys as die Noordelike en Suidelike vlagskip-instellings.⁵

Die *Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad) 1989* gee aan die betrokke Minister die volgende bevoegdheid

om voorsiening te maak vir die bewaring, bevordering en uitbouing van kultuur deur die verskaffing van bepaalde dienste en geriewe, vir die instelling van streekgrade vir kultuursake.

Die doelstellings van die streekgrade volgens Artikel 10 is:

Om kultuur in die streek waarvoor hulle ingestel is, te bewaar, te bevorder en uit te bou ooreenkomstig 'n beleid wat deur die minister bepaal word.

Die belangrikste bevoegdheid van die streekgrade ten opsigte van families is Artikel 11 (1) f waarin aangedui word dat die streekgrade uit eie beweging of op versoek van die Minister aanbevelings kan doen oor hoe sy doelstellings ten beste bereik kan word op die terreine van die visuele, toon- en woordkuns, vryetydsbesteding en ander terreine van tyd tot tyd bepaal.⁶

Die *Wysigingswet op Bevordering van Kultuur 1998* bevat twee artikels waaraan lede van die Jordaan-familie aandag kan aan skenk ter bevordering van hulle kulturele erfenis. Die eerste Artikel is 3(a) wat die Minister die bevoegdheid gee om

die dienste te verskaf wat hy nodig of dienstig ag in verband met die bewaring, ontwikkeling, bevordering of

⁴ Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad) 1989; Wet op Kulturele Instellings 119 van 1998; Wysigingswet op Bevordering van Kultuur 1998.

⁵ Wet op Kulturele Instellings 119 van 1998.

⁶ Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad) 1989.

*uitbouing van kultuur op landswye grondslag,
hetsy in samewerking met 'n staats departement
of iemand al dan nie, maar uitgesonderd onderrig
en opleiding vir 'n eksamen wat ingevolge of uit
hoofde van die bepalings van 'n wet afgeneem word.*

Die tweede Artikel is 2(1) IV wat lui dat die Minister

*'n organisasie of projek waarvan die oogmerke
waarskynlik 'n landswye impak sal hê, instel,
van stapel stuur of finansier.⁷*

In die *Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad) 1989* word nie aangedui wat met die begrip *kultuur* bedoel word nie, maar in die *Wysigingswet op Bevordering van Kultuur 1998* is daar wel in Artikel 3 subparagraaf 6 (5) 'n verduideliking oor die werksaamhede van 'n streekraad.⁸

Die werksaamhede van 'n streekraad is hierin aangedui as

*om kultuur, soos dit is in die streek waarvoor hy ingestel
is tot uiting kom, te bewaar, te ontwikkel, te bevorder of uit
te bou en om uit eie beweging of op versoek van die Minister
aanbevelings te doen oor hoe kultuur, soos dit in genoemde
streek tot uiting kom, die beste bewaar, ontwikkel bevorder
of uitgebou kan word, in die besonder deur middel van nie-
formele onderwys buite skoolverband vir volwassenes en
jeugdige persone op die volgende terreine- die visuele,
toon-en woordkuns , die verwerwing van kennis, op populêre
wyse van die toegepaste wetenskappe en die
natuur- en geesteswetenskapp , vryetydsbesteding en ander*

⁷ Wysigingswet op Bevordering van Kultuur 1998.

⁸ Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad) 1989; Wysigingswet op Bevordering van Kultuur 1998.

*terreine wat die Minister van tyd tot tyd bepaal.*⁹

Hierdie beskrywing van die werksaamhede van 'n streekraad is 'n verduideliking van die raad se werking, maar soos in die *Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad) 1989* is daar nie 'n duidelike omskrywing van die term *kultuur* soos die diskoers oor die onderwerp in hoofstuk vier dit uiteengesit het nie. In albei wette is dit nadruklik gestel dat die Minister te enige tyd sy diskresie kan gebruik oor dit wat in die beste belang is om die handhawing van kultuur uit te bou.¹⁰

Die vraag kan hier gevra word wat sou gebeur indien die Minister genader sou word oor 'n kulturele aspek van belang vir die Jordaan-familie, en die Minister op daardie tydstip nie die spesifieke aangeleentheid as 'n kulturele aspek sou beskou wat ingryping van owerheidsweë verg nie. Sou dit dan finale antwoord van regeringskant wees?

Daar was ook 'n tweede aspek wat 'n uitdaging vir die Jordaan-familie inhou. Indien hulle op die ondersteuning van die Minister wil staatmaak, is daar klem gelê dat 'n streekraad ondersteuning moet gee aan 'n kultuur soos wat dit in 'n streek uitgeleef word. Die rede vir die vraag is dat die Wet nie die woord *kulture* per streek gebruik nie, maar wel die enkelvoud *kultuur*.¹¹

Afgesien van die drie wette van toepassing op kulturele aangeleenthede, maak die *Handves van Menseregte* wat deel vorm van die Republiek van Suid-Afrika se Grondwet in vier artikels melding van kultuursake. Artikel 30 verwys na elke landsburger se reg om sy eie taal te gebruik en sy eie kultuur te beoefen. Die volgende artikel, Artikel 31, beklemtoon dat geen landsburger weerhou mag word van die genietinge van hulle kultuur, godsdiens en die taal wat hulle praat nie. Dieselfde groep mense moet ook

⁹ Wysigingswet op Bevordering van Kultuur 1998.

¹⁰ *Ibid.*

¹¹ *Ibid.*

toegelaat word om hulle eie verenigings te stig, wat verband hou met die beoefening van hulle kultuur, godsdiens en die taal wat hulle praat.¹²

Hierbenewens is daar in die Grondwet 'n hoofstuk wat handel oor statutêre instellings, wat die grondwetlike demokrasie ondersteun. Daar is twee artikels wat voorsiening maak vir 'n Kommissie vir die Beskerming en Bewaring van die Regte vir Kultuur, Godsdiens en die Gesproke Taal. In Artikel 185(1) a & c word twee van die pligte van die Kommissie aangedui as om die respek vir die regte van kultuur, godsdiens en die gesproke taal te bevorder. Die Kommissie het ook die taak om, onderworpe aan bestaande wetgewing, gemeenskapsrade te erken of om sodanige rade te inisieer.¹³

In die bespreking oor die drie wette wat oor kultuursake handel, is daar voorsiening gemaak vir kultuurrade op streeksvlak. Die Handves vir Menseregte maak ook voorsiening vir gemeenskapsrade, wat onder meer kultuuraangeleenthede kan aanspreek. Die uitgangspunt van die *Handves vir Menseregte* is dat die gemeenskappe self hulle eie belange bestuur en reël. Die sake mag net nie teen die artikels van die Grondwet indruis nie. Dit wil voorkom of die taak van die Kommissie vir die Beskerming en Bewaring van die Regte vir Kultuur, Godsdiens en die Gesproke Taal dié is van 'n fasiliteerder en ondersteuner op gemeenskapsvlak.¹⁴

Die volgende twee wette wat 'n invloed mag hê op die Jordaan-familie se poging om hulle kulturele erfenis te bewaar en uit te bou, is die Wet op Nasionale Erfenisraad 11 van 1999 en die *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1999*¹⁵

Die kollig sal eerstens analities op die *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1999* geplaas word om te bepaal watter hulp, indien enige, daar vir lede van die Jordaan-

¹² The Constitution of the Republic of South Africa.1996.

¹³ Ibid., <http://www.crlcommission.org.za> 14-12-2004.

¹⁴ The Constitution of the Republic of South Africa.1996.

¹⁵ Wet op Nasionale Erfenisraad 11 van 1999; Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1999.

familie is waarop hulle kan staat maak met die handhawing en uitbouing van hulle kulturele erfenis. Daar sal terselfdertyd 'n studie gemaak word oor die aard van die strukture waarin daarvoor voorsiening gemaak word, en wat moontlik by die wette van toepassing op kulturele aangeleenthede ingeskakel kan word.¹⁶

Daar is twee belangrike pligte in die omskrywing van die Wet wat van belang mag wees vir lede van die Jordaan-familie. Die eerste plig is om die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA), saam met sy raad, in te stel. Die tweede is om die provinsies in staat te stel om erfenisowerhede in te stel wat die nodige bevoegdhede moet hê om sekere kategorieë erfenishulpbronne te beskerm en te bestuur. In samehang hiermee moet gepoog word om voorsiening te maak vir die beskerming en bestuur van bewaringswaardige plekke en gebiede deur plaaslike owerhede. In die aanhef van die Wet word daar onder meer verwys na die feit dat die Wet sal help om kulturele identiteit te definieer, en die potensiaal het om uiteenlopende kulture in Suid-Afrika te bevestig en daardeur die nasionale karakter te help vorm.¹⁷

In Artikel 2 van die Wet word daar omskryf wat bedoel word met die terme *bewaring*, *erfenishulpbron*, *erfenisregister*, *erfenisterrein*, *kulturele betekenis*, *lewende erfenis*, *provinsiale erfenishulpbron-owerheid* en *slagoffers van konflik*. By nie een van hierdie beskrywings kom die term genealogie voor nie.

Die Wet word verdeel in drie hoofstukke wat 61 artikels beslaan. Die Wet sal ontleed word en in hoe mate elke hoofstuk hulp en ondersteuning aan die Jordaan-familie kan verskaf in die bewaring en uitbouing van hulle kulturele erfenis. Die Wet is in drie hoofstukke verdeel, naamlik die stelsel vir bestuur van nasionale erfenishulpbronne, die beskerming en bestuur van erfenis-hulpbronne en algemene bepalings.¹⁸

¹⁶ *Ibid.*

¹⁷ *Ibid.*

¹⁸ Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1999.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing sal die Wet verdeel word in afdelings wat van nasionale, streeks- en plaaslike owerheidsbelang is. Die doel hiermee is dat daar later met groter akkuraatheid bepaal kan word watter van die Jordaan-familie se kulturele erfenis volgens wet op nasionale, streeks- en plaaslike vlak inpas.

Wanneer die indeling van die Jordaan-familie se kulturele erfenis ontleed, word, sal daar ruimte vir verskil toegelaat moet word, indien lede van die Jordaan-familie hulle kulturele erfenis moontlik anders sou gradeer as dit waarvoor die Wet voorsiening maak. In hierdie vroeë stadium van die ontleding van die onderskeie wette is daar egter 'n aanduiding dat die wette voorsiening maak vir 'n kultuur in kollektiewe verband en nie noodwendig in 'n familie-groepsverband nie. Die verdere ontleding van die Wet op die drie regeringsvlakke sal waarskynlik 'n beter beeld na vore bring.¹⁹ Die uitdaging gaan daarin lê of daar ruimte geskep kan word in kultuur- en erfenisverband vir 'n familie, en nie noodwendig net in die breë kultuurverband waarin die familie moontlik beweeg het nie.

Negentien van die 61 artikels in die Wet is van potensiele belang vir lede van die Jordaan-familie om hulle te help met die handhawing en uitbouing van hulle kulturele erfenis. Dit omsluit nege artikels op nasionale vlak, vyftien op provinsiale vlak en vier op plaaslike owerheidsvlak.²⁰ Hieruit is dit duidelik dat die provinsiale owerheid 'n prominente rol kan speel in die bewaring van die kulturele erfenis van die Jordaan-familie. Hierdie ontleding en indeling van die belangrikheid van die kulturele erfenis van die Jordaan-familie volgens die bestaande wetgewing in Suid-Afrika, sal 'n aanduiding wees hoe groot die staat se rol op enige van die regeringsvlakke kan wees. Afhangende van die omvang van potensiele hulp, ongeag in watter vorm, sal dit ook 'n aanduiding vir lede van die Jordaan-familie wees hoe groot onus op hulle rus om hulle eie kulturele erfenis te bewaar en uit te bou.

¹⁹ Ibid.

²⁰ Ibid.

Die Suid-Afrikaanse regeringstelsel en sy wetgewing is gebaseer op 'n drie vlak-regeringstelsel. Die wetgewing van die drievlak-regeringstelsel maak voorsiening vir wetgewing op nasionale, provinsiale en op plaaslike of munisipale vlak. Die volgende drie gedeeltes van die studie bespreek die wetgewing wat van toepassing is op elk van die drie onderskeie regeringsvlakke.

Kyk Bylaag 14 vir 'n opsomming van 'n uiteensetting van die wetgewing vir die kulturele erfenisterreinbeplanning.

5.2 Suid- Afrikaanse Erfenis Hulpbronagentskap se pligte op nasionale vlak (SAEHA)

Ten aanvang kan daar gevra word wat as nasionale besit beskou word.

Artikel 3 (3) van die Wet stippel nege vereistes uit waaraan erfenishulpbronne moet voldoen om in ag geneem te word vir ondersteuning deur die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap. Die nege vereistes is dat daar 'n verband moet wees met die gemeenskap, of dat dit 'n bydrae tot Suid-Afrika se geskiedenis moet lewer en moontlik seldsame of bedreigde aspekte van die land se natuurlike of kultuurerfenis moet ontsluit. Derdens, kan daar inligting voorgehou word oor aspekte van die land se natuurlike en/of kultuurgeskiedenis. Belangrike bydraes in die ontwikkeling van 'n land, ten opsigte van eienskappe soos Suid-Afrika se natuurlike of kulturele plekke, die estetiese eienskappe waaraan 'n gemeenskap of kultuurgroep waarde heg, en of daar 'n hoë mate van skeppende of tegniese prestasie in 'n bepaalde tydperk voorgekom het. Daar kan ook 'n sterk of spesiale assosiasie wees met 'n bepaalde gemeenskap of kultuurgroep om maatskaplike, kulturele en geestelike redes, asook met die lewe of werk van 'n persoon, groep of organisasie van belang in die geskiedenis van Suid-Afrika. Die laaste vereiste is

dat daar plekke van betekenis met betrekking tot die geskiedenis van slawerny in Suid-Afrika moet wees.²¹

Artikel 3 (2) dui bogenoemde vereistes op 'n meer konkrete wyse aan: fisiese terreine soos plekke, geboue en toerusting van kulturele betekenis. Dit sluit ook in historiese nedersettings, dorpskappe, landelike en natuurlike landskappe van kulturele belang. Hieronder resorteer ook geologiese terreine van wetenskaplike of kulturele belang, asook argeologiese en paleontologiese terreine. Grafte en begraafplase van voorouers, slagoffers van konflik, grafte van individue deur die Minister by wyse van kennisgewing in die Staatskoerant aangedui, historiese grafte en begraafplase en ander menslike weefsel wat nie deur die *Wet op Menslike Weefsel* gedek word nie, kan ook aan hierdie vereistes voldoen.²²

Artikel 5 (7) dui aan dat die identifisering, evaluering en bestuur van erfenishulpbronne alle tersaaklike kulturele waardes en inheemse kennisstelsels, moet neem, asook die materiaal van kultuurerfeniswaarde in aanmerking moet neem en so min as moontlik veranderinge teweegbring. Die gebruik en genot van, asook die toegang tot erfenishulpbronne bevorder op 'n wyse dat wat versoenbaar is met die kulturele betekenis daarvan. Erfenishulpbronne moet tot maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling bydra en die opsies van huidige en toekomstige geslagte beskerm, deur volledig navorsing te doen en die inligting te dokumenteer.²³

Die Wet maak in Artikel 7(1) daarvoor voorsiening dat elke provinsie 'n stelsel van gradering van plekke en voorwerpe wat deel uitmaak van die nasionale besit, in werking stel. Die graderingstelsel wissel tussen Graad I-III. Graad I-erfenishulpbronne is hulpbronne met eienskappe wat so uitsonderlik is dat dit van spesiale nasionale betekenis is, terwyl Graad II na erfenishulpbronne op provinsiale vlak en Graad III na

²¹ *Ibid.*

²² *Ibid.*; hierna ook genoem SAEHA.

²³ *Ibid.*

erfenishulpbronne op plaaslike vlak verwys. Dit is die verantwoordelikheid van SAEHA om dit te identifiseer en sodanige terreine te bestuur.²⁴

Afgesien van die drievlak-graderingstelsel, maak Artikel 27 (1&2) daarvoor voorsiening dat SAEHA nasionale erfenisterreine en provinsiale erfenisterreine van spesiale nasionale betekenis identifiseer. Met die toestemming van die eienaar kan SAEHA ook nasionale beskermde gebiede proklameer, aldus Artikel 28(1). Die Wet stel SAEHA ook in staat om volgens Artikel 32 items wat voorwerpe van kulturele en historiese betekenis is, as erfenisvoorwerpe te laat verklaar.²⁵

SAEHA word deur Artikel 42 (1) bemaagtig om, deur middel van sy provinsiale erfenishulpbron-owerheid of die plaaslike owerheid, 'n erfenisooreenkoms aan te gaan om vir die bewaring, verbetering of aanbieding van 'n duidelik omskrewe erfenishulpbron, voorsiening te maak, met dien verstande dat die eienaar van die betrokke hulpbron daartoe instem. Artikel 42(6) maak dit egter duidelik dat niks in die Wet van 'n erfenishulpbron-owerheid vereis om met 'n persoon of owerheid te onderhandel of ooreen te kom om enige erfenisooreenkoms aan te gaan of uit te brei nie.²⁶

Artikel 49 (3) maak voorsiening daarvoor dat, sou daar 'n dispuut kom tussen die Minister of Lid van die Uitvoerende Raad in 'n provinsie en 'n lid van die publiek, daar 'n proses van appèl gevolg kan word. 'n Tribunaal sal aangestel word waarheen die Minister die appèl sal verwys. Dit sal van die tribunaal verwag word om die kulturele betekenis van die onderhawige erfenishulpbron, die beginsels van erfenisbewaring en enige ander tersaaklike faktore wat deur die appellant of die erfenishulpbron-owerheid onder sy aandag gebring word, objektief te oorweeg.²⁷

²⁴ Ibid.

²⁵ Ibid.

²⁶ Ibid.

²⁷ Ibid.

5.3 SAEHA se pligte op provinsiale vlak

Die Lid van die Uitvoerende Raad in 'n provinsie is gemagtig om volgens Artikel 23 en 24 'n provinsiale erfenishulpbron-owerheid daar te stel. Hierdie owerheid moet onder meer stelselmatig erfenishulpbronne en erfenisvoorwerpe, wat deel vorm van die nasionale besit in die provinsie, identifiseer, aanteken en evalueer. Databasisse oor erfenishulpbronne in ooreenstemming met nasionale standaarde, moet ook in stand gehou word. Artikel 25 (1) d verplig die provinsiale erfenis-owerheid om enige gemeenskap of liggaam van persone met 'n gevestigde belang by enige erfenishulpbron, by te staan en om redelike toegang tot sodanige hulpbron verkry.²⁸

Artikel 8 (3) maak voorsiening daarvoor dat die provinsiale owerhede verantwoordelik is vir Graad II-erfenishulpbronne. Dit is hulpbronne wat deel uitmaak van die nasionale erfenisbesit en wat spesiale eienskappe besit wat hulle van betekenis maak binne die konteks van 'n provinsie of streek. Die provinsiale owerheid is verantwoordelik vir die identifisering en bestuur van sodanige terreine.

Artikel 27 (1&2) en Artikel 28(2) stel die provinsiale owerheid in staat om provinsiale erfenisterreine te identifiseer wat van spesiale nasionale betekenis is. Verder kan die provinsiale erfenishulpbron-owerheid, met die toestemming van die eienaar, 'n beskermde gebied proklameer met kennisgewing in die Provinsiale koerant.²⁹

Die instandhouding van erfenisregisters, die identifiseer van erfenisgebiede waar ontwikkeling plaasvind en die verklaar van erfenisvoorwerpe, vorm ook deel van die provinsiale erfenisowerheid se take, aldus Artikels 30-32 van die Wet.

Artikel 36 maak voorsiening vir die bewaring van begraafplase en grafte. Een van die take wat hieronder ressorteer wat van spesifieke belang vir lede van die Jordaan-familie kan wees, is Artikel 36(3) b. Dit spesifiseer dat enige graf of begraafplaas buite 'n

²⁸ Ibid.

²⁹ Ibid.

formele kerkhof en wat ouer as 60 jaar is en deur 'n plaaslike owerheid gadministreer word, nie sonder die provinsiale owerheid se toestemming vernietig of versteur mag word nie.³⁰

Erfenishulpbronne moet, waar moontlik, die gebruik van plekke met kulturele betekenis wat deel vorm van die nasionale besit, aanmoedig. Om dit moontlik te maak, bemagtig Artikel 44 (1) a-e die erfenishulpbron vir die oprigting van verduidelikende plate en vertolkende fasiliteite. Die provinsiale owerheid moet ook gidse laat oplei vir die vertolkende dienste, asook hulp verleen met die oprigting van uitstallings en gedenktekens.³¹

Gedurende Februarie 2003 is 'n persverklaring vrygestel waarin aangekondig is dat die Wes-Kaapse Erfenisraad aangestel is met sewe lede.³²

5.4 Plaaslike owerhede as agente van SAEHA

Artikel 8(4) maak voorsiening daarvoor dat die plaaslike owerheid verantwoordelik is vir die identifisering en bestuur van Graad III-erfenishulpbronne wat, afgesien van die provinsiale owerheid se verantwoordelikheid, ander erfenishulpbronne wat bewaringswaardig is in hulle gebied.³³

SAEHA is deur Artikel 42 (1) bemagtig om, deur middel van die plaaslike owerheid, 'n erfenisooreenkoms aan te gaan vir die bewaring, verbetering of aanbieding van 'n duidelik omskrewe erfenishulpbron, met dien verstande dat die eienaar van die betrokke hulpbron daartoe instem. Artikel 42(6) maak dit egter duidelik dat niks in die Wet vervat is wat van 'n erfenishulpbronowerheid vereis om met enige persoon of owerheid te

³⁰ Ibid.

³¹ Ibid.

³² 20-02-2003. Heritage Council established for Western Cape. Nowmedia.

³³ Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1999.

onderhandel of ooreen te kom, om enige erfenisooreenkoms aan te gaan, of uit te brei nie.

34

Soos in die geval van die provinsiale erfenisowerheid, moet plaaslike owerhede, waar moontlik, die gebruik van plekke met kulturele betekenis wat deel vorm van die nasionale besit, aanmoedig. Om dit moontlik te maak, bemagtig Artikel 44 (1) a-e die plaaslike owerheid om die oprigting van verduidelikende plate en vertolkende fasiliteite te onderneem. Die twee owerhede moet ook gidse laat oplei vir die vertolkende dienste, asook hulp verleen met die oprigting van uitstallings en en gedenktekens.

Artikel 54 (1) a-f magtig die plaaslike owerhede om, met die goedkeuring van die provinsiale erfenisowerheid, toelating te reguleer by plekke wat onder hierdie Wet ressorteer, beskernde gebiede te bestuur en te bewaar en plekke in die erfenisregister te bewaar. Die plaaslike owerheid kan aansporingsmaatreëls aanwend vir die bewaring van enige plek wat kragtens hierdie Wet in hulle gebied val.³⁵

Die laaste van die toepaslike wette op 'n kulturele erfenisterrein in terme van families van Suid-Afrika, is die *Wet op Nasionale Erfenisraad 11 van 1999*. Hierdie Raad is 'n statutêre raad wat die Minister oor verskeie sake moet adviseer. Artikel 10 van die Wet beskryf die funksies en bevoegdhede van die Raad. Van die funksies is onder meer om nasionale beleid oor erfenissake te formuleer en enige ander aangeleentheid rakende erfenis van tyd tot tyd onder die Minister se aandag te bring. Die Raad is ook by magte om skenkings aan enige persoon, organisasie of instelling te maak, ten einde nasionale erfenisbedrywighede en -hulpbronne te bewaar en te ontwikkel. Die Raad moet ook 'n bewustheid van die geskiedenis van al die mense, insluitende die geskiedenis van slawerny in Suid-Afrika, bevorder.³⁶

³⁴ *Ibid.*

³⁵ *Ibid.*

³⁶ Wet op Nasionale Erfenisraad 11 van 1999.

Wat finansiering betref, was daar in April en Junie 2004 'n koerantberig waarin die skaarste aan hulpbronne deur die Iziko-owerheid in die Wes-Kaap gerapporteer is. In 'n tweede berig is die Hoof van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap aangehaal waarin sy pleit vir 'n groter begroting vir die agentskap. Die Nasionale Erfenisraad het R 21 867 miljoen rand ontvang vir die begrote boekjaar van 2004. Sy blameer rompslomp en geldtekorte in provinsiale administrasies landwyd vir die gebrek aan bewaringswerk. Sy beweer dat die land se erfenis in die gedrang is.³⁷

Sestien dae later, nadat die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap hulle dilemma besef het, verskyn 'n advertensie-artikel in die Sondagkoerant, *Rapport*, waarin onder meer aansoek gedoen kon word vir fondse vir die gebruik tydens erfenis-projekte. Die artikel wys verder daarop dat vir projekte waar historiese en kulturele navorsing gedoen word, opnames en kartering gedoen kon word terwyl daar ook vir die ontwikkeling van erfenisterreine aansoek gedoen kon word. Hierdie fondse is beskikbaar gestel deur die Nasionale Lotery-Distribusie-Trustfonds.³⁸

Uit hierdie bespreking oor die Suid-Afrikaanse wetgewing met betrekking tot kultuur- en erfenisaspekte, kan daar nou 'n raamwerk geskets word oor die hulp en ondersteuning wat lede van die Jordaan-familie kan verwag indien hulle by een van die drie regeringsvlakke, naamlik (nasionaal, provinsiaal en plaaslik) om hulp wil aanklop. Daar is aangedui dat daar voorsiening gemaak is vir verskillende erfenisgraderings op die drie regeringsvlakke. In die voorafgaande hoofstukke is daar aangetoon waar die betekenis van die naam *Jordaan* sy oorsprong het, totdat die eerste familie die naam *Jordaan* aangeneem het as hulle familienaam. Vandaar het die groterwordende *Jourdan*-familie se verspreiding in hoofsaaklik Suid-Europa plaasgevind. Lede van die *Jourdan*-familie het

³⁷ 03 April 2004. *Kultuur Kroniek*. Die Burger. Huismuseums 'n ramp; 5 Junie 2004. *Kultuur Kroniek*. Die Burger. Plan vir huismuseums; 11-06-2004. *Volksblad*. Hulpbronagentskap vir erfenisse in geldknyp.

³⁸ 27-06-2004. *Rapport*. Kuns, Kultuur en Nasionale Erfenis.

daarop besluit om vir hulle met behulp van die VOC, 'n nuwe lewensbestaan aan die Kaap de Goede Hoop te begin.³⁹

Hierdie besluit het gelei tot die koms van twee *Jourdan*-broers, Jean en Pierre, een getroud en die ander ongetroud, met die *Berg China* in Augustus 1688. Die kulturele erfenis van hierdie twee Jourdan-broers, en spesifiek die nakomelinge van Jean en sy vrou, Isabaeu le Long, is in hierdie hoofstuk van belang. Jean en sy vrou, Isabaeu, het vyf kinders gehad, vier seuns en 'n dogter. Die nakomelinge van drie van die vyf kinders het sedert 1688 mettertyd deur Suid-Afrika versprei. Hierdie nakomelinge se verspreidingsrigtings in Suid-Afrika is breedvoerig in hoofstuk drie bespreek.

In hierdie hoofstuk gaan die kulturele erfenis van die Jordaans-familie gekonsolideer word aan die hand van kriteria en 'n in-diepte beplanning vir 'n Jordaans-kulturele erfenisroete in Suid-Afrika. Daar sal ook tydens die beplanning aandag gegee word aan die identifisering van die verskillende fasette wat die totale inhoud van die kulturele erfenisroete verteenwoordig. Dit kan daartoe lei dat sekere gedeeltes van die kulturele erfenisroete spesialisgedeeltes mag uitbeeld. Hierdie spesialisgedeeltes sal, waar moontlik, ingedeel word in voorstelle vir die graderingstelsel, soos voorsiening gemaak deur die wetgewing vir die drie regeringsvlakke.⁴⁰

Om hierdie doelwitte te vermag, sal die Wêreld Toerisme Organisasie se kriteria vir 'n kulturele erfenisroete ontleed word, terwyl ander eienskappe van 'n roete, die beplanning van die roete en die vereistes vir volhoubare drakrag, voorgestelde modelle en die prosedure ten opsigte van herbegravnisse, bestudeer sal word.

³⁹ Botha, C.G.. *Die Kaapse Hugenote*, p.8.

⁴⁰ Graad I erfenishulpbronne- van nasionale belang; Graad II erfenishulpbronne- van provinsiale belang; Graad III erfenishulpbronne- van belang op plaaslike owerheidvlak.

5.5 Die Wêreld Toerisme Organisasie se kriteria vir 'n kulturele erfenisroete

Meer as 130 lande regoor die wêreld behoort aan die Wêreld Toerisme Organisasie (WTO). Die WTO versamel toerisme-inligting reg oor die wêreld en stel dit beskikbaar aan sy ledelande deur middel van tegniese advies. Die WTO staan ook sy ledelande by op organisatoriese vlak.⁴¹ Suid-Afrika is eers na 1994 as lid aanvaar.

Die WTO se uitstalvenster is die 788 wêreld-erfenisterreine wat unieke natuur- en kulturele erfenisse verteenwoordig. Suid-Afrika spog met ses wêreld-erfenisterreine, te wete Robben Eiland, die Die Groter St. Lucia Vleiland Park en die Sterkfontein, Swartkrans en Kromdraai-fossielomgewing wat almal in 1999 geproklameer is. In 2000 volg die Drakensberg Park met die Mapungubwe Kulturele Landskap in 2003. Gedurende 2004 is die Kaapse Fynbosstreek as Suid-Afrika se sesde wêreld-erfenisterrein geproklameer.⁴²

Suidelike Afrika het 20 wêreld-erfenisterreine waarvan die klem in ses terreine baie sterk geplaas word op kulturele aspekte. Die terreine is in volgorde van hulle datum van proklamasie met die land tussen hakies: 1981 die Kilwa Kisiwani en Songo Mnara Ruïnes (Tanzania), 1986 die Groot Zimbabwiese Monument (Zimbabwe) en die Khami Ruïnes (Zimbabwe), 2000 Stad van Klippe in Zanzibar (Tanzania), 2001 Tsodilo (Botswana) en in 2003 die Mapungubwe Kulturele Landskap in Suid-Afrika.⁴³ Dit is ook die enigste wêreld-erfenisterrein in Suid-Afrika waar die klem hoofsaaklik op kulturele aspekte val.

⁴¹ Microsoft Encarta Encyclopedia, 2002;

<http://www.artsdiary.org.za/guide99/worldheritage.html> 15-02-2003. Heritage.

⁴² October 2004. Southern African Tourism Update. Southern Africa's World heritage Sites; October 2004. Southern African Tourism Update. Southern Africa's World heritage Sites.

⁴³ October 2004. Southern African Tourism Update. Southern Africa's World heritage Sites.

Wat die geskiedenis van die Jordaan-familie uitsonderlik maak ten opsigte van die identifisering en afbakening van die kriteria vir die beplanning van 'n kulturele erfenis-roete, is die werklikheid dat gedeeltes van die familie eers in Europa en toe spesifiek in Suid-Afrika 'n nomadiese leefwyse gevoer het, tydens die familie se verspreidings-tydperk. Hierdie realiteit gee deur middel van die beplanning van 'n kulturele erfenisroete die geleentheid om erkenning te gee aan die bloedlyngroepe van die Jordaan-familie wat op verskeie wyses pionierswerk verrig het tydens hulle verspreiding en gepaardgaande vestigingspatrone.

Die aktiewe betrokkenheid van die navorser by die verspreiding van lede van die Jordaan-familie bring waarskynlik twee antwoorde op vrae wat gestel is tydens hierdie navorsing. Die twee vrae wat onder meer vroeër gestel is, was, eerstens, hoekom daar weinig, indien enige, verwysing was na lede van die Jordaan-familie wanneer Hugenate-aangeleenthede ter sprake gekom het? Die tweede vraag is hoekom daar nie op nasionale vlak meer lede van die Jordaan-familie teenoor ander Hugenate-families 'n prominente rol gespeel het nie, hoewel daar op plaaslike vlak talle straatname en ander benamings na die Jordaan-familie vernoem is.

Die antwoorde op die twee vrae is moontlik opgesluit in die nomadiese leefwyse van die meeste lede van die Jordaan-familie. Die feit dat daar nie 'n enkele graf in Franschoek se begraafplaas is wat hul teenwoordigheid daar aantoon nie, is 'n aanduiding dat lede van dié familie nie lank in Franschoek se kerklike grense woonagtig was voordat hulle begin rondtrek het nie.⁴⁴ Hoofstuk drie het dit ook bevestig. Ander Hugenate-familielede het nie so vinnig versprei nie en was derhalwe langer woonagtig in die distrik as lede van die Jordaan-familie. Die tweede antwoord oor hoekom lede van die Jordaan-familie nie op nasionale vlak so prominent was nie, maar wel op plaaslike terrein, kan aan die volgende toegeskryf word: die feit dat daar verskeie riviere, straatname, woonbuurtes, stasies en ander plekke na lede van die Jordaan-familie vernoem is, is 'n aanduiding dat hierdie familielede 'n prominente rol in hulle onderskeie gemeenskappe gespeel het. Die rolle kan wissel van 'n Jordaan wat die eerste was om 'n rivierstroom oor te steek tot

⁴⁴ MJS Jordaan Privaatversameling. Jordaan genealogiese register.

iemand wat hom/haar beywer het om 'n spoorwegsylyn gevestig te kry, en in die proses so 'n aktiewe rol in die gemeenskap vervul het, dat 'n straat, outehuis of woonbuurt na 'n lid van die Jordaan-familie vernoem is.

Die afgeslotenheid van die gemeenskappe en die gebrekkige wyse van kommunikasie kon ook daartoe bygedra het dat die prominente lede van die Jordaan-familie nie veel wyer bekend was as die gemeenskap waarin hy of sy geleef het nie. Dit kon moontlik ook veroorsaak het dat daar dan nie na sodanige familielede verwys is ten tye van die herdenking van die koms van die Hugenote of ander bedrywighe, wat nie noodwendig op streeks -of plaaslike vlak van toepassing was nie.

Hierdie is ook 'n aanduiding dat, wanneer gelet word op die eienskappe en karaktertrekke van die Hugenote-families wat na Suid-Afrika gekom het, lede van die Jordaan-familie in die nuwe lewensbestel aan die Kaap de Goede Hoop verdwyn het. Hierbenewens het lede van die Jordaan-familie hierdie eienskappe sterk na vore laat kom in hulle nomadiese leefwyse, selfs verskeie geslagte nadat hulle voorouers aan die Kaap geland het.

Hierdie resultate en gevolge van die verspreiding en nomadiese leefwyse van lede van die Jordaan-familie is in ooreenstemming en toon duidelike ooreenkomste met kriteria vir die beplanning van 'n kulturele erfenisroete van die WTO.⁴⁵

Die WTO glo dat by die bepaling van die kriteria vir 'n internasionale kulturele erfenisroete die volgende vrae opduik: Watter eienskappe behoort so 'n roete te versinnebeeld? Wat is die simboliese betekenis en dinamika verbonde aan die roete, en derdens, wat is die vereistes van 'n uitsonderlike kulturele erfeniswaarde?⁴⁶

Oor die eienskappe wat 'n roete behoort te versinnebeeld, vereis die WTO dat so 'n roete 'n uitsonderlike universele waarde moet aanbied, en dat afgesien van die gebeure

⁴⁵ World Heritage Committee, 12-17 December 1994. Routes as part of our Cultural Heritage.

⁴⁶ Ibid.

wat die roete vertolk, dit ook 'n groter waarde moet toevoeg. Hoogtepunte van dialoog tussen lande en streke moet aangedui word, terwyl multi-dimensionele aspekte uitgebeeld moet word soos die bydrae ten opsigte van godsdiens, handel en administrasie. 'n Erfenisroete behoort 'n spesifieke dinamiese kultuurlandskap uit te beeld.⁴⁷ Die identifisering van so 'n roete gaan gepaard met die versameling van tasbare bewyse ten opsigte van die rol van die roete. 'n Outentieke toets moet gedoen word om die impak en betekenis van die roete uit te wys. Hierby moet in gedagte gehou word hoe lank die roete in gebruik was en hoe dikwels die roete vandag steeds gebruik word.

Die WTO stel die volgende definisie van 'n erfenisroete voor:

*A heritage route is composed of tangible elements of which the cultural significance comes from exchanges and a multi-dimensional dialogue across countries or regions, and that illustrate the interaction of movement, along the route, in space and time.*⁴⁸

Wat die simboliese betekenis en dinamika verbonde aan die roete betref, verwag die WTO 'n tema wat na vore kom in die geskiedenis van die roete. Voorbeelde soos die sy-, die pelgrims-, slawe-, kruistogte- en Napoleontiese roetes dien as voorbeelde. Hieruit kan vier temas geïdentifiseer word, naamlik godsdienstige-, handels- en sportroetes, asook militêre veldslae. Daar kan ook roetes bestaan wat 'n eenmalige geleentheid weerspieël. Sommige roetes sal aggressie en imperialisme uitbeeld, soos die slaweroete en die kruistogte. Ander weer, sal verdraagsaamheid openbaar soos die syroete en pelgrimstogte. Ten slotte, wat die simboliese betekenis en dinamika van 'n roete betref, sal sommige roetes van universele waarde wees, waar ander weer van nasionale of plaaslike betekenis sal wees.⁴⁹

Die derde gedeelte van die kriteria van 'n kulturele erfenisroete van die WTO is die vereiste van 'n uitsonderlike kulturele erfeniswaarde van so 'n bepaalde roete. Vereistes

⁴⁷ Ibid.

⁴⁸ Ibid.

⁴⁹ Ibid.

hier ter sprake is aspekte soos ruimtelike eienskappe, tydsgebonde faktore, kulturele eienskappe en die doel van die roete. Gepaardgaande hiermee is die belangrike erfeniskomponente wat ontwikkel of ontstaan het tydens en met die verloop van so 'n roete. Faktore soos konsentrasiepunte vanwaar mense vertrek het, of tydens hulle aankoms by nuwe plekke, moet in ag geneem word. Oornagbestemmings, waterpunte vir mens en dier op roetes en verpligte deurgangroetes soos bergpasse, riviere en vleie is eweneens belangrik. Die laaste drie vereistes van 'n kulturele erfenisroete is die aangeleentheid van argitektoniese nalatenskappe wat opgerig en mettertyd verwaarloos geraak het. Die organisatoriese vaardighede en reëls wat gepaard gaan met lang roetes en ritte, is ook van groot waarde. Laastens, die verskillende dimensies wat na vore kom tydens die beplanning van 'n roete verg ook aandag.

Om hierdie gedeelte mee af te sluit, is dit veral vir die Jordaan-familie met hulle Europese geskiedenis en afkoms nodig om kennis te neem van die feit dat die WTO bevestig dat die meeste van die roetes van universele waarde oor verskeie lande strek.⁵⁰

Hoewel hierdie gedeelte van die navorsing op die verspreidingsroetes van die Jordaan-familie in Suid-Afrika konsentreer, is daar addisionele vrae wat ontstaan, indien daar op die familie se verspreiding sedert die aanvaarding van die familienaam *Jourdan* (970 NC) gelet word. Aspekte soos hier bespreek, is pelgrimstogte en moontlik ook die betrokkenheid van lede van die Jourdan-familie by die syroete na die Ooste wat in Oos Europa bestaan het. Pelgrimstogte sal later in hierdie hoofstuk breedvoerig bespreek word. 'n Verdere vraag waarom daar geen duidelikheid in enige van die bronne is nie, is die kwessie van 'n VOC-kulturele erfenisroete. Dit is 'n roete wat in Nederland sou begin, en om die Kaap de Goede Hoop sou beweeg tot in Batavia. Die kriteria van die WTO vir 'n internasionale kulturele erfenisroete, ten opsigte van die eienskappe van so 'n roete met die simboliese betekenis en dinamika verbonde aan die roete en die vereistes van 'n uitsonderlike kulturele erfeniswaarde, is ooglopend meestal teenwoordig in die VOC se handelsroete vanaf Nederland om die Kaap na Batavia.

⁵⁰ Ibid.

'n Soektog na wêreld-erfenisterreine in Frankryk, Italië en Spanje, wat moontlik 'n ooreenkoms of verband met die geskiedenis van die Jourdan-familie in Frankryk as Hugenote en in Italië as Waldensers mag hê, het niks opgelewer nie. Wat wel duidelik is, is dat daar 'n pelgrimsroete, bekend as *Die Pelgrimsroete van Santiago de Compostela*, tussen Frankryk en Spanje in 1993 aan die Spaanse kant en in 1998 aan die Franse kant geproklameer is. Hierdie roete het te doen met die pelgrimstogte wat lede van die Rooms-Katolieke Kerk sedert die 5de eeu tussen Frankryk en Spanje onderneem.⁵¹

Die tweede bekende wêreld-erfenisterrein is die terrein bekend as die *Heilige Berge van Piedmont en Lomdardye* in die noordweste van Italië. Hierdie terrein sluit nege verskillende dorpies met Rooms-Katolieke Kerke in. Een van die nege dorpies is aangrensend tot *Torre Pellice* wat die bakermat van die moderne Waldensiese beweging is. Ook hierdie terrein versinnebeeld die gloriejare van die Rooms-Katolieke Kerk in veral die Middeleeue.⁵²

Hierdie soektog is 'n bevestiging dat tussen die 39 wêreld-erfenisterreine in Italië en die 27 wêreld-erfenisterreine in Frankryk, daar geen terrein is wat na die Hugenote of

⁵¹ <http://whc.unesco.org/sites/669.htm> 16-12-2004. Route of Santiago de Compostela; <http://geo.ya.com/travelimages/unesco-spain.html> 16-12-2004. UNESCO World Heritage sites in Spain; <http://geo.ya.com/travelimages/unesco-france.html> 16-12-2004 UNESCO World Heritage sites in France; <http://whc.unesco.org/sites/868.htm> 16-12-2004. The Routes of Santiago de Compostela in France.

⁵² <http://whc.unesco.org/archive/decree03.htm> 16-12-2004. Decisions adopted by the 27 th session of the World Heritage committee in 2003; <http://geo.ya.com/travelimages/unesco-italy.html> 16-12-2004. UNESCO World Heritage sites in Italy.

Waldensiese invloed verwys nie. Die verwysings is meestal met die Rooms-Katolieke Kerk en die Romeinse tydperk gekoppel.⁵³

Tot hier in die tweede gedeelte van die hoofstuk, is daar na die Wêreld Toerisme Organisasie se kriteria vir 'n kulturele erfenisroete verwys. Daar is ook kortliks toeligting verskaf of daar enige ander wêreld-erfenisterreine in Spanje, Frankryk en Italië is, wat 'n verband het met die Europese geskiedenis van die Jourdan-familie. Geen ooreenkomste kon gevind word nie wat die Jourdan-familie en hulle verbintenis met die Waldensers en Hugenate aantoon nie. Daar is ook geen verwysings gevind na 'n wêreld-erfenisroete wat die VOC se maritieme handel met die Ooste kon onderskraag nie.⁵⁴

Dit beteken dat daar tot dusver geen toeligting inligting gevind kon word, wat in een omvattende bron die geskiedenis en verspreiding van die Jourdan-familie, aanvanklik in Italië en Frankryk en later in Suid-Afrika, omskryf nie. Daar kon ook nie verdere inligting gevind word wat tydperke of stadia uitbeeld waarin die Jourdan-familie 'n leidende rol gespeel het nie. Daar is wel vroeër aangetoon dat daar ook verskeie plekke in die wêreld is wat na lede van die Jourdan-familie in sy verskillende skryfvoorme vernoem is. Ook in dié gevalle kon daar nie bronne gevind word wat die vernoemingsgeleentheid voorafgegaan het nie.

In Suid-Afrika geld die dieselfde scenario, naamlik dat verskeie plekke na lede van die Jordaan-familie vernoem is, sonder dat die motivering en redes vir die vernoeming in die beskikbare bronne geboekstaaf is.⁵⁵

'n Uitdaging wat by 'n verdere geleentheid aandag behoort te geniet, is om die verband te ondersoek tussen die kriteria van die WTO vir 'n kulturele erfenisroete en die drie

⁵³ <http://geo.ya.com/travelimages/unesco-italy.html> 16-12-2004. UNESCO World Heritage sites in Italy; <http://geo.ya.com/travelimages/unesco-france.html> 16-12-2004 UNESCO World Heritage sites in France; <http://whc.unesco.org/sites/868.htm> 16-12-2004. The Routes of Santiago de Compostela in France.

⁵⁴ World Heritage Committee, 12-17 December 1994. Routes as part of our Cultural Heritage.

⁵⁵ MJS Jordaan Privaatversameling. Jordaan genealogiese register.

graderingstelsels vir erfenishulpbronne waarvoor die Suid-Afrikaanse wet voorsiening maak.⁵⁶

5.6 Uitdagings vir en eienskappe van 'n kulturele erfenisroete vir die Jordaan-familie in Suid-Afrika

Om 'n kulturele erfenisroete daar te stel, wat volgens die genealogiese register van die Jordaan-familie van Suid-Afrika meer as 29 000 familieledede sedert 1688 verteenwoordig, is geen maklike taak nie.⁵⁷ Om die uiteenlopende leefwyses en karaktereienskappe van so 'n familie te identifiseer, moet verskeie aspekte aangespreek word.

Die beplanning, wat later volledig bespreek sal word, sal gegrond word op eerstens, die verskillende verspreidingsroetes soos in hoofstuk drie bespreek. Tweedens, sal daar gepoog word om binne die verspreidingsroetes ook bloedlyngroepe te identifiseer. Derdens, sal die aangeleentheid van vermenging tussen familieledede tussen verspreidingsroetes, om watter redes ook al, aandag geniet. Die invloed wat ander families, van onder meer Hugenate of Nederlandse afkoms, op Jordaan-familiegroeperinge of individue gehad het, behoort ook verder nagevors te word. Hierdie invloed sou ook die vraag laat ontstaan watter invloed Jordaan-familieledede op ander familiegroeperinge gehad het.

Navorsing behoort ook gedoen te word oor die effek wat die aanhoudende rondtrek van families op hulle persoonlikhede en karakter gehad het. Die realiteit was dat mense hulle ouers, mans, vrouens, broers of susters en ander familieledede in 'n vars graf moes agterlaat, wat waarskynlik nooit weer besoek sou kon word nie. Die voortdurende strewe na beter weiding vir hulle diere en die wete dat daar vir 'n kort rukkie op 'n plek vertoef sou word, ongeag die tydsbestek en of daar 'n gevoel van permanensie kon intree, moes ook sekere persoonlikheidseienskappe versterk of ontwikkel het. Die verskillende fasette

⁵⁶ Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1999.

⁵⁷ MJS Jordaan Privaatversameling, Jordaan genealogiese register.

van die lewe wat die Jordaan-familielede ervaar het tydens hulle nomadiese tydperk skep die geleentheid vir verskillende navorsingsprojekte. Omstandighede soos die politieke atmosfeer waarin daar geleef is, asook die maatskaplike omstandighede, is interessante navorsingsterreine. Iets wat nêrens ter sprake kom tydens die genealogiese navorsing nie, is die invloed van mondelinge oorlewering wat die twee Jourdan-broers op hulle kinders en kleinkinders oorgedra het. Hierdie aangeleentheid behoort nagevors te word, om sodoende te bepaal watter Franse invloede, gegewe die Hugenote en Waldensers se geloofstryd in Frankryk en Italië, op Jean en Pierre 'n bepalende effek gehad het. Jean is oorlede pas na sy vyfde kind se geboorte, en sy vrou is vir 'n tweede keer getroud na haar man se dood, waartydens sy ruim tyd gehad het om verskeie invloede en stories te kon oordra aan haar kinders en kleinkinders. Ook Pierre is 'n tweede keer getroud na sy eerste vrou se dood, waarna hy genoeg tyd gehad het om met oorlewering 'n bepaalde nalatenskap te kon oordra. Daarom die vraag: is daar tans nog iets meetbaar veral op kulturele gebied, wat lede van die Jordaan-familie verbind met hulle Franse voorouers?

Wat gaan die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie vir die familieledes uitwys? Gaan dit die lewensomstandighede en fisiese verspreidingsroetes aandui? Hoe 'n groot rol het van die familieledes in Suid-Afrika se argitektoniese nalatenskap gespeel? Watter nalatenskap is daar vir die huidige geslagte? Hoe lank het die invloed geduur van die Jordaan-familielede wat gemeenskapsrolle gevul het en na wie strate, ouetehuse en ander plekke vernoem is? Hoe gaan politieke denke manifesteer tydens die interpretasie van die roete na gelang politieke partye aan bewind gekom het en weer van die toneel verdwyn het? Die uitdaging is om die denkpatrone van mense gedurende bepaalde tydvakke uit te beeld, eerder as om verstrengel te word in 'n politieke debat. Daar moet gewaak word om almal oor dieselfde kam te skeer, eerder as om die spesifieke tendense in die roete uit te beeld. 'n Voorbeeld in dié geval was die enkele gevalle waar slawe deel was van 'n spesifieke Jordaan-individue se huishouding tydens die Nederlandse bewind aan die Kaap, en die gevolglike aanname dat alle Jordaans noodwendig as slawe-besitters getipeer is. So 'n aanname is van kardinale belang. Dit word later ook aangedui in die bespreking oor die verskeidenheid binne die Jordaan-familie as groep.

Daar kan ook gevra word of die waarde van die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie daarin lê dat dit aspekte uitbeeld wat van belang was ten tye van die voorgeslagte se lewensduur? Meer nog: watter impak het die moderne wêreld en die veranderende tegnologie op die geskiedenis van die Jordaan-familie?

Antwoorde op hierdie vrae kan op verskillende terreine gevind word. Die kenmerk van lede van die Jordaan-familie wat voortdurend na 'n beter ekonomiese lewe op soek was, kan sekerlik tot die hede deurgetrek word in die sin dat dit by die meeste mense 'n ingebore eienskap is om hulle lewensomstandighede voortdurend te wil verbeter. Hierdie eienskap was ook een van die motiverings vir die koms van die Jourdan-broers na Suid-Afrika. Op die vraag of daar vandag nog 'n band tussen die Jordaan-familie en hulle Franse voorouers is, kan bloot verwys word na die verskeie Jordaan-mans wat nog die naam Pierre en Jean dra. Een van die beste voorbeelde van bestaande bande is dié van die ouers wat hulle dogter Cabrière gedoop het, na aanleiding van die dorp waarvandaan die stamvader Jean Jourdan in Frankryk kom. 'n Ander voorbeeld is die aansienlike getal Jordaan-afstammeling wat vandag nog die Franse spelling van die van Jourdan dra. Die argitektoniese nalatenskap van die Jordaan-voorouers is onder meer die geboue op Cabrière in Franschoek en De Oude Woning in die Paarl.⁵⁸

Hierdie navorsing konsentreer op die kulturele erfenis van die Jordaan-familie sedert 1688 in Suid-Afrika tot om en by 1960. Die rol en invloed van die Jordaan-familie vanaf 1960 tot op 'n bepaalde tydperk in die toekoms, is 'n onderwerp vir verdere navorsing.

'n Verdere uitdaging wat daar in die beplanning van 'n kulturele erfenisroete vir die Jordaan-familie opgesluit lê, is die verskeidenheid wat binne die Jordaan-familie as geheel voorkom. Die vraag is of die roete daarin sal slaag om die verskeidenheid uit te beeld en die tydperke waar daar veranderinge en oorgange plaasgevind het, objektief te kan weergee?

⁵⁸ Simons, P.D. 1987. 'n Gids tot Kaaps Hollandse Huise, p.166., Fransen, H. 1965. The Old Houses of the Cape, p.112; A Guide to Franschoek; Cabriere Estate. Home of Pierre Jourdan.

Verskeie aspekte wat hier na vore kom, is onder meer dat lede van die Jordaan-familie aan verskillende kerke en godsdiensgroeperinge behoort of behoort het. Tydens die opstel van die genealogiese register het dit duidelik na vore gekom dat daar sowel Afrikaans- as Engelssprekende Jordans is. Die invloed van die Engelssprekende Jordans het op twee maniere inslag gevind. Die mees algemene invloed is die invloed wat heers wanneer 'n Afrikaanssprekende man met 'n Engelssprekende vrou trou. Dit gebeur dikwels dat die gesin die vrou se taal as die nuwe huistaal aanneem. Die tweede invloed het gekom met die verspreiding van lede van die Jordaan-familie na Suid-Afrika se buurlande. Die familielede wat na Zimbabwe (die voormalige Rhodesië) en Kenia versprei het, het in sommige gevalle ook verengels.

Die genealogiese register dui ook aan dat daar huwelike oor kleurgrense heen in die Jordaan-familie plaas gevind het.⁵⁹

Afgesien van die verskeidenheid loopbane wat lede van die familie volg, dui die genealogiese register ook aan dat lede van die Jordaan-familie uiteenlopende politieke partye ondersteun en verteenwoordig.⁶⁰

'n Vyfde verskynsel wat onder lede van die Jordaan-familie voorkom, is die twee spel-vorme van die van *Jordaan*. Die oorgrote meerderheid familielede gebruik die spelvorm van *Jordaan*. 'n Bloedlyn onder die familielede gebruik die oorspronklike Franse spelvorm, naamlik *Jourdan*.⁶¹

'n Sesde aspek wat na vore mag kom, is die werklikheid dat nie alle lede van die Jordaan-familie deelgeneem het aan die verspreiding van die familie nie. Daar is gevalle waar families al geslagte lank in dieselfde omgewing woonagtig is en selfs dieselfde beroepe

⁵⁹ MJS Jordaan Privaatversameling, Jordaan genealogiese register.

⁶⁰ Ibid.

⁶¹ Ibid.

beoefen. In sekere bloedlyne gebeur dit dat dieselfde, of verwante beroepe figureer, maar nie noodwendig in dieselfde omgewing nie.⁶²

Die sewende verskynsel wat onder lede van die Jordaan-familie voorkom, en wat ook algemeen in ander families is, is dié van vernoeming van een geslag na 'n ander. Afgesien van die tradisionele vernoeming van die oudste seun wat gewoonlik sy oupa se name aan vaderskant kry, en die oudste dogter wat die naam van haar ouma aan moederskant kry, was daar ook gevalle waar dogters mansname gekry het. Dikwels het gebore Jordaan-dogters een van hulle kinders se eerste of tweede naam die naam *Jordaan* gegee. In een uitsonderlike geval is 'n Jordaan-dogter vernoem na die dorp waarvandaan die twee Jordaan-broers in Frankryk kom, naamlik Cabrière.⁶³ Die tradisie van naamgewing is iets wat die Jordaan-familie saam met hulle van Frankryk gebring het. Tydens die lees van 'n genealogiese register word die naamgewing ooglopend beklemtoon. Wat egter intree na die geboorte van 'n vierde of vyfde kind, is dat daar soms 'n herhaling of bloot 'n skommeling tussen die eerste twee name van sommige kinders plaasvind. Dit is jammer dat die voorgeslagte wat groter families gehad het, nie die inisiatief geneem het om in plaas van bloot name te kombineer of uit te dink nie, die baba 'n naam gegee het wat verwys het na die omgewing waarin hulle hulle ten tye van die geboorte en of doop bevind het nie. Hier moet 'n onderskeid getref word tussen geboorte en doop, omrede daar dikwels, veral met die families betrokke by die verspreiding van die Jordaan-familie, tot twee jaar tussen geboorte en doop kon verloop. Hierdie omstandighede het gevarieer na aanleiding van waar die families hulle bevind, hoe ver hulle van 'n dorp was en of daar 'n predikant beskikbaar was.

Om hierdie gedeelte oor die uitdagings en eienskappe vir 'n kulturele erfenisroete vir die Jordaan-familie in Suid-Afrika af te sluit, kan dit vir die beplanners van die roete tot voordeel strek, indien hulle kennis sou neem van die feit dat globalisering 'n effek het op kulturele aktiwiteite. Wêreldgebeure dui aan dat daar 'n neiging by mense is om kultuurgroepe te vorm wat 'n gevoel van sekuriteit, identifisering en 'n

⁶² Ibid.

⁶³ Ibid.

belangegroepsgevoel kweek. Tans is meeste van die globaliseringsgroepe die gevolg van wêreldwye vrese oor gemeenskaplike sake. Georghiou dui aan dat daar 'n konsep is van transnasionale kulturele domeine wat mense wat 'n gemeenskaplike voorgeslag oor internasionale grense heen het met mekaar koppel. Hierdie konsep veroorsaak dat mense met 'n gemeenskaplike voorgeslag hoër waardes daaraan heg, as noodwendig 'n patriotiese gevoel vir die land waarin hy of sy woon. Hy dui ook aan dat politieke nasies in sekere gevalle vir kulturele nasies plek maak. Die rede hiervoor is dat sekere nasies historiese verbintenisse het, lank voordat daar politieke grense bestaan het. Hierdie nasies mag 'n kulturele erfenis deel, soos byvoorbeeld taal en godsdiens. Hierdie verskynsel kan weer kulturele nasionalisme tot gevolg hê.⁶⁴

Diegene wat betrokke is by die beplanning en ontwikkeling van 'n kulturele erfenisroete vir die Jordaan-familie, kan gerus kennis neem van dit wat in die oorgangstydperk 800-1600 nC tussen die Romeinse en Latynse tydperk plaasgevind het, veral met spesiale verwysing na die destydse opvoedingstelsel. Histories was dit lank voor globalisering. Bolgar skryf onder meer die volgende oor die Romeinse beskawing:

*Roman civilisation survived in every town,
in every village almost, but it was as useless
to their inhabitants as an outcrop of coal
to a shivering savage. Western man had little
understanding of the extent or value of his
intellectual inheritance.*⁶⁵

Hierdie situasie alleen maak die ontwerp van 'n kulturele erfenisroete vir die Jordaan-familie 'n enorme uitdaging. In die lig van die slotopmerkings by 'n konferensie in Groot-Brittanje oor die aanbieding en interpretasie van erfenis, word daar teleurstelling uitgespreek oor die ooglopende afwesigheid van mense van die Afrika-kontinent, vandaar die unieke geleentheid wat hom tans voordoen.⁶⁶

⁶⁴ Georghiou, C. 2004. The impact of globalisation on cultural diversity in World Politics, pp.176-179.

⁶⁵ Bolgar, R.R. 1963. The classical heritage and its beneficiaries, p.380.

⁶⁶ Uzzell, D.L. 1989. Heritage Interpretation, p.214.

5.7 Die beplanning van 'n kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie, wat insluit aspekte van volhoubaarheid, drakrag, die onderskeid tussen *toeris* en *pelgrim* en die vestiging van interpretasiesentra op strategiese plekke langs die roete

Kyk Bylaag 14 vir 'n opsomming van 'n uiteensetting van die wetgewing vir die kulturele erfenisterreinbeplanning.

Beplanning

Wat die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie uitsonderlik kan maak teenoor meeste bekende roetes van allerlei aard, is dat hierdie roete kan staatmaak op die geografiese komponent van die verspreiding van die verskillende bloedlyne binne familieverband.

Tydens die beplanning moet daar kennis geneem word van die feit dat interpretasies van die verlede en die kontemporêre beeld van die verlede, onlosmaaklik deel is van 'n persoon se nasionale kulturele identiteit.⁶⁷

Die aanslag tydens die beplanning van die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie sal wees soos die verloop van die geskiedenis die verspreiding van die familie in hoofstuk 3 uitgebeeld het. Die twee belangrikste aspekte wat met die verloop van die verspreiding van die familie na vore gekom het, is dat die roete verdeel is in tien geografiese verspreidingsroetes wat deur tien tydgleuwe verteenwoordig word. Die tien trekrigtings met die datum tussen hakies oor presies wanneer die eerste Jordaan in 'n streek

⁶⁷ Johnson, N.C. 1996. Where geography and history meet: heritage tourism and the Big House in Ireland, p.551.

aangekom het, was na die Boland (1688), die Oos-Kaap (1741), Wes-Kaap (1749), Noord-Kaap (1820), Natal (tans Kwazulu-Natal) (1845), Oranje-Vrystaat (tans Vrystaat) (1849), Wes-Transvaal (tans Noordwes) (1849), Noord-Transvaal (tans gedeeltelik Gauteng en Limpopo) (1853), Oos-Transvaal (tans Mpumalanga) (1856) en die Afrikalande (1896). Die verspreiding van die meeste Jordaan-familieledede in Suid-Afrika was teen 1955 voltooi.

Met hierdie tien verspreidingsrigtings van die familie in gedagte kan dadelik gevra word hoe daar na 'n kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie verwys kan word, as daar dan tien verspreidingsrigtings was? Die benaming *kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie* dui een roete aan. Hierdie ontvouing van die genealogiese geskiedenis van die Jordaan-familie is 'n historiese werklikheid. Wat die verspreiding van die familie betref, is dit 'n ander gegewe historiese werklikheid dat die verspreiding van die familie vanaf een plaas, *La Motte*, in die distrik *Franschhoek*, en van binne een plaaswoning met dieselfde ouers as vertrekpunt, in Suid-Afrika plaasgevind het. Met betrekking tot die vraag van een roete en tien trekrigtings kan ook gevra word, of met meer as 29 000 afstammeling van waarvan sommige aangetroude familie is, al die Jordaans in Suid-Afrika werklik familie is? Soos vroeër uitgewys, stam al die Jordaans in Suid-Afrika van dieselfde ouers af. 'n Belangrike ondersteuningsbasis van die beplanning van die roete is dat gekonsentreer sal moet word op die bloedlynverspreiding binne of samelopend (parallel/horizontaal/vertikaal) tydens die verspreiding van die Jordaan-familie. In praktyk, asook in die grafiese voorstel van die denkbeeldige roete wat later aan die beurt kom, kan daar dan as deel van die verspreiding in drie verskillende kleure, aangedui word hoe die bloedlyne binne familieverband versprei het. Hierdie aanduidings kan ook tydens die beplanning van die interpretasiesentra aandag geniet.

Wat hier na vore kom, is dat die beplanning vier benaderings kan volg. Die eerste benadering is dié van 'n holistiese benadering waar 'n toeris of besoeker die Jordaan-geskiedenis as geheel ontleed. Die tweede benadering is dié van lede van die Jordaan-familie wat die familie se volledige geskiedenis bestudeer en die derde is dié van lede van die Jordaan-familie wat net in hulle eie bloedlyn se verspreiding en kulturele erfenis

belangstel. Die vierde benadering sal die benadering wees van Jordaan-familielede wat volgens die genealogiese register nog nie hulleself in genealogiese terme kon koppel aan hulle voorgeslagte nie. Dit beteken dat hulle onbekend is met een of meer geslagte, wat dit vir hulle nog meer gekompliseerd maak ten opsigte van watter bloedlyn hulle verteenwoordig. Die genealogiese register dui aan dat diegene wat hulleself nog nie genealogies kon koppel nie, dikwels 'n hoor-sê-aanduiding het van waar hulle voorouers hulleself bevind het ten opsigte van sekere gedeeltes binne 'n verspreidingsroete.

Aspekte soos argitektoniese nalatenskappe, kan geboue in stede, dorpe of op plase wees. Die spesifieke landbouvertakking wat na vore kom op die verskillende roetes is ook belangrik. Om net te verwys na boerdery-aktiwiteite, sal nie 'n werklike beeld gee van die verskillende aanlegte en talente van lede van die Jordaan-familie wat na vore gekom het in hulle onderskeie gemeenskappe nie. Tydens die roete-uitbeelding behoort daar ook aandag gegee te word aan die verskillende stadia van hulpbron-ontwikkeling wat Suid-Afrika beleef het. In sekere bloedlyne behoort die oorgang na industrialisasie en verstedeling na vore te kom. 'n Aspek wat in dié verband nagevors moet word, is of daar 'n verband is tussen lede van die Jordaan-familie wat as leiers op, onder meer die ontwikkeling van industrialisasie na vore gekom het, en of meeste van die familielede die ontwikkeling gevolg het ten opsigte van 'n werksgeleentheid.

Navorsing behoort ook gedoen te word om vas te stel of daar gebeure of tendense in Suid-Afrika gedurende die tydperk was waarin 'n betrokke lid van die Jordaan-familie geleef het, of miskien iets wat hom oorleef het, wat vanweë die familielid se insiatief gelei het tot 'n aspek wat nagevolg of verbeter is deur die opvolgende geslagte. Voorbeelde is die ontwerp/daarstel van 'n boustyl, 'n veeras, 'n boerderymetode, of 'n onderwys-aangeleentheid of 'n besluit wat die toekoms van Jordaan-familie sou beïnvloed of in 'n mate sou oorheers.

Faktore wat na vore gaan kom tydens die beplanning van die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie, sal tekens wees van murasies, plantasies, tuine, lande, ou meulens en ou paaie wat die teenwoordigheid van lede van die Jordaan-familie uitbeeld, wat vir lede

van die familie bewaringswaardig sal wees. Dit kan ook geld vir ou huise en in sekere gevalle plase, wat nou deur ander mense bewoon word of waar nuwe eienaars is, wat vir lede van die Jordaan-familie van historiese belang sal wees.

Tydens die identifikasie van die verskillende terreine waarvan die genealogiese register 'n onlosmaaklike deel sal vorm, is daar vrae wat na vore kom. Dit is vrae wat ook antwoorde van lede van die Jordaanfamilie sal verg. Vrae wat gevra kan word is byvoorbeeld wie voortaan verantwoordelikheid sal aanvaar vir die bewaring en die instandhouding van terreine ter sprake? Sal dit lede van die Jordaan-familie wees, of sal die huidige eenaar(s) van die betrokke terreine of 'n kombinasie van partye daarvoor instaan?

Hierdie aanhaling, wat reeds in 1944 deur Herbert Butterfield oor die Engelse gemaak is ten opsigte van hulle verhouding met die Ierse volk, behoort 'n aanmoediging vir lede van die Jordaan-familie te wees

*Because we in England have maintained the threads between past and present, we do not, like some younger states, have to go hunting for our own personality. We do not have to set about the deliberate manufacture of a national consciousness, or to strain ourselves, like the Irish, in order to create a 'nationalism' out of the broken fragments of tradition, out of the ruins of a tragic past ... our history is here and active, giving meaning to the present.*⁶⁸

'n Tweede gedagte wat na vore kom tydens die identifikasie van voormalige terreine/plekke van belang vir sekere lede van die Jordaan-familie, is die historiese aspek van die spesifieke rol wat 'n lid van die Jordaan-familie tydens die ontwikkeling van, byvoorbeeld, 'n plaas vervul het. Die feit dat 'n lid van die Jordaan-familie nie meer 'n plaas bewoon of eienaarskap daarvan het nie, hoef nie noodwendig die indruk te skep of te ondersteun dat dit die gevolg van swak finansiële bestuur is nie. Daar kan gevra word of daar nie ander uitdagings was wat na vore gekom het nie of 'n volgende plaas meer

⁶⁸ Uzzel, p.214.

potensiaal gebied het, of die spesifieke lid van die Jordaan-familie in wese 'n boer was en of daar nie belangstelling vir die boerdery onder die kinders was nie? 'n Deel van die Jordaan-familie se erfenisnalatenskap kan bloot die pad of 'n dam(me) wees wat 'n voorouer op 'n plaas gebou het. As dit wel sou gebeur dat die Jordaan-familielid die plaas oor swak finansiële bestuur moes verlaat en die gebeurtenis 'n swak indruk of selfbeeld tot gevolg gehad het, is daar 'n ander erfenis wat moontlik nagelaat is.

Hierdie gedagte word deur Gilfellan ondersteun in sy verwysing na rye bome van verskillende spesies en rye huise wat 'n spesifieke vorm het wat 'n kulturele erfenisnalatenskap aandui.⁶⁹

Zöllner dui ook in haar navorsing oor die genealogiese en kulturele bydrae van die Rynse Sendinggenootskap in Suid-Afrika aan dat die verskillende beroepe van lede van 'n familiegroep 'n belangrike barometer van die kultuurhistoriese bydrae van 'n familiegroep vorm.⁷⁰

'n Derde gedagte wat nie buite rekening gelaat moet word nie, wat dien as erfenishulpbron is die verskeie tipes bronne wat gewoonlik net deur genealogiese navorsers gebruik word. Bronne soos onder meer doopregisters, sterfkennisse, boedels en grafte word gebruik om genealogiese registers te voltooi. Genealogie as hulpwetenskap tot geskiedenis, veral in Suid-Afrika, ervaar sy eie problematiek in soverre die verkryging van inligting vanuit sterfkennisse en boedellêers.⁷¹ Indien 'n persoon se dood geregistreer was, is die persoon se boedellêer afhangende van wanneer hy of sy dood is, se gegewens in een van ses argiewe, of 'n Meester van die Hooggeregshof se kantoor in Suid-Afrika beskikbaar. Die ses argiewe en Meester van die Hooggeregshof se kantore is te vinde in Grahamstad, Kaapstad, Kimberley, Pretoria, Bloemfontein en Pietermaritzburg. Elke

⁶⁹ Gilfellan, C.T. 1992. Die Impak van toerismeontwikkeling op die sosio-ekonomiese, kulturele en morfologiese struktuur van historiese sendingstasies in die Wes-Kaap: Genadendal, Elim en Wupperthal, pp.71-73, <http://www.places.co.za/html/culture> 06-10-2004. Cultural and Historical Interests.

⁷⁰ Zöllner, L. 1991. Die genealogiese en kulturele bydrae van die sendelinge van die Rynse sendinggenootskap in Suid – Afrika, p. 174.

⁷¹ Louw, J. P. 1987. Genealogie en familiegeskiedenis, p.58.

Meesterskantoor het hulle eie reëling ten opsigte van die jare van boedellêers wat hulle by hulle liasseer en watter jare se boedellêers by die argief geliasseer word. Verskeie hoorsê-getuienisse dui op van die ongeorganiseerde wyse van liassering wat by sommige argiewe plaasvind.⁷² Op grond hiervan het 'n privaat firma aangedui dat hulle gaan probeer om soveel as moontlik sterfkennisse te versamel en dit dan elektronies te stoor.⁷³

Hier behoort onderskeid getref te word tussen die volledige identifisering van terreine en plekke van kulturele erfenisbelang vir lede van die Jordaan-familie en die gevolglike prioritisering van die terreine en plekke vir die kulturele erfenistoeris. In sy slotopmerking oor erfenishulpbronne en die verbruikers daarvan, maan Carr:

*The capital of heritage is the knowledge of the reasons for its survival as a record, however incomplete and selective of the past ... we must not compromise the future of our past. This heritage is not for squandering.*⁷⁴

Hierdie standpunt bring weer die doelwitte van die Hugenotevereniging van Suid-Afrika onder die vergrootglas. Een van die ses doelwitte van die Vereniging is om die besef van die betekenis van die Hugenote se vestiging in Suid-Afrika lewend te hou. Die tema van die Hugenotemuseum is weer om die geskiedenis van die Hugenote voor en na hulle aankoms aan die Kaap die Goeie Hoop uit te beeld.⁷⁵ In die ander vyf doelwitte van die Hugenotevereniging word daar gefokus op die geskiedenis van die Hugenote voor en na hulle koms. Die fokus is egter heeltyd op die Hugenote as groep, of waar die geskiedenis

⁷² Hierdie navorser beskik oor afskrifte van al die beskikbare Jordaan sterfkennisse tot Junie 2003. Dit sluit die Suid-Afrikaanse sterf kennisse in asook die van Namibië die voormalige Suidwes-Afrika..

⁷³ <http://www.familytree.co.za> 07-12-2004. Genealogiese spesialiste; <http://www.mnet.co.za/kyknet/shows/articleTypeld=2>. 23-09-2004. Kwela, onderhoud met Anton Jankowitz oor nuwe webwerf vir Afrikaanse familiegeskiedenis.

⁷⁴ Carr, E.A.J. 1994. *Tourism And Heritage*, p.68.

⁷⁵ <http://www.geocities.com/hugenoteblad/hugver.htm> 27-12-2004 Doelwitte van die Hugenotevereniging van Suid-Afrika; <http://www.geocities.com/hugenoteblad/huga3.htm> 27-12-2004 Die Hugenotemuseum te Franschhoek.

'n insident direk aan die koms van die Hugenote kan koppel, sowel as ondersteuning en bystand aan diegene betrokke by Hugenote-genealogie.

Die werklikheid is egter dat die laaste genealogiese projekte wat deur die Hugenote-Gedenkmuseum geloods is, die vraelyste was wat uitgestuur is gedurende die 1930's en die genealogiese register van die *De Villiers*-familie wat in 1997 gepubliseer is.⁷⁶ Die jaarlikse publikasie van die Hugenote-Stigting *Bulletin* kan nie vir die doeleindes van hierdie bespreking in ag geneem word nie. Die lidmaatskap van die sambreelorganisasie, die Hugenote-Stigting, se individuele lede wissel tussen 600 en 800 met 'n gemiddelde jaarlikse ledegeld van R25 per lid. Die gemiddelde getal besoekers, waarvan die oorgrote meerderheid buitelandse besoekers is, wissel tussen 70 000 – 75 000 mense per jaar.⁷⁷

Die vraag wat hier ontstaan is, wat die toekomsvisie van die Hugenote-Stigting van Suid-Afrika is? Die koms van die Hugenote na Suid-Afrika het 317 jaar (1688-2005) gelede plaasgevind. Die werk wat die Hugenote-Stigting van Suid-Afrika tot op hede gedoen het, is 'n groot mylpaal, en hulle is die enigste organisasie wat hom beywer vir die bewaring van die Hugenote se nalatenskap in die vorm van die Hugenote-Gedenkmuseum en sy affiliasies. Die vraag is of die doelwitte van die Hugenotevereniging onveranderd gaan bly vir die volgende 300 jaar? Gaan die Vereniging 'n meer dinamiese benadering volg om die afgelope 300 jaar sedert die Hugenote se koms in 'n fase twee-museum uit te bou? Gaan die Museum in die toekoms die geskiedenis van die Hugenote uitbeeld soos dit tans aangebied word, totdat iemand in die toekoms sou vra waar die res van die Hugenote-geskiedenis is nadat hulle, soos die Jordaan-familie, begin verspreid raak het oor die res van Suid-Afrika? Gaan die Vereniging in die toekoms wag totdat daar 'n gebeurtenis is waarby 'n Hugenoot-afstammeling betrokke is en die Museum dan weer stof vir uitstalling het?

Antwoorde op die vrae oor wat die Hugenotevereniging en die Museum se siening oor hulle toekomstige rol sal grootliks bepaal word deur die invloed van sy lede en donateurs.

⁷⁶ Malan, A. & Malherbe, J. 1997. *Familie de Villiers*. Vol I & II.

⁷⁷ Mev Juna Malherbe. 22-06-2002. Hugenote Vereniging van Suid-Afrika. Franschhoek. Telefoniese gesprek; Amelia Schwenke. 12 Mei 2003. Sekretaresse van die Hugenote Vereniging van Suid-Afrika. Telefoniese gesprek.; <http://www.geocities.com/hugenoteblad/hugver.htm> 27-12-2004
Doelwitte van die Hugenotevereniging van Suid-Afrika.

Die verantwoordelik lê ook by die nie-aktiewe lede en in 'n groot mate by die Hugenote-afstammeling wat op geen wyse betrokke is by die Hugenotevereniging nie. 'n Verskeidenheid bronne dui op die talle navorsingsprojekte wat reeds oor die Hugenote se invloed in Suid-Afrika gedoen is. Die Hugenotevereniging behoort 'n beroep te doen op alle Hugenote-afstammeling in Suid-Afrika, en ook op diegene wat hulle tans in die buiteland bevind, om 'n gesamentlike poging aan te wend om die volhoubaarheid van die Hugenotevereniging, -museum en ander vertakkinge te verseker.

Tans is daar 'n voordeel vir persone wat geld testamentêr wil bemaak aan die Hugenote-Stigting. Indien 'n persoon geld testamentêr sou bemaak aan die organisasie, is die bemaking belastingvry.⁷⁸ Hierdie testamentêre voordeel plus die ontvangs van die *Bulletin* jaarliks as lid van die Hugenotevereniging is die enigste twee voordele wat persone kan ontvang vanweë hulle verbintenis met die Hugenotevereniging. Gedagtig aan die moderne wêreld en die tegnologies-gedrewe omgewing waarin ons ons bevind, behoort die Hugenote-Stigting as sambreelorganisasie hulle sterker te beywer vir wedersydse voordele tussen die Stigting en lede van die publiek.

Hierdie voordele kan onder meer wees om voorsiening te maak vir lede van die Hugenotevereniging om in Franschoek begrawe te word, in 'n streek wat bekend kan word as die begraafplaas van Hugenote-afstammeling in Suid-Afrika. Potensiële borgskappe kan ook van toepassing wees tydens die uitlê van die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie. Ook: word daar genoeg aandag gegee aan die moontlikheid vir spesifiek Franse skenkings vir die uitbreiding van die Museumkompleks? Sonder om die beeld en die atmosfeer van die Hugenote-Stigting te verdof, kan daar aandag gegee word aan moontlike skenkings vanuit Nederland. Daar kan tereg gevra word of daar enigsins van reisende akademici van Suid-Afrika, betrokke by die Protestantse beweging wat hulle periodiek in die buiteland bevind, gebruik gemaak word om vir skenkings of borgskappe te onderhandel? Kwalifiseer die Hugenote-Stigting en sy affiliasies om skenkings van die Nasionale Loterytrust te ontvang? Bestaan daar 'n drie-tot-vyfjaar-

⁷⁸ MJS Jordaan Privaatversameling, korrespondensie met Hugenote Stigting en mnr R de la Bat.

besigheidsplan van die Hugenate-Gedenkmuseum waar daar onder meer begroot word vir kapitale begrotings, sodat die Museumkompleks uitgebrei kan word?

By die daarstel van die voorgestelde kultuur-erfenisroete van die Jordaan-familie, kan daar gevra word of die toekoms daarvan in werklikheid deur familieledede van die Jordaan-familie bepaal gaan word, en of die Hugenatevereniging die geleentheid sal aangryp om 'n *Jordaankamer* aan te bou by die Museum wat hierdie navorsing sal uitbeeld?

Hierdie vrae het almal diepe besinning nodig, omdat Franschoek, die plaas *La Motte*, die Hugenate-Monument en die Hugenate-Gedenkmuseum sentraal staan ten opsigte van die begin van die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie in Suid-Afrika.⁷⁹ Die verhouding van individuele lede wat aan die Hugenatevereniging behoort, teenoor die getal name wat onder meer in die genealogiese register van die Jordaan-familie voorkom, is 'n aanduiding dat die bestuur van die Hugenatevereniging en sy sambreelorganisasie, die Hugenate-Stigting, geensins in voeling is met die afstammeling van die Hugenate nie. Die vraag kan gevra word of die lede van die bestuur glo dat hulle die bewakers van die Hugenate-geskiedenis is? Wat is hulle verantwoordelikheid teenoor die afstammeling van die Hugenate-families wanneer hulle nie meer beskikbaar is om as bestuurslede te dien nie? Is daar 'n tweede generasie voornemende bestuurslede wat opgelei word om stelselmatig by die huidige bestuurslede oor te neem die dag wanneer hulle nie meer verkiesbaar nie? Opponerende politici sou na die situasie verwys deur klem te plaas op die feit dat die bestuurslede/trustees bykans geen kiesafdeling of kiesers het nie. Die ironie is dat die toekoms van die geskiedenis van die Hugenate-afstammeling in Suid-Afrika op die spel is.

Tydens die identifisering en prioritisering van terreine en plekke van kulturele erfenisbelang vir lede van die Jordaan-familie, sal 'n tweede onderskeid getref moet word, voordat prioritisering kan plaasvind, naamlik die feit dat daar situasies mag ontstaan waar sekere terreine geïdentifiseer word as van belang vir die Jordaan-familie. Hieruit mag 'n verdere dimensie ontwikkel dat die geïdentifiseerde plek nie noodwendig gekoppel kan

⁷⁹ *Ibid.*

word aan 'n spesifieke lid van die familie nie. Dit mag selfs wees dat daar nie met sekerheid oor die familie besluit kan word nie, maar dat daar waarskynlik duidelikheid is oor die betrokke Jordaan-bloedlyn.

Met verwysing na die vier benaderings wat gevolg kan word ten opsigte van die roete, is daar in 1994 in 'n artikel oor Wallis se erfenis-besienswaardighede daarop gewys dat daar verbasend min navorsing gedoen is oor wie die erfenisproduk gebruik. Die vraag word gestel oor hoe beplanning vir erfenistoerisme gedoen kan word, indien daar nie duidelikheid bestaan oor die profiel van die besoeker of toeris wat die erfenis-hulpbron gaan besoek nie? Hierna is 'n opname gemaak van die deursnit besoeker wat erfenisterreine in Wallis besoek. Die opname het aangedui dat die oorgrote meerderheid mense kastele en monumente besoek en dat kinders nie uitgesluit word van sodanige uitstappies nie. Die vlak van kwalifikasie onder die besoekers in Wallis wat hulle eie land se erfenisterreine besoek, het gewissel van ongeskoolde werkers tot professionele persone. Die ouderdomsgroepering van die besoekers was ook eweredig versprei.⁸⁰

Twee jaar later, in 1996, verskyn 'n boek wat handel oor strydige en onenige erfenis, waarin daar uitgewys is dat in opnames in Amerika bevind is dat daar mense is wat museums besoek, nie soseer vir die opvoedingsproses wat in die museum se tema oorgedra word nie, maar eerder vir die sosiale en gemeenskaplike atmosfeer van so 'n besoek.⁸¹

In aansluiting hierby verskyn daar so onlangs soos in 2001 'n artikel van die Universiteit van Colorado in die Verenigde State van Amerika oor hoe min kennis daar gedra word van besoekers wat kulturele en erfenisterreine besoek.⁸² Hulle het probeer vasstel of toeriste van 'n algemene toeris kon vorder tot 'n toeris wat begin belangstel in gespesialiseerde temas soos kultuur- en erfenisaspekte. Die skrywers het tot die gevolgtrekking gekom dat daar wel gespesialiseerde besoekers is wat erfenisterreine

⁸⁰ Light, D. & Prentice, R. 1994. Market – based product development in heritage tourism, pp.90-107.

⁸¹ Ashworth, G. J. & Tunbridge, J.E. 1996. Dissonant Heritage, p.44.

⁸² Confer, J. J. & Graefe, A.R. & Kerstetter, D.L. 2001. An exploration of the specialization concept within the context of heritage tourism, p.267.

besoek. Hulle het die besoekers in drie groepe verdeel, naamlik laag, medium en hoog gespesialiseerde besoekers. Die meetbare verskil tussen die drie groepe was dat die lae gespesialiseerde groep gewoonlik besoekers of toeriste is wat kulturele en erfenisterreine die eerste keer besoek. Die medium groep het dikwels 'n beter bevredigingsgevoel oor hulle ervaring as die lae groep. Die hoog gespesialiseerde besoekers is normaalweg die tipe besoeker wat dieselfde of ander erfenisterreine meermale besoek het. Hierdie groep is ook die groep mense wat intens belangstel in die tema van die terrein en 'n in-diepte studie van die historiese voorval maak.⁸³

'n Jaar later (2002) is tydens 'n kongres oor erfenisskepping en -navorsing daarop gewys dat historici betrokke in die akademie 'n verantwoordelikheid het ten opsigte van die oordra van historiese kennis aan die publiek.⁸⁴ Hierdie veranderende scenario van die behoeftes van lede van die publiek, wat meer verwag as net die oordra van beperkte of dikwels eensydige inligting deur 'n toeristegids, skep die geleentheid dat geskiedenisdepartemente en van hulle kollegas soos antropoloë aan universiteite meer betrokke kan raak by projekte soos die beplanning van die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie.

Dit is waarskynlik tans die gulde geleentheid om 'n hand van samewerking na nie-akademiese historici (historici wat nie aan universiteite verbonde is nie) te reik, deur middel van aanmoediging en die finansiering van soortgelyke projekte wat kan lei tot die publikasie van artikels, of selfs moontlik die verwerwing van meesters- en doktorsgrade.

Gedurende 2004 het 'n berig oor die resultate van 'n navorsingsprojek wat in die Verenigde State van Amerika onderneem is, verskyn wat aangedui het hoe die toeris van 2010 se behoeftes drasties gaan verander. Die tradisionele rol van die reisbedryf sal 'n paradigmaskuif moet maak van die tradisionele rol van die verskaffing van geriewe en dienste, na dié van 'n pasgemaakte reisonderfinding vir die individu. Die toeris van 2010 sal sterk fokus op persoonlike belewenisse wat noukerig pasgemaak is, om te

⁸³ *Ibid.*, p.270.

⁸⁴ Wells, J. 2002. *Heritage as a development priority. Breaking the boundaries of Academia*, p.4.

voldoen aan die voorkeure en eise van die individuele toeris. Die verslag eindig deur aan te dui dat die toeris van 2010 'n veeleisende reisiger of toeris gaan wees.⁸⁵

Saam met die veranderende vereistes van die toeris van die toekoms is daar, voortvloeiend hieruit, 'n addisionele aspek wat aandag behoort te geniet tydens die beplanningstadium van die kulturele erfenisroete wat ook die ontwikkelingsproses sal beïnvloed. Hierdie aspek is die aktiwiteite in aangrensende substreke en distrikte. Aangrensende substreke en distrikte sal veral 'n prominente rol speel tydens die tref van reëlins vir saamtrekke en ander aktiwiteite soos uitstallings, wat aktiewe deelname van die publiek impliseer.

Die graad van ontwikkeling van gedeeltes van die kulturele erfenisroete kan ook bepalend wees in terme van waar die ontwikkeling plaasvind. Indien dit vanuit 'n ekonomiese oogpunt 'n deurslaggewende rol speel in verhouding met die aktiwiteite van die aangrensende substreke en distrikte moet dit in ag geneem word.

Die gedagte met die aangrensende substreke en distrikte is dat, sou daar feeste of ander noemenswaardige gebeurtenisse plaasvind wat groot getalle mense daarheen sou lok, daar op die rug van sodanige gebeurtenisse gery moes word tot voordeel van die toeganklikheid van die kulturele erfenisroete.

Die geografiese omgewing van waar daar moontlik ontwikkeling en aktiwiteite mag kom, behoort in samewerking met streeks- en nasionale vakansiedae en of skool- en ander vakansietye beplan te word. Die rede hiervoor is dat, sou daar ontwikkeling plaasvind, dit so beplan moet word dat toeriste, besoekers en lede van die Jordaan-familie hulle reisprogram sodanig kan beplan dat, waar histories moontlik, enige van die besoekpunte op die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie kan inpas tydens 'n rit vanaf die noorde van Suid-Afrika na die suide of vanaf die westelike gedeelte van die land na die ooste. Indien meeste van die besoekpunte êrens inpas op 'n sirkelroete in Suid-Afrika, sal dit soveel meer waarde toevoeg tot enige besoeker of toeris wat deur

⁸⁵ 30-05-2004. Rapport. Toeris van die toekoms gaan drasties anders wees.

Suid-Afrika ry, hetsy vir werks- of vir ontspanningsdoeleindes. Dit spreek vanself dat, waar histories moontlik, enige ontwikkeling wat wel gedoen word, goed ondersteun moet word deur toeriste, besoekers en lede van die Jordaan-familie.

In die geval van ontwikkelingspunte op die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie waar daar nie staatgemaak kan word op die aangrensende substreke en distrikte se aktiwiteite nie, bestaan daar wel 'n hulpmiddel in die vorm van 'n raamwerk om aktiewe toerisme te stimuleer. Hierdie raamwerk is daargestel om toerisme op afgeleë plekke aan die Kaapse suid- en weskus te mobiliseer.⁸⁶

Hieruit kan daar afgelei word dat die beplanning van 'n kulturele erfenisroete vir die Jordaan-familie nie in afsondering van die omgewing en gemeenskap om hom gedoen kan word nie. Die voordeel hieraan verbonde is dat die kulturele erfenisroete vir die Jordaan-familie die aktiwiteite om hom kan gebruik as steun vir sy beplanning.

Ontwikkeling en volhoubaarheid

In hierdie gedeelte van die hoofstuk word beklemtoon dat, nadat die beplanning van die kulturele erfenisroete vir die Jordaan-familie gedoen is, daar sorgvuldig oor die ontwikkeling van die roete besin moet word met die sentrale gedagte dat dit wat ontwikkel word, volhoubaar moet wees. Nadat die onderskeie terreine in die beplanningsstadium geïdentifiseer is, en terwyl die prioritisering gedoen word, behoort die volhoubaarheid ook 'n invloed te hê op die prioritisering van die onderskeie projekte wat beplan word. Die volhoubaarheid van 'n projek kan op verskeie wyses bepaal word. In die meeste gevalle word volhoubaarheid aan ekonomiese standarde gemeet. Tydens die ontwikkeling van die kulturele erfenisroete is daar ook ander faktore wat oorweeg kan word om die volhoubaarheid van 'n roete te bepaal. Aspekte soos besoekersgetalle en belangstelling kan bepalend wees. Die gradering van die onderskeie terreine en ander plekke op 'n roete sal ook 'n invloed op die besluit ten opsigte van volhoubaarheid hê.

⁸⁶ Lightbody, M. 1994. A Descriptive model for the development of active tourism in selected coastal regions of the Cape Province. Unpublished PhD dissertation. University of Stellenbosch, p.42.

Die volgende vrae is van belang: gaan die gradering van die verskillende erfenisterreine soos deur die wet voorsiening gemaak enigsins 'n rol speel in die volhoubaarheid van 'n roete? Gaan die bemerking van 'n gegradeerde erfenisterrein 'n bepalende rol speel in die volhoubaarheid van 'n terrein? Watter verband gaan daar wees tussen lede van die Jordaan-familie se belangstelling en plekke wat wel die gradering slaag, of dalk nie slaag nie? Hierdie situasie van die oordeel wat deur die nasionale of provinsiale erfenishulpbron-agentskap gedoen gaan word oor sake van kulturele en erfeniswaarde vir lede van die Jordaan-familie, kan 'n uitwerking hê op van die lede van die Jordaan-familie se nasionale trots en patriotisme.

Die maatstawwe waaraan volhoubare toerisme gemeet word, kan in drie afdelings verdeel word. Eerstens, is daar die sewe beginsels waaraan volhoubare toerisme moet voldoen; tweedens, is daar nasionale aanwysings; en derdens, die spesifieke terrein-aanwysings waaraan volhoubare toerisme verkieslik moet voldoen.

Toerisme-aktiwiteite behels drie elemente: die plek wat besoek word, die plaaslike gemeenskap en die toeriste self. Die verhouding tussen hierdie drie elemente is van kardinale belang omdat die gehalte van die toeris se besoek daardeur bepaal word.

Die sewe beginsels waaraan volhoubare toerisme moet voldoen, kan as volg beskryf word: Die omgewing het 'n intrinsieke waarde wat swaarder weeg as 'n blote toerisbestemming. Die bewaring van die omgewing vir die nageslag is van groter belang as die korttermyn oorwegings. Toerisme behoort as 'n positiewe aktiwiteit gesien te word en derhalwe benut te word tot voordeel van die verhouding tussen toeris, die plek en die plaaslike gemeenskap. Die langtermyn verhouding tussen die omgewing en die toerisme-aktiwiteit moet ten alle koste aandag geniet. Die toeriste behoort nie 'n negatiewe impak en verhouding met die plaaslike omgewing te skep nie. Die ontwikkeling van 'n erfenisterrein moet in verhouding met die omgewing plaasvind. Enige ontwikkeling ten opsigte van die kulturele en erfenisnalatenskap op 'n gegewe terrein moet in harmonie met die die toeris, die bestemming en die plaaslike gemeenskap geskied. In 'n dinamiese omgewing kan verandering positiewe gevolge meebring, maar dit moet nooit ten koste

van enige van die sewe beginsels wees nie. Alle rolspelers betrokke by die ontwikkeling van of by die bemaking van die bestemming moet die sewe beginsels van volhoubare toerisme respekteer en saamwerk om die langtermyn doelwitte te bereik.⁸⁷

Hierdie beginsels moet van meet af aan as deel van die beplanning van die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie geïnkorporeer word.

Die tweede afdeling ten opsigte van die maatstawwe waaraan volhoubare toerisme gemeet word, is die nasionale aanduidings ten opsigte van die voorgenome ontwikkeling. Hierdie aanwysings kan ook van hulp wees tydens die drie graderingsprosesses soos deur die wet voorsiening gemaak. Nasionale aanwysings ten opsigte van die volhoubaarheid van 'n kulturele erfenisterrein is aspekte soos die grootte van die terrein in nasionale verband. Dan kan gevra word of daar bedreigde ruimte en spesies ter sprake is, en ook wat die verhouding van die tema teenoor die nasionale belang of die uniekheid van die tema is? Meer vrae: hoeveel internasionale en nasionale toeriste kan verwag word? Wat is die verhouding van die beoogde terrein in verhouding met die WTO se kriteria vir 'n wêreld erfenisterrein? Is daar die nodige hulpbronne om die terrein te onderhou, soos byvoorbeeld water en krag? Wat gaan die verhouding tussen die getal toeriste en die inwonertal van die plaaslike omgewing wees? Hoe veilig en stabiel is die plaaslike bevolking in terme van veiligheid, gesondheidsmaatreëls en kommunikasiemetodes? Is daar politieke stabiliteit en wat is die profiel van die eienaars in die omgewing? Is die eienaars plaaslike mense, nasionale of internasionale eienaars? Watter geriewe en infrastruktuur word deur die plaaslike gemeenskap aangebied vir toeriste en besoekers? Wat is die verhouding tussen werkende mense en die persentasie werkloos in die gemeenskap? Wat is die standaard van omgewingsbeplanning in die plaaslike gemeenskap? Is dit hulle eie standarde of word nasionale of internasionale standarde gevolg?⁸⁸ Hierdie vrae is almal vrae wat beantwoord behoort te word tydens die beplanning van die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie.

⁸⁷ Croall, J. 1995. Preserve or Destroy, p.27.

⁸⁸ Weaver, D.B. 2001. Ecotourism in the less developed World, p.9.

Die derde afdeling waaraan volhoubare toerisme gemeet kan word, is die aanduidings ten opsigte van die spesifieke terrein waar ontwikkeling beoog word. Aanduidings wat van waarde kan wees vir die bepaling van die volhoubaarheid van die terrein is faktore soos hoe aantreklik die omgewing en die terrein vir toeriste is, of hoe aantreklik dit gemaak kan word? Wat is die potensiaal ten opsigte van drakrag van die terrein? Hoe veilig is die omgewing en die terrein, en is daar bedreigde spesies en ruimte by die terrein aanwesig? Ook hier is van dieselfde elemente ter sprake as dié van die nasionale aanduidings, soos die situasie van hulpbronne, water en krag? Wat gaan die verhouding tussen toeriste en die getal inwoners van die gemeenskap wees? Wat is die beperkinge op die voorgestelde ontwikkeling van die terrein en hoe groot persentasie van die eienaars is nie van die plaaslike gemeenskap afkomstig nie? Wat is die omgewingskwaliteit ten opsigte van lug-besoedeling, beperkinge op natuurlike hulpbronne en die beskikbaarheid van besoekers-ure vir die toeriste? Is daar enige openbare vervoer in die omgewing wat gebruik kan word na en van die terrein? Bestaan daar 'n gesamentlike bestuursplan tussen die ontwikkelaars en bewaarders van die terrein, die gemeenskap en die omgewings-owerheid? Watter verhouding van die benodigde fondse vir die terrein is nodig vir die algemene onderhoud en onverwagse skades wat kan plaasvind?⁸⁹

Tydens die beplanning van die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie kan die volgende aangepaste Indiese en Chinese kode vir Suid-Afrikaanse toestande toegepas word, wat sal verseker dat die roete nie faktore sal betrek wat die toekoms van die roete kan ondermyn nie.⁹⁰

In 'n poging om die volhoubaarheid van 'n toerismebestemming te onderskraag het die Engelse toerisme-owerheid in samewerking met die Indiese en Chinese toerisme-owerhede 'n toerismekode opgestel om die Indiese en Chinese bevolking te beskerm teen toeriste.⁹¹ Die kode stel maatreëls voor soos, byvoorbeeld dat die toeriste geen vure mag maak tensy anders aangedui nie dat die toeriste hulle eie vullis moet verwyder, dat plante

⁸⁹ *Ibid.*, p.9; Gunn, C. A. 1997. *Vacationscape: Developing tourist areas*, p.59.

⁹⁰ Croall, p.82.

⁹¹ *Ibid.*

en ander diere in die natuur onaangeraak moet bly, dat die toeriste hulle volle samewerking moet gee ten opsigte van die Chinese en Indiese bewaringswette, dat heilige plekke respekteer moet word en toestemming gevra moet word alvorens foto's geneem word, dat die toeriste plaaslike eetgewoontes en tradisies moet respekteer, en dat die toeriste onder geen omstandighede bedelaars mag ondersteun nie. Hulle kan eerder aan verdienstelike organisasies en projekte hulp verleen deur middel van 'n donasie.⁹²

'n Aangeleentheid wat die volhoubaarheid van die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie kan beïnvloed is die gedeeltes van die roete wat volgens internasionale standaarde deur gebiede mag loop wat gekenmerk word as ontwikkelende lande van die wêreld in Suid-Afrika. Om aan die vereistes van sodanige gemeenskappe te voldoen het die Ekumeniese Koalisie vir Derde Wêreld Toerisme 'n etiese kode voorgestel waarvan besoekers en toeriste moet kennis neem.⁹³

Indien lede van die publiek en lede van die Jordaan-familie deur gebiede sou beweeg waar die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie hulle deur 'n gebied(e) mag neem wat getipeer word as Derdewêreldse gebiede in Suid-Afrika sou dit raadsaam wees om aan die etiese kode van die Ekumeniese Koalisie vir Derde Wêreld Toerisme te voldoen.⁹⁴

Die etiese kode stel elf reëls voor. Reis in 'n gees van beskeidenheid en openbaar 'n behoefte om meer te leer van die mense van die streek waarin jy jou bevind. Neem ander mense se gevoelens in ag en vra eerder toestemming om foto's te neem as om dit as 'n gegewe te aanvaar. Kweek 'n gewoonte aan om te luister en waar te neem, eerder as om bloot net te luister en te kyk. Dikwels het die streke waarin jy reis 'n verskillende begrip van tyd en denkpatriene. Hierdie verskil tussen jou as besoeker en die plaaslike mense is bloot 'n verskil en maak die plaaslike mense nie minderwaardig nie. Probeer dit wat jy waarneem deur die plaaslike mense se oë sien teenoor jou persepsie van byvoorbeeld 'n

⁹² Ibid.

⁹³ Hall, C.M. & Weiler, B. 1992. Special Interest Tourism, p.89; Weaver, p.65.

⁹⁴ Ibid.

vakansie by die see. Bring jouself op hoogte met die mense van die streek se tradisies en gewoontes. Dit mag baie verskil met dit waaraan jy gewoon is. Vra eerder vrae as dat jy die Westerse gewoonte openbaar deur te maak of jy alles weet. Hou dit in gedagte dat jy een van baie besoekers is wat die gebied deurkruis en moet dus nie spesiale voorregte verwag nie. Indien jy daarop ingestel is om 'n vakansie soos by die huis te verwag, is jy waarskynlik besig om jou geld te mors. Onthou dat wanneer jy besig is om pryse af te stry, jy eintlik die loon van die vervaardiger van die voorwerp verminder. Moet nie beloftes aan mense maak wat jy nie kan nakom nie. Laastens, benut die tyd om jou gewaarwordinge en gevoelens te verstaan sodat jy 'n beter begrip vir die mense van die streek kan openbaar.⁹⁵

Erfenis en politici

Die begrip vir mense van 'n streek is nie net die verantwoordelikheid van die toeris en die besoeker aan 'n bepaalde gebied nie. Dit behoort ook getoon te word tydens openbare optredes en toesprake deur onder andere die politieke leiers van 'n land. Tydens die grootste internasionale jaarlikse toerismeskou in Suid-Afrika gedurende Mei 2003 het president Mbeki in sy openingstoespraak die volgende bekend gemaak:⁹⁶

*I would call on places that have names that are
strange to me as an African, such as Port Elizabeth,
Grahamstown, King Williams Town, Berlin,
Stutterheim, Fort Hare, Fort Beaufort and
East London, and try to understand who Graham
was, such that a town must be named after him,
and why we have a small town in the Eastern Cape
that shares the same name as the great city of Berlin.*

Mbeki het verder gegaan deur te sê:

⁹⁵ Ibid.

⁹⁶ Mbeki, T. 2003. Toespraak deur die President van Suid-Afrika tydens die opening van die jaarlikse Toerisme-Indaba in Durban. 03-05-2003.

*If the British colonel Graham, who gave his name to Grahamstown, was a merciless butcher of the Africans whom he helped to subjugate, why should I accept that an important university town of our country should be named after him.*⁹⁷

Tydens dieselfde geleentheid, 'n jaar later in Mei 2004, het die Minister van Omgewingsake en Toerisme die volgende stelling gemaak:

*Our region is blessed with both cultural and natural potential.*⁹⁸

Die begrip wat tydens Mbeki se toespraak geopenbaar is, is dié vanuit sy kulturele agtergrond, terwyl die dorpsname vir bykans 185 jaar deur die afstammeling van die Britse Setlaars in gebruik was (1820 – 2005). Is hierdie 'n aanduiding dat indien politici nie by erfenisaangeleenthede betrek gaan word nie, die debatte dan meermale die patroon van aanvalle op een party, of dié van verdediging van 'n ander party gaan wees? Tydens die Minister se toespraak het hy ook net na kulturele en natuurlike potensiaal verwys. Hy het daarna nie die geleentheid gebruik om die uiteenlopendheid van die kulturele nalatenskap in Suid-Afrika te beklemtoon nie.

Daar is byna geen beperkinge op enige persoon om toe te tree tot die kommersialiseringsproses van 'n kulturele erfenisprojek nie. In 'n artikel wat die voor- en nadele teenoor mekaar opweeg van 'n mens se betrokkenheid by kulturele bewaring en erfenistoerisme, is daar nadruklik gewys op die slaggate waarin 'n kultuurspesialis en antropoloog kan beland indien politieke owerhede erfenis-aangeleenthede wil kommersialiseer. Om die uitbeelding van 'n kultuur te kommersialiseer, is niemand se toestemming nodig nie en enigiemand kan hierin die inisiatief neem. Indien die

⁹⁷ *Ibid.*

⁹⁸ Van Schalkwyk, M. 2004. Toespraak deur die Minister van Omgewingsake en Toerisme tydens die opening van die jaarlikse Toerisme Indaba in Durban. 08-05-2004.

kommersialiseringsproses eers aan die gang is, is dit moeilik vir die betrokke kultuurgroep om die proses te beëindig.⁹⁹

Die twee teenpole wat 'n gemeenskap kan ervaar ten opsigte van die regeringsbeleid vir erfenisaangeleenthede kan vergelyk word met die voorbeeld van Quebec, wat die houding van 'n burokratiese arbiter ingeneem het ten opsigte van die bepaling van 'n erfenisbeleid. In die Verenigde State van Amerika weer is daar nie op federale of staatsvlak 'n beleid vir erfenis- aangeleenthede nie. Wat wel in die Verenigde State van Amerika plaasvind, is dat daar van regeringsvlak ondersteuning is op alle vlakke vir die uitbouing van die land se kulturele diversiteit. Howell brei verder hierop uit deur aan te dui dat nasionalisme in 'n land kulturele politiek sal benadruk, omdat 'n kulturele identiteit weer die onderbou is vir nasiebou.¹⁰⁰ Die vraag wat hieruit ontstaan, is watter erfenisnalatenskap werklik bewaar word? Is dit die erfenis wat die meerderheid mense van 'n land pas, of is dit die ware erfenis wat die verloop van die geskiedenis vir ons uitwys? Met die kommersialiseringsproses wat 'n politieke ondertoon mag hê, tesame met die entrepreneuriese geleentheid wat hulle voordoën, is die fundamentele vraag waarskynlik wie konstrueer die kultuur en erfenis en namens wie word dit gedoen?¹⁰¹

Hierdie scenario skets die problematiek waarmee kulturele en erfenis-aangeleenthede aangepak word en die uitdaging wat daar gestel word om die egtheid van die uitbeelding van die kulturele erfenis in stand te hou.

Drakrag van kulturele-erfenisterreine

Tydens die beplanningstadium vroeër is daar kennis geneem van die verwagte veranderende behoeftes van die toeris oor vyf jaar, dit wil sê teen 2010. Daar is ook verwys na massa-toerisme as verskynsel tydens die toename van toeriste wat plekke van kulturele belang begin opsoek het in Groot-Brittanje.

⁹⁹ Howell, B.J. 1994. Weighing the risks and rewards of involvement in cultural conservation and heritage tourism, pp.151-153.

¹⁰⁰ Ibid.

¹⁰¹ Ibid.

Die diskoers oor drakrag onder betrokkenes in die toerismebedryf het sedert 1995 begin toeneem.¹⁰² Tydens die eerste studie oor drakrag wat deur die WTO uitgevoer is namens die Ierse regering, is daar net gekonsentreer op die omgewingsfaktore ten opsigte van die toerisme-drakrag. Daar is nie aandag geskenk aan die sosiale eienskappe of ekonomiese kapasiteit tydens die studie nie. Op die vraag hoekom dit toerisme-owerhede so lank geneem het om aandag te gee aan drakrag as 'n faktor tydens toerismebeplannings en -ontwikkelings, het Cooper en andere tot die volgende gevolgtrekkings gekom dat dit moeilik is om te bepaal hoeveel mense op 'n spesifieke terrein te veel kan wees vir die omgewing. Elke groep wat dieselfde terrein besoek, het ook ander behoeftes en benut die terrein op hulle eie manier. Hierdie gedagte het gelei tot die gevolgtrekking dat drakrag 'n aspek is wat tydens beleidsbepaling aandag behoort te geniet. Die tweede rede is dat toerisme nog altyd as 'n entrepreneuriese geleentheid beskou is, en dat hoe minder inmenging daar was, hoe beter dit vir die ondernemers betrokke in die toerismebedryf was. Die derde rede hoekom daar nie vroeër deur mense in die toerismebedryf aandag gegee is aan drakrag nie, is omdat niemand die inisiatief geneem het om te bepaal wat die kwaliteitsafname tydens besoeke aan verskillende bestemmings oor 'n gegewe tyd is nie. Die vierde rede wat waarskynlik die intimiderendste oorsaak is vir die trae reaksie op drakragprobleme, is die realiteit dat 'n bepaalde drakrag by 'n spesifieke terrein 'n stadiger ekonomiese groei tot gevolg kan hê. Bestaande besighede kan ook 'n afname in besigheid ervaar, indien daar beperkinge op toeriste-getalle geplaas word nadat hulle sekere besoekerspatrone gewoon geraak het. Die vyfde rede is dat as daar 'n afname in besoekersgetalle by 'n bepaalde bestemming bespeur word, bemarkers normaalweg meer begin bestee aan reklame. Die vraag hoekom daar 'n afname is, en die feit dat dit moontlik te wyte is aan 'n laer standaard van ontspanningservaring weens 'n te hoë lading van besoekers, word normaalweg nie gevra nie.¹⁰³

Daar is nie 'n vaste formule waarvolgens drakrag bepaal kan word nie, omdat elke toerisbestemming sy eie unieke omstandighede het.

¹⁰² Coccossis, H. & Nukamp, P. 1995. Sustainable Tourism Development, p.118. ; Cooper, C. & Wanhill, S. 1998. Tourism Development, p.15.

¹⁰³ Cooper & Wanhill, pp. 13-16.

Daar is hoofsaaklik vyf beperkende faktore wat die drakrag van 'n ontwikkelingspunt op die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie kan beïnvloed. Die ses faktore is die ekologiese stelsel van die omgewing, die fisiese faktore, die politieke faktore, die ekonomiese klimaat, die plaaslike gemeenskap se vereistes en die ervaring wat die toeris of besoeker in die oog het.¹⁰⁴

Die ekologiese stelsel sal beïnvloed word deur die dier- en plantspesies in die omgewing. Die beskikbaarheid van water en die helling van die terrein sal ook 'n rol speel. Fisiese faktore wat 'n rol op die drakrag mag hê, is die beskikbaarheid van akkommodasie, riool- en dreineringsstelsels en die beskikbaarheid van openbare vervoerstelsels. Politieke faktore is aspekte soos die administratiewe behendigheid van die amptenary, asook die prioriteite en doelwitte van die owerheid. Die ekonomiese klimaat word bepaal deur beleggingsmoontlikhede, die toeganklikheid tot moderne tegnologie, arbeidskoste en die mate van besteding deur die toeriste. Die plaaslike gemeenskap se vereistes word bepaal deur die mate van privaatheid wat hulle nastrewe, hulle betrokkenheid by die toerismebestemming, of daar enige voordele vir hulle aangebied word, asook die gedrag van die toeriste. Die ervaring wat die toeris of besoeker beoog, word bepaal deur die getal besoekers, hulle gedrag, die standaard van dienste wat aangebied word, die hartlikheid en gasvryheid van die plaaslike gemeenskap en die verwagtinge van die toeriste en besoekers self.¹⁰⁵

Lea voeg by dat drakrag ook bepaal word deur die impak wat toerisme op die omgewing het, die bewaring van die natuur en die hantering van konflik en spanning tussen die aktiwiteite van die toeriste en die plaaslike gemeenskap.¹⁰⁶

¹⁰⁴ Theobald, W. F. 1998. Global Tourism, p.236.

¹⁰⁵ Ibid.

¹⁰⁶ Lea, J. 1988. Tourism and Development in the Third World, p.52.

Die term drakrag is ook sinoniem met weidingsaangeleenthede in die landbousektor.¹⁰⁷ Die vraag kan dus onmiddellik gevra word, hoekom gepraat word van drakrag in toerismeterme as alle paaie geteer is en daar oënskynlik nie 'n drakrag-probleem kan wees ten opsigte van erosie en die vernietiging van 'n hulpbron of bestemming soos 'n museum, wat menslik gesproke nie verteer kan word nie? Die teendeel is egter waar as ervare bestemmings van internasionale aansien as voorbeelde geneem word.

Tydens die beplanning en die oorweging van die volhoubaarheid van die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie, asook die oprigting van 'n interpretasiesentrum, kan verskeie lesse uit ander wêrelddele geleer word sodat die volhoubaarheid van die roete en die besoekersgetalle aan 'n interpretasiesentrum se toekoms nie bedreig word nie. As voorbeelde kan van die volgende gevalle kennis geneem word:

Die Mediterreense kus in die suide van Europa asook die Europese Alpe is kontemporêre voorbeelde waar maatreëls getref moes word as gevolg van die oormatige hoeveelheid van besoekers. Die Europese Alpe verteenwoordig meer as 25 persent van die wêreld se toerisme-omset in monetêre waarde en ontvang meer as 100 miljoen besoekers gedurende die Europese vakansies.¹⁰⁸ Switserland was verplig om in sy gedeelte van die Alpe primêre bewaringsmaatreëls in te stel soos om die bewaring van die Alpe se bedreigde ekosisteme te inisieer. Die vervoerstelsel moes herbeplan word om motorvervoer te verminder en spoorvervoer vir die toeriste en besoekers toeganklik te maak. Afgesien van die beskerming van die bedreigde spesies in die Switserse Alpe moes hernude maatreëls getref word om die fauna en flora in die bergreeks te beskerm. Daar is ook opnuut herbesin oor die bewaring en vernuwing van die antieke handwerkvaardighede.¹⁰⁹

Die Mediterreense gebied verteenwoordig meer as 'n derde van die wêreld se toerisme-aktiwiteite. Die verhouding tussen toeris en plaaslike bevolking het tot 'n verhouding van

¹⁰⁷ MJS Jordaan Privaatversameling, boerdery ervaring.

¹⁰⁸ Croall, pp. 7.

¹⁰⁹ Ibid. 8.

3:2 toegeneem met vooruitsigte dat die besoekersgetalle na die jaar 2025 kan verdubbel of selfs verdriedubbel.¹¹⁰

In 'n verdere voorbeeld het die WTO van meet af aan nuwe ontwikkeling beperk tot voordeel van die omgewing by die eiland Goa. Die WTO het vir die eiland Goa, naby Indië, 'n studie ten opsigte van die drakrag van die eiland se strand uitgevoer. Om te voldoen aan bogenoemde vereistes ten opsigte van optimum drakrag, het die studie die volgende voorstelle aan die eiland-owerheid gemaak: dat nie meer as 70% van die strandfront van 65 kilometers ontwikkel word nie, dat 40 vierkante meter van die 70% voorgestelde strandfront-ontwikkeling die voorgestelde drakrag van persone vir die strand behoort te wees, en laastens, is voorgestel dat met inagneming dat die strand 'n gemiddelde van 40 meter breed is, daar nie voorsiening gemaak moet word vir meer akkommodasie as een bed per een meter breedte van die voorgestelde strandfront-ontwikkeling nie. Hierdie is 'n aanduiding hoe ernstig en dringend noodsaaklik die aspek van drakrag benader moet word.¹¹¹ Hieruit kan dus ook afgelei word hoekom dit so belangrik is om die twee volhoubaarheidstoetse op nasionale en terreinsvlak sorgvuldig na te kom. Hierdie voorbeeld kan van toepassing gemaak word op gedeeltes van die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie wat die potensiaal besit om deur groot getalle mense op 'n gereelde basis besoek te word.

Is besoekers aan die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie 'n toeris of 'n pelgrim?

Die vraag, toeris of pelgrim, ten opsigte van besoekers en toeriste wat die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie gaan besoek, is nie 'n poging om die diskoers oor

¹¹⁰ *Ibid.*, p.9.

¹¹¹ World Tourism Organization. 1995. *National and regional tourism planning*, p.94.

kulturele erfenis voort te sit nie, maar eerder om 'n begrip te kry van die tipe oortuiging en emosionele gevoel wat 'n besoeker aan die roete, in sy of haar gemoed mag vertroetel.

In sy boek oor slagveld-toerisme gee Lloyd breedvoerig aandag aan die begrip pelgrim, wat in Suid-Afrika dateer na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) gevolg deur die twee Wêreldoorloë in Europa (1914-1918 en 1939-1945).¹¹² Hierdie begrip het sy ontstaan gedurende die Anglo-Boereoorlog gehad en het voortgeduur tot tydens en na die twee Wêreldoorloë. Die onderskeid tussen pelgrim en toeris het sy oorsprong by familieledes van gesneuweldes wat die plek of beendere gaan opsoek het by die onderskeie slagvelde. Hierdie behoefte het ontstaan omdat daar so baie mense tegelykertyd in die oorlog gesterf het, wat tot in daardie stadium van die wêreldgeskiedenis 'n onbekende faktor was. Die familieledes wou uitdrukking gee aan die massadood en massagrafte. Hierdie toeloop van pelgrims het reeds begin terwyl die oorloë nog aan die gang was.

Hoewel daar baie toeriste na die oorlog die slagveld van Waterloo (18 Junie 1815) besoek het, is daar nie gedurende daardie tydperk na die toeriste as pelgrims verwys nie.¹¹³

Lloyd is van mening dat nie alle pelgrimstogte altyd direk verbind kan word met 'n gevestigde godsdiens nie. Dit kan eerder toegeskryf word aan 'n godsdienslike belewenis wat die toeris wil ervaar vanuit 'n besigtigingsoogpunt sonder enige emosie, of selfs sonder dat iemand wat hy geken het betrokke was by 'n oorlog.¹¹⁴

In die *Afrikaanse Woordeboek* word pelgrim aangegee as

*'n persoon wat na 'n heilige plek reis om daar te aanbid*¹¹⁵

en heiligdom as

'n plek waar iemand hom van ander kan afsonder

¹¹² Lloyd, D. W. 1998. *Battlefield Tourism*, p.13.

¹¹³ Lloyd, pp.21&26.

¹¹⁴ *Ibid.*, p.140.

¹¹⁵ Odendal, F.F. (Red) 1997. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, p.789.

asook 'n plek deur oorlewering en herinnering.¹¹⁶

Die Engelstalige Oxford woordeboek gee *holy* aan as

belonging to

en *thing regarded as most sacred.*¹¹⁷

Sacred word deur die Engelstalige Oxford woordeboek aan gedui as

dedicated or reserved or appropriated

*to some person or purpose.*¹¹⁸

Lloyd veduidelik verder dat Protestante 'n pelgrimstog op verskeie wyses interpreteer. Eerstens, word dit as 'n geestelike reis deur 'n persoon na God geag, en tweedens, word dit beskou as 'n godsdienstige reis deur 'n Middeleeuse pelgrim na 'n graf, heiligdom of plek van bewaring.¹¹⁹ Hy gaan verder en haal die Britse koerant *The Times* van 7 Junie 1920 aan:

*The French have a better term for what are described in this country as battlefield tours. They call them pilgrimages.*¹²⁰

Lloyd bespreek verder die gevolge van die drie oorloë vanuit die soldate se oogpunt. Die soldate was van mening dat die oorloë hulle tradisionele waardes en kultuur verander het na dié van 'n moderne bewustheid dat hulle huis toe kon gaan na die oorloë. Daar word ook verwys na die verwydering wat daar plaasgevind het tussen die burgerlikes namens wie die soldate gaan oorlog voer het en die soldate wat die oorlog en sy ervarings moes deurleef.¹²¹

¹¹⁶ *Ibid.*, p.355.

¹¹⁷ Sykes, J.B. (Ed) 1983. *The Concise Oxford Dictionary*, p.477.

¹¹⁸ *Ibid.*, p.919.

¹¹⁹ Lloyd, p.141.

¹²⁰ *Ibid.*, p.13.

¹²¹ *Ibid.*, pp.2 & 4.

In terme van die Jordaan-familie se geskiedenis en baie van die familielede se 'n lewenswyse van mobiliteit tydens hulle verspreidingsjare in Suid-Afrika, ontstaan die vraag of die moderne bewustheid na die oorlog waarna die soldate verwys as hulle kultuur en tradisionele waardes, nie dui op dit waarna dikwels verwys word as die maak van aanpassings nie?

In die onderskeid tussen toeris en pelgrim kan daar dus afgelei word dat, afhange van lede van die Jordaan-familie se verlede, besoeke aan gedeeltes van die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie verskillende waardes vir verskillende familielede na vore sal bring.

Dit kan ook beteken dat sommige familielede die rol van 'n pelgrim kan vertolk tydens sekere gedeeltes van die roete en by ander gedeeltes weer die rol van 'n toeris of besoeker kan aanneem. Hierdie situasie skep potensiële geleenthede uit 'n beplannings-oogpunt vir die ontwikkeling van die Jordaan-roete. Die oorsaak van dood kon velerlei gewees het byvoorbeeld natuurlike dood, lyding na siekte die moontlike dood na skermutselings tydens die verspreidingstydperk, en dan bestaan daar ook spesifieke sterfgevälle tydens die Anglo-Boereoorlog. Tydens die oorlog was sterftes in die konsentrasiekampe ook algemeen.

Om te bepaal wanneer besoekers en toeriste as 'n pelgrim of toeris beskou word tydens hulle besoek aan die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie moet 'n verdere bespreking hieroor gevoer word.

In 'n boek wat handel oor teologiese toerisme word die vraag gevra of die predikante en pastore as toeriste of pelgrims betrokke is by hulle studieveld? Die skrywer dui vyf verskille aan wat die onderskeid tussen 'n pelgrim en toeris toelig.¹²² Eerstens, pelgrims ervaar 'n geestelike dimensie tydens hulle pelgrimstog, terwyl die toeris bloot gefokus is op eksterne faktore. Die tweede onderskeid is dat pelgrims in hulleself belê vir 'n pelgrimstog, terwyl die toeris persoonlike kontak vermy tydens sy reis. Derdens, is dit die

¹²² Cairns, G. F. & Thistlethwaite, S. B. 1994. Beyond Theological Tourism, p.107.

doel van die pelgrim om tydens sy pelgrimstog emosioneel en geestelik, en moontlik ook op ander wyses geraak te word tydens sy pelgrimstog, terwyl die toeris onbetrokke wil bly. Vir die pelgrim is die reis en sy aankoms by die bestemming van besondere belang, terwyl net die bestemming vir die toeris van belang is. Laastens is die besoek vir die pelgrim van waarde in die sin dat hy of sy 'n mate van 'n bondgenootskap vorm met die bestemming. Vir die toeris is die bondgenootskap irrelevant.¹²³

Daar is dus 'n duidelike korrelasie tussen die twee skrywers Lloyd en Cairns en sy medeskrywers asook die twee woordeboeke dat die geestelike aspek tydens 'n pelgrimstog 'n sentrale rol speel tydens 'n besoek aan 'n terrein of plek wat vir die pelgrim van groot waarde is. Indien die geestelike aspek tydens 'n soortgelyke besoek nie 'n sentrale rol speel nie, dan word die besoeker as 'n toeris beskou.¹²⁴

Hieruit kan daar die afleiding gemaak word dat dieselfde besoeker, toeris of lid van die Jordaan-familie aan die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie op sekere besoekpunte op die roete as 'n pelgrim beskou word. Hierdie situasie sou van toepassing gemaak kon word op 'n Jordaan-familielid wat op sekere plekke op die roete terreine besoek wat nou gekoppel kan word met die spesifieke persoon. Wanneer dieselfde persoon ander terreine besoek wat byvoorbeeld aan 'n ander Jordaan-bloedlyn gekoppel kan word, dan sou hy/sy weer as 'n gewone toeris of besoeker beskou kan word.

5.8 Interpretasiesentra

Die doel met 'n interpretasiesentrum het as onderbou vyf pilare. Die pilare in volgorde van bespreking is die eienskappe en kriteria vir 'n kulturele erfenisroete, asook die beplanning van die roete. Die ontwikkeling en volhoubaarheid van die roete is reeds bespreek, sowel as die nuwe konsep van drakrag onder toerismebestuurders. Die

¹²³ *Ibid.*

¹²⁴ Odendal, p.789; Sykes, p.477.

betrokkenheid van politici by erfenisaangeleenthede is 'n vierde pilaar en vyfdens die vraag oor wanneer besoekers aan die kulturele erfenisroete van die Jorjaan-familie as toeriste of pelgrims beskou word.

Met hierdie vyf pilare as onderbou vir 'n interpretasiesentrum is die doel van so 'n sentrum dat, nadat 'n terrein geïdentifiseer, bewaar en gerestoureer is tot sy oorspronklike vorm as gevolg van sy historiese waarde, 'n besoeker aan die terrein moet weet wat die rede en historiese waarde van die terrein is.

Om hierin te slaag en suksesvol te wees, is dit nodig dat die interpretasiesentrum aan bepaalde vereistes moet voldoen, ten einde die ervaring wat die besoeker kan opdoen, optimaal te benut.

Die eerste vereiste is dat die besoeker sal verstaan wat die belangrikheid van die mense en die gebeure ter sprake is. Tweedens, is die mense se leefwyse wat by die interpretasiesentrum uitgebeeld word van belang. Ten derde, is die aanvaarde kultuur betrokke by die tydperk ter sprake ook van belang tydens die uitstalling. Vierdens, is die metode van aanbidding in die sentrum van kardinale belang om die besoeker se leerervaring so genotvol en leersaam as moontlik te maak. Bydraend tot die suksesvolle aanbidding van 'n professionele interpretasie is deeglike navorsing oor die onderwerp en 'n goed georganiseerde uitstalling van die interpretasie. Die besoeker is daartoe geregtig om aan te dring op akkurate inligting en ook dat die interpretasie smaakvol aangebied word en verteenwoordigend is van die tydperk ter sprake. Aspekte wat hier van hulp kan wees, is feite oor die geskiedenis van die persone, die gebeurtenis(se) self en die absolute verteenwoordigende en estetiese omgewing van die terrein.

Tydens die aanbidding van 'n begeleide toer by 'n interpretasiesentrum is dit nodig dat die interpreteerder kennis neem van die volgende: wees kort en saaklik, wees goed ingelig oor die onderwerp sodat dit nie nodig is om die aanbidding soos 'n papegaai verbaal aan te bied nie. Erken as 'n fout gemaak is en stel dit reg. Bied met vertroue die interpretasie aan, sonder om hoogmoedig daarvoor te wees. Hou sekere inligting vir wanneer vrae gevra word eerder as om alles gelyktydig bekend te maak. Wees so

natuurlik as moontlik en moet nie die indruk skep dat die storie afgerammel word nie. Onthou dat die historiese inligting oorgedra word aan die besoekers en dat dit nie 'n persoonlike opinie moet wees nie. Hou in gedagte dat die meeste besoekers die voorkoms en interpretasie van die tema by die interpretasiesentrum gaan verpersoonlik en die aanbieding gaan evalueer in terme van hulle positiewe of negatiewe ervarings tydens hulle besoek. Indien daar met buitelanders gewerk word, moet daar gepoog word om 'n verband tussen die eie kultuur en hulle kultuur te bring.¹²⁵

In 'n boek wat onder meer handel oor die metodiek van aanbieding deur historici, stel die skrywer die uitdaging aan historici om oor die algemeen nie in die normale slaggat van aanbieding te val nie, waartydens net die linkere brein se vermoë gebruik word om die analitiese verbale tegniek te gebruik om kennis oor te dra nie. Hy doen 'n beroep op historici om meer gereeld die regterbrein te gebruik waar die historikus die vermoë gebruik om nie net sy eie verbeelding nie, maar ook dié van die besoekers te stimuleer.¹²⁶

Tydens die opreg, inrig en aanbieding van inligting by 'n interpretasiesentrum oor die Jordaan-familie behoort daar aan die volgende uitdagings aandag gegee word: Die interpreteerder het die geleentheid om as genie beskou te word, omdat hy of sy inligting oordra wat nog altyd daar was, maar waarvan niemand geweet het nie. Goeie interpretasie sal die waarde van die terrein verhoog in die oë van die besoeker. Die besoekers sal derhalwe die proses ondersteun, naamlik dat die tema van die terrein bewaar moet bly. 'n Amerikaner, Freeman Tilden, wat betrokke was by die interpretasie van omgewingseienskappe in Noord-Amerikaanse wildreservate het die grondslag gelê vir 'n filosofiese basis vir omgewingsinterpretasie met sy stelling dat sy konsep gevind kan word in kognitiewe sielkunde. Tilden het ses beginsels voorgedra vir goeie en suksesvolle praktisering van interpretasie. Die beginsels is, eerstens, dat enige

¹²⁵ Alderson, W. T. & Low, S.P. 1987. Interpretation of Historic Sites, pp.28-31 & 69-70 ; Gunn, C.A. 1994. Tourism Planning, pp.355-356.

¹²⁶ Uzzell, D.L. 1989. Heritage Interpretation, Vol I, p.108; Wells, Heritage as a development priority. Breaking the boundaries of Academia, p.1.

interpretasie waar daar nie 'n verband tussen die aangebode tema en die besoeker aan die interpretasiesentrum gemaak kan word nie, 'n steriele oefening sal wees. Sy tweede beginsel is dat inligting *per se* nie interpretasie is nie, maar dat interpretasie die openbaarmaking van die inligting is. Die derde beginsel is dat interpretasie 'n kuns is, hetsy watter metode aangewend word om wetenskap, die geskiedenis of argitektuur oor te dra. Vierdens, behoort interpretasie nie in die vorm van instruksie te wees nie, maar eerder om die besoeker te prikkel en te stimuleer om meer te wete te kom van die tema wat aangebied word. Tilden se vyfde beginsel is dat dit beter is om by die besoeker een of twee volledige indrukke te laat, as 'n mengsel van inligting. Sy laaste beginsel gaan oor die interpretasie vir kinders onder twaalf. Hy is van mening dat kinders onder twaalf se agtergrond totaal anders is as dié van volwassenes. Tilden is van mening dat die interpretasie vir kinders heeltemal verskillend benader moet word as dié vir volwassenes en nie net bloot 'n afgewaterde aanbieding van die volwasse aanbieding moet wees nie.¹²⁷

In 'n opname onder besoekers aan verskeie kastele in Wallis het die besoekers in volgorde van belangrikheid die volgende uitstalmetodes verkies: muurpaneel en plakkaat, roete-aanwysers, geskrewe handleidings, uitstallings, kaarte en planne, foto's, uitstalmateriaal, modelle, klankkommentaar en audio-visuele aanbiedinge.¹²⁸

In 'n opname oor die tipe fasiliteite wat beskikbaar is by erfenisterreine aan die Weskus van Nieu-Seeland en die behoeftes van besoekers aan kastele in Wallis, is die volgende aangetref: 'n parkeergebied vir motors en busse, 'n wandelpad vir die besoekers, toilette ook vir persone met gestremdhede, 'n ingangsportaal met 'n inligtingskantoor, 'n curiowinkel met aandenkings, 'n koffiewinkel, 'n boekwinkel, sitplekke om te rus, tuine, 'n leeskamer met navorsingsfasiliteite en 'n ingerigte plek vir rommel.¹²⁹

¹²⁷ Herbert, D.T., Prentice, R.C. & Thomas, C.J. 1989. Heritage Sites: Strategies for Marketing and Development, pp.193-195; Harrison, R. (Ed) 1994. Manual of Heritage Management, p. 300.

¹²⁸ Herbert, Prentice, & Thomas, pp.208-216.

¹²⁹ Balcar, M.J.O. & Pearce, D.G. 1996. Heritage tourism on the West Coast of New Zealand, p. 208; Light, D. & Prentice, R. C. 1994. Who Consumes the Heritage Produce, p.111.

Om hierdie bespreking insake 'n interpretasiesentra af te sluit, is dit belangrik om daarop te wys dat weinig kulturele erfenisterreine oor duidelike sosiale en interpretasiedoelwitte beskik.¹³⁰

5.9 Voorgestelde kulturele erfenisroete(s) van die Jordaan-familie in Suid-Afrika

Om 'n voorgestelde kulturele erfenisroete(s) van die Jordaan-familie in Suid-Afrika daar te stel was dit nodig om 'n grondige agtergrondkennis op te doen oor die raamwerk en ondersteuning wat deur die Suid-Afrikaanse wetgewing vir lede van die families beskikbaar is. Die wetgewing se belangrikste infrastruktuur wat geskep word vir die bewaring van kulturele erfenisnalatenskappe is die staat se Erfenishulpbron-agentskap, wat voorsiening maak vir erfenishulpbron-bewaring op nasionale, streeks- en plaaslike owerheidsvlak.¹³¹ Dit het egter duidelik geblyk dat die Erfenishulpbron-agentskap nie alle erfenis-skatte van historiese waarde, veral dié van families, noodwendig gaan bewaar nie.

As ondersteuning op internasionale vlak het die WTO kriteria daargestel vir die ontwikkeling van kulturele erfenisroetes. Die voordeel hiervan is dat daar van plaaslike owerheidsvlak tot nasionale vlak projekte aangepak kan word wat goed met internasionale standaarde vergelyk, en boonop die potensiaal het om in die toekoms by 'n internasionale kulturele erfenisroete in te skakel.¹³²

Met nasionale en internasionale riglyne wat daargestel is, was dit moontlik om die vereistes van 'n kulturele erfenisroete te identifiseer, en wel om die beplanningstadium, die ontwikkelingstadium en die volhoubaarheid daarvan te begryp. Daarna is die

¹³⁰ Harrison, p.381.

¹³¹ Wet op Nasionale Erfenisraad 11 van 1999.

¹³² World Heritage Committee, 12-17 December 1994. Routes as part of our Cultural Heritage.

jeugdige begrip drakrag en die rol van politici in erfenisverwante aangeleenthede bespreek. Hierna kon die bespreking volg wat die omvang van die beplanning en die aanbieding van 'n interpretasiesentrum belig.

Met hierdie as agtergrond ten opsigte van die riglyne wat daargestel word vir die ontwikkeling van 'n kulturele erfenisroete vir die Jordaan-familie, kan daar nou in besonder na elk van die tien verspreidingsroetes gekyk word, en kan 'n ontleding plaasvind van die potensiaal wat bestaan vir die ontwikkeling op die onderskeie roetes.

Die primêre benadering wat gevolg sal word tydens die bepaling van die potensiële kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie binne die tien geografiese verspreidingsroetes, sal dié wees met 'n fokus op die geslagslyn van een van die drie bloedlyne. Dit beteken dat, waar moontlik, potensiaal binne die geografiese verspreidingsroetes direk gekoppel sal word aan een van die drie bloedlyne van die Jordaan-familie. Indien hierdie benadering nie deurentyd gevolg sal kan word nie, as gevolg van ontbrekende inligting om die geslagslyn binne 'n bloedlyn direk te verbind met die stamvader, sal dit duidelik aangedui word.

5.10 Potensiële kulturele nalatenskappe, erfenisterreine en artefakte van lede van die Jordaan-familie

'n Inleiding vir die voorgestelde kulturele erfenisroete(s) van die Jordaan-familie in Suid-Afrika, wat ook as oriëntering kan dien vir die roete, is om die roete by die Kasteel in Kaapstad te begin. Dit sou raadsaam vir die Kasteel-owerheid wees om 'n addisionele toer van die Kasteel aan te bied, wat op die tydperk 1685 – 1740 fokus. Hierdie is die tydperk waartydens Simon van der Stel en die VOC begin gesprekke voer het om meer landbouers na die Kaap de Goede Hoop te laat kom, om ten einde te help voorsien in die toenemende behoeftes van die verbygaande skeepsvervoer tussen Nederland en die

Ooste. Die jaar 1740 is ook 'n besondere datum aangesien lede van die Jordaan-familie toe begin versprei het in die verskillende windrigtings van Suid-Afrika.¹³³

Die potensiaal bestaan dat lede van die Jordaan-familie, in samewerking met die owerheid van die Kasteel, addisionele navorsing kan doen om te bepaal waar die leë, onbeboude erf was wat Pieter, die ongetroude en oudste seun van Jean Jourdan, ontvang het. Tegelykertyd kan daar gepoog word om vas te stel presies waar die huisies geleë was waar die twee Jourdan-broers moontlik tuisgegaan het na hulle landing aan die Kaap in Augustus 1688.

In Kaapstad kan daar vier terreine besoek word wat verband hou met Jan Johannes Jordaan (1891-1936).¹³⁴ Jan Jordaan is die sewende geslag van sy bloedlyn in Suid-Afrika en was die elfde van twaalf kinders wat almal in *Somerset-Oos* gebore is. Sy stamvader is Louis Jourdan (1697-1782) wat die laaste Franssprekende Jourdan was ten tye van sy dood. Jan Johannes Jordaan se voorsate het na die Oos-Kaap getrek, en het vanaf Franschhoek na Swellendam en toe na Somerset-Oos, waar drie geslagte gebly het, getrek. Jan het vandaar as onderwyser na Molteno en daarna terug na Kaapstad getrek, waar hy oorlede is.

Die vier terreine wat besoek kan word, is eerstens die *Hoërskool Jan van Riebeeck* in *Kaapstad*. Dit was as gevolg van Jan Jordaan se harde werk en ywer dat die skool as die eerste Afrikaanse hoërskool in Kaapstad tot stand gekom het. Die dag toe Jan in kennis gestel is dat sy harde werk en ywer beloon sou word om 'n Afrikaanse skool in Kaapstad tot stand te bring en dat hy boonop as eerste skoolhoof van die skool aangestel gaan word, het hy besluit dat die skool *Jan van Riebeeck* genoem sou word. Die tweede terrein van belang is die meisieskoshuis van die skool. Die koshuis dra die stigter van die skool se naam en heet *Huis Jordaan*. Die NG Kerk in die Kaapse middestad, beter bekend as die *Groote Kerk*, het 'n blok kerkbanke wat gereserveer word vir die meisies van *Huis Jordaan* en is sodanig gemerk met die koshuis se naam daarop. Die vierde

¹³³ MJS Jordaan *Privaatversameling*, Jordaan genealogiese register.

¹³⁴ Jan Johannes Jordaan se rekenaar nommer is 10 777.

terrein wat in die *Bo-Kaap* besoek kan word, is 'n straat wat vermoedelik na Jan Johannes Jordaan vernoem is en bekend is as *Jordaanstraat*.¹³⁵

Hiervandaan kan beweeg word na die oudste pad vanaf Kaapstad na *De Kuilen*, tans *Kuilsrivier*, waar die Jourdan-broers saam met die res van die Hugenote en goewerneur Simon van der Stel die eerste aand oornag het op pad na *Olifantshoek*, later bekend as *Franschhoek*. Vanaf Kuilsrivier kon 'n mens met die oudste beskikbare pad na Stellenbosch ry waar dieselfde geselskap vier nagte oorgebly het. Dieselfde aanbeveling aan die Kasteel-owerheid, is van toepassing op die munisipale inligtingskantoor van *Stellenbosch*, naamlik om 'n addisionele stadstoer aan te bied wat op die tydperk 1688-1740 fokus. Afgesien daarvan dat die Jourdan-broers met die res van hulle geselskap vier nagte in Stellenbosch oorgebly het, sou Stellenbosch 'n prominente rol speel in die lewe van die landbouers en mense van die Drakenstein-vallei.

Een van die besoekpunte in *Stellenbosch* sal die NG Kerk-moedergemeente wees, waar *Jean Jourdan* (1660-1699) se vrou *Isabeau le Long* (1668-1736) begrawe is en waar 'n gedenkplaat vir haar in die ingangsportaal opgerig is. Die gedenkplaat simboliseer haar verbintenis met haar tweede man, wat 'n *Malan* was.¹³⁶ 'n Tweede terrein wat besoek kan word, is die oorwegend bruin woonbuurt *Idas Vallei* van *Stellenbosch* waar daar 'n straat is met die naam *Jordaan*. Dit is onseker na wie hierdie straat vernoem is.

Vanaf Stellenbosch kan daar met die oudste beskikbare pad gery word in die rigting van die *Paarl* tot by 'n plek tussen die *Bergrivier* en *Rivier Zondereind*. Hier het die geselskap tydens hulle derde van vyf skofte oornag. Vanaf hierdie punt het die Jourdan-broers 'n verdere twee nagte stroom-op in die Drakenstein-vallei getrek, totdat Pierre sy plaas *Cabrière* en Jean sy plaas *La Motte-d'Aigues* van goewerneur Simon van der Stel ontvang het. Die bestaande pad (R45) tussen die *Paarl* en *Franschhoek* kan vir die doeleindes van die laaste drie skofte gebruik word. Die geleentheid bestaan dat die munisipale inligtingskantore van Kaapstad, Kuilsrivier, Stellenbosch en Franschhoek 'n

¹³⁵ MJS Jordaan Privaatversameling, persoonlike aanname.

¹³⁶ Malan, D.G. & Malan, H. & Malan, J.D. 1998. *Die Malans van Suid- Afrika*. Volume I, p.52.

gesamentlike poging aanbied om die roete te gebruik. Hierdie roete kan ook jaarliks tydens een van die vele feeste in Franschhoek bemark word, as die roete wat deur toeriste en besoekers vanaf Kaapstad en omstreke na Franschhoek gebruik word as deel van die feestelikhede. Indien daar 'n behoefte bestaan vir addisionele landloop, fietsry, motorfietsry, bergfiets-wedrenne en 4x4-roetes of ander marathons, kan hierdie historiese roete ook oorweeg word.

Die tweede gedeelte ter inleiding vir die voorgestelde kulturele erfenisroete(s) van die Jourdan-familie kan die gedeelte in *Franschhoek* wees waar die twee Jourdan-broers hulle gevestig het en vanwaar die familielede langamerhand begin versprei het.

As vertrekpunt in Franschhoek kan die Hugenote Museum, Hugenote Monument, Hugenote-kerkhof, die terrein waar die eerste Hugenote Kerk opgerig is en Jourdanstraat besoek word.

Hier kan daar 'n onderskeid tussen die twee Jourdan-broers, Jean en Pierre, getref word. Die jongste broer, Pierre (1663-1728), se nalatenskap, is die kleinste in terme van nageslagte. Pierre se seun, Joseph, het *Cabrière* geërf.¹³⁷

Wat die kulturele erfenis van Pierre betref, het sy plaas *Cabrière* in 'n redelike mate sy grootte behou en word daar vandag nog wyne geproduseer onder 'n internasionaal bekende etiket, *Pierre Jourdan*. Dieselfde eienaar bedryf 'n restaurant naby *Cabrière* wat hy *Haute Cabrière* noem. Daar is gereelde besoektye waar lede van die publiek die plaas *Cabrière*, asook die restaurant *Haute Cabrière* kan besoek. Op 'n gedeelte van *Cabrière* is die dorp Franschhoek aangelê. In dié gedeelte is daar 'n straat wat die naam *Pierre Jourdan* dra.

Enkele gebeure van historiese belang vind tans nog hier plaas. Op die plaas is 'n gedeelte wat vandag bekend staan as *Klein Cabrière*, waar die oorspronklike plaasopstal, 'n wyntenk, die ou skoolgebou en die klein slawekwartiere (wat omskep is in 'n kothuis)

¹³⁷ MJS Jourdan Privaatversameling, Jourdan genealogiese register.

aangetref word. Die plaas *Cabrière* het ook verskeie eerstes vir sy gemeenskap en Franschhoek opgelewer, byvoorbeeld die eerste tennisbaan, die eerste kafee, die eerste skool en die eerste meul, terwyl die laaste van die oorspronklike wyntenke vandag nog besigtig kan word.

Jean Jourdan (1660-1699), die ouer en enigste broer van Pierre, is nou wel die stamvader van al die Jordaans in Suid-Afrika, maar oor homself is daar weinig bekend. Van Jean se oorspronklike plaas, *La Motte*, het nie veel oorgebly nie. Die plaas is vandag onderverdeel in verskeie kleinhowes waarvan daar wel sommiges is wat nog die naam *La Motte* of *Bo La Motte* dra. Die Hugenote Monument is op die oostelike grens van Jean se plaas, *La Motte*, opgerig. Jean is elf jaar na sy aankoms aan die Kaap op sy plaas dood, kort na sy dogter en vyfde kind se geboorte. Elders is daar volledig berig oor waar Jean waarskynlik op sy plaas begrawe is. Jean se plaas, *La Motte*, was nie gedurende sy leeftyd op sy naam geregistreer nie. Dit word toegeskryf aan die stadige proses van administrasie tydens die VOC-bewind aan die *Kaap de Goede Hoop*. Vandag word daar wyn in die Franschhoek-vallei produseer onder die etiket *La Motte*.¹³⁸ Hierdie wyn word egter op 'n ander plaas geproduseer en het geensins 'n verbintenis met Jean se plaas *La Motte* nie.

Met die kollig op die verspreiding van lede van die Jordaan-familie kan daar gevolglik gekonsentreer word op die verskillende verspreidingsrigtings aan die hand van elk van die drie bloedlyne. Die drie broers Jan, Paul en Louis, se nalatenskappe sal in elke streek volgens die broers se ouderdomme geskied. Die streke sal aan die beurt kom in chronologiese volgorde soos lede van die Jordaan-familie in Suid-Afrika versprei het. Ter inleiding van elke streek sal daar ook 'n chronologiese lys van dorp- en gebiedsname gegee word soos die verspreiding in sy geheel in elke streek plaasgevind het. Dieselfde norm as in hoofstuk drie sal hier geld, te wete dat net dorpe met 'n getal groter as 10 lede van die Jordaan-familie genoem sal word tot 1955.

¹³⁸ Ibid.

Boland

Die dorpe en gebiede in die Boland-streek waar lede van die Jordaan-familie teenwoordig was, is, met die jaartal tussen hakies soos volg: Hexrivier (1741), Tulbach (1747), Robertson (1794), Malmesbury (1795), Wellington (1750), Paarl (1799), Worcester (1804), Montagu (1808), Goudini (1831), Rawsonville (1855), Riebeeck Kasteel (1856), De Doorns (1861), Barrydale (1883) en Riebeeck-Wes (1909).

Jan (gebore 1693), die tweede seun van Jean en Isabeau, het voor 1737 op vier plase weidingsregte gekry. Die plase was in die Land van Waveren en bekend as *Seekoeijacht*, *Boontjiesrivier*, *Grooteballing* en *Grootte Vallei*. Sy oudste seun, Johannes (geb 1725), is verkies tot diaken in die Land van Waveren-gemeente.

Stephanus (gebore 1731), derde seun van Paul, was een van nege kinders. 'n Statebybel van Stephanus, gedateer 1741, is in 1931 in 'n huis in Wellington gevind. Hierdie Bybel bestaan nog, maar is tans die eiendom van 'n persoon buite die Jordaan-familie. Paul se vierde seun van ses met dieselfde naam, Paul (geb 1733), is ook verkies tot diaken in die gemeente van Land van Waveren saam met sy neef Johannes.

Louis Jourdan is as wewenaar 'n tweede maal getroud met Maria Guillaumet. Nadat hy vier kinders by sy eerste vrou gehad het, het hy 'n verdere ses kinders by sy tweede vrou, Maria, gehad. Stephanus Petrus (1749-1836) was die vyfde van ses kinders uit die tweede huwelik wat 'n prominente lewe gevoer het in die Paarl. Hy het 'n huis, in wat vandag bekend staan as Hoofstraat, opgerig met die naam *De Oude Woning*. Vyf geslagte na Stephanus is een van sy nasate, dr Ernst Gabriel Jordaan (1919-1976), weer die eienaar van *De Oude Woning*. Die gebou is 'n verklaarde nasionale gedenkwaardigheid en word tans gebruik deur die Paarlse Heemkring en is die eiendom van die Paarlse munisipaliteit.

Tien geslagte nadat die stamvader, Jean Jourdan, na Suid-Afrika gekom het, is 'n dogterafstammeling van hom *Cabriere* gedoop. Cabriere se pa, Phillip Pierre Jordaan, self 'n

wynmaker van beroep, was die seun van die vorige eienaar van *De Oude Woning*, dr Ernst Gabriel Jordaan.

Dit is ook vanuit hierdie selfde bloedlyn wat mense na drie geslagte aan die Kaap nog steeds met suiwer Hugenote-afstammeling getrou het.

'n Kleinseun van Louis uit dieselfde bloedlyn as bogenoemde, Johannes Petrus (geb 1777), het drie plase in die Agter Bokkeveld in die Tulbagh-distrik ontvang, naamlik *Klipfontein*, *Perdekloof* en *Pienaarskloof*. Johannes Petrus en sy eerste vrou Martha Sophia Marais (1779-1850), het twaalf kinders gehad. Na haar dood is Johannes weer twee keer getroud.

'n Spesifieke bloedlyn van Louis Jourdan bly vir sewe van die tien geslagte sedert hulle stamvader in Suid-Afrika aangekom het, steeds op dieselfde grond waarvan 'n deel vandag bekend is as die dorp Rawsonville. Die plaas, *Aan de Smalblaarrivier*, het voordat dit in Jordaan-besit gekom het aan vier vorige eienaars behoort, totdat 'n gedeelte daarvan in November 1845 aan Pieter Daniël Jordaan (1807-1859) getranspoteer is as geskenk van sy skoonpa, Pieter Barend Botha, aan wie die res van die plaas behoort het. Pieter Daniël het weer die grond nagelaat aan sy seun, Johannes Petrus (1830-1896) en het dit gedurende Julie 1958 getranspoteer. Johannes Petrus, bekend as Jan, het in Junie 1859 57 erwe (300 morg) laat uitmeet om te verkoop. Hierdie erwe het later die dorp *Rawsonville* geword. Johannes Petrus het sommige van die erwe aan die NG Kerk van Worcester geskenk waarop die kerk, pastorie en kerksaal later gebou is. Hy het later 'n leidende rol in die totstandkoming van die gemeente Goudini gespeel. 'n Ander plaas waarop Johannes Petrus en sy familie geboer, het was *Grootvlakte* (Die Bad).¹³⁹

Voorheen het Pieter Daniël Jordaan se voorgeslagte, sedert die koms van die Jourdanbroers, in die omgewing van die Hexrivier, Goudini en Worcester gewoon. Hulle boer

¹³⁹ Smit, A.P. 1979. *Genade Genoeg vir Goudini 1879-1979*, pp.3-4&11&17; Kok, J.A.1987. *Die Botha's van die Bad*, p.13

sedertdien in Rawsonville, onder meer met druiwe en wyn. Pieter Daniël se nageslag, naamlik die familie van Johannes Petrus Jordaan (geb 1930), boer tans op die grond.

Sedert 1947 tot 2000 was Johannes Petrus, sy tweede seun, Daniel Petrus Hugo Jordaan (geb 1957), sy kleinseun Johannes Petrus (geb 1980) en sy kleindogter Lizette (geb 1984) almal in hulle onderskeie matriekjare hoofseun en hoofmeisie van die Hoërskool Rawsonville. Die oupa, seun, kleinseun en kleindogter-kombinasie het die onderskeiding gehad om Suid-Afrika te verteenwoordig in gimkana terwyl die oupa, seun en kleinseun-kombinasie Suid-Afrika ook in touthek verteenwoordig het. Die oupa, Johannes Petrus, staan in Rawsonville bekend as *Jan Straat*, sy seun, Daniel Petrus Hugo Jordaan, staan bekend as *Niel Straat* en die kleinseun Johannes Petrus, word *Johan Sypaadjie* genoem. In Rawsonville is daar 'n straat wat die naam *Jordaan* dra.

Wes-Kaap

Die dorpe en gebiede in die Wes-Kaap waar lede van die Jordaan-familie teenwoordig was, is, met die jaartal tussen hakies: Stellenbosch (1749), Wynberg (1832), Belhar (1888), Belville (1917), Somerset-Wes (1919), Parow (1924) en die Strand (1930).

Jacobus Jordaan (geb 1752), 'n seun van Louis, was een van die eerste Jordaaans wat in Stellenbosch gebore is, en was die laaste van ses kinders uit Louis se eerste huwelik wat nog steeds met 'n suiwer Hugenote-afstammeling getrou het. Sy was Rachel Hugo (geb 1741) van die Tulbach-distrik. Gedurende Januarie 1782 is daar 'n klag van ongehoorsaamheid teen Jacobus by die Politieke Raad gelê.

Die eerste aanduiding van militêre betrokkenheid deur 'n lid van die Jordaan-familie aan die Kaap was die aanstelling van Frans Jordaan (geb 1747), broer van Jacobus, as korporaal in Stellenbosch.

In een van Stellenbosch se woonbuurte, Idasvallei, is daar 'n *Jordaanstraat*.

Oos-Kaap rigting

Die dorpe en gebiede in die Oos-Kaap waar lede van die Jordaan-familie teenwoordig was, is, met die jaartal tussen hakies: Swellendam (1779), Grahamstad(Albanie) (1797), Cradock (1798), Somerset-Oos (1800), Graaff-Reinette (1801), Mosselbaai (1809), George (1811), Tarkastad (1814), Uitenhage (1818), Caledon (1819), Wodehouse(1844), Queenstown en Riversdal (1848), Albert (1853), Uniondale (1861), Hofmeyer (1862), Dordrecht (1863), Burgersdorp (1865), Bredasdorp en Molteno (1878), Middelburg (1880), Indwe (1881), Steynsburg (1882), Barkly-Oos (1885), Elliot (1880), Aliwal-Noord (1901), Oos-Londen (1904) en Port-Elizabeth (1913).

'n Kleinseun van Jan, Johannes Petrus (1776-1863), wat in die Hexrivier-vallei getroud is met Elizabeth Catharina Helena Botha (1776-1863), het veertien kinders gehad van wie die meeste op die plaas *Bulhoek* in die Cradock-distrik gebore is. Hulle tiende kind, Johannes Hendrik Jordaan (geb1823), is met Johanna Aletta Sophia Bekker (1822-1874) in Cradock getroud en het daarna na die omgewing bekend as *Baileton* naby Queenstown getrek. Hy het die plaas *Cyfergat* van die regering ontvang. As gevolg van 'n tekort aan water op die plaas het Johannes die plaas verkoop en die buurplaas *Nooitgedacht* aangeskaf. Sy vrou is op die plaas begrawe, waar haar graf vandag nog besoek kan word. Volgens oorlewering is haar man wat 'n tweede keer getroud is na haar afsterwe, op Queenstown begrawe. Johannes Hendrik Jordaan en Johanna Aletta Sophia Bekker het nege kinders gehad, waarvan hulle vierde kind, Marthinus Johannes (1851-1919), getroud is met Cornelia Petronella Susanna Geyer (1855-1932). 'n Vyfde nageslag het weer met mekaar getrou het en boer vandag steeds in die omgewing op 'n plaas *Primgradia* in die Sterkstroom-distrik, waarna alom verwys word as die *familieplaas*. In die omgewing is daar die *Jordaanrivier (stroom)* en 'n plaas *Jordaanskraal* wat na die teenwoordigheid van die Jordaan-familie verwys. In die buurdistrik, Molteno, is daar ook 'n plaas met die naam *Jordaansrus*.

Hulle oudste seun, Jan Hendrik (1877-1958), was in 'n stadium stadsraadslid en burgemeester van Sterkstroom en later het hy, asook sy oudste seun, Marthinus

Johannes Steyn (1901-1970), saam in die Sterkstroom Afdelingsraad gedien en was albei voorsitters van die Afdelingsraad. Marthinus Johannes Steyn se oudste seun, Jan Hendrik (1928-1980), het geruime tyd na skool saam met sy pa geboer en het in 1965 na Stutterheim verhuis om 'n besproeiingsplaas te koop. Gedurende die 1977- algemene verkiesing is hy tot Nasionale Party-volksraadslid verkies vir die kiesafdeling Griekwaland-Oos. Die historiese belang van die gebeurtenis is dat dit die eerste keer in 25 jaar was wat die Nasionale Party die Verenigde Party in die kiesafdeling kon verslaan (met 'n meerderheid van 75 stemme). Tydens die verkiesing was die kiesafdeling Griekwaland-Oos die grootste kiesafdeling (in oppervlakte) in Suid-Afrika met die minste kiesers. Hierdie kiesafdeling het onder meer die destydse Transkei ingesluit. In sy nuwelingstoespraak in die Parlement het Jan 'n versoek gerig dat die kiesafdeling se naam verander word na *Kaffraria*.¹⁴⁰

Jan was getroud met Sophia Franciska du Toit (geb 1928) wie se pa, Hendrik Johannes (1899-1955), een van twee broers was wat baie betrokke was in hulle onderskeie gemeenskappe. Hendrik Johannes was 'n boer in die Noupoot-distrik en daar is onder meer 'n brug en die dorp se sportgronde na hom vernoem. Sy broer, Franscois Jacobus, was onder meer registrateur by die voormalige Potchefstroomse Universiteit waar verskeie geboue sy naam dra. Hy was ook nou betrokke by die stigting van die firma *SASOL*. Daar is geboue in Pretoria en 'n skool op Phalaborwa, die *Frans du Toit Skool* wat na hom vernoem is.

Johannes Petrus se broer, Pieter Johannes (1779-1834), wat waarskynlik in die Swellendam-distrik gebore was, het 'n seun, Christoffel Johannes Petrus, gehad (1809-1883), wat in die Somerset-Oos-distrik gebore is. Hy en sy vrou het vyftien kinders gehad. Die kinders is in Ladysmith of in Pietermaritzburg in Natal getroud. Sy eie dood is in Natal geregistreer.

Die oudste seun van Louis, Johannes Lodewyk (geb 1729), by sy eerste vrou het na Swellendam getrek waar die eerste Jordaans in 1779 aangekom het. Sy tiende kind van

¹⁴⁰ Grobler, J.P. 1978. Oes van '77, pp.63-64.

dertien, Johannes Lodevicus (geb 1780) het op drie plase in die distrik geboer. Hulle was *Elandsfontein, Leeurivier en Middel Voetpad*.

Paul Abraham Jordaan (geb 1932) is die agste nageslag van Louis wat reeds vyf geslagte lank in die Somerset-Oos-distrik boer, nadat die familie van Swellendam na Somerset-Oos verhuis het. Paul is een van 'n groot groep Jordaan-familielede wat in die distrik gevestig is. Paul boer op hulle familieplaas *Klipkraal*. Paul was vir verskeie termynne president van die Suid-Afrikaanse Merinotelersvereniging en het in die hoedanigheid Suid-Afrika op verskeie wêreldkongresse verteenwoordig.

Somerset-Oos, die lede van die Jordaan-familie en die teel van gehalte boerbokkramme en- ooie is vir etlike dekades al sinoniem. Lede van die Jordaan-familie in Somerset-Oos het 'n groot rol gespeel in die veredeling van die boerbok as ras. Dit is insiggewend dat die Hugenate vereenselwig word met die maak van wyn aan die Kaap en dat die dorp van oorsprong van die twee Jourdan-broers in Frankryk, *Cabrière*, se naam die *drinkplek van die bok* beteken. Die wapen van *Cabrière* word ook deur 'n regopstaande bolyf van 'n bok gesimboliseer.

In die buurdorp, Cradock, is daar twee strate, 'n ouetehuis en 'n plaas in die distrik wat die naam *Jordaan* dra. In die Oos-Kaap-roete van die verspreiding van die Jordaan-familie is daar 'n rivier in die Riversdal-distrik met die naam *Jordaan* en in die woonbuurt, Algoapark in Port Elizabeth is daar 'n straat met die naam *Jordaan*.

Noord-Kaap rigting (Klein en Groot Karoo)

Die dorpe en gebiede in die Noord-Kaap waar lede van die Jordaan-familie teenwoordig was, is, met die jaartal tussen hakies: Sutherland (1820), Hoeko en Ladysmith (1838), Fraserburg (1843), Matjiesfontein (1846), Carnarvon (1865), Beaufort-Wes (1867), Oudtshoorn (1877), Calvinia (1883), Vryburg (1889), Kenhardt (1897), Kimberley (1900), Mafiking (1902), Garies (1906), Williston (1919) en Hay (1931)

Die Noord-Kaap was die vierde rigting waarheen lede van die Jordaan-familie getrek het.

Na die Boland is die Noord-Kaap die eerste ander streek waar daar nageslagte van Paul opgemerk is.

'n Vierde geslag na Paul het van Malmesbury na Sutherland getrek. Die eerste Jordaan, Jacobus (1820-1903), is in die distrik gebore op die plaas *Kikvorsfontein*. Die familie het later vir verskeie geslagte op die plase *Klawerfontein*, *Swartkop* en *Jordaanskraal* in die Sutherland-distrik geboer. Op *Klawerfontein* is die oorspronklike plaashuis nog ongeskonde maar wel in 'n gemoderniseerde vorm. Hier is 'n Jordaan-familiebegraafplaas waarin elf lede van die Jordaan-familie begrawe lê. Jacobus en sy vrou, Christina Gertruida Esterhuyse (anno), het twaalf kinders gehad. Hulle oudste seun, Adriaan (1842-1898), het nege kinders gehad waarvan hulle sesde kind, Abraham (1876-1946), nooit getroud is nie. Abraham het destyds 4 600 pond geskenk om die hospitaal in Sutherland te laat bou.¹⁴¹

Verder wes in Paternoster, langs die kus, is 'n straat met die naam *Jordaanslot* en verder noord in Vryburg dra 'n plaas die naam *Jordaansrust*.

Natal

Die dorpe en gebiede in Natal (tans Kwazulu-Natal) waar lede van die Jordaan-familie teenwoordig was, is, met die jaartal tussen hakies: Weenen (1845), Utrecht (1849), Dundee (1860), Newcastle (1886), Ladismith (1895), Vryheid (1910), Durban (1930) en Pietermaritzburg (1955).

Lede van die Jordaan-familie het hulle in agt van Natal se distrikte gevestig. Die eerste was in Weenen in 1845, 25 jaar na die eerste lid van die Jordaan-familie hulle in die vorige streek, Noord-Kaap, gevestig het. Die meeste familieledes het hulle in die distrik van Utrecht gevestig. Natal is die enigste van die voormalige vier provinsies waar daar tot op hede geen pleknaam met verwysing na 'n lid van die Jordaan-familie gevind kon word nie.

¹⁴¹ Keuler, Jacobus Jordaan. 2001. Die Jordaans van Klawerfontein, p.6.

Wat die vestiging van lede van die Jordaan-familie in Natal van historiese belang maak, afgesien van hulle vestiging in die provinsie, is dat lede van die Jordaan-familie in Natal vier jaar voor enige Jordaan-vestiging in die Oranje-Vrystaat plaasgevind het.

Vermoedelik was die eerste Jordaan wat na Natal getrek het, Christoffel Johannes Petrus (1809-1883), die derde geslag van Jan, wat van die Somerset-Oos-distrik in die Oos-Kaap getrek het. Hy was die tweede jongste van ses kinders. Die res van sy broers en susters het in die Somerset-Oos en Tarkastad-gebied gebly. Christoffel Johannes Petrus is 'n afstammeling van Jan.

Wes-Transvaal

Die dorpe en gebiede in die Wes-Transvaal (tans Noordwes) waar lede van die Jordaan-familie teenwoordig was, is, met die jaartal tussen hakies: Potchefstroom (1849), Schweisser-Reneke (1892), Klerksdorp (1894), Krugersdorp (1895), Lichtenburg (1896), Wolmaranstad (1903), Christiana (1909), Rustenburg (1910) en Carltonville (1962).

Wes-Transvaal en die Oranje-Vrystaat het albei gedurende 1849 die eerste lede van die Jordaan-familie ontvang. Die verspreiding onder die familieledes het egter vinniger in die Vrystaat plaasgevind as in die Wes-Transvaal. Die plekname in die Transvaal-gebied wat na lede van die Jordaan-familie verwys, is byna almal meer in die Oos-Transvaal- en geen in die Wes-Transvaal-gebied nie.

'n Derde geslag van Jan, Johannes Jacobus (1811-1887), het vanaf George na Potchefstroom getrek. Voor sy verblyf in George was Johannes Jacobus se voorouers in die Hexrivier-omgewing woonagtig.

Vrystaat

Die dorpe en gebiede in die Vrystaat waar lede van die Jordaan-familie teenwoordig was, is, met die jaartal tussen hakies: Wepener (1849), Kroonstad (1851), Winburg en Heilbron (1853), Boshoff (1866), Theunissen (1868), Senekal en Hoopstad (1871), Bothaville (1878), Bethulie, Ventersburg en Parys(1882), Frankfort(1884), Bethlehem(1890), Bloemfontein(1896) en Welkom(1955).

Die vyf distrikte waar die grootste konsentrasie van lede van die Jordaan-familie gevestig is, was in volgorde van getalle: Kroonstad (418), Bloemfontein (281), Heilbron (258), Winburg (66), Theunissen (60) en Zastron (59). Daar is nege plekname in die Vrystaat wat na die teenwoordigheid van lede van die Jordaan-familie verwys.

David Benjamin (1804-1881) was die derde nageslag van Jan toe hy eers in die Smithfield-distrik geboer het en vandaar na Kroonstad getrek het. Voor dit gebeur het, het sy voorgeslagte vermoedelik vanaf die Hexrivier-gebied, Swellendam en Graaff-Reinet-distrikte getrek. In Kroonstad is daar verskeie plekname wat na die teenwoordigheid van lede van die Jordaan-familie verwys. David Benjamin was 'n nageslag van Jan.

'n Sesde geslag van Jan, wie se voorouers hulle vanaf Swellendam in Somerset-Oos, Dundee en toe in Bethlehem gevestig het, was Jacobus Lodewikus Jordaan (1904-1984). Hy was 'n derde geslag van Christoffel Johannes Petrus (1809-1883) wat van die Somerset-Oos distrik getrek het en was die eerste lid van die Jordaan-familie wat na Natal getrek het. Jacobus Lodewikus was 'n geliefde man in sy gemeenskap en was alom bekend as *Koos*. 'n Straat is na hom vernoem in die woonbuurt, Panorama, in Bethlehem en heet die *Koos Jordaanstraat*.

Jacobus Daniel Jordaan (1843-1923), die vierde nageslag van Louis in Suid-Afrika, gebore in Worcester, bevind homself in Bloemfontein nadat sy voorouers vanaf Tulbagh, Caledon en Worcester getrek het. Sy pa is in Winburg oorlede in 1881. Jacobus Daniel

het op die plaas *Zandfontein*, wes van Bloemfontein, geboer naby sy latere skoonseun se plaas *Abrahamskraal*. Hy was getroud met Jacoba Greyling (1851-1937), 'n dogter van kommandant Abraham Greyling. Greyling was 'n stiefseun van die Voortrekkerleier Piet Retief. Die twee sterf saam tydens die moordaanval van die Zoeloekoning Dingane. Jacobus Daniel en Jacoba Greyling se oudste dogter, Anna, verbreek haar verlowing met 'n boereseun en trou teen haar pa se aanvanklike wil met 'n Engelsman, George Oertel, in 1895. Die Boerefamilie en die Engelse familie het later skouer aan skouer teen die Engelse geveg tydens die Anglo-Boereoorlog. Tydens 'n skermutseling met die Engelse in die Jacobsdal-distrik is Jacobus Daniel se broer, Roelof Johannes (1863-1899), noodlottig gewond met 'n koeëlwond in sy kop. Hy is in 'n vlak graf by Belmont begrawe.¹⁴²

Die situasie waarin hierdie vierde geslag van een van die stamvaders, Louis Jourdan (1697-1782), hulle bevind het, laat weer die vraag ontstaan watter invloed Louis en sy moeder op hulle kinders en kleinkinders gehad het. Louis is bykans 100 jaar na die aankoms van die Hugenote oorlede. Louis was twee jaar oud toe sy pa oorlede is, 39 jaar oud toe sy ma oorlede is en 45 jaar oud toe sy stiefpa oorlede is. Die ouderdomme van sy kinders het gewissel tussen 30 en 53 jaar toe hyself oorlede is. Vyf-en-veertig van Louis se kleinkinders is bekend waarvan 28 reeds gebore was en in ouderdomme gewissel het van baba tot 16 jaar oud toe hulle oupa oorlede is. Van Louis se kinders was ook oud genoeg om hulle ouma te kon onthou. Menslikerwys geproke moes die ouma, die pa van die kinders en die stiefoupa wat die kinders se pa baie goed geken het, aan die kinders en kleinkinders stories vertel het van hoe dit met hulle in Frankryk gegaan het en ook van al die ontberinge op hulle skeepsreis van ses maande vanaf Nederland tot in die Kaap. Die kinders en kleinkinders moes gehoor het hoe hulle voorgeslagte in Frankryk vermoor is as gevolg van hulle godsdiensoortuiging en veral in die Luberon-gebied waarvandaan die twee Jourdan-broers gekom het.

Die vraag kan ook gevra word in watter mate die vertel van die verloop van die Europese geskiedenis van die Jourdan-familie die kinders en kleinkinders in Suid-Afrika beïnvloed

¹⁴² Bothma, L.J. 2003. Punt van die Swaard, pp.29 & 42.

het. Een bloedlyn van Louis se nageslagte bly vandag nog, na sewe geslagte, in die Rawsonville-distrik waar hulle hulle gevestig het, terwyl 'n ander bloedlyn van Louis, reeds in die vierde geslag, homself naby Bloemfontein bevind en 'n broer aan die dood moes afstaan tydens die Anglo-Boereoorlog.

Noord- en Suid-Transvaal

Die dorpe en gebiede in die Noord- en Suid-Transvaal (tans gedeeltelik Gauteng en Limpopo) waar lede van die Jordaan-familie teenwoordig was, is, met die jaartal tussen hakies: Pretoria (1853), Vereeniging (1891), Potgietersrus (1896), Johannesburg en Pietersburg (1897).

In hierdie gebied is daar drie plekname wat na lede van die Jordaan-familie verwys. Een van die plekname, *Jordaanskraal*, is die verste plek in Suid-Afrika vanaf Franschoek waar Jean Hendrik Jordaan (geb 1959) sy woonhuis die naam gegee het. Hy is die negende geslag sedert Jan.

Oos-Transvaal rigting

Die dorpe en gebiede in die Oos-Transvaal (tans Mpumalanga) waar lede van die Jordaan-familie teenwoordig was, is, met die jaartal tussen hakies: Standerton (1856), Lydenburg (1863), Wakkerstroom (1865), Heidelberg en Amsterdam (1884), Balfour en Belfast (1886), Witbank (1887), Benoni (1889), Tzaneen (1896), Bethal (1901), Barberton en Volksrust (1908), Nelspruit en Brakpan (1917), Springs (1921) en Alberton (1930).

In hierdie gebied is daar sewe plekname wat verwys na die teenwoordigheid van lede van die Jordaan-familie. Hierdie Jordaans het prominente rolle gespeel in Heidelberg en Benoni.

Sien bylaag 10

'n Sesde nageslag-familielid van Louis, Pieter Willem(1903-1970), vestig homself in Benoni waar hy betrokke raak by die gemeenskap en waar 'n straat later sy naam dra. Sy voorsate was etlike geslagte in distrik Somerset-Oos woonagtig.

Buurlande van Suid-Afrika en ander lande in Afrika

Die dorpe en gebiede in die buurlande van Suid-Afrika en ander lande in Afrika waar lede van die Jordaan-familie teenwoordig was, is, met die jaartal tussen hakies: Zimbabwe (die voormalige Rhodesië) (1896), Botswana (die voormalige Betsjoeanaland) (1911), Namibië (die voormalige Suidwes-Afrika) (1912), Swaziland (1919) en Kenia (1949).

'n Sesde lid van Jan se nageslag, George Johannes het hom in Kenia gevestig. 'n Vyfde nageslag-lid van Louis, Casper Hendrik Jordaan (1870-1944), het hom in die voormalige Rhodesië, nou Zimbabwe, gevestig. Die eerste lid van die Jordaan-familie, Louis Willem Jacobus (1883-1957), wat hom in die voormalige Suidwes-Afrika gevestig het, is ook 'n afstammeling van Louis, wat 'n sesde nageslag-lid van Louis was.

5.11 Herbegravnisse as moontlikheid vir die konsolidering van losstaande of onbekende Jordaan-grafte

Godsdien en geloof speel 'n prominente rol in die geskiedenis van die Jordaan-familie sedert die ontstaan van die familienaam *Jourdan* in 970 nC in die suidweste van Frankryk in die dorp *Beziers*. Ongeag of 'n lid van die Jourdaan-familie die geloof van die Rooms-Katolieke Kerk, Waldensers, Hugenote of Protestante aangeneem het, was baie van hulle bereid om te sterf vir hulle geloof. Die twee Jourdan-broers en hulle moeder het onder

meer op grond van hulle godsdienstige oortuiging na Suid-Afrika gekom, waar lede van die Jordaan-familie se nageslagte op hulle beurt weer vermeerder het.

Daar is in Suid-Afrika voorbeelde van militêre betrokkenheid, waar lede van die Jordaan-familie gesterf het in gevegte tydens die Anglo-Boereoorlog. Verskeie lede van die Jordaan-familie wat in konsentrasiekampe opgeneem is, is daar dood tydens die Anglo-Boereoorlog. In albei wêreldoorloë het lede van die Jordaan-familie op slagvelde in Europa en Noord-Afrika omgekom.

'n Tweede voorbeeld is dié van lede van die Jordaan-familie wat op gemeenskapsvlak groot bydraes gelewer het, Die omvang hiervan word aangedui deur die bykans veertig plekname wat na lede van die Jordaan-familie verwys.

Afgesien van die twee voorbeelde, bestaan daar familiekerkhowe op plase waarvan sommige plase nie meer in besit is van 'n Jordaan-afstammeling nie. Hierbenewens is daar talle munisipale kerkhove waar lede van die Jordaan-familie begrawe is. Daar is ook grafte wat nie deel vorm van 'n familiekerkhof op plase van lede van die familie nie.

Die vraag ontstaan hoekom grafte verwaarloos is, sommige grafte aan onbekende Jordaan-familielede behoort en verskeie familieledes nie weet waar hulle voorouers begrawe is nie, terwyl dié wat wel weet, nie die grafte besoek of onderhou nie? Die situasie met die onbekende Jordaan-familie grafte het ontstaan in die Bailey omgewing waar hopies grond en klippe uitgewys was as Jordaan grafte waar dit onbekend was wie daarin begrawe is.

Behalwe die bestudering van sterfkennisse in argiewe en verskeie kerkregisters, besoek genealoë graag ou grafte om duidelikheid te kry oor sekere datums, die spelling van name en om 'n aanduiding te kry waar mense gewoon het. Genealoë is ook die groep mense wat genealogiese registers saamstel van families of spesifieke bloedlyne van families. Hoe gebeur dit dat mense so baie tyd en geld spandeer om hulle voorgeslagte na te speur en boeke te publiseer met die name daarin, terwyl die instandhouding van grafte, of

desnoods die herbegrawe van sekere mense, nie noemenswaardige aandag geniet nie? Watter ervaring gaan vir 'n besoeker wat belangstel in sy voorgeslagte van groter waarde wees? Sou hy voorkeur gee aan 'n boek waar hy sy voorgeslagte se name in 'n genealogiese register kan naslaan, of sou 'n besoek aan die betrokke voorgeslag se graf (wat goed bewaar gebly het) van groter waarde wees? Die graf sal waarskynlik ook deel uitmaak van die spesifieke bloedlynroete as integreerende deel van die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie.

In Parys, Frankryk, is 'n begraafplaas van ongeveer 90 hektaar wat so gewild geraak het as toeristebestemming dat die Franse owerhede geruislose elektriese karretjies aan die toeriste voorsien om gemakliker deur die groot terrein te beweeg. Sommige plaaslike owerhede in Europa gebruik die belangstelling van toeriste om spesifieke begraafplase op te gradeer en dit as 'n toeristebestemming te bemark. Dit wil voorkom dat sodra begraafplase ouer as 100 jaar is, mense die begraafplaas anders interpreteer as die normale sombere plek van laaste rus. Afgesien van die menslike geskiedenis waarna toeriste soek, is daar van die begraafplase waarvan die grafstene die argitektuur en ander geskiedenis van die betrokke tye uitbeeld, wat verskeie toeriste en besoekers lok. Die opgegradeerde begraafplase vervul ook in die behoefte van besoekers wat daarvan hou om openbare tuine te besoek met 'n verskeidenheid waterwerke en fonteine.¹⁴³

Die moontlike skuif, herbegrawe of die aanneem van 'n nuwe bestuursplan in Suid-Afrika oor familiekerkhowe, munisipale of ander terreine waar daar Jordaan-grafte voorkom, kan daarby baat om van die moderne ontwikkeling ten opsigte van begraafplase in Europa kennis te neem. Hierdie is noodsaaklike aspekte wat oorweeg moet word tydens die beplanningstadium van 'n interpretasiesentrum.

Indien die keuse van 'n herbegrafnis prioriteit begin geniet onder die besluitnemers, is daar wel sekere riglyne wat gevolg kan word. Afgesien van 'n aansoekvorm wat by die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbron-agentskap ingedien moet word, is daar bykans 50 stappe wat gevolg moet word wat hoofsaaklik handel oor die rede en motivering vir die

¹⁴³ Boniface, P. & Fowler, P.J. 1993. Heritage and Tourism in "the global village" pp.75-76.

herbegrafnis. Nadat hierdie stappe gevolg is, het die begrafnisondernemer bykans 'n verdere 30 stappe om te volg.¹⁴⁴

Kyk bylaag 15 vir aansoekvorm.

By die oorweging van 'n herbegrafnis as gevolg van finansiële beperkinge kan 'n verskeidenheid van monumente oorweeg word. Die keuse van ligging en omvang van die verskillende monumente kan oorweeg word. Die monumente kan in 'n uiteenlopende wyse van vertolking aangebied word. 'n Monument in die vorm van 'n grafsteen, uitbreiding aan 'n bestaande museum of ander gebou, bestaande brug op 'n erkende pad roete, gedenklesing aan 'n universiteit, erkenning aan die oorledendes by die naaste openbare gebou vanaf die graf met ruit verwysings waar die graf(te) geleë is.

Soos in die bespreking oor politici en erfenis, moet hier ook genoem word dat, hoewel daar wette en regulasies bestaan om die skending van grafte ouer as 60 jaar te beskerm, die staat nie noodwendig prioriteit verleen aan die instandhouding van sodanige terreine

¹⁴⁴ Prof A. Nieman. 27-10-2004 en 20-12-2004. Telefoniese en e-poskorrespondensie insake die prosedure van die herbegrafnis van die Langenhovens. Bestuursraadslid van komitee tydens reëlins van die herbegrafnis van die Langenhovens in Oudtshoorn, Maart 2003; Mnr Hennie Nieman. 27-10-2004 en 17-12-2004. Telefoniese gesprek oor die prosedure vir die aansoek van 'n herbegrafnis. Bestuurder van Avbob in Bloemfontein en Avbob se spesialis insake herbegrafnisse. Bevestig ook uitnodiging om opgrawing van graf by te woon op 16-11-2004 te Suidpark-begraafplaas, Bloemfontein; Mnr Hennie Nieman. 04-01-2005. Ontvang afskrifte van AVBOB-omsendbrief 5210 (22-06-1999), afskrifte van Begraafplaas Ordonnansie 1952, Verwydering van Grafte en Dooie Ligame Ordonnansie 1925, en 'n interne AVBOB-skrywe oor die prosedure wat gevolg moet word wanneer grafte van myngrondte verwyder moet word.; Mnr. Troy Phili. 13-01-2005. Telefoniese gesprek en ontvang riglyne van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbron-agentskap insake riglyne vir die verwydering van 'n menslike oorskot uit graf.; Colette Scheermeyer. 12-01-2005. Telefoniese gesprek en ontvang uittreksels uit die Nasionale Erfenishulpbronwet, Artikels 35 en 36 oor die regte van grafte ouer as 60 jaar.

nie, veral waar daar opmerklike verval van gedenkwaardige erfenisterreine voorkom nie.¹⁴⁵

Lede van die Jordaan-familie kan gerus kennis neem van 'n stelling wat gemaak is tydens die herbegraving van CJ Langenhoven (1873-1932) in Oudtshoorn, die kampvegter van die Afrikaanse taal as amptelike taal in Suid-Afrika:

*'n Volk wat sy taalhelde vergeet, het nie 'n taal nie.*¹⁴⁶

Hierdie stelling kan ook van toepassing gemaak word op die kulturele erfenis-nalatenskap van die Jordaan-familie en wel in die mate dat

die wat hulle voorgeslagte vergeet, ook vergeet sal word.

In hierdie hoofstuk is gepoog om die Jordaan-familie se multi-kulturele erfenis, hulle bydrae op genealogiese, kultuur- en erfenistoerisme en die daarstelling van spesifikasies vir 'n kulturele erfenis roete te bespreek.

Eerstens is die Suid-Afrikaanse wetgewing met betrekking tot die kulturele erfenis van die Jordaan-familie ontleed. Verskeie wette maak voorsiening vir die kulturele aspek van die samelewing. Daar word egter nie na kultuur en erfenis in familieverband verwys nie, maar wel net na kultuur in omvattende verband. Die toets of die Suid-Afrikaanse wetgewing voldoende is vir die bewaring van kulturele erfenis aangeleenthede in familieverband, sal plaasvind op die dag wanneer daar by die staat aansoek gedoen word vir ondersteuning volgens wet.

Die Suid-Afrikaanse Erfenis Hulpbronagentskap se pligte op die drie regeringsvlakke, naamlik nasionaal, streeks en plaaslike of munisipale vlak, is ook bespreek. Hier is vasgestel dat daar 'n groot verantwoordelik rus op die provinsiale owerhede ten opsigte

¹⁴⁵ 26 Julie 2003. *Kultuur Kroniek*. Die Burger. Aksieplan kom vir kerkhove.

¹⁴⁶ 05 April 2003. *Kultuur Kroniek*, Die Burger. Gedagtes by Langenhoven – Herbegraving.

van die bewaring, instandhouding en uitbouing van die land se kulturele erfenis nalatenskap.

Op gemeenskapsvlak is daar aangetoon dat die Handves vir Menseregte die enigste instrument is wat voorsiening maak vir die bewaring van die regte van kultuur. Op grond van die inligting in hierdie hoofstuk oor die toepaslike wetgewing by kultuur en erfenis-aangeleenthede het die navorser 'n Suid-Afrikaanse Model vir Kulturele Erfenisterreinbeplanning saamgestel wat die eerste van sy soort in Suid-Afrika is.

Die Wêreld Toerisme Organisasie se kriteria vir 'n kulturele erfenisroete is eweneens bespreek en in verband gebring met die uitdagings en eienskappe vir 'n kulturele erfenisroete vir die Jordaan-familie in Suid-Afrika.

Die beplanning van 'n kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie, met die moontlike oprigting van 'n interpretasiesentra, is breedvoerig bespreek met ondersteunende voorbeelde van verskeie plekke in die wêreld vir die volhoubaarheid daarvan.

Dit is gevolg deur die bespreking oor die voorgestelde kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie in Suid-Afrika wat twee benaderings kan volg. Die een is dié van 'n Jordaan-roete in die algemeen en die ander is 'n Jordaan-roete met spesifieke verwysing na die drie onderskeie Jordaan-bloedlyne.

Ten slotte is die potensiële kulturele nalatenskappe, erfenisterreine en artefakte van lede van die Jordaan-familie bespreek, asook herbegravnisse as oorweging vir die konsolidering van losstaande of onbekende Jordaan-grafte. In die gedeelte oor herbegravnisse is aangetoon dat daar bykans 80 verskillende stappe van goedkeuring is wat gevolg moet word om 'n persoon te herbegrawe.

Hierdie verskillende stappe behoort aangespreek te word ten opsigte van die herbegraving van lede van die Jordaan-familie. Die omgewing- en lewensomstandighede van families verander soos wat nuwe geslagte gebore word, wat beteken dat die wet nie noodwendig

tred hou met die familieledede se omstandighede nie. Voorstelle van 'n sentrale begraafplaas vir lede van die Jordaan-familie is 'n nuwe gedagte wat oorweeg behoort te word tydens die beplanning van 'n kulturele erfenisroete.

Hoofstuk 6

Kritiese drempels vir die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie

Hoofstuk 6

Kritiese drempel vir die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie

Enigeiemand wat neerhalende opmerkings teenoor lede van die Jordaan-familie maak en wat afkomstig is van die Waldensiese, Hugenote en Protestantse agtergronde verstaan nie die geskiedenis van die familie nie. Vir die historikus is daar inligting beskikbaar oor die drie bewegings, maar terselfdertyd bestaan daar bykans geen inligting oor individuele families, onder meer die Jordaan-familie, se stryd om oorlewing as gelowige familie en gesinsmense nie.

Een van die doelwitte van die navorsing was om 'n historiese ontleding van die Jordaan-familie se genealogie te doen. Dit was ook nodig om 'n verband te kry tussen die geskiedenis, die kerkgeskiedenis, die Waldensers, die Jordaan-familie, hulle genealogie en die Hugenote. Hierdie verband is nou verweef met die geskiedenis van die Jordaan-familie en hulle koms na Suid-Afrika.

Die studie dui aan dat die Waldensiese, Hugenote en Protestantse ondersteuners in Europa nie teen die gesag van die koning en die staat gerebelleer het nie. Vir hulle het dit uitsluitlik gegaan oor hulle geloofsregte. Die koning en sy soldate het in die lig van die Waldensiese, Hugenote en Protestantse ondersteuners se opstand teen die Katolieke Kerk, alles in hulle vermoë gedoen om hulle te onderdruk in die hoop op totale oorgawe.

Die Waldensers het aanvanklik geen verzet as gevolg van hulle godsdienstige oortuiginge getoon teen die aanvalle nie en eers eeue later, na hulle ontmoeting met Calvyn, het hulle besluit om geweld met geweld te beantwoord. Hulle was 'n klein minderheidsgroep wat hoofsaaklik in die suide van Frankryk en die aangrensende dele van Italië gevestig was.

Daar is verskeie getuienisse oor hoe die Waldensers en die Hugenote vermoor is deur die koning se soldate. Hierdie suksesse vir die koning en sy ondersteuners moes hulle 'n valse hoop op sukses en oorwinning gegee het en het hulle waarskynlik aangemoedig om voort te gaan met die aanvalle.

Op die aanvanklike vraag watter invloed daar van die Waldensers uitgegaan het met die koms van die Hugenote, het die navorsing aan die lig gebring dat die Waldensiese beweging en die Hugenote twee afsonderlike bewegings was. Die Hugenote was, soos die Waldensers, nie volgelinge van die Rooms-Katolieke Kerk nie. Die Hugenote is waarskynlik geïnspireer deur die vasberadenheid van die Waldensers. Die Waldensers se invloed is ook vergestalt in die Hugenote tydens die samewerkingsooreenkoms tussen Calvyn en die Waldensiese beweging by Chanforam in die noordweste van Italië.

Dit moet ook nie uit die oog verloor word nie dat die voorsate van die Suid-Afrikaanse Jordaan-familie in die Luberon-vallei in Frankryk gewoon het, waar die bakermat van die Waldensers was, nadat hulle uit die Angrognia-valleie in noordwes Italië gevlug het. Hierdie is 'n belangrike onderskeid tussen die Hugenote as universum wat na Suid-Afrika gekom het, teenoor die klein getal Hugenote-families wat uit die Luberon-streek gekom het. Die dorp Cabrière in die Luberon-vallei, vanwaar die twee Jourdan-broers, Jean en Pierre, met hulle moeder, Martha, gevlug het, is in 1445 onder meer deur 'n voorsaat van hulle gestig. Die dorpie is later afgebrand en verwoes deur ondersteuners van die koning en is 50 jaar daarna as 'n teken van durf deur die Waldensers herbou en bestaan vandag steeds. Daar bestaan verskeie getuienisse van die teenwoordigheid van die Suid-Afrikaanse Jordaan-familie se voorsate aldaar.

Die koning en sy soldate was vir 'n kort tydperk suksesvol in die konteks van die Franse geskiedenis, maar onsuksesvol om die Waldensiese, Hugenote en Protestantse gelowe te ondermyn.

Die Waldensiese beweging bestaan vandag nog in Italië, Frankryk en verskeie lande regoor die wêreld. Protestantse kerke en gelowe bestaan tans in bykans al die lande

regoor die wêreld. Die Protestantse gelowe is egter nog steeds 'n klein minderheid in Frankryk en Italië.

Bykans 100 jaar gelede het die Jourdan-broers en hulle moeder Frankryk verlaat weens die onmoontlike lewensomstandighede wat vir die Hugenote geskep is deur die koning van Frankryk. Die destydse Franse Keiser Napoleon het die vlugteling en hulle nasate wat hulle vaderland moes verlaat oor hulle godsdienstige oortuiging, terugverwelkom deur aan hulle burgerskap aan te bied. Dit is 'n aanduiding van hoe elke heerser op sy tyd sy eie politieke agenda gehad het en klem gelê het op hulle eie prioriteite. Meeste heersers se termyn het negatief geëindig. Eers was daar die behepthed met die Waldensiese en Hugenote-geloof, en later Napoleon wat weer die godsdienstige vlugteling terugverwelkom het. Sy einde het gekom weens sy politieke ywer om Europa te verower.

Wanneer die geskiedenis ontleed word, word tot die slotsom gekom dat die burgers van 'n land soms die prys moet betaal van hulle staatshoof se politieke wil. Erger nog is dat politici nie graag uit die geskiedenis wil leer nie en dat die burgers van 'n land oor geslagte heen dikwels die vernedering moet ervaar.

Die oogmerk van die navorsing was ook om te bepaal of daar 'n goue draad loop tussen die geskiedenis van die Jordaan-familie, hulle genealogie en toerisme. Hierdie goue draad kan op die volgende wyse aangedui word. Tydens die bespreking oor die verspreiding van die lede van die Jordaan-familie het dit duidelik na vore gekom dat daar 'n oneweredige verspreiding in Suid-Afrika was ten opsigte van die drie bloedlyne. Die genealogiese register se statistiek is in ooreenstemming met die oneweredige verspreiding van die drie bloedlyne. Die drie bloedlyne word soos volg verteenwoordig: Jan 27,8%, Paul 6,2% en Louis 66%. Dit is 'n aanduiding van die Jordaan-nasate se presiese bloedlyn.

Die hipotese wat deur die navorsing beantwoord is, was of die Jordaan-familie enige rol in Suid-Afrika gespeel het. Hierdie vraag is beantwoord deur die aanduiding van die

verskeidenheid plekname wat vandag bestaan wat dui op die teenwoordigheid van lede van die Jordaan-familie. Hierdie studie het aangedui dat die meeste van die bydraes deur lede van die Jordaan-familie op plaaslike vlak gelewer was. Daar is ook gepoog om die neiging te beantwoord dat daar meer bydraes op plaaslike vlak as op ander vlakke was.

Die studie wou ook 'n diskoers inisieer oor die toekomstige rol en impak wat die potensiële implementering van 'n kulturele erfenisroete vir die Jordaan-familie in die onderlinge gemeenskappe in Suid-Afrika tot gevolg kan hê. Die gevolgtrekkings wat hieruit gemaak word, behoort as 'n bloudruk te dien vir enige ander familie in Suid-Afrika wat dieselfde toekomstvisie deel oor hulle onderskeie families en dié se geskiedenis.

Hiermee word die hipotese ook beantwoord of die studie daarin sou kon slaag om 'n brug te bou tussen genealogie en toerisme. Die brug word gevorm deur die kombinasie van veral die gekoppelde Jordaan-bloedlyne met die kulturele erfenisnalatenskap van lede van die Jordaan-familie. Die genealogie verpersoonlik die kulturele erfenisnalatenskap van die Jordaan-familie. Die aanbieding van die kombinasie van die kultuur, erfenis en genealogie van die Jordaan-familie maak die aanbod as toerismepakket vir die besoeker of toeris soveel meer aantreklik.

Tydens die bespreking van die beplanning van die kulturele erfenisroete is daar as onderbou van die beplanning lig gewerp op die ontwikkeling en volhoubaarheid van die roete. Daar is ook aandag gegee aan die omvang van drakrag tydens die beplanning van die roete en die gevolglike inrig van 'n interpretasiesentrum.

Die oorsprong van die kultuur- en erfenistoerisme is breedvoerig bespreek. Die vraag wat nou gevra kan word, is of die Jordaan-familie saam met die geskiedenis gaan beweeg en hulle kulturele erfenisnalatenskap gaan uitbeeld in onder meer interpretasiesentra, en of die toekomstige geslagte verder verwyder gaan word van die kulturele erfenisnalatenskap wat hierdie navorsing belig het?

Die uitgangspunt van hierdie navorsing is dat toekomstige geslagte van die Jordaan-familie nie verder verwyder behoort te raak van hulle kulturele erfenisnalatenskap nie en dat daar verkieslik aandag gegee behoort te word aan 'n toekomsvisie van die kulturele erfenisnalatenskap van die Jordaan-familie.

Die toekomsvisie vir lede van die Jordaan-familie behoort uit vier fasette te bestaan. Die eerste moet gekoppel wees aan 'n internasionale en nasionale benadering ten opsigte van die kulturele erfenisnalatenskap van die Jordaan-familie. Voortvloeiend hieruit sal die geleentheid hom voordoën om temas en vertakkinge van die kulturele erfenisnalatenskap uit te beeld in die verskillende interpretasiesentra. Genealogiese byeenkomste en herdenkings wat tot nou toe meestal gebaseer is op huisgesinsvlak, waar die oupa en ouma met hulle kinders en kleinkinders byeenkomste reël, kan waarskynlik hierdeur 'n nuwe dimensie ontwikkel. Hierdie nuwe dimensie kan moontlik 'n onderskeid tref tussen 'n *genealogiese byeenkoms* en 'n *genealogiese herdenking*. 'n Genealogiese byeenkoms kan dalk die geleentheid wees waar die drie- geslag gesins-familiebyeenkoms van toepassing is en die genealogiese herdenking die geleentheid sal wees waar daar meer klem op 'n spesifieke Jordaan-bloedlyn geplaas word. Die vierde faset van die toekomsvisie oor die kulturele erfenisnalatenskap van die Jordaan-familie is die keuse in watter formaat die nalatenskap of gedeeltes daarvan aan die lede van die familie en ander belangstellendes aangebied behoort te word.

'n Voorgestelde inhoud oor elk van die vier fasette vir die toekomsvisie van die kulturele erfenisroete en -nalatenskap van die Jordaan-familie behoort sekere aspekte te behels. Hierdie is in aansluiting by een van die vrae wat gevra is, naamlik of dit moontlik is om uit die genealogie van die Jordaan-familie 'n toerismoeroete te vestig, en indien moontlik, hoe dit gedoen moet word.

Tydens die bespreking oor die ontstaan van kulturele- en erfenistoerisme, het dit duidelik navore gekom dat argeoloë en antropoloë in 'n groot mate betrokke was by die beginstadium van kulturele- en erfenistoerisme. Dit is ook argeoloë en antropoloë wat

hoofsaaklik by die diskoers betrokke was oor wat *kultuur* en *erfenis* is. Die toerisme-komponent het sy oorsprong gehad toe die publiek in al hoe groter getalle historiese terreine begin besoek het. Suid-Afrikaanse historici het werklik eers in 2002 betrokke geraak by die diskoers oor die onderskeid tussen *erfenis* en *geskiedenis*. Hieruit kan daar dus afgelei word dat die totale benadering van 'n kulturele erfenisnalatenskap van die Jordaan-familie nie in afsondering deur genealoë hanteer kan word nie.

Hierdie benadering behels ook dat daar erken moet word dat daar waarskynlik ander families was wat saam met lede van die Jordaan-familie deelgeneem het aan die verspreiding van lede van dié familie in Suid-Afrika. Hierdie fenomeen kan van hulp wees tydens navorsing oor spesifieke gedeeltes van die geskiedenis van die Jordaan-familie.

Deur 'n groter betrokkenheid by lede van die Jordaan-familie en ander families in hulle onderskeie kulturele erfenisnalatenskappe kan daar bepaal word of die Suid-Afrikaanse wetgewing voldoende voorsiening maak vir die bewaring en instandhouding van individuele families se kulturele erfenisse in Suid-Afrika. Genealogiese navorsing *per se* is geen waarborg van die bewaring en instandhouding van enige kulturele erfenisnalatenskap nie

'n Aspek wat tot voordeel van lede van die Jordaan-familie kan wees, al mag dit tot nadeel van sommige familieledes wees, is die finansiële situasie van 'n potensiële kultuur-erfenisroete in Suid-Afrika. Enige kostes met die instel van die roete kan waarskynlik beperk word tot 'n spesifieke groep Jordaan-familieledes wie se bloedlyn nou gekoppeld is. Die uitgawes sal oor die land versprei kan word waar lede van die betrokke bloedlyn ook reeds landwyd teenwoordig kan wees. Om die meulsteen van moontlike finansiële uitgawes te dek, kan die konsep van *Vriende van die Jordaan-familie* geïnisieer word. Hierdeur kan borgskappe, skenkings en dies meer geloods word.

Datums van historiese belang is onder meer die herdenking van die koms van die Hugenate na Suid-Afrika in twee tydgleuwe, naamlik oor 3 jaar die 320-jarige, oor 33

jaar die 350-jarige en oor 88 jaar die 400-jarige herdenking. Daar kan nou al doelwitte gestel word met betrekking tot die vierings.

Die laaste gedagte ten opsigte van die internasionale en nasionale benadering is dié van die oprigting van standbeelde en monumente. Daar kan oorweeg word om in Europa en in Suid-Afrika 'n reeks standbeelde en/of monumente op te rig wat die beweging van die Jordaan-familie uitbeeld.

Die omgewing en streek waar 'n gedeelte van die kulturele erfenisroete aangebied word, sal bepaal of daar 'n spesifieke tema of vertakking van die geskiedenis van lede van die Jordaan-familie aangebied kan word. Sekere gedeeltes sal waarskynlik die klem laat val op verstedeliking, terwyl ander gedeeltes die nadruk sal plaas op oorlewing en die uitdagings van die tyd ten opsigte van die vervoermiddele wat tot die familielede se beskikking was.

Die terrein kan 'n aanduiding gee van of daar 'n wandelpad uitgelê kan word wat maklik genoeg is vir alle lede van 'n gesin, en of die terrein homself leen vir die aanbied van 4x4-roetes wat tans baie gewild is. Die gedagte van 'n wandelpad en/of 4x4-roete is dat dit oor dieselfde terrein en roete behoort te strek as wat lede van die Jordaan-familie 100 of 200 jaar gelede moes beweeg. Afhange van waar die moderne paaie en treinspore loop, kan 'n roete per trein of motor aangepak word. Tydens die aanbied van plaaslike feeste kan die roete ook bemark word deur middel van die aanbied van lugballon-ritte.

Tydens die beplanning van 'n wandelpad, 4x4-roete of die reël van plaaslike feeste deur die gemeenskap, kan aspekte soos die lewensomstandighede van 'n spesifieke tydvak uitgebeeld word, die kossoorte wat tot die mense se beskikking was en moontlik ook die gesinsituasie wat destyds gegeld het.

Landboupraktyke in verhouding met vandag se gevorderde tegniese omgewing, gemeenskaps- en landsake en die gevolge van aanhoudende trekgewoontes om watter rede ook al, behoort ook uitgelig te word. Meer nog: watter rol het die

kommunikasietodes van 100 - 300 jaar gelede gehad op die verspreiding van lede van die Jordaan-familie? Hoe groot impak het die lewensomstandighede tydens die verspreidingsjare gehad op lede van die Jordaan-familie ten opsigte van trauma en emosie? Is daar ooit gevra hoekom die Jordaan-broers nie eerder die Rooms-Katolieke Kerk se geloof aangeneem het en derhalwe 'n beter en gemakliker lewe sou voer nie?

Daar bestaan die uitdaging aan lede van die Jordaan-familie om meer te wete te kom van hulle eie familieleden se lyding in byvoorbeeld die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog. Die invloed en rol van lede van die familie in onderwys, landbou en militêre aangeleenthede is ook belangrik. Daar is eweneens terreine soos musiek en kultuur wat nagevors behoort te word om die profiel van lede van die Jordaan-familie te bepaal.

Dit is van uiterste belang dat lede van die Jordaan-familie nie die eienskappe en verskillende vermoëns wat die Hugenote saam met hulle na Suid-Afrika gebring het uit die oog moet verloor nie. Tydens hierdie navorsing het daar verskeie insigte oor die twee Jourdan-broers na vore gekom. Lede van die familie moet hiervan kennis neem en tydens genealogiese byeenkomste en herdenkings behoort hierdie eienskappe bespreek te word en met behulp van verdere navorsing bepaal te word hoe prominent en relevant die eienskappe vandag nog is.

Lede van die Jordaan-familie is in die unieke situasie dat hulle weet dat hulle almal een gemeenskaplike stamvader en moeder het. Uit die stampaar is die nageslagte van die Jordaan-familie deur drie broers voortgesit. Dit is om hierdie rede dat die onderskeie lede van die Jordaan-familie kennis behoort te neem van hulle onderskeie bloedlyne. Mense uit hierdie bloedlyne sou verskillende omgewingsomstandighede beleef het tydens hulle verspreidingsjare, wat waarskynlik weer verskillende genetiese eienskappe na vore sou laat kom het in die bloedlyne.

Tydens die beplanning van genealogiese byeenkomste en herdenkings wat moontlik aangebied kan word in die omgewing van 'n interpretasiesentrum, behoort daar aandag

gegee te word aan die saamstel van 'n volledige stel lêers wat die volgende bevat: die titelaktes van lede van die Jordaan-familie op die roete ter sprake, testamente en 'n genealogiese register van die betrokke Jordaan-bloedlyn.

Dit sou raadsaam wees om die onderskeie besoekpunte ten opsigte van die Jordaan-familie met GPS-koördinate aan te dui. Hierdie metode van aanwysing skakel enige verwarring uit oor presies waar 'n terrein is.

Met die reël van 'n byeenkoms kan daar vroegtydig gereël word vir die besoek aan terreine en akkommodasie wat deur lede van die Jordaan-familie besoek sal word.

Tydens die ontwerp en beplanning van 'n interpretasiesentrum en die reël van 'n byeenkoms, kan daar ook aandag gegee word aan die herskepping van omstandighede tydens die koms of verblyf van enkele dae of langer op spesifieke plekke.

'n Aspek wat nie onderskat moet word tydens die reël van 'n byeenkoms en die inrig van 'n interpretasiesentrum in 'n landelike gebied nie, is die geleentheid wat geskep kan word vir een of meer geslagte van die Jordaan-familie om weer blootgestel te word aan landbou-aktiwiteite, veral vir diegene wat nie meer 'n oom of opa het wat nog boer nie.

Daar behoort ook aandag gegee te word aan situasies waar die families net dogters gehad het en diegene wat opgeneem is in 'n familienaamgroep met 'n eerste of tweede naam van Jordaan. Aangenome kinders, grootmaakkinders en stiefkinders moet ook hulle regmatige plek in die familie beklee.

Spesiale verwysing na aspekte soos menslikheid, trots, sosiale omstandighede, bewustheid van geskiedenis, motivering vir die toekoms, persoonlike agtergrond en spesiale bande behoort op die agenda te wees van so 'n byeenkoms.

'n Oefening wat aangebied kan word tydens 'n byeenkoms, en waaroor daar in resente tye al hoe meer geskryf word, is die bepaling van iemand se afkoms of genetiese eienskappe deur middel van DNA-toetse. Hierdeur bestaan die moontlikheid ook om

tydens 'n byeenkoms vergelykende opnames te maak tussen lede van die Jordaan-familie en DNA-toetse van beendere van Jordaans wat opgegrawe is.

'n Verskynsel wat periodiek voorkom, is dat daar mense in Suid-Afrika woon wat die van *Jordan* of *Jordaan* dra, sonder dat hulle Jordaan-afstammeling is. 'n Voorbeeld hiervan is die huidige Minister van Kuns en Kultuur, dr Pallo Jordan. Sy pa was 'n sendeling in die Kroonstad-distrik gedurende die 1940's. Sy pa moes toe vir registrasiedoeleindes 'n van aanbied. Omdat hy 'n sendeling was, was hy van mening dat die van *Jordaan* afgelei van die *Jordaanrivier*, wat 'n gepaste keuse was.¹

Inhoudelik bied hierdie navorsing 'n groot verskeidenheid inligting oor die Jordaan-familie van Suid-Afrika. Die kritiese drempel vir die kulturele erfenisroete van die Jordaan-familie berus op die metodiek wat aangewend gaan word om die kulturele erfenisroete aan te bied en uit te beeld.

Moderne hulpmiddels soos videobande, DVD-skywe en 'n hoorspel kan gebruik word. Die gebruik van 'n interpretasiesentra, 'n museum, 'n begeleide toer met 'n goedgekeurde gids, 'n brosjure, 'n boek, 'n roman of biografie is enkele van die ander keuses.

Ten slotte dui die navorsing aan dat die Jordaan-familie na Suid-Afrika gekom het om 'n nuwe heenkome te begin in onbekende omstandighede. Lede van die Jourdan-familie het 'n bepaalde omstandigheid in hulle vaderland van die hand gewys om die uitdagings van 'n onontwikkelde land in die oë te staar, onwetend dat die eerste geslag Jourdan-kinders

¹ Dr. M. Buthelezi. 15-05-2003. Oorsprong van dr Jordan Ngubane se naam; Dr. Z Pallo Jordan. 13-05-2003. Oorsprong van sy van; <http://www.anc.org.za/people/jordan.html> 13-05-2003 Pallo Jordan; http://www.ufh.ac.za/collections/nahecs_faids.htm 21-05-2003. Universiteit van Fort Hare Argiewe: A.C. Jordan.

in Suid-Afrika nie net hulle vader sou verloor voordat hulle skool toe kon gaan nie, maar dat hulle later ook deur 'n stiefpa grootgemaak sou word.

Die nuwe uitdagings het bykans dieselfde opofferinge geverg wat hulle in Frankryk moes verduur. Ten spyte daarvan toon die talle plekname wat na lede van die Jordaan-familie verwys, dat dit 'n familie is wat nie geskroom het om te doen wat gedoen moet word vir 'n beter lewe nie. Dit is 'n groep mense wat verskeie familieledede gehad het wat hulle lewe op die spel geplaas het vir dit waarin hulle geglo het, sonder om aan 'n ander alternatief te dink of te oorweeg.

Barnard noem tydens die *J.B.M. Hertzog-gedenklesing* van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns oor die onderwerp die *Afrikaner se Renaissance na die Anglo-Boereoorlog*

*... dat die verengelsingbeleid nie noodwendig beteken
het dat Afrikaans sou verdwyn nie. Die belangrikste
voorwaarde was egter dat vir sy behoud en voortbestaan
gestry moes word. Geen ander groep mense sou dit
doen nie ...*²

Hierdie aanhaling kan deur lede van die Jordaan-familie ter harte geneem word, in dié mate dat die bewaring en instandhouding van die kulturele erfenis van die Jordaan-familie bepaal sal word deur lede van die familie.

